U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0214708
11105942690222010001 6

DIE

MAGSFAKTOR

IN

INTERNASIONALE VERHOUDINGE

BAND I

DEUR

LUKAS DANIëL BARNARD

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

29 -07- 1976
KLAS No. T327.11 Bar
No. 214708
BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

DIE

MAGSFAKTOR

IN

INTERNASIONALE VERHOUDINGE

deur

LUKAS DANIëL BARNARD, M.A.

PROEFSKRIF

voorgelê ter vervulling

van die vereistes vir die

graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

(Departement Staatsleer)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

Promotor: Prof. dr. F.J.H. Wessels

Bloemfontein Junie 1975

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif is dit 'n diepgevoelde behoefte van die hart om in ootmoedige dankbaarheid die Here God te loof vir al die geleenthede waarin ek in die jare van studie kon deel. Aan Hóm die eer en die dank vir die mate waarin my poging om die Skrifgeloof te laat geld in my weten= skaplike arbeid suksesvol was.

In die besonder dank aan prof. F.J.H. Wessels, die promotor, wat veel meer was as net 'n geïnspireerde en besielde studie= leier. Deur die jare het hy ook as mens 'n sterk vormende invloed op my lewens- en wêreldbeskouing uitgeoefen. Sy verruimende insigte en onbaatsugtige opofferings sal ek steeds in dankbaarheid onthou.

Prof. H.J. Strauss het uit sy pad gegaan om die studie te bespoedig en indringende aanbevelings te maak. Die grond= leggende beginsels van die Christelike staatsfilosofie het hy deur al die jare helder en belynd uitgestippel. Dit was 'n voorreg om aan die voete van twee Christelik-weten= skaplike vakmanne te kon studeer.

Aan my vrou, Engela, my dankbare erkenning vir getroue en self= opofferende onderskraging. Vir baie jare het sy - ondanks eie ongerief - die huis met die oog op my studie ingerig en daardeur op kenmerkende en liefdevolle wyse 'n onontbeerlike bydrae gelewer. Aan haar dra ek daarom in liefde en dank= baarheid die werk op.

Deur die jare het my ouers 'n besielende motivering gebly en ek dank ook die Vader vir die kosbare vorming van my lewe in my ouerhuis. Ook my skoonouers verdien dank vir hulle volgehoue belangstelling en aanmoediging.

Aan my oom en tante Japie en Rina Barnard bring ek dankbaar hulde. Aan die nagedagtenis van eersgenoemde vir sy voor=

beeldige werkkrag en aan laasgenoemde vir haar daadwerklike ondersteuning, liefdevolle belangstelling en inspirasie.

Die finale tikwerk is op bekwame wyse deur mej. Burger en mev. Hugo behartig. Ook mevv. Hugo, Schwartz, De Villiers en Smith wat die voorlopige tikwerk behartig het, en die personeel van die Drukkersafdeling van die U.O.V.S. verdien dank vir kundige en blymoedige arbeid.

Ten slotte my dank aan die talle ongenoemde wetenskaplikes uit wie se ryke kennis en ervaring ek kon put.

DIE MAGSFAKTOR IN INTERNASIONALE VERHOUDINGE

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord i

HOOFSTUK I

ORIëNTERENDE TAAKSTELLING 1-4

HOOFSTUK II

TUSSENSTAATLIKE MAG EN DIE TEORETIESE GRONDSLAE VAN INTERNASIONALE VERHOUDINGE 5-77

1. Inleiding 5-7
2. Denkers en Denkbeelde 7-14
2.1. Inleiding 7-8
2.2. Klassieke Magstaatsfilosowe 8-14
2.2.1. Machiavelli 8-9
2.2.2. Hobbes 10-11
2.2.3. Hegel 11-12
2.2.4. Marx 12-14
2.2.5. Samevatting 14
2.3. Realistiese Teoretici van Internasionale Verhoudinge . 14-31
2.3.1. Inleiding 14-15
2.3.2. Niebuhr 15-17
2.3.3. Spykman 17-18
2.3.4. Schuman 18-19
2.3.5. Carr 19-20
2.3.6. Morgenthau 20-22
2.3.7. Kennan 22-24
2.3.8. Strausz-Hupé 24-25
2.3.9. Kissinger 25-27
2.3.10. Aron 27-29

2.3.11. Schwarzenberger 29-30
2.3.12. Samevatting 30-31
2.4. Wessels se Normatief-Strukturele Benadering 31-34
2.5. Oorsigsbeskouing 34-35
3. Die Karaktereie en Aksieradius van Normatiewe Momente in die Wêreldpolitiek 35-66
3.1. Verrekening van die Normatiewe in Internasionale Verhoudinge 35-37
3.2. Globale Religieuse Normatiewe Beskouings 37-58
3.2.1. Die Protestants-Christelike Visie 37-41
3.2.2. Die Roomse Perspektief 41-44
3.2.3. Voëlentlote van die Westerse Humanisme 44-47
3.2.3.1. Behavioralistiese Teorieë van Internasionale Verhoudinge 47-50
3.2.4. Kommunistiese Totalitaristiese Visioene 50-53
3.2.4.1. Die Russiese Eindideaal 50-52
3.2.4.2. Die Rooi Sjinese Visioen 52-53
3.2.5. Die Beskouing van die Mohammedanisme 53-54
3.2.6. Perspektiewe van die Onverbonde Wêreld 54-57
3.2.6.1. Inleiding 54-55
3.2.6.2. Afrika 55-56
3.2.6.3. Asië 56
3.2.6.4. Latyns-Amerika 56-57
3.2.7. Samevatting 57-58
3.3. Heensnydende Normatiewe Momente in Internasionale Verhoudinge 58-66
3.3.1. Inleiding 58-59
3.3.2. Godsdienstige Verbondenheid 59
3.3.3. Etiese Idealisme 59-60
3.3.4. Volkeregtelike Diepgang 60-61
3.3.5. Estetiese Betrokkenheid 61
3.3.6. Ekonomiese Interafhanklikheid 61-62
3.3.7. Sosiale Omgangsnorme 62
3.3.8. Heensnydende Taalverbondenheid 62-63
3.3.9. Historiese Magsvorming 63-65
3.3.10. Oorsiggedagte 65
3.4. Samevatting 65-66
4. Die Tussenstaatlike Struktuur 66-77
4.1. Inleiding 66-67

4.2. Deelnemende Strukturele Subjekte aan Internasionale Verhoudinge 67-69
4.2.1. Die Struktuureie van die Nasionale Staat 69-71
4.3. Die Tussenstaatlike Struktuur 71-73
4.3.1. Karakteristieke Struktuureienskappe van die Inter= nasionale Statestruktuur 73-76
4.4. Oorsiggedagte 76
5. Oriënterende Samevatting en Taakstelling 76-77
Bronneverwysings 78-150

HOOFSTUK III

GEOGRAFIESE MAGSKOMPONENTE 151-200

1. Oriënterende Inleiding 151-155
2. Konstante Geografiese Kondisioneringsfaktore 155-171
2.1. Inleiding 155-156
2.2. Klimaat 156-161
2.2.1. Beperkende Klimatologiese Faktore 158-159
2.2.2. Gunstige Klimaatsfaktore 160-161
2.2.3. Verabsolutering van Klimaat 161
2.3. Ligging 161-164
2.3.1. Astronomiese Ligging 162
2.3.2. Tussenstaatlike Ligging 162-163
2.3.3. Maritieme Ligging 163-164
2.4. Grootte 164-166
2.5. Vorm 166-167
2.6. Topografie 167-169
2.7. Grense 169-171
2.7.1. Grensklassifikasie 169-170
2.7.2. Grense en Staatsmag 170-171
2.8. Oorsiggedagtes 171
3. Grondstowwe en Energiebronne 171-186
3.1. Inleiding 171-172
3.2. Elementêre Grondstofkomponente 172-176
3.2.1. Bodemgesteldheid en Grondvrugbaarheid 172-173
3.2.2. Water 173
3.2.3. Voedsel 173-175
3.2.4. Die Atmosfeer 175-176

3.3.	Minerale	176-179
3.3.1.	Sintetiese Vervaardiging en Opberging van Grondstowwe.	178-179
3.4.	Energiebronne	179-184
3.4.1.	Steenkool	179-180
3.4.2.	Olie	180-181
3.4.3.	Kernkrag	182
3.4.4.	Aardgas en Hidroëlektrisiteit	183
3.4.5.	Alternatiewe Energiebronne	183-184
3.5.	Besoedeling	184-185
3.6.	Oorsiggedagtes	185-186
4.	Die Geopolitika	186-200
4.1.	Inleiding	186
4.2.	Milieudeterminisme	186-190
4.2.1.	Voorlopers en Voorstanders	187-190
4.3.	Grondleggers van die Geopolitieke Denkskool	190-197
4.3.1.	Friedrich Ratzel	190-191
4.3.2.	Alfred Thayer Mahan	191-192
4.3.3.	Rudolf Kjellen	192
4.3.4.	Halford Mackinder	192-194
4.3.5.	Nicholas Spykman	194-195
4.3.6.	Die Duitse Skool	195-197
4.3.6.1.	Karl Haushofer	196-197
4.4.	Geopolitieke Denkbeelde na die Tweede Wêreldoorlog ..	197-199
4.5.	Oorsiggedagtes	199-200
5.	Samevatting en Standpunt	200
	Bronneverwysings	201-247

HOOFSTUK IV

EKONOMIESE EN TEGNOLOGIESE MAGSKAPASITEITE 248-284

1.	Inleiding	248-249
2.	Ekonomiese Tussenstaatlike Magsvermoë	249-268
2.1.	Inleiding	249-250
2.2.	Botsende Ekonomiese Teorieë	250-252
2.3.	Ekonomiese Imperialisme	252-258
2.3.1.	Lanseerbane van Ekonomiese Hulp	254-257
2.3.2.	Waardebepaling	257-258
2.4.	Gebruike en Doelstellings van Internasionale Ekonomie	258-267
2.4.1.	Tussenstaatlike Ekonomiese Tug en Vergoeding	259-263

2.4.1.1.	Tariewe	260
2.4.1.2.	Kwotas en Invoerlisensies	260-261
2.4.1.3.	Boikotte	261
2.4.1.4.	Wisselkoerse en Depresiasie	261-262
2.4.1.5.	Vergoeding en Praktyk	262-263
2.4.2.	Ekonomiese Oorlogvoering	263-266
2.4.2.1.	Blokkades	264
2.4.2.2.	Sanksies	264-265
2.4.2.3.	Uitputtingsaankope	265-266
2.4.2.4.	Opberging en Diverse Tegnieke	266-267
2.4.3.	Samevatting	267
2.5.	Oriënterende Oorsig	267-268
3.	Tegnologiese Vermoë	268-278
3.1.	Inleiding	268-269
3.2.	Die Tegnologiese en Industriële Groeiproses	269-270
3.3.	Vervoer en Kommunikasie	270-273
3.3.1.	Verbindingsweë	270-272
3.3.2.	Massakommunikasie	272-273
3.4.	Skeppende Tegnologiese Vermoë	273-275
3.5.	Die Wêreldpolitiek in Tegnologiese Perspektief	275-277
3.6.	Oriëntering	277-278
4.	Militêre Magsvermoë	278-283
4.1.	Inleiding	278-279
4.2.	Tegnologiese Ontwikkeling	279-280
4.3.	Struktuurbepalende Komponente	281-283
4.3.1.	Getalsterkte	281
4.3.2.	Leierskap en Administrasie	281-282
4.3.3.	Wapens en Toerusting	282-283
4.4.	Samevatting	283
5.	Slotgedagtes	283-284
	Bronneverwysings	285-323

HOOFSTUK V

OWERHEID EN STAATSBURGER IN MAGSPOTENSIëLE BRANDING 324-387

1.	Inleiding	324-326
2.	Strukturele Bevolkingskenmerke	327-336

2.1.	Getalle	327-328
2.2.	Verspreiding	328-329
2.3.	Ouderdom - en Geslagstruktuur	329-330
2.4.	Groeitempo	330-331
2.4.1.	Die Bevolkingsontploffing	332-334
2.4.2.	Beperkende Maatreëls op die Bevolkingsontploffing	334-336
2.5.	Samevatting	336
3.	Religieuse Diepgang	336-345
3.1.	Inleiding	336-338
3.2.	Godsdienstige Dryfkragte in die Wêreldpolitiek	338-341
3.3.	Moraalankers	341-345
3.3.1.	Inleiding	341-343
3.3.2.	Nasionale Eenheid	343
3.3.2.1.	Onstabiliteit in Nasionale Moraal	343-345
3.4.	Samevatting	345
4.	Die Gehalte van die Owerheid	346-359
4.1.	Inleiding	346-347
4.2.	Owerheidstipes	347-349
4.3.	Organisasie en Administrasie	349-351
4.4.	Vertroue tussen Owerheid en Onderdaan	352-353
4.5.	Magsimboliek en Propaganda	353-359
4.5.1.	Propaganda in die Koue Oorlog	354-356
4.5.2.	Evaluasie	356-357
4.5.3.	Magsimboliek	357-359
4.6.	Samevatting	359
5.	Die Staatsleier	359-374
5.1.	Inleiding	359-361
5.2.	Konstitusionele Invloedafkamping	362
5.3.	Persoonlikheid	362-371
5.3.1.	Beïnvloedingsfaktore	362-366
5.3.2.	Persoonlikheidseienskappe	366-371
5.4.	Man van die Volk	371-373
5.5.	Samevatting	374
6.	Die Rol van Diplomasie in die Magswisseling tussen State	374-387
6.1.	Inleiding	374-375
6.2.	Historiese Groeiproses	375-381
6.2.1.	Inleiding	375

6.2.2.	Die Grieke	375-376
6.2.3.	Die Romeine	376-377
6.2.4.	Die Italiaanse Stelsel	377
6.2.5.	Van die Franse Stelsel tot die Eerste Wêreldoorlog ..	378-379
6.2.6.	Die Moderne Diplomasie	380-381
6.3.	Diplomasie in die Kerneeu	381-383
6.3.1.	Spitsberade	383
6.4.	Diplomasie as Instrument van Staatkundige Beleid ...	383-384
6.5.	Toekomsprobleme van die Diplomasie	384-386
6.6.	Oriëntering	386-387
7.	Slotgedagtes	387
	Bronneverwysings	388-438

HOOFSTUK VI

OORLOG AS UITVLOEISEL VAN DIE MAG VAN STATE

		439-531
1.	Inleiding	439-442
2.	Grepe uit die Historiese Ontwikkeling van Oorlog=voering	442-454
2.1.	Inleiding	442-443
2.2.	Die Antieke Stadstate	443-445
2.3.	Die Stryd tussen Rome en Karthago	445-447
2.4.	Die Val van Rome en die Bisantynse Oorloë	447
2.5.	Die Gewelddadige Verbreiding van die Mohammedanisme .	448
2.6.	Die Middeleeue	448-449
2.7.	Die Sewentiende Eeu en die Dertigjarige Oorlog	449-450
2.8.	Die Agtiende Eeu	450-451
2.9.	Die Franse Rewolusie en Napoleon	451-452
2.10.	Van Waterloo tot Serajewo	452-454
2.11.	Samevatting	454
3.	Die Eerste Wêreldoorlog	454-455
4.	Die Tweede Wêreldoorlog	455-457
5.	Die Koue Oorlog	457-473
5.1.	Inleiding	457-458
5.2.	Irân, Turkeye en Griekeland	458-459
5.3.	Die Marshall-Plan en die Berlynse Blokkade	459-461
5.4.	Oorlog in Korea	461-462

5.5.	Viëtnam	462-464
5.6.	Die Midde-Ooste	464-466
5.7.	Opstande in die Russiese Satellietstate	466-467
5.8.	Afrika en die Koue Oorlog	467-469
5.9.	Kuba in die Branding	469-470
5.10.	Krake in Tradisionele Alliansies	470-473
5.10.1.	Die Breuk tussen Rusland en Rooi Sjina	470-471
5.10.2.	Verwydering tussen die V.S.A. en Wes-Europa	472-473
5.11.	Oriënterende Oorsig	473
6.	Veranderings in die Karaktereie van Oorlogvoering ...	473-486
6.1.	Inleiding	473-474
6.2.	Verandering in die Grootte en Omvang van Oorlog = voering	474-476
6.3.	Die Tegnologiese Ontwikkelingsproses	476-478
6.4.	Veranderende Kostestruktuur	478-480
6.5.	Moraliteitsveranderings	480-482
6.6.	Ideologiese en Strukturele Veranderings	482-486
6.7.	Samevatting	486
7.	Grondliggende Veranderings in Oorlogstrategie	486-530
7.1.	Inleiding	486-488
7.2.	Variasie in Strategie	488-489
7.2.1.	Oorlogstaktiek	489-490
7.3.	Enkele Grondleggers van die Tradisionele Strategie ..	490-496
7.3.1.	Machiavelli	490-491
7.3.2.	Jomini	491-492
7.3.3.	Clausewitz	492-493
7.3.4.	Moltke en Schlieffen - Die Duits-Pruisiese Skool	493-494
7.3.5.	Foch	494-495
7.3.6.	Liddell Hart	495
7.3.7.	Samevatting	496
7.4.	Differensiasie in Konvensionele Swaardmagaanwending ..	496-497
7.5.	Die Fundamentele Verandering van Strategie en Oorlogvoering	497-499
7.6.	Die Afskrikkingstrategie van Kernwapens	499-505
7.6.1.	Voorlopige Opmerkings	499-501
7.6.2.	Uitbreiding van die Kernklub	502-504
7.6.3.	Enkele Grondleggers van Kernstrategie	504-509

7.6.4. Taktiese Aspekte van Kernstrategie 509-514
7.6.4.1. Inleiding 509
7.6.4.2. Die Vermoë van die Openingsaanval 510
7.6.4.3. Oorlewingspotensiaal 511-514
7.6.5. Toekomsprobleme en Samevatting 514
7.7. Ongereëlde Oorlogvoering 515-530
7.7.1. Inleiding 515-516
7.7.2. Die Historiese Ontwikkeling van Rewolusionêre Oorlogvoering 516-523
7.7.2.1. Guerrilla en Terroris Strategies Aangewend 519-521
7.7.2.2. Internasionale Terrorisme 521-523
7.7.3. Grondleggers en Grondbeginsels van Rewolusionêre Oorlogvoering 523-527
7.7.4. Toekomsprobleme en Samevatting 527-528
7.8. Chemiese en Bakteriologiese Oorlogvoering 528-530
8. Slot 530-531
Bronneverwysings 532-601

HOOFSTUK VII

STRUKTURELE TUSSENSTAATLIKE MAGSBEPERKINGS 602-669

1. Inleiding 602-605
2. Magsewewig 605-625
2.1. Inleiding 605-607
2.2. Historiese Ontwikkeling 607-611
2.2.1. Van Magsbalans tot Ewewig van Verskrikking 611-614
2.3. Polarisasie in Magsewewig 614-617
2.4. Metodes van die Funksionering van Magsewewig 617-623
2.4.1. Verdeel en Heers 617-618
2.4.2. Kompensasie 618-619
2.4.3. Inmenging 619
2.4.4. Invloedsfere 619-620
2.4.5. Bewapening 620
2.4.6. Buffersones 621
2.4.7. Alliansies 621-623
2.5. Kritiek teen Magsewewig 623-625
2.6. Waardebepaling 625

3.	Gemeenskaplike Veiligheid	626-640
3.1.	Inleiding	626-627
3.2.	Struktuuranalise	627-628
3.3.	Die Historiese Ontwikkeling van Gemeenskaplike Veiligheid	628-638
3.3.1.	Vormgewing tot die Vrede van Versailles	628-630
3.3.2.	Die Volkebond en Gemeenskaplike Veiligheid	630-633
3.3.3.	Gemeenskaplike Veiligheid in die V.V.O.	633-638
3.4.	Kritiese Besinning oor Gemeenskaplike Veiligheid ...	638-640
3.5.	Slotopmerking	640
4.	Die Wêreldstaat	641-669
4.1.	Inleiding	641-642
4.2.	Moderne Motiverings vir die Wêreldstaat	642-644
4.3.	Die Wêreldstaat deur Kulturele Eenheid	644-653
4.3.1.	Inleiding	644-646
4.3.2.	Godsdienstige Ekumeniteit	646-649
4.3.3.	Estetiese Universalisme	649-650
4.3.4.	Sosiale Internasionalisme	650-652
4.3.5.	Samevatting	652-653
4.4.	Die Wêreldstaat deur Politieke Eenheid	653-664
4.4.1.	Inleiding	653-654
4.4.2.	Die Federale Struktuur	654-656
4.4.3.	Streekgroeperinge	656-662
4.4.3.1.	Inleiding	656-658
4.4.3.2.	Militêre Integrasie	658-659
4.4.3.3.	Ekonomiese Integrasie	659-660
4.4.3.4.	Politieke Integrasie	660-662
4.4.3.5.	Slotgedagte	662
4.4.4.	Die Unitêre Struktuur	662-664
4.5.	Die Wêreldstaat deur Funksionele Eenheid	664-668
4.6.	Samevatting	668-669
5.	Oriënterende Slotgedagtes	669
	Bronneverwysings	670-717

HOOFSTUK VIII

VOLKEREG EN TUSSENSTAATLIKE MAGSBEPERKING 718-760

1.	Inleiding	718-719
2.	Die Historiese Ontwikkeling van Internasionale Regspraak	719-733

2.1.	Inleiding	719-720
2.2.	Die Griekse Stadstate en die Romeinse Ryk	720-721
2.3.	Van die Middeleeue tot die Reformasie	721
2.4.	Die Grondlegging van die Volkereg	722-727
2.4.1.	Inleiding	722
2.4.2.	Klassieke Skrywers en Rigtings	722-723
2.4.2.1.	Grotius	723-725
2.4.2.2.	Denkers en Denkskole tot aan die Einde van die Agtiende Eeu	725-727
2.4.2.2.1.	Die Naturaliste	725-726
2.4.2.2.2.	Die Positiviste	726-727
2.4.2.2.3.	Die Grotiane	727
2.5.	Van die Kongres van Wene tot die Kontemporêre Beslag	728-733
2.5.1.	Nazi-Denkbeelde oor Internasionale Regspraak	730
2.5.2.	Strominge Sedert die Tweede Wêreldoorlog	730-731
2.5.3.	Calvinistiese Opvattings oor Volkeregtelike Grondbeginsels	732-733
2.6.	Samevatting	733
3.	Subjekte en Strukturele Grondslae van die Volkereg ..	733-742
3.1.	Tradisionele Basis	733-734
3.2.	Ontwikkeling van die Moderne Breëre Subjeks= klassifikasie	734-736
3.3.	Die Strukturele Gelykheid van State	736-738
3.4.	Die Soewereiniteitsprobleem	738-740
3.4.1.	Die Universalistiese Soewereiniteit van Wêreldreg= spraak	740-741
3.5.	Samevatting	741-742
4.	Probleme in die Magsbeperkende Funksie van die Volkereg	742-759
4.1.	Inleiding	742
4.2.	Die aanvaarding van die Bestaan van Regsnorme in Internasionale Verhoudinge	743-744
4.3.	Saakmakende Strukturele Veranderings in die Wêreldpolitiek	744-746
4.4.	Die Probleem van Religieuse Differensiasie	747-748
4.5.	Die Afdwing van Volkeregtelike Beslissings	748-758
4.5.1.	Inleiding	748-749
4.5.2.	Diplomatieke Druk	750
4.5.3.	Arbitrasie	750-751

4.5.4.	Internasionale Geregshowe	751-753
4.5.5.	Internasionale Organisasies en Streekgroeperinge ...	753-754
4.5.6.	Die Gebruik van Geweld	754-758
4.5.6.1.	Inleiding	754
4.5.6.2.	Retorsie	754-755
4.5.6.3.	Weerwraak	755-756
4.5.6.4.	Beslaglegging	756
4.5.6.5.	Vreedsame Blokkade	756-757
4.5.6.6.	Boikot	757
4.5.6.7.	Inmenging	757-758
4.5.6.8.	Waardebepaling	758
4.6.	Oorsiggedagtes	759
5.	Slotbeskouing	759-760
	Bronneverwysings	761-796

HOOFSTUK IX

TUSSENSTAATLIKE MAGSBEPERKING DEUR INTERNASIONALE MORALISME EN DIE DOGMA VAN MENSEREGTE 797-840

1.	Inleiding	797-799
2.	Die Historiese Ontwikkeling van Menseregte	799-810
2.1.	Inleiding	799-800
2.2.	Die Klassieke Voorgeskiedenis	800-801
2.3.	Locke	801
2.4.	De Montesquieu	802
2.5.	Rousseau	802-804
2.6.	Kant	804
2.7.	Ander Vroeë Eksponente van die Leerstuk van Mense= regte	805-806
2.8.	Die Verval en Heropbloei van die Leerstuk van Menseregte	806-808
2.9.	Hedendaagse Calvinistiese Menseregteteorieë	808-809
2.10.	Samevatting	809-810
3.	Dokumentêre Deklarasies van Menseregte	810-822
3.1.	Inleiding	810-811
3.2.	Magna Charta	811
3.3.	Die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring	811-813

3.4.	Die Verklaring van die Regte van die Mens	813-815
3.5.	Die Verklaring van die Sowjet-Sosialistiese Republieke	815
3.6.	Die Universele Verklaring van Menseregte	815-820
3.6.1.	Inleiding	815-817
3.6.2.	Die Statutêre Inhoud van die Verklaring	817
3.6.3.	Invloed en Waardebepaling	818-820
3.7.	Die Europese Konvensie met betrekking tot Menseregte .	820-822
3.8.	Samevatting	822
4.	Die Rol van Internasionale Moralisme	823-833
4.1.	Historiese Omvang en Invloed	823-826
4.2.	Tussenstaatlike Toepassingservaring	826-832
4.3.	Samevatting	832-833
5.	Die Invloed van die Internasionale Openbare Mening ...	833-840
6.	Slotbeskouing	840
	Bronneverwysings	841-875

HOOFSTUK X

INTERNASIONALE ONTWAPENING EN PASIFISME IN MAGSBEPERKENDE FUNKSIE 876-926

1.	Inleiding	876-879
2.	Die Historiese Ontwikkeling van Ontwapening	879-903
2.1.	Inleiding	879-880
2.2.	Die Den Haagse Konferensies	881-882
2.3.	Die Vrede van Versailles	882-883
2.4.	Pogings tot Ontwapening tussen die Twee Wêreldoorloë	883-887
2.4.1.	Maritieme Wapenbeperking	883-885
2.4.2.	Die Wêreldontwapeningskonferensie	885-887
2.5.	Ontwapening in die Tussenstaatlike Milieu van Kernterreur	887-903
2.5.1.	Inleiding	887-888
2.5.2.	Die Baruchplan	888-889
2.5.3.	Mislukte Skemas van die Vyftigerjare	889-894
2.5.3.1.	Inleiding	889-891
2.5.3.2.	Die Ontwapeningspitsberaad van 1955	891-893
2.5.3.3.	Ander onsuksesvolle Skemas	893-894
2.5.4.	Relatiewe Suksesvolle Ooreenkomste in die Dekade van Sestig	894-903

2.5.4.1. Die Beperkte Kernwapentoetsverbod van 1963 896-897

2.5.4.2. Die Ooreenkoms op die Beperking van Kernwapen= verspreiding 897-899

2.5.5. Die Samesprekings oor Strategiese Wapenbeperking 899-903

2.6. Samevattende Beskouing 903

3. Die Doelstellings van Tussenstaatlike Wapenbeperking 903-914

3.1. Inleiding 903-904

3.2. Ekonomiese Beweegredes 904-906

3.3. Die Etiese Stimulant 906-908

3.4. Die Bevordering van Internasionale Sekuriteit en Stabiliteit 909-911

3.5. Ander Stimulerende Faktore 911-914

3.6. Samevatting 914

4. Oorsake Onderliggend aan die Mislukking van Tussenstaatlike Ontwapeningspogings 914-917

5. Pasifisme en Internasionale Verhoudinge 918-925

5.1. Historiese Beskouings oor Oorlog 918-920

5.2. Stimulerende Oorwegings van Internasionale Pasifisme 920-923

5.3. Owerheid en Oorlog 923-925

6. Slotbeskouing 925-926

Bronneverwysings 926-959

HOOFSTUK XI

STANDPUNT 960-964

LITERATUURLYS

1. Oriëntering 965

2. Boeke 966-1017

3. Vakwetenskaplike Tydskrifartikels 1018-1053

4. Verhandelings en Proefskrifte 1054-1060

5. Referate, Toesprake en Lesings 1061-1067

6. Argivale Bronne 1068-1069

7. Populêre Tydskrifartikels 1070-1071

8. Tydskrifte en Koerante 1072

HOOFSTUK I

ORIËNTERENDE TAAKSTELLING

Internasionale verhoudinge, as vakwetenskaplike dissipline, staan teoreties nog grootliks in die kinderskoene. In eeuelange perspektief het vele wyses geworstel met die verhoudingsdinamiek tussen state waardeur die hoë kompleksiteitspanning, die voortdurend wisselende en vloeibare karakter en die onafgebakende eie-aard van die wêreldpolitiek uitgekristalliseer het. Vir baie eeue het die teoretiese ontrafeling 'n regionale belange-radius gehad, maar veral sedert die twintigste eeu het die mensdom in harde werklikheid geleer dat elke individu subjektief betrokke is by die realiteite van internasionale verhoudinge. Kortom, die kardinaliteit van tussenstaatlike verhoudingsmomente bring in die eeu van tegnologiese triomf ekonomiese interafhanklikheid, organisatoriese verbondenheid en globale normatiewe kruistogte 'n individuele belangedimensie par excellence mee. Internasionale individuele lewensverwagting word in progressiewe mate bepaal deur die hantering van internasionale verhoudingsmomente deur owerhede.

Aan die wortel van die verhoudinge lê fundamenteel die magsproblematiek. In afwesigheid van 'n permanente gesagstruktuur word die magsfaktor deurslaggewend omdat die deelnemende statesubjekte in die gevolglike pariteitstruktuur grootliks op die eie magsvermoë vir soewereiniteitshandhawing aangewys is. Die grens tussen genormeerde, korrekte magsaanwending en imperialistiese magsvergrype is derhalwe kardinaal en die magsproblematiek sonder twyfel deurslaggewend in dié gesagsniemandsland.

Deur eeue van bewuste teoriebouing het die sogenaamde realistiese denkskool met nadruk klem gelê op die rol van mag in die wêreldpolitiek. In baie gevalle is die funksie van mag verabsoluteer en internasionale verhoudinge bykans resloos gebind aan 'n onverdoeselde magstryd. In sodanige milieu word die spreekwoordelike oerwoudwetmatigheid die enigste norm, met slegs dié verwagting dat die sterkste onverbiddelik universeel sal domineer. Daarteenoor bestaan die groeiende oortuiging dat magsaanwending genormeerd korrek

tot soewereiniteitsbehoud van deelnemende subjekte enersyds en andersyds tot gemeenskaplike tussenstaatlike soewereiniteits= afbakening aangewend moet word. Die blootlegging van onontbeer= like internasionale karakteristieke verhoudingsmomente, en die grens van oorgang tot eie onvervreembare soewereiniteitshand= hawing, dwing die dinamiek van magsverhoudinge op die voorgrond. In die teoretiese denke is die besef dus diep gewortel dat die magsfaktor normatief en struktureel verreken moet word.

Die deelnemende subjekte verskil diepliggend ten opsigte van die onderskeie magsvermoëns. Vergestaltende magskomponente van state val uiteen in geografiese realiteite, tegnologiese en ekonomiese vermoëns en owerhede en onderdane. Langs die linie veroorsaak die bydraende faktore superstate en dwergstate gemeet aan tussenstaatlike bedingingsvermoë. Die uiteensetting van die faktore wat bydra tot die hiërargiese magsindeling en realisering van deelnemende subjekte is belangrik, omdat dit 'n bepalende rol speel by die soewereini= teitsbehoud en struktuurpariteit. Aan die hand hiervan word die beïnvloedingsradius en onderskikkende beïnvloedbaarheid van statesubjekte bepaal.

Die sondegebrokenheid van ons bedeling gepaar met die intense verskille in magsvermoë gee tussenstaatlik aanleiding tot oorloë en gerugte van oorloë. Oorlog en konflik is onge= twyfeld die mees dinamiese verwoestingsmoment op die tussen= staatlike toneel. Sedert die vroegste staatkundige konstel= lasies tot die huidige verhoudingsdinamiek is oorlog reëlmatig tussenstaatlik aan die orde. In die gesagsvakuum kan die swaard egter ook regverdiglik gekruis word ten einde regskenders aan die man te bring. Immoreel word oorlog veral in diens van ideologië aangewend waarvan die dominante rol van guerilla oorlogvoering sedert die Tweede Wêreldoorlog getuig. Die kerneeu bring ook die problematiek van kernstrategie in 'n tussenstaatlike milieu van 'n ultimatum wat nooit verstryk nie en waarin irrasionele aanwending die aandland universeel on= herstelbaar kan verwoes. Deur die kernkatastrofe gedring, bring die bevriesing van die <u>status quo</u> ontspanning in detênte. Die mag van die magtiges het dus inderdaad so dominant geword dat magsvergrype daardeur self aan bande gelê word - mag

3/...

in magsbeperkende funksie.

Struktureel is magsewewig, gemeenskaplike veiligheid en die wêreldstaat ook as bekampende ordenings voorgestaan. Hier= volgens word daar deur strukturele manipulasie van die deel= nemende subjekte gepoog om magsvergrype aan bande te lê. Die gevaar bestaan hier dat daar in strukture, in plaas van in die sondegebroke uitbouing en deelname deur owerhede, oplossings gesoek word.

Ook die volkereg kan magsbekampend figureer. Die bestaan van regsnorme tussen die deelnemende subjekte is onafwendbaar. Regsewewig en juridiese harmonie gaan in doeltreffende toe= passing egter mank aan normatiewe verskille in internasionale geregtigheidsdimensie en uitvoerende toepassingsorganisasie. Dit laat die volkereg sonder sanksie teen die magtige moond= hede en bring dikwels die antinormatiewe effek dat mag in volkeregtelike tussenstaatlike verhoudinge reg is. Desnieteen= staande word regsreëls in vele aspekte tog eerbiedig en kan die verkragting van juridiese norme in internasionale ver= houdinge nie resloos die bestaan van die volkereg tot niet maak nie. Volkeregtelike prinsipes dra wel daartoe by om die wêreldpolitiek nie tot blatante magsworstelinge te laat degenereer nie.

Internasionale moralisme en tussenstaatlike etiek dra meer gewig deur die geregtigheidsoeke en deur klem op onvervreembare menseregte in die twintigste eeu. Die wêreldpolitiek is nie sonder voorbehoud etiekloos nie, maar by gebrek aan 'n funderende magsvermoë as waarborg en stutdekking bly dit 'n idealistiese visioen met geringe toepassingsmoontlikheid. Voorts bestaan die gevaar dat die verabsolutering van mense= regte, individue tot subjekstatus in die tussenstaatlike kan verhoog. Toenemende kommunikasie en propagandistiese ideologiese imperialisme bring egter mee dat magtige moondhede veelal gesteld is op hulle tussenstaatlike beeld, wat baie beslis 'n remmende etiese faktor in ons tyd geword het.

Ontwapening is tegelyk een van die mees ambisieuse en tog betreurenswaardige pogings tot internasionale magsbeperking. Sonder swaardmag is die staatsinterne struktuur van die deelnemende statesubjekte opgehef en word pasifisme 'n

4/...

irrasionele illusie. Die geweldige verwoestingskrag van kernwapens het ontwapening met dringender verwagting in die branding geplaas. Dit bly egter ten slotte die mens en die aanwending van wapens - nie die wapens self nie - wat tot geregtigheidsaanwending opgevoed moet word. Wie die sondegebrokenheid ook in internasionale verhoudinge erken, mag as owerheid nooit 'n weerlose staatsbestel aan die magte van die duisternis uitlewer nie.

Mag en die wêreldpolitiek gaan hand aan hand. Aan die fundamentele magsproblematiek in sy volle aksieradius word daar aan die hand van die bondige voorafgaande taakstelling wetenskaplike reliëf gegee. Die magsfaktor is deurslaggewend in internasionale verhoudinge en vanuit Christelike weten= skaplike oortuiging word die probleem vervolgens aan die orde gestel.

HOOFSTUK II

TUSSENSTAATLIKE MAG EN DIE TEORETIESE GRONDSLAE VAN INTERNASIONALE VERHOUDINGE

1 INLEIDING

Die magsfaktor word oor die algemeen universeel as die fundamentele grondslagprobleem van internasionale verhoudinge beskou.[1] Die aanleidende oorsaak daarvoor is dat daar in die verhoudingsmomente van die wêreldpolitiek geen oorkoepelende gesagstruktuur bestaan wat ewewig en harmonie in die veelheid van internasionale regsbelange kan handhaaf nie. Nasionale soewereiniteitsbehoud word dus deur geen hoëre gesagsinstansie gewaarborg nie, wat die magsmoment vir selfhandhawing op die voorgrond stoot. Gedagtig aan die grondslagprobleem skrywe James heeltemal tereg: "One cannot go far in the literature of international politics without coming across a reference to power politics."[2] Die magsproblematiek is veral in die kerneeu van fundamentele belang omdat letterlik geen menslike individu hom kan losmaak van die positiveringspektrum van internasionale verhoudingsmomente nie. Yost skrywe dienaangaande:

> "The relations among nations in die twentieth century are as critical to the security of men and women leading simple private lives as were the relations between man and nature throughout his primitive history, between rulers and subjects in pre-democratic societies, and between varieties of religion in the sixteenth and seventeenth centuries in the West."[3]

In die teoretiese benaderings van die wêreldpolitiek kan daar baie kennelik tussen die sogenaamde "realistiese" en "idealistiese" denkskole onderskei word.[4] Laasgenoemde teoretiese denkakt word grotendeels gestimuleer deur die veelfasettige utopiese verwagting van morele kodes in tussenstaatlike betrekkinge. Die realistiese denkskool daarteenoor aanvaar die magsfaktor as 'n konstante tussenstaatlike kondisioneringsfaktor wat in die verhoudings tussen state nie op te hef is nie, en dus voortdurende eksponering in wêreldpolitiese aanwending verlang.

Die normatiewe dimensie vervul dus 'n kwalifiserende funksie in die mate wat dit alle denkbeelde oor internasionale

verhoudinge op 'n tussenstaatlike lewens- en wêreld=beskoulike vlak fundeer. In *Normative Theory in International Relations* verwys Thompson na die kardinale funksie van die normatiewe:

> "The point is that normative thought in international relations must pay heed to the guidelines of responsible analysis. The shape of international society - " aldus Thompson " - half organized and half anarchic - sets the framework. It would be as unreal for the moralist to ignore this as for the military analyst to overlook military realities. The opportunities for serious normative thinking rest on a full awareness of the elemental rules and guidelines for analysis."[5]

Die normatiewe diepgang is egter nie losstaande nie, maar word geprojekteer op die tussenstaatlike struktuur. 'n Struktuur wat histories gebaseer is op nasionale state as konstituerende subjekte en wat as gevolg van diepliggende verskille in positiveerbare "ontwikkelingsarsenale" die grootskaalse gedifferensieerde magsvermoëns van state teweegbring. In dié trant skrywe Thompson:

> "Powers continue to be Great, and there still remain the problems of the arrogances and diffidences of power; of the responsibility of the power-rich to the power-poor; and of the relationship of large powers to small powers which contribute to world opinion and which are parts of one whole, yet cannot, and will not, passively or involuntarily, be fitted into the pattern of others, in the interest of others and under the compulsion of others."[6]

Grootskaalse verskille in magsvermoë ten spyt, word alle state nogtans in teoretiese strukturele neweskikking beskou en is die kardinale problematiek van die tussen=staatlike struktuur voor-die-hand-liggend.

As Huizinga in 1935 in sy *In de Schaduwen van Morgen* 'n pessimistiese diagnose bied met die uitroep: "Wij leven in een bezeten wêreld,"[7], word die gevaar van onbelemmerde tussenstaatlike magseksesse verklank. 'n Totale afwesigheid van mag en gevolglike gesagsvakuum in internasionale verhoudinge is ook nie te bedink nie,

en daarom sal daar teoreties gebou moet word aan die korrekte normatiewe aanwending van mag. Tradisioneel was daar verskeie denkers wat hulle met die magsproble= matiek bemoei het, denkers en denkbeelde waarvan ons enkeles vervolgens aan die orde stel.

2 DENKERS EN DENKBEELDE

2.1 Inleiding

In die ontwikkelingsgang van internasionale verhoudinge het verskeie denkers sedert klassieke tye in wisselende betrokkenheid en driftigheid die verhoudings tussen state op magspolitieke funderingsbasis verklank.[8] "Macht Politik", "power politics" of "politique de puissance" en al die verskillende vertolkings daarvan is vir vele die teoretiese archimedespunt by die bestudering van die wêreldpolitiek.[9] In sy klassieke werk *The Pelopponnesian War* dui Thucydides met onderskeiding op die onbegrensde "Leitmotiv" van mag as hy die Atheense diplomate - verteenwoordigers van die Helleense Leviathan - in die stryd teen Melos aan die woord stel:

> ".....since you know as well as we do that right, as the world goes, is only in question between equals in power, while the strong do what they can and the weak suffer what they must."[10]

Die ordening van die klassieke Hindoe-literatuur betreffende staatsleer het Kautilya in sy *Arthasastra* gebrandmerk as magspolitikus par excellence. In die werk skryf hy onder meer:

> "The conqueror should never help his friend when the latter is more and more deteriorating; a politician should so keep his friend that the latter neither deteriorates nor grows in power."[11]

In beide gevalle word mag onbegrensd gemotiveer en aangewend. Die tussenstaatlike gesagsdraer word om sy milde mag verafgood en tussenstaatlike verhoudings= momente natuurwetmatig aan die oerdrange en instink van die diereryk gekoppel. Sodanige verabsolutering

van mag as leidende tussenstaatlike toespitsing is uiteraard onaanvaarbaar. Die kern van die teoretiese grondslagprobleem is om die staatkundige subjekte se mag by internasionale raakpunte normatief korrek te begrens. Enkele ander klassieke magsdenkers verdien aandag voordat kontemporêre realiste in die dissipline van internasionale verhoudinge behandel word.

2.2 Klassieke Magstaatsfilosowe

2.2.1 Machiavelli

In die historiese ontwikkelingsproses van totalitêre gesagskonsentrasie in die owerheid van die magstaat, speel Machiavelli (1469 - 1527) 'n deurslaggewende rol.[12] Hy wend 'n doelbewuste poging aan om die staatsleer 'n matematies-eksakte wetenskap te maak en Venter skrywe heeltemal tereg oor sy staatsbeskouing: "Machiavelli se staat is dus in alle opsigte 'n absolutistiese magstaat. Die vors moet ten alle tye op geweld steun".[13] In sy beroemde werk *Il Principe* adviseer hy staatsleiers om die slinksheid van 'n jakkals met die krag van 'n leeu te paar:

> "A prince, therefore, being compelled knowingly to adopt the beast, ought to choose the fox and the lion; because the lion cannot defend himself against snares and the fox cannot defend himself against wolves. Therefore, it is necessary to be a fox to discover the snares and a lion to terrify the wolves."[14]

Daar bestaan dus geen objektiewe en normatiewe regsbeginsels nie, en slegs die vors wat daarin slaag om sy teenstanders genadeloos te onderdruk sal magtig, en daarom volkome veilig en gelukkig wees. Die staatsleier moet hom te midde van die kosmiese werklikheid aanpas by die wisselende grille van die massa en voortdurend aanpas om die owerheidsmag te behou deur die onkundige massas te uitoorlê.[15] Meinecke is die mening toegedaan dat Machiavelli se denkbeelde fundamenteel gerig word deur 'n intieme totalitêre

staatkundige doelmatigheid.

> "....., his whole life was bound up with a definite supreme purpose of the state. And in the same way his whole political way of thought is nothing else but a continual process of thinking about raison d'etat."[16]

Die Machiavelliaanse magstaatkonsepsies het deur die eeue sinoniem geword met tussenstaatlike magspolitiek.[17] Hy verwerf invloed met sy standpunt van 'n magsanargisme in die stateveelheid - elke staat is bloot op sy eie mag bedag, en die magstaat word verbind met die totalitaristiese hartstog van die individualistiese humanisme. Taylor verklank die invloed van Machiavelli op die staatkunde met die volgende woorde:

> "Machiavelli's doctrine of the pagan "power" state was to lead in the field of political action to the recog= nition and, consequently, to the widespread adoption of raison d'etat as something which justified the rejection by European governments of accepted Christian standards of morality and Christian political values. In this sense Frederick the Great and Bismarck of Prussia, Richelieu and Napoleon of France and Hitler and Stalin of the totalitarian democracies are heirs of Machiavelli. His new approach to politics was also to lead to the so-called value political methodology of such apostate humanist political thinkers as de Tocqueville and Denis Brogan, Raymond Aron, and James Burnham who are all true Machiavellians insofar as they attempt to describe modern political life without reference to transcendental norms and values."[18] (onderstreep - L.D.B.)

Die staatkundige "Leitmotiv" word sonder voorbehoud aan onbelemmerde magsheerskappy verbind. Magspolitiek word 'n doel op sigself met geen ruimte vir etiese en/of morele begrensing in die tussenstaatlike nie, en daarom word die wêreldpolitiek 'n nimmereindigende magstryd wat eers tot ruste sal kom as die magtigste, as alleenpotentaat, uit die stryd sal tree. Tot die uitbouing van dié gedagtelyn het ook Thomas Hobbes 'n belangrike bydrae gelewer.

10/...

2.2.2 Hobbes

Die geniale Engelse geleerde, Thomas Hobbes (1588 - 1679), is 'n tipiese eksponent van die humanistiese wetenskapsideaal wat menslike vryheid deur 'n totalitêre magstaatskonstruksie laat absorbeer.[19] McGovern bestempel Hobbes as: ".....undoubtedly the greatest, the clearest, and the most logical of all the advocates of absolute monarchy,....."[20], terwyl Hommes opmerk: "Hobbes' radicale absolutis= tische constructie van de staat laat geen plaats voor elementaire juridische vrijheidsferen van mens en niet-statelijke samenlevingskringen."[21] In sy *Leviathan* verwys hy na die Bybelboek Job (41 vers 24) vanwaar hy sy Leviathaanse staatsabsolutisme aflei met die woorde:

> "There is nothing, said he, on earth, to be compared with him. He is made so as not to be afraid. He seeth every high thing below him; and is king of all the children of pride."[22]

Die staatsgesag is dus by Hobbes soewerein en alleen= lik gebonde aan die normlose natuurtoestand - leges naturales,[23] — wat geen toepassingskrag het nie vanweë die positivistiese inslag daarvan. Geen enkele nie-staatlike lewensterrein buite die magsbevoegdheid van die staatskolos word erken nie, want die staat alleen begryp die behoeftes van die burgery en dra staatsintern en internasionaal sorg dat hy as hoogste regter in alle behoeftes voorsien.[24] Die staatkundige monopolisering van die swaardmag verhoed gedifferen= sieerde staatkundige ontplooiing van die tydelike werklikheid. Reg en geregtigheid word van die norma= tiewe grondslag losgemaak en gebind aan staatsmag — "For in the sovereignty is the fountain of honor,"[25] aldus Hobbes. Die gang van die geskiedenis word daarom uitsluitlik gerig deur die staatkundige grille van die vors in die owerheidsamp.[26] Vanselfsprekend is Hobbes se internasionale verhoudinge daarom inter= persoonlike, diktatoriale verhoudinge wat uiteindelik onafwendbaar 'n diktatorstryd om die almagtige univer=

sele Leviathan impliseer. Hobbes se kragdadige magstaatsbeskouings het die weg gebaan vir Hegel, by wie staatkundige magsverabsolutering selfs nog hoër humanistiese vlugte geneem het.

2.2.3 Hegel

George Wilhelm Friedrich Hegel (1770 - 1831) het sonder twyfel 'n dominerende invloed op die ontwikkeling van die magstaatsfilosofie uitgeoefen.[27] In sy *Grundlinien der Philosophie des Rechts* (1821) bestempel hy die staat as die "absolute Macht auf Erden" en die "irdische Gottheit", waardeur die staatsbelang tot die hoogste rigsnoer verhef word en elke staat geen ander wet erken as bloot "den Zweck seines Ganzen" nie.[28] Die staat is die volstrekte mag op aarde en alle geregtigheid, ook van die burgerlike samelewing, is slegs binne die totalitêre staatsgemeenskap korrek te ontplooi. Die hoogste plig van die staatsburger is dus om "Mitglieder des Staat zu sein."[29] Die "Volksgeist"-gedagtegang is inherent ingebed in die staatkundige denke van Hegel as hy met die woorde "Das Volk als Staat"[30], 'n bewuste sintese op latere nasionaal-sosialistiese trant bewerkstellig. In 'n Engelse vertaling word Hegel dienaangaande soos volg weergegee: "The nation as state is mind in its substantive rationality and immediate actuality and is therefore the absolute power on earth. It follows that every state is sovereign and autonomous against its neighbours."[31] Die gedagte dat die staat sy eie morele kodes ontwerp en dat sy hoogste doelmatigheid in voortbestaan geleë is, brandmerk Hegel by uitstek as 'n realis in staatkundige denkbeelde.

Internasionaal maak Hegel 'n onderskeiding tussen magtige en swak state. Laasgenoemde het volgens hom geen reg om polities te bestaan nie, en kan regtens deur die magtige moondhede verower word.[32] Trouens, dat Hegel 'n oorlogsimmanensiebeskouing huldig is baie duidelik: "It follows that if states disagree and their particular wills cannot be harmonized, the matter can only be settled by war," verklaar hy en vervolg

later ooreenstemmend:

> "The principle of the modern world -.....- has given courage a higher form.....It is for this reason that thought had invented the gun and the invention of this weapon, which has changed the purely personal vorm of bravery into a more abstract one, is no accident."[33]

In oorlogsvoering en agressie vind Hegel dus wel grondslae van tussenstaatlike waarde. Hieruit volg logies dat hy Kant se droom van 'n universele alliansie van state as utopiese wensdenkery bestempel.[34] Die gedagte van internasionalisme is vir hom totaal strydig met die wetmatigheid van die absolute gesag van die staat in die tussenstaatlike. Vir Hegel is die staat derhalwe 'n doel op sigself - "Selbstzweck"[35] — en die staatsburger se hoogste doel is in atomistiese deelgenootskap aan die totalitaristiese magstaatskonsep= sies geleë. Internasionaal geprojekteer moet elke staat wetmatig evolusionisties sy magsgrense verbrei en word onverbloemde magsegoïsme die noodwendige leidende funksie van elke staat. Daarmee is aan "Macht Politik" in sy antinormatiewe betekenis beslag gegee. Tot die verdere uitbouing van die denkpatroon het Marx ook 'n kardinale bydrae gelewer.

2.2.4 Marx

Saam met Friedrich Engels (1829 - 1895)[36] ontwikkel Karl Marx (1818 - 1883) die grondslae van die felste magstaatsfilosofie wat, bekend as die kommunisme, erbarmlike tussenstaatlike swaardmagtriomfe sou oopveg, en met 'n brutale swaardmagdiktatuur in die twintigste eeu dreig om die ganse spektrum van internasionale verhoudinge te verswelg.[37] Vir Marx is die mens ".....een producerend wezen."[38] Arbeid bring adel en daardeur word die mens aardse meester deur sy gebondenheid aan die natuur los te werk. Hierin lê die eskatologiese voedingsbodem van sy klassestryd= teorie wat leer dat die onafwendbare stryd tussen kapitaal en arbeid slegs beëindig kan word as die utopiese internasionalistiese arbeiderstaat volbring

is.[39] In 'n toespraak by die Den Haagse Kongres (1872) het Marx ondermeer gesê:

> "The worker must one day seize power, in order to erect the new organization of labour; he must push to one side the old politics which up= hold the old institutions, if he does not want to suffer the loss of heaven on earth, as did the old christians who neglected and despised it."[40]

Oorgedra op die tussenstaatlike impliseer dit geen erkenning van die bestaan van 'n nasionale stateveel= heid nie. In die *Manifesto of the Communist Party* (1848) het Marx en Engels hulle beskouings dienaan= gaande soos volg weergegee:

> "The Communists are further reproached with desiring to abolish countries and nationality. The working men have no country. National differences and antagonisms between people are daily more and more vanishing.....The supremacy of the proletariat will cause them to vanish still faster. In proportion as the exploitation of one individual by another is put an end to, the exploitation of one nation by another will also be put an end to. In proportion as the antagonism between classes within the nation vanishes, the hostility of one nation to another will come to an end."[41]

Met dié toeleg moet nasionalisme algaande opgeneem word in die internasionalistiese, sosialistiese proletariaat, en word die slawekettings van die nasionalisme verbreek deur die koms van die Marxis= tiese globale wêreldparadys.[42]

Marx se magstaatsidee bied 'n nuwe humanistiese visie wat gedra word deur 'n eskatologiese fanatisme, naamlik dat die eindideaal alleenlik met brute geweld verwesen= lik kan word.[43] Van burgervryheid en politieke mede= seggingskap is hier dus staatsintern geen sprake nie,[44] terwyl die swaard internasionaal nooit kan rus voordat die wêreldwye kommunistiese magstaat tot stand gebring is nie.[45] Uit hierdie magtige universele magstaats= filosofie vloei die kommunistiese wêreldrewolusie en anargisme van die twintigste eeu wat in die diktature

14/...

van Lenin, Stalin, Khrushchev en Brezhnev groei tot 'n wêreldoorwinnende naakte magstryd. Baie bewustelik word die magsteorieë van Machiavelli, Hobbes, Hegel en andere saamgebundel om internasionale verhoudinge ad infinitum - totdat die kommunistiese wêreldstaat bereik is - te bind aan 'n ongenaakbare magstryd, en mag, sonder voorbehoud, die alfa en die omega van die wêreldpolitiek word.

2.2.5 Samevatting

Die klassieke denkbeelde oor mag en die staatkunde was in hoofsaak staatsintern toegespits. Veral via die latere ontwikkeling van nasionaal-sosialisme en kommunisme is die magsproblematiek onverbloemd internasionaal rondom brute magsaanwending geprojekteer. Die gesagsvakuum in internasionale verhoudinge maak die magsfaktor egter steeds aktueel en van fundamentele belang. Veral in die twintigste eeu het daar heelwat denkers na vore getree wat met besondere verwysing na internasionale verhoudinge 'n realistiese standpunt teenoor die vraagstuk van tussenstaatlike magspolitiek ingeneem het.

2.3 Realistiese Teoretici van Internasionale Verhoudinge

2.3.1 Inleiding

Internasionale verhoudinge as selfstandige akademiese dissipline is relatief baie jonk. Die eerste leerstoel is eers in 1919 aan die Universiteit van Wallis inge=stel met die opdrag:

> ".....the study of those related problems of law and politics, of ethics and economics which are raised by the project of a League of Nations, and for the encouragement of a truer understanding of civilizations other than our own."[46]

Die groeiende internasionale kontakspektrum en die tegnologiese ontwikkelingspas van die mensdom, ge=paardgaande met die universele toespitsingsradius van oorlogvoering, het die soeke na tussenstaatlike vrede daadkragtig gestimuleer. "Peace is the most imperative

business in the world today.", is die mening van Stevenson wat vervolg: "It is the world's most universal desire and most powerful force."[47]

Die globale betrokkenheid en verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog het die kardinale belang van mag en internasionale verhoudinge vir elke menslike individu helder omlyn. Voor die oorlog, na die katastrofe van München, het selfs die humanistiese internasionalis, Toynbee, daarop gedui dat mag onont= beerlik is vir die instandhouding van die "aardse stad."[48] In realistiese bui skryf hy:

> "If a man is not going to be a man of power exercising his power constructively in the world, then he must aim at being a man of thought or art, or at being a saint. But a man or a country that gives up the one ideal without embracing the other is irretrievably lost."[49]

Internasionaal is owerhede dus verplig om mag vir konstruktiewe vredesdoeleindes aan te wend. State wat tot die doel geen bydrae kan lewer nie, maar hul voortbestaan deur bedelaarsetiek in appél op die magtige moondhede wil verassureer, stel konstruk= tiewe magsaanwending tot tussenstaatlike vredesdoel= matigheid in die gevaar. Tot hierdie realistiese funksionele plasing van mag in die wêreldpolitiek is daar teoreties belangrike bydraes gelewer.

2.3.2 Niebuhr

Reinhold Niebuhr (1892 - 1971), Protestantse teoloog, het 'n sterk vormende invloed op die Amerikaanse politieke denke gehad. George Kennan het met die woorde: ".....the father of all of us,"[50], treffend hulde gebring aan Niebuhr se intellektuele verdienste en invloed. Grondliggend aan sy teoretiese denkbeelde is die Christelike eskatologiese aanvaarding van die sondige menslike natuur wat tot 'n interindividuele kollektiewe magstryd aanleiding gee.[51] Internasionaal bring die sondegebrokenheid 'n voortdurende magstryd waar ook die Christenstaat alleenlik kan voortbestaan in 'n gebalanseerde magspolitieke konstellasie. Dat

16/...

geregtigheid in internasionale verhoudinge alleen binne sodanige struktuur korrek ontplooi kan word stel Niebuhr onomwonde in *"Christianity and Power Politics"* as hy skrywe:

> "One reason why the balances of power, which prevent injustice in international relations, periodically degenerate into overt anarchy is because no way has yet been found to establish an adequate organizing centre, a stable international judicatory, for this balance of power. A balance of power is something different from, and inferior to, the harmony of love. It is a basic condition of justice, given the sinfulness of man. Such a balance of power does not exclude love. In fact, without love the frictions and tensions of a balance of power would become intolerable. But without the balance of power even the most loving relations may degenerate into unjust relations, and love may become the screen which hides the injustice."[52]

Hieruit vloei logies voort dat hy veral sedert die Italiaanse en Duitse agressie van die dertigerjare Westerse idealistiese pasifisme in krasse taal ver=oordeel as 'n humanistiese illusie en gebrek aan offervaardigheid aan die kant van die Christendom. "The moral and political confusion," skrywe hy "created by religious and secular perfectionists who do not understand the involvement of all man=kind in the sinful realities, of history, is aggravated by perfectionists' illusions about peace."[53] Die Verenigde State het daarom ook volgens hom 'n plig om internasionaal deur vredes=doelmatige magsaanwending die demokrasie teen die kommunisme te borsweer.[54]

Geregtigheid in internasionale verhoudinge deur magsbalans impliseer noodwendig dat Niebuhr die wêreldstaat ten sterkste afkeur. ".....the perils of international anarchy are very great, they may still be preferable to international tyranny,"[55], skrywe hy in *The Illusion of World Government"*.

Vir die tussenstaatlike is Niebuhr se grootste bydrae die intellektuele skerpheid waarmee hy swaarde kruis met die illusies van die idealiste.[56] In sy realisme word mag egter nie etiekloos verabsoluteer nie, maar moralisme en geregtigheid in die tussen= staatlike kan alleen sinvol gedy op die strukturele basis van magsewewig.[57] Thompson het besondere waardering vir die insigte van Niebuhr op hierdie vlak:

> "The realm of politics is the twilight zone where ethics and power meet and it is in this troubled zone that Niebuhr has made his deepest thrust. No one can write on these problems without acknowledging an immense debt to this great mind."[58]

Die tussenstaatlike probleme waaroor Niebuhr teoreties besin het, vorm vandag nog die kardinale problematiek van internasionale verhoudinge.

2.3.3 Spykman

Nicholas Spykman (1893 - 1943), bekende eksponent van die geopolitika, verklaar dat konflik en stryd, eerder as samewerking, kensketsend is van internasionale ver= houdinge.[59] Uit baie oorde is hy geëtiketteer as Amerikaanse "Herrenvolkdogmatikus" vanweë die stand= punte wat hy in sy bekende werk *America's Strategy in World Politics. The United States and the Balance of Power* huldig.[60] Die verabsolutering van mags= politiek word kennelik vergestalt as Spykman in sy genoemde werk skrywe:

> "The statesman who conducts foreign policy can concern himself with values of justice, fairness, and tolerance only to the extent that they contribute to or do not interfere with the power objective. They can be used instrumentally as moral justification for the power quest, but they must be discarded the moment their application brings weakness. The search for power is not made for the achievement of moral values; moral values are used to facilitate the attainment of power. In this kind of world states can survive only by constant devotion to power politics."[61]

In *The Geography of the Peace* is dit opmerklik dat Spykman met nadruk dui op die magsvakuum in die wêreldpolitiek en dat die verantwoordelikheid vir soewereiniteitsbehoud op elke staat se skouers af= sonderlik rus.

> "It should be obvious then, that the security of states in international society has a very close relationship to the organization of power. The primary characteristic of the world society of today is the independence of the sovereign state, a unit which recognizes no superior authority in the conduct of its relations with other states. Although international institutions are set up to deal with particular phases of the problems which states must solve, and although nations recognize a body of rules governing their conduct toward each other, it still remains true that the final responsibility for the security of each individual state rests upon itself alone."[62] , skets hy die verantwoordelikheid van elke staat om sy eie wa deur die drif van internasionale magsbotsings te trek.

Spykman se besondere geopolitiese denkbeelde stel ons later aan die orde, maar die geografiese realiteite het hom ook laat klem lê op die internasionale ver= antwoordelikhede van Amerika. In die bepaling van die V.S.A. se buitelandse beleidstrategie moet die magsvermoë en geografiese ligging fundamenteel in die taktiese aanwending verreken word.[63] Idealistiese doktrines rondom die wêreldstaat en gemeenskaplike veiligheid verwerp hy met intellektuele skerpheid [64], en die wêreldpolitiek sien hy steeds as 'n bondgenoot= skap tussen mag en geografie - struktureel beliggaam in 'n stelsel van magsewewig.

2.3.4 Schuman

Frederick Schuman 1904 -) aanvaar die soewereine staat as die strukturele basis van die wêreldpolitiek, en tussen hierdie outonome politieke entiteite is daar 'n voortdurende magstryd. In sy bekende werk: *International Politics* stel hy sy standpunt dienaan=

19/...

gaande onomwonde:

> "Since each has no control over the acts of the others, enjoys no participation in any effective merging of local purposes into a larger polity, and accordingly has no assurance as to what others may do, all must suspect the worst of each. Every unit in such a system necessarily seeks safety by relying on its own power and viewing with alarm the power of its neighbours. This being so, the neighbours have no choice but to do likewise."[65]

Ook in *The Commonwealth of Man. An Inquiry into Power Politics and World Government*, is hy oortuig dat geregtigheid en internasionale "broederskap" deur die onderliggende ultima ratio regum van die tussenstaatlike magstryd aan bande gelê word.[66] Tussenstaatlike mag berus volgens Schuman ten diepste op militêre magsvermoë en soewereiniteitsbehoud. Daardeur word magsborswering die bestemmende inter= nasionale funksie van elke staatsowerheid.[67] Vir hierdie doel word ook diplomasie aangewend,[68] en die internasionale struktuur kan daarom alleen met die meganisme van magsewewig gehandhaaf word wat telkens verwoestende gevolge nalaat:

> "But in every case each equilibrium generates tensions that explode in cataclysmic readjustments because the players of the game are unable or un= willing to achieve smooth and gradual readjustments by other means."[69]

Die handhawing van nasionale statesoewereiniteit is dus vir Schuman slegs moontlik in 'n strukturele magsekwilibrium.

2.3.5 Carr

Met toespitsing op tussenstaatlike magspolitiek kies Edward Carr (1928 -), buitelandse beleid en staatkundige belange as vertrekpunt. In sy monumentale werk *The Bolshevik Revolution, 1917 - 1923* poog hy om deur 'n diepgaande studie van buitelandse beleid tot 'n indringende begrip van die wêreldpolitiek te geraak.[70]

20/...

> "Soviet security and Soviet prosperity were the theme of Soviet diplomatic relations with the capitalist world. World revolution entered into the picture in so far as it contributed to the realization of these aims, and was now recognized as being itself dependent on their realization."[71]

skets hy in *Socialism in One Country, 1924 - 1926* die grondliggende doelstellings van die Kremlin se buite= landse beleid. Sy grootste bydrae tot internasionale verhoudinge is *The Twenty Years' Crisis, 1919 - 1939* waar hy die vredesillusie in die Angelsaksiese lande tussen die twee wêreldoorloë krities te lyf gaan. Die werk is geskrywe, verklaar hy,

> ".....with the deliberate aim of counteracting the glaring and dangerous defect of nearly all thinking, both academic and popular, about inter= national politics in English speaking countries from 1919 - 1939 - the almost total neglect of the factor of power."[72]

Hy gee ook indringend aandag aan die strukturele magsverskuiwing in die tussenstaatlike na die Tweede Wêreldoorlog en die bipolêre bewindsoorname van die Kremlin en Washington in die plek van Europa.[73] In *Nationalism and After* het hy selfs begrip vir inter= nasionalisme, maar die volvoering daarvan, verklaar hy, ".....", would be utopian if it failed to take account from the outset of the unsolved issue of power."[74] Carr se grootste bydrae is waarskynlik daarin geleë dat hy realisties, deelnemend-observerend, heersende tussenstaatlike strominge ontleed en dit verreken in sy teoretiese beskouings.

2.3.6 Morgenthau

Aan alle standaarde gemeet, is Hans Morgenthau (1904-) die bekendste denker in die magspolitieke benadering tot internasionale verhoudinge.[75] Sy universeel erkende monumentale standaardwerk *Politics Among Nations. The Struggle for Power and Peace* word beide

deur "realiste" en "idealiste" as 'n onontbeerlike studiebron van die wêreldpolitiek aanvaar.[76] In 'n baie gewilde sitaat spreek sy teoretiese tussenstaatlike geloofsbelydenis sonneklaar: "International politics like all politics, is a struggle for power. Whatever the ultimate aims of international politics, power is always the immediate aim."[77] Die werk is 'n realistiese teoretiese tour de force waarin vergestaltende tussen=staatlike magskomponente, magsbekampende wêreldpolitieke faktore en die strukturele probleme van internasionale verhoudinge in 'n ondubbelsinnige magsidioom belig word.[78] "A political policy seeks either to keep power, to increase power, or to demonstrate power."[79], aldus Morgenthau.

Steunende op historiese feitemateriaal aanvaar Morgenthau die bestaan van 'n nasionale stateveelheid, en universele morele beginsels tussen hulle kan nooit in abstrakte vorm toegepas word nie, maar: ".....they must be filtered through the concrete circumstances of time and place."[80] Daarom aanvaar hy in die werk *In Defense of the National Interest* dat enige suksesvolle buite=landse beleid op die rasionele aanvaarding van nasionale staatsbelange moet berus.[81] Nasionale staatsbelange is fundamenteel in sy begrip van tussenstaatlike vrede, want die oomblik wat state die soewereiniteitsgrense van nasionale belange deur messiaanse ideologiese impe=rialisme oorskrei, word tussenstaatlike stabiliteit op=gehef. Omdat Viëtnam buite die Amerikaanse belangesfeer val, was Morgenthau ten sterkste gekant teen die V.S.A. se betrokkenheid in Suidoos-Asië.[82] Trouens in *A New Foreign Policy for the United States* vermaan hy die Amerikaanse beleidmakers om die kommunisme nie met dogmatiese oogklappe te betrag nie.

> "It is one of the great ironies of history that we have tended to take Communism more seriously as a political ideology than have the major Communist governments."[83], skets hy sy beswaar teen die

felle - dikwels hardhorende - Washingtonse anti-kommunistiese beleidsrigtings.

In die tussenstaatlike speel magsewewig vir Morgenthau 'n kardinale rol, alhoewel die strukturele veranderings van die kerneeu die waarde daarvan ver= minder het.[84] Diplomasie is vir hom ewe-eens deur= slaggewend en ten opsigte daarvan skryf hy:

> "This method of establishing the preconditions for permanent peace we call peace through accomodation. Its instrument is diplomacy."[85]

Die kerneeu bring vir Morgenthau 'n radikale klem= verskuiwing in magsaanwending, omdat die gevare van 'n kernkatastrofe die aanwending van kernmag irrasioneel maak -

> "Thus while the descrepancy between the strong and the weak is today much more pronounced than it has ever been in history, it is exactly this disproportion which renders the powerful impotent in the fullness of their power."[86]

Die magsfaktor is dus konsekwent teenwoordig in sy teoretiese denkbeelde. Die moderne behavioralistiese teorieë van die wêreldpolitiek verwerp hy met realis= tiese skerpsinnigheid. Volgens hom is dit niks anders as 'n dogmatiese metafisiese verabsolutering van "mathematical garb"[87] nie. 'n Betiteling waarmee hy die kwantitatiewe rekenaartoespitsing van die be= havioralisme in *Common Sense and Theories of Inter= national Relations* verwerp. Morgenthau se bydrae tot die realistiese teoretiese besinning van internasionale verhoudinge is inderdaad fenomenaal en wie die mags= faktor verreken, sal ongetwyfeld van sy indringende werk kennis moet neem.

2.3.7 Kennan

Die geskiedenis van die Amerikaanse diplomasie tussen die jare 1776 en 1812 inspireer George Kennan (1904 -) tot magsdominerende tussenstaatlike denke.[88] Met ver= wysing na die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog op die Westerse invloedsfeer in die tussenstaatlike, skrywe hy in sy bekende *American Diplomacy 1900-1950* die volgende:

> "First of all, there was the failure to remember the essentially and inescapably defensive nature

23/...

> of this particular war, as one in which we in the West were at first the weaker party, capable of achieving only a portion of our aim and of achieving that portion only in collaboration with a totalitarian adversary and at a price. This failure stemmed from our general ignorance of the historical processes of our age and particularly from our lack of attention to the power realities involved in given situations."[89]

Amerikaanse deelname in die internasionale arena - volgens Kennan - is verskraald geprojekteer, omdat die tussenstaatlike visie deur die prisma van nasionale Amerikaanse staatsbelange vertolk word.[90] Internasionale moralisme is vir hom op 'n ander strukturele vlak geleë as interindividuele etiek.[91] Daarom speel diplomasie 'n belangrike rol in die verhoudingsmomente tussen nasionale state wat Kennan logieserwys 'n teenstander van 'n internasionalistiese struktuur maak.[92] Kennan se jarelange diplomatieke ondervinding in Rusland en Joegoeslawië het hom goed toegerus om aan die begin van die Koue Oorlog 'n leidende funksie in die bepaling van Washington se Kremlinpolitiek te speel.[93] Onder die skuilnaam "X" publiseer hy in 1947 'n artikel: *The Sources of Soviet Conduct* waarin hy die grondslae van die Russiese tussenstaatlike visie belig.[94] In antwoord op Khruschchev se deténtegreep van vreedsame naasbestaan verklaar hy in *Peaceful Coexistence* onder meer die volgende:

> "In one sense, we are all, like Mr. Khruschchev himself, Stalin's pupils. It is from him that we learned a great deal of what we know about such things as ruthlessness and consistency and deception in international politics. Mr. Khruschchev must not now ask us to forget too quickly - certainly not more quickly than some of his own Russian and Chinese associates - the lessons we have learned from this eminent political leader."[95]

Kennan is sonder twyfel bedag op die uitbreiding van die Kommunistiese invloedsfeer, en in sy *Memoirs* skrywe hy:

> "This was a monolithic power structure reaching through the network of highly disciplined Communist parties

into practically every country in the world."[96]

Sy teoretiese besinning oor die wêreldpolitiek word deur staatkundige magsverantwoordelikhede gedra en daarin speel staatkundige belangesfere en ideologiese invloedsareas 'n belangrike rol.

2.3.8 Stausz-Hupé

Robert Strausz-Hupé (1903 -) lê veral klem op die magsfaktor in sy verhouding met tussenstaatlike normbe= skouings en die internasionale struktuur.

> "Power is the staff of orderly government. Without the exercise of power, political order could neither be established nor maintained. Power guards society against anarchy. Yet power spawns tyranny and violence, corrupts the mighty and crushes freedom."[97]

, merk hy in *Power and Community* op. Saam met Possony dui hy in *International Relations in the Age of the Conflict between Democracy and Dictatorship* daarop dat die verwatering van godsdiens en metafisiese vooroordele mag ongekend laat toeneem het, en internasionaal weinig verwagting gelaat het behalwe: ".....fear, insecurity and helplessness."[98] Tot hierdie magsdominate riglyne het die tegnologies triomftog 'n baie belangrike bydrae gelewer.[99] In *Geopolitics: The Struggle for Space and Power* openbaar hy hom as 'n gesaghebbende oor die geopolitika,[100] en die geografiese insigte sodoende verwerf, oortuig hom dat Wes-Europa van lewensbelang vir die sekuriteit van Amerika is. Die ".....political unification of the European continent under a single power would profoundly alter the distribution of technological and economic potentials,....."[101], ver= klaar hy in *The Balance of Tomorrow.*

Die kommunistiese strategie tot wêrelddominasie is vir hom 'n "protracted conflict,"[102] omdat hulle deur gereduseerde en gesofistikeerde magsaanwending knaag en knoei om die landpale van die "kapitalistiese" state te verruk. Die Weste moet daarom die vermoë ontwikkel om in 'n magsgebalanseerde tussenstaatlike struktuur elke strategiese jakkalsdraai van die kommu= nisme aan die pen te laat ry.[103] Saam met Possony

koppel Strausz-Hupé 'n defaitistiese Christelike dimensie aan die wêreldpolitiek as hulle opmerk:

> "The ultimate objective of human society has been known at least since the Sermon on the Mount. It does not require restatement although it may need elaboration. What it does require is the recognition and understanding of the facts. And no single fact is clearer than that at present the behaviour of nations toward each other is motivated by the desire to dominate or by the fear of being dominated."[104]

In 'n era waarin staatkundige voortbestaan en die lewensbeskoulike norme van die Westerse beskawing in die weegskaal is, het Strausz-Hupé op realistiese wyse die strominge blootgelê wat deurslaggewende peilers in die ontwikkelingsgang van die wêreldpolitiek is.

2.3.9 Kissinger

Nog 'n denker wat vir sy teoretiese insigte van die wêreldpolitiek vir perspektiewe teer op die diplomatieke geskiedenis is Henry Kissinger (1923 -). In *A World Restored* bespreek hy die skouspelagtige Europese diplomatieke dramas van Metternich, Castlereagh en Talleyrand en bestempel diplomasie as: "....., the art of restraining the exercise of power....."[105]. Hy verklaar hom ten gunste van 'n stabiele tussenstaat= like struktuur, maar die stabiliteit, waarsku hy, word opgehef as state na 'n globale dominerende magsposisie streef:

> "Only absolute security - the neutralization of the opponent - is considered a sufficient guarantee and thus the desire of one power for absolute security means absolute insecurity for all the others."[106]

Die magsproblematiek bly egter kardinaal en in toe= spitsing op die kerneeuse diplomasie is dit vir hom in *Reflections on American Diplomacy* steeds aktueel as hy opmerk:

> "Peace, therefore, cannot be aimed at directly; it is the expression of certain conditions and power relationships. It is to these relationships - not to peace - that diplomacy must address itself."[107]

26/...

Daarom moet Amerika in die Koue Oorlog sorg dat hy fisies en geestelik paraat is om vrede deur mag te waarborg - ".....", for the simple reason that no diplomacy is stronger than the power behind it."[108]

Oor die ingrypende invloed van die kerneeu op die volle draagwydte van internasionale verhoudingsmomente laat Kissinger hom in die besonder uit. Hy waarsku veral teen 'n oormatige Westerse vredesverlange as hy in *Nuclear Testing and the Problem of Peace* verklaar: "But the very intensity of our desire for peace may increase our peril."[109] In *The Necessity for Choice* is hy gekant teen die absolute afbakenings van oorlog en vrede - ".....the dread alternatives of surrender, or suicide,....."[110], omdat die skyndeténte deur die kommunisme uitgebuit word om deur psigologiese en ongereelde oorlogvoering stadig maar seker die ystergordyn oor groter areas te laat toesak. Kernstrategie in die kerneeu laat vir Kissinger: ".....only a choice among evels,"[111], toe. Die Weste besit op die lang duur nie die magsvermoëns om die onderduimse strategiese magsuitrafeling van die kommunisme die hoof te bied nie, en dit gee aanleiding tot Kissinger se berugte standpunt in *Nuclear Weapons and Foreign Policy* dat kernwapens ook op beperkte skaal in lokale onweersones aangewend moet word.

> "Limited nuclear war represents our most effective strategy against nuclear powers or against a major power which is capable of substituting manpower for technology."[112]

, skets hy sy oplossing vir die Westerse dilemma en vervolg:

> "Limited nuclear war is impossible unless our diplomacy succeeds in conveying our intentions to the other side..... In seeking to avoid the horrors of all-out war by outlining an alternative in developing a concept of limitation that combines firmness with moderation, diplomacy can once more establish a relationship with force, even in the nuclear age."[113]

Ook vir Kissinger is die Atlantiese Alliansie belang= rik en soos Morgenthau is hy gekant teen dogmatiese ideologiese kruistogte in internasionale verhoudinge.[114] Uit 'n latere geslag het Kissinger met diepsnydende intellektuele insigte die probleme van diplomasie en magsaanwending in kernstrategie belig. Ook vir hom is mag alleen nie die oplossing vir die toekomstige ont= wikkeling in die wêreldpolitiek nie, maar dit bied die sekuriteit dat daar wel 'n toekoms kan wees.

2.3.10 Aron

Raymond Aron (1904 -) se monumentale werk *Peace and War. A Theory of International Relations* is deur Hoffman bestempel as: "the most intellectually ambitious work that has ever been written about inter= national relations."[115] Volgens Aron is internasionale verhoudinge:

> ".....the relations between political units, each of which claims the right to take justice into its own hands and to be the sole arbiter of the decision to fight or not to fight."[116]

Die afwesigheid van 'n gesagdraende struktuur bo die soewereiniteit van nasionale state veroorsaak:

> ".....confronting adversaries in an incessant rivalry in which each side reserves the right to resort to the ultima ratio, that is, to violence."[117]

In sy benadering tot internasionale verhoudinge gaan Aron van 'n vierdelige indeling uit as hy onderskei tussen teorieë (waardes en stelsels)[118], sosiologie (konstante bepalende en onderskeibare determinante)[119], geskiedenis (die staatkundige maatskappy in historiese perspektief)[120] en praksiologie (die kenmerke van diplomasie en strategie)[121]. Veral aan die strukturele ordening van magsewewig in die wêreldpolitiek skenk hy breedvoerig aandag met sy eie aanbieding van struk= turele balanserende modelle.[122]

Met die bestaande internasionale spanning en stryd ter hand is selfhandhawing vir hom in magsbehoud geleë.

> "Such pacification can hardly progress as long as the battle of the two worlds goes on," meen hy en

28/...

vervolg: "The West must therefore, in addition to the idea of an international order for the future, have a conception of strategy which fits the present crisis."[123]

Anders as Morgenthau en Kissinger is 'n normatiewe lewens- en wêreldbeskoulike gerigtheid vir hom onontbeerlik om staatkundige soewereiniteit te stimuleer. In *The Quest for a Philosophy of Foreign Affairs* skryf hy in die verband:

"It is legitimate that one should lament the passing of those centuries when diplomacy, divorced from ideas and morality, limited itself to a subtle game of influence and power. But in the twentieth century, a great power weakens itself if it refuses to serve an idea."[124]

In *Zukunft des Friedens* is Aron daarom ook van mening dat tussenstaatlike vrede nie deur mag alleen bereik kan word nie, maar dat die denke van die staatslui tot vredesdoelmatigheid gerig moet word.

"Denn Friede ist nicht Zustand ohne Krieg, sondern vielmehr eine Tugend die aus der Seelenstärke hervorgeht. Gehorsam ist nämlich der beständige Wille auszuführen, was nach dem für alle geltenden Recht des Staates zu geschehen hat."[125]

Aron is voorts van mening dat die Amerikaanse realistiese denkskool - sy eweknieë - te veel idealistiese weersprekinge handhaaf.

"The American authors who are commonly regarded as belonging to the realist school declare that states, animated by a will to power, are in permanent rivalry but that they are not self-congratulatory about the situation and do not regard it as a part of the divine plan," verklaar hy en vervolg: ".....for they hold neither war nor the right to draw the sword as sublime."[126]

Die magsfaktor verdien 'n onontbeerlike grondslagfunksie in teoretiese besinning oor die wêreldpolitiek.

"Any definition that fails to take account of the basic characteristic of international relations, which is rooted in the legitimation of the resort to force, neglects both a constant factor in civili=

29/...

> zations, one that has had tremendous effects on the course of history, and the human meaning of military activity,"

skryf hy in *What is a Theory of International Relations?*[127]. Realisme laat egter volgens Aron ook ruimte vir die normatiewe en deur universele konstitusionele ordenings, wapenkontrole, moralisme en die volkereg kan daar sinvol gebou word aan internasionale wedersydse respek vir normatiewe tussenstaatlike beskouingsideale.

2.3.11 c Schwarzenberger

George Schwarzenberger belig die magsproblematiek in internasionale verhoudinge veral vanuit die volke= regtelike gesigshoek.[128] Hy onderskei 'n hiërargie in die strukturele analise van die magsvermoë van state en die supermoondhede bestempel hy as 'n soge= naamde aristokratiese oligargie. Laasgenoemde

> ".....jealously guard this privileged position against newcomers.....", meen hy en vervolg: "At the same time, they have to watch each other and take care that none of them will become so strong as to threaten the existence of the oligarchy itself."[129]

In sy hoofwerk oor die wêreldpolitiek *Power Politics. A Study of World Society* gee hy erkenning aan die onderliggende strukturele funksionering van magsewewig met die woorde:

> "In favourable conditions, alliances, counteralliances, and treaties of guarantee and neutralisation may produce a certain amount of stability in inter= national relations. This equilibrium is described as the balance of power."[130]

Schwarzenberger gee verder breedvoerig aandag aan gemeenskaplike veiligheid en ander statiese en dinamiese strukturele faktore in die tussenstaatlike, die volkereg, internasionale moralisme, ontwapening en internasionale organisasies met besondere verwysing na die V.V.O.[131]. Aan die einde van *Power Politics* is

Schwarzenberger egter van mening: "Power politics and power politics in disguise need not be the eternal fate of mankind,"[132], maar dat geregtigheid en weder=sydse begrip tot normalisering van die wêreldpolitiek op religieuse dimensie geleë is. Hy stel sy oortuiging daaroor soos volg:

> ".....The international planner could do little more than to set forth dispassionately the various patterns at the disposal of future peacemakers once the world menace of the totalitarian aggressors had been banished and state his conviction that, while federation was the only commensurate constructive alternative to international power politics, it presupposed a spiritual community that, ultimately, had to be founded on values corresponding to those expressed in the Sermon on the Mount and its equivalents in the world's other major religions"[133].

Vir tussenstaatlike vrede bied Schwarzenberger idealis=tiese reformasiereëls aan [134], maar hy laat tog onge=twyfeld deurskemer dat die magsfaktor na alle waarskyn=likheid altyd 'n deurslaggewende rol in die dramas van internasionale verhoudinge sal vervul.

2.3.12 Samevatting

Die realistiese teoretiese benadering van internasionale verhoudinge word ruimskoots gekritiseer omdat dit nasionalisme te hoog aanslaan, die geskiedenis van die wêreldpolitiek sou verabsoluteer en die magsfaktor tot 'n immorele norm verhef. Naakte magsverhoudinge kan nooit die totale verhoudingsmomente omlyn nie, maar wie dit verontagsaam misken die werklikheidservaring van die wêreldpolitiek. 'n Poging om soos die volstruis met sy kop in die sand van van utopiese idealisme en in bykans asketiese afsondering hom los te maak van die realiteite van die sondegebroke werklikheid waarin internasionale verhoudinge plaasvind. Sonder twyfel is die realistiese teoretiese besinning van die wêreld=politiek die belangrikste bydrae wat daar dusver op hierdie vlak gelewer is. Die hooftoespitsing van die realiste - die rol van die magsfaktor in die volle aksieradius van internasionale verhoudinge - is

31/...

sonder twyfel van fundamentele belang vir enige teoretiese besinning oor die wêreldpolitiek.

2.4 Wessels se Normatief-Strukturele Benadering

Uit die werklikheidsvisie van die Calvinisme het F.J.H. Wessels 'n besondere koers in die kader van tussenstaat=like teorieë aangetoon met sy aanbieding van 'n normatief-strukturele benadering van internasionale verhoudinge. Die grondslagnaam van die benadering impliseer dat die internasionale verhoudingsdinamiek deur normatiewe dryfkragte gedra word en die tussenstaatlike struktuur daarom nooit as 'n neutrale losloper aangebied kan word nie. In *Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik* stel Wessels sy Christelike eskatologiese perspektief met die woorde:

> ".....die waarheid dat in die religieuse wortel van die kosmos en derhalwe ook in die wortel van die gehele historiese ontwikkeling, daar 'n onversoenlike antitese bestaan tussen die Ryk van God en die Ryk van die Duisternis. So sal die finale en eindstryd moet uitwoed tussen die twee onversoenlike strydmagte - die Armagedon."[135]

In sy intreerede as hoogleraar met die opskrif: *Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering* bied Wessels dieselfde normatiewe tussenstaat=like eindgerig as hy opmerk:

> "In ruimste perspektief vervlieg die skyn dat die geskiedenis ordeloos verloop of na menslike willekeur gerig word. Soos Augustinus sy Civitas Dei en Civitas Terrena skei, heers in die diepste wortel die onversoenlike antitese ook in die tussenstaatlike betrekkinge. Ook die owerhede van state sal in 'n stellingname betrek word, 'n stellingname waardeur elke staat 'n eeueperspektief erlang."[136]

'n Transendentaal kritiese visie wat die wêreldpolitiek koppel aan die Christelike verwagting van die eindtye.

Wat die grondslae van sy struktuurleer aangaan merk Wessels op dat hy: ".....die tussenstaatlike geskiedenis deurkruis en deurknie.....", het,[137] en gee hy erkenning aan die insigte van Dooyeweerd in die soeke na 'n normatiewe individualiteitstruktuur vir die internasionale stategemeenskap.[138] Met die insigte daardeur verwerf, aanvaar Wessels die maatskapstruktuur waar die state as deelnemende strukture in neweskikkende pariteitskarakter langs mekaar opereer. Die afwesigheid van 'n permanente gesagstruktuur en solidêre eenheidskarakter in die inter= nasionale gemeenskap van state laat Wessels opmerk:

> "Solank die veelvuldige statestelsel as werk= likheidsfaktor staan, solank bou die volkere aan 'n onderlinge publiekregtelike maatskapsidee - die harmonisering op die grondslag van neweskikking, wedersydse respek en insig."[139], en elders: "Met inagneming van die struktuurbehoud van state, hulle posisie binne die groepering, hulle funksionele taak= stelling sowel as die transsendering daarvan het ons die maatskap as model aanvaar."[140]

In die stategemeenskap kan daar daarom geen bowe- en onderskikking wees nie, want

> "All states are thus structural equals - and in international relations this poses the problem of the structure of any international organizational formation where equals cannot be forced into a position of <u>subordination</u>, but demand a structure of coordination,"[141], aldus Wessels in *Some Modern Approaches to the University Teaching of International Relations*.

Neweskikking, harmonie en die erkenning van die komponente se lewensbelange bly dus die basiese struktuurordening waarsonder die stateveelheid telkens in chaotiese struktuurverwoesting verval.

Aan die hand van die maatskapsfiguur onderskei Wessels momente waarin die strukturele gelykwaardigheid van state gerespekteer word, maar ook momente waarin die figuur resloos opgedoek word - kortom struktuur= behoudende en struktuurverwoestende momente.[142] Onder

33/...

struktuurbehoudende momente onderskei hy nasionalisme en selfbeskikkingsreg,[143] nie-inmenging, ekonomiese samewerking, vrywillige organisasie[144], diplomasie[145], magsewewig en die volkereg. Oor die bydrae van inter= nasionale juridiese norme en die eie-aard daarvan in die maatskapstruktuur skrywe Wessels in *Enkele Opmerkings oor die Grondslae van die Volkereg* die volgende:

> ".....dat pariteit, neweskikking en ko-relativiteit die basis van die volkereg sal wees, as produk van die reg van 'n maatskapstruktuur - die enigste normatief-regverdigbare struktuur vir gelykes. Dit bring alles mee dat die maatskapsreg sig voordoen as die reg van koördinasie; van gelyke trou, van pariteit en neweskikking - skerp getipeer deur sy terugwysende momente van harmo= nieuse en ewewigtige afweging van 'n veelheid van belange."[146]

Struktuurverwoestende momente is ewe-eens sterk belynd, gebalanseerde neweskikking word verander na ongelykheid en oorheersing. Imperialisme, kolonialisme en neo-imperialisme, regionalisme[147] en die wêreldstaat[148] sodanig aangewend dat die soewereiniteit van nasionale state opgedoek word. In *Die Republikeinse Grondwet* het Wessels reeds internasionalisme as onhoudbare tussen= staatlike struktuurmoment aangetoon.[149] Struktuur= verwoestende momente is duidelik kenbaar. Strominge wat die veelheid van state vernietig en die struktuur van gelykwaardigheid afbreek na ongelykheid.

Wessels aanvaar dat die maatskapstruktuur inderdaad nie star en leweloos is nie, maar gerig word deur statiese en heensnydende dinamiek.

> "Sonder 'n verrekening van dié faktore, in die fisies-geografiese milieu ingebed en dimensioneel gedra deur ewige norme, asook deur menslikgeknelde waardes kan ons van wêreldgebeure geen rekenskap gee nie," verklaar Wessels in *'n Normatief-Strukturele Benadering tot die Studie van Internasionale Verhoudinge*, waarin hy ook sy Christelike standpunt

herbevestig met die woorde:

> ".....omdat ons Christelike leer die Christense blik deur die diepte en branding van die geskiedenis rig op 'n toekomsperspektief. Dit hang intiem saam met 'n eskatologiese dimensie - 'n religieus verankerde vooruitgreep, in die lig van die sin en betekenis van die geskiedenis as die relaas van die beskawingsontwikkeling van die mens."[150]

Die teoretiese benadering van Wessels het besondere verdienste. Dit bied onbeskaamd 'n Christelike toekomsvisie, ook in die verhoudings tussen state. Ook die Christen-akademikus opereer in sondegebrokenheid en ken daarom slegs ten dele, maar dit verhinder hom nie om met die lig en kennis tot sy beskikking te vors na die Goddelike norme vir die verhoudings tussen state nie. Kennis is lig, mits dit kennis in Sy lig is.

2.5 Oorsigsbeskouing

Die realistiese teoretiese denkbeelde oor die karaktereie van die wêreldpolitiek bevrug in verruimende mate die grondslae van die vakdissipline. Die besondere bydrae daarvan is dat dit die magsfaktor deur die diepte en branding van die historiese ontwikkeling van internasionale verhoudinge aantoon as een van die fundamentele grondslagprobleme van die wêreldpolitiek. Dwarsdeur die uiteensetting van die denkbeelde was dit egter duidelik dat daar veral met twee kardinale probleme geworstel word - die verrekening van normatiewe dryfkragte en gerigtheid enersyds, en die bepaling van 'n struktuurordening andersyds. Norme en strukture, met die strukture wat kwalifiserend deur die norme gedra word, is daarom volgens ons oortuiging die kernmomente van enige teoretiese besinning oor die tussenstaatlike. Die soeke na prinsipiële maatstawe, geprojekteer op sondige struktuurkarikature kan almal herlei word na een of ander normatiewe besinning wat op strukturele

modelle geprojekteer word. Met die onweerlegbare stande van sake aan die orde skenk ons vervolgens aandag aan die draagwydte van normatiewe dryfkragte in die gang van die wêreldpolitiek.

3 Die Karaktereie en Aksieradius van Normatiewe Momente in die Wêreldpolitiek

3.1 Verrekening van die Normatiewe in Internasionale Verhoudinge

Die soeke na wêreldvrede wat Redslob die "Schlusstein"[151] van die tussenstaatlike noem, is volgens ons mening getuigend van 'n normatiewe doelmatigheid, gerig op die menslike verlange na 'n idealistiese lewensverwagting. In die proses is elke individuele denker daarom bewus= telik en onbewustelik, deelnemend, observerend, en transendentaal krities besig om die tussenstaatlike uit eie denkakt en normatiewe dampkring te belig. Lerche se bekende uitspraak:

> "There is no more vicious theorist than the man who says, "I have no theory; I just let the facts speak for themselves," "[152] , is erkenning aan die feit dat die gewaande "antifilosofiese" empiriese naturalistiese modelbouers nooit daarin sal kan slaag om die normatiewe naelstring wat hulle gedagtes ten diepste dra deur te knip nie. "The complexities of the international scene and the urgency of current problems heighten the need for normative thinking."[153], is die mening waartoe Thompson geraak.

Richard Nixon het waarskynlik die gevaar van gepoogde normatiewe neutraliteit ingesien toe hy as Onderpresident van die V.S.A. te Manila verklaar het:

> "How can we feel toward those who treat alike nations that believe in God and honor, religion and morality, and nations that boast of atheism and the rule of force and terror alone."[154]

Daarteenoor poog Deutsch om die eskatologiese eindgerigt= heid te ontken as hy in *The Future of World Politics*

opmerk:

> "There are also, however, pessimistic utopias which do not see the future in harmony but, rather, in conflict, somewhat in the manner of the old Manichean sect in the days of St. Augustine. They envisage the world as a huge battleground between light and darkness, day and night. The children of goodness are contending implacably against the children of evil."[155]

Daarmee spring Deutsch die normatiewe nie vry nie, maar word dit ankerloos as hy sy normatiewe anker laat sak in die vaarwater van die behavioralisme. Kortom, aan die worsteling met normatiewe rigtingwysers kan geen teoretiese tussenstaatlike benadering ontkom nie.

Tot 'n deeglike insig in hierdie deurslaggewende stand van sake baan die geniale Nederlandse geleerde, Herman Dooyeweerd vir ons op uitnemende wyse die weg.[156] Vir Dooyeweerd word nie slegs die ontwikkelingsgang van die teoretiese denke religieus bepaal nie, maar religieuse dryfkragte lê die globale kultuurontwikkeling en lewens=houding ten grondslag. 'n Religieuse grondmotief word aangetoon as 'n geestelike dryfkrag wat as die volstrekte sentrale dryfveer vanuit die religieuse lewensentrum - die hart - die menslike bestaan op die ware of ver=meende oorsprong rig. Die religie bepaal dus ten diepste die lewens- en wêreldbeskouing en stempel onuitwisbaar alle kultuur, wetenskap en sosiale strukture.[157] Die religieuse uitgangspunt beheers dus die menslike insig aangaande die eie-aard en onderlinge verhouding en samehang van alle samelewingsvorme en daarom ook van internasionale verhoudinge. In *Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte* verklaar Dooyeweerd:

> "Zij liggen inderdaad als religieuze, heel de levenshouding in centralen zin richting gevende, drijfkrachten (dunameis) aan heel de cultuuront=wikkeling van het avondland ten grondslag."[158], terwyl

hy in *A New Critique of Theoretical Thought* die volgende ontleding aan die orde stel:

> "If, from out of the central religious sphere, we seek a theoretical approximation of it, we can arrive

37/...

> only at a transcendental idea, a limiting concept, the content of which must remain abstract, as long as it is to comprehend all possible forms in which religion is manifested (even the apostate ones). Such an idea invariably has the function of relating the theoretical diversity of the modal aspects to a central and radical unity and to an Origin."[159]

Die religie bepaal dus in totalitêre sin die lewens= beskouing van die individu en die staatkundige ver= bandsbestel in die visie wat hy op die tussenstaatlike maatskap aanbied.

Uitgaande van hierdie sentrale religieuse knooppunt word die wisselende teoretiese blikke op internasionale ver= houdinge duidelik. Fundamenteel is dus die blootlegging van die verskillende innerlik religieus-bepaalde norma= tiewe dryfkragte wat deur die eeue op die internasionale verhoudingsdinamiek geprojekteer is. Binne die onder= skeie religieuse invloedsfere van die mensdom het die Christelike Weste, die humanistiese Weste, die Islamryk, Confuciaanse Sjina, die Marxistiese kommunisme, die Hindoeïsme en Boeddhisme en die primitiwiteit van Afrika en Latyns-Amerika normatiewe uitsigte op die ideaaltipiese internasionale samelewingsorde gebied. Die aanbieding van hierdie religieuse eindbeskouings word logieserwys alleenlik op die wêreldpolitieke blikveld toegespits om daarna die dinamiek van heensnydende normatiewe kontak= momente en die historiese uitkristallisering van die wêreldpolitiek as dinamiese normatiewe raakpuntspektrum aan die orde te stel.

3.2 Globale Religieuse Normatiewe Beskouings

3.2.1 Die Protestants-Christelike Visie

Die Calvinisme aanvaar as hartgrondige en fundamentele grondslagmoment die absolute soewereiniteit van God oor die volle geskape werklikheid.[160] As allerhoogste Bestuurder van die heelal val daarom ook die ver= houdingsmomente tussen state in die allesdekkende blikveld van Sy normatiewe eindgerig. In sy bekende *De Civitate Dei* handhaaf Augustinus 'n antitetiese onderskeid tussen Civitas Dei en Civitas terrena as

hy vir 'n normatiewe eindgerig die hemelse stad in konfrontasie met die ryk van die duisternis projekteer.[161]

"Tweërlei liefde stichtte zoo tweërlei staat,", argumenteer Augustinus daarin en vervolg: ".....en wel

> eigenliefde, die gaat tot verachting van God, de aardsche; de liefde tot God, die gaat tot zelf= verachting, de hemelsche."[162]

Ook in *De Ordine* bevestig Augustinus sy geloof in God se voorsienigheid met die staatkundige bestel van die mens in die wêreld.[163] Die Christenstaat moet dus te midde van die sondegebrokenheid in die internasionale maatskappy die swaard van geregtigheid ter borswering van die "Stad van die Lig" dra.

By dié visie sluit Calvyn aan as hy in sy *Institutie* opmerk:

> "It is the dictate both of natural equity and of the nature of the office that princes are armed not only to restrain the crimes of individuals, but also to defend the territories committed to their charge by going to war against any hostile aggression, and the Holy Spirit, in many passages of Scripture, declares such wars to be lawful."[164]

Die Goddelike besturing van die internasionale maatskap is inherent inbegrepe in Calvyn se wetenskaplike denkakt. Daaroor skrywe Bohatec in *Gottes Ewigkeit nach Calvin* die volgende: "Es wäre eine leere Spekulation zu denken dass Gott, der "Urheber" der Welt, diese ihrem Schicksal überlasse."[165] Ook Calvyn aanvaar dus die goue draad van Gods Raadsplan as normatiewe peiler vir die internasionale maatskappy.

Abraham Kuyper se perspektiewe is in hoofsaak verweef rondom die oorlogsvraagstuk[166], maar ook hy hand= haaf in *De Overheid (Locus de Magistratu)* dat 'n volmaakte vredesryk op aarde nie bedink kan word nie. Dienaangaande skryf hy:

> "Vrede is hetgeen God voor den mensch heeft besteld, vrede was alleen weer mogelijk als de hartstochten en de strijd der belangen tusschen de personen en in den boezem der natie ophield. Waar nu door de zonde een leven van hartstochten, concurrentie,

39/...

> nijd en de strijd der belangen ontstond, kon het niet anders of als resultaat van zulk een natuurlijke bedorvenheid moet bij een keer in de historie de koorts der volkeren geboren worden, die door oor= logen verademing schenkt aan het leven der natiën."[167]

Kuyper erken vir die volle statery die absolute soewereiniteit van God as hy verklaar:

> "Alle die natiën heeft God geschapen. Ze bestaan om Hem. Ze zijn zijn eigendom."[168]

Alle state sal daarom eendag in die eindgerig voor die regterstoel van God tot verantwoording geroep word: "Van de einde der aarde daagt God de natiën en volken voor zijn hooge vierschaar."[169], aldus Kuyper. In die staatkundige samelewing is

> ".....het recht van den sterkste ", immer teenwoordig — "zooals de tijger over het weerlooze hert heerscht in het woud,....."[170], en daarom sal mag altyd tot behoudende en bestraffende geregtigheids= doelmatigheid aangewend moet word. As dienaresse van God moet owerhede in die ademing van die gruwels van die sonde Gods bestel met swaardmag handhaaf. In *Het Calvinisme en de Staatkunde* is Kuyper klaarhelder met die woorde

> "Als dus de menschheid door zonde in veelheid van afgescheiden volken uiteenbreekt, en in den boezem dier volken de zonde verdeelt en verscheurt en woelt in allerlei schande en ongerechtigheid, eischt de eere Gods dat deze gruwelen gestuit worden, dat er orde in dezen chaos terugkeere, en dat een macht van buiten dwingend optrede om menschelijke samenleving mogelijk te maken."[171]

Sodoende het ook Kuyper internasionale geregtigheids= handhawing binne die normatiewe Goddelike Raadsplan verreken.

In aansluiting by die voorafgaande oes van Christelike wetenskaplike denke formuleer Dooyeweerd:

> "He has already judged the world, but up to the last Judgment the civitas Dei and the civitas terrena will remain in conflict."[172]

40/...

In sy vroeëre werk *De Crisis in de Humanistische Staatsleer* stel Dooyeweerd dieselfde standpunt nog skerper as hy skryf:

> "Dit is de blijvende waarde in Augustinus' visie op den strijd der eeuwen tusschen Civitas Dei en Civitas terrena. De geschiedenis blijft het slagveld tusschen het rijk Gods en het rijk der duisternis."[173]

In internasionale verhoudinge verwys Dooyeweerd egter ook afkeurend na die "sacred egoism" van staatkundige soewereiniteit in die tussenstaatlike,[174] en verklaar hy hom in *A New Critique of Theoretical Thought* ten gunste van vrywillige en vriendskaplike internasionale samewerking.

> "This is what modern society is actually doing in the formation of voluntary associations or unions which direct the typical integrative tendencies in horizontal forms of organization."[175]

Te midde van die tussenstaatlike worstelinge moet state dus ook die gemeenskaplike taak tot geregtig= heidshandhawing nakom.

Die onafwendbare antitese met die ryk van Satan impli= seer nie volgens ons siening dat oorloë en gerugte van oorloë tot die enigste norm in die wêreldpolitiek verhef word nie. Dit impliseer dat state in die sondegebroke werklikheid van internasionale verhoudinge as boumeesters aan Gods ordinansies van geregtigheid en billikheid, dikwels die swaard moet trek om gereg= tigheidsdiens teen die gruwel van die kwade in inter= nasionale verhoudingsmomente te verrig. Ook die aanwending van mag gaan die geregtigheidseis nie te bowe nie: ".....daar rechtloze orde zich zelf ont= bind."[176], skets Diepenhorst in *Christelijke Politiek* die internasionale verhouding tussen mag en geregtigheid. In *De Anti-revolutionaire Partij en de Internationale Verhoudingen* het Anema dieselfde op die oog as hy opmerk:

> "Zooals revolutie en burgeroorlog ondanks alle nationale rechtsorde telkens weer terugkeeren, zal ook de oorlog terugkeeren. Maar dit feit ontheft niet van den duren plicht, om daartegen

41/...

> alle maatregelen te nemen, die binnen menschelijk bereik liggen. Zooals ons in het nationale leven de overheid met haar rechtsorde gegeven is ter be= strijding der doorwerking van zonde en ongerechtigheid, zoo behooren wij ook in het internationale leven mede te werken tot den opbouw van een behoorlijke rechts= bedeeling en tot wering van alle onrecht en machts= misbruik."[177]

Die Calvinistiese visie op internasionale verhoudinge word dus deur 'n eskatologiese blik op die eindtye gedra. Die normatiewe gekoppel aan 'n religieus verankerde toekomsperspektief wat besef dat volmaakte vrede op hierdie aarde - geografiese vloerbord van internasionale verhoudinge - nie moontlik is nie.[178] Die swaard word daarom nooit as doel op sigself gedra nie, maar ten goede deur bestraffing van die kwade. Ook hiertoe sal elke Christenstaat sy taak moet vervul omdat hy andersins sonder verantwoordelikheid swig voor die mag van die duisternis. In die sondegebroken= heid van die wêreldpolitiek moet ook die Christenstaat so handel dat hy regverdig en manmoedig in die eind= gerig bevind sal word.

> "De oorlog is eene geloofzaak. Als ik dit niet in het geloof had kunnen doen, zou ik nooit de wapens hebben opgenomen " , verklaar Genl. de Wet tydens die Vrede van Vereeniging (1902) en vervolg:
>
> "Ik kan in de toekomst niet zien, maar dit weet ik, dat achter mij is het licht. Wat voor mij ligt, weet ik niet. Daar is het donker, maar wij moeten voortgaan op God te vertrouwen."[179]

Soos vele ander Afrikanerleiers[180] en Christelike staatsleiers het De Wet op ongeskonde naïewe wyse die normatiewe eskatalogie aan Goddelike ordinansies verbind, met die volle besef dat daarin ook onver= vreembare verantwoordelikhede vir Christenstaat en Christenburgery vervat word.

3.2.2 Die Roomse Perspektief

Sedert die epogmakende stryd tussen Keiser en Pous in die Middeleeue[181], het die Rooms-Katolieke staats=

42/...

filosofie met radikale konsessies en bondgenootskappe, haas onbegrensde plooibaarheid en rekbaarheid; deur die eeue 'n felle universele Roomse kerkverabsoluteerde staatsimperialisme as idealistiese eindvisie op die internasionale gemeenskap gehandhaaf. Oor die valse religieuse uitgangspunt van die opperheerskappy van die Kerk oor die ganse lewe - die staat ingesluit - by die grondleggende figuur Thomas Aquinas (1225 - 1274) skrywe Mekkes in *Ontwikkeling der Humanistische Rechtsstaatstheorieën* die volgende:

> ".....dat machtpolitieke factoren in den middeleeuwschen strijd tusschen kerk en staat veelzins den doorslag hebben gegeven. Echter was het in Thomas' stelsel consequent, dat de kerk ter wille van het zieleheid der onderdanen, op den staat toezicht uitoefende,....."[182]

Die strategie van Roomse kerkdominasie is die evolusionistiese fundering van die staat. Die vooraan=staande Katolieke geleerde, Rommen, ontken gevolglik ook in *The State in Catholic Thought* dat die staat 'n Goddelike instelling is: ".....the state is not the outcome of a special superhuman act of God,....."[183]. Die geniale en geesdriftige Franse geleerde, Jacques Maritain, bevestig in sy werk *Man and the State* die superieure gesagstruktuur van die Roomse Kerk met die woorde:

> ".....the Church in her essence, is not a part but a whole; she is an absolutely universal realm stretching all over the world - above the body politic and every body politic."[184]

Daarmee word die internasionale normblik bykans blatant bevestig dat alle state eendag sal opgaan in die godsdienstige septerdominasie van die Pous.

Deur die eeue het die Rooms-Katolisisme onvermoeid geywer in hierdie gesofistikeerde universele "gees=telike" aanslag op die awendland.[185] Die Vatikaan as politieke mag, het die gestroomlynde vertakkinge van die Rooms-Katolieke geestelike organisasie aange=wend vir: ".....the maintenance and furtherance of the dominion of the Catholic Church in the world "[186], aldus Manhatten. Die uiteindelike doel van hierdie

dominerende kerkuniversalisme is: ".....the total Catholization of the human race."[187] Onder "total Catholization" verstaan Manhatten "total elimination of whatever and whoever is not Catholic", en voeg daaraan toe: "It's goal, therefore, is to be feared as should anything threatening the liberties of modern man."[188] Die Roomse doelmatigheid is dus vir Cilliers sonneklaar as hy in *Die Rooms Katolieke Kerk as Staatkundige Mag* skryf:

> "Laat ons met volkome nugterheid vir onsself rekenskap gee daarvan dat "moeder" Rome ons, haar "ongehoorsame kinders" sal probeer oorreed om terug te keer solank sy nie by magte is om ons te dwing om terug te keer nie. Immers, die stelreël, "Cognite intrare" wat op die Sinode van Carthago in 404 aanvaar is, is nog nooit en sal ook nooit herroep word nie. Ook in die 20ste eeu hou Rome vas aan die adagium: semper idem."[189]

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het daar op die puinhope van Europa maar eintlik net twee strydende magte met normatiewe eindvisie gebly, naamlik die Kommunisme en die Rooms-Katolisisme. Dat die Vatikaan nie minder totalitaristiese strewes as die Kremlin handhaaf nie, is baie duidelik in die mening van Blanshard wat in *Communism, Democracy an Catholic Power* skrywe:

> "As an institution in this world the Vatican has learned to manipulate and manage truth in strange ways in furthering its world-wide program. It has learned to shade history, exploit human ignorance, and disguise its undemocratic policies, all for the greater glory of truth as it is conceived by a hierarchy which accepts its chieftain as a fountain of truth."[190]

Die geskiedenis leer dat weersinwekkende staatsabsolutisme menigmaal deur die Vatikaan tot "algemene belang" van die mensdom aangewend is.[191]

Die Pax Romana van die twintigste eeu kan weliswaar nie soos van ouds met Roomse Legioene bestendig word nie, maar die universele visie van 'n internasionale totaliteitsgemeenskap van die Roomse Kerkinstituut bly 'n normatiewe visie wat in ons dag nog niks van sy doelmatigheid ingeboet het nie. Uit eie religieuse sterkte, sonder swaardmagsanksie, projekteer die Rooms-Katolisisme sy normatiewe tussenstaatlike visie op die internasionale toneel en poog om deur kerk= universalisme internasionale verhoudinge te domineer. As vredesarbiter deur die eeue en met belangrike ad rem deklarasies[192], rig die Pousdom nimmereindigend 'n Pax Romaanse aanslag op die tussenstaatlike.

3.2.3 Voëlentlote van die Westerse Humanisme

Die humanistiese normatiewe blik op die wêreldgeskiede= nis word in pregnante sin gedra deur die gesekulari= seerde mens.[193] Die mens, homo sapiens, word die absolute onaantasbare sin van alle aardse bedrywig= hede. Daarom, ook in die verhoudings tussen state, word die normatiewe transendentaal aan die aarde gebind en die aardse vredesryk word die normatiewe bliklading soos Deutsch smalend opmerk: "They expect an Armaggedon, we offer world peace in this world."[194] Die geluksaligheid van die mens op hierdie aarde, ook tussenstaatlik, word gekoppel aan die skeppende dade en moontlikhede van die eksistensiële lewensituasie.[195] Dit word 'n religieuse nihilisme met die motto: "Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons." Die transendentale verwagting van die hiernamaals word die pas afgesny, waaroor Dooyeweerd skrywe:

> "History has no windows looking out into eternity. Man is completely enclosed in it and cannot elevate himself to a supra-historical level of contemplation. History is the be-all and end-all of man's existence and of his faculty of experience."[196]

Kenmerkend van hierdie histories-sosiologiese projeksies is die radikale pessimistiese, maar invloedryke visie wat Spengler in *Der Untergang des Abendlandes (1924)*

die ondergang van die aandland deur die natuurwet=matige degenerasie van die Westerse kultuur laat voorspel het. In 'n Engelse vertaling van die werk is hy oortuig dat mag alleen die degenererende stedelike materialisme kan stuit.

> "A power can be overthrown only by another power", argumenteer Spengler, "not by a principle, and no power that can confront money is left but this one. Money is over=thrown and abolished only by blood."[197]

Met brutale magsaanwending wil Spengler dus sy eie beknotte pessimisme red.

Sorokin is ewe bewus van die insinking van die demo=krasie - dekadent en vervalle - waarin die gees=telike deur die materialistiese oorwoeker word.[198] En tog bied Sorokin 'n bykans Gereformeerd-Skolastiese oplossing as hy in *Man and Society in Calamity* skrywe:

> "The best way for an individual te meet them is by integrating his values and rooting them - not so much in the values of the sensory world - but rather in the moral duty and the transcen=dental values of the Kingdom of God..... But without the Kingdom of God we are doomed to a weary and torturing pilgrimage from calamity to calamity, from crisis tot crisis, with only brief moments of transitory improvement for re=gaining our breath."[199]

Toynbee se *A Study of History* kan in 'n sekere sin as 'n reaksie teen die humanistiese pessimisme vertolk word. In die wêreldpolitiek sien hy 'n uitdaging van die ou beskawing deur die nuwe - 'n uitdaging en reaksie klassifikasie - wat hy in sy genoemde magistrale werk soos volg omskrywe:

> "In studying the growths of civilizations we found that they could be analysed into successions of performances of the drama of Challenge-and-Response, and that the reason why one performance followed another was because each of the responses was not only successful in answering the particular challenge by which it had been evoked, but was also instrumental in provoking a fresh challenge,

46/...

> which arose each time out of the new situation
>
> which the successful response had brought about. Thus the essence of the nature of the growth of civilizations proved to be an élan which carried the challenged party through the equilibrium of an effective response into an overbalance which declared itself in the presentation of a new challenge; and it was this element of over= balance that converted the single act of Challenge-and-Response, which we had detected in the geneses of civilizations, into the repetitive, recurrent rhythm which the concept of growth implies."[200]

Ook die huidige Westerse beskawing hoef egter nie noodwendig tot niet te gaan nie. Dit kan volgens Toynbee behou word deur 'n universele toekomstige wêreldkerk en 'n wêreldorganisasie waarin die soewe= reiniteite van nasionale state aan bande gelê word.[201] Ook Toynbee is daaraan skuldig dat hy die internasio= nale gemeenskap se verlede en toekomsprojeksie vertolk by die lig, en volgens die model, van die natuur= wetenskaplike wêreldbeeld.

In hulle normatiewe beskouings oor internasionale verhoudinge val die humanisme in 'n tweeledige univer= salistiese en individualistiese grondkonsepsie uiteen.[202] Eersgenoemde vervloei tot 'n totalitêre aanslag waar= deur 'n bepaalde lewensvorm (staat, kerk of volk) tot die hoogste primaat verreken word en die tussenstaat= like daardeur in sy totaliteit universalisties gedomineer word. So byvoorbeeld het die nasionaal-sosialisme die Ariese ras as organiese en oorheersende tussenstaatlike magskonsepsie geprojekteer.[203] Daardeur word die volkssoewereiniteit verabsoluteer wat normatiewe verhoudingsmomente tussen state die pas afsny, en internasionale verhoudinge reduserend verbind aan verhoudingslose universele diktature.

Die individualistiese benadering daarteenoor is toe= gespits op die voorrang van die individu.[204] Die wêreldpolitiek word interindividuele verhoudinge,

atomisties op die globale mensheid vérreken, waar die regte en vryhede van die massa enkelinge dikwels die van state oorspan. Maar "Vrijheid is een kostelijk, maar tevens een zeer gevaarlijk goed."[205] merk Schouten tereg op. Die normatiewe blik wat die individu as tussenstaatlike subjek verabsoluteer, ondergrawe nie alleen die ware struktuur van die wêreldpolitiek nie, maar worstel tevergeefs met die onversoenbare dilemma rondom meerderheidstirannie en minderheidsvryheid. Deurdat die humanisme sy normatiewe tussenstaatlike beskouing in die mens - organies of individualisties - anker en die transenderende visie uit die menslike sondegebrokenheid laat vertrek, kan dit geen genormeer= de immanente visie op internasionale verhoudinge bied nie. As kensketsende moderne teoretiese uitloper van die humanisme stel ons die behavioralistiese benadering vervolgens kortliks aan die orde.

3.2.3.1 Behavioralistiese Teorieë van Internasionale Verhoudinge

Veral sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het baie faktore daartoe bygedra om behavioralisme, of matematies-georiënteerde verdragsverabsolutering, as teoretiese benadering van die tussenstaatlike te vestig.[206] "The American political scientist is born free," skrywe Easton in *The Political System* en vervolg: ".....but is everywhere in chains, tied to a hyperfactual past."[207] Izaak stel die karaktereie baie duidelik voor met die woorde:

> "The institutionalist studies structures, powers and responsibilities; the behavioralist; attitudes, personalities and physical activity. Behavioralism and individualism seem to go hand in hand."[208]

Die mens as gedragstipiese prikkelreaktor word die alfa en omega van internasionale verhoudinge en sy totale optrede met haas fanatiese matematiese hartstog in wetmatige modelle gekonstrueer. 'n Poging wat volgens Schuman, met erkenning aan Morgenthau, gedra word deur die begeerte:

> ".....to gain well-paying academic appointments and foundation grants for "research" on projects

> which pleasantly evade all normative issues in the name of a "science" without values and without judgements."[209]

In hierdie teoretiese dampkring het Kaplan baanbrekerswerk gelewer tot die benadering van stelselanalise met sy werk: *System and Process in International Politics.*"[210] Ook Parsons, Dahl, Easton, Deutsch, McLelland, Guetzkow en andere het belangrike bydraes gelewer tot die benadering waardeur 'n haas onbeperkte hoeveelheid stelsels in wisselende variëteite gepostuleer word.[211] Die benadering soek na konstantes in die tussenstaatlike wat saam met die akteurs en hulle meriete in karakteristieke staatkundige milieu tot die geringste feitelike gegewe ontleed moet word.[212] Daardeur ontstaan so 'n kraaines van modelle en stelsels met oneindige kruiskoppelende beïnvloedingsmomente dat ons met die mening van Bull akkoord gaan as hy verklaar:

> ".....they are committing themselves to a course of intellectual puritanism that keeps them (.....) as remote from the substance of international politics as the inmates of a Victorian nunnery were from the study of sex."[213]

Die belangrikheid van beleidsbepalende besluite het aanleiding gegee tot 'n benadering bekend as beslissingsanalise.[214] Die tussenstaatlike onderhandelingsproses word in die fynste detail ontleed, en saam daarmee die leidende staatspersoonlikhede, omdat hulle immers in die branding van die beslissingsmomente staan.[215] In die trant verklaar Snyder, Bruck en Sapin in *The Decision-Making Approach to the Study of International Politics* die volgende:

> "We believe that those who study international politics are mainly concerned with the actions, reactions, and interactions among political entities called national states."[216]

Reeds uit eie kring is die benadering egter as van beperkte toepassingsradius beskou waaroor Robinson en Snyder opmerk:

> ".....we hold that international decision-making, broad as it is as an object of study, is not equivalent to the whole of international relations."[217]

Sommige behavioraliste is oortuig daarvan dat hulle spelteorie, simulasieteorieë en ander wiskundige en matematiese modelle sinvol kan aanwend in die wêreldpolitiek, en dan veral in die kader van 'n dieptestudie op bepaalde krisismomente. Verteen= woordigend hiervan is veral die werke van Boulding en Rappoport *Conflict and Defence*[218] en *Fights, Games and Debates*[219] onderskeidelik. Deutsch is inderdaad baie optimisties oor die moontlikhede van die benadering as hy skrywe:

> "For it represents our best hope to answer on a world scale an ancient and most basic question: how men and women have made their own history in the past, and how they can do so again."[220]

Die verrekening van statistiese data is belangrik, maar dit kan nooit die deurslaggewende faktor wees wat verabsoluteerd die volle spektrum van inter= nasionale verhoudinge kan verreken nie.[221] Spelers, opponente, skuiwe, strategieë en uitslae kan aange= wend word, maar natuurwetmatige modelle kan nooit die norm word nie, en buitendien skyn die wêreld= politiek alles behalwe 'n speletjie te wees.

Die behavioralisme is 'n tipiese uitvloeisel van die humanistiese normatiewe teoretiese blik op die tussenstaatlike.[222] Die poging om te breek met die knellende bande van lewens- en wêreldbeskoulike oriënterings lei tot verslawing aan die selfgenoeg= same menslike rede, wat in outonomie, vrede in internasionale verhoudinge sal bewerkstellig. Die normatiewe visie word dus uit die mens, tot die mens beperk, sonder die transendentale verrekening van die menslike sondegebrokenheid in die internasionale maatskappy. Die matematiese en natuurwetmatige ontleding van die mens[223], kan bowenal die religieuse diepgang nooit totaal verreken nie. Die behavioralisme

verbind die normatiewe in die wêreldpolitiek aan 'n aardse vredesryk wat die mens met rasionale en wetmatige redestriomf sal bewerkstellig.

3.2.4 Kommunistiese Totalitaristiese Visioene

3.2.4.1 Die Russiese Eindideaal

Deur Marx en Engels teoreties gefundeer, strewe die kommunisme via die staatsmanskap van Lenin, Stalin, Khrushchev, Brezhnev en andere met onge= naakbare en subtiele taktiese maneuvers na brutale, internasionale totalitarisme. Reeds in 1848 eindig Marx en Engels hulle *Manifesto of the Communist Party* met die woorde:

> "The proletarians have nothing to lose but their chains. They have a world to win. Working men of all countries unite!"[224]

In *The Poverty of Philosophy* skrywe Marx: "The last word of social science on the eve of each general reconstruction will alwys remain: struggle or death, bloody war or nothingness."[225] Lenin koppel die tussenstaatlike onafwendbaar aan die antitetiese magstryd wat hy in *Sochineniia* soos volg formuleer:

> "We are living not merely in a state but in a system of states and the existence of the Soviet Republic side by side with the imperialist states for a long time is unthinkable. One or the other must triumph in the end. And before that end supervenes, a series of frightful collisions between the Soviet Republic and the bourgeois states will be inevitable. That means that if the ruling class, the proletariat, wants to hold sway, it must prove its capacity to do so by its military organization."[226]

Aansluitend hierby is Stalin se gedagtegang -:

> "It is said that Lenin's thesis that imperialism inevitably generates war must now be regarded as obsolete..... That is not true..... To eliminate the inevitablility of war, it is necessary to abolish imperialism "[227], as hy in

51/...

Economic Problems of Socialism waarsku dat die eindstryd teen die kapitalisme nie deur die Tweede Wêreldoorlog beëindig is nie.

Die normatiewe blik op die onstuitbare eindstryd word deur humanisties-sosialistiese godloënary aangevuur. Die radikale ateïstiese anargisme word nêrens so duidelik gepredik as in Bakunin se *God and the State* nie. Bakunin van wie Herzen verklaar het "This man was born not under an ordinary star but under a comet"[228], skrywe daarin:

> "The Bible, which is a very interesting, and here and there very profound book when considered as one of the oldest surviving manifestations of human wisdom and fancy, expressing this truth very naively in its myth of original sin. Jehovah, who of all the good gods adored by men was certain= ly the most jealous, the most vain, the most ferocious, the most unjust, the most bloodthirsty, the most despotic, and the most hostile to human dignity and liberty - Jehovah had just created Adam en Eve to satisfy we know not what caprice; no doubt to while away his time, which must weigh heavy on his hands in his eternal egoistic solitude or that he might have some new slaves. He generous= ly placed at their disposal the whole earth, with all its fruits and animals, and set but a single limit to this complete enjoyment. He expressly forbade them from touching the fruit of the tree of knowledge. He wished, therefore, that man, destitude of all understanding of himself, should remain an eternal beast, ever on allfours before the eternal God, his creator and his master."[229]

In die ateïstiese triomfgebrabbel skryf hy later:

> "I have wandered from my subject, because anger gets hold of me whenever I think of the base and criminal means which they employ to keep the nations in perpetual slavery,....."[230]

Met uitdagende ateïsme as uitgangspunt word die godsdiens as in imperialistiese komplot afgemaak en

52/..

214708

U.O.V.S.—U.F.S. oudeinpers

die tussenstaatlike gebind aan die geluksaligheid van die arbeidermensgodery.

Met binnestaatlik geen kriesel burgervryheid of politieke medeseggingskap nie[231], munt die Kremlin internasionaal daarin uit om hulle totalitaristiese visioene die mantel na die grille van staatkundige strominge te draai. Agter die ystergordyn bly hulle stewig in die saal deur ekonomiese verknegting en swaardmagskaduwee.[232] Die deténtebevriesing in vreedsame naasbestaan word aangewend om deur on= weersones die bastionne van Westerse invloedsareas te vermurwe[233], en die nasionalisme van die onver= bonde wêreld ideologies aangepas om wêrelddominasie geleidelik te verwesenlik.[234] Hiermee saam gaan die aftakeling van die Christelik-nasionale kultuur= waardes van die Weste ten einde 'n ruggraatlose kapitalistiese mensemassa die murg in die pype te ontneem om die vestiging van die proletariaanse diktatuur te vergemaklik.[235] Die Russiese kommunis= tiese normbeskouing op die wêreldpolitiek is derhalwe wêrelddominasie met geslepe veelfasettigheid en aanpasbaarheid by uitstek. Ten diepste is die visioen van die Kremlin geen internasionale verhoudinge meer nie, maar ongenaakbare magsdominasie deur Moskou oor die globale internasionale staatkundige milieu heen.

3.2.4.2 Die Rooi Sjinese Visioen

Napoleon het aan die begin van die neëntiende eeu reeds gewaarsku teen die dag wanneer die Sjinese reus uit sy slaap ontwaak met die woorde: "Let the Chinese dragon sleep for when she awakes she will astonish the world."[236] Teenoor die ou Confuciaanse opvattings[237] het Mao Tse-Toeng in 1949 die Sjinese staat deur rewolusionêre guerillastryd verower en die diktatuur van Peking sindsdien op kommunistiese model geskoei. Van hier word bloedige rewolusie inter= nasionaal aangehits, en Mao self verklaar:

> "The people who have already won victory in their revolution should help those who are still struggling for liberation. This is our internationalist duty."[238]

Met die burgery binnelands totalitêr verkneg rig Rooi Sjina sy tussenstaatlike visie met onbeteuelde rewolusionêre militante credo op wêrelddominasie.

> "To be sure, in Peking the transnational aspirations now seem more alive than ever," skrywe Schwartz in *The Maoist Image of World Order* en vervolg:
>
> "The center of Communist authority, in Mao's view, has now definitely shifted from Moscow to Peking. True Marxism-Leninism is now dispensed only from Peking."[239]

Inherent ingebed in die internasionale kommunistiese "ideologiese" sinkern is daarom ook die onafwendbare eindstryd in eie kamp.[240] Peking en Moskou strewe beide na alleenreg in globale opperheerskappy met geen ruimte vir twee universele gesagsentra nie. Ook Rooi Sjina se normatiewe blik op die tussenstaat= like is onstuitbare rewolusie totdat die heilstaat volgens Maoistiese model internasionaal gegrondves is.

3.2.5 Die Beskouing van die Mohammedanisme

Sedert die grondlegging deur Mohammed verteenwoordig die Islam 'n militante wêrelddominasie deur swaardmag= verowering.[241] Weliswaar het ekonomiese agterlikheid, interne staatsabsolutisme en tegnologiese onkundigheid die Islam as internasionale magsfaktor beperk, maar dit bly 'n normatiewe tussenstaatlike blik met globale rewolusionêre diepgang. In die verband skrywe Verhoeven

> "Islam is not only the rich heritage of a glorious past but also one of the great, vital and unifying forces of the contemporary world. The revelations of Muhammed are still read and studied by the faithful, and Islam remains a profound and forma= tive factor in the lives and struggles of millions of people in Africa and Asia. In our age these people have entered vigorously upon an new phase

in their history."[242]

In die Midde-Ooste staan die Mohammedanisme in die voorste linie teenoor Israel[243], en in Noord-Afrika en Sentraal-Asië het dit 'n belangrike staatkundige greep oor 'n groot hoeveelheid nasionale staatsgrense heen.[244] Hoewel dié state in die twintigste eeu mank gaan aan internasionale magsbedingingsvermoë, poog hulle om deur positiewe neutraliteit en op die golf van gelykberegtiging die magsstatus van vervloë eeue te herwin. Die fanatiese religieuse toespitsing bly egter deurslaggewend in soverre dit Moslemstaats= burgers hartgrondig besiel met die visioen om inter= nasionaal 'n onbetwisbare magsfaktor te bly. Inter= nasionale dominasie is dus ewe-eens ingebed in die normatiewe visie van die Islam - 'n UMMA MUHAMMADIYA - 'n wêreldgemeenskap van gelowiges.

3.2.6 Perspektiewe van die Onverbonde Wêreld

3.2.6.1 Inleiding

Veral sedert die Konferensie van Bandung (1955) maak die onverbonde state van Asië, Afrika en Latyns-Amerika 'n onuitwisbare toetrede tot die globale wêreldpolitiek in hulle poging om die pionstatus in die "ideologiese" invloedsareas van die "kommunisme" en "demokrasie" te ontkom.[245] Bykans onbeheersd gedronge deur die sogenaamde koloniale uitbuitingseras grens die normatiewe uitsprake en tussenstaatlike visioene dikwels aan fanatisme van staatkundige puberteit.[246] Deur hulle stemkrag in internasionale organisasies as tussenstaatlike bruidskat aan te bied, werp die positiewe neutralisme baie winsgewende ekonomiese dividende af.[247] 'n Proses wat deur die lokale onweersones van die Koue Oorlog gestimuleer word. "Colonialism is the emotional issue of the decade."[248], verklaar Possony en daarvan sou die onverbonde wêreld ruimskoots tot vervelens toe gebruik maak om op die rug van die emosionele geregtigheidskonsensus 'n internasionale magsposisie en normatiewe beskouing te fundeer.

By vele van die state het die reikhalsende verlange na internasionale staatsoewereiniteit egter 'n wrange ontnugtering gebring. Crozier stel dit kostelik in sy werk *Het Wreed Ontwaken. Nieuwe Staten en de Mythe der Onafhankelikheid* as hy skrywe:

> "Sommige strijders voor onafhankelijkheid hebben er hard voor moeten vechten; anderen hebben haar haast zonder slag of stoot veroverd. Onder de overwinnaars moeten er verschillenden zijn wie de vrucht der overwinning bitter in de mond ligt, al zullen trots en zelfbeheersing hen ervan weerhouden in het openbaar een zuur gezicht te trekken. Was het, eerlijk gezegd, wel de moeite waard ervoor te vechten? Zijn de volken van onafhankelijke landen er beter aan toe na hun onafhankelijkheid?"[249] (Onderstreep L.D.B.)

Bowendien het die humanistiese rewolusionêre demokrasie (een mens-een stem) konstitusioneel meesal jammerlik gefaal, om plek te maak vir militêre diktature met minder burgervryheid as in die gehate koloniale eras.[250] Sithole het waarskynlik die invloed van die primitiewe beskawingstoestand besef as hy in *African Nationalism* verwys na die woorde van Schweitzer:

> "The Negro is a child, and with children nothing can be done without the use of authority."[251]

Staatsinterne totalitarisme bring gewoonlik internasio= naal 'n meedoënlose interdiktatoriale magstryd.

3.2.6.2 Afrika

In Afrika gaan die internasionale staatkundige geloofsbelydenis gepaard met 'n fanatieke onafhanklik= heidsstrewe. Getuigend daarvan is die uitspraak van Azikiwe in *Renascent Africa* waarin hy skrywe:

> "There may be glory to God, on high. But to speak to peace on earth and goodwill to man= kind when Africans are still hewers of wood and drawers of water, and are cannon-fodder for the military plans of Europe; when Africans are still cutting one another's throats, is to make a mockery of the anniversary of the probable

56/...

> birthday of Joshua Emmanuel Benjamin David Joseph,
> the Christ, whom the Greeks called Jesus."[252]

In Afrika word kontinentale staatkundige unifikasie vuriglik bepleit[253], sodat die donker vasteland ook sy plek in die tussenstaatlike magskonstellasies kan volstaan. Afrika se tussenstaatlike normatiewe visie word dus veelal versper deur 'n onmondige drang na weerwraak wat pariteit en gelykberegtiging in internasionale verhoudinge misken.

3.2.6.3 Asië

Asië is vir die laaste eeu die slagveld van ideologiese botsings tussen die supermoondhede[254]. In dié kontinent het imperialistiese uitbuiting van die blankes geen perke gehad nie.

> "His unwilling admiration of the white man's
> abilities fell even lower, never to rise,
> when he saw the savage behaviour of white men
> toward each other", skrywe Pearl Buck in *The Future of the White Man in the Far East* oor Westerse staatkundige roofbou en vervolg:
>
> "The old power and the old prestige are gone
> and the Far East will have no more of it."[255]

Daarom verwys Sun Yat-Sen na die "divine mission" om te veg teen die ongeregtigheid en die "lost nationalism", met geweld terug te wen.[256] Asië beskik oor 'n onuitputbare mensemagsbron en as dit met tegnologiese ontwikkeling en staatkundige stabiliteit gepaar kan word, kan dit die normatiewe visie van wêreldverowering deur militante rewolusionêre bevrydingsoorloë laat realiseer. Gewraakte regsherstel deur tussenstaatlike slawerny is die visie van die "Ooste".

3.2.6.4 Latyns-Amerika

Die state van Latyns-Amerika se staatkundige beskouings is nog uitermate plooibaar.[257] Intern is die state in die rewolusionêre geroesmoes van gebrek aan stabiliteit, en geografies-kontinentaal het dit tot die huidige geen werklike magsposisie in die wêreldpolitiek beklee nie.[258] "Struggles"

57/...

tensions and social pressures are a permanent feature in every Latin American country"[259], aldus Vega. Staatsintern is die Kontinent nog so in woeling dat die normatiewe tussenstaatlike be= skouings verdoof word tot binnestaatlike magstryd om die owerheidsamp. Dienaangaande skrywe Stokes: "Violence seems to be institutionalized in the organization, maintenance, and changing of govern= ments in Latin America."[260] In *Arms and Politics in Latin America* dui Lieuwen tussenstaatlike impo= tensie aan met die woorde: "In terms of power in the world today, Latin America comes close to rating as a nonentity."[261] Internasionaal lewer Latyns-Amerika dus geen erkende normatiewe bydrae nie. Vanweë religieuse versplintering, humanistiese verbrokkeling, ekonomiese wanbestuur en die tegno= logiese agterstand is die kontinent nie in staat om 'n normatiewe beskouing met magsfundering in internasionale verhoudinge te laat gedy nie. Dit word bloot as 'n subjektiewe beïnvloedingsarea van die supermoondhede beskou, en sal waarskynlik nog lank so bly, omdat daar geen genormeerde religieuse bindkrag en voedingsbodem is om die state se mags= potensiaal tot regmatige tussenstaatlike deelname te positiveer nie.

3.2.7 Samevatting

Vanuit gedifferensieerde religieuse veelheid word die groot verskeidenheid eskatologiese vooruitblikke op die ontwikkeling van internasionale verhoudinge ge= projekteer.[262] 'n Normatiewe visie wat alleenlik be= lig kan word deur blootlegging van die innerlike religieuse dieptegrond wat die transendentaal-kritiese toekomsblik hartgrondig bepaal. Die diepte en branding van die geskiedenis van die wêreldpolitiek is die kaart en transport van onweerlegbare getuienis dat alle strukturele realisasies produk van normatiewe tussenstaatlike positivering is. Dat state in hulle internasionale verhoudinge ten diepste gemotiveer word deur die normatiewe eindbeskouings waardeur "vrede op

aarde" bewerkstellig kan word. Juis omdat die norma= tiewe dimensie so hartgrondig ingryp en rig, skyn 'n internasionale versoening ondenkbaar en 'n afgewaterde religieuse allooi onaanvaarbaar te wees. Omdat die religieuse dikwels 'n swaardmagveroweringsdrang word, is die magsfaktor onontbeerlik om die immoraliteit deur magsewewig die hoof te bied. Om die eie-aard van state in internasionale verhoudinge te behou is selfverdediging die onverbiddelike eis van die wêreldpolitiek. Die blootlegging van normatiewe dryfkragte is dus inderdaad kardinaal by die weten= skaplike eksponering van internasionale verhoudinge.

Die normatiewe eindbeskouings is nie net vakuumagtige soewereine visioene nie, maar die motoriese verbrede radius van realisering bring heensnydende kontakmomente wat kruis en dwars insny op heersende tussenstaatlike strukture. Kortom, die normatieweis nie soewerein geïsoleerd nie, maar vind raakpunte oor genormeerde beskouingsgrense heen. Hierdie dinamiese momente stel ons vervolgens uiters oorsigtelik aan die orde omdat die karaktereie van die momente gaandeweg meer breed= voering in die juiste perspektief gestel sal word.

3.3 Heensnydende Normatiewe Momente in Internasionale Verhoudinge

3.3.1 Inleiding

Die verhoudingsaspek van die wêreldpolitiek dui onweer= legbaar aan dat geen staat in isolasie kan bestaan nie, maar onlosmaaklik aangewys is op verhoudinge en be= trekkinge met die ander subjekte van die tussenstaatlike. Die grondslagbenaming - internasionale verhoudinge - dui juis aan dat die kern van die eie-aard by die verhoudingsaspek geleë is. Isolasie deur normatiewe oogklappe op verabsoluteerde subjek-soewereiniteit is juis die negering van die bestaan van die wêreldpolitiek. Uitgaande van die bestaan van verhoudingsrealiteite is daar ook in die normatiewe positivering heensnydende raakmomente geleë. Beskouings wat weliswaar religieus gedifferensieerd bestuif word, maar die erkenning van die bestaan van sodanige normatiewe verhoudingsmomente

nie uit die weg ruim nie. Die uitkristallisering van hierdie dinamiese normatiewe raakpunte sal oorsigtelik in die volgende raamwerk belig word.

3.3.2 Godsdienstige Verbondenheid

Die geloofsfunksie rig die menslike denke op die vaste grond, of vermeende godheid in afvalligheid, van sy aardse bestaan. Bykans geen nasionale staat het uniforme godsdiensoortuigings by sy burgery nie, wat meebring dat die gedifferensieerde verspreidingsradius van wêreldgodsdienste globaal oor nasionale staatkundige grense aangetref word. Hoewel daar histories eerbied en erkenning van vyandelike godsdiensoortuigings aan te toon is, het godsdiensverskille, staatsintern en internasionaal, van die mees verwoestende oorloë tot gevolg gehad. Owerhede wat in demokrasieë meermale met bewuste godsdienstige geloofsbelydenis verkies word, wend dikwels die swaardmag vir die beskerming van daardie godsdiens internasionaal, of in burger= oorloë aan. Tot die ideaal van die beskerming van die eie godsdiensvryheid internasionaal, kan nasionale state daarom gebonde in gemeenskaplike regionale strukture optree. Terwyl vele godsdienste dus inter= nasionale streeksgroeperinge kan stimuleer, oorloë en stryd rondom geloof internasionaal verbreed, en diplo= matieke en ekonomiese tussenstaatlike bondgenootskappe en verdrae motiveer aan die hand van die gemeenskaplike godsdienserfenis, moet dit as kardinale grondslagmoment aanvaar word in heensnydende funksie. Internasionaal, selfs deur verklaarde ateïstiese state, word godsdiens= tige norme tog subjektief erken en eerbiedig, omdat die heensnydende tussenstaatlike radius daarvan dikwels oor sovele staatkundige grense heen strek.

3.3.3 Etiese Idealisme

Tussenstaatlike naasteliefde is een van die mees kragtige normatiewe ideale in die verhoudings tussen state. "It is a dangerous thing to be a Machiavelli. It is a disastrous thing to be a Machiavelli without

virtú"[263], skets Morgenthau die onontbeerlikheid van die geregtigheidskonsensus in internasionale verhoudinge. Veral sedert die groeiende klem op die onvervreembare regte van state en individue in die twintigste eeu word die morele korrektheid in tussenstaatlike hande= linge deur 'n nuwe belangrikheidsdimensie gedring. Internasionale morele kodes is egter in eie-aard totaal verskillend van ander tydelike liefdesverhoudinge. Morele betrekkinge tussen state bly gebonde aan die struktuurbeginsel van soewereiniteitsbehoud teen agressie en saam daarmee die geregtigheidsverbod op die verrukking van die naaste se landsgrense. Geen staat kan hom dus eiegeregtig van etiese verhoudings= momente isoleer nie. Dienaangaande is Dooyeweerd korrek as hy verklaar:

> "It is an absolutely un-Christian thought that the commandment of temporal societal love of one's fellowmen is not valid in international intercourse between the nations organized in States."[264]

Die norm van internasionale moralisme is daarom ook heensnydend en geen tussenstaatlike normatiewe visie kan dit bekostig om die drakrag daarvan te negeer nie. State poog onteenseglik om die internasionale "konsen= sus" aangaande naasteliefde nie resloos te verbreek en sodoende die eie beeld in die tussenstaatlike openbare mening te skaad nie.

3.3.4 Volkeregtelike Diepgang

Juridiese norme is vanselfsprekend onontbeerlik vir die konstruktiewe ordening van beskaafde internasionale gemeenskappe in hulle onderlinge verhoudinge. Vanuit gedifferensieerde religieuse voedingsbodem is die universele regsdrag - ubi societas, ibi ius - deur die eeue 'n kragtige motivering vir internasionale juridiese norme gewees. Die bruikbaarheid van "typisch maatschapsrecht"[265], aldus Hommes, word aldus gebaseer op die internasionale volkeregtelike konsensus oor die bestaan van juridiese norme in die tussenstaatlike

verkeer. In die gemeenskaplike soeke na juridiese geregtigheidsnorme word daar dus wel oor subjeksgrense heen gesny na omvattende juridiese verhoudingsmomente. Die ordelike verkeer wat tog aan te toon is in die wêreldpolitiek bewys onomstootbaar dat daar wel eerbied, erkenning en respek vir die rol van reg in die tussen= staatlike bestaan. Juis hier is 'n belangrike funksie vir normatiewe heensnyding, om op die basis van struktuurpariteit, universele norme vir reg en geregtigheid te positiveer.

3.3.5 Estetiese Betrokkenheid

Die gemeenskaplike internasionale erkenning, bestudering en waardering van die veelfasettige positiveringsradius van skone harmonie in die kunste bring veelal tussen= staatlike beheersing in die hantering daarvan. Kuns= waardering strek dikwels oor nasionale grense heen en dra by tot die afbreking van absolutistiese ideologiese kruistogte. Ook in die onderlinge verhoudinge tussen state is daar geldende estetiese maatstawwe wat die kultuurhistoriese ontwikkelingsgang van state en beskawings moet verreken. Die besoedeling en versteuring van die gemeenskaplike aardse "habitat" val veral in die kader op as 'n gemeenskaplike normatiewe taakstelling om aardbodem en oseane so te bewoon, bewerk en ontwikkel dat dit esteties gebalanseerd aan die komende aardse geslagte nagelaat kan word. Ook op die skone harmonie van die estetika is daar universele normatiewe insnyding wat state in internasionale betrekkinge transenderend en positiverend saambind.

3.3.6 Ekonomiese Interafhanklikheid

Geen staat kan in die internasionale stategemeenskap ekonomies selfvoorsienend en daardeur absolutisties selfonderhoudend wees nie. Outokratiese ekonomiese tussenstaatlike absolutisme word deur Dooyeweerd as: ".....a fantastic dream of power in the modern nationalistic political mythology"[266], afgewys. Tussen= staatlik is daar in toenemende mate ekonomiese inter= afhanklikheid wat respek en insig in alle state se

ekonomiese belangesfere vereis. Ekonomiese totalitaris=me is ondenkbaar omdat daardeur die verabsolutering van die ekonomiese magsbasis internasionaal geprojek=teer word, en die gevolglike ekonomiese imperialisme die verhoudingsaspek in die wêreldpolitiek negeer. Aan die hand van ewewigtige ekonomiese besteding en besparing, en die erkenning van nasionale state se ekonomiese bestaansbehoeftes, moet daar as gemeenskap=like ekonomiese norme aan ewewigtige nie-imperialistiese ekonomiese maatstawwe gebou word. Internasionaal moet daar dus sinvol met finansies omgegaan word aan die hand van die heensnydende norm van ewewigtige aanwending van die ekonomie tot gebalanseerde lewensverwagting van alle state. Ekonomiese normatiewe aspekte raak die bestaan van elke staatsburger en op hierdie vlak is daar veel ruimte vir begripspositivering en ewewigs=handhawing in heensnydende normatiewe ekonomiese positivering.

3.3.7 Sosiale Omgangsnorme

In die tussenstaatlike verkeer word state noodwendig gedring tot vriendskapsverhoudinge met mekaar. Deur diplomasie, sportbetrekkinge, eerbetoon en ander sosiale verhoudingsmomente word onderlinge begrip bevorder en uitgebou. Hier hoort ook tuis die staats=besoeke oor en weer en eerbetoon aan die trotse simboliese nasionale erfenis van die nasionale state. Vriendskap en sosiale norme bly egter beperk tot karakteristieke tussenstaatlike eie-aard en kan daarom nooit dieselfde as private interindividuele verhoudinge wees nie. Die sosiale omgangsnorme moet derhalwe altyd gepaard gaan met behoud van eie identiteit, en nooit met verhewe "Herrenvolk" snobisme nie. Daardeur word vriendskap 'n onontbeerlike universele norm ter be=vordering van gesonde verhoudinge in die pluriforme kulturele en staatkundige skakerings van internasionale verhoudinge.

3.3.8 Heensnydende Taalverbondenheid

Internasionaal is daar vele tale wat oor staatkundige

grense heen sny en deur 'n hele aantal state as "moedertaal" gebesig word. Deur linguistiese simboliek word regionale verbondenheid gestimuleer, tussenstaat= like skakeling moontlik gemaak, en simbolies uitdrukking gegee aan objektiewe nasionale simbole. Vir genl. J.B.M. Hertzog was die taal "gans die volk". As Milner by die Vrede van Vereeniging opmerk dat daar net een taal in Suid-Afrika moet wees is Hertzog se opmerking "And so do I."[267] Elke vesel van die nasionale bestaan word in die moedertaal verklank, en is as sulks 'n kosbare erfenis wat tussenstaatlik erken en eerbiedig moet word. Tale wat oor staatkundige grense gemeenskaplike erfenis is, bring heensnydende normatiewe verbondenheid met deurslaggewende simboliese funksie in die wêreldpolitiek.

3.3.9 Historiese Magsvorming

Aangaande die kultuurhistoriese ontwikkeling van die staatkundige samelewing skrywe Hommes:

> "Zo is de staatkundige geschiedenis het tijdelijke ontwikkelingsproces van de menselijke machtsvorming op politiek gebied. Het betreft hier de wijze, waarop leidende politieke figuren of groepen aan de politieke relaties der mensen binnen een staats= verband of aan de politieke relaties tussen de staten onderling gestalte geven volgens bepaalde politieke ideën."[268]

Aan elke staat moet daar dus die geleentheid gebied word om sy nasionale erfenis genormeerd korrek te positiveer en die behoud daarvan dwing die internasionale stategemeenskap tot heensnydende normatiewe erkenning. Die Griekse skrywe Nikos Kazantzakis haal in sy autobiografie 'n brief van sy vader aan, terwyl laasgenoemde besig was om teen die Turke te veg:

> "I'm doing my duty, fighting the Turks. You fight too; stand your ground and don't let those Catholics put ideas into your head. You're from Crete don't forget. Your mind isn't your own, it belongs to Crete. Sharpen it as much as you can, so that one day you can

64/...

> use it to help liberate Crete.....Do not disgrace me."[269]

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog merk Genl. Malan op nadat hy swaar gewond is: "Dank Vader, die Britse vlag sal nie oor my waai nie!"[270]

Daarmee word imperialisme en kolonialisme as verwoestende moment in die genormeerde uitbouing van nasionale selfbewussyn volstrek verwerp. Dit ontneem alle state die geleentheid om nasionale kulturele erfenis te ontplooi en hef bowendien die soewereiniteit van state op. Kragtens die kultuurhistoriese kontinuïteit beheers elke staat sy tipiese probleme ten beste en die imperialistiese inmengingsdrang stam gereeld uit kulturele meerderwaardigheid. 'n Klassieke voorbeeld van ontevredenheid met imperialistiese inmenging het voorgekom tydens die Duitse besetting van Suidwes-Afrika. Nadat dit bekend geword het dat 'n lid van die Duitse Ryksdag in Berlyn ontevrede was met die optrede teenoor nie-Blankes in Duits-Suidwes het die lid van Swakopmund van die "Landesrat" in Windhoek die volgende gesê:

> "Ek glo dat ons gewillig sal wees om by te dra tot 'n fonds wat Herr Erzberger in staat sal stel om die gebied kosteloos te besoek. Daar moet dan 'n plaas in die Kaokoveld aan hom gegee word, asook die nodige arbeiders naamlik 1 Boesman, 1 Herero, 1 Ovambo, 1 Nama en 1 Klipkaffer. As hy na vier weke nog nie 'n moordenaar is nie, sal ek voorstel dat hy heilig verklaar word."[271]

De Gaulle het die glorie van Frankryk so uitgedruk:

> "Our country, with her tinted sky, her varied contours, her fertile soil, our fields full of fine corn and vines and livestock, our industry, our gifts of initiative, adaptation and selfrespect, make us, above all others a race created for brilliant deeds. <u>The sword is the axis of the world and greatness cannot be shared</u>."[272] (Onderstreep L.D.B.)

Chauvinistiese snobisme is by uitstek verwoestend in tussenstaatlike verhoudingsnorme, maar die behoud van genormeerde nasionale trots is 'n belangrike insnyding

in die wêreldpolitiek. Universele erkenning daaraan bied die geleentheid dat, met soewereiniteitsbehoud, wedersydse begrip, agting en eerbied kan gedy in die internasionale stategemeenskap. Nasionale trots en staatkundige selfbehoud sny dan internasionaal heen te midde van die erkenning van deelname en verantwoorde= likheid in die volle betrokkenheidsradius van inter= nasionale verhoudinge. Tussenstaatlike verantwoorde= likheid en nasionale historiese magsvorming kan dan normatief korrek langs mekaar opereer. Elk met erkenning van eie terreinsoewereiniteit, en saam daarmee sinvolle vervlegting tot die goeie orde in die wêreldpolitiek.

3.3.10 Oorsiggedagte

Heensnydende normatiewe momente impliseer internasionaal-gemeenskaplike oortuigings aangaande kardinale verhou= dingsaspekte in die wêreldpolitiek. Weliswaar word dit uit heterogene religieuse denkakt belig, maar dui tog onomstootlik op die behoefte aan genormeerde orde en begrip in die volle spektrum van tussenstaatlike verhoudingsaktiwiteite. Hierdie dinamiese norme is onontbeerlik, want dit is die vlak waar tot wedersydse begrip en erkenning, nie alleen van nasionale eerbied= waardigheid en soewereine onskendbaarheid nie, maar van deelgenootskap en betrokkenheid aan die globale stelsel van internasionale verhoudinge gevorder moet word. Fundamenteel beskou is dit op hierdie vlak waar state genoop word tot gemeenskaplike normatiewe insig en deelgenootskaplike positivering in die grondliggende onderlinge betrekkinge.

3.4 Samevatting

Normatiewe visies op die wêreldpolitiek verteenwoordig die diepste óortuigings wat state en staatsleiers in die verhoudinge met ander state motiveer. Dit is op hierdie terrein van die transendentale oortuiging aangaande die ideaaltipiese tussenstaatlike stande van sake waar die grootste verskille in uitgangspunte en oortuigings voorkom.

Gebrek aan insig en deelnemende motiewe, gepaar met begripsparadoks het tussenstaatlik waarskynlik tot gevolg wat volgens oorlewering tussen twee Amerikaanse motoriste in Philadelphia gebeur het. Na 'n botsing op straat het die een gesnou: "Why in hell don't you look where you're going?" waarop die ander gereageer het: "Why in hell don't you go where you are looking?"[273] Gebrek aan insig en onvermoë tot versoening en aanvaarding van gemeenskaplike verantwoordelikheid bring internasionaal egter die chaos van oorlog en verwoesting.

Wanneer Dunn dus in *The Schope of International Relations* met die woorde

> "The normative character of international relations refers to the kinds of questions dealt with and does not imply that the subject-matter is associated with any particular ideal conception of the international community"[274], die normatiewe alleenlik met die heen=snydende momente verbind, skei die weë. Sonder 'n bloot=legging van die diepste religieuse positiveringstimulus kan die verskille by normatiewe insnyding nooit verreken word nie. Die normatiewe verg aldus <u>in toto</u> sinvolle opheldering tot wedersydse begrip en normatiewe deelnemende analise. Die normatiewe beskouings bly egter nie slegs by teoretiese denkbeelde nie, maar word op bepaalde struktuurordenings gepositiveer. Die ontleding van tussenstaatlike strukture stel ons derhalwe vervolgens aan die orde.

4 DIE TUSSENSTAATLIKE STRUKTUUR

4.1 Inleiding

Die normatiewe teoretiese grondslae van internasionale verhoudinge word in 'n karakteristieke tussenstaatlike struktuurordening gepositiveer. Die blootlegging van die fundamentele grondslae van die strukturele onderbou van die wêreldpolitiek is aldus van deurslaggewende belang. Die knelvraag in die verband is na die deelnemende subjekte enersyds en andersyds na die strukturele ver=houding waarin die subjekte tot mekaar staan. Kortom,

wat is die aardeie strukturele onderbou van die wêreld=politiek wat deelnemend en positiverend verantwoordelik is vir die verhoudinge tussen state? Aan die deurslag=gewende stand van sake skenk ons vervolgens aandag.

4.2 Deelnemende strukturele Subjekte aan Internasionale Verhoudinge

Sedert die Vrede van Wesfale (1648) word die nasionale staat gangbaar as die strukturele subjeksbasis van die wêreldpolitiek aanvaar.[275] Morgenthau verwys na die ".....cornerstone of the modern state system"[276], terwyl Boulding verklaar:

> "The territorial aspect of the national state is important in the dynamics of international relations because of the exclusiveness of territorial occupation."[277]

Wessels verwys na nasionale state as: ".....die voor=vereiste vir tussenstaatlike omgang"[278], en Herz is wetenskaplik grootmoedig genoeg om te erken dat die standpunt wat hy voorheen oor die erodering van die nasionale staat as tussenstaatlike subjek gehandhaaf het, nie met wêreldpolitieke realiteite in pas is nie. Aangaande sy strukturele herwaardering skryf hy:

> "Despite the conspicuous rise of international organization and supranational agencies in the postwar world and despite the continuing impact on international affairs of subnational agents such as "business organizations (in the West) and international" parties (in the East), the states remain the primary actors in international relations. Indeed, as the rush into "independent" statehood shows, being a sovereign nation seems to be the chief international status symbol as well as to furnish the actual entrance ticket into world society."[279]

Nasionale state is en bly dus die enigste regmatige deelnemende subjekte aan internasionale verhoudinge.

Die oorsaak daarvan is geleë in die gesagsvakuum van die tussenstaatlike. Staatsowerhede alleen beskik oor die

swaardmagmonopolie en is gevolglik die enigste strukture wat soewereiniteit in die magsdilemma van die wêreldpolitiek kan verassureer. Die afwesigheid van toeganklikheid tot swaardmagaanwending by enige ander internasionale struktuur lewer kennelik bewys dat uit= sluitlik geïndividualiseerde state as volwaardige subjekte in die tussenstaatlike samelewingsorde gereken kan word. Internasionale organisasies met oorkoepelende opererings= radius kan derhalwe alleen semi-soewereine subjekstatus geniet, en is bowendien afhanklik van toestemming tot fungering deur staatsowerhede. Die funksie en status van internasionale organisasies sal aanstons binne die karakteristieke eienskappe van die internasionale maat= skapstruktuur breër belig word.

Volgens ons mening bring die sondeval en die Goddelike nasiedifferensiasie by Babel die realiteit dat 'n gedifferensieerde nasionale stateveelheid tot aan die voleinding die strukturele subjekte van internasionale verhoudinge sal wees. Anema verwys na die Goddelike ingrype by Babel wat

> ".....een directe organisatorische eenheid der geheele menschheid uitsluit."[280]

Aangaande die gesigspunt vervolg Anema:

> "Zoo komt in het verdere verloop der historie voor de oorspronkelijke eenheid het naast elkander staan der verschillende staten tot stand, elk onder een eigen Overheid. In het heilig geschiedverhaal hebben al de toenmalige staten hun eigen taak, die ons steeds wordt voorgesteld als door God in Zijn wêreld= plan vooruit verordend, en noodig voor de volvoering daarvan."[281], waaraan hy later toevoeg: "Het juiste element daarvan is dat elke staat in het groot geheel een eigen taak, functie en roeping heeft, en dat de rijkdom van begaafdheid, die God in het menschelijk geslacht heeft neergelegd, eerst tot zijn volle openbaring komt door de zelfstandige ontwikkeling der enkele staten."[282]

'n Veelheid nasionale staatkundige subjekte sal in die sondegebroke tussenstaatlike werklikheid alleenlik deur 'n sataniese civitas terrena opgehef kan word. In so 'n bedeling hou internasionale verhoudinge bowendien op om te bestaan. Vir die wêreldpolitiek staan ons daarom op die strukturele uitgangspunt dat nasionale state die enigste volmondige deelnemende subjekte is, wat deur gemeenskaplike belange en raakpunte tot deelgenootskap gedwing word. 'n Kernagtige opheldering van die struk= turele eie-aard van die primêre subjekte is vervolgens onontbeerlik.

4.2.1 Die Struktuureie van die Nasionale Staat

Op Calvinistiese grondslag aanvaar ons dat die staat nie van menslike oorsprong is nie, maar as deel van die normatiewe struktuurprinsipes van die Wet van God, deur menslike positivering gestalte gegee word. Die ontstaan van state vloei dus almal voort uit die ver= werkliking van hierdie normatiewe bouplan van die staatsverband.[283] Langs die polsslag van eeue se staatkundige skeppingsarbeid, is verskeie prototipes waarneembaar, ook karikature, maar laasgenoemde tref nooit die normatiewe bouplan nie - die norm wreek hom telkens op karikatuuragtige positiveringsarbeid.[284]

Die staat is gevolglik die sinvolle saamordening van owerheid en burgery op 'n begrensde staatsterritorium waar die owerheid die veelheid van regsbelange harmonieus - met behoud van soewereiniteit en enkapsis - reël. Vir hierdie doel is die staat op historiese swaardmag gefundeer, terwyl dit bestemmend figureer in regseker= heid en juridiese vergelding. Bevestigend verklaar Dooyeweerd in *The Christian Idea of the State* soos volg:

> "In the divine structural principle of this societal relationship the power of the sword is unbreakably bound up with the typical end= function of the state, that is, the maintenance of a public jural community of rulers and subjects."[285]

Die staatsverband is dus gefundeer in die monopolistiese organisasie van die swaardmag en slegs die owerheid beskik oor die bevoegdheid om die swaard op 'n bepaalde staatsterritorium te dra. Die tipiese funderingsfunksie is nêrens anders te vinde:

> ".....dan in de interne monopolistische organisatie van de zwaardmacht over een zeker territoriaal begrensd cultuurgebied"[286], aldus Dooyeweerd.

Die funderingsfunksie is egter in onverbreekbare samehang met die bestemmingsfunksie gegee - sonder die juridiese sluitsteen degenereer die staatsverband tot totalitarisme.

> "Een wezenlijke staat kan in geen enkele andere wetskring zijn qualificerende functie vinden en hij kan deze bestemmingsfunctie niet ontberen zonder in een georganiseerde roversbende te ontaarden."[287], verklaar

Donner na analogie van Dooyeweerd. Die bestemmings- en funderingsfunksie vul mekaar dus aan en daar bestaan geen rede waarom daar spanning tussen mag en reg - historiese swaardmagvorming en die juridiese integrerings= norm - moet wees nie.

Binne hierdie staatsverband word burgervryheid en politieke medeseggingskap sinvol omlyn en die soewe= reinitieit van geïndividualiseerde lewensfere prinsipieel gewaarborg.[288] Diepenhorst kom in *Historisch-Christische Bijdrage tot de Leer van den Christelijken Staat* tot dieselfde gevolgtrekking:

> "De openbaring leert dat de overheid, en dus de staat, aanzijn verkrieg om der zonde wil, en noemt haar dienaresse Gods, ontvouwend hoe zij orde en rust waarborgt, een zeker rechtsbestel onder de menschen handhaaft en verhoedt, dat de samenleving zichself ontbinden zou, ten gronde gaande aan toome= loozen menschelijkhen hartstocht."[289]

Binne dié struktuur kan die owerheid staatkundige ont= wikkeling in vaste bane lei en reformatories uitsuiwerend staatkundige kontinuïteit lei en geintegreerd positiveer.

Met die deelnemende subjekte aan die wêreldpolitiek vreedsaam, en prinsipieel verankerd staatsintern

gestruktureerd, volg dit logies dat die internasionale struktuur minder versteurende spanning sal hê. Staatsinterne chaos appelleer noodwendig op die internasionale samelewingsorde. Statesubjekte wat die huis nie in orde kan hou nie, boemerang noodwendig met groeiende effekte in internasionale verhoudingsmomente. Die wisselwerking tussen die internasionale struktuur en subjekte is derhalwe kardinaal in die sin wat dit die rustige ontplooiing van verhoudinge kan versteur. Met die nasionale staat, as subjek van die tussenstaatlike sodanig gestruktureer, spits ons die aandag vervolgens toe op die internasionale struktuur, waar die verhouding tussen die subjekte die sinkern van die strukturele verhoudingsmomente in internasionale verhoudinge uitmaak.

4.3 Die Tussenstaatlike Struktuur

Die struktuur van internasionale verhoudinge is nou gevolglik die institusionele raamwerk waarbinne die deelnemende subjekte - geïndividualiseerde nasionale state - verhoudingsgewys met mekaar opereer. Die mees diepliggende en fundamentele struktuurprinsipe hier aan die orde, is die afwesigheid van 'n oorkoepelende gesagsorgaan om die verhoudinge harmonieus en bestraffend te orden. Die gesagsvakuum in die wêreldpolitiek is na alle waarskynlikheid die mees diepgrypende strukturele kenmerk wat die kardinale betekenis van die magsfaktor in internasionale verhoudinge klaarhelder aan die lig bring. Aan die hand hiervan moet verreken word, die feit dat die getal deelnemende subjekte, as gevolg van staatkundige positiveringsarbeid en kontinue staatkundige ontwikkeling in die internasionale samelewingsorde, voortdurend wissel.[290] As die staatkundige ontvoogdingsproses van die koloniale gebiede voltrek is, kan geografiese, historiese, kulturele, ekonomiese, militêre en politieke staatkundige integreringsmomente, in die tydsorde, voortdurend nuwe subjekordenings tot gevolg hê. Die tussenstaatlike struktuur besit daarom nie 'n solidêre eenheidskarakter nie, maar word gekenmerk deur 'n dinamiese matematiese wisseling van strukturele deelnemende subjekte.

72/...

Die genoemde twee strukturele eienskappe van die tussen=staatlike struktuur is kensketsend van die maatskaps=struktuur wat onderskeibaar is in die verskillende samelewingsvorme. Die maatskapstruktuur besit nog 'n solidêre eenheidskarakter, nóg 'n permanente gesagstruk=tuur.[291] Hierdie gedagtegang is ook eie aan Dooyeweerd wat skrywe:

> "Waar aldus in de internationale rechtsverhoudingen naar de Goddelijke wêreldorde, de interne publiek=rechtelijke verbandstructuur van den individueelen staat, noodwendig in "correlative publiekrechtelijke maatschapsbetrekkingen met die der andere staten....."[292]

gestruktureerd is. Die wisselende subjekveelheid is dus die eerste onomstootbare prinsipiële gegewe. Saam hiermee die strukturele prinsipiële gelykwaardigheid van state ongeag geografiese en ander fisies dinamiese faktore, militêre mag en die spektrumveelheid van gepositiveerde magsvergestaltingsarbeid. Neweskikking, respek, harmonie en die erkenning van gedifferensieerde veelvuldige lewens=belange impliseer geen bowe- en onderskikking, geen heerser en slaaf in die prinsipiële strukturele grondslae van internasionale verhoudinge nie. Die vermaarde Hendrik Witbooi van Suidwes-Afrika, het op 18 Augustus 1894 op naïewe, maar treffende wyse, dié realiteit soos volg aan Goewerneur Leutwein van die "Schutztruppe" per militêre rapport berig:

> ".....God has created different states, and therefore I know and believe that it is no sin or crime that I should remain Kaptein of my land and my people. If you wish to kill me on account of my independent rule over my country, and without any cause on my part, that cannot do me any harm or occasion me any disgrace, for then I shall die in honour, in defence of my rights."[293]

Jessup verwys in *The Equality of States as Dogma and Reality"* na die woorde van Koning Haakon van Noorweë tydens die konstituerende byeenkoms van die V.V.O. by Dumbarton Oaks:

> ".....to let the great powers play the leading role.....but we insist upon sovereign equality of the small nations in the sense that.....we shall have

> the right to take care of our interests by taking part in the decisions."[294]

Solank die veelvuldige nasionale statestelsel die enigste strukturele tussenstaatlike werklikheidsfaktor is, en bly, sal daar gebou moet word aan 'n onderlinge publiekregte= like maatskapsidee. Hierdie struktuur is nie die sondebok nie, maar wel die sondegebroke staatkundige positiverings= arbeid.

> "It is not the political structure of national life but the sins of the nations that have caused the individualistic selfish power of the States to dominate international politics"[295], aldus

Dooyeweerd (onderstreep - L.D.B.). Die tussenstaatlike struktuur van soewereiniteitsbehoud in wisselende veelheid, gepaard met pariteit en neweskikking tussen deelnemende subjekte, vertoon karakteristieke strukturele eienskappe wat in die historiese groeiproses van die wêreldpolitiek uitgekristalliseer het, en aan die tussenstaatlike struk= tuur sy eie kensketsende strukturele geaardheid verleen.

4.3.1 Karakteristieke Struktuureienskappe van die Internasionale Statestruktuur

Internasionaal bestaan daar wel 'n gemeenskaplike strukturele staatkundige erfenis. Geen deelnemende statesubjek kan absolute soewereiniteit struktureel handhaaf nie, maar moet erkenning gee aan gemeenskap= like strukturele raakpunte waarom die verhoudingsmomente wentel. Soewereiniteitsbehoud oor tipiese staatsinterne aangeleenthede is in die kader deurslaggewend omdat imperialisme die strukturele soewereiniteit ophef en die tussenstaatlike subjekte se landpale daardeur verruk. In die era van die Afrikanerbond in Suid-Afrika is Britse imperialisme soos volg in 'n pamflet omskrywe:

> "Yes, England is, as Bilderdyck the Dutch poet has rightly called her, a gang of robbers, and those islanders live only by plunder, their ships plunder on every shore; their vultures fly over mountain and valley, and light upon every carcase; they gather

> and clean, whatever they can; therefore it is that they have so many colonies, and therefore the raked in the Transvaal."[296]

Antinormatiewe magsegoïsme deur staatsraisonabsolutisme en imperialisme verwoes die moontlikheid van harmonieuse betrekkinge.

Daarnaas in onverbreekbare samehang, is egter ook gegee onmisbare gemeenskaplike strukturele belange. Daar is gemeenskaplike vervoer, kommunikasie, en doelstellings wat alleenlik sinvol deur oorkoepelende internasionale organisasies hanteer kan word. Hoe meer tegnologiese ontwikkeling staatkundige verbondenheid opdring, des te meer sal internasionale organisasies gemeenskaplike en afsonderlike strukturele belange moet behartig.

> ".....naar onze beginselen moet worden gehandhaafd naast elkander een souvereiniteit der staten voor hun eigen zaken en een eigen recht der staten-gemeenschappelijke zaken," skrywe Anema, wat vervolg: ".....het bestaan der beide kringen van rechtsbevoegd=heid zelfstandig naast elkander is blijvend gegeven door den aard en de roeping, die aan elk dier beide principieel toekomt."[297]

Die grens tussen die soewereine strukturele raamwerke word medebepaal deur staatkundige soewereiniteit en gemeenskaplike strukturele taakstelling enersyds, en die dinamiese ontwikkeling van die karakteristieke tussenstaatlike orde andersyds. In die ontwikkelingsgang van internasionale verhoudinge kan tegnologiese en kulturele heensnyding dus voortdurend nuwe gemeenskaplike strukturele belange opdring. Internasionale organisa=sies is, so gesien, onmisbare strukturele ordenings om die volle aksieradius van die wêreldpolitieke ver=houdingsmomente sinvol te konstrueer. Sodanige organi=sasies bly egter steeds slegs die onmisbare strukturele en funksionele skakelliggaam en mag daarom nooit as 'n tussenstaatlike subjek met swaardmagfunksie beskou word nie. Dit dien bloot as die koördinasiestruktuur=verskeidenheid wat harmonieuse ewewig en erkennende vervlegtheid in koördinasie reël.

Die strukturele gelykwaardigheid van die state in die maatskapsfiguur bring egter die probleem dat hulle gelyk en ongelyk tegelyk is. Volgens die struktuurprinsipe opereer state wel neweskikkend langs mekaar, maar deur vergestaltende positiveringsarbeid word state se magsvermoëns in 'n ingrypende magsvermoënshiërargie uitgebou.[298] Die afwesigheid van 'n wakende oorkoepelende gesagstruktuur bring noodwendig mee dat state vir soewereiniteitsbehoud op eie magsvermoëns aangewese is. Tot dien effekte maak Agar die kostelike opmerking: "Power is a strange thing: the nature of power is that it can only be exercised by the people who possess it."[299] Staatkundige magskleuters lewer dikwels deurslaggewende bydraes rakende wetenskap, kuns en kultuur[300], maar in die harde tussenstaatlike realiteite is dit nie genoegsame waarborg om imperialistiese magsvergrype aan bande te lê nie. Kensketsend van die internasionale struktuur is gevolglik die ondergang van state wat nie in staat is om self die eie soewereiniteit te waarborg nie. Daardeur word die gelykwaardigheid van deelnemende subjekte - pariteit in die maatskapsfiguur - nie opgehef nie, maar die voortbestaan word gewaarborg in die assosiatiewe bondgenootskap van magsewewig. Die uitkristallisering van balanserende pole deur klein state agter die Sionsmure van die supermoondhede - geïnspireer deur die wil tot voortbestaan en ooreenstemmende normatiewe oortuigings - is daarom eie aan die historiese ontwikkeling van die wêreldpolitiek. Dit was waarskynlik deur die eeue die waarborg vir die strukturele gelykwaardigheid van die magsbehoeftige statery. In dié sin gaan die behoud van gelyke struktuursoewereiniteit en magsewewig hand aan hand in internasionale verhoudinge.

Die karakteristieke eienskappe van die tussenstaatlike struktuur kan nooit uit die struktuur van konstituerende nasionale state herlei word nie. Die gemeenskaplike struktuureie eienskappe is die uitkristallisering van onafwendbare samewerking op tussenstaatlike terrein. Die eie-aard daarvan kan daarom wissel na gelang van

76/...

reformatoriese ontplooiing van die internasionale samelewingsorde met twee voorbehoude. Die struktuur van soewereine deelnemende subjekte oor tipiese aan= geleenthede moet onskendbaar bly, maar saam daarmee die erekening van 'n internasionaal-geldende korrela= tiewe publiekregtelike maatskapstruktuur om tussenstaat= like verhoudings in ewewig te harmoniseer.

4.4 Oorsiggedagte

Strukture en strukturele ordenings in die wêreldpolitiek is die konstituerende raamwerk waarbinne daar aan die verhoudingsmomente tussen state beslag gegee word. Die blootlegging van die eie-aard daarvan is kardinaal, want dit vorm die strukturele onderbou van deelnemende subjekte en gemeenskaplike internasionale samewerking. Op die terrein word ewe eens 'n veelheid ideaaltipiese bouplanne aangebied omdat strukture kwalifiserend deur die ge= differensieerde normatiewe visies gedra word. Strukture is daarom nie in die laaste instansie verantwoordelik vir die skending van harmonieuse tussenstaatlike betrekkinge nie, maar die sondegebroke drifte en drange wat state en staatsleiding dring tot antinormatiewe struktuurpositive= ring en struktuurverwoesting van die uitgekristalliseerde subjekveelheid, en daardeur die omverwerping van orde en strukturele pariteit.

5 ORIëNTERENDE SAMEVATTING EN TAAKSTELLING

Die teoretiese grondslae van internasionale verhoudinge staan nog sodanig in die kinderskoene dat die versoeking groot is om die beroemde woorde van Willem die Swyger, Prins van Oranje, aan te haal:

> "It is not necessary to hope in order to act,
> or to succeed in order to persevere."[301]

Teleurstellings, oorloë en chaotiese verhoudingsrealiteite kan nooit in die weg staan van 'n eerlike soeke na harmo= nieuse teoretiese fundering in die wêreldpolitiek nie. Bowendien verhoed die sondegebroke verknegtheid van state en owerhede vomaakte harmonieuse tussenstaatlike omgang.

Die gesagsvakuum - fundamenteel in internasionale verhoudinge - dring die hartgrondige kardinaliteit van die magsfaktor in die tussenstaatlike branding. In die voëlvrye magsniemandsland word state aldus genoodsaak om eie magsvermoëns vir staatkundige soewereiniteit en voort= bestaan aan te wend. "Peace has never been maintained except by making aggression too costly;"[302], argumenteer Kissinger en vervolg:

> "We can make the graduated employment of force stick only if we leave no doubt about our readiness to face a final showdown; its effectiveness will depend on our willingness to face up to the risks of Armageddon."[303]

Internasionale verhoudinge en die soeke na tussenstaatlike vrede is daarom intiem gemoeid met die magsfaktor. Kortom, mag vervul 'n onmisbare deurslaggewende funksie in die wêreldpolitiek en die rol van die magsfaktor in sy volle aksieradius en fasetteverskeidenheid stel ons vervolgens aan die orde.

Ten einde die tema in die lig van voorafgaande te volvoer word vergestaltende komponente in die magsvermoë van state in die volgende drie hoofstukke aan die orde gestel.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK II

1. Vgl. Aron., R., Peace and War. A Theory of International Relations, Vertaal uit Frans deur R. Howard en A.B. Fox, Weidenfeld and Nicolson, London, 1966, pp.47-57; Ash, M.A., An Analysis of Power, With Special Reference to International Politics, World Politics, Vol. 3, 1951, p.218; Wight, M., Power Politics, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., (reds.) The Theory and Practice of International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, Tweede Uitgawe, 1966, pp.84-86; Greene, F., Dynamics of International Relations, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1964, pp.145-146; Haas, E.B., Whiting, A.S., Dynamics of International Relations, McGraw-Hill, New York, 1956, p.81. Vgl. ook die opmerking van Alexander Hamilton in The Federalist: "To look for a continuation of harmony between a number of independent unconnected sovereignties, situated in the same neighbourhood, would be to disregard the uniform course of human events and to set at defiance the accumulated experience of ages.", aangehaal in Morgenthau, H.J., Thompson, K.W. (reds.) Principles and Problems of International Politics, Knopf, New York, 1952, p.34; Stoessinger, J.G., The Might of Nations. World Politics in Our Time, Random House, New York, Derde Uitgawe, 1969, p.15. "...., we must devote some attension to that most crucial of all the concepts in the study of international relations, the concept of power."
2. Vgl. James, A., Power Politics, Political Studies, Vol. XII, nr. 3, Oktober 1964, p.307.
3. Vgl. Yost, C., The Insecurity of Nations. International Relations in the Twentieth Century, Pall Mall Press, London, 1968, p.3; Thompson, K.W., Normative Theory in International Relations, in Farrell, J.C., Smith, A.P., (reds.) Theory and Reality in International Relations Columbia University Press, New York, 1968, p.94.

"International relations is a subject of growing importance because life and death issues hang in the balance. At one stage in history, it was no more than intellectually stimulating to study the relations among nations, empires and rulers. Today, a drama of awesome proportions is being played out on the world stage. The survival not only of men and nations but of mankind is at stake. The struggle for power is inseparably linked with the struggle for existence."

4. Vgl. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L. (Jr.) Contending Theories of International Relations, Lippincott Company, New York, 1971, pp.65-67; Schwarzenberger, G., A Grammar of Power Politics in Disguise, World Affairs, Vol. 5, nr. 3, Julie 1951, pp.257-262; Morgenthau, H.J.,Politics Among Nations. The Struggle for Power and Peace, Knopf, New York, Vierde Uitgawe, 1967, pp.3-14.

5. Vgl. Thompson, K.W., Normative Theory in International Relations, Op.cit., p.107.

6. Vgl. Thompson, G., The New World of Asia, Foreign Affairs, Vol. 48, nr. 1, Oktober 1969, p.135; Bull, H., World Order and the Super Powers, in Holbraad, C., (red.) Super Powers and World Order, Australian National University Press, Canberra, 1971, p.145. "The inequality of states in terms of power has the effect, in other words, of simplifying the pattern of international relations, of ensuring that some states will prevail while others will go under, that certain conflicts will form the essential theme of international politics while others will be submerged.", Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Internatio= nal Relations. In the Age of the Conflict between Democracy and Dictatorship, McGraw-Hill, New York, Tweede Uitgawe, 1954, pp.5-7; German, C., A Tentative Evalua= tion of World Power, Journal of Conflict Resolution, Vol. 4, 1960, pp.138-144.

7. Aangehaal in Van Rooy, J.C., Die Huidige Wêreldsituasie en die Roeping van die Calvinisme ten Opsigte Daarvan, Koers, Jg. XVIII, nr. 5, April 1951, p.229.

8. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Kennikat Press, New York, Heruitgawe 1972, pp.3-61; Claude, J.L., (Jr.) Power and International Relations, Random House, New York, 1962, pp.3-10; Bull, H., International Theory. The Case for a Classical Approach, in Knorr, K., Rosenau, J.N., (reds.) Contending Approaches to International Politics, Princeton University Press, Princeton, 1969, pp.20-24.

9. Vgl. Aron. R., Peace and War, Op.cit., p.47.

10. Vgl. Thucydides, The Old Diplomacy, in Hartmann, F.H., (red.) Worlds in Crisis. Readings in International Relations, Macmillan, New York, Tweede Uitgawe, 1962, p.40.

11. Vgl. Kautilya, Arthasastra, in Seabury, P., (red.) Balance of Power, Chandler Publishing Company, San Fransisco, 1965, p.17.

12. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., The Dynamics of International Politics, Macmillan, New York, Tweede Uitgawe, 1967, pp.37-38; Ferrero, G., Machiavelli and Machiavelism, Foreign Affairs, Vol. 17, nr. 3, April 1939, pp.569-577, p.577. "In these fleeting moments of darkness he forgot one of life's great truths - that nothing is more disastrous than to proclaim that a moral law is useless because it is easily violated."; Wright, Q., The Study of International Relations, Appleton-Century-Crofts, New York, 1955, pp.10, 34-36, 438, 441, 443, 447, 488; Deutsch, K.W., On the Concepts of Politics and Power, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S., (reds.) The Theory and Practice of International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, Derde Uitgawe, 1970, p.84.

13. Vgl. Venter, E.A., Oor Niccolo Machiavelli (1469-1527) Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, Deel VIII, nr. 2, Maart 1967, p.93.

14. Vgl. Machiavelli, N., The Prince, Vertaal deur W.K. Marriot, Dent and Sons, London, 1958, pp.97-98; Wright, Q., Op.cit., p.79. "Vilfredo Pareto, following Machiavelli, distinguished the lions who apply aggregates or combinations of ideas which have been accepted at face value, from the foxes who break up such aggregates into

their elements and make new combinations. Researchers, especially in international relations, are foxes. They analyze and criticize popular formulations and synthesize the elemental phenomenal into new formulations. They have no respect for the established modes of thought and articles of faith, but seek for new and better ones."

15. Vgl. Sabine, G.H., A History of Political Theory, Harrap and Company, London, Herdruk, 1939, pp.342-347; Schuman, F.L., International Politics. The Western State System and the World Community, McGraw-Hill, New York, Sesde Uitgawe, 1958, p.64. "The Prince has earned for its author the opprobrium of all right-thinking moralists and has come to be viewed as the most eloquent exhortation to the vices of trickery and dishonesty to which modern diplomacy has fallen heir."

16. Vgl. Meinecke, F., Machiavelli, in Downton, J.V., (Jr.) Hart, D.K., (reds.) Perspectives on Political Philoso= phy, Vol. I., Thucydides Through Machiavelli, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1971, pp.405-406.

17. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.219. "International politics would be governed ex= clusively by those considerations of political expediency of which Machiavelli has given the most acute and candid account. In such a world the weak would be at the mercy of the strong. Might would indeed make right."

18. Vgl. Taylor, E.L.H., The Christian Philosophy of Law, Politics and the State, The Craig Press, Nutley, 1969, p.476; Hinsley, F.H., Power and the Pursuit of Peace, Cambridge University Press, Cambridge, 1963, p.180; Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Vertaal deur D.H. Freeman en H. de Jongste, The Presbyterian and Reformed Publishing Company, Plek van Uit= gawe Onvermeld, 1969, p.339; Friedmann, W., An Introduc= tion to World Politics, St. Martin's Press, New York, Vyf= de Uitgawe, 1965, pp.14, 16; Gray, H.H., Machiavelli: The Art of Politics and the Paradox of Power, in Krieger, L., Stern, F., (reds.) The Responsibility of Power,

Macmillan, London 1968, pp.34-53.

19. Vgl. Hommes, H.J., van Eikema, Hoofdlijnen van de Ge= schiedenis der Rechtsfilosofie, Kluwer, Deventer, 1972, p.83; Dooyeweerd, H., Op.cit., pp.232, 236, 442.

20. McGovern, W.M., From Luther to Hitler. The History of Fascist-Nazi Political Philosophy, Houghton Mifflin Company, Boston, 1941, p.67; Aron, R., Democracy and Totalitarianism, Vertaal deur V. Ionescu, Weidenfeld and Nicolson, London, 1968, p.19; Sabine, G.H., Op.cit., pp.457-459; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L. (Jr.) Op.cit., p.68. "He differs from modern realism in his emphasis on political institutions in managing power and preventing conflict. In this regard, Hobbes, paradoxi= cally enough, is closer to proponents of world government than to realists who stress a balance of power among major political groups."

21. Vgl. Hommes, H.J. van Eikema, Op.cit., p.93.

22. Vgl. Hobbes, T., Leviathan. Or the Matter, Forme and Power of a Commonwealth Ecclesiasticall and Civil, Geredi= geer deur M. Oakeshott, Collier Books, New York, 1962, p.236.

23. Vgl. Hommes, H.J. van Eikema, Op.cit., p.90.

24. Vgl. Hobbes, T., Op.cit., pp.134-150.

25. Vgl. Ibid., p.141, p.129. "And covenants, without the sword, are but words, and of no strength to secure a man at all."; Sabine, G.H., Op.cit., pp.467-469; Schwarzen= berger, G., Power Politics. A Study of World Society, Stevens and Sons, London, Derde Uitgawe, 1964, p.88.

26. Vgl. Strauss, L., The Political Philosophy of Hobbes, Ver= taal uit Duits deur E.M. Sinclair, The University of Chica= go, Vierde Uitgawe, 1963, pp.79-108; Hinsley, F.H. Op.cit., p.51. "....he adhered to Hobbes's view that the state of commonwealths considered in themselves is natural, that is to say hostile".

27. Vgl. Maihofer, W., Hegels Prinzip des Modernen Staates, in Fetscher, I., (red.) Hegel in der Sicht der Neueren For= schung, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt,

1973, pp.352-386; Pelczynski, Z.A., The Hegelian Concep= tion of the State, in Pelczynski, Z.A., (red.) Hegel's Political Philosophy. Problems and Perspectives, Cam= bridge University Press, Cambridge, 1971, pp.1-29; Strausz-Hupé, R., Geopolitics. The Struggle for Space and Power, Putnam's Sons, New York, Eerste Druk, 1942, p.24. ".....Hegel taught a generation of German youth that moral principles do not apply to the state, both in its dealings with its own citizens and with other nations - thus freeing the state - individual from the bounds of morality."; McGovern, W.M., Op.cit., pp.318-335; Hommes H.J., van Eikema, Op.cit., pp.155-156. "De staat is de hoogste openbaring van de objectieve vrijheid....., tege= lijk uitdrukking van de noodwendigheid van de absolute Geest. Hij is de volstrekte macht op aarde.... . Alle recht, ook binnen gezin en burgerlijke samenleving, is slechts mogelijk binnen de staatsgemeenschap."

28. Aangehaal in Francois, J.P.A., Grondlijnen van Het Volken= recht, N.V. Uitgevers, Tjeenk Willink, Zwolle, 1967, p.18; Sabine, G.H., Op.cit., pp.625-633; Rosenzweig, F., Hegel und der Staat, Herdruk van die 1920 Uitgawe, Scien= tia Verlag, Aalen, 1962, pp.165-170.

29. Vgl. Hegel, G.W.F., Grundlinien der Philosophie des Rechts, p.258, aangehaal in Hommes, H.J. van Eikema, Op.cit., p.155.

30. Vgl. Rozenzweig, F., Op.cit., p.165; Avineri, S., Hegel's Theory of the Modern State, Cambridge University Press, Cambridge, 1972, p.200.

31. Aangehaal in Avineri, S., Op.cit., p.200.

32. Vgl. Mehta, V.R., Hegel and the Modern State, Associated Publishing House, New Delhi, Eerste Druk, 1968, pp.86-87.

33. Vgl. Avineri, S., Op.cit., pp.202, 206; Stace, W.T., The Philosophy of Hegel, Macmillan, London, 1924, p.437. "Because there is no international authority, disputes between states can, in the last resort, only be settled by war. The dream of perpetual peace is for Hegel, only a dream. Nor is he a believer in the possibility of

establishing an effective international authority..... . The supreme necessity of the state is to maintain its sovereign independence. For without this it ceases to be a state. Hence, because the life and ends of the state are higher than the life and ends of the individual, the individual must be prepared to sacrifice his life and property for the maintenance of the state's independence." Tussenstaatlike oorlogvoering was vir Hegel - "eternal and moral". Vgl. Steed, H.W., From Frederick the Great to Hitler: The Consistency of German Aims, International Affairs, Vol. XVII, nr. 5, September - Oktober 1938, p.673. Op die standpunt fundeer ook Fichte sy tussenstaatlike be= skouings. In sy "Doktrine van die Staat" beweer hy: ".....between States their is neither law nor right unless it be the right of the strongest.", en voeg daaraan toe: ".....the people metaphysically predestined has the moral right to fulfil its destiny by every means of cunning and force." Vgl. Loc.cit.

34. Vgl. Mehta, V.R., Op.cit., p.87. In "Zum Ewigen Frieden" stel Kant sy tussenstaatlike vredesbeskouing deur inter= nasionalisme soos volg: "Die Idee des Völkerrechts setzt die Absonderung vieler von einander unabhängiger benach= barter Staaten voraus, und, obgleich ein solcher Zustand an sich schon ein zustand des Krieges ist (.....) so ist doch selbst dieser nach der Vernuftidee, besser als die zusammenschmelzung derselben durch eine die andere über= wachsende, und in eine Universalmonarchie übergehende Macht; weil die Gesetze mit dem vergrössten Umfange der Regierung immer mehr an ihrem Nachdruk einbüssen, und ein seelenloser Despotism, nachdem er die Keime des Guten aus= gerottet hat, zuletzt doch in anarchie verfällt." Vgl. Kant, I., Zum Ewigen Frieden, in Immanuel Kant. Werke in Zehn Bänden, Band 9, Schriften zur Anthropologie Geschichts= philosophie, Politik und Pädagogik, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt, 1971, p.225.

35. Vgl. Dooyeweerd, H., Op.cit., p.433.

36. Vgl. Engels, F., Principles of Communism, "Communism is

the doctrine of the requisites for the emancipation of the proletariat.....", aangehaal in Lee, N., Communist Eschatology. A Christian-Philosophical Analysis of the Post-Capitalistic Views of Marx, Engels and Lenin, Onge= publiseerde D.Phil-Proefskrif aan die U.O.V.S., Bloemfon= tein, 1972, p.4; Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmaatschappij, Wageningen, 1964, pp.111-120, 109. "Dit komt in de prak= tijk hier op neer, dat in het officiële russisch communisme Marx steeds door de bril van Engels wordt gelezen".

37. Vgl. Kissinger, H.A., Nuclear Weapons and Foreign Policy, W.W. Norton and Company, New York, Verkorte Uitgawe, 1969, p.7; Diederichs, N., Die Kommunisme. Sy Teorie en Tak= tiek, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1938, pp.71-97; Rostow, W.W., The Third Round, Foreign Affairs, Vol. 42, nr. 1, Oktober 1963, p.9. "First, we must reckon that the impulse in Moscow to seek the Expansion of Communist power is so deeply rooted and institutionalized that Soviet leaders will feel almost an historical duty to exploit gaps in the capacity, unity and will of the West." Crabb, C.V. (Jr.) Nations in a Multipolar World, Harper and Row, New York, 1968, pp.271-298; Duchacek, I.D., Nations and Men. An Introduction to International Poli= tics, Holt, Rinehart and Winston, New York, Tweede Uitgawe, 1971, pp.283-320; Holsti, K.J., International Politics. A Framework for Analysis, Prentice-Hall, Jew Jersey, 1967, pp.140-143; Aspaturian, V.V., The Soviet Union as a Global Power, in Aspaturian, V.V. (red.) Process and Power in Soviet Foreign Policy, Little, Brown and Company, Boston, 1971, pp.851-862.

38. Vgl. Zuidema, S.U., Op.cit., p.19.

39. In "The Communist Manifesto" (1848) is die volgende beken= de standpunt gehuldig: "A spectre is haunting Europe - the spectre of Communism..... . Where is the party in opposition that has not been decried as Communistic by its opponents in power?..... . It is high time that Commu= nists should openly, in the face of the whole world publish

their views, their aims, their tendencies, and meet this nursery tale of the spectre of Communism with a manifesto of the party itself..... . The Communists disdain to conceal their views and aims. They openly declare that their ends can be attained only by the forcible overthrow of all existing social conditions, Let the ruling classes tremble at a Communist revolution, The proletarians have nothing to lose but their chains. They have a world to win. Workingmen of all countries, unite!" (onderstreep L.D.B.) Aangehaal in Schuman, F.L., Op.cit., p.498.

40. Aangehaal in Lee, N., Op.cit., p.III.

41. Aangehaal in Ibid., p.550; Kennan, C.F., (X) The Sources of Soviet Conduct, in Armstrong, H.F. (red.) Fifty Years of Foreign Affairs, Praeger Publishers, New York, 1972, pp.189-205.

42. Vgl. Brzezinski, Z., Peace and Power: Looking Toward the 1970's, in Aspaturian, V.V., Op.cit., p.863. "Power tempts - not only serves-policy. In the coming decade, the power of the two super-states will begin to overlap globally and, because of this, the competition between the United States and the Soviet Union could become more intense and less stable especially as conditions in some areas come to offer inviting targets for big-power involvement."; Du Plessis, J.A., Die Tripolêre Karakter van die Moderne Kommunisme, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 22, April 1970, pp.43-51.

43. Lenin het die antitetiese eindstryd soos volg beskryf: "As long as capitalism and socialism exist, we cannot live in peace: in the end, one or the other will triumph - a funeral dirge will be sung either over the Soviet Republic or over world capitalism". Aangehaal in Schlesinger, A. (Jr.) Origins of the Cold War, in Aspaturian, V.V., (red.) Op.cit., pp.233-234.

44. Vgl. Gripp, R.C., The Political System of Communism, Nelson and Sons, London, 1973, pp.40-70; Lee N., Op.cit., pp.487-549; Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, Caxton-Drukkery, Pretoria, 1941, pp.89-90.

45. Vgl. Zuidema, S.U., Christendom en Kommunisme, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 28, Junie 1971, pp.12-30. Vgl. ook die klassieke historiese waarskuwing wat Talleyrand oor die kommunistiese gevaar uitgespreek het in Morgenthau, H.J., Thompson, K.W., (reds.) Op.cit., pp.358-359. Stalin self het die globale wêreldstryd soos volg bewoord: "De diktatuur van het proletariaat ontstaan niet op de grondslagen van de burgerlike orde, maar in de loop van het breken van deze orde, na het omverwerpen van de bourgeoisie,..... in de loop van de gewelddadige revolutie van het proletariaat. De diktatuur van het proletariaat is een revolutionaire macht die steunt op het geweld tegenover de bourgeoisie." Vgl. Stalin, J.W., De Grondslagen van het Leninisme, Pegasus Uitgeverij, Amsterdam, Derde Verbeterde Druk, 1946, p.35; Ulam, A.B., Expansion and Coexistence. The History of Soviet Foreign Policy, 1917-1967, Secker en Warburg, London, 1968, pp.3-30.

46. Vgl. Morgenthau, H.J., Thompson, K.W. (reds.) Op.cit., p.3; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., p.1. "Most political scientists and other students of international relations realize that their subject areas are appallingly vast and complex. They are aware also that despite the many nostrums advertised for the world's ills, it is no less difficult to find a permanent solution for conflict and war than a cure for cancer."; Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S., (reds.) Op.cit., pp.1-4; Corbett, P.E., Objectivity in the Study of International Relations, World Affairs, Vol. 4, nr. 3, Julie 1950, pp.257-263.

47. Vgl. Stevenson, A.E., Putting First Things First, Rupert Hart-Davis, London, 1960, p.3. By die ontvangs van die Nobelprys vir Vrede in 1964 het Martin Luther King onder meer gesê: "There is a sort of poverty of the spirit which stands in glaring contrast to our scientific and technological abundance. The richer we have become materially, the poorer we have become morally and spiritually.

We have learned to fly the air like birds and swim the sea like fish, but we have not learned the simple art of living together as brothers." Vgl. King, M.L., (Jr.) The Quest for Peace and Justice, Referaat by die ontvangs van die Nobelprys vir Vrede, 11 Desember 1964, te Oslo, in Haberman, F.W. (red.), Peace, Vol. III, 1951-1970, Elsevier, Amsterdam, 1972, p.33.

48. Toynbee dui op Augustinus se "De Civitate Dei" en laas= genoemde se aanduiding dat die Romeine in die dae van die Pax Romana tog die moed van hulle oortuiging gehad het om mag konstruktief aan te wend: ".....; how they had the will and the capacity to use the power which they had acquired for constructive ends, and the hardihood and the fortitude to do the things which were necessary in order to get and keep power for such purposes." Vgl. Toynbee, A.J., After Munich: The World Outlook, Interna= tional Affairs, Vol. XVIII, nr. 1, Januarie-Februarie 1939, p.19.

49. Vgl. Loc.cit.,

50. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., p.23.

51. Vgl. Davis, H.K., Good, R.C., (reds.) Reinhold Niebuhr on Politics: His Political Philosophy and its Application to Our Age as Expressed in his Writings, Charles Scribner's Sons, New York, 1960, pp.74-75; Niebuhr, R., Moral Man and Immoral Society, Charles Scribner's Sons, New York, 1947, pp.XI-XII.

52. Vgl. Niebuhr, R., Christianity and Power Politics, Archon Books, Heruitgawe, 1969, pp.26-27.

53. Vgl. Ibid., p.42; Niebuhr, R., The Christian Faith and the World Crisis, p.4. "We may say that the pacifists are right in their conviction that our civilization stands under the judgement of God; no one can have an easy conscience about the social and political anarchy out of which the horrible tyrannies of our age have arisen. But they are wrong in assuming that we have no right or duty to defend a civilization, despite its imperfections,

against worse alternatives..... . The pacifists rightly recognize that it may be very noble for an individual to sacrifice his life or interests rather than participate in the claims and counterclaims of the struggle for justice ..... . They are wrong in making no distinction between an individual act of self-abnegation and a political poli= cy of submission to injustice, whereby lives and interests other than our own are defrauded or destroyed." Aange= haal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., Op.cit., pp.71-72; Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., p.24.

54. Vgl. Niebuhr, R., The Irony of American History, pp.2, 35, aangehaal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., pp. 70,72; Nichols, J.H., Reinhold Niebuhr: Prophet in Politics, in Krieger, L., Stern, F., (reds.) Op.cit., pp.370-386.

55. Vgl. Niebuhr, R., The Illusion of World Government, in Hartman, F.H., (red.) World in Crisis, Op.cit., p.177.

56. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., p.24.

57. Vgl. Niebuhr, R., Christianity and Power Politics, Op.cit., p.104. "History would add a cruel irony to the tragedy of the self-destruction of modern democracies if it de= veloped that what is still left of a universal culture and an ordered civilization could not protect itself against moral nihilism and political anarchy because a liberal ci= vilization had assessed the weight of morality in politics too highly. All political justice is achieved by coercing the anarchy of collective selfinterest into some kind of decent order by the most attainably balance of power. Such a balance, once achieved, can be stabilized, embel= lished, and even on occasion perfected by more purely moral considerations. But there has never been a scheme of justice in history which did not have a balance of po= wer at its foundation. If the democratic nations fail, their failure must be partly attributed to the faulty strategy of idealists who have too many illusions when they

face realists who have too little conscience. The false strategy will not be derived purely from the illusions of the idealists about their foes but from their illusions about themselves."

58. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., p.25; McWilliams, W.C., Reinhold Niebuhr: New Orthodoxy for Old Liberalism, in Downton, J.V. (Jr.), Hart, D.K., (reds.) Perspectives on Political Philosophy, Vol. III, Marx through Marcuse, The Dryden Press, Hinsdale, 1973, pp.336-353.

59. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., pp.29-30.

60. Vgl. Earle, E.M., Power Politics and American World Policy, Political Science Quarterly, Vol. LVIII, nr. 1, Maart 1943, pp.94-98; Sprout, H. en Sprout, M.T., Foundations of International Politics, Van Nostrand Company, Herdruk, 1966, pp.110-120.

61. Vgl. Spykman, N.J., America's Strategy in World Politics. The United States and the Balance of Power, Archon Books, Heruitgawe, 1970, p.18.

62. Vgl. Spykman, N.J., The Geography of the Peace, Harcourt, Brace and Company, New York, 1944, p.3.

63. Vgl. Spykman, N.J., America's Strategy in World Politics, Op.cit., pp.446-447. "A sound foreign policy must not only be geared to the realities of power politics, it must also be adjusted to the specific position which a state occupies in the world. It is the geographic location of a country and its relation to centers of military power that define its problem of security. The international community is a world in which war is an instrument of national policy and the national domain is the military base from which the state fights and prepares for war during the temporary armistice called peace. In terms of that location, it must conduct its military strategy in war time and in terms of that location, it should conduct its political strategy in peace time." (onderstreep - L.D.B.)

64. Vgl. Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of

World Politics, Op.cit., p.31.

65. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.274.

66. Vgl. Schuman, F.L., The Commonwealth of Man. An Inquiry into Power Politics and World Government, Alfred a Knopf, New York, 1952, p.IX. "I have also sought to reappraise the major World-States of our moral adventure....., and the various paths by which people have striven so long, and so often in vain, to find brotherhood and surcease from the killing of men by men."

67. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., pp.274-278.

68. Vgl. Ibid., p.274. "Diplomacy is thus potential war, just as war is a business of seeking political objectives by military coercion rather than by bargaining. In both cases, ability to use arms with skill and success is rather more than likely to be decisive. The pursuit of power therefore, tends to become an end in itself rather than a means to other ends. No other ends matter if the State lacks power to serve its ultimate end: self-preservation." p.279. "The task of diplomacy is to keep the powder dry and to win friends and influence people..... . One powerful and trustworthy ally is worth a dozen feeble and fickle allies. Therefore, other things being equal, a limited coalition of a few formidable Powers, strategically placed, is preferable to a general aggregation of doubtful States scattered far and wide."

69. Vgl. Ibid., p.278. In die sewende uitgawe van "International Politics" bied Schuman 'n Christelike tussenstaatlike toekomsperspektief met die woorde: "Can we resolve our dilemma by returning to God in a wholly different sense and finding in our legacy of ethical values and moral insights a basis for survival and salvation through love and peace and brotherhood among all the men and women of One World?" Vgl. Schuman, F.L., International Politics. Anarchy and Order in the World Society, McGraw-Hill, New York, Sewende Uitgawe, 1969, p.687.

70. Vgl. Carr, E.H. The Bolshevik Revolution, 1917-1923,

Vol. I, Macmillan, London, 1960, pp.3-428, Vol. II, Macmillan, London, 1963, pp.3-397, Vol. III, Macmillan, London, 1961, pp.3-570.

71. Vgl. Carr, E.H., Socialism in One Country, 1924-1926, Vol. III, Macmillan, London, 1964, pp.19-20.

72. Vgl. Carr, E.H., The Twenty Year's Crisis, 1919-1939. An Introduction to the Study of International Relations, Harper and Row, New York, 1964, p.VII.

73. Vgl. Carr, E.H., The New Society, Beacon Press, Boston, 1951, p.80. "The conspicious fact about the internatio= nal scene today is the passing of power from western Europe: for the first time for many centuries western Europe is no longer the centre of the globe." p.85. "The new American diplomacy is directed to the establish= ment of an international balance of power in British nineteenth-century terms." p.90. "I have never been a pacifist or questioned the importance of power in inter= national affairs: it seems to me incontestable that if the United States and the Western world were to disarm today, we should not have long to wait for substantial and catastrophic changes in the map of the world."

74. Vgl. Carr, E.H., Nationalism and After, Macmillan, London, 1945, p.51, verder pp.38-70.

75. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., pp.27-28; Thompson, K.W., Political Realism and the Crisis of World Politics, Op.cit., pp.32-38; Said, A., Recent Theories of Inter= national Relations: An Overview, in Said, A.A., (red.) Theory of International Relations. The Crisis of Rele= vance, Prentice-Hall, New Jersey, 1968, pp.15-16; Padel= ford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.40; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L. (Jr..) Op.cit.,pp.75-80; Aron, R., Peace and War, Op.cit., pp.594-596, 739-741; Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., pp.29, 36, 61, 146, 496, 529; Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., pp.103, 185, 430, 479-498; Holsti, K.J., Op.cit., pp.303-304; Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, Prentice-Hall, New Jersey,

Tweede Uitgawe, 1970, p.3. "It received intellectual underpinning with the appearance in 1947 of what might be the most important single book ever written on the theoretical approach to international relations: Politics Among Nations by Professor Hans J. Morgenthau."

76. Vgl. Thompson, K.W., Op.cit., p.33; Singer, J.D., The Incomplete Theorist, Insight Without Evidence, in Knorr, K., Rosenau, J.N., (reds.) Contending Approaches to International Politics, Princeton University Press, Princeton, 1969, p.68.

77. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op,cit., p.25. Sy aanvanklike magspolitieke denkbeelde het Morgenthau uiteengesit in "Scientific Man versus Power Politics," (1946). Vgl. Morgenthau, H.J., Scientific Man versus Power Politics, University of Chicago Press, Chicago, 1946.

78. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.106-160, waar vergestaltende magsfaktore behandel word, en pp.161-531 waar strukturele ordenings, moralisme, volkereg en ontwapening in magsbeperkende funksie aan die orde gestel word.

79. Vgl. Ibid., p.36.

80. Vgl. Ibid., p.10.

273. Vgl. Kennan, G.F., Russia and the West under Lenin and Stalin, Op.cit., pp.10-11; Boulding, K.E., The Learning and Reality-Testing Process in the International System, in Farrell, J.C., Smith, A.P. (reds.) Op.cit., pp.1-15; Holsti, O.R., Cognitive Dynamics and Images of the Enemy, in Farrell, J.C., Smith, A.P., (reds.) Op.cit., pp.16-39; Stoessinger, J.G., Nations in Darkness: China, Russia and America, Random House, New York, 1971, p.184. "Perception in world politics may be defined as the total cognitive view a nation holds of itself and of others in the world. As such, it includes, of course, both reality and distortion." p.197. "The myth of Eden records the painful fact that each person must leave his garden in order to become fully human. The overtones of woe with which this myth has echoed down the ages testify to the reluctance and the pain with which wisdom - and hence full humanity - is born. We yet have to accept our Fall." Heyns, J.A., Die Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing en die Toets van die Twintigste Eeu, Koers, Jg. 25, nr. 1, Augustus 1957, pp.21-38.

274. Vgl. Dunn, F.S., The Scope of International Relations, in Czempiel, E.O., (red.) Die Lehre von den Internationalen Beziehungen, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt,

1969, p.38.

275. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.264.

276. Vgl. Loc.cit.

277. Vgl. Boulding, K.E., The Map-Shape of Nations, in Duchacek, I.D., (red.) Discord and Harmony, Op.cit.,p.6; Greene, F., Dynamics of International Relations, Op.cit., p.15. "Statehoof is one of the great characteristics of our era, and international relations has come to be based squarely on the state - a sovereign, political entity with absolute authority over a defined territory."; Wolfers, A., The Actors in International Politics, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S. (reds.) Op.cit., pp.15-22; Schwarzenberger. G., The Study of International Relations, in Czempiel, E.O., (red.) Op.cit., pp.108-131; Hartmann, F.A., The Relations of Nations, Op.cit., pp.21-38.

278. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Nor= matief-Strukturele Benadering, Op.cit., p.10.

279. Vgl. Herz, J.H., The Territorial State Revisited: Reflec= tions on the Future of the Nation-State, in Rosenau, J.N., (red.) International Politics and Foreign Policy, Op.cit., p.76; Snyder, R.C., Bruck, H.W., Sapin, B., Op.cit., p.201. "We are also assuming that the nation-state is going to be the significant unit of political action for many years to come. Strategies of action and commitment will continue to be decided at the national level."; Morgenthau, H.J., Dilemmas of Politics, Op.cit., p.68. "The national state itself is obviously a product of histo= ry and as such is destined to yield in time to different modes of political organization. As long as the world is politically organized into nations, the national interest is indeed the last word in international politics."

280. Vgl. Anema, A., Op.cit., p.227.

281. Vgl. Loc.cit.

282. Vgl. Ibid., p.229; Kock, P. de B., Die Plek van die Na= sionale in die Wysbegeerte van die Wetsidee, Koers, Jg. 8, nr. 6, Junie 1941, pp.235-237; Leibholz, G., Die Zukunft

der nationalstaatlichen Souveränität im 20 Jahrhundert, Universitas, Jg. 13, nr. 5, Mei 1958, p.458, beskrywe die nasionale staat as: ".....politische lebendige Kraft und ist die Annahme, dass die Souveränität tot sei, ein Wunschtraum, der durch die politische Wirklichkeit Lügen gestraft wird,"; Ehlers, D.L., Mens, Gemeenskap, Staat. 'n Historiese en Antropologiese Verkenning van die Sosiale Struktuur binne die Moderne Liberalisme, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1968, pp.156-158, 207-208; Du Plessis, L.J., 'n Eeu Calvinistiese Samelewingsleer, Koers, Deel 21, nr. 2, Oktober 1953, p.83; Wessels, F.J.H., Besinning op 'n Christelike Beskawingsfilosofie, Die Gereformeerde Vaandel, Deel XXV, nr. 2, Junie 1957, pp.5-8; Strauss, H.J., Beskawing, Staatsvorm en Stemreg in Suid-Afrika, Die Gereformeerde Vaandel, Deel XX, nr. 3, Junie 1952, pp.136-142; Strauss, H.J., Christelike Beskawing, Die Gereformeerde Vaandel, Deel XXV, nr. 2, Junie 1952, pp.9-18; Van Rooy, J.C., Die Huidige Wêreldsituasie en die Roeping van die Calvinisme ten Opsigte Daarvan,Koers, Jg. XVIII, nr. 5, April 1951, p.243. "Dit sou nie beoog 'n uiteenvloeiing en ineensmelting van die verskillende volke van die wêreld nie, maar wel die erkenning van die bestaansreg van al die verskillende volke in 'n harmoniese verhouding tot mekaar volgens die geregtigheidsbeginsels deur God apriori daargestel vir 'n sodanige internasionale orde."; Meeter, H.H., Het Calvinisme, Op.cit., pp.127-136.

283. Vgl. Diepenhorst, I.A., Historisch-Critische Bijdrage tot de Leer van den Christelijken Staat, Gepubliseerde Doktorale Proefskrif, N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij, Amsterdam, 1943, p.622. "God schonk de overheid en met haar den staat, aan de gansche menschelijke geslacht, onverschillig of dit Hem als Schenker erkent of niet, en alle gezag is slechts mogelijk, wijl Hij kracht verleende om het te oefenen, zoo dat elke wêreldsche heerschappij voortvloeit uit bovenaardsche Bron. De huidige staat is te danken aan openbaring evenwel zulk een, die niet alleen

kenbaar was, doch ook feitelijk in het leven ingreep, aan een omzetting, eenvorming der werkelijkheid door den Al= machtige, een daad van gunst jegens allen, moge zij dan uiteindelijk niet een ieder ten voorspoed wezen." Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., pp.503-508; Crause, C.A., Politieke Mede-Seggingskap in Suid-Afrika, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1950, pp.1-12; Taylor, E.L.H., Op.cit., pp.424-430.

284. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., pp.501-508.

285. Vgl. Dooyeweerd, H., The Christian Idea of the State, The Craig Press, Nutley, 1968, p.41, p.50. "Thus the Chris= tian idea of the state in its only possible radical, Scrip= tural sense remains the liberating message - also, yes especially in our dynamic times. And it is to us kindred in spirit, to take hold of this incomparably rich idea, to make it our own, to possess it spiritually as the heritage of our fathers. May we carry it everywhere - to benefit the entire community, now drastically distorted, as the only balm for its wounds."

286. Vgl. Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol. III, Op.cit., p.333.

287. Vgl. Donner, A.M., Bijdrage tot de Discussie over de Staats= taak, in Rechtsgeleerde Opstellen, Aangeboden aan H. Dooye= weerd, J.H. Kok, Kampen, 1951, p.180; Van Rooyen, J.C., Die Funksie van die Politieke Party in die Burgerstaat. ('n Staatsfilosofiese Studie). Ongepubliseerde M.A.-Ver= handeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1970, p.3; Van der Watt, L., Die Reg van Verset. ('n Staatsfilosofiese Studie). Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1963, pp.91-92; Kuyper, A., Het Calvinisme, Op.cit., pp.69-77.

288. Vgl. Dengerink, J.D., Critisch-Historisch Onderzoek naar de Sociologische Ontwikkeling van Het Beginsel der Souvereini= teit in Eigen Kring in de 19^{e} en 20^{e} Eeuw, Gepubliseerde Doktorale Proefskrif aan die Vrije Universiteit van Amsterdam,

J.H. Kok, Kampen, 1948, pp.203-209; Dooyeweerd, H., De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip in de Moderne Rechts- en Staatsleer, H.J. Paris, Amsterdam, 1950, p.60. "Wel heeft iedere schriftuurlijke visie op de samenleving uit te gaan van de religieuze wortelgemeenschap van het mense= lijk geslacht. Maar deze wortelgemeenschap is in de tijd niet te vinden. Hier heerst het principe der structuur= verscheidenheid, dat door de universalistische visie in al haar varianten wordt uitgeschakeld. De universalistische idee van een natuurlijke statengemeenschap is een ideolo= gische constructie zonder grondslag in de tijdelijke werke= lijkheidsorde, evenzeer als de idee van een natuurlijke ge= meenschap tussen de ondernemingen van eenzelfde bedrijfs= tak."; Van der Watt, L., Die Staatsfilosofiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Staatkunde Sedert 1910, Ongepubli= seerde, D.Phil.-Proefskrif aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1970, pp.218-233; Wessels, F.J.H., Vrouestemreg, 'n Staatsfilosofiese Studie, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1953, p.41; Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970, pp.219-236; Scheepers, D.J.J., Die Be= ginsel van Soewereiniteit in Eie Kring as Waarborg vir Burgervryheid in die Christelike Staat, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1952, pp.71-153.

289. Vgl. Diepenhorst, I.A., Historisch-Critische Bijdrage tot de Leer van den Christelijken Staat, Op.cit., p.622; Donner, A.M., Op.cit., pp.177-187; Meeter, H.H., Op.cit., pp.114-118; Du Plessis, L.J., Die Moderne Staat, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1941, pp.65-146; Diepen= horst, I.A., Christelijke Politiek, Op.cit., pp.260-283.

290. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Nor= matief-Strukturele Benadering, Op.cit., p.10; Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Hu= manisties en Christelik, Op.cit., p.15. "Ons aanvaar 'n stateveelheid as die gevolg van 'n volkereveelheid. Ter= selfdertyd handhaaf ons dat die sondeval juis die volkere=

veelheid oproep en kontinueer. Derhalwe sal die state= veelheid nie deur 'n gewaande, inherente goedheid van die mensgeslag verander kan word nie,"; Stellinga, J.R., Calvinisme en Volkenrecht, Philosophia Reformata, Jg. 12, 1947, pp.44-48; Anema, A., Op.cit., pp.224-230.

291. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staats= leer, Op.cit., pp.134-135. "De maatschap is in kosmolo= gischen zin genomen een groepeeringsvorm die de kosmische menschelijke samenlevingsbetrekkingen geenzins tot een boven-individueele eenheid integreert, doch op een coördi= natie berust, welke geen gezagstructuur noch interne soli= dariteit kent."; Kalsbeek, L., Op.cit.,pp.207-262; Spier, J.M., Op.cit., pp.166-219; Rhoodie, D.O., Die Volgroeiing van die Status van die Unie van Suid-Afrika tot Soewereine Onafhanklikheid, Ongepubliseerde D.Phil.-Proef= skrif aan die Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1969, pp.670-673; Eksteen, M.C., Lesotho. 'n Studie in Inter= nasionale Verhoudings, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1968, pp.198-201; Wol= vaardt, P.J., Botswana - 'n Studie in Internasionale Be= trekkinge, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1968, pp.1-14.

292. Vgl. Dooyeweerd, H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol.III, Op.cit., p.413.

293. Aangehaal in Goldblatt, I., History of South West Africa from the Beginning of the Nineteenth Century, Juta and Comp., Kaapstad, 1971, p.122.

294. Vgl. Jessup, P.C., The Equality of States as Dogma and Reality, Political Science Quarterly, Vol. LX, nr. 4, Desem= ber 1945, pp.528-529; Morgenthau, H.J., Dilemmas of Poli= tics, Op.cit., pp.58-62; Diepenhorst, I.A., Christelijke Politiek, Op.cit., p.275; Waltz, K.N., International Struc= ture, National Force, and the Balance of World Power, in Farrell, J.C., Smith, A.P. (reds.) Op.cit., pp.31-47; Morgenthau, H.J., The Nature and Limits of a Theory of In= ternational Relations, in Czempiel, E.O., (red.) Op.cit., pp.63-77.

295. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., p.476.

296. Vgl. Schreiner, T.L., The Afrikaner Bond and Other Causes of the War, Simpkin, Marshall, Hamilton, Kent and Comp., London, 1933, p.14.

297. Vgl. Anema, A., Op.cit., p.230; Broz-Tito, J., On Certain Current International Questions, Foreign Affairs, Vol. 36, nr. 1, Oktober 1957, pp.69-74; Krekeler, H.L., Die Aussenpolitik, Günter Olzog Verlag, München, 1967, p.223. "Wenn man davon ausgeht, dass eine Rechtsordnung durch die Aufstellung unerfüllbarer Postulate eher unterholt als gestarkt wird, dann kann man den Beitrag der Vereinten Nationen und ihrer Satzung zu einer Rechtsordnung der Völkergemeinschaft nur gering einschätzen..... . Sie sind gewissermassen der Brennpunkt in dem sich die Auffassungen der Mitglieder der Völkergemeinschaft sammeln, und von dem aus sie nach gegenseitiger Konfrontation wieder in die Welt ausstrahlen." (Onderstreep L.D.B.)

298. Vgl. Yost, C.W., World Order and American Responsibility, Foreign Affairs, Vol. 47, nr. 1, Oktober 1968, p.1; Bull, H., World Order and the Super Powers, in Holbraad, C., (red.) Super Powers and World Order, Australian National University Press, Canberra, 1971, pp.153-154. "It is not, however, a decisive argument against the Soviet-American world order that the two super powers have a special stake in its continuance. It is likely that any world order has to have its special custodians and guarantors, that no world order is possible that is not the preferred order of some group of states. The question,the lessor states have to ask themselves, is not whether they would prefer a world order in which no states had special privileges and responsibilities, but whether they would prefer that these privileges and responsibilities were exercised by a different or a wider group of states."; Morgenthau, H.J., Changes and Chances in American-Soviet Relations, Foreign Affairs,Vol. 49, nr. 3, April 1971, pp.430-437.

299. Vgl. Agar, H.S., Responsibilities of the Great Powers,

International Affairs, Vol. XXI, nr. 4, Oktober 1945, p.433, 433 ".....the little nations can contribute wisdom, civilization, great ideas, noble experiments of all sorts from which if we have any sense we can learn, but they can= not contribute power because they do not possess power."

300. Vgl. Hambro, C.J., The Rôle of the Smaller Powers in Inter= national Affairs Today, International Affairs, Vol. XV, nr. 2, Maart - April 1936, p.177. "In the development of international relationships the role of the small Powers may be very modest, but even if they only act the part of the slave who was placed behind the Roman Conqueror to remind him that he was only a human being, or of the little boy in Hans Anderson's fairy tale who alone dared to whis= per that the Emperor had nothing on, that may be of great importance."

301. Aangehaal in Acheson, D., Present at the Creation. My Years in the State Department, Hamilton Company, London, 1969, p.728; Bowman, I., The Strategy of Territorial De= cisions, Foreign Affairs, Vol. 24, nr. 2, Januarie 1946, p.194. "Weak and wrong as some of our decisions may in time prove to be, we must develop the stamina to face the consequences and try again and again and again."; Kenne= dy, J.F., Profiles in Courage, Harper and Brothers, New York, 1956, pp.237-246.

302. Vgl. Kissinger, H.A., Force and Diplomacy in the Nuclear Age, Foreign Affairs, Vol. 34, nr. 3, April 1956, pp.363-364.

303. Vgl. Ibid., p.366; James, A., Power Politics, Op.cit., p.311. "..... for a struggle for power can be conducted in accordance with rules and standards."; Morgenthau, H.J., The Nature and Limits of a Theory of International Relations, Op.cit., p.72. "A theory of international politics has the task, in applying the general principles of politics to the international sphere to reformulate, modify, and quali= fy these principles in the light of that distinctive quality of international politics. A theory of international poli= tics plays, as it were, the tune which the general theory of

politics provides, but it plays it in a key and with varia=
tions which stem from the peculiarities of international
society. The national interest defined in terms of power,
the precarious uncertainty of the international balance
of power, the weakness of international morality, the de=
centralized character of international law, the deceptive=
ness of ideologies, the inner contradictions of internatio=
nal organization, the democratic control of foreign policy,
the requirements of diplomacy, the problem of war - of
these phenomena and problems of international politics
theory must take account in terms of the general principles
of politics, which reveal themselves on the international
scene in peculiar manifestations, owing to the peculiar
character of international society."

HOOFSTUK III

GEOGRAFIESE MAGSKOMPONENTE

1 Oriënterende Inleiding

Die staat as normatiewe individualiteitstruktuur kom tot stand in die fisiese ruimtelikheid van 'n histories-ontwikkelde diversiteit van geografiese territoriums. Sonder geografiese grondgebied is daar immers van state geen sprake nie.

> "A nation may be said to consist of its territory, its people and its laws" het Abraham Lincoln op 1 Desember 1862 voor die Amerikaanse Kongres verklaar, en daaraan toegevoeg:
>
> "The territory is the only part which is of certain durability. One generation passeth away, and another generation cometh, but the earth abideth forever. It is of the first importance to duly consider and estimate this ever enduring part."[1]

Jean Gottmann munt die warboel van geografiese realiteite met die stempel van "raison d' être" van internasionale verhoudinge.[2] Vastelande en state is dus onlosmaaklik gestrengel aan die takelwerk van 'n vaste fisies-geografiese bodem - 'n "moeder aarde", "Vaderland", "homeland" of "La Patrie".[3] State is gebonde aan 'n vaste fisies-ruimtelike struktuur, wat gesien die relatiewe konstante aard daarvan, as kondisioneringsfaktor, die mag, drange en drifte van elke volk en staatsowerheid ten nouste raak.[4]

Alle state betrokke by die wêreldpolitiek is daaraan kenbaar dat geen vaste reëlmaat (vergelykenderwys tussen die state) ten opsigte van hulle aardrykskundige erfdeel waarneembaar is nie. Die aardbol is nie 'n eenvormige liggaam met die onveranderlike struktuur van 'n herkoutjie nie - inteendeel; die aardoppervlakte verskil geografies ingrypend. Land- en seemassas, woude en woestyne, riviere, berge en mere kom in ryke verskeidenheid en variasie op ons planeet voor. Cohen definieer geografie ooreenstemmend as....

"the science of area differentiation."[5]; terwyl Schwind areale differensiasie koppel aan die invloed van kultuur= geografiese ontwikkeling.

> "Staaten sind als geographische Objekte Teilräume der Erdoberfläche, die von politischen Grenzen umschnitten sind und innerhalb dieser Grenzen potentiell durch politische Akte zu eigener kulturlandschaftlicher Entwicklung kommen können."[6]

Daarmee word die kardinale onderskeiding ontbloot dat tussenstaatlike struktuurverskeidenheid nie alleen produk is van geskape geografiese variëteite nie, (verabsolutering van die aardrykskunde) maar normgewend gestalte kry deur die positivering van kultuurverskeidenheid in die skepping.

Die waarde en kruiskoppeling tussen geografie en internasio= nale verhoudinge is histories reeds deur denkers soos Aristoteles en Strabo ingesien.[7] Mettertyd het dit duidelik uitgekristalliseer dat die oneweredige verbreiding van die geografie - klimatologies, topografies, territo= riaal en andersins - die tussenstaatlike verhoudingsdina= miek ten nouste aansny.

Die staatsterritorium is die konstante fisiese domein waar= op die staat fungeer en volgens Dooyeweerd is die territoriale entiteit van die staat 'n totaliteit wat eerstens 'n objektiewe publieke juridiese kwalifikasie besit.[8] Geografie is dus verskeie geometriese struktuur= modaliteite wat nie begryp kan word sonder, en los van, fisiese en biotiese struktuurfunksies nie.

> "They all occur in their disclosed political form and cannot be grasped apart from the objective physical, biotic, sensuous and later structural functions. In a model sense the political geometrical structure remains distinct from all these functions. If this structure is ignored, all the modal structural aspects founded in it will lose their basis." aldus Dooyeweerd.[9]

Die geografie kan dus nie ontkoppel word aan die struktuur= prinsipe van die staat nie en sal onderskeidend te werk moet gaan in die modale struktuurfunksies in die sfeersoe= wereiniteite van die staatsterritorium.[10]

153/...

Juis vanweë geometriese verskille kan die magskapasiteit van state ingrypend verskil, sodanige verskille stol langs historiese weë juis uit as bepalend by die mag van state.[11] Napoleon se woorde: "The foreign policy of a country is determined by its geography."[12], is aangehaal deur menige staatsman, diplomaat en soldaat. Die klimaat, ligging, grootte, topografie en grense val in die kader onder die soeklig; faktore wat volgens die Sprouts varieer in tyd en/of ruimtelike verband.[13] Geometriese faktore kan ook tot 'n mate bepalend wees ten opsigte van nog 'n geografiese magsbron - grondstowwe.

Kroniese tekorte aan onontbeerlike natuurlike hulpbronne bring nie net interne struwelinge teweeg nie, (Indië, Pakistan, Biafra) maar plaas enige staat in 'n swak bedingingsposisie op die wêreldtoneel. "Butter makes us fat, but iron makes us strong"[14], het Hermann Goering verklaar, en oor die kardinale invloed van die grondstowwe koester Van Dyke geen illusies nie -: ".....a country without access to them is doomed to weakness."[15], terwyl Emeny minder kras in sy uitspraak is:

> "The important bearing, economic, political and strategic, which the disparity of foodstuffs and essential industrial raw materials among nations has upon their peace and war relations, is becoming universally recognized."[16]

(Gebesig in die vroeë veertigerjare het Emeny, gedagtig aan die energiekrisis van die sewentigerjare, profetiese gedagtes ge-uit.)

Die "resource school"[17], 'n terminologiese koppeling van Wright, dui struktuuranalities heeltemal tereg daarop dat grondstowwe nie geografies standhoudend is nie. Onderskeidend ten opsigte van geometriese faktore wat gangbaar as konstante kondisioneringsmomente aanvaar word, kan hier hoogstens van momentele - in die tyd groeiende of kwynende - magsbeïnvloeding gepraat word. Konstant kan grondstowwe nooit wees nie, omdat bestaande bronne uitgeput raak; besoedeling en vermorsing eerder 'n las as bate is[18]; en die eksploitering van nuwe bronne tegnologiese kundigheid en ervaring behoef. In dié lig

tree nog 'n belangrike dimensie na vore - sonder doel= treffende tegnologiese en industriële benutting was grondstowwe histories deurgaans die vyfde wiel aan die wa (sentraal-motiverend ten opsigte van kolonialisme en imperialisme). Onderontwikkelde lande is daardeur blootgestel aan roofbou en parasitiese tussenstaatlike bloedsuiertegnieke. Eers die nypende tekort van die laat twintigste eeu, en die skynbare internasionale geregtig= heidskonsensus, het die bedingingsposisie van tegnologies trae besitters van "rou" materiale gewysig. Waar grond= stowwe eers 'n potensiële magsbron was (afhanklik van tegnologiese vernuf) het dit waarskynlik nou 'n kardinale en blywende magstempel verwerf.

Uitgaande van die belangrikheid van die geografie vir die wêreldpolitiek, was daar verskeie denkers wat sedert antieke tye deterministiese hipoteses opgewerp het - die sogenaamde geopolitieke denkskool. Die geografie as konstante territoriale wetmatigheid is van veelseggende belang. Wie dit egter verabsoluteer (Ratzel, Mackinder, Mahan, Kjellen, Spykman, Haushofer e.a.) verskraal die struktuur van internasionale verhoudinge tot aardryks= kundige determinisme. As die staat bowendien as 'n lewende biologiese organisme deur Ratzel (1844 - 1904) aangetoon word -

> "So wird uns denn der Staat zu einem Organismus", verklaar hy in *Politische Geographie* en vervolg: "in den ein bestimmter teil der Erdoberfläche so mit eingeht, dass sich die Eigenschaften des Staates aus denen des Volkes und des Bodens zusammensetzen."[19]

Ten einde die evolusionistiese groeiende siklus te handhaaf word swaardmag onontbeerlik, en vandaar ook die klem op die militarisme binne die breëre raamwerk van geopolitiek.

Dat die toekoms van die tussenstaatlike natuurwetmatig in 'n fisiese ruimtelikheid vasgelê is, en dat wie hier ryklik toebedeel is, uiteindelik die militante septer van gesag oor al die state sal swaai, is 'n oorvereenvoudiging van tussenstaatlike realiteite en onaanvaarbaar. Geen rekening word gehou met die kultuursye van die tydelike

werklikheid nie, en so word die internasionale politiek gebind aan natuurwetmatighede. Juis dié gedagtegang plaas die geopolitika binne die breëre konsep van die magspolitiek. Met die taakstellende oriëntering in gedagte word geometriese faktore nader ontleed.

2 Konstante Geografiese Kondisioneringsfaktore

2.1 Inleiding

Fisiese geografiese realiteite soos onder andere klimaat, topografie en areale verbreiding het oor die gang van baie eeue basies konstant gebly.[20] Weliswaar het die mensdom ontwikkel van 'n landbougemeenskap na 'n stads= gemeenskap, en uit 'n bestaansoogpunt beskou minder af= hanklik geword; "da diese Abhängigkeit sich nicht mehr so geltend machte wie früher,"[21] verklaar Grabowsky - geometriese realiteite daarenteen is egter daardeur min verander. Die versoeking is daarom immer teenwoordig om 'n "cause and effect"[22] invloed aan te toon tussen permanente geografiese gegewens en internasionale verhoudinge.

Die standhoudendheid van die faktore het egter as gevolg van die ontwikkeling van tegnologiese vernuf onder verdenking gekom. Die masjien en industrie het die mens, met sy ten hemele reikende pieke van tegnologiese kennis en kunde, laat glo aan die epog dat geen jota of tittel onaantasbaar is nie.[23] 'n Tegnologiese rewolusie[24] wat meebring dat daar letterlik berge versit kan word. Die Suez-, Panama- en Kielkanale, verskeie bergpasse, tonnels, hawens en damme is almal voorbeelde van die tempering van die geografie deur menslike vernuf tot eie voordeel. Die dyke van Holland is 'n verdere sprekende voorbeeld dat menslike vindingrykheid ten opsigte van die natuur nie onderskat moet word nie.[25]

Genoemde veranderings beweeg egter nog steeds slegs op die periferie en word ook verwelkom. Daarmee is die pit van geometriese faktore egter nog grootliks onaangetas. Die verwydering van die Alpe-Gebergtes in Sentraal-Europa, of die Amasone-Oerwoude van Suid-Amerika, of

156/...

die Saharawoestyn in Noord-Afrika is in die atoomeeu waarskynlik nie bo die tegniese vuurmaakplek nie[26] - maar die futiliteit van sodanige optrede spreek duidelik. As die koste en tyd bereken word is dit futiel, en die verwoesting van die menslike "habitat" bly ook nie uitgeslote nie. Die natuurlike en fisiese prosesse op aarde het 'n ragfyn balans, en as dit in te 'n hoë mate versteur word, kan die mens daarmee op die lange duur sy woonplek kwyt wees.

Die tegnologiese kundigheid ten spyt moet daar oor die geheel gestateer word dat onder stabiele omstandighede, die faktore wat hieronder aan die orde gestel gaan word, basies konstant bly. Oorlogs- en verwante toestande kan die status quo wel wysig (bv. die territoriale omvang van state), maar as sulks is dit onderhewig aan die gebruik van een of ander magsvorm, en val buite die raamwerk van vreedsame verandering.[27] In hierdie milieu is verandering eerder die uitsondering en nie die reëlmaat nie, waarvan klimaat 'n sprekende voorbeeld is.

2.2 Klimaat

Mens en staat is nou gebonde aan klimatologiese effekte - soveel só dat Spykman opmerk: "In general, history is made.....between 25° and 60° north latitude."[28] Lank reeds word klimaat (die gemiddelde weersgesteldheid van 'n bepaalde plek in tydsduur; soos vergestalt in winde, reënval, temperatuur ens.)[29], van bepalende effek ten opsige van die mens se vitaliteit en sy kultuurbe= drywighede gereken. Klimaat en die ontwikkeling van staatkundige mag is nou verwant en dit is nie bloot toe= vallig dat die mees lewenskragtige state en nasies in die gematigde temperatuursones voorkom nie.[30]

> "Drought can impoverish wealthy Texans or wipe out near-starvation Chinese. Winter can tie up Europe's transportation, exhaust England's coal supplies, or freeze most of Russia's ports. Balanced seasons can bulge American granaries to the point of overflow, or give Eastern Europe exportable surpluses with which to purchase industrial equipment."[31], aldus Haas en Whiting.

157/...

Denkers wat die staatkundige invloed van die klimatologie verreken is onder andere Hippocrates (400 v.C.) en Aristoteles (350v.C.) wat sy ideale staatsteorie koppel aan klimatologiese deterministiese invloed op die staatsburgers van die Helleense stadstate met die woorde:

> "Those who live in a cold climate and in Europe are full of spirit, but wanting in intelligence and skill; and therefore they retain comparative freedom, but have no political organization, and are incapable of ruling over others. Whereas the natives of Asia are intelligent and inventive, but they are wanting in spirit, and therefore they are alwys in a state of subjection and slavery."[32]

Verder is daar die Romeinse historikus Pliny (60 n.C.) en die Arabiese historikus Ibn-Khaldun (produktief tussen 1382 - 1405); Bodinus (1530-1596) wat in *Six livres de la Republique* (1576) klimaat en topografie aan nasionale karakter koppel[33]; en Montesquieu (1689 - 1755) met sy *L'Esprit des lois* waarin verskeie heldere formulerings die oog vang -

> "We have already observed that great heat enervates the strength and courage of men, and that in cold climates they have a certain vigor of body and mind, which renders them patient and intrepid and qualifies them for arduous enterprises.....We ought not, then, to be astonished that the cowardice of people in hot climates has almost always rendered them slaves; and that the bravery of those in cold climates has enabled them to maintain their liberties. This is an effect which springs from a natural cause."[34]

Verdere denkers is Arbuthnot (1667 - 1735); Buffon (1707 - 1788); Reclus (1830 - 1905); Buckle (1821 - 1862); Guyot (1807 - 1884) en in die twintigste eeu veral Huntington[35], Wheeler, Visher en Mills.

Die barre Russiese klimaat was een van die vernaamste faktore wat die leërmagte van Napoleon in 1812 die nekslag toegedien het en die magtige divisies van Hitler in 1941 bloedneus laat loop het teen die Asiatiese winter.[36] Daarenteen het die warm klimaat van Indië by die oor= spronklike Hindoe-bevolking die gees van krygshaftigheid

getemper en daardeur die taak van die Mohammedaanse invallers vergemaklik.[37] Beperkende klimatologiese faktore tree aldus op die voorgrond.

2.2.1 Beperkende Klimatologiese Faktore

Koue, hitte en droogte is drie elemente van klimaat wat beperkend op menslike vitaliteit en die ontwikkeling van staatkundige mag kan inwerk.[38] Poolstreke met ekstreme koue temperature skyn uit die geskiedenis die traagste te wees om hulle aan menslike vormingsarbeid te onderwerp. Die formidabele (berserkir)[39] Vikingers wat teen die einde van die tiende eeu Groenland beset het, was net nie in staat om die meedoënlose klimaat te temper, of om hulle lewenswyse daarby aan te pas nie.

> "They were apparently unable to adapt themselves to the Eskimo's way of life", verklaar East: "and despite their superior material culture could not defend themselves. The study of the skeletons of the last survivors tells a pitiable story; the descendant of the hardy Viking pioneers were an inactive flock of debilitated individuals, under= sized and deformed."[40]

Die ysige klimaat van die poolstreke het vir baie eeue 'n natuurlik barriere gevorm en sy rykdomme agter die onmeetlike en bevrore yswêreld verskans.[41]

Geen magtige moondheid het nog in territoriaal-omslote poolstreke tot stand gekom nie, maar baie state het 'n deel van hulle staatsterritorium daarin gehad sonder dat hulle daardeur verswak is. Inteendeel, Alaska bied dieselfde strategiese voordele aan Amerika, as wat Siberië aan Rusland gee. Nie alleen ten opsigte van ontginbare grondstowwe en minerale nie, maar strategiese bergings - skuilplekke en toetsareas vir ontwikkelde kernwapens.[42] Bruikbaar as toetsterreine juis vanweë die feit dat daar geen mense kan woon nie.

Die geweldige temperature rondom die ewenaar en woestynstreke tap die lewenskrag van die mens. Menslike nedersetting word deur plantegroei (ekwatoriale woude);

temperature - "These lands are always warm and always wet."[43] - (langs die ewenaar) en siektes (malaria en slaapsiekte) gedwarsboom. Die eentonigheid in kli= maat en seisoenale stagnasie was van die hooffaktore waarom daar vandag in dié streke vele oorblyfsels is van die mislukte pogings van die mens om sy omgewing te beheers.[44] Magsentra was nog nooit na aan die ewenaar geleë nie en met die moontlike uitsondering van Brasilië, is daar weinig rede om te glo dat die stande van sake sal verander.[45] In Brasilië het daar tog in die barre hinterland 'n nuwe hoofstad - Brasilia - as produk van menslike tegnologiese vindingrykheid uit die niet tot stand gekom.[46]

Droogte is 'n belangrike klimatologiese effek, veral ten opsigte van woestyngebiede. Weliswaar het baie van die vroegste stadstate in vrugbare riviervalleie (Nyl, Tigrus, Geel, Jangste, Indus en Ganges) ont= wikkel, maar die konsekwente politieke groei van dié state is deur omringende woestyne aan bande gelê. Die Sahara, Gobi en Namib was aanvanklik nie baie gewild vir kolonialisme en eksploitasie nie en alhoewel dit onwaarskynlik is dat 'n superstaat hier tot stand kan kom[47], huisves die gebiede onberekenbare skatte aan energiebronne en grondstowwe. Wetenskaplike en tegnologiese verbeeldingsvlugte uitgeslote, sal woestyngebiede altyd die prestasievermoë van mens en staat aan bande lê. Diepsnydende klimatologiese verskille binne een staatsterritorium veroorsaak dan en wan politieke verdeeldheid. 'n Gebrek aan politieke eensgesindheid is dikwels sodanige state se deel en 'n sterk saak kan waarskynlik daarvoor uitgemaak word dat klimatologiese verskille differensiasie in politieke denke kan stimuleer. Klimaatverskille is bowendien 'n bron van mag in dié sin dat dit areale verbreiding meebring wat variëteit en balans ten opsigte van land= bougewasse tot gevolg het. Gunstige klimaatsfaktore speel derhalwe ook 'n belangrike rol.

160/...

2.2.2 Gunstige Klimaatsfaktore

Die gematigde klimaatsones huisves vandag die pasaangeërs van die wêreldpolitiek. Tog is dit nie 'n historiese konstante nie. In die tydperk toe die staatkundige potensiaal van Egipte en Babilon hoë vlugte geneem het, is Europa nog deurkruis deur barbaarse bendes en Amerika deur primitiewe natuur= kinders. Anders gestel, kulturele vormingsarbeid betree ook hierin die ontsluitingsproses - beskawings= groei en kulturele lewenskragtigheid sou uiteindelik anker gooi in die klimaatstreke waarin dit ten beste kon gedy. Huntington, die mees invloedryke propageer= der van die gedagtes in die twintigste eeu, is dieselfde mening toegedaan as hy opmerk:

> "A certain peculiar type of climate prevails wherever civilization is high. In the past the same type seems to have prevailed wherever a great civilization arose. Therefore, such a climate seems to be a necessary condition of great progress."[48]

Dikwels word daar ook verwys na die "polar march of civilization."[49]

Die realiteite van die twintigste eeu dui bo alle twyfel daarop dat ten spyte van sentrale verwarming, lugver= koeling en pogings om kunsmatig reën te veroorsaak, beskawings en state beter floreer in gematigde klimaat= streke. Dit kan nie bloot toevallig wees dat die magsentra van die twintigste eeu ten minste vir 'n groot deel van hulle grondgebied sodanig areaal geleë is nie. Internasionaal kan ook aangetoon word dat mags - en/of beskawingsmeerderes dikwels die soortgelyk-minderes uitgedryf het na minder gunstige klimaatstreke. Hiervan is die Boesmans in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika 'n uitstekende voorbeeld.[50] Trouens, klimaat speel sonder twyfel 'n belangrike rol in oorlogvoering. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die klere en toe= rusting van soldate in Noord-Afrika, Rusland en die tropiese eilande van die Stille Oseaan ingrypend verskil. Voordele van akklimatisasie is duidelik en dit was geen geringe voordeel in die stryd van die Russe teen

Napoleon of Hitler[51]; of die aanvanklike suksesse van die Boeremagte tydens die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902) nie.[52] Alhoewel die voordele van klimaatsomstandighede erkenning verdien, behoort daar tog gewaak te word teen die ooraksentuering van die aspek.

2.2.3 Verabsolutering van Klimaat

Beskawingsontwikkeling en differensiasie bring 'n geleidelike onafhanklikheidsgroei met betrekking tot die natuur, en dit gepaar met tegnologiese wondere van ons eeu kan progressief die invloed van die klimaat laat afneem. Geografiese determinisme bevat voorts die dilemma dat indien die subjeksfunksie van die klimaat verabsoluteer word (Huntington, Wheeler[53] en Mills[54]) dit geen ruimte bied vir gedifferensieerde kultuurontplooiing nie. Die aksieradius van menslike kultuurvorming moet - aan die deterministiese uit= gangspunt gebind - 'n steriele eenvormige karakter openbaar. Klimaatverskille bring juis gevarieerde kultuurontwikkeling, maar dan nie as dominerende of enigste beïnvloedingsmoment nie, maar wel in harmonieuse afweging met ander bepalende komponente. Klimatologiese effekte is belangrik, maar behalwe vir kritiek teen die wetmatigheid daarvan[55], bied natuurkonstantes[56] nie die volledige beïnvloedingspektrum op die wêreld= politiek nie.[57] Die invloed van kultuurnorme oorskadu altyd die natuurwetmatighede. Die ligging van 'n staat kom egter ook hier onder die soeklig - die tema wat ons vervolgens aan die orde stel.

2.3 Ligging

Die belangrikheid van die ligging van 'n staat op die wêreldkaart val in drie vlakke uiteen. In terme van lengte- en breedtegraad (astronomiese ligging); die ligging ten opsigte van die staat se onmiddellike bure en kontinente in die geheel, en die ligging met betrekking tot die oseane.[58]

162/...

"No phenomenon on the earth surface may be considered for itself; it is understandable only through the apprehension of its location with reference to other places on the earth."[59] - aldus Hettner.

2.3.1 Astronomiese Ligging

Astronomiese geografiese standplase word gewoonlik bepaal deur die afstand vanaf die ewenaar en die pool= gebiede. As sulks speel ligging 'n bepalende rol met betrekking tot klimaat. Laasgenoemde is in antieke tye veral weer resloos gekoppel aan die prestasievermoë van die menslike individu. "Soft countries", skrywe Herodotus "invariably breed soft men"...; terwyl Plato opmerk ".....we must not fail to notice that some districts are naturally superior to others for the breeding of men of a good or bad type."[60] Meer deurslaggewend is egter die ligging met betrekking tot ander state.

2.3.2 Tussenstaatlike Ligging

Die ligging van elke staat in relasie met sy onmiddellike bure het menige moondheid al in 'n sterk of swak inter= nasionale bedingingsposisie geplaas. Die kompleksiteit kan waarskynlik toeneem met die getal buurstate[61], kulturele eenvormigheid en/of differensiasie, botsende ideologiese standpunte, afstand vanaf die internasionale mentor (Kuba se afstand vanaf Rusland)[62], grensgeskille en ligging met betrekking tot supermoondhede.

Duitsland worstel van oudsher af met die probleem dat dit geleë is tussen Engeland en Frankryk op sy wester= flank en Rusland op sy oosterflank. Die magtige buur= state aan beide kante het sy militêre magsekspansie doeltreffend aan bande gelê.[63] Om dieselfde rede was België male sonder tal die slagveld van Wes-Europa en is Nepal 'n pion in die hande van die "grootmeesters" Rooi Sjina en Indië. Die lotgevalle van die Poolse volk word al eeue lank beheers deur sy vasklemming tussen die oorlogsugtige state Rusland en Duitsland.

Vir meer as 'n eeu het Amerika die branding van statestryd vrygespring en as gevolg van sy ligging met ander state die geleentheid gehad om rustig tot volle wasdom te kom. As daaraan toegevoeg word dat Amerika geen buurstate gehad het wat enigsins 'n werklike tussenstaatlike magsbron was nie, dan kry die ligging nog meer drakrag.

Tegnologiese ontwikkeling kan die ligging van state meegaande verhoog of verlaag. Die voltooïng van die Suez-, Panama- en Kiel-kanale het die strategiese ligging van die omringende state onmiddellik verhoog.[64] Die sluiting van Suez sedert 1967 verg 'n herwaardasie van die strategiese ligging van Suid-Afrika en die fundamentele belang van die Kaapse Seeroete - stande van sake wat Generaal Kruls in die volgende woorde vertolk:

> "More than ever before I have been convinced that it is not South Africa which has to go on its knees to ask for ships and weapons and support, but the countries of N.A.T.O. that must ask South Afri a to do its utmost to maintain its position on the African continent and to assist the countries of Western Europe and North America not only to keep the sea lanes open, but to prevent further penetration into African countries."[65]

Hieruit volg dit logies dat ligging met betrekking tot oseane in baie gevalle deurslaggewend is.

2.3.3 Maritieme Ligging

Die drang na maritieme toegange is histories ingebed by state wat landingeslote was, en vanselfsprekend die voordele van maritieme ligging wou deel.[66] Handelsvoordele, goedkoper verbindingsweë en groter sekuriteit is kenbaar by state wat kuslyne as grense besit. Die lengte van die kuslyn, hoeveelheid seë wat die staat omspoel[67], en die ligging van die see self (die landingeslote Swart See teenoor die verbreidheid van die Atlantiese Oseaan) is almal faktore wat 'n rol speel. Trouens, die buitelandse beleid van Rusland is sedert

die dae van die Tsaars, dinamies daarop ingestel om die warm waters van die Indiese Oseaan te bereik.[68]

Eilandstate het juis as gevolg van hulle maritieme ligging in die verlede groot strategiese voordele geniet.[69] Engeland is in die stryd teen Napoleon en Hitler slegs deur die smal Engelse kanaal van verwoesting gered. Bowendien het die eilandligging daartoe bygedra om die Engelse 'n seevarende moondheid te maak.[70] Die bevaarbaarheid en globale maritieme ligging maak die Mediterreense See maklik afkampbaar (Gibraltar, Suez); ook die Botniese Golf kan maklik deur die toegangstate, Denemarke en Swede, beheer word. Suid-Afrika se ligging aan die Atlantiese en die Indiese Oseane maak 'n maritieme blokkade aan die ander kant bykans onmoontlik.

Die ligging van 'n staat kan deurgaans as 'n konstante struktuurgegewe aanvaar word. Die deterministiese invloed daarvan sal oor die tyd heen dus haas onveranderd bly. Die objeksfunksie daarvan kan deur menslike positivering gewysig word - die ligging deur menslike kultuurtoerusting gunstig getemper word. Daardeur is die strukturele ligging van die staat egter hoegenaamd nie aangetas nie. Die grootte van 'n staat is nog 'n faktor wat die magsinhoudelike bepaal.

2.4 Grootte

Die areale oppervlakte van 'n staatsterritorium kan nie sonder meer bepalend wees by 'n evaluasie van sy magsvermoë nie, en tog maak Schwarzenberger die opmerking: "The possesion of large territories appears to be a feature which Greater powers have in common."[71] Hartshorne probeer die invloed van grootte ontken[72], maar die "Raum"-konsep, - mits dit nie tot die norm verhef word nie[73] - sal altyd van deurslaggewende belang bly. In die woorde van Padelford: "While a relatively large area is not in itself indicative of power, it is generally a prerequisite to power."[74]

Dwergstate soos Luxembourg, Monaco, Andorra, Liechtenstein

en andere verhoed genoegsame beskikbaarheid van menslike en natuurlike hulpbronne, terwyl die potensiële beskik= baarheid en ontplooiing daarvan in Sjina, Indië, die V.S.A. en Rusland vanselfsprekend meer beskikbaar was en is. In oorlogstyd gee ruimte veel strategiese voor= dele - die prysgawe van grondgebied vir herorganisasie lê alleenlik binne die vermoë van groter state. Rusland kon in die stryd teen Hitler duisende kilometers afstaan - ruimte vir tyd inruil - om her-georganiseerd die invallers te verdryf.[75]


Hierteenoor was geografiese grootte by Australië, Kanada en Brasilië nie vanselfsprekend 'n paspoort na internasio= nale mag nie. In al drie gevalle lê uiterstes van klimaat 'n kragtige demper op magsontplooiing[76], terwyl die genoemde lande se ligging hulle ook van die hartklop van die wêreldpolitiek afgesny het. Japan en Engeland daarenteen het die polsslag van internasionale verhoudinge intens meegemaak en ten spyte van geringe grootte (eilandstate) 'n onuitwisbare stempel op die gang van die internasionale politiek uitgeoefen. Gedurende 1905, teen Rusland, en die Tweede Wêreldoorlog, teen die V.S.A., het Japan met harde slae geillustreer dat hy nie op grootte getakseer moet word nie.[77]

Die imperialistiese uitbreiding van die "Raumsinn" ("Lebensraum") bring verabsolutering van die geopolitika teweeg. Dié ketterse regverdiging vir grondinpalmings= drange (soos veral geëksponeer deur Haushofer) stel ons later meer volledig aan die orde.

Indien die twee magtigste state in die middeljare van die twintigste eeu, (Amerika en Rusland) die grootste staatsterritoriums besit, mag dit nie verlei tot deter= minisme nie. 'n Groot oppervlakte kan ook magsbeperkend inwerk.[78] Dit behou altyd 'n subjeksfunksie in die ruimtelike; en deur menslike arbeid kan dit gode-afvallig, of tot ruimste seën vir land en volk positiverend ontplooi word. "Geographic conditions determine largely where history is made, but it is always man who makes it."[79] merk Strausz-Hupé en Possony tekenend op. Kartografies

166/...

kan die state van die wêreld in ooreenstemming met hulle grondoppervlaktes soos volg voorgestel word.[80]



2.5 Vorm

Die ideaaltipiese vorm van 'n staat is die van 'n sirkel, 'n kompakte staatsterritorium wat langs 'n wye spektrum voordele in die tussenstaatlike bedingingsposisie veroor= saak.[81] "Internal political cohesion" soos Alexander dit stel, word aangehelp deur 'n kompakte staatsvorm - stimulerend vir die ontwaking en ontwikkeling van nasionale eenheid. Verafgeleë geografiese stalagtiete (Caprivisone van Suidwes-Afrika) of eilandbrokkies (Oos-Pakistan, Kabinda en Oos-Pruise tussen 1919 - 1939)[82] is 'n struikelblok vir nasionale eenheid en bemoeilik die

167/...

uitoefening van effektiewe owerheidsgesag. Die ver= brokkeling van koloniale ryke - veral die effektiewe kontrole uit Westminister oor die Britse Statebond - kan waarskynlik ook nie losgemaak word van hierdie stelsel van "remote control" nie. Griekeland en Noorweë se sierra-agtige vorm, verhinder veral in oorlogstyd effektiewe strategiese beheer en kontrole.

Algemeen kan aanvaar word dat 'n kompakte staat 'n korter grenslyn het om te verdedig, verdediging in diepte kan organiseer, verbindingskanale en kommunikasielyne relatief maklik kan opbou en in stand hou en les bes die staatsadministrasie met meer gemak nasionaal kan laat funksioneer.[83] Weliswaar is dit logies dat 'n "bonkige" staatsvorm in oorlogstyd meer strategiese voordele bied, maar ook in die status quo van vrede veelal begunstigend kan inwerk. Ook hier dien trouens vermeld te word dat die vorm van elke staat 'n stabiele stand van sake veronder= stel en dat probleme of voordele daaraan verbonde deur menslike skeppingsarbeid oorkom kan word, of deur 'n Jan-Salie-gees tot natuurwetmatige vormonderworpenheid gedwing kan word.

2.6 Topografie

Bergreekse, plato's, heuwels, vlaktes en valleie - die reliëf van elke staat - is verskillend met betrekking tot enige ander staat of state.[84] Dat dit 'n invloed op die sielkundige en sosiologiese gedragspatrone van mense en volke uitoefen, staan vas. Daarby beïnvloed dit vervoerstelsels, landboupotensiaal, politieke eenheid en die bepaling van landsgrense. Tussenstaatlik bring dit voordele of nadele in toeganklikheid en verdedigbaarheid van landsgrense, terwyl die interne voor- en/of nadele die landbou en kultuurbedrywighede van state aansny.[85]

Die uitgestrektheid van die Russiese Steppe, die golwende vlaktes van die Amerikaanse Weste en die wydse Vrystaatse vlaktes oefen 'n subjektiewe invloed uit op die menslike persoonlikheid.[86] Die mens kan die invloed van sy "habitat" nooit afskud nie. En tog is die mens nie daaraan onderworpe nie, hy ontsluit dit sinvol, korrek,

168/...

tot sy eie voordeel[87], en tot eer van God. Dienaangaande skrywe Strauss:

> "In Christus gehoorsaam, is die mens hierin terselfdertyd volkome afhanklik van sy intieme verbondenheid aan sy aardse tuiste. Sonder die aarde ken geen mens die tydelike lewe nie en sonder die aarde is daar ook geen sprake van ons tydelike lewensvorme en ons tydelike bouwerke nie."[88]

Bergreekse voorsien Japan met oorvloedige water en hidroëlektriese krag, maar gepaard daarmee gaan die beperking op vrugbare landbougrond. Bergreekse het verhoed dat Switserland - soos België - die slagveld van Europa geword het. Dit vorm 'n gedugte bastion tussen Spanje en Frankryk en skei ewe-eens beperkend vir Italië en Switserland. Met betrekking tot oorlog= voering is die probleme van bergagtige topografie van= selfsprekend. Bergreekse het aan baie guerillamagte 'n veilige veste gebied.[89] In *Guerrilla Warfare* skrywe Che Guevara: "Fighting on favorable ground and particu= larly in the mountains presents many advantages....."[90]

Riviere is kenmerkend van bergagtige topgrafie en alhoewel dit spotgoedkoop vervoer verskaf, oorvloei hulle dikwels die walle met geweldige skade.[91] Voorts vloei die riviere in Rusland merendeels van Noord na Suid, terwyl vervoer eintlik van Oos na Wes behoef word. Vlakteland het hordes perderuiters eeue lank vlam en swaard deur Asië laat dra, terwyl dit ook die vrugbaarste landbougrond bevat.[92] Meer as 90% van die wêreldbevolking is op vlaktes gevestig, omdat dit menslike vestiging vergemak= lik.[93] Kommunikasie, telefoon, radio en televisie opereer ook makliker op uitgestrekte vlaktes.[94]

Grootskaalse reliëfverskille bring afsondering en daaruit kan politieke en kulturele verskille binne een staats= territorium voortspruit. Ook hier is veralgemenings egter gevaarlik omdat die Soedan waarskynlik baie meer politieke en kulturele verdeeldheid en spanning het as Switserland. Topografiese realiteite is met verloop van eeue deur die mens getemper, (Bergpasse en -tonnels, kanale, ens.)[95], maar die Pirenieë sal op 'n reliëf-kaart

169/...

altyd uitstaan as die geografiese muur wat Frankryk en Spanje verdeel. Topografiese determinante is nog altyd as 'n gunstige basis vir die vasstelling van tussen= staatlike grense aanvaar.

2.7 Grense

Landsgrense - tussen nasionale staatsterritoriums - impliseer die strukturele afkamping van die swaardmag van die owerheid en die juridiese integreringsmilieu waarbinne die owerheid bevoeg is om regsvergeldend op te tree.[96]

> "Boundaries separate the sovereignty of one state from that of its neighbours." verklaar Pounds, en gaan voort: "No state has rights of tax collecting, of conscription, of law enforcement, or of military occupation outside its boundaries except in those few instances where such a right is conferred by international treaty of guaranteed by international law."[97]

Die historiese ontwikkeling tot 'n nasionale stateveel= heid bring mee dat grense algaande skerper geteken, en meer absolute skeiding gehandhaaf word. Die finale uit= kristallisering van landsgrense gaan daarom gepaard met die bestendiging van die owerheidsgesag oor sy volle taakgebied[98] - die verskil tussen "frontiers" en "boundaries" soos vertolk deur Kristof.[99] Groeiende kulturele homogeniteit en onafhanklikheid van die natuur (jagtersvolke is nie deur nasionale grense vasgepen nie) het die skeiding tussen wordende staatsterritoriums dwingender vasgelê.[100] Kortom, erkende landsgrense is die produk van beskawingsontwikkeling en van die geleide= like vergestalting van nasionale state deur die verdringing van feodale verbrokkeling.

2.7.1 Grensklassifikasie

Die volgende indeling is kenbaar in die groei en wording van tussenstaatlike grense. Tradisioneel het fisiese topografiese gegewens (berge, riviere, mere, seë) staatsterritoriums afgebaken.[101] Kulturele en etniese stimulering word bepaal deur historiese agtergrond, taal, ekonomiese eenheid, juridiese homogeniteit en

170/...

godsdiensgemeensaamheid.[102] Handhawing van skeiding is egter meer problematies, veral as dit kunsmatig vasgestel word soos in Korea, die Midde-Ooste en Viëtnam.[103] Geometriese grense word gewoonlik neegelê in dunbevolkte gebiede waar geen geografiese rigtingpeilers is nie - "leunstoelgrense" soos by= voorbeeld die Oosgrens van Suidwes-Afrika.[104] Laastens word komplekse grense - kombinering van twee of meer van die voorafgaande indeling[105] - ook aangetref.

2.7.2 Grense en Staatsmag

Die grense van 'n staat impliseer die afkamping van sy swaardmagbevoegdheid in normale tussenstaatlike omstandighede. Gedurende 'n oorlogstoestand (konvensioneel)[106], word gepoog om die soewereiniteit van die vyandelike swaardmag te troef, en beheer te verkry oor dele of die geheel van die vyandelike staats= territorium. Die voordele van strategiese skeidings= sones, soos berge, riviere en woestyne volg logies, terwyl in dié kader ook die probleme rondom invalle in kusstate verreken moet word.[107]

Die uitkristallisering van grense; volgens historiese ontwikkeling of aanvaarde gewoonte en praktyk, teenoor gedwonge aanvaarding (weens gebrek aan regshandhawings= kapasiteit) kan vreedsame naasbestaan of smeulende onreg en die begeerte tot regsherstel meebring. Met die Verdrag van Parys in 1860 het Rusland grensreëlings op Sjina afgeforseer[108]; 'n ongeregtigheid wat in die Koue Oorlog tot sporadiese botsings aanleiding gee, en vrugbare teelaarde vir stryd en konflik meebring.[109]

Die twintigste eeu ken ook die proklamering van 'n nuwe grenstipe, naamlik ideologiese grense.[110] Die ystergordyn en die bamboesgordyn impliseer die ringmuur rondom lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings. 'n Kunsmatige - maar effektiewe vergestalting van invloed= sfere wat deur die magtige ideologieë van die twintigste eeu afgepen word. Die wekroep van Marx: "De arbeider heeft geen vaderland"[111], dui daarop dat nasionale grense deur die arbeiderproletariaat oorspoel moet word en Amerika voer graag aan dat hy vir die beskerming

171/...

van demokratiese vryhede in Suidoos-Asië veg. "In the resulting confusion," verklaar Kristoff, "friends are sought in enemy territory, and enemies discovered among fellow citizens of the homeland."[112] Grense word aldus in verskillende gedaantes vergestalt in die internasionale verhoudinge van die twintigste eeu. Langs nasionale staatsgrense (redelik stabiel en vasgesak) is daar ook godsdienstige, juridiese, ekonomiese, sosiale en taalgrense (meer vloeibaar en konfliksmeulend) wat nasionale grense dikwels ophef en die magsvermoë van state aan bande lê, dreineer of uitbou. So gesien, word grense belangrik op 'n breë spektrum, en is die tradisioneel-aanvaarde stabiliteit van staatsgrense daarmee heen.

2.8 Oorsiggedagtes

Konstante geografiese realiteite wat aan die orde gestel is[113], sny die magsvermoë van state ten nouste aan. State wat in die sfeer swak toebedeel is, sal waarskynlik nie daarin slaag om tot pasaangeërs in die verhoudings tussen state te ontwikkel nie. Geometriese geografiese faktore mag egter nooit verabsoluteer word nie. In die wêreldpolitiek is die menslike positiveringsarbeid deurslaggewend; dit is die mate waartoe konstante geografiese magskomponente uitgebou en aangewend kan word deur die vindingrykheid en arbeidsbereidheid van die bevolking van elke nasionale staatsterritorium.

3 Grondstowwe en Energiebronne

3.1 Inleiding

Grondstowwe en die beskikbaarheid van minerale en van energiebronne moet ten nouste gepaar word met die magsparaatheid van state. Fairgrieve gaan sover as om die eie-aard van geskiedenis te sien in die menslike kontrole van energiebronne as hy verklaar:

> ".....it may be said that in its widest sense on its material side history is the story of man's increasing ability to control energy".[114]

Vir Strausz-Hupé en Possony daarteenoor is grondstowwe bepalende peilers met betrekking tot internasionale magsvermoë:

> "These raw materials are unequally distributed upon the earth's surface and among nations. This condition - or rather geologic accident - may determine with considerable finality the importance of a nation's role in inter=national politics."[115]

Energiebronne en grondstowwe is onvervangbaar en onher=nubaar[116], daarom moet dit as kosbare kleinode met oorleg geëksploiteer word.[117] Bowendien is die bronne oneweredig versprei, en die ontbering van sommige strategiese bronne kan magsimpotensie veroorsaak, of selfs oorlog oor die besit daarvan laat ontbrand.[118] Selfvoorsienendheid bly 'n utopiese droombeeld, die daadwerklike strewe tot die verwesenliking daarvan kan buitendien die lewenstandaard en bedingingsvermoë van state aantas.[119] Eerstens word die aandag op die elementêre grondstowwe toegespits.

3.2 Elementêre Grondstofkomponente

3.2.1 Bodemgesteldheid en Grondvrugbaarheid

Die bodemfondasie (fisiese grondoppervlakte) van state is van lewensbelang vir landbouprodukte - die lewering van voedsel aan sy bevolking.[120] Die "swart aarde" van die Oekraïne gee aan die "saaier" driedubbele loon op sy arbeid, maar die bodem van sommige streke is so swak, dat die sweet van die "saaier" geen vrug uit die stowwerige aarde voortbring nie. Die mens - Homo Sapiens - leef in 'n delikate harmonie met sy natuur=like omgewing en die bewaring van moeder aarde is van lewensbelang vir voortbestaan. Gronderosie verminder nie net die vermoë om voedsel te produseer nie, maar raak op 'n baie direkte wyse die magsvermoë van 'n staat.[121] Afhanklikheid van landbouprodukte en voedsel is kardinaal, veral in oorlogstyd, en die staatsburgery

173/...

wat die delikate balans met sy bodem verontagsaam staar magserodering langs die hele linie in die gesig.[122] Inderdaad, in wêreldhistoriese perspektief is daar vele voorbeelde van wêreldryke tot wie se tuimeling die verwaarlosing van die bodem geen geringe bydrae gelewer het nie.[123] Babilon, Mesopotamië, en Ryke in Ciprus, Afrika en elders staan as monumentale ruïnes ter waarskuwing aan staatsbevolkings wat die bodem verwaarloos.

3.2.2 Water

Van al die elemente wat die mens uit sy fisiese omgewing nodig het, is water een van die allernoodsaaklikste - 'n voorvereiste vir byna alle vorms van lewe.[124] ".....lack of water, ...ultimately will limit the country as a whole to produce food and support life.", aldus Barrows.[125] Water kan 'n dorsland in 'n lushof omskep en op die kruin van industrialisasie en ver= stedeliking het dit 'n kritieke hulpbron geword, waar= van die welvaart van die mensdom meer afhanklik is as ooit in die geskiedenis.[126] Veral by inwoners van droë landstreke is water 'n magiese bron van lewe - die lewensaar van menslike bestaan. Bioties kan die mens nie sonder water klaarkom nie; en veral in oor= logstye is watervoorsiening 'n kritieke logistiese onderneming. Sonder kos kan die vegtendes nog opereer, maar sonder water is hulle ontredder en gedemoraliseer, alhoewel totale afhanklikheid ietwat deur tegnologiese ontwikkeling getemper is.[127] Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is uiterste pogings ook aangewend om die Ruhrdamme en die Dnepropetrovskdam in Rusland te ver= nietig.[128] Water as kragbron is onvervangbaar en selfs nie die moontlike ontsouting van seewater deur kernkrag sal die strategiese invloed daarvan verminder nie.

3.2.3 Voedsel

Die mens kan van brood alleen nie leef nie, maar wie die belangrikheid daarvan verontagsaam kan maar ikabod oor sy weerbaarheid en bedingingspotensiaal skrywe.

174/...

"Man does not live by bread alone," merk Spruce kensketsend op: "but without it he cannot survive and unless his supplies are adequate for his needs he cannot enjoy that physical and mental health which is his birthright."[129] Die staat wat vir die biotiese voortbestaan van sy burgery op invoere aangewese is, loop die gevaar dat die fonteintjie kan opdroog. Veel meer so in oorlogstyd wanneer nie net die burgerlike bevolking gevoed moet word nie, maar die gesegde - "an army marches on its stomach" veelseggend is.[130] Die Duitse "blitzkrieg" onder Hitler is in 'n besondere mate gedra deur die besef dat die oorwinnings beklink moes wees voordat die voedselbronne uitgeput was; dat voedselproduksiestreke beset moes word en die Engelse vloot vernietig word sodat die "Third Reich" ook oorsese voedselbronne kon eksploiteer.[131] Kos is 'n instinktiewe biotiese behoefte en tydens die staking van 1922 in Suid-Afrika verklaar 'n boer van Rustenburg aan die stakers - "Vriende, ons vra julle om orde te handhaaf en julle sal van ons mieliemeel en beesvleis kry solank as ons nog iets het."[132] Met sekuriteit ten opsigte van voedselvoorsiening is daar tussenstaatlik 'n veel groter mate van stabiliteit. Voedseltekorte is volgens Morgenthau: ".....a source of permanent weakness in international politics."[133] Indië is vir die huidige die beste voorbeeld. "Honger in 'n drichoek"[134], soos Scholtz dit bestempel, verhinder doeltreffende buitelandse optrede. Die onbeheerde toename in die wêreldbevolking laat voedseltekorte reeds kritiese afmetings aanneem en staatsbevolkings wat ondervoed is, is beslis 'n bedreiging vir wêreldvrede, waarvan die defaitistiese voorspellings van die invloedryke Klub van Rome ooreenstemmend getuig.[135] Aangesien dit 'n eskalerende internasionale probleem is word daar uit baie oorde, ook deur die invloedryke Klub van Rome, opgemerk dat slegs internasionale samewerking - by sommiges inderdaad die wêreldstaat - die enigste oplossing is om die wolf van die deur af te hou.[136] Veral Toynbee het na vore getree en sy holistiese internasionalisme aangebied as kuur vir die komende hongersnood.

175/...

> "Die ständig steigende Bevölkerung macht es beispielweise dringend notwendig, den Verkehr im grossen und ganzen so in Fluss zu halten, dass die Beziehung der Menschen intereinander dadurch keinen Schaden nehmen."[137]

, verklaar hy, en dui elders op die realiteit dat hongersnood voorkom in state waar die bevolking die vinnigste toeneem.[138] Fisiese behoeftes word aldus deur Toynbee staatkundig geprojekteer en verabsoluteer, en die tussenstaatlike gevolglik daardeur gedring tot internasionale horde= vorming.

Die oorsaak vir voedseltekorte word geredelik toegedig aan die instandhouding van die swaardmag wat die staats= kas dreineer. Genl. Tojo van Japan het by geleentheid opgemerk:

> "Fifty years ago we were talking in the language of flowers and we sent painted silks to Europe; we were barbarians. Now we are talking in the language of guns - and we are civilized."[139]

Natuurwetmatige oorsake dien egter nie verabsoluteer te word nie, sommige staatsbevolkings sal in die geilste grond agteruitboer omdat hulle geen werkkrag het en/of hardkoppig weier om nuwe beproefde tegnieke toe te pas. Voedselproduksie en selfvoorsienendheid is ten slotte ook afhanklik van menslike gestaltegewing.

3.2.4 Die Atmosfeer

Van al die bronne wat die mens vir sy biotiese voort= bestaan verbruik, het hy waarskynlik die heel laaste bewus geword van die belangrikheid van lug (die om= ringende atmosferiese laag). Sonder 'n staatsterri= torium, voedsel of selfs water is daar bestaansmoontlik= heid, maar lewe is afhanklik van die volgende asemteug. Internasionaal sal die besef moet posvat dat die gebruik van die bron nie onbeperk is nie. Tegnologiese ont= wikkeling bring lugbesoedeling[140] - koolstofmonoksied in die atmosfeer neem tans toe teen 6 biljoen ton per jaar.[141]

Dié lewensbron kan slegs deur internasionale samewerking

bewaar word.[142] Die atmosfeer is in gedurige beweging en die lug van Luxembourg kan byvoorbeeld erg besoedel word deur die industrieë van aangrensende lande - 'n saak waaroor die staat volkeregtelik geen beheer het nie. Die fisiese gesondheid van alle mense en lewende aardse organismes kan dus ernstig ondermyn word, behalwe as die volgende besef internasionaal kan posvat: Sic utere tuo ut alienum non laedas.[143] Lugbesoedeling kan waarskynlik meebring wat Shakespeare in *Hamlet* opgemerk het:

> ".....this most excellent canopy, the dir, look you, this brave o'erhanging firmament, this majestical roof fretted with golden fire, why, it appears no other thing to me than a foul and pestilent congregation of vapours."[144]

Vervolgens word die aandag toegespits op die beïnvloeding van minerale.

3.3 Minerale

Die geleidelike beskawingsontwikkeling van die mensdom, en groeiende tegnologiese kundigheid, het algaande 'n hoër premie geplaas op die belangrikheid van minerale.

> "Met de gereedschappen maken wij ons de natuur dienstbaar, modelleren haar naar ons goeddunken, ontwrigen haar verborgen schatten, die God er van Schepping af heeft ingelegd. En zo is ook, in de lijn der geschiedenis gezien, de uitbreiding van die heerschappij te verstaan uit de ontwikkeling van het gereedschap."[145] aldus Van Riessen.

Die industriële rewolusie het 'n onversadigbare masjienmilieu gebring, en minerale is teen 'n steeds groeiende tempo verwerk om in die gemeganiseerde eeu van oorlogswapen tot mes en vurk ten diens te wees.[146] Daarom dat die mag van 'n staat uit alle oorde aan mineralerykdomme gekoppel word. "This universe in which man lives is one continuous carnival of power, a veritable saturnalia of power - physical power, energy."[147], merk Smith en Phillips op, terwyl Aron beweer: "If precarious metals are the sinews of war, they are also the measure of the

strength of nations, since in the last analysis strength is measurable by what we call "trial by force."[148] Vervolgens 'n voëlvlugblik om die bydrae van die belang= rikste minerale aan te toon.

Ystererts en sy gesuiwerde verwerkte vorm - staal - is die onontbeerlike fundamentele grondstof van die tegnologiese era.[149] "Since the days when knighthood was in flower ", merk Bidwell op "steel has been the indispensable metal of warfare, both for defense and offense."[150] Van swaard tot slagskip en oorlogstenk het die belangrikheid van staal progressief gegroei; het die soeke daarna dikwels oorlog laat ontbrand en imperia= lisme tot gevolg gehad.[151] Statistici het dié tekorte juis opgedis as die rede waarom Nazi-Duitsland nie die Tweede Wêreldoorlog kon wen nie.[152] State wat aange= wese is op die invoer van ystererts (dit geld ewe-eens vir ander minerale) is bowendien daarvan afhanklik om toevoerlinies oop te hou, wat weer noodwendig 'n sterk vlootmag en verbindingskanale tot gevolg kan hê. Daarom is ystererts nie net in oorlogstyd nie, maar ook as die voerbank van magtige industrieë onontbeerlik.

Koper en brons is sedert antieke tye - meer as 4 000 v.C.[153] - bekende metale by die mensdom. Industriële en tegnologiese ontwikkeling het die belangrikheid met veel groter klem gestempel en die kopermyne van Katanga en Zambië het die tussenstaatlike langs 'n wye spektrum beïnvloed.[154] Besitreg oor die metaal het afwisselend imperialisme op sy spoor nagelaat. Die Tanzamspoorlyn - onder die dekmantel van koperuitvoere - slaan juis 'n brughoof vir die verbreiding van Rooi Sjinese neo-imperialisme in Afrika.[155]

Lood, sink, aluminium, tin, nikkel, magnesium, bauxiet, antimoon, mangaan, tungsten, chroom, silwer en goud; asook diamante en ander edelgesteentes het sonder twyfel die tussenstaatlike stratifikasies beïnvloed.[156] Die dinamiese interaksie tussen energie en grondstof; mag meganies geproduseer, is 'n aanvurende stimulis in die verhoudings tussen state.[157] Die interafhanklikheid en

178/...

oneweredige verspreiding daarvan dring onderlinge afhanklikheid tussen state op die voorgrond, soos Leith tereg opmerk:

> "An obvious consequence of concentration of mineral production is that nations are mutually interdependent in regard to mineral supplies. Even the most favoured nation must look outside of its boundaries for essential minerals, and many nations lack almost all of the necessary minerals."[158]

Ook by mineraalvoorsiening is wedersydse en gemeenskaplike gebruik en bewaring aan die orde. 'n Belangrike gevolg hiervan is die hoë premie op vryheid van die oseane in vredestyd en beheer oor die oseane in oorlogstyd.[159] Die ontwikkeling van lugvaart plaas die lugruim in dieselfde kader.

Natuurlike hulpbronne en minerale, as magsbron, is afhanklik van menslike vernuf, en daarom het dit by tegnologies-onontwikkelde state meermale tot vreemde oorheersing aanleiding gegee. Dié magsbron is onver= vangbaar en as die bekende voorrade uitgewerk is, sal die statery dit óf moet ontbeer, óf andere in die plek daarvan stel. Stande van sake wat tot sintetiese ver= vaardiging en opberging aanleiding gee.

3.3.1 Sintetiese Vervaardiging en Opberging van Grondstowwe

Die sintetiese vervaardiging van grondstowwe, "ersatz", was die antwoord van baie state op gebrek aan onontbeer= like grondstowwe. Veral gedurende die Tweede Wêreld= oorlog het Duitsland[160], die V.S.A.[161] en Engeland swaar gesteun op die "kunsmatig-wetenskaplike" ver= vaardiging van broodnodige grondstowwe. Dit bly egter waar dat kunsmatige vervaardiging basiese grondstowwe behoef soos Haas en Whiting satiries opmerk: "Science can substitute one thing for another, but it has yet to create something out of nothing."[162] Sekere grond= stowwe sal waarskynlik nooit sinteties bereibaar wees nie, en buitendien is state wat grondstowwe langs dié weg wil bekom dikwels nie tegnologies of finansieel daartoe in staat nie.

As alternatief vir kunsmatige vervaardiging van grond=stowwe is die opberging van strategiese en skaars pro=dukte dikwels gebruik. In krisistye is die onontbeerlike grondstowwe dan gereed vir aanwending, omdat tekorte die fungering van die oorlogmasjien doeltreffend kan neu=traliseer.[163] In sommige gevalle het die metode ook geleentheid gebied om die pryse van grondstowwe af te dwing deur die mark te oorlaai. Die gebruik van minerale is onlosmaaklik gekoppel aan energiebronne - die volgende tema.

3.4 Energiebronne

3.4.1 Steenkool

Steenkool is in eeue-lange perspektief die belangrikste energiebron van state.[164] "Swart goud" is veral sedert die industriële rewolusie die bakermat van onversadigbare tegnologiese uitbreiding - pogings van die mens om natuurkragte tot eie voordeel te ontsluit. "Das Brot der Industrie"[165], was die kragbron wat Engeland se vloot 'n semi-wêreldryk laat beheer het; Amerikaanse lokomo=tiewe 'n kontinent laat ontsluit het en Russiese Vyf=jaarplanne die land tot 'n industriële reus laat groei het.[166] Dit is daarom nie bloot toeval dat die leidende industriële moondhede (V.S.A., U.S.S.R., Duitsland, Engeland, Frankryk, Kanada en in 'n mindere mate Japan) genoegsame reserwes en voorrade hanteer het nie.[167] Dit was die paspoort tot tegnologiese ontwikkeling wat op sy beurt onontbeerlik is vir dinamiese magsvermoë.

> "Die Kohlenländer sind die eigentlichen Träger der modernen Wirtschaftsentwicklung und die Nutzniesser der durch die moderne Wirtschaft geschaffenen politischen Macht." verklaar Friedensburg.[168]

Beskikbaarheid van bronne is nie genoegsaam nie - dit moet ontgin en aangewend kan word, in watter geval die ligging van steenkoolvoorrade tot die res van die industriewese belangrik is.[169] Oor die menslike eksploi=tasie dui Huntington daarop dat state (Switserland, Swede, Denemarke, Oostenryk en Italië wat nie groot steenkool=voorrade besit nie) hulle industrieë aanpas na bv.

180/...

horlosies en juweliersware, wat minder krag en energie vereis[170] - manifestasie dat die menslike skeppings= arbeid nooit aan natuurwetmatige struktuurordeninge versubordineer word nie.

Sosialistiese en kommunistiese invloede onder steenkool= arbeiders het 'n handige voorslag geword om die gesag van die owerheid langs die weg van stakings te ondermyn.[171] 'n Bron van arbeidsonrus wat die ewewig en harmonie van owerheidsgesag dreineer en baie bygedra het tot die wankeling van Wes-Europa.[172] Geleidelik is die alleen= heerskappy van steenkool verdring deur die opkoms van 'n ander energiebron - olie.

3.4.2 Olie

Clemenceau het tydens die Eerste Wêreldoorlog opgemerk: "One drop of oil is worth one drop of blood of our soldiers."[173], terwyl Hoskins verklaar: "In the contempo= rary world oil is power."[174], en Birdwood stateer: ".....an industry which is the custodian of the life-blood of the nations in peace or war."[175] Histories gaan die wortels van die olieïndustrie sover terug as Noag wat sy ark met teer gekalfater het.[176] Dit het langs die polsslag van die eeue gegroei tot die onontbeerlike energiebron van die twintigste eeu.[177] Die opkoms van olie as magsbron het die relatiewe mag van moondhede aangetas, die V.S.A. en U.S.S.R. kolossale magstatus verleen en Engeland se plek in die magshiërargie sigbaar verswak. Nêrens is die strategiese invloed van olie meer kenbaar as tydens oorlogvoering nie, 'n handeling wat geheel en al afhanklik van petroleum geword het.[178]

Die oneweredige verspreiding[179] van olie gee aan die Midde-Ooste 'n tussenstaatlike bedingingskapasiteit wat hy nie kan hanteer nie. Groeiende tekorte aan energie= bronne plaas die gebied in die skootsvak van die internasionale reuse[180], en verskaf 'n afpersmiddel wat die Arabiese Sjeiks in 'n waan ver bo hulle wêreldpoli= tieke vermoë laat optree.[181] Gesien die na-oorlogse tegnologiese voorspoed en goedkoop beskikbaarheid van olie, het veral die groot industrielande van die Weste

'n "smerige" tegnologiese milieu opgebou, wat hoe langer des te meer van olie (terwyl daar nie sprake van self=voorsienendheid was nie) afhanklik geword het. Die Weste het die bron vermors asof daar geen einde aan die weelde was nie, soos Amuzegar dit tiperend skets:

> "By an economic myopia of incomprehensible dimensions, millions upon millions of energy-gobbling products - from impractically big and fast cars to profligately trivial household gadgets - were allowed to flood the market, only to be replaced soon by bigger, faster and more power-thirsty models. Awed by the marvels of high-energy technology and lulled by the borrowed affluence of unfettered growth, the West refused to believe that its immediate energy demands were on a collision course with longterm environmental considera=tions."[182]

Baie Westerse lande het dus algaande meer en meer afhank=lik van olie uit die Midde-Ooste geword.[183] Stande van sake wat veral deur O.P.E.C. (Organisasie van Petro=leumuitvoerlande) uitgebuit is.[184] Opmerkings soos: "They can't drink oil.",[185] is onverantwoordelik. Dit is veel eerder die Westerse industrieë wat onversadigbaar miljoene vate olie in die dorstige tegnologie inpomp. Die V.S.A. kan reeds teen 1980 tussen agt tot elf miljoen vate olie per dag uit die Midde-Ooste benodig[186]; en oliemaatskappye sal waarskynlik altyd moet stuit voor die nasionalisme in Arabiese state.[187] Die volkeregte=like stelreël pacta sunt servanda word ook hier oor=woeker deur dubbele standaarde.

Die oliekrisis (1973-1974) het die energiekrisis op die voorgrond gestoot en dit behoef nie alleen verbruikers=solidariteit nie, maar dui op die toekomstige magspotensie van besitterslande - hoe magsimpotent aan ander standaarde gemeet - want hulle kan deur positiewe neutraliteit die reuse om die gebruik daarvan teen me=kaar afspeel. Die dringende belang van die eksploitasie van nuwe energiebronne het na die "oliekrisis" momentum gekry.

182/...

3.4.3 Kernkrag

Die uitputting van bestaande energiebronne, terwyl die mensdom en energiebehoeftes progressief groei, bring die ontsluiting van die magtigste kragbron dusver bekend - kernenergie.[188] Reeds in 1914 het H.G. Wells in *The World Set Free: A Story of Mankind* die koms van kern=krag voorspel.[189] 'n Energiebron wat oorvloed vir die mensdom sou bring, en as daar eers in die materiële be=hoeftes voorsien is, het Wells verkondig, sou daar tussen=staatlike vrede intree. Hoofsaaklik as gevolg van die relatiwiteitsteorie van Einstein ($E = MC^2$) het kern=fisiese navorsing ontwikkel. Trouens Einstein het by geleentheid opgemerk: ".....there is more horsepower in a lump of coal than in the whole Prussian cavalry."[190]

Die gebruik van die eerste kernbom in 1945 het die allesverdwergende energiebron met 'n skok bekend gestel.[191] Daarmee is 'n energiebron ontsluit wat skynbaar onuit=putlik is, maar ook met hom saamdra die besmetting en moontlike ondergang van die aandland.[192] In die lig het Uraan (U^{233}, U^{235}, U^{238}, U^{239}) 'n lewensbelangrike grondstof geword, en internasionale samewerking vir die ontsluiting van die wetenskaplike "Frankenstein" onont=beerlik.[193] Kernenergie is sonder twyfel die tegnolo=giese stamina van die laaste dekades van die twintigste eeu.[194] 'n Bron wat 'n paspoort word om die arena van die supermoondhede te betree, maar wat ook internasionale kontrole en samewerking behoef, anders kan dit die menslike voortbestaan beëindig. Genl. Omar Bradley het die mensdom se etiese barbarisme só aan die kaak gestel:

> "We have too many men of science, too few men of God. We have grasped the mystery of the atom and rejected the Sermon on the Mount. The world has achieved brilliance without wisdom, power without conscience. Ours is a world of nuclear giants and ethical infants. We know more about war than we do about peace, more about killing than we do about living."[195]

Kernkrag kan die antwoord op die groeiende energiebe=hoeftes wees, maar dan sal dit doeltreffend beheer moet word vir vreedsame aanwending.

3.4.4 Aardgas en Hidroëlektrisiteit

Aardgas is 'n relatiewe nuwe energiebron, maar een wat veel belofte vir die toekoms inhou.[196] Aangesien dit meer algemeen as olie voorkom het wêreldproduksie daarvan meer gestyg as van enige ander energiebron (Van agt-en-veertig miljoen ton steenkool-ekwivalent in 1925 tot eenduisend driehonderd en sewe miljoen ton in 1969.)[197]

Waterkrag (hidroëlektrisiteit) is 'n standhoudende energie-bron soos Smith en Phillips tereg opmerk: "Coal and oil and gas in time will go, but water power will remain."[198], terwyl Haas en Whiting verklaar: "No policy maker's picture of power factors would be complete without an understanding of the economics of hydro development."[199] Water is 'n "flow resource", aldus Zimmermann[200], en teen die populêre mite in vereis dit geweldig baie tegnologiese teenprestasies van die mens om die natuurkrag te ontsluit. Groot damme, turbines en kragopwekkers gaan daarmee gepaard en by die aanwending daarvan kom topografiese realiteite en die afstand vanaf industriële kerngebiede ook in gedrang.[201] Die stand-houdendheid van water as energiebron hang af van klima-tologiese faktore en die aanwending van tegnologiese vernuf; 'n energieverskaffer wat met verwagte komende tekorte in belangrikheid kan groei. Die aanwending van getykrag[202], is maar een voorbeeld van toekomstige ontsluiting - die menslike tegnologiese vernuf ken min perke as dit in die drukgang kom. Groeiende tekorte en 'n groeiende wêreldbevolking rig die tegnologiese visiere op nuwe energiehorisonne.

3.4.5 Alternatiewe Energiebronne

Die jaar 2000 en daarna kan die eksploitasie en gebruik van sonenergie, geometriese mag, olieskalie, teersand-steen en seewaterstof meebring.[203] Bestaande energie-bronne sal dan tot op die bodem uitgeput wees en in die eeu wat voorlê sal nuwe eksploitasie van dringende belang word; die pieke van die tegnologiese kennis tot die uiterste ingespan word om die energiekrisis die hoof te bied.

184/...

> "Beyond 2000 the exponential rates of industrial and population growth of the then-receding century cannot be sustained for much longer, whether or not the development of the fast breeder reactors or other advanced technologies will have eased the energy problem."[204]

, aldus Thomas. Die skynbare onbeperkte tegnologiese vooruit= gang bring egter ook een van die euwels van die geme= ganiseerde eeu - besoedeling.

3.5 Besoedeling

Die intieme balans tussen mens en omgewing - kulturele ontwikkeling en natuurlike wetmatighede - gepaar met die oorwoekering van die meganika en tegnologie, het die gevaar van besoedeling eensklaps aktueel gemaak.[205] Na die Skepping was die aarde goed en mooi.[206] Die mens het deur die gang van eeue die ongerepte skoonheid van die natuur vanselfsprekend aanvaar, om met 'n skok in die twintigste eeu tot die ontdekking te kom dat morsjorse en afval van die tegnologies-verheerlikte eeu die aanvaarde "habitat" onherstelbaar kan skend. Die geografiese erfenis, wat mooi en goed was, word in 'n steeds meer verwronge en degenererende toestand aan die volgende geslagte oorgedra. Die antinormatiewe positivering van die kultuuropdrag sou die natuurlike omgewing nie onaange= tas laat nie. Die perfekte en volledige harmonie van die Skepping is deur die menslike sondeval, ook ten opsigte van die omgewing, geskend deur antinormatiewe roofbou en gebruik.

Besoedeling val hoofsaaklik in drie vlakke uiteen. Die verwoesting van die bodem kan hongersnood vermeerder, werksvermoë aantas en natuurlike skoonheid tot die reeds bestaande drogagtige karikature omskep.[207] In die ver= band is 'n antieke Persiese spreekwoord karakteristiek:

> "God will not seek thy race, nor will He ask thy birth: alone He will demand of thee - what hast thou done with the land I gave thee."[208]

Lugbesoedeling is meer ernstig en problematies, omdat die regstegniese probleem van gedurige atmosferiese beweging

oor internasionale staatsgrense heen, daarvan 'n inter= nasionale probleem maak. Jaarliks neem koolstofmonoksied in die atmosfeer met 6 biljoen ton toe en dit het weer 'n styging in die temperatuur van die atmosfeer tot gevolg wat langs 'n wye spektrum katastrofale gevolge kan meebring.[209]

Waterbesoedeling en oseaanbesmetting het reeds die deli= kate balans van voedselverbindings aangetas. Schachter en Serwer beweer:

> "The greatest long-term danger from marine pollution lies in its potential for upsetting the ecological balance of the oceans in such a way that man will find the usefulness of the marine environment vastly diminished."[210]

Veral oliebesoedeling is skrikwekkend[211], en nasies sal die gebruik van oseane as die internasionale ashoop van industriële afvalprodukte in ernstige heroorweging moet neem.

Besoedeling is 'n internasionale vraagstuk en behoef internasionale samewerking. "Mankind shares a common habitat.", verklaar Ritchie-Calder en vervolg: "We have mortgaged the old homestead and nature is liable to foreclose."[212] Internasionale vriendskap, bondgenoot= skap, -verdrag en neweskikkende pariteitserkenning - internasionaal - is onontbeerlik as grondstowwe en energiebronne ; inderdaad ons ganse aardse habitat, on= geskonde as regmatige erfporsie aan komende geslagte oor= gedra wil word.

3.6 Oorsiggedagtes

Soos die Griekse legende van Anteus verloor die mens sy krag as sy voete van die grond af is. Grondstowwe en energiebronne is ten nouste verweef met die magskapasiteit van state. Ook hier is dit egter eweseer waar dat besit= reg daarvan nie outomaties tussenstaatlike mag meebring nie. Die magskapasiteit van state sal daarvan afhang tot watter mate die beskikbare bronne deur menslike arbeid tot magsvermoë verwerk kan word. Van belang is die feit dat

hierdie elemente van 'n staat se mag grootliks onhernubaar en onvervangbaar is. Selfs die natuurwetenskappe met hulle ten hemele-rykende kennishorisonne sal nie tegnologiese wonders uit die niet kan formeer nie en grondstowwe en energiebronne sal altyd 'n fundamentele kultuurontsluitend-onderworpe magsbron bly.

4 Die Geopolitika

4.1 Inleiding

Die wisselwerking tussen geografie en politiek, en internasionale verhoudinge in die besonder, het in eeue-perspektief vele teoretiese voorveronderstellings tot gevolg gehad. Daardeur is aan die wetenskaplike dissipline - politieke geografie - beslag gegee.[213] As relevante faktor in die magskomposisie van state is genoemde teorieë van veelseggende belang, veral die wat rondom die geopolitika opgebou is. Laasgenoemde denkskool was 'n uitloper van die politieke geografie met toespitsing op die verhouding tussen state en daarom ook vir die internasionale magsfaktor van groot belang. Histories-analities kan politieke geografie in drie kenbare ontwikkelingsfases ingedeel word; te wete verhoudinge tussen die omgewing en politiek ("man-milieu relationships") aldus die Sprouts[214]; die organiese staatsgedagte en geopolitiek en laastens die stelsel-analitiese studie van politieke areas. Rakende die magsvermoë is veral die geopolitika van belang, 'n teorie wat met die grondplan van magskapasiteit gewerk het en aldus die aandag verg. Die gedagtes rondom "environmental determinism"[215], wat tot aan die einde van die negentiende eeu oorheersend was, is egter ook van belang.

4.2 Milieudeterminisme

Voorstanders van die verabsolutering van omgewingsinvloede het mens en staat onlosmaaklik onderwerp aan sy natuurlike geografiese milieu - "Man is the target of Nature's signals", aldus Harold en Margeret Sprout.[216] Die vroegste geskrifte van die politieke geografie is meesal geskoei op hierdie tradisie en die verwantskap hoofsaaklik beperk tot klimatologiese en topografiese invloede. Die ontstaan van die vroegste bekende staatkundige entiteite

op die walle van die bekende riviervalleie - Nyl, Tigrus, Eufraat, Geel, Jangste en Ganges - dui wel verwantskap aan[217]; maar dan nog by beskawingsonmondige, onontslote hordevorming. Beskawingsontwikkeling en kulturele differensiasie sou eers na eeue die natuurafhanklikheid in beheersing omskep.

4.2.1 Voorlopers en Voorstanders

Hippocrates (460 - 376 v.C) dui in sy *On Airs, Waters, Places* op die hoogskatting van die gematigde klimaat= streke, en die morbiede geestelike optrede en gebrekkige anatomiese struktuur van die inwoners van koue of warm landstreke.[218] Vir Hippocrates bring 'n wisseling in klimaatsgesteldhede lewenskragtigheid, intelligensie en 'n voortreflike gees ten opsigte van die staatsburgery teweeg; 'n etnosentriese ondersoek wat resulteer in 'n hoogskatting van daardie klimaatstreek waarin die onder= soeker self woonagtig is.[219] Die bekende geskiedskrywer, Herodotus (484 - 425 v.C.) dui in sy geskrifte op die band tussen die geografie en die maatskappy[220] - terwyl Hecateus, bekend as die vader van die antieke geografie, ses eeue voor Christus 'n kaart opstel gebaseer op 'n bipolêre magsverdeling (Europa - in= sluitende Siberië teenoor Afrika en Asië; laasge= noemde het hy as die hoofmagsentrum beskou).[221] 'n Eeu later het Parmenides teorieë opgewerp waarkragtens die aarde in 5 temperatuursones opgedeel word[222], terwyl Thucydides bodemvrugbaarheid as beoordelingsmaatstaf aanlê.[223]

Plato (427 - 347 v.C.) dui in sy *Respublica* op die band tussen die staatkundige instelling van sy tyd (die stadstaat) en die geografie.[224] Dit was egter veral Aristoteles (383 - 322 v.C.) wat weldeurdagte klimatologiese determinisme in sy *Politica* aanlê. In boek sewe hoofstuk sewe staan daar:

> "The people of cold countries generally, particularly those of Europe, are full of spirit but deficient in skill and intelligence; and this is why they remain free, but show no political development and faculty for governing

188/...

> others. People of Asia are endowed with skill and intelligence but are deficient in spirit. This is why they continue to be people of subjects and slaves. The Greek stock, intermediate in geographical position, unites the qualities of both sets of people. It possesses both spirit and intelligence: the one quality makes it continue free; the other enables it to attain the highest political development and to show a capacity for governing every other people - if only it could achieve political unity."[225]

Dat Aristoteles magspolitieke simpatieë het, en dit baseer op die geografie, spreek duidelik uit die aanhaling wat hierbo hanteer is. Die Grieke is 'n "Herrenvolk" op grond van omgewingsbeïnvloeding en dit bied terselfdertyd die rede dat ander volkere "incapable of ruling over others" is.[226] Die drang om universeel te heers is onverbloemde magspolitiek - en Aristoteles regverdig dit op grond van geografiese determinisme! Die grootte van die staatsterritorium[227] en bevolking[228] is ook vir Aristoteles van belang. Weliswaar oorwoeker geografiese determinisme met staatsinterne toespitsing nog by Aristoteles, maar die eerste klanke van strategiese tussenstaatlike oorwegings is reeds duidelik waarneembaar.[229]

Geopolitiese realiteite word ook in die Ou Testamentiese Bybelse geskiedenis aangetref. As Abraham en Lot uit Egipte na Kanaän terugkeer noodsaak die toename in veestapels 'n grondverdeling. Die beoordelingsmaatstaf was water.[230]

Strabo (63 v.C. - 24 n.C.), Griekse historikus, smee sy teorieë tydens die hoogtepunt van die magtige Romeinse Ryk. In sy *Geography* lê hy raakpunte tussen geografie en kultuur bloot en verklaar dat Italië - in die hartland van die Pax Romana - klimatologies die beste toegerus is om 'n leidende rol in die tussenstaatlike te speel.[231] Julius Caeser (100 - 44 v.C.) was in sy veroweringsveldtogte altyd kennelik bewus van die beperkings van geografie, soos duidelik blyk

in sy *Gallic Wars*.[232] Anders as Alexander (Alexander het by geleentheid militant uitgeroep dat hy nie meer lande het om te verower nie.)[233], Napoleon en Hitler het hy die beperkings aanvaar en nooit geografies sy hand oorspeel nie.[234]

Ibn Khaldûn is 'n Arabiese wysgeer en historikus wat geopolitieke invloede bespreek in sy geskrifte wat verskyn tussen 1382 en 1405.[235] Aan die begin van die sestiende eeu het Bodinus (1530 - 1596) in sy *Six livres de la République* beweer dat die nasionale karaktereienskappe van 'n volk ten nouste geraak word deur klimaat en topografie.[236] Geïnspireer deur die geleidelike verrysenis van die nasionale staat uit die verbrokkelende feudalisme het Bodinus die invloed van die geografie verabsoluteer ".....nature dominates man's will in terms of his political behaviour, character and works.", aldus Kasperson en Minghi.[237]

Montesquieu (1689 - 1755) skenk in hoofstuk XIV van *De l'Esprit des lois* gesistematiseerde aandag aan klimatologiese verabsolutering.[238] Sy denkbeelde, soos deur Kriesel aangedui[239], is volledig uitgewerk en sluit die wisselwerking tussen klimaat, landbou, topografie en politieke stelsels in.[240] Montesquieu grondves sy geografiese magspolitieke oriënterings op die klimatologiese effek van binnestaatlike strukture - universele despotisme teenoor vryheid binne nasionale verband - en ken op sterkte daarvan die leidende tussenstaatlike rol aan die Europese vasteland toe.[241]

Milieudeterminisme, as filosofiese gedagterigting, bereik sy hoogtepunt onder Karl Ritter (1779 - 1859). Hy behoort tot 'n skool wat teen die einde van die agtiende eeu, geïnspireer deur Immanuel Kant (by sommige bekend as die vader van die politieke geografie)[242] hulle bydraes tot die ontwikkeling van die geopolitika lewer.[243] Volkome evolusionisties word elke staat vir Ritter 'n organisme wat ontstaan, groei en tot niet gaan. Staat en staatsburger word deel van 'n kosmiese wêreldeenheid soos Ritter in sy *Comparative Geography*

190/...

opmerk:

> "The unity of the earth, the unity of the continents, the unity of every physical feature of the continents, and the building all up together in a perfect symmetry and mutual adaptation of parts, is the crowning thought of Geographical Science.[244]

Ritter verkondig ook die dominasie deur Europa[245], en werp so 'n organiese natuurwetmatige determinisme op, op grond waarvan magtige kulture nie net hulle eie bestemming kan bepaal nie, maar ook die van ander state; dus globale tussenstaatlike magspolitiek. Die milieu= deterministiese denkbeelde vorm die embrionale basis waarop die organiese staatsgedagte en die geopolitiek gebou sou word.

4.3 Grondleggers van die Geopolitieke Denkskool

Die gedagterigting dat die staat 'n lewende organisme is, en also voortdurend óf moet groei óf tot niet gaan, is een van die hooffunderingsstrominge van die geopolitiek. Om die evolusionistiese groeiende siklus te handhaaf, is 'n kragtige swaardmagkapasiteit onontbeerlik vir elke staat. Sonder 'n militêre basis kan geen staat sy territoriale omvang geografies verbrei nie, en die ondersteunende geografies-gemotiveerde imperialistiese militarisme plaas die geopolitika binne die breëre konsep van die magspoli= tiek.

4.3.1 Friedrich Ratzel

Ratzel (1844 - 1904), gehuldig as vader van die organiese staatsgedagte[246], lê in die besonder die groei van state gepaardgaande met politieke mag bloot.[247] Beïnvloed deur die evolusionisme van Darwin kan die kern van Ratzel se denkbeelde tot twee hoofgedagtes gefiltreer word - die grootte en die ligging van state. Van hier volg dit dat die staat as 'n organiese gegewe voortdurend betrokke is in 'n stryd om meer "lebensraum". In *Politische Geographie* verklaar hy:

191/...

> "So wird uns denn der Staat zu einem Organismus, in den ein bestimmter Teil der Erdoberfläche so mit eingeht, dass sich die Eigenschaften des Staates aus denen des Volkes und des Bodens zusammensetzen."[248]

Betreffende die groei van state het Ratzel sewe stelreëls neergelê waarin sy holistiese geografiese verabsolutering duidelik blyk.[249] Sy denkbeelde en terminologie moet egter met versigtigheid bejeën word, die "wette" en "organismes" waarna hy verwys word dikwels nie konsekwent gehandhaaf nie.[250]

Sentraal in Ratzel se denkbeelde is die uitgangspunt dat die oppervlakte van 'n staat die beste aanduiding van politieke mag is. Die ondergang word gekoppel aan die stagnasie van territoriale uitbreiding. Hieruit word afgelei dat die grens nie 'n konstante gegewe is nie, maar 'n wisselende assimilasiesone wat varieer ooreenkomstig die behoeftes van die staat. Getrou aan die denkbeelde verklaar Ratzel: "In modern history the reward of victory always was - or want to be - gain of territory."[251] Die rol van supermoondhede word ook vertolk in welke geval volgens Ratzel slegs een staat 'n leidende rol op 'n bepaalde tydstip kan speel. Sy magsfondasie is dus aan 'n organiese evolusionistiese tydsiklus gebonde, soos Kiss opmerk ".....powers enter and leave the stage of history in an ever-changing pageant of ascent, brilliancy and decay."[252] Sommige geopolitici het die belangrikheid van die oseane verabsoluteer; maritieme determinisme wat veral in die denkbeelde van Mahan vergestalt is.

4.3.2 Alfred Thayer Mahan

Mahan (1840 - 1914), maritieme historikus van faam[253], kan beskou word as die persoon wat die grootste bydrae gelewer het tot teorieë in verband met seemag en maritieme strategie - gefundeer op 'n herlewing van imperialisme.[254] Sy epogmakende boek *The Influence of Sea Power upon History, 1660 - 1783* is deur Keiser Wilhelm II so belangrik geag dat hy 'n eksemplaar in die biblioteek van elke Duitse oorlogskip laat plaas het.[255]

192/...

Mahan het sy teoretiese voorveronderstellings nie uit die lug gegryp nie, maar nadat hy die stryd tussen Rome en Khartago bestudeer het, gekonkludeer dat maritieme kontrole 'n historiese faktor is wat nuwe waardering verlang.[256] Geografiese ligging - veral strategiese seestrate[257] - topografie, moraal en die gehalte van staatsleiers is vir hom van deurslaggewende belang.[258] Hy stem met Mackinder saam dat die hartland 'n dominerende rol moet speel, maar sy strategiese kon= klusies verskil as hy opper dat wêrelddominasie deur 'n Anglo-Amerikaanse alliansie gehou sal word vanaf basisse rondom Eurasië [259], (maritieme determinisme dus hiërar= gies hoër as landdeterminisme). Mahan werk met die korrelasie tussen nasionale mag en geografiese mobili= teit, waarvandaan hy sy maritieme magsbasis lanseer.

4.3.3 Rudolf Kjellen

Kjellen (1864 - 1922) kom die eer toe dat hy die term "geopolitiek" gemunt het.[260] Hy is diepgaande beïnvloed deur die organiese teorieë van Ratzel, maar by hom is die staat nie meer net 'n lewende organisme nie, maar dra dit ook 'n gevoelsbewussyn en is toegerus met morele en intellektuele kapasiteite.[261] In 'n Engelse vertaling van *Der Staat als Lebensform* verklaar hy:

> ".....the ambition of the state to become organically united with the soil. States try to choose geographical units such as a region, to ally themselves with, and through this alliance transform themselves into natural units."[262]

Die logiese gevolg van die magstryd is die opkoms van magtige state voor wie die kleiner territoriale eenhede uiteindelik sal moet swig.[263] 'n Psigies-biotiese mengelmoes in sy staatsleer waar die spanning tussen reg en mag reeds waarneembaar is.[264] Sy staatsbe= skouinge het Kjellen vyfledig ingedeel,[265] en die "geopolitical instinct" paar mag nie net aan territoriale omvang alleen nie[266], maar ook aan menslike interaksie, solidariteit en nasionalisme.


4.3.4 Halford Mackinder

Mackinder (1861 - 1947), Britse geograaf en politikus

van faam, word algemeen gehuldig as die uitstaande figuur van die geopolitiese horison.[267] Hy skenk veral aandag aan die verhouding tussen land- en seemassas en sien die geskiedenis in hoofsaak deur die bril van 'n stryd tussen landmagte en seemagte.[268] Sy eerste belangrike uitspraak in die verband - in 'n beroemde lesing *The Geographical Pivot of History* - word in 1904 geopper.[269] Hierin verklaar hy:

> "The oversetting of the balance of power in favour of the pivot state, resulting in its expansion over the marginal lands of Euro-Asia, would permit of the use of vast continental resources for fleet-building, and the empire of the world would then be in sight."[270]

Mackinder sien ook 'n noue verbondenheid tussen die geografie en die tegnologie.[271] Laasgenoemde kan die territoriale landgeslotenheid van Eurasië oorbrug - waardeur 'n onoorwinlike landmag gevorm sal word, en daarom sal Oos-Europa en Siberië natuurwetmatig die sentrum van tussenstaatlike mag vorm.[272] Tot die magskonsepsies waarin die geografie oordonder het hy later die hartland[273], en wêreldeiland[274], toegevoeg, om die wêreldkaart soos volg te klassifiseer.[275]



194/...

In 1919 en 1943 het Mackinder sy idees gewysig aangaande kleiner gedetailleerde stellings, maar in hoofsaak behou hy die hartland-gedagte as sy prinsipiële beoordelingsmaatstaf; soos sy nou reeds beroemde woorde getuig:

> "Who rules East-Europe commands the heartland:
> Who rules the heartland commands the world-island:
> Who rules the world-island commands the world."[276]

In werklikheid het hy die internasionale politiek van die twintigste eeu gesien as 'n stryd tussen die leidende moondhede om die hartland te beheer.[277] In 1943 het hy in die verband geskrywe:

> "All things considered, the conclusion is unavoidable that if the Soviet Union emerges from this war as conqueror of Germany, she must rank as the greatest land Power on the globe moreover, she will be the power in the strategically strongest defensive position. The Heartland is the greatest natural fortress on earth. For the first time in history it is manned by a garrison sufficient both in number and quality."[278] (Onderstreep L.D.B.)

Dat Mackinder sy hartlandteorie op 'n magsbasis fundeer (die hartland word 'n hooffaktor in magsbalans) blyk sonneklaar. Dat hy daarmee 'n nuwe perspektief geopen het, is ewe-eens duidelik, maar die geografiese determinisme moet verwerp word omdat dit die ganse spektrum van toekomstige tussenstaatlike verhoudinge onderwerp aan aardrykskundige verabsolutering.

4.3.5 Nicholas Spykman

Spykman (1893 - 1943) omskrywe die geopolitika as "the planning of the security policy of a country in terms of its geographic factors."[279] Hy aanvaar die bestaan van die hartland, maar verklaar dat wie die randgebied van die hartland beheer die beheer van die wêreldpolitiek sal besit.[280] Binne die randgebied - Sjina, Indië, die Midde-Ooste en Wes-Europa - is die belangrikste gedeelte van die wêreldbevolking en strategiese grondstowwe gekonsentreer. Die teoretiese hipotese van Spykman het juis die fondament van Kennan

se beroemde na-oorlogse "policy of containment" gevorm.[281]

Spykman is 'n onverbloemde geografies-georiënteerde magspolitikus soos die volgende aanhaling duidelik illustreer:

> "In this kind of a world states can survive only by constant devotion to power politics."[282]

Na die verskyning van *America's Strategy in World Politics: The United States and the Balance of Power*, word hy uit baie oorde bestempel as 'n Amerikaanse "Herrenvolkdogmatikus." In 'n brief aan die redakteur van *Life* het hy die beskuldigings in die volgende woorde verwerp:

> "My interest in a balance of power is not merely inspired by a concern for our power position, but also by my conviction that only in a system of approximately balanced power is collective security workable."[283]

Magsbalans onderlê Spykman se geopolitiese perspektiewe; 'n bondgenootskap tussen mag en geografie wat die rand=gebied 'n adelike kolos sal maak.

4.3.6 Die Duitse Skool

Tradisioneel word die geopolitika as gedagtestroming aan Duitse denkers gekoppel: "This made in Germany brand.",[284] aldus Poole. Sedert die dae van Kant, List, Von Treitschke, Von Humboldt, Ritter, Ratzel en andere het politieke geografie 'n dinamiese rol gespeel in die plooiing van die toekoms van die Duitse volk. Veral in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog bereik dit 'n ongeëwenaarde opwelling en het sommige voort=varende eksponente dit selfs as 'n nasionale Duitse wetenskap aangetoon.[285]

> "Geography, particularly war geography, became a national preoccupation which influenced and molded public opinion in postwar Germany from elementary school to university seminar, from street corner, and bookstore to factory club, beer-hall and dinner-table.", aldus Walsh.[286]

Geopolitika word in Duitsland gekoppel aan die dogma van bloed en bodem - "Space conquest is limited by blood."[287] Deur subtiele propaganda is "Blut und Boden" so aangewend dat dit die onweerstaanbare aan=trekkingskrag van die Ariese rasse - elite moes word.[288] Die staat is sinoniem met mag - "I recognize no one above me but God and the sword of the victor", aldus Von Treitschke.[289] Daarom die nimmereindegende soeke (staatsorganies geïnspireer) na meer "lebensraum", en daarom kan die geopolitieke skool van Duitsland ook geen "wêreldvrede" handhaaf anders as deur dominasie en totalitarisme ad infinitum nie.

4.3.6.1 Karl Haushofer

Die geopolitieke denksisteem bereik 'n hoogtepunt by Karl Haushofer (1869 - 1946), wat met reg as die "guiding genius of Geopolitikers" bestempel is.[290] Die staatkundige milieu in die "Dritte Reich" van Hitler was 'n floreringsbasis vir die organies-geografiese teorieë, en deur sy vriendskap met Hess[291], het Haushofer sonder twyfel belangrike invloed uit=geoefen op "der Führer" en die binnekringe van die Nazi-raamwerk vir die magsekspansionisme en grondin=palmingsdrange.[292] In *Mein Kampf* verklaar Hitler:

> "We National Socialists, however, must go further: the right to soil and territory can become a duty if decline seems to be in store for a great nation unless it extends its territory.....Germany will be either a world power or will not be at all. To be a world power, however, it requires that size which nowadays gives its necessary importance to such a power, and which gives life to its citizens."[293]

By München se Institut für Geopolitik het Haushofer wetenskaplike bewonderaars om hom vergader en voort=gebou op die fondament van die organiese staatsge=dagte[294] - getemper deur die Weltanschauung van die soeke na meer mag en lebensraum . Haushofer het die volgende woorde van Spinoza: "One has only as

197/...

much right in the world as one has power", graag gebesig[295], en een van sy boeke begin met die woorde van Heraclitus: "War is father of all things."[296] By Haushofer bereik die organiese staatsgedagte - magspolities gemotiveer - 'n hoogtepunt, en aan kleiner state ken hy en sy geesgenote geen bestaans=reg toe nie. Ironies genoeg word die ondergang van die Duitse Ryk nooit geopper nie. (Die evolusionis=tiese lewensiklus van die organiese staatsgedagte impliseer die uiteindelike wegkwyning van elke staat - konsekwent deurgevoer sou dit dus ook die Duitse staat se deel moes wees!) Vir Nazi-Duitsland het die teorieë regverdiging vir territoriale roofbou gegee, en in dié lig is die bydrae van die Skool van München fundamenteel ten opsigte van geografies-gekwalifiseerde magspolitiek.

Die assosiasie van geopolitiek met nasionaal-sosialisme bring mee dat die afkeer wat na die Tweede Wêreldoor=log teen Nazi-denkbeelde heers, in die verlenging ook geopolitiek die pas afsny. Die koppeling van geo=grafiese realiteite aan tussenstaatlike magspolitieke konstellasies is hierna taboe - nou is daar ingegaan op politieke areale studies, waaraan ons bondige aandag skenk.

4.4 Geopolitieke Denkbeelde na die Tweede Wêreldoorlog

In die era na die Tweede Wêreldoorlog verskuif die klem van geografies-politieke denkbeelde na 'n studie van bepaalde geografiese areas in ruimtelike verband.[297] Die benaderings kan rofweg geklassifiseer word in morfo=logies-strukturele, histories-evolusionêre en funksionele bane. Isaiah Bowman (1878 - 1950) lewer indringende strukturele werk in *The New World: Problems in Political Geography*[298], en merk elders op:


> "There are only two "laws" that will guarantee permanent peace in a world in which the choice lies between freedom and slavery: justice based on the doctrine of human rights, and the coöperative exercise of power to enforce justice."[299] (onderstreep L.D.B.)

Derwent Whittlesey (1890 - 1956) verreken veral die invloed wat die landskap op die staatkunde, grense, die hoofstad en strategiese areas kan hê.[300] Landskap=determinisme is dus bepalend - 'n wisselwerking tussen owerheid en geografie.

Die funksionele benadering is opgewerp deur Richard Hartshorne (1899 -) wat baie klem lê op die eenheid (langs die hele linie van die werklikheid) van state. "The primary and continuing problem of every state is how to bind together more or less separate and diverse areas into an effective whole."[301], aldus Hartshorne. Voorts dui hy op middelpuntsoekende en middelpuntvliedende magte - eersgenoemde is magte wat die politieke eenheid tot nouer integrasie dwing, terwyl laasgenoemde magte verbrokkelend inwerk.[302] Stephen Jones (1903 -) bring met sy "unified field theory" die gedagte dat die politieke stelsel en politieke proses nie noodwendig die=selfde geografiese area oorspan nie. Sy *Unified Field Theory of Political Geography* bring 'n vyfledige ketting=reaksie ("political idea-decision-movement-field-political area.")[303]

Arnold Toynbee, produktief uit sy magistrale historiese agtergrond, soek na raakpunte tussen politieke ontwikkeling en die aardbodem.[304] Saul Cohen onderskei weer die sogenaamde plettersones - geografiese afperkings wat globale beïnvloedingskapasiteite inhou,[305] met onder=skeiding tussen geostrategiese en geopolitieke areale indelings. "The geostrategic region must be large enough to possess certain globe-influencing characteris=tics and functions, because to-day's strategy can only be expressed in global terms."[306], aldus Cohen. In die strategies-georiënteerde denkskool val ook lugmagdominasie waarvan De Seversky 'n belangrike voorstander is. Globale strategiese geografiese oorwegings laat hom die landmag en vloot aan die lugmag subordineer en die magsverdeling tussen Amerika en Eurasië sien hy kartografies soos volg:[307]

199/...



Harold en Margaret Sprout beweer dat die belangrikheid van die geografie vir tussenstaatlike gedragskodes geleë is in die besliste beïnvloeding van menslike optrede deur natuurlike omgewingsfaktore.[308] 'n Eg behaviora= listiese wisselwerking tussen mens en natuur[309], met klem daarop dat die snelle tegnologiese veranderingspas ook verreken moet word.

4.5 Oorsiggedagtes

Die verabsolutering van geopolitieke denkbeelde bring die gevaar van imperialistiese eksesse. Teoretiese vaslegging van die rol van geografie in die wêreldpolitiek is belangrik, maar die rol mag nie deterministies verab=

200/...

soluteer word nie. Die geografie is nie die alleenpoten= taat in die magskapasiteit van state nie. Dit vorm die strukturele (institusionele) raamwerk - die "grondplan" - van internasionale verhoudinge - steeds onderworpe aan die objektivering van menslike skeppingsar= beid. Die teorieë kan dus nooit die geheelbeeld van internasionale verhoudinge bied nie, maar is as subjek= tiewe gegewe 'n belangrike verrekeningsfaktor.

5 Samevatting en Standpunt

Die fisies-geografiese struktuur (aardbol) is die strukturele onderbou waarop die dramas van die wêreldpolitiek afspeel - erfenis wat die mensdom ongeskonde na Gods Skepping in ontvangs geneem het. Eeuelange staatkundige en kulturele ontwikkeling het 'n veelheid nasionale staatsterritoriums tot stand laat kom. Tussen die verskillende state is daar ingrypende aardrykskundige verskille - verskille wat egter nie wetmatig magskapasiteit en bedingingspotensiaal beïnvloed nie. Indien menslike positiveringsarbeid wet= matig universeel vasgelê was, sou 'n matematiese magsbepaling moontlik wees. (Hiërargiese magsindeling op grond van statiese faktore langs die linie.)

Die bodem bly egter steeds die subjektiewe gegewe wat staatkundigverdelend geobjektiveer is. Die mate waartoe die geografiese subjektiewe gegewe in elke staatsterritorium tot magsontsluiting en sinvolle gebruik gebring kan word sal afhang van die objektivering van staat en staatsburger. Beheersende vormingsarbeid moet die geografiese magsbron normatief-korrek ontsluit - 'n waarderingsoordeel van die geografie as magsbron is steeds onderworpe aan menslike positiveringsarbeid, en derhalwe in ons volgende hoofstuk aandag aan die tegnologie en die ekonomie.

201/...

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK III

1. Aangehaal in Weigert, H.W., Stefansson, V., Harrison, R.E., New Compass of the World, Macmillan, New York, Derde Druk, 1953, p.VII. In die tweede boek van Plato se Republiek merk Socrates (469-399 v.C.) op: "A State arises, as I conceive, out of the needs of mankind; no one is self-sufficing, but all of us have many wants. Can any other origin of a State be imagined?"; soos aangehaal in Buck=holts P., Political Geography, The Ronald Press Company, New York, 1966, pp.4-5.
2. Vgl. Gottman, J., Geography and International Relations, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., (reds.) The Theory and Prac=tice of International Relations, Op.cit., p.128.
3. Vgl. Buell, R.L., International Relations, Pitman and Sons, Kingsway, Datum Onvermeld, p.10.
4. Wright is selfs van mening: "Indeed, without the back=ground that geography gives us, historical study is confu=sed and meaningless." Vgl. Wright, J.K., The Geographical Basis of European History, Henry Holt and Company, New York, 1928, p.4, terwyl Scholtz ooreenstemmend aanhaal: "History is geography set in motion.", soos aangehaal in Scholtz, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek Gevoer word, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1952, p.118.
5. Vgl. Cohen, S.B., Geography and Politics in a World Divided, Random House, New York, Eerste Druk, 1963, p.3.
6. Vgl. Schwind, M., Allgemeine Staatengeographie, Walter de Gruyter, Berlyn, 1972, p.1.
7. Vgl. Aristoteles, The Ideal State, in Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (reds.) The Structure of Political Geography, Aldine Publishing Company, Chicago, Tweede Druk, 1971, pp.13-16 waar Aristoteles verskeie geometriese strukture behandel, 'n Meer volledige behandeling van ad rem denk=beelde van Aristoteles en ander grondliggende denkers volg in deel 4 van die hoofstuk.
8. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op. cit., p.500.

9. Vgl. Loc.cit.

10. Vgl. Sprout, H.,en M.T., Geography and International Politics in an Era of Revolutionary Change, in Jackson, W.A.D., Politics and Geographic Relationships, Prentice-Hall, New Jersey, Tweede Druk, 1964, p.341. "Every nation-state has a territorial base, a spatial section of the earth's surface in the idiom of geographic science. Territory is one of the absolute requisites of statehood." (onderstreep - L.D.B.).

11. Vgl. Aron, R., Peace and War. A Theory of International Relations, Op.cit., pp.181-182; Van Dyke, V., International Politics, Appleton-Century-Crofts, New York, Derde Uitgawe, 1972, pp.224,227; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations. The Struggle for Power and Peace, Op.cit., p.106. "The most stable factor upon which the power of a nation depends is obviously geography."; Cohen, S.B., Op.cit., pp.7-12; Pounds, N.J.G., Political Geograhpy, McGraw-Hill, New York, Tweede Uitgawe, 1972, pp.157-184; Pearcy, G.E., (red.) World Political Geography, Constable and Company, London, Tweede Uitgawe, 1957, pp.6-9; Prescott, J.R.V., The Geography of State Policies, Hutchinson and Company, London, Eerste Druk, 1968, pp.9-26; Buckholts P., Op.cit., pp.19-22.

12. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., International Relations. In the Age of the Conflict between Democracy and Dictatorship, Op.cit., p.51.

13. Vgl. Sprout, H., en M.T., Foundations of International Politics, Van Nostrand Company, New York, Derde Druk, 1966, p.44, waar ruimte aangetoon word as: "uneven or irregular distribution" (van areale grondgebied) en tyd wat ruimtelike realiteite betekenisvol kan beïnvloed.

14. Soos aangehaal in Hartmann, F.H., The Relations of Nations, MacMillan Company, New York, Vierde Uitgawe, 1973, p.41.

15. Van Dyke, V., Op.cit., p.224.

16. Vgl. Emeny, B., The Strategy of Raw Materials, MacMillan Company, New York, 1944, p.1; Friedensburg, F., Die Mineralischen Bodenchätze als Weltpolitische und Militärische

Machtfaktoren, Ferdinand Enke Verlag, Stuttgart, 1936, p.1. "Die in der Geschichte der Menschheit einzigartige Entwicklung von Technik und Wirtschaft während der letzten hundert Jahre beruht zum grössten Teil auf der Nutzbarmachung des Mineralreiches."

17. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Appleton-Century-Crofts, New York, 1955, p.339.

18. Besoedeling kom later volledig onder die soeklig, maar dit is openbarend om op te merk dat die legendariese Thor Heyer= dahl gedurende 6 van die 52 dae aan boord van die vlot "Ra" op sigbaar besoedelde olie-, teer- en asfalt watermassas afgekom het. Vgl. Schachter, O., Serwer, D., Marine Pollution Problems and Remedies, American Journal of Inter= national Law, Vol. 65, nr. 1, Januarie 1971, p.90.

19. Vgl. Ratzel, F., Politische Geographie, Verlag von R. Oldenburg, München, Eerste Druk, 1897, p.5.

20. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., The Dynamics of Inter= national Politics, Macmillan, New York, Tweede Uitgawe, 1967, pp.105-106.

21. Vgl. Grabowsky, A., Raum, Staat und Geschichte. Grund= leging der Geopolitik, Carl Heymanns Verlag, Berlyn, 1960, p.19. Fairgrieve sien die groeiende menslike kontrole oor energie aan die ander kant as die rigtinggewende doelmatig= heid van die geskiedenis. Vgl. Fairgrieve, J., Geograhpy and World Power, University of London Press, London, Sesde Druk, 1927, pp.3-4.

22. Vgl. Gottmann, J., Op.cit., p.129.

23. Bas Goedhart merk tiperend in die verband op: "Die teg= nologie het die mens na eeue van afhanklikheid in staat gestel om sy omgewing te beheer. Is daar 'n berg in die pad? Maak nie saak nie - blaas hom op! Moet olie ver= voer word van Persië na Europa? Bou 'n tenker van 'n mil= joen ton! Oorwin die afstand met makrostralers, deur= klief onsigbaar en onopspoorbaar die wêreldoseane met kern= duikbote, bou uitsaai- en mikrogolftorings tot in die wolke en laat woord en beeld uitgedra word tot aan die eindes van die aarde, gee mense kunsharte, laat ruimtevaarders

rondwandel op die maan, stuur ruimteskepe uit om die geheime van Mars te onthul." Vgl. Goedhart, B.N., Die Adel van jou Naam. Suid-Afrika - Wentelpunt van Wêreldstrategie, Boekhandel De Jong, Johannesburg, 1972, pp.48-49.

24. Vgl. Whittlesey, D., The Horizon of Geography, Annals of the Association of American Geographers, Vol. XXXV, nr. 1, Maart 1945, pp.17-18.

25. Vgl. Wohlstetter, A., A New Concept of Geography and International Politics, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S., The Theory and Practice of International Relations, Op.cit., pp.94-97; waar die sogenaamde "illusions of distance" aangetoon word en Wohlstetter die teorie dat mag omgekeerd eweredig met afstand afneem, verwerp.

26. Vgl. Seaborg, G.T., Das Atom und die Weltgesellschaft heute und morgen, Universitas, Jg. 24, nr. 3, Maart 1969, p.228. "Ein Kernenergiewerk kann genausogut in der Wüste wie in einem Industriezentrum arbeiten - ja es kann die Wüste zum Industriezentrum machen."

27. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.106. "Meanwhile, topography, climate, and other physical characteristics themselves change little. The significance of these unchanging facts can vary, however, with new political, economic and technological developments." Olivier verwys na geografie as die stadigste veranderingstempo. Vgl. Olivier, G.C., Die Grondslae van Suid-Afrika se Buitelandse Beleid, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif aan die Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1973, p.13; terwyl Nel ruimtelike verbreidheid as: "never absolutely static" aantoon. Vgl. Nel, D.E., A Plea for a More Political - Geographical Approach to Political Geography, Intreerede aan die Universiteit van Fort Hare op 3 Oktober 1966, Fort Hare University Press, p.11.

28. Spykman, N.J., Geography and Foreign Policy, I, soos aangehaal in Van Dyke, V., Op.cit., p.224.

29. Vgl. Padelford, N.J., Geography and International Relations, in Military Aspects of World Political Geography, Air

University, Montgomery, V.S.A., 1954, p.151.

30. Vgl. Wright, Q., Op.cit., p.341. "It is to be expected that great powers will develop only in the temperate zone ....."; Aron, R., Op.cit., p.183; Sprout, H., en M.T., Foundations of International Politics, Op.cit., pp.340-364.

31. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Dynamics of International Relations, McGraw-Hill, New York, Eerste Druk, 1956, p.86.

32. Vgl. Aristoteles, Op.cit., p.15.

33. Vgl. Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (red.) Op.cit., p.4.

34. Vgl. Montesquieu, L'Esprit des lois, soos aangehaal in Aron, R., Op.cit., p.183. Vgl. veral L'Esprit des lois, Boeke XIV en XVIII, Passim; Kriesel, K.M., Montesquieu: Possibilistic Political Geographer, Annals of the Associa= tion of American Geographers, Vol. LVIII, September 1968, pp.557-574.

35. Huntington veral is gebrandmerk as omgewingsdeterminis - 'n "sun worshipper" in die woorde van Gottmann wat krities opmerk: "There is no optimum climate for power or civi= lization." Vgl. Gottmann, J., Op.cit., pp.130, 131.

36. By Stalingrad het Genl. Rokossovski, bevelvoerder van die Russiese magte, die volgende boodskap aan die Duitse bevel= voerende generaal, Paulus, gestuur: "The cruel Russian winter has scarcely yet begun. Hard frosts, cold winds and blizzards still lie ahead. Your soldiers are unprovided with winter clothing..... . Your situation is hopeless, and any further resistance senseless." Vgl. Shirer, W.L., The Rise and Fall of the Third Reich, Pan Books, London, Vierde Uitgawe, 1967, p.1109.

37. Vgl. Scholtz, G.D., Op.cit., p.119.

38. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Elements of Political Geography, Prentice-Hall, New York, Tweede Uitgawe, 1955, p.63.

39. Vgl. Jansen, H.P.H., Algemene Geschiedenis der Middeleeuwen, Prisma-Boeken, Utrecht, Tweede Druk, 1967, p.9.

40. Vgl. East, W.G., The Geography Behind History, Nelson and Sons, Hersiene en Uitgebreide Uitgawe, 1965, p.55; Renouvin, P., Duroselle, J.B., Introduction to the History

of International Relations, Vertaal deur M. Ilford, Pall Mall Press, Plek van Uitgawe Onvermeld, 1967, p.4: ".....the arctic regions have always seemed to reject the possibility of human life, ..."; Gottmann, J., Op.cit., p.130. "Cold climates in the subarctic area would seem the most difficult to conquer."

41. Toynbee merk stawend op: ".....the challenge of the northern seasonal cold.....evoked a new creative response in such as did not succumb to it."; soos aangehaal in Alexander, L.M., World Political Patterns, Rand McNally and Company, Chicago, Tweede Uitgawe, 1963, p.41; verder Miller, J., Siberië, Land van Bevrore Skatte, Die Huisgenoot, 5 April 1974, pp.50-55, waar die Russiese offensief om Siberië te tem aan die orde gestel word, en Buckholts, P., Op.cit., p.133-134.

42. Nadat Frankryk sy toetsterrein in die Sahara vanweë staatkundige ontwikkeling kwyt was, het die kernproefnemings in die Stille Oseaan die dubbele standaarde van die wêreldmening in die kalklig gebring. Vgl. To the Point, 11 Augustus 1973, p.27. Die kritiek van Australië, Nieu-Seeland en Peru is aan die verkeerde adres gerig, veral as hulle bydrae tot wêreldvrede met die van Frankryk gepaar word.

43. Vgl. Van Valkenburg. S., Stotz, C.L., Op.cit., p.65.

44. Finlay en Hovet maak 'n interessante indeling aangaande pogings van die mens om geografiese hindernisse van staatkundige vestiging te oorkom. Hulle verwys onder andere na: "escapism behavior"; "denial behavior"; "greed behavior"; "eternal optimism behavior" en ander beïnvloedende relevante strominge. Vgl. Finlay, D.J., Hovet, T., (Jr.) 7304: International Relations on the Planet Earth, Harper and Row, New York, Eerste Druk, 1975, pp.100-118. Vgl. Ibid., p.99. "The approach of the international system of states has been to deny the reality of the physical environment within which it exists. Each group of individuals, each state, in an almost historical inevitability has argued against the finiteness of the earth. Each state has singly sought

an escape from this closed system of limited resources, each has sought the means to obtain its "just" share of these resources and their use. The dilemmas in the re= lationships of states and peoples as they relate to the physical environment in the last half of the twentieth century are, in part, the product of certain common beha= vioral patterns of states in facing the problems posed by the limits of the earth."

45. Vgl. Buckholts, P., Op.cit., p.135: "Also, one must not overlook the possibility that states that possess predomi= nantly unfavorable environments, such as Brazil and India, are potential power states."

46. Vgl. Augell, J.P., Brasilia: The Emergence of a National Capital, The Journal of Geography, Vol. LXII, nr. 6, Sep= tember 1963, pp.241-252; James, P.E., Faissol, S., The Problem of Brazil's Capital City, The Geographical Review, Vol. XLVI, nr. 3, Julie 1956, pp.301-317; Agger, M., Brasilia - Stad uit die Niet, Die Huisgenoot, 3 Februarie 1967, pp.40-43. Dit is in ooreenstemming met die stand= punt van Isaiah Bowman wat van mening is dat die mens die natuur kan oorwin, as die staatskas bereid is om sy sak ge= noeg te skud: ".....", modern man has sufficient technical knowledge to build and maintain a comfortable and well-lighted city and provide education, opera, and games at the South Pole, or build an artificial rain-compelling mountain range in the Sahara desert - at a price."; Vgl. Sprout, H., en M.T., Foundations of International Politics, Op.cit., p.363.

47. Vgl. Padelford, N.J., Op.cit., p.151. Oor die barre kli= maat van die Namib het Louis Botha tydens die Suidwes-Veldtog in 1915, ten tye van die Eerste Wêreldoorlog, aan Jun Smuts geskryf: "..... Jannie, you are absolutely indispensible here. We have no one else to send there, so no one will welcome you more heartily to these plains of Moab than I". Vgl. Meintjes, J., General Louis Botha. A Biography, Cassell and Company, London, 1970, p.259.

48. Vgl. Huntington, E., Civilization and Climate, p.9, soos

aangehaal in Sprout, H., en M.T., Foundations of Interna= tional Politics, Op.cit., p.346.

49. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., pp.68-69.

50. Vgl. Muller, C.F.J., (red.) Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Academica, Pretoria, 1968, p.438. "Die Boes= mans was op die ou end nie bestand teen die fisies sterker en tegnies hoër ontwikkelde Hottentot en later die Bantoe nie."; Lejeune, A., The Case for South West Africa, Tom Stacey Ltd., London, Eerste Uitgawe, 1971, p.204. ".....driven away by the other groups into the more in= accessible desert regions."; Rhoodie, E., South West: The Last Frontier in Africa, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967, pp.110-113. Genl. J.C. Smuts het met die besetting van Duits-Suidwes-Afrika in 1915 opgemerk: "..... the roving Bushmen still regarded as little better than wild animals - human vermin of the veld." Vgl. South West Africa Survey 1967, Gepubliseer deur die Departement van Buitelandse Sake van die R.S.A., Maart 1967, p.19.

51. Vgl. Jukes, G., Stalingrad: The Turning Point, Macdonald and Company, London, 1968, pp.8-157.

52. Die slag by Magersfontein kan hier ter stawing aangehaal word waar die Skotse Hooglandregimente die Vrystaatse son onuithoudbaar gevind het. Vgl. Amery, L.S., (red.) The Times History of the War in South Africa 1899-1902, Sampson, Low, Marston and Company, London, 1902, p.411: "..... and tortured by the burning African sun."

53. Vgl. Wheeler, R.H., Climate and Human Behaviour, aangehaal in Sprout, H., en M.T., Foundations of International Poli= tics, Op.cit., pp.347-349.

54. Vgl. Mills, C.A., Temperature Dominance over Human Life, in Sprout, H., en M.T., Foundations of International Poli= tics, Op.cit., pp.350-353; waar Mills met vergesogte hipo= teses(selfs die mediese welstand van die fisiese) Huntington ondersteun.

55. Veral Hanson het in New Worlds Emerging na vore getree as 'n kritikus van klimatologiese determinisme. Dienaangaan= de skryf hy: "Man not only started in the tropics when he

began to spread all over the world, but he is still an equatorial animal and cannot live in any climate but the tropical - provided either by nature or artificially by man himself.", aangehaal in Sprout H., en M.T., Foundations of International Politics, Op.cit., p.357.

56. Vgl. Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., pp.4-5.

57. Vgl. Connor, W.F., Myths of Hemispheric, Continental, Regional and State Unity, Political Science Quarterly, Vgl. LXXXIV, nr. 4, Desember 1969, p.582. "A knowledge of the geographic backdrop is essential to an understanding of con= temporary world politics, but it is seldom a sufficient explanation and often a deluding one."

58. Vgl. Hartmann, F.H., The New Age of American Foreign Poli= cy, The Macmillan Company, London, Eerste Uitgawe, 1970, p.369; waar die immuniteit van sekere geografiese reali= teite aan die orde is.

59. Soos aangehaal in Carlson, L., Geography and World Politics, Prentice-Hall, New Jersey, Tweede Druk, 1959, p.35.

60. Soos aangehaal in Pounds, N.J.G., Op.cit., p.62.

61. Zambië vorm geografies as't ware die as waarom die wiel in sentraal Suider-Afrika draai. Bowendien bring ideologiese verskille tussen die ses state (kruisbestuiwing van Afrika-nasionalisme en kommunisme versus die normatiewe staatkun= dige ideale van die blanke state van Suider-Afrika) ernstige probleme vir die Zambiese ekonomie wat 'n landingeslote staat is. Vgl. To the Point, 27 Januarie 1973, pp.23-25; Kruger, J.T., Die Terroriste-Aanslag teen Suidelike Afrika, Referaat by Simposium oor Internasionale Politiek, Potchef= stroom, 24 Augustus 1973, Pro Rege Pers, p.60.

62. Die geweldige afstand tussen Kuba en sy internasionale staat= kundige beskermende voog, Rusland, en sy ligging binne die Amerikaanse invloedsfeer beïnvloed onteenseglik sy buite= landse verhoudinge. Vgl. Leiden, C., Schmitt, K.M., The Cuban Revolution, in Gyorgy, A., Gibbs, H.S., Jordan, R.S., Problems in International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, Derde Uitgawe, 1970, pp.267-268.

63. Ten einde hierdie probleme die hoof te bied het Duitsland

in 1914 die militêr-strategiese voordele van die Schlieffen-Plan aangehang. Vgl. Holborn, H., Moltke and Schlieffen: The Prussian-German School, in Earle E.M., (red.) Makers of Modern Strategy. Military thought from Machiavelli to Hitler, Princeton University Press, Princeton, Vierde Uit=gawe, 1952, pp.198-200. President Ayub Khan het die di=lemma van sy land, Pakistan, se geopolitieke ligging soos volg gestel: "The geopolitical imperatives of our location on the map of the world, make it necessary that for our survi=val we should have good neighbourly dealings with our three neighbours, China, the Soviet Union, and India." Vgl. Khan, A., Pakistan's Economic Progress, International Affairs, Vol. 43, nr. 1, Januarie 1970, p.9.

64. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.81.

65. Vgl. Kruls, H.J., A Warning to N.A.T.O., South Africa Inter=national, Vol. 2, nr. 1, Julie 1972, p.2; Biermann, H.H., Die Republiek van Suid-Afrika in die Suidelike Halfrond, Referaat by Simposium oor Internasionale Politiek, Potchef=stroom, 25 Augustus 1972; Eksteen, M.C., Die Rooi Seevuis slaan Hard, Kommando, Junie 1969, pp.15-16; Nelson, C., 'n Geopolitiese Waardering van die Strategiese Belangrikheid van die Kaapse Seeroete, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Saldanha, 1974, pp.1-310.

66. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Principles of Political Geography, Appleton-Century-Crofts, New York, 1957, pp.182-184.

67. 'n Toename in die hoeveelheid seë waaraan 'n staat grens bring onteenseglik groter maritieme geleenthede en verant=woordelikhede mee. Nederland het net een kuslyn om te ver=dedig, Frankryk het drie (Atlantiese, Mediterreense en Noord-see), wat egter daarenteen kommersieel vir Frankryk ook groter voordele bring. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., pp.46-48; Carlson, L., Op.cit., p.29; Buckholts, P., Op.cit., pp.80-81.

68. Vgl. Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.11, 13. Baldwin het by geleentheid opgemerk "Geography is the Rus=sian Navy's undoing." Vgl. Baldwin, H.W., The Soviet Navy, Foreign Affairs, Vol. 33, nr. 4, Julie 1955, p.590. Pieter die Grote het die Russiese drang na die see só beskryf:

".....The future of Russia lies at the mouths of the Neva, the Don and the Amur.", terwyl Molotov op 15 Januarie 1938 verklaar het: "..... mighty Soviet Power must possess a sea and ocean navy adequate for its interests and worthy of our great cause." Vgl. Kerner, R.J., Russian Naval Aims, Foreign Affairs, Vol. 24, nr. 2, Januarie 1946, onderskeidelik pp.290-291, 293; Edmonds, M., Skitt, J., Current Soviet Maritime Strategy and N.A.T.O., International Affairs, Vol. 45, nr. 1, Januarie 1969, pp.28-43.

69. Vgl. Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., pp.15-16, veral p.16: "Hence the consequences of being on an island differ greatly according to the size of the island and its situation - in a closed sea or in an ocean, near or far from the continental littoral, near or far from a maritime route."

70. Vgl. in die besonder Mahan, A.T., The Influence of Sea Power upon History, 1660-1783, Little, Brown and Company, Boston, 1918, pp.59-66, 139-170, 254-279, 281-329, veral p.328: "Yes! but by the superiority of her government using the tremendous weapon of her sea power. This made her rich, and in turn protected the trade by which she had her wealth..... . Her power was everywhere that her ships could reach, and there was none to dispute the sea to her..... . Ruler of the seas, she everywhere obstructed its highways."

71. Vgl. Schwarzenberger, G., Towards the Climax? Genesis and Compression of the International Oligarchy, World Affairs, Vol. 4, nr. 4, Oktober 1950, p.391.

72. Vgl. Hartshorne, R., The Functional Approach in Political Geography, Annals of the Association of American Geographers, Vol. XL, nr. 2, Junie 1950, pp.95-130.

73. Die uitbreiding van geografiese grondgebied is veral by die geopolitika tot eksesse gevoer. Ellen Temple het, geinspireer deur Ratzel, geskrywe: ".... for peoples and races the struggle for existence is at bottom a struggle for space.", soos aangehaal in Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., p.27.

74. Vgl. Padelford, N.J., Op.cit., p.155; Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., pp.73-78; Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., p.53, is meer deterministies veral deur die invoeging van "can ever", in hulle verabsoluteer= de uitgangspunt. Vgl. p.53. "Size is an important fac= tor in the evaluation of a political unit, for without sufficient size no nation can ever rank as a leading world power." (onderstreep - L.D.B.).

75. Die Duitse veldheer Von Hindenburg het by geleentheid ver= klaar dat Rusland so groot is dat die land nie net een hart het waarin die doodsteek toegedien kan word nie. Hieraan voeg Scholtz toe -: "Dit het Rusland onoorwinlik gemaak." Vgl. Scholtz, G.D., Die Geskiedkundige en Aardrykskundige Agtergrond van die Huidige Internasionale Toestand, Lesing aan die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Julie 1958, pp.9-10.

76. Vgl. Padelford, N.J., Op.cit., p.155; Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., pp.53, 56; Carlson, L., Op.cit., p.37.

77. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.87. "Japan is the classic illustration of the disparity between size and power." Aan die einde van die Tweede Wêreldoor= log het gebrek aan ruimte Japan verhoed om industrieë te verskuif, of stede te ontvolk en Amerikaanse bombardering is daardeur baie suksesvol gemaak.

78. Die ideale grootte van state varieer met die stand van teg= nologiese ontwikkeling en kommunikasie. Baie areas in die U.S.S.R. was dekades lank vanweë hierdie redes ontoeganklik. Vgl. Carlson, L., Op.cit., p.37. In Afrika is daar weer die voorbeeld van die burgeroorlog in Nigerië en die Soe= dan - stryd omdat weens koloniale erfenis binne een staats= territorium saamgevoeg is wat uit innerlike oortuiging en kulturele verband nie bymekaar hoort nie.

79. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.82.

80. Vereenvoudig en aangepas uit Chandrasekhar, S., Hungry People and Empty Lands, Indian Institute for Population Studies, Baroda, Eerste Druk, 1952, p.66.

81. Vgl. Alexander, L.M., Op.cit., p.39. Frankryk dien hier as uitstekende voorbeeld. 'n Sirkel met 'n radius van 250 myl sluit nege-tiendes van kontinentale Frankryk in. Die verhouding tussen die omtrek van 'n sirkel wat binne die staatsgrense getrek is en die werklike lengte van die landsgrense is 'n matematiese aanduiding van die ideale landsvorm.

82. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., p.60. "The German and Pakistan examples of noncontiguous territories have in common the fact that communication between their discon= nected parts is possible by sea, that this connection is devious and slow, and that land connections via the territory of other states, although more convenient, were impeded by the irritating restrictions usual to political frontiers."

83. Die voorbeeld van Chili is meer dan sprekend. Die staat het 'n lengte van 2,600 myl en 'n gemiddelde breedte van 100 myl - erdwurmagtige staatsvorm - en as die verskillende dele van die staat eers van mekaar geskei is, is 'n finale militêre oorwinning byvoorbeeld soveel makliker. (Hipote= ties kan myn en industrie van mekaar geskei word en daar= deur word die gebruik van beide verlam). Vgl. Alexander, L.M., Op.cit., p.40; Carlson, L., Op.cit., p.38; Buckholts, P., Op.cit., p.74.

84. Vgl. Buckholts, P., Op.cit., p.98. "The landscape and the atmosphere, which guides its development, affect man physi= cally and mentally, but measurement is seldom possible."

85. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., p.78. "Thus it is not surprising that the bulk of the world's population lives on plains and that the major part of the world's economic, social and political activities are car= ried out on level land."; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op. cit., pp.85-86.

86. 'n Bekende historikus het die Russiese landelike omgewings= invloed soos volg omskryf: "The steppe, which in the stable seasons of the year is all an open road, is the land of vast horizons, distant dreams, active life and constant

danger..... . The forest teaches caution; every tree may hide a danger. But the lesson of the rivers is be= fore all things that of sociability and of brotherhood.", aangehaal in Buckholts, P., Op.cit., p.98; Lombard, J.C., Christelike Aardrykskunde - Inleidend, Riglyne, Jg. 3, nr. 2, Augustus 1972, p.33.

87. Vgl. hier die kostelike opmerking van Lombard: "Die Christen annekseer nie die natuur soos 'n gulsige parasiet nie, maar leen en waardeer dit as 'n lewensbodem en lewens= ruimte uit Sy hand", Lombard, J.C., Op.cit., p.30.

88. Vgl. Strauss, H.J., Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing, Sacum Beperk, Bloemfontein, 1964, p.28.

89. In die stryd van Mussolini teen Ethiopië voor die Tweede Wêreldoorlog het die geografie baie voordele aan die swak toegeruste Ethiopiërs gebied. Vgl. Scaetta, H., Geography, Ethiopia's Ally, Foreign Affairs, Vol. 14, nr. 1, Oktober 1935, pp.62-70. 'n Staat waarin die reliëf opgesnipper word deur berge, is bekend as "un pays a cheval"- (a coun= try on horseback). Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., p.83.

90. Vgl. Guevara, C., Guerrilla Warfare, Monthly Review Press, New York, 1961, p.30, et seq. Gedurende die optrede van Spaanse guerillas teen Napoleon; Tito se magte teen die Nazisme en Grivas se guerillas op Ciprus het die berge 'n natuurlike skuilplek gebied.

91. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.85.

92. Vgl. Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., p.79.

93. Vgl. Buckholts, P., Op.cit., p.108; Van Valkenburg, S., Stotz, C.L., Op.cit., p.79.

94. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.86. "One need only compare the topography of desert-dominated North Africa with that of rolling West Europe to see the effect of topography upon food and communication, ingredients of power."

95. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., pp.54-57.

96. Vgl. Crone, G.R., Background to Political Geography, Museum Press, London, 1967, pp.59-60. "Areas must have

limits, and this possibly explains why so much has been written on the subject of boundaries in international relations. In present usage boundary signifies the divi= ding-line, or line of separation, between independent political units."; House, J.W., A Local Perspective on Boundaries and the Frontier Zone, in Fisher, C.A., Essays in Political Geography, Methuen and Company, London, 1968, pp.327-334; Fawcett, C.B., Frontiers, A Study in Politi= cal Geography, The Clarendon Press, Oxford, 1921, pp.14-15. "Such separating areas as these may be called, form per= manent frontiers since, so long as men live and move on the surface of the earth, they make a distinct break be= tween the inhabited regions"; Holdich, T.H., Political Frontiers and Boundary Making, Macmillan, London, 1916, pp.1-12; Kristof, L.K.D., The Nature of Frontiers and Boundaries, Annals of the Association of American Geogra= phers, Vol. 49, nr. 3, 1959, pp.269-282; Dannhauser, J.A., Die Geografiese Grense van die Republiek van Suid-Afrika - 'n Studie in Internasionale Verhoudinge, Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif aan die U.O.V.S., Pretoria, 1974, pp.1-42.

97. Pounds, N.J.G., Op.cit., p.66.

98. Die groeiende vergestalting van owerheidsgesag gaan saam met die opsegging van feodale seperatisme en die vestiging van absolutisme. Vir 'n volledige visie op die owerheids= taak vgl. Wessels, F.J.H., Die Owerheidstaak, Ongepubli= seerde D.Phil.-Proefskrif aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1957, pp.622-748.

99. Vgl. Kristof, L.K.D., Op.cit., p.281. "Frontiers are a characteristic of rudimentary socio-political relations; relations marked by rebelliousness, lawlessness and for absence of laws. The presence of boundaries is a sign that the political community has reached a relative degree of maturity and orderliness, the stage of law-abidance."

100. Vgl. Jones, S.B., Boundary Concepts in the Setting of Place and Time, in De Blij, H.J., Systematic Political Geography, John Wiley and Sons, New York, 1967, pp.226-228;

Prescott, J.R.V., The Geography of Frontiers and Boundaries, Hutchinson, London, Herdruk, 1967, pp.56-87.

101. Vgl. Jones, S.B., Op.cit., p.233. "Natural marks were of course used for boundaries for milennia before there arose a doctrine about them."; Alexander, L.M., Op.cit., pp.45-46; Padelford, N.J., International Boundaries, in Military Aspects of World Political Geography, Op.cit., p.164; Carlson, L., Op.cit., pp.90-96; Boggs, S.W., International Boundaries, A Study of Boundary Functions and Problems, Columbia University Press, New York, 1946, pp.22-25.

102. Nieteenstaande die pogings van die vredemakers by Versailles het 3,200,000 Duitsers, 700,000 Hongare, en 80,000 Pole op Tseggo-Slowaakse grondgebied gebly; 700,000 Duitsers binne die grense van Pole en 420,000 Albanese binne die staatsterritorium van Joegoslawië. Vgl. Alexander, L.M., Op.cit., p.47.

103. Vir 'n kritiese bespreking van kunsmatige grense vgl. Holdich, T.H., Op.cit., pp.161-178.

104. Die strekking van geometriese grense word met min moeite in die raadsale vasgelê, maar die fisiese kartering daarvan verdeel dikwels eeue-oue kulture en etniese groeperings (die Ewe-stam in Togoland). Vgl. Carlson, L., Op.cit., p.97; Weigert, H.W. (e.a.) Op.cit., pp.104-105. Oor die raap en skraap van grondgebied en vasstelling van grense in Afrika merk Barbour op: ".....for a large part of the continent it has come about in practice that the present political boundaries divide tribes or language groups, and place them under two or even more administrations.", aangehaal in Pounds, N.J.G., Op.cit., p.70.

105. Alexander, L.M., Op.cit., p.48; Carlson, L., Op.cit., p.98.

106. In die Koue Oorlog met sy uitlopers van guerillaoorlog en kernoorlog taan die militêre belangrikheid van grense, omdat sekuriteitsareas nie langer van deurslaggewende militêre strategiese belang is nie. Vgl. Jones, S.B., Global Strategic Views, in Olson, W.C., Sondermann, F.A.,

Op.cit., pp.140-147.

107. Liddell Hart dui byvoorbeeld daarop dat sonder die oorwig in die lugmag die geallieerde inval in Europa (D-Dag) nie sou slaag nie. Vgl. Liddell Hart, B.H., History of the Second World War, Cassell, London, 1970, p.547. "The Allies would have had no chance of ever getting established ashore but for their complete supremacy in the air." In die stryd teen Japan in die Stille Oseaan het eilandverowering die opmars van Amerika vertraag en die militêre vermoë uitputtend dreineer.

108. Vgl. Karan, P.P., The Sino-Soviet Border Dispute, The Journal of Geography, Vol. LXIII, Mei 1964, pp.219-220; Jackson, W.A.D., The Russo-Chinese Borderlands. Zone of Peaceful Contact or Potential Conflict?, Van Nostrand, New Jersey, 1962, pp.1- 27; Doolin, D.J., Territorial Claims in the Sino-Soviet Conflict, The Hoover Institution on War, Revolution and Peace, Stanford University, 1965, pp.13-24.

109. Possony is van mening dat die grensgeskil tussen Rusland en Rooi Sjina sterk op etniese verskille aanleun. Vgl. Possony, S.T., Nationality and Boundary Problems in Central and East Asia, Plural Societies, Autumn 1971, pp.4-26; verder Gyorgy, A., A Note on the Significance and Impact of the Sino-Soviet Dispute, in Gyorgy, A., Gibbs, H.A., Jordan, R.S., Op.cit., pp.97-101.

110. Vgl. Kristof, L.K.D., Op.cit., p.277. "Whether we like it or not, boundary disputes so dominant in international po= litics a generation ago, are fading away from diplomatic agenda. They are replaced in both urgency and importance by problems of a new kind of frontiers - frontiers of ideological worlds."

111. Vgl. Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, Op.cit., p.47; Wessels, H.A., Die Stryd van die Republiek van Suid-Afrika teen Kommunistiese Imperialisme - 'n Staatsfi= losofiese Studie, Op.cit., pp.139-224; Kuypers, G., Het Russische Gevaar, Antirevolutionaire Staatkunde, Jg. 20, nr. 12, Desember 1950, pp.417-418. "Nooit bekommert men

zich daar over de vraag of een middel moreel verantwoord is. Men peinst er alleen over of een middel doeltreffen is." Kaganovich het op 6 November 1955 in Moskou se Bolshoi Teater vol bravado te kenne gegee dat die kom= munistiese ideologie deur die wêreld gaan versprei: ".....without visas and fingerprints.", en vervolg ".....revolutionary ideas know no boundaries.", soos aan= gehaal in Kristof, L.K.D., Op.cit., p.279. Dit mag waar wees, maar die ystergordyn het ook swak sweisplekke soos Tito maar te duidelik geïllustreer het.

112. Vgl. Kristof, L.K.D., Op.cit., p.278.

113. Oor die standhoudende aard van die geografie verklaar Spykman: "Geography is the most fundamental factor in the foreign policy of states because it is the most permanent. Ministers come and ministers go, even dictators die, but mountain ranges stand unperturbed." Vgl. Spykman, N.J., America's Strategy in World Politics. The United States and the Balance of Power, Op.cit., p.41.

114. Vgl. Fairgrieve, J., Op.cit., p.4; Greene, F., Dynamics of International Relations. Power, Security and Order, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1964, pp.175-176; Bidwell, P.W., Raw Materials and National Policy, Foreign Affairs, Vol. 37, nr. 1, Oktober 1958, p.154. "National strength depends upon the best use of all kinds of natio= nal resources....."; Dulles, F.R., America's Rise to World Power, 1898-1954, Harper and Row, New York, 1955, p.1. "America's rise to world power is a consequence of the nation's geographic position, natural resources, and dynamic energy.", passim.

115. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.125; Emeny, B., Op.cit., p.1. "The important bearing, economic, political and strategic, which the disparity of foodstuffs and essential industrial raw materials among nations has upon their peace and war relations, is becoming universally recognized".

116. Vgl. Bidwell, P.W., Op.cit., p.148. "Plainly, our re= sources of metals and minerals cannot be renewed. As the

richest veins of ore are worked out and the most produc= tive oil fields are drained, real costs will rise."

117. Wilson dui op die onoordeelkundige vermorsing van grond= stowwe en energiebronne in die V.S.A.: "I believe the United States is facing a national energy emergency. It arises from our extravagant and wasteful use of energy .....", vgl. Wilson, C.L., A Plan for Energy Independence, Foreign Affairs, Vol. 51, nr. 4, Julie 1973, p.657. Daar kan 'n tyd aanbreek dat die mensdom die "peule van die varke"sal begeer, maar dit sal daar nie meer wees nie.

118. By die onweersone tussen Rusland en Rooi Sjina kom grond= stowwe beslis ter sprake -: "Het Russische gebied langs de lange grens is rijk aan bodemschatten en onderbevolkt; het Chinese gebied daarentegen is arm aan delfstoffen en overbevolkt". Vgl. Vader, R.J., Rusland versus China, Antirevolutionaire Staatkunde, Jg. 41, nr. 11, November 1971, p.389.

119. Vgl. Bidwell, P.W., Op.cit., p.152.

120. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., pp.461-465; Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., pp.9-11.

121. Vgl. Finch, V.C., Trewartha, G.T., Robinson, A.H., Hammond, E.H., Elements of Geography, McGraw-Hill, New York, Vierde Uitgawe, 1957, p.464. "Above all is required an awakened consciousness of the need for soil protection and of the disastrous consequences to an increasing population that may arise from the ruthless waste of this fundamental resource."

122. Die Sjinese voer al vir eeue 'n stryd teen die magtige Geelrivier wat jaarliks miljoene ton vrugbare aarde mee= sleur en wat dan letterlik met hande en emmersvol terugge= dra word sodat dit weer lewe kan voed en voortbring: ".....a stupendous monument to human co-operation and the will to survive." Vgl. Duvenage, J.J., Conservation Edu= cation for Survival, Referaat by Simposium oor die Bewaring van die Bodem, Johannesburg, 24 Mei 1967, R.S.A. Staats= drukkers, 1968, p.8.

123. Vgl. Ibid., p.7. "The Hanging Gardens of Babylon were

one of the seven wonders of the ancient world where air conditioning was in use over 2 600 years ago. Nebuchadnezzer boasted of the magnificent palaces and tem= ples he built, and the great canals he dug bringing abun= dant water to his people, but the Hebrew Prophets uttered a warning that Babylon would become "a desolation, a dry land, and a wilderness, a land wherein no man dwelleth." They were right for Babylon died and was buried beneath the desert sands, because of neglect in the proper use of the soil and water resources."

124. Vgl. Barnard, W.S., Water, Die Kritieke Hulpbron, Tydskrif vir Aardrykskunde, Vol. III, nr. 7, September 1970, p.685.

125. Vgl. Barrows, H.H., A National Plan and Policy for the Control and Use of Water Resources, in Colby, C.C., (red.) Geographic Aspects of International Relations, University of Chicago Press, Chicago, Eerste Druk, 1938, p.99; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.119.

294. Vgl. Pearcy, G.E., (red.) Op.cit., pp.18-19; Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (Jr.) Op.cit., p.9; Strausz-Hupé, R., Geopolitics: The Struggle for Space and Power, Op.cit., p.VII, Geopolitiek: ".....represents a revolutionary attempt to measure and to harness the forces which make for expansionism."; Carlson, L., Op.cit., p.18; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.154. "In the hands of Haushofer and his disciples, geopolitics was transformed into a kind of political metaphysics to be used as an ideological weapon in the service of the national aspirations of Germany."

295. Vgl. Greenleaf, W.H., Op.cit., p.187.

296. Vgl. Whittlesey, D., Haushofer: The Geopoliticians, Op.cit., p.395; Kruszewski, C., Op.cit., pp.397-401.

297. Vgl. Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (reds.) Op.cit., p.10 ".....evolving into the current generation of political-geographic thought is an era which we can characterize as

being dominated by the focus of study on political areas with almost exclusive emphasis on the nation state, the most powerful territorial unit in the political hierarchy."; Jackson, W.A.D., Op.cit., pp.1-2.

298. Vgl. Bowman, I., The New World: Problems in Political Geography, Harrap and Company, London, 1926.

299. Vgl. Bowman, I., Geography versus Geopolitics, The Geo= graphical Review, Vol. XXXII, Oktober 1942, p.658; op p.658 val Bowman die Duitse geopolitieke denkbeelde soos volg aan: "Geopolitics is simple and sure, but, as disclosed in German writings and policy, it is an illusion, mummery, and apology for theft."

300. Vgl. Whittlesey, D.S., The Impress of Effective Central Authority upon the Landscape, in Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (reds.) Op.cit., pp.450-457; Whittlesey, D.S., The Earth and the State: A Study of Political Geography, Henry Holt and Company, New York, 1939.

301. Vgl. Hartshorne, R., The Functional Approach in Political Geography, in Jackson, W.A.D., Op.cit., p.87.

302. Vgl. Ibid., pp.87-91.

303. Vgl. Jones, S.B., A Unified Field Theory of Political Geo= graphy, Annals of the Association of American Geographers, Vol. 44, 1954, pp.111-123; Jones, S.B., The Power Inven= tory and National Strategy, in Olson, W.C.; Sondermann, F.A., (reds.) Op.cit., pp.104-124.

304. Vgl. Toynbee, A.J., The Challenge of the Environment, in Kasperson, R.E., Minghi, J.V., (reds.) Op.cit., pp.436-441.

305. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit., p.435.

306. Vgl. Cohen, S.B., Op.cit., p.62. Op p.87, beweer Cohen "Since geography, in its broadest sense, is constantly changing, and since movement mirrors these changes, we dare not rely upon concepts of the past, but must be con= tinuously on the alert to examine the changing geographic scene, and to interpret the impact of this change in the formulation of strategy. This is the approach through which we can genuinely understand geography's influences upon strategy - an influence that we may try to ignore,

but that will not ignore us."

307. Vgl. 'n aangepaste kaart in De Seversky, A.P., Air Power: Key to Survival, New York, 1950, p.312. De Seversky is 'n Russiese loods van die Eerste Wêreldoorlog wat deur die strategiese aanwending van die lugmag die V.S.A. strategies wil oortroef. Vgl. Warner, E., Douhet, Mitchell, Seversky: Theories of Air Warfare, in Earle, E.M., (red.) Op.cit., pp.501-503.

308. Vgl. Sprout, H., en M.T., An Ecological Paradigm for the Study of International Politics, Center for International Studies, Princeton, 1968; Sprout, H., en M.T., The Ecological Perspective on Human Affairs, Op.cit., p.15, et.seq.

309. Vgl. Sprout, H., en M.T., An Ecological Paradigm for the Study of International Politics, Op.cit., pp.11, 14, 34, 39-41; Sprout, H., Geopolitical Hypotheses in Technological Perspective, in Olson, W.C.; Sondermann, F.A., Op.cit., pp.103-104.

HOOFSTUK IV

EKONOMIESE EN TEGNOLOGIESE MAGSKAPASITEITE

1 INLEIDING

Die geografiese staatsterritorium en die beskikbaarheid van grondstowwe en energiebronne word deur menslike objek= tiveringsarbeid in industriële, ekonomiese en tegnologiese bane tot magsbronne omvorm. Laasgenoemde vermoëns het in die twintigste eeu die paspoort geword om aan die ronde tafel met die staatkundige kolosse te sit.[1] Voor die industriële rewolusie is staatsmag uitsluitlik gemeet aan die grootte van die weermag en bevolking[2], maar twee wêreldoorloë in die twintigste eeu het die grondliggende belang van die industrieë - ook in vredestyd - gebring.[3] Arnold Toynbee stel die tegnologiese ontwikkeling by Rusland en Amerika so:

> ".....an inevitable ultimate consequence of the recent opening - up of the vast spaces of North America and Russia, and of the still more recent development of their resources by the application there, on a massive scale, of technological methods partly invented in the laboratory of Western Europe."[4]

Baldwin wy die Geallieerde triomf in die Tweede Wêreldoorlog aan die volgende oorsaak:

> "And so, by the grace of God, by the courage of the men of the United Nations, and by American industrial know-how, the war was won. The material power which turned the scales was that of big industries, not of big battalions."[5]

Morgenthau koppel sukses in moderne oorlogvoering resloos aan tegnologiese vervaardigingsvermoë:

> "Since victory in modern war depends upon the number and quality of highways, railroads, trucks, ships, airplanes, tanks, and equipment and weapons of all kinds, from mosquito nets and automatic rifles to oxygen masks and guided missiles, the competition

> among nations for power transforms itself largely into competition for the production of bigger, better, and more implements of war."[6]

Meganisasie langs dié linie is die grondnoemer van mags= vermoë in die twintigste eeu - een van die funderende stutte wat langs 'n wye spektrum uitkristalliseer en op vele vlakke aandag verlang.[7] Daarvoor is wetenskaplike en tegnologiese kennis en ervaring die onmisbare toelatings= vereiste; die bevolking moet genoegsaam opgelei wees om aan die eise van die masjieneeu te voldoen. Agterstand op dié gebied verlaag byvoorbeeld die hiërargiese ordening van Rooi Sjina tussen die supermoondhede.[8] Om die rede lewer baie onderontwikkelde state van die wêreld nog nie 'n bydrae in ooreenstemming met hulle internasionaal-staatkundige potensialiteite nie. Ryk uraanneerslae in Zaïre het die gebied die skyf van neo-imperialisme gemaak, terwyl die ontdekking van uraan 'n kragpilaar by 'n industrieel-ont= wikkelde land kon wees. Industriële vermoë hang egter nou saam met finansiële kapitaalkragtigheid, daarom sal die bydrae van die ekonomie ook onder die soeklig kom.

2 EKONOMIESE TUSSENSTAATLIKE MAGSVERMOë

2.1 Inleiding

Dat daar 'n intieme verband tussen die wêreldpolitiek en die ekonomie bestaan, behoef nouliks 'n betoog. Edward Carr stel die verbondenheid as volg:

> "Economic strength has always been an instrument of political power if only through its association with the military instrument.....The wealthiest prince or the wealthiest city-state could hire the largest and most efficient army of mercenaries; and every government was therefore compelled to pursue a policy designated to further the aquisition of wealth. The whole progress of civilization has been so closely bound up with economic development that we are not surprised to trace, throughout modern history, an increasingly intimate association between military and economic power."[9]

Die militêre dimensie (wat ons later aan die orde stel) is aldus vir 'n belangrike deel afhanklik van finansiële kapitaalkragtigheid.[10]

Die handhawing van die soewereiniteit van nasionale state lê 'n swaar las op die ekonomie; daarteenoor egter, moet die feit baie dik onderstreep word dat ekonomies gesproke geen staat selfvoorsienend kan wees nie.[11] Ekonomiese voorspoed was nog altyd in die tussenstaatlike 'n simbool van mag en prestige[12], en daarom is die strewe na ekonomiese mag en selfstandigheid inherent ingebed as 'n vername doelstelling van state.[13] 'n Strewe wat veral momentum kry in die milieu van die ideologiese magstryd van die twintigste eeu.

Tot nog toe was daar op die kardinale kontakvlak tussen internasionale verhoudinge en die ekonomie weinig wetenskaplike bydraes.

> "Instead of developing as a modern study of international political economy", verklaar Strange ".....it is allowing the gulf between international economics and international politics to grow yearly wider and deeper and more unbridgeable than ever."[14]

Die oorsaak hiervoor is waarskynlik dat die beginjare van internasionale verhoudinge as vakwetenskap gekenmerk is deur die verbrokkeling van internasionale ekonomiese eenheid - ekonomiese nasionalisme wat stimulerend kon gedy in die wiekslag van die internasionale ekonomiese magstryd.

2.2 Botsende Ekonomiese Teorieë

Die verval van die Roomse Kerkabsolutisme bring ook in die ekonomiese sfeer verbrokkeling. Die leerstuk van merkantilisme was juis nasionaal-ekonomies geïnspireer en het die ekonomiese eenheid nie onaangetas gelaat nie.[15] Adam Smith het in 1776 met sy *Wealth of Nations* 'n stelsel van vryhandel as waarborg vir tussenstaatlike vrede aangebied.[16] Bentham, Malthus, Ricardo, Mill, Cobden en andere het verskillende standpunte gehandhaaf,

maar merkantilisme het gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu nog dominerend gebly.[17] 'n Ekonomiese stelsel wat volgens Max Weber daarop ingestel was om die politieke mag van state te bevorder en uit te bou.[18]

Fundamenteel botsende teorieë word egter blootgelê tussen die rewolusionêre ekonomies-imperialistiese gedagtegange van die kommunistiese ideologie en die kapitalistiese stelsel van die "vrye Weste." Marx en sy navolgers (Lenin, Stalin, Khrushchev en Mao) verkondig die onstuitbare dialektiese kosmiese drama van histories-sosiologiese wetmatighede wat uitloop op die oorwinning van die arbeiderproletariaat.[19] Marx se sosialisme berus: ".....op de vaste zuilen van economischtische waarheidskennis.", aldus Zuidema.[20] Daarom is die geskiedenis van die arbeider ook die geskiedenis van menswording, mens en mensheid - die onderwerping van die natuur aan die arbeider. Gevolglik fundeer hy die geskiedenis in die ekonomie en menslike arbeid as kern van die ganse geskiedenis - "In de arbeid en door de arbeid is en wordt de mens heer en meester."[21] Dialek=tiese materialisme wat tese - antitese - sintese as die noodwendige gang van alle dinge sien.[22] Sedert Marx het kapitalisme die doodsonde, die immorele en verfoeilike las van 'n sosialistiese samelewing geword. In die *Kommunistiese Manifes* verklaar Marx en Engels dienooreen=komstig met ideologiese passie:

> "The bourgeoisie.....has left no other bond between man and man than naked self-interest, than callous "cash payment". It has drowned the most heavenly ecstacies of religious fervor, of chivalrous enthusiasm, of philistine sentimentalism, in the icy water of egotistical calculation.....The bourgeoisie has stripped of its halo every occupation hitherto honored and looked up to with reverent awe. It has converted the physician, the lawyer, the priest, the poet, the man of science, into its paid wage - labourers."[23]

Die geskiedenis word daarom 'n epiese ekonomiese magstryd, waaruit daar volgens Lenin net een oorwinnaar te voorskyn kan tree -:

252/...

> "We live not only in a state but in a system of states, and the existence of the Soviet Republic side by side with the imperialist states is unthinkable. In the end either one or the other will conquer. And until that end comes, a series of most terrible collisions between the Soviet Republic and the bourgeois states is inevitable."[24]

Daarom die bloedige magstryd en spanningspieke van die Koue Oorlog. Daarteenoor bestaan die kapitalistiese ekonomiese stelsel wat weliswaar nie die ideologie van natuurwetmatige eindstryd proklameer nie, maar ongetwyfeld ook sterk steun op die vrye ekonomie as magsbron. "Our legions are dollars.", het Reinhold Niebuhr onomwonde verklaar[25], en daarmee die kardinale rol blootgelê wat die finanswese in die "kapitalistiese" beskouings oor tussenstaatlike magskonstellasies speel. Nie net in die internasionale stryd is die ekonomie belangrik nie, maar beslis ook in watter mate dit in die staatsburgery se behoeftes kan voorsien.[26] Met die groeiende toename in bevolkings, gemaksug en ontwikkeling in die rigting van beskawingsmondigheid by die onderontwikkelde lande, neem die eise aan die ekonomiese stelsel dienooreenkomstig toe. Vandaar die klem op die ekonomiese heropbou van Europa na 1945, om te verhoed dat dit gebied ekonomies wankelend die Russiese magsekspansionisme ten prooi val.[27]

In die botsende ekonomiese belangewêreld van die Koue Oorlog gaan die "Westerse alliansie" bowendien mank daaraan dat dit nie ekonomiese solidariteit het nie.[28] Finansiële seperatistiese feodalisme wat veral in die neo-imperiale stryd om die Derde Wêreld verlammend inwerk.

2.3 Ekonomiese Imperialisme

Ofskoon ekonomiese hulp as instrument in die buitelandse beleid van state reeds baie oud is[29], verkry dit in die kontemporêre bipolêre ideologiese stryd tussen "Oos" en "Wes" 'n besondere belangrikheidsdimensie. 'n Beïnvloedings=moment wat tot 'n besondere hoogte gestimuleer is deur die politieke vrywording van ekonomies-onderontwikkelde gebiede.[30] 'n Vlak waar die ekonomie ongetwyfeld bepalend

ten opsigte van die magskapasiteit inwerk.[31]

Op weinig ander vlakke is die stryd tussen demokrasie en kommunisme meer fel waarneembaar as sedert die Kremlin ook die imperialistiese ekonomiese magslanseerbaan betree het.

> "During the past several years, the Western world has been treated to the arresting spectacle of a long-isolated Soviet power bloc emerging, slowly at first and then with increasing momentum, from its autarkic hibernation into the dazzling limelight of international economic competition."[32], skrywe Heymann dienaangaande.

Die internasionale ideologiese stryd ten spyt, het buite= landse ekonomiese hulp onontbeerlik geword vir 65% van die wêreldbevolking.[33] Die invloed van die ekonomiese hulp sny egter na beide kante in die beloning wat dit inhou. Die ontvangers raap gretig die hulp op met die hoop om daaruit 'n gesonder ekonomiese infrastruktuur te bou, politieke stabiliteit te verassureer en desnoods 'n sterk militêre vuis op te bou[34], terwyl die skenker altyd sy oog gerig hou op veral politieke, maar ook kommersiële dividende wat hy moontlik op kort - of langtermyn uit die skenking kan put.[35] Ekonomiese hulp kan ook verskaf word sonder die selfsugtige motivering van eie politieke en ekonomiese winsbejag. In die magspolitieke stryd van die huidige tussenstaatlike bedeling staan dit egter te betwyfel of internasionale finansiële naasteliefde enige betekenisvolle rol speel -: "But power relationships are guided by the yardstick of self-interest, not gratitude", merk Padelford en Lincoln kensketsend op.[36]

Uitbreidende invloed deur middel van ekonomiese hulp verskil ook ten opsigte van die kompeterende ideologieë - private maatskappye versus staatsowerhede. Private inisiatief van maatskappye uit Westerse demokrasië bring die gangbare aanvaarding van ekonomiese winsbejag; staats= owerhede daarteenoor huisves agter die rookskerm van hulpvaardigheid meer geredelik die verbreiding van politieke mag en invloed soos Renouvin en Duroselle op= merk:

> "But governments also took into account the advantages that the development of investments might procure for the political interests of the state - the extension of its influence, power, security, or prestige."[37]

Privaatmaatskappye kan dus die gedagte van politieke imperialisme temper[38], maar daarteenoor moet steeds onthou word dat private ondernemings weens gebrek aan swaardmagsanksie makliker genasionaliseer word as staats= ekonomiese beleggings wat wel potensieël swaardmagvergel= ding kan bring. Ekonomiese hulp word gewoonlik in verskillende bane gelanseer - die volgende tema in oorweging.

2.3.1 Lanseerbane van Ekonomiese Hulp

Ekonomiese hulpprogramme kan waarskynlik in ses vlakke onderverdeel word[39], naamlik humanitêre hulp; onder= houdende hulp; militêre hulp; imperialistiese gemoti= veerde hulp; hulp gebaseer op die verwerwing van prestige en hulp met die oog op ekonomiese ontwikkeling.[40]

Militêre hulpverlening is die tradisionele model waar= volgens hulp verskaf word.[40(a)] Dit gaan gewoonlik gepaard met 'n koalisie tussen kapitaal en arbeid; 'n arbeidsverdeling tussen bondgenote, waar die een kant die finansies, grondstowwe en tegnologiese vaardigheid voorsien en die ander kant se bydrae uit die lewering van mannekrag bestaan.[41] Deur die swaardmag van bondgenote te versterk word skenkers in staat gestel om die internasionale invloed te verbreed sonder om die eie militêre mag buite die landsgrense te ontplooi.

Na die Tweede Wêreldoorlog het militêre hulp in volume en intensiteit gegroei en gepaardgaande daarmee kardinale veranderings ondergaan.[42] Die spil het nou daarom ge= draai om 'n bres te slaan in ideologiese invloedsfere, en om die onverbonde lande militêr uit te rus en daaruit politieke gewin te oes. Tydens die stryd tussen Tito en Stalin het Washington militêre hulp aan Joegoeslawië verskaf met die onverbloemde ideaal van politieke gewin.[43]

Die Kubaanse Projektielkrisis van 1962 stam weer uit die Kremlin se begeerte om 'n ideologiese kanker in die Amerikaanse hartland te vorm.[44] By die verskillende onweersones word gesofistikeerde wapentuig verskaf om prestige in te oes en die onderontwikkelde lande met bewondering te vervul.[45] Meer nog - die wapentuig word ook verskaf om die ontvanger tot so 'n mate aan sy weldoener te koppel dat die gebruik van militêre magte dikwels aangewys is op die oortuigings van die skenker - koelbloedige magsekspansie soos geïllustreer in die Midde-Ooste.[46] Voorts kan die onthouding van reserwes, ammunisie en onderdele logieserwys die weermag van enige ontvangende staat effektief lamlê.

Ekonomiese hulp uit humanitêre oorweging dra per se 'n a-politieke karakter maar dit bring nie mee dat die politieke winsmotief uitgesluit is nie. Veral tydens natuurrampe (oorstromings, hongersnood, aard=bewings, vulkaniese uitbarstings en siektes met epidemiese afmetings) speel private ondernemings, kerkorganisasies en supra-nasionale ordeninge 'n belangrike rol.[47] Landbouhulp van die Rockefeller-Stigting in Latyns-Amerika en die Ford-Stigting se hulp aan Indië het beslis politieke dividende vir die Wit Huis afgewerp.[48] Deur voort te bou op die bresse wat só geslaan word kan staatsowerhede ook belangrike tussenstaatlike winste behaal in die aanwending daarvan vir buitelandse magsinvloed. In die verband gebruik Amerika sy sogenaamde "voedsel vir vrede" program waardeur surplusse in die onderontwikkelde lande inge=ploeg word[49], en met elke honger maag wat gevul word gaan beslis die heimlike hoop van politieke invloeds=verbreiding gepaard.

Onderhoudende ekonomiese hulp word verleen aan staats=owerhede wat nie in staat is om die owerheidstaak in sy volle spektrum na behore te volvoer nie. Dié hulp is dus daarop ingestel om anargie en disintegrasie van 'n georganiseerde samelewing te verhoed.[50] Die uit=breiding van politieke magsekspansie is derhalwe daarin geleë om 'n stabiele ekonomiese status quo te handhaaf

en daardeur te verhoed dat sodanige state in vyandelike moondhede se arms of belangesfere gedryf word. Ook dié edelgemotiveerde ekonomiese hulp kan die magsmotief nie heeltemal vryspring nie. Daardeur word die tradisionele wolf net in 'n nuwe skaapvel toegedraai.

> "The government of nation A, trying to buy political advantage from the government of nation B for, say, the price of twenty million dollars, must not only pretend, but also act out in elaborate fashion the pretense, that what it is actually doing is giving aid for enonomic development to the government of nation B."[51] , aldus Morgenthau.

Die puberteitsfase waardeur die prooistate van die ekonomiese aanslag beweeg, werp ook dividende by inter= nasionale vergadersale af. Internasionale ekonomiese snobsimbole het veral by die beskawingsonmondige staats= leiers van Afrika-State aanvaarde praktyk geword.[52] Indien hulle deur ekonomiese vertoon 'n plekkie in die son van internasionale aansien en mag kan verwerf kan dit vriendskapsbande met die skenker versterk. Bowen= dien ontvang laasgenoemde staat politieke voordeel, en hulp op dié manier verskaf, is relatief goedkoop.[53] Die verskaffing van produktiewe simbole van voorspoed en moderniteit moet dus nie vir politieke magswinste afgeskryf word nie. Die Amerikaanse weiering om die strate van Kabul, hoofstad van Afghanistan, te teer, het aan die Kremlin 'n gaping gebied, en met elke teerstraat wat in Kabul voltooi is, was die invloed van die Sowjet stewiger geanker.[54]

Ekonomiese hulp kan ook aangewend word om die binnelandse of buitelandse beleid van 'n staat te wysig. Private beleggingsmaatskappye in Suid-Afrika word lank reeds vir die doel ingespan.[55] 'n Praktyk totaal wars van die aanvaarde "heilige" tussenstaatlike beginsel van nie-inmenging. Amerikaanse invloed in Viëtnam[56], en Russiese belange in Rooi Sjina[57], openbaar dieselfde imperialisties-totalitêre neigings.

257/...

Die verwerwing van ekonomiese bondgenote bly 'n belangrike tussenstaatlike motivering. Tussen ekonomiese porture tree dit - teen die ideologiese agtergrond - sterker op die voorgrond, al moet Amerika nog die leeue-aandeel verskaf om sy bondgenote ook ekonomies teen die aanslae van Moskou te borsweer.[58] Ekonomiese impotensie bring onvermoë langs die linie, 'n braakland vir vyande=like magsuitbreiding.

2.3.2 Waardebepaling

Die aanpasbaarheid en vloeibaarheid van ekonomiese buitelandse hulp, maak dit 'n gedugte middel om inter=nasionale magspotensiaal te verbrei.[59] Kwalitatiewe en kwantitatiewe hulp hang saam met die keuse in ooreen=stemming met die politieke situasie in die doelwitstaat, wat weer gepaar moet word aan die doelstellings van die weldoener se buitelandse beleid. Teenoor sommige lande is polities-eerbare optrede die ware Jakob, maar by andere is ekonomiese hulp slegs diensbaar as dit met swaardmagsanksie gepaard gaan: "Force is the only thing the Russians understand."[60], het President Truman by geleentheid opgemerk, terwyl sy staatssekre=taris Dean Acheson verklaar het:

> "The course we have chosen.....involves building military strength, but it requires no less the buttressing of all other forms of power - economic, political, social and moral."[61]

In die aanwending van ekonomiese hulpprogramme is deurtastende ondersoeke na die begeertes van die ontvanger-lande 'n kardinale aspek. Veral by die onder=ontwikkelde gebiede lê die behoud van politieke vryheid na aan die hart. President Gamal Nasser het die drang treffend só vertolk:

> "There would not be any communist infiltration in any part of the Middle East and Africa if the United States could develop a courageous policy - and the only morally correct one - of supporting those who are anxious to get rid of foreign domination and exploitation. Free men are the most fanatical defenders of their liberty, nor do they lightly forget those who have championed their struggle for independence."[62]

258/...

Imperialistiese uitbuiters moes al dikwels laat spaander omdat hulle aan die soewereine onskendbaarheid wou peuter. Uit dit alles blyk duidelik dat die aan=wending van die ekonomie 'n fynberekende kuns geword het[63], vandaar die positiewe neutraliteit wat al dikwels die invloedsfere van groot moondhede aan flarde geskeur het.[64] Ekonomiese hulp moet rekening hou met die struktuurbehoud van state - as struktuurverwoestende imperialistiese moment is dit onaanvaarbaar.

2.4 Gebruike en Doelstellings van Internasionale Ekonomie

Ekonomiese vitaliteit is van kardinale belang vir enige staat wat rigtinggewend in internasionale verhoudings wil optree.[65] Ekonomiese strategieë word dikwels so aangewend dat dit as die spreekwoordelike versuikerde pil aangebied word; en die gedragspatrone van die staat waaraan dit voorgehou word, dienooreenkomstig kan wysig - "A persuasive move holds out the bait of economic reward or advantage in return for satisfactory modification of a target state's behaviour.", verklaar Lerche en Said.[66] Internasionale ekonomiese maneuvers (dollar - en roebeldiplomasie)[67] bring die swaard van Damocles oor die begunstigde staat; maar ook beloning as bevredigende ooreenkomste bereik kan word. Tussenstaatlike ekonomiese interafhanklikheid is slegs moontlik deur bestaande wisselwerkende bande. Om wydvertakte ekonomiese invloed te verkry is beplanning dus uiters noodsaaklik. Mee=doënlose toespitsing op die eindideaal, bring veral by die kommunisme haarfyn beplanning soos Peffer aandui: "What Lenin's Theses demonstrate is how a forceful and intelligent plan can affect the course of events when everyone else is drifting."[68]

Streng ekonomies gesproke word die bedingingsposisie verbeter deur gepoogde globale uitbreiding van normale handelsbetrekkinge; manipulasie van vreemde wisselkoerse; eksploitasie van goud en ander strategiese grondstowwe en die skepping van ekonomiese satellietstate.[69] Die stryd om die beheer van strategiese grondstowwe was nog altyd belangrik, maar teenswoordig het dit aan andersins magsim=

potente state 'n tussenstaatlike verhoudingsdinamika gebring wat hulle nie in staat is om korrek te hanteer nie.[70] Normale handelsbetrekkinge van Rusland met Wes-Europa is daarop ingestel om die produkte in te voer wat die Sowjet-ekonomie nog nie op 'n winsgewende basis kan produseer nie. Uitvoere na Europa daarenteen bestaan uit die produkte wat oorvloedig en met 'n lae bedryfskoste deur die Russiese ekonomie geproduseer word.[71] Sodoende kan Moskou ekonomies 'n ineengestrengelde struktuur met Wes-Europa opbou wat hy later met groeiende dividende in die wêreldpolitieke sfeer kan ontgin.

'n Kragdadige internasionale ekonomie berus onlosmaaklik op 'n gesonde huishoudelike staatskas.[72] 'n Bevolking wat mank gaan aan 'n basiese ekonomiese lewensverwagting kan slegs met swaardmagverskrikking onder bedwang gehou word (die U.S.S.R. en sy Oos-Europese satellietstate). Demokraties verkose regerings is al dikwels uit die kussings gelig vanweë binnestaatlike ekonomiese wanbe=stuur.[73] 'n Stelsel wat aan die demokrasieë bowendien die staatkundige arbeiderkontrole van sosialistiese defaitisme, en die magsdreinerende euwel van stakings gebring het.[74] Histories het state dikwels van ekonomiese maatreëls gebruik gemaak om invloed uit te brei en magstratifikasies af te forseer.

2.4.1 Tussenstaatlike Ekonomiese Tug en Vergoeding

Die aanwending van tussenstaatlike ekonomiese tugmaat=reëls berus, normatief geregverdig, op ten minste twee voorveronderstellings. Eerstens moet daar nie maklik 'n alternatiewe mark of voorsieningsbron beskik=baar wees nie, en tweedens moet daar 'n daadwerklike behoefte en grondige oorsaak vir sodanige optrede bestaan.[75] Tradisioneel is dit 'n gewilde metode om die mag en invloed van state verder uit te brei: ".....disarm your enemy in peace by diplomacy and trade", verklaar Clausewitz "if you would conquer him more readily on the field of battle."[76] Deur vertroue in die vyandelike ekonomie te skaad, kan die mag en invloed van state in die kern aangetas word.

Die gebruik van die ekonomie as wêreldpolitieke wapen val in die volgende aanwendingsvlakke uiteen.

2.4.1.1 Tariewe

Die mees algemene ekonomiese weerwraakmetode is die gebruik van tariewe; as synde die belasting wat ge= hef word op buitelandse goedere wat die bepaalde staat binnekom. In die verband skrywe Holsti:

> "The tariff structure can be used effectively as an inducement or punishment when a country stands to gain or lose important markets for its products by its upward or downward manipulation."[77]

Tariewe kan dus aangewend word om tussenstaatlike vriende te bevoordeel, teenstanders te benadeel of om die binnelandse vervaardigingsektor in sekere kommodi= teite te stimuleer.[78] Amerika - wat ekonomies veel sterker staan as Rusland - het byvoorbeeld verlaagde tariewe aan Pole en Joegoeslawië aangebied in 'n poging om dié twee lande ekonomies so onafhank= lik moontlik van die Kremlin te hou. Die ontstaan van regionale ekonomiese strukture en breë oorkoepe= lende ooreenkomste[79], rakende tariewe en handel (G.A.T.T.) het in resente tye die drakrag van die ekonomiese armdraaiery aansienlik verswak.[80] Daarby het egter ook voordele gekom vir ledestate van sodanige statebonde; ekonomiese afslag en politieke assuransie[81], as teenprestasie om nie deur die vyandelike kamp geab= sorbeer te word nie.

2.4.1.2 Kwotas en Invoerlisensies

Dikwels word daar gebruik gemaak van kwotas in invoerlisensies; wat neerkom op die beperking van die hoeveelheid van 'n bepaalde produk wat gedurende 'n gegewe tydsduur in 'n land ingevoer mag word.[82] Laasgenoemde het meer betrekking op toestemming wat maatskappye van hulle regering moet ontvang om handelstransaksies uit te voer.[83] Die gebruik hier= van is vir die huidige die prerogatief van Westerse state:"The ability of Socialist countries to harm or weaken the West by denials of exports or imports

261/...

has been and still is negligible.", aldus Wilczynski.[84] Deur die invoer van die ekonomiese slagaar vanaf 'n bepaalde staat te beheer bestaan die gevaar dat sy ekonomie in duie kan stort, en die staat so maklik ten prooi kan val in die internasionale magstryd. Ten einde effektief aangewend te word sal die ideologies-ekonomiese blokkonsolidasie egter eers opgehef moet word, vanweë die voortdurende ekonomiese hulp wat die afhanklike "vasalstate" van hulle beskermende supermoondhede ontvang.

2.4.1.3 Boikotte

Die aanwending van boikotte, as ekonomiese tugmaatreëls, impliseer dat die regering van 'n bepaalde staat die invoer van 'n spesifieke artikel, of alle artikels, vanaf die prooistaat verbied.[85] Private maatskappye kan ook verplig word om hulle aan die owerheidsreëling te onderwerp. Saam hiermee val ook die sogenaamde "embargo" - maatreëls - owerheidsdwang teen handelstransaksies.[86]

> "It has always been a difficult measure to carry out", meen Renouvin en Duroselle "since to be effective it should apply to consumer goods that the people most need; consumers, if they obey the boycott, must deny themselves the goods, unless they can get similar ones from another source, probably at a higher price; in most cases, only a wave of patriotism or xenophobia will induce people to make such a sacrifice."[87]

'n Tegniek wat dus sonder gevaar by staatstotalitarisme aangewend kan word, maar die gevaar by die demokrasie inhou dat vanweë materialisme en die onbekombaarheid van broodnodige grondstowwe, die sittende regering die owerheidskussings kan verpas deur die aktiewe kiesreg van 'n ontevrede kieserskorps.

2.4.1.4 Wisselkoerse en Depresiasie

Skommelings in tussenstaatlike wisselkoerse kan aangewend word om die handel te stimuleer of om betalingsbalansprobleme in die reine te bring.

"Nations have often used a change in their exchange

rates to gain equilibrium in their balance of payments."[88], verklaar Rosecrance. Devaluasie en revaluasie val ook in dié kader. Maatreëls wat dikwels aangewend word om 'n staat uit sy finansiële probleme te help, en wat in die huidige groeiende ekonomiese internasionalisme meer waarde het as in die era van ekonomiese nasionalisme.

2.4.1.5 Vergoeding en Praktyk

Ekonomiese vergoeding kan in die meeste van die tegnieke aangewend word; verlaagde tariewe, verhoogde invoerkwotas, lenings en gunstige wisselkoerse.[89] Keusetoepassing van die maatreëls word beïnvloed deur die doel wat nagestreef word, die moontlikheid van teenoptrede en die ekonomiese struktuur van alle betrokke state.

Die geskiedenis van internasionale verhoudinge open= baar talle voorbeelde van die aanwending van dié maatreëls. In die stryd tussen Rusland en Joegoeslawië was die rol van die ekonomie kardinaal.[90] Tito het vir sy vroeëre bondgenote: "a hired lackey of Wall Street"[91] geword. Nadat Kuba deur die Castro-regime oorgeneem is, en groeiende pro-Kremlin lojaliteite openbaar het, het die Wit Huis in toenemende mate ekonomiese tugmaatreëls toegepas.[92] Behalwe dat Castro se rewolusionêre aktiwiteite in Latyns-Amerika aan bande gelê is[93], het Kuba - soos Joegoeslawië - staande gebly. Ideologiese verlies - 'n Achilles-hiel op die drumpel van die V.S.A. - wat waarskynlik moeilik deur ekonomiese druk gewysig sal word.[94] Die verdienste van ekonomiese tugmaatreëls staan beslis onder verdenking. Waardevolle markte en beleggings= moontlikhede word daardeur ontsê - vergelyk die "embargo" wat N.A.V.O. op die uitvoer van strategiese materiaal na Rusland en Rooi Sjina geplaas het.[95] Bowendien word die kommunistiese moondhede deur sodanige optrede tot ekonomiese selfvoorsienendheid gedwing, waardeur hulle swaardmag ook versterk word.

263/...

Prooistate, onder ekonomiese druk, gaan dikwels gedetermineerd op die ingeslane weg voort, verontag= saam tradisionele bande en versteur bestaande mags= politieke strukture. Potensiële beïnvloedingsbakens word in aanvaarde vyandige invloedsfere ingekap wat dikwels die kool die sous nie werd maak nie.

> "The most significant conclusion about economic techniques", aldus Lerche en Said: "is that they are of only limited and special usefulness by themselves, because of both the unpredictability of their results and their relations-worsening effect."[96]

In die huidige bedeling is die aanwending van suiwer ekonomiese teorieë nie langer ad rem nie; veel eerder word dit aanvullend aangewend met propaganda, diplomatieke armdraaiery, militêre magsvertoon en ander tugmaatreëls. Betreffende die dwangsanksie van ekonomie kom sogenaamde ekonomiese oorlogvoering ook ter sprake.

2.4.2 Ekonomiese Oorlogvoering

Ekonomiese oorlogvoerings; ook genoem die strategiese aanwending van ekonomie in tussenstaatlike konflik= situasies, is 'n integrale deel van oorlog.[97] Baie oorloë word met direkte ekonomiese motiewe gevoer soos Strausz-Hupé en Possony tereg opmerk:

> "The time-honoured strategy of the attack upon the enemy's supplies and food reserves, destruction of crops, stealing or killing of cattle, plunder and pillage - all these thrusts against the fabric of a people's wealth are economic warfare."[98]

Beide wêreldoorloë in die twintigste eeu is gekenmerk deur ekonomiese stryd - met die doel om die vyand te onthou van broodnodige hulpbronne, en daardeur die moraal te verswak.[99] Graaf Montecucolli, 'n Oosten= rykse Generaal van die sewentiende eeu, was van mening dat drie bronne onontbeerlik is vir oorlogvoering; eerstens geld, tweedens geld en laastens geld.[100] Ekonomiese afhanklikheid word immers in skerper dimensie geteken gedurende oorlogstyd. Die tussenstaatlike ekonomiese weerwraaktegnieke val in die volgende vlakke uiteen.

264/...

2.4.2.1 Blokkades

Die doel van vlootblokkades is reeds in 1601 deur Koningin Elizabeth soos volg geskets:

> "The stopping, hindrance and impeading of all commerce and traffic with him (Philip II) in his territories of Spain and Portugal will quickly in likelihood give an end to these bloodie unnatural warres which disturb the general peace and quiet of all these parts of Christendome."[101]

Napoleon het ook die metode teen Engeland toegepas; 'n metode wat ook in vredestyd aangewend is, maar veral in vele oorloë met sukses geëksploiteer is.[102] Die waarde van blokkades word dikwels geneutraliseer deur probleme van optrede teenoor neutrale state.[103] As laasgenoemde die ekonomiese barriëre verontagsaam is dit noodsaaklik om die "paper blockade" in 'n "physical blockade" te omskep.[104] Die swaardmag word dan ter ondersteuning van ekonomiese dwang ingespan. Aangesien die blokkades gewoonlik maritiem aangewend word volg dit logies dat slegs 'n sterk vlootmoondheid die wapen ter hand kan neem. Erkenning van die swaardmagfundering - ook in internasionale ekonomiese weerwraaktegnieke.

2.4.2.2 Sanksies

Ekonomiese sanksies steun waarskynlik op 'n kollektiewe internasionale geregtigheidskonsensus; dit wil sê vertroue in 'n globale oortuiging van ekonomiese ver= gelding - die suksesvolle deurvoering daarvan hang juis van universele aanvaarding af.[105] Die Volkebond se optrede teenoor Italië het misluk vanweë gebrek aan universele toepassing.[106]

> "I am here today to claim that justice that is due to my people, and the assistance promised to it eight months ago by fifty-two nations who asserted that an act of aggression had been committed in violation of international treaties.....",

het Haile Selassie die beskaamde, impotente vergadering van die Volkebond meegedeel, en die verwytende

beskuldiging gerig:

> "God and history will remember your decision.....What answer am I to take back to my people?"[107]

In die era van die V.V.O. is sanksies al deur die liggaam self of van sy geassosieerde en geaffilieerde internasionale organisasies en individuele state afsonderlik toegepas teen Rooi Sjina, die Dominikaanse Republiek, Kuba, Albanië, Portugal, Rhodesië en Suid-Afrika.[108] Die historiese perspektief illustreer egter weinig sukses met ekonomiese sanksies, selfs die gewaande internasionale konsensus teen die immorele optrede van die state van Suider-Afrika ten spyt.

> "In conclusion", verklaar die Taubenfelds: "considering the limited economic potentials and the demanding political prerequisites, economic and financial sanctions, used alone, are a relatively weak and crude tool in a world where less than perfection is to be expected."[109]

Ekonomiese sanksies kan nooit losgemaak word van die breëre internasionale magstryd nie. Die reuse (V.S.A., U.S.S.R. en Rooi Sjina) sal nooit toelaat dat hulle ekonomiese vondelinge deur sanksies in die hande van die vyandelike kamp val nie.[110] Sanksies teen supermoondhede is waarskynlik gedoem tot mis= lukking; nie net omdat die ekonomiese vermoë van mindere moondhede onvoldoende is nie, maar die swaardmagskadu van dié Leviathans hang dreigend oor sodanige ekonomiese weerwraakavonture by die tussen= staatlike "minderes".

2.4.2.3 Uitputtingsaankope

Die gebruik van voorkoop ("pre-emptive buying") is ingestel op die uitputtende aankoop van strategiese grondstowwe om die beskikbaarheid daarvan aan die vyand te belet.[111] Tydens die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog het Duitsland sodanige poging

266/...

ten opsigte van chemikalieë in die V.S.A. aangewend, terwyl die Iberiese Skiereiland die brandpunt van dié praktyk in die Tweede Wêreldoorlog gevorm het.[112] 'n Metode wat ook tegnologies aangewend word deur die ander kant inligting in verband met tegnologiese ontwikkeling te weerhou. Indien uitputtingsaankope nie geslaagd is nie, is subversiewe metodes[113], ook al aangewend binne die kader van ekonomiese weerwraak=tegnieke.

2.4.2.4 Opberging en Diverse Tegnieke

State wat hulle teen die ekonomiese tugmaatreëls wil borsweer, maak meermale van die opberging van strategiese kommoditeite gebruik.[114] Ekonomiese oorlogvoering sluit ook subsidies in, dit is finansiële ondersteuning ten einde te verhoed dat hulpbehoewende state in die hande van die vyandelike kamp gedryf word.[115] Aan die ander kant het Japan egter juis dié hulp van die V.S.A. gebruik om homself militêr en industrieel fiks te maak vir die Tweede Wêreldoorlog Imperialistiese neigings wat deur die potensiële kolosse uitgesluit kan word tot eie voordeel, maar wat die pionstatus van die kleineres net sterker omlyn.

Aan die radikale militante vleuel word sabotasie en ekonomiese ondermyning telkens aan die orde gestel. Die vernietiging of blokkering van verbindingsweë - die Ho Chi Minh roete in Viëtnam[116], die Suez-kanaal[117] en potensieel die Tanzam-Spoorlyn - val almal in die kader. Die rewolusionêre aansporing van stakings, skakings, bomontploffings en ander terroristiese terreurmaatreëls word in ons dag dikwels ingespan om die politiek van die rewolusie te bevorder. Ten einde ekonomiese oorlogvoering suksesvol aan te wend is 'n internasionale ekonomiese netwerk onontbeerlik. In die woorde van Strausz-Hupé en Possony:

> "Economic warfare can therefore be waged effectively only by nations which build up their international trade or, failing this by nations which maintain, like Russia, an international political movement. Economic warfare merges

267/...

> with the other techniques of penetration, such as intervention in foreign countries, psychological and political warfare, and policy sabotage."[118]

Die aanwending van al hierdie tegnieke moet steeds gespieël word teen die agtergrond van die ideologies-imperialistiese magstryd.

2.4.3 Samevatting

Ten einde ekonomiese oorlogvoering en/of tugmaatreëls te laat slaag is universele eensgesinde aksie noodsaaklik. Voordat die prooistaat effektief deur dié metode op die knieë gedwing kan word sal hy volkome geïsoleer moet word van eksterne vriende. 'n Hipotetiese utopia - wat in die huidige veelpolige stelsel van magsbalans deur die realiteite oorwoeker word. Bowendien skyn dit 'n voorreg te wees waaraan alleen die supermoondhede met vertroue kan deelneem - Uganda, ten spyte van Amin se versteurde opmerkings, sal waarskynlik nooit daarin slaag om die kus van die V.S.A. effektief te blokkeer nie! (Die teenoorgestelde is wel waar - manifestasie van magsverskille.) Faktore soos ligging, grondstowwe, beskikbaarheid van kernwapens, moraal van die bevolking en staatsmanswysheid by die prooistaat moet almal verreken word en dan skyn suiwer ekonomiese weerwraaktegnieke in die sondegebroke werklikheid tot mislukking gedoem in soverre dit die wêreldpolitiek rigtinggewend en herstellend orden.

2.5 Oriënterende Oorsig

Die rol van ekonomie in internasionale verhoudinge is inderdaad fenomenaal. 'n Armlastige wêreldbevolking, waarvan die lewenstandaard voortdurend kwyn, is allermins bevorderlik vir internasionale verhoudinge. As potensiële magsbron moet dit egter met omsigtigheid hanteer word. Wie die rol van die finanswese verabsoluteer en die staatstruktuur op dollar, roebel, sterling, yen, of rand fundeer, het op sand gebou. Mens en staat word slaaf van die materie; daarom steeds groter huise, beter snelweë

en lughawens, en individuele en tussenstaatlike finansiële kompetisie word die hoogste ideaal en doelstelling in internasionale verhoudinge.[119] Daarmee word die ekonomie bondgenoot van die humanistiese antropologie (die ver= moording van die mens in die mens) en die normatiewe in= dividualiteitstruktuur van die staatsverband en tussen= staatlike struktuur deur vraag en aanbod vermorsel.

Internasionale ekonomie kan nooit losgemaak word van die tussenstaatlike magstryd, en die volle draagwydte waarin dit neerslag vind nie.[120] Die kommunistiese ideologie is juis kensketsend van ekonomiese verabsolutering. Ekono= miese hulpprogramme is daarom altyd intens gemoeid met die breëre magspolitieke stryd.[121] Staatsintern sal baie daarvan afhang of die ekonomiese stelsel by vermoë is om te voorsien in die burgery se basiese lewensbehoef= tes. Dit is die probleem wat die ekonomie by die horings sal moet pak - nie die wapen om behoeftige state in die diepte te boor nie, maar die behoefte aan internasionale samewerking, getrou aan strukturele pariteit en newe= skikking, sonder die opheffing van nasionale sowereiniteite, ingestel daarop om die lewenstandaard van alle lande te verhoog. Met erkenning daaraan dat die onproduktiewe bevolkings nie voortdurend met bedelaarsetiek kan rus op die louere van daardie state wat hulle brood in die sweet van hulle aangesig verdien het nie.

3 TEGNOLOGIESE VERMOë

3.1 Inleiding

Voor die industriële omwenteling is staatsmag uitsluitlik bepaal deur populasiegetalle en swaardmagvermoë; sedert= dien moes die wêreldpolitiek egter die groeiende rol van toegepaste meganika aanvaar.[122] Omvorming en beskawings= ontwikkeling deur menslike uitbouingsarbeid met boumateriaal uit die natuur.

> "Met de gereedschappen maken wij ons de natuur dienstbaar, modelleren haar naar ons goeddunken, ontwringen haar de verborgen schatten, die God er van de schepping af heeft ingelegd.", skrywe van Riessen in *De Maatschappij*

der Toekomst en gaan voort: "En zo is ook, in de lijn der geschiedenis gezien, de uitbreiding van die heerschappij te verstaan uit de ontwikkeling van het gereedschap."[123]

Internasionale verhoudinge van die twintigste eeu moet begryp word teen die magtige invloed van die tegniese milieu.[124] Daarsonder kan 'n staat ten opsigte van hulp=bronne ryklik toebedeeld wees, maar nie in die vermoë om die materiaal te verwerk nie en dus beïnvloedingsimpotent bly.

Ons lewe letterlik en figuurlik in die masjieneeu: nywerheidskomplekse, reuse damme, makrostralers en kernduikbote is voorbeelde van die groeiende triomf van die mens oor die natuur.[125]

"Thus it is inevitable that the leading industrial nations should be identical with the great powers, and a change in industrial rank, for better or for worse, should be accompanied or followed by a corresponding change in the hierarchy of power."[126], skrywe Morgenthau in die verband. Solank as wat Engeland as industriële moondheid geen gelyke geken het nie, was die land 'n bombastiese wêreldmoondheid, terwyl ook die opkoms van Rusland[127] en Japan[128] in die twintigste eeu nie los daarvan begryp kan word nie. Kortom, in die huidige gemasjineerde wêreld is tegnologiese vermoë 'n onontbeerlike lanseerbaan vir tussenstaatlike magskapasiteit.

3.2 Die Tegnologiese en Industriële Groeiproses

Rondom 1200, maar veral sedert 1450 volg 'n haas rewolusionêre ontwaking van die tegnologiese vernuf van die mensdom.[129] Die geleidelike tegnologiese ontwikkeling bereik waarskynlik 'n hoogtepunt met die industriële omwenteling (1750 - 1850) om daarna 'n progressief-groeiende dominerende rol in die magsvermoë van state te speel.

"Historically", aldus Furnas "behind current mass production lies the Industrial Revolution, which supplemented and replaced the power of man

270/...

> and beast with the power of heat, water and electricity. When mechanical power and machinery were combined with science and technology, modern scientific civilization with all its strengths and weaknesses was created."[130]

Gedurende die neëntiende eeu het industrialisasie gegroei in breër benutting vanaf die private huishouding tot militêre wapentuig. (Groei in metallurgie, landboukundige tegnieke, chemiese industrieë, elektrotegniese ingenieurswese, die binnebrandmasjien, torpedo's, masjiengewere ens.)[131] Gedurende hierdie eeu versprei die vermoë oor die hele Europa, die V.S.A. en Japan. Die twintigste eeu is kenbaar aan die globale verspreiding van 'n groeiende gesofistikeerde tegnologie. 'n Dolle vaart in die ontwikkelingsgang wat toekomstig waarskynlik net meer in momentum sal toeneem. Dit was juis in die huidige eeu wat vervoer en kommunikasie van deurslaggewende belang geword het.

3.3 Vervoer en Kommunikasie

Die spreekwoord - alle paaie lei na Rome - dui nie net letterlik op die superieure verbindingsweë van die Pax Romana nie, maar ook op die fisiese kanale waarlangs politieke dominasie deur Rome uitgeoefen kon word. Die feodale anargie van die Middeleeue kan trouens nie begryp word los van die gebrek aan kommunikasie en verbinding nie.[132] Tot die herlewing uit die Middeleeue het ontdekkingsreise (Hendrik die Seevaarder, Da Gama e.a.) 'n kardinale bydrae gelewer, waarop later voortgebou kon word deur Hudson, Drake, Livingstone, en andere, wat onbekende territoriums deur meerdere tegnologiese kennis ook vir staatkundige ontginning ontsluit het.[133] Dus nie net vir effektiewe owerheidsanksie oor sy staatsterritorium nie, maar ook vir die uitdra van 'n staat se mag oor sy nasionale grense heen is verbindingsweë en kommunikasiekanale onontbeerlik.

3.3.1 Verbindingsweë

Pad- en spoorverbindings, bevaarbare riviere en kanale, en lugvervoer is 'n bronaar in enige staat se wapenrus=

ting.[134] Intern stel dit die owerheid in staat om sy funderings- en bestemmingsfunksie na behore uit te voer, en in die geval van oorlog 'n mobiele swaard=mag ter beskikking te hê - wat op die volle staats=territorium die soewereiniteit kan verdedig.[135] Die beroemde Duitse veldheer, Moltke, het die strategiese belangrikheid daarvan reeds besef, soos Holborn aantoon:

> "The railroads offered new strategic opportunities. Troops could be transported six time as fast as the armies of Napoleon had marched, and the fundamentals of all strategy - time and space - appeared in a new light. A country which had a highly developed system of rail communications gained important and possibly decisive advantages in warfare."[136]

In die konflikareas van die twintigste eeu het veral lugvervoer 'n nuwe belangrikheidsdimensie verkry. Tydens die blokkade van Berlyn[137], die Koreaanse Oorlog, die Kongo-Krisis (1960), Kuba (1962), Viëtnam (1965) en vele ander spanningspieke was die rol en invloed van lugvervoer en die lugmag deurslaggewend.[138] Die ont=wikkeling van die moderne diplomasie en spitsberade, waar snelle optrede deurslaggewend kan wees, bring nog 'n belangrike taak van lugvervoer na vore.[139]

Maritieme verkeer is nie net onontbeerlik vir gesonde handelsbetrekkinge nie, maar speel 'n belangrike rol by imperialisme en magsekspansie. Vandaar die huidige uitbreiding van die Russiese Vloot wat die stukrag agter ideologiese wêrelddominasie moet word. Admiraal Gorshckov het in 1963 die universeel-maritieme taak van Rusland soos volg opgesom:

> "In the past, our ships and naval aviation have operated primarily near our coasts..... concerned mainly with operations and tactical co-ordination with ground troops. Now,..... we must be prepared through broad offensive operations to deliver crushing strikes against sea and ground targets of the imperialists on any point of the world's oceans and adjacent territories."[140]

In 'n wêreld waar die tempo elke dag versnel, het verbeter=de verbindingsweë en kommunikasiekanale tussenstaatlike

skakeling tegnies baie vergemaklik. Beter begrip en kontak bring egter nie, soos sommige welmenende idealiste meen die koms van die wêreldstaat nie.[141] Religieuse verskille, soos wat dit langs die linie internasionaal neerslag vind, sal nie opgehef word bloot deur verbeterde kommunikasie en verbinding nie. Tegnologiese vernuf kan aldus nooit die aansporing wees tot internasionalistiese chaos in internasionale verhoudinge nie.

3.3.2 Massakommunikasie

Kommunikasie is so oud as die mens self[142], maar as staatkundige beïnvloedingskomponent ontwikkel dit veral met die groei van elektromeganika (radio, beeldradio).[143] Die wêreldmening - vandag 'n magtige faktor in die wêreldpolitiek, juis vanweë die ontwikkeling van kommunikasie - word geplooi, aangehits en gekanaliseer deur die perswese, radio en beeldradio. Een van die opvallende verskynsels van ons tyd is die verstommende snelheid waarteen nuus versprei. Afsondering van alle nasionale state is daarmee uitgewis, want staatsgrense blokkeer immers nie radiogolwe nie.[144] Daarom die massale ideologiese aanslag deur die demokrasie en kommunisme, deur middel van die pers en die radio, op die gees van die mens.[145] Nie net op die sogenaamde onverbonde state nie, maar ook om die vyandelike vesting daardeur van binne af te vermurwe.

Fisiese pantser stuit koeëls, maar nie die fanatiese verkondiging van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing nie. Daarvoor is geestelike weerbaarheid nodig. Die Kremlin het vroeg reeds die potensiaal van massakommuni= kasie besef - een propagandakoerant is meer werd as tien vliegdekskepe, is verklaarde Russiese beleid[146] - soos Gehlen tereg aandui:

> "No other nationstate has had such a far-reaching nongovernmental mechanism so well disciplined in the arts of propaganda and subversion, constantly prepared to act in behalf of that nation's policies."[147]

In Junie 1962 het radio Moskou 1,128 uur per week uit= gesaai na al die uithoeke van die aarde, terwyl daar in

dieselfde jaar meer as 10 miljoen kopieë van 1,500 verskillende boeke versprei is na lande wat buite die kommunistiese ystergordyn of bamboesgordyn val.[148]

In die magtige kommunikasiestryd is daar net een ant= woord op die aanslag van die civitas terrena.

> "Bowe al verg dit 'n lewe en denke wat belig word deur die Woord van God.", aldus Stone, wat vervolg "Dit vra 'n binding aan Hom wat die Waarheid self is. Dit vra van my 'n stellingname in die wetenskaplike strydperk van botsende denkbeelde - 'n keuse vir die Waarheid - dié waarheid waartoe Christus Hom= self die enigste Weg verklaar het."[149]

Massakommunikasie het tyd en afstand verslind, daarom dat die aanvalle teen die binnelandse beleid van Suid-Afrika tot 'n histeriese crescendo aangevuur word.

> "Roei die Boere uit en bou 'n nuwe Suid-Afrika .....Ons sal ons vryheid slegs deur die koeël verkry. Steek die rivier oor en sorg dat julle aan die oorkant kom. Ons wil die Boere hê. Afrika sal hulle vernietig.", berig Radio Tanzanië dienaangaande op 21 Maart 1969.[150]

Behalwe as medium om internasionale propaganda te torpedeer, word massakommunikasie ook in die interne staatstruktuur aangewend deur politieke partye, totalitêre staatsowerhede[151], kultuurorganisasies, militêre organisasies[152], individuele private maatskappye[153], en vele ander liggame. Kortom, die gesproke en geskrewe woord het 'n onontbeerlike magsmiddel in die tussenstaat= like verhoudinge van ons tyd geword; en alles word moontlik gemaak deur tegnologiese ontwikkeling. Die stryd op hierdie vlak is van kardinale tussenstaatlike belang omdat hier geen strenge afkamping van nasionale soewereiniteit is nie en die stryd ten diepste sentreer rondom die gees van die mens.

3.4 Skeppende Tegnologiese Vermoë

Die vermoë om die tegnologie te ontwikkel, en steeds meer diensbaar te maak deur skeppende en rewolusionêre uit= vindings, kan die tussenstaatlike orde van magsbalans

274/...

oornag verander.[154] Veral in die militêre sfeer kan dit die skaal blitssnel laat kantel, sodat ons dit eens is met die bewering van Kissinger:

> "Every country lives with the nightmare that even if it puts forth its best efforts its survival may be jeopardized by a technological breakthrough on the part of its opponent."[155]

Daarom dat state voortdurend met militêre tegnologiese navorsing besig is, uit vrees dat hulle die tegnologiese ontwikkelingspas kan byster raak. Dit skep weer die vloeibare denkbeeldigheid dat state voortdurend besig is om hulle op oorlog voor te berei, en so word die ver= houding van wapentuig tot tussenstaatlike kontakmomente 'n dolle kringloop, want tussen militêre paraatheid en voorbereiding vir agressie is daar in die kernmilieu weinig verskille vir die eksterne waarnemer.

In die harde tussenstaatlike werklikheid volg dit logies dat indien daar tegnologies na die Tweede Wêreldoorlog 'n moratorium-bevriesing van die status quo[156] - in die Westerse state van toepassing gemaak is, laasgenoemde lankal reeds die Kremlin ten prooi sou geval het.

> "Again, it is quite conceivable - in truth very probable - that long before now the scales of military power would have been tipped, decisively in favour of the Soviet Union."[157], aldus van Dyke.

Lande wat derhalwe daarin belangstel om die tussenstaatlike pas vol te hou, moet belê in skeppende tegnologiese ont= wikkeling. Die verryking van uraan en die proses om olie uit steenkool te verhaal het Suid-Afrika 'n internasionale leier op tegnologiese gebied gemaak. Langs 'n breë spektrum kon Suid-Afrika hier selfs diens lewer aan die polities militante en vyandige state van Afrika[158], teg= nologies voogdyskap aanvaar met die potensiaal om beter samewerking - ook polities - as dividende te oes.

Belegging in navorsing en tersiêre opleiding stel die owerheid ook in staat om die burgery binnelands te laat deel aan gedifferensieerde ontwikkeling. 'n Bevolking aan wie die gemak van die ontwikkeling van die tegnologiese eeu onthou word, sal in 'n demokrasie waarskynlik die

regering uit die kussings lig, terwyl die kommunisme dit aan hulle onderdane weerhou slegs deur volgehoue swaardmagdiktatuur. Wie tegnologies stagneer sny die ontwikkelingspas af en is daarmee in die vaarwater van verval en selfs beskawingsverbrokkeling.

3.5 Die Wêreldpolitiek in Tegnologiese Perspektief

In die huidige tussenstaatlike bedeling speel tegnologiese en industriële omvormingsvermoë 'n belangrike rol in die magskapasiteit van state. Met die stelling van Blount:

> "It is obvious that the power of a country, the place which it can occupy in the world, depends chiefly on its state of technical advance in administration, in industry, and in military affairs."[159]

, is ons dit dus eens. Die tegnologie het Europa en die V.S.A. 'n dominerende rol laat speel[160], en waar die vermoë tans ook deel word van die onderontwikkelde state, en bowendien bestuif word met nasionalisme, ontstaan 'n nuwe dryfkrag waarvan die invloed waarskynlik eers later sal realiseer. Op tegnologiese gebied sal dié state graag parasiteer, maar of hulle bereid is om die politieke konstitusionele stelsels ook resloos oor te neem is hoogs onwaarskynlik. Die tegnologie as sulks is dus basies universeel uniform, alhoewel menslike objektiveringsarbeid tegnologiese subjekte in tipiese kulturele differensiasie laat neerslag vind. Dit bring nie mee dat tegnologiese ontwikkeling oor nasionale grense heen, vanselfsprekend internasionale politieke vooruitgang kan stimuleer nie. Samewerking oor die verkenning van die buitenste ruim, weerkontrole, besoedeling en oseanografiese navorsing is maar enkele voorbeelde in dié verband.[161]

Tog lê die samewerking nog op die periferie, en tussen Amerika en Rusland is die voortdurende tegnologiese tweestryd simbool van die belangrikheid wat hulle daaraan heg.[162] Fox sien die kardinale rol so: "There is no better indicator of tomorrow's wealth and power than today's science capability."[163], en verklaar dat 'n projeksie van <u>per capita</u> wêreldmagsvermoë in die tagtigerjare bereken kan word op die persentasie natuurwetenskaplike

276/...

en tegnologiese studente van die sestigerjare.[164] Daarmee word die rol van die tegnologie egter totaal oorspan en die toekoms verbind aan 'n verabsoluteerde, gemasjineerde mensemassa.

Tegnologiese ontwikkeling het die belangrikheid van baie ander faktore soos die ekonomie, geografie en bevolkings= getalle kenterend beïnvloed.[165] Die geografiese aspek van afstand het reeds baie van sy tradisionele belangrik= heid in die atoomeeu ingeboet. "In the case of nuclear relations, the defects of the old geopolitical treatment of distance are striking.", aldus Wohlstetter.[166] Die bepaling van nasionale soewereiniteit in verhouding tot afstand is deur die tegnologie verpletter. Aan die ander kant het die paring van tegnologie aan bevolkingsgetalle juis vir Toynbee beweeg om op te merk ".....I expect, when China becomes the dominant nation in the world in the next fifty or a hundred years....."[167] Die masjieneeu is derhalwe volgens Toynbee in staat om die sluimerende magspotensiaal van bevolkingsgetalle te ontsluit.

Die tegnologie het buitelandse hulpprogramme, diplomatieke verkeer, sosiale-, kulturele- en sportbetrekkinge asook die karakter van imperialisme in die murg aangetas. Wêreldgebeure is feitlik in 'n oogwenk internasionaal bekend en die diplomatieke verkeer dra gevolglik die bekende platform-stempel.[168] Kommunikasie tussen staats= hoof en diplomaat sien heelwat anders uit as die tekenende opmerking van Padelford en Lincoln oor die dae van weleer:

> ".....Thomas Jefferson, while Secretary of State, had occasion to comment that nothing had been heard from our ambassador to Madrid for over two years. If another year went by without any word, Jefferson proposed to write to him."[169]

Internasionale toerisme en sosiale verkeer is deur tegnologiese ontwikkeling baie vergemaklik, wat 'n beter tussenstaatlike verstandhouding in die hand kan werk, natuurlik met die voorbehoud dat massamedia nie antinormatief vir propaganda optoeriste aangewend word nie.[170]

277/...

Die tegnologiese ontwikkeling het ook die :spy in the sky" - aldus Fox[171], gebring. Wentelende satelliete wat oorlogstrategie in nuwe perspektief plaas; probleme by inspeksie van ontwapeningsverdrae meebring en volke= regtelik probleme rondom soewereiniteit in die buitenste ruim tot gevolg het. Dit is die wedloop van tegnologiese ontdekkings wat die huidige kernpariteit - terreurbalans deur kerntegnologiese ontwikkeling daargestel het. Welis= waar 'n vrede onder die swaard van Damocles; vrede deur afskrikkingstrategie wat op breekpunt-spanning gehandhaaf word, maar wat tot dusver owerhede van die fatale stap tot kernoorlog weerhou het. As somtotaal het die tegno= logie aan die wêreldpolitiek 'n nuwe karakter en gedaante gegee. 'n Gemasjineerde passie, wat indien dit verontag= saam word state kan uitlewer aan die genade van diesulkes wat die tegnologiese wedloop met volharding stry.

3.6 Oriëntering

Tegnologiese ontwikkeling, normatief korrek gehanteer, kan aan die tussenstaatlike ongekende voorspoed en vooruitgang bring, maar dan sal die mens eers moet leer om die gawe waardig te word soos Zimmermann opmerk:

> "The machine, as the means to dedicate natural energies to the service of man, is the greatest instrument of progress yet devised. These energies can fulfill their noble mission only if man, by the loftiness of his aspirations, becomes worthy of their aid."[172]

Die ongekende pas van tegnologiese ontwikkeling het erosie van lewenswaardes langs die hele linie van ons werklik= heidservaring tot gevolg gehad.

> "De overschatting van de taak der wetenschap in de practijk van het leven is naar mijn gevoelen het meest verontrustende symptoom voor de maatschappij der toekomst."[173], is die mening van Ter Brugge waarmee ons volmondig kan saamstem. Die soewereini= teit van die verbande gemeenskappe en maatskappe is daarmee op die uitvaart en die mens 'n enkeling - ratjie in die tegnologiese geheel. Daarom geen kultuurbewustheid en

278/...

kultuurvorming meer nie, slegs meer en meer tegnologiese prestasies - die pad van die edele barbaar. So aangewend kan tegnologiese ontwikkeling geen groeiende beskawingsontwikkeling bring nie, net tydelike gelukksaligheid wat hom te pletter sal loop teen die verval van die gees van die mens. Tegnologiese kundigheid is 'n uiters belangrike kragbron van enige staat, maar dan moet dit deur die mens normatief-korrek gepositiveer word. Nie in aweregse tegnologies-oorspanne utopias nie - daarin besit die mens geen religieuse diepgang meer nie - maar tot diens van ons Skepper moet die natuur omvorm word deur die tegnologie; tot wasdom en voorspoed vir elke staat op die domein van die wêreldpolitiek.

4 MILITÊRE MAGSVERMOË

4.1 Inleiding

Ofskoon oorlog, as die direkte uitvloeisel van magspolitiek, eksplisiet in die volgende tema-inleiding aan die orde kom, vorm militêre magsvermoë onlosmaaklik deel - die ultima ratio - van die magsarsenaal van state.

> "Because power is in the last instance the power to wage war," verklaar Spykman: "states have always devoted considerable effort to the building of military establishments."[174]

Clausewitz, die alvader van militêre strategie, sien dit so:

> "War.....is an act of violence intenden to compel our opponent to fulfill our will..... Physical force.....is therefore the means; the compulsory submission of our enemy to our will is the ultimate object....."[175]

Militêre mag is vir Morgenthau die somtotaal van fisiese magsfaktore:

> "What gives the factors of geography, natural resources, and industrial capacity their actual importance for the power of a nation is military preparedness."[176]

Waar internasionale verhoudinge langs die polsslag van die eeue worstel met oorlog en vrede sal die staat wat sy swaardmag nie paraat hou nie, dié historiese perspektief

verdoesel. ".....not as a desirable weapon," om Carr se uitspraak aan te haal: "but as a weapon which it may require in the last resort to use."[177]

Die swaardmagfundering van die staat impliseer nie net die handhawing van interne vrede en veiligheid nie, maar ook die geroepenheid om as behoeder teen eksterne agressie op te tree. Calvyn het dit in sy *Institusie* so gestel:

> "It is the dictate both of natural equity and of the nature of the office that princes are armed not only to restrain the crimes of individuals, but also to defend the territories committed to their charge by going to war against any hostile aggression, and the Holy Spirit, in many passages of Scripture, declares such wars to be lawful."[178]

Militêre mag is daarom onontbeerlik - die finale arbiter in die konflikte en sondegebroke verhoudinge tussen state.

4.2 Tegnologiese Ontwikkeling

Tegnologiese kundigheid beleef in die sfeer van militêre magsvermoë van sy skoonste triomfe. Wapentuig is ontwikkel van spies en kruisboog na kernduikboot en interkontinen= tale meervoudig-gerigte kernprojektiel.[179] Die opmerking van Morgenthau:

> "The fate of Nations and of civilizations has often been determined by a differential in the technology of warfare for which the inferior side was unable to compensate in other ways."[180], en van Wright:
>
> "This balance of technology has tended to support a balance of power, but the balance has not tended toward increasing stability."[181] illustreer baie helder die deurslaggewende belang van tegnologie in oorlogvoering.

Die ontwikkeling van vuurwapens, infanterie en artillerie het die tradisionele militêre arsenaal in die wortel aangetas. Die veilige afskerming van feodale stadstate deur omringende borswerings het geen beskerming meer gebied nie, soos duidelik geïllustreer is deur die geskrifte van Machiavelli.[182] Die invalle van Karel VIII in Italië was vir Machiavelli 'n "blitzkrieg" - "querra corte e grosso."[183] Guicciardini het die verandering soos

volg saamgevat:

> "Now the wars became quick and violent, a kingdom was devastated and conquered more quickly than previously a small village; the sieges of cities were very short and were successfully completed in days and hours instead of in months; the battles became embittered and bloody."[184]

Gaandeweg het die tegnologiese invloed in oorlogvoering gegroei en gepaardgaande daarmee het die aanwending van die swaard ook meer onpersoonlik geword. Oorlogvoering in die twintigste eeu is kenbaar aan vier tegnologies-geïnspireerde veranderings - die duikboot, tenk, vlieg=tuig en kernwapens wat die karaktereie in toto verander het.[185] Die openingsgebruik van enige van die wapens het aan die inisieerder, ten minste tydelik, 'n militêre voorsprong besorg wat alleen ingehaal kon word deur dieselfde wapentuig te vervaardig. State wat militêr-tegnologies nie voortdurend besig is met tegnologies-reformerende verandering, vernuwing en navorsing nie, loop gevaar om soos die Pole in die Tweede Wêreldoorlog met kavallerie teen die magtige pantsers van Duitsland op te ruk.

Kernwapens - breinkind en Frankenstein van tegnologiese vermoë - het die eie-aard van oorlogvoering onherroeplik verander.[186] Nou is hele bevolkings, ook tegnologies, totaal betrek by totale oorlogvoering.

> "At a moment when technology has put within our grasp a command of nature never before imagined", aldus Kissinger: "we are driven to realize that everything depends on our ability to use power with subtlety and discrimination."[187]

Van direkte persoonlike kontak onder oorlogsrumoer en swaardgeklank na die druk van knoppies en potensiële beskawingsuitwissing het tegnologie oorlogvoering laat groei. 'n Hartgrondige strukturele verandering[188] - voortsetting van gemasjineerde onpersoonlike ontworste=ling - wat later volledig onder die soeklig kom.

281/...

4.3 Struktuurbepalende komponente

4.3.1 Getalsterkte

Die aantal weerbare manne wat tydens oorlogvoering vir aktiewe diensplig opgekommandeer kan word dra beslis by tot die militêre magsvermoë van die staat. "Providence marches with the big battallions;" sou Napoleon volgens oorlewering verklaar het;[189] 'n strategiese gedagte=stroom wat ook by Clausewitz aanklank gevind het as hy verklaar: ".....- superiority in numbers becomes every day more decisive."[190] Hulle het egter vergeet hoedat Alexander die Grote Asië verower het, Hannibal die Romeinse leërs verslaan het, Genghis Khan oor Asië en Europa gespoel het, Belisarius die Romeinse Ryk herower het, die Boerekommando's die oorweldigende magte van Engeland drie jaar weerstaan het en Hitler in die somer van 1940, soos in die voorafgaande gevalle, 'n getalsterker vyand verpletter het. Daarom verklaar Liddell Hart, toonaangewende strateeg van die twintigste eeu ".....experience....., shows that numbers have little real meaning",[191] en voeg daaraan vir hom die deurslaggewense faktor toe: "Technical quality counts, not drilled quantity."[192] Toe oorlogvoering nog die man teen man strategie was, was getalle deurslaggewend, maar tegnologiese verandering (veral atoomwapens) stel die enkeling vandag in staat om miljoene as gyselaars in bange spanning te hou. Taiwan sal waarskynlik nooit 'n oorlog teen Rooi Sjina kan wen nie, maar 'n getalle=wins teenoor die vyand waarborg hoegenaamd nie militêre oorwinning nie - dit is 'n aritmetiese verabsolutering in oorlogstrategie.

4.3.2 Leierskap en Administrasie

Die belangrikheid van militêre leierskap is vanself=sprekend. Troepemagte moet korrek strategies aange=wend en ontplooi word deur die generale staf, want hulle is die klei in die hande van die pottebakker, en daarom is die beste en briljantste soldate tot mislukking ge=doem as hulle kanonvoer word deur swak aanvoering. Organisasie en dissipline is 'n onontbeerlike sluitstuk, in watter verband die beroemde Franse strateeg, Du Picq, kensketsend opmerk:

282/...

"The Roman, a politician above all,.....had no illusions. He took into account human weakness and he discovered the legion."[193]

Napoleon se beroemde stelreëls was:

"Two Mamelukes held three Frenchmen; but one hundred French cavalry did not fear the same number of Mamelukes; three hundred vanquished the same number; one thousand French beat fifteen hundred Mamelukes."[194]

Organisasie en dissipline dra dus omgekeerd eweredig by tot die gevegsvermoë van enige weermag.

Wisselwerking tussen militêre en burgerlike owerhede is ook van deurslaggewende belang, 'n vertrouensverhouding wat Generaal Douglas MacArthur soos volg stel.

".....you then go to force; and when you do that, the balance of control.....is the control of the military. A theater commander, in any campaign, is not merely limited to the handling of his troops; he commands the whole area politically, economically and militarily.....when politics fail, and the military take over, you must trust the military."[195]

Die owerheid en sy regshandhawende swaardmagfundering moet in goeie trou enkaptiese vervlegtheid handhaaf, veral waar die gebruik van atoomwapens 'n owerheids= beslissing sal wees.[196] Leierskap, organisasie en administrasie is deur tegnologiese uitbouing in 'n nuwe belangrikheidsdimensie geplaas.

4.3.3 Wapens en Toerusting

Met die afgly van oorlogvoering op die tegnologiese baan groei die gehalte van wapens en toerusting in belangrikheid teenoor individuele dapperheid en opleiding. Man en geweer is tans nie langer voldoende nie, maar ook gesofistikeerde en uitstaande logistiese ondersteuning. Trouens, 'n klein getal vliegtuie en hoogs opgeleide loodse het Engeland tydens die "Battle of Britain" in staat gestel om uiteindelik die oorlog te wen.[197] 'n Poging wat Churchill in gevleuelde woorde laat hulde bring het: "Never in the field of human

conflict was so much owed by so many to so few."[198]

Moderne oorlogvoering is kenbaar aan gesofistikeerde wapentuig en toerusting (van muskietnet tot infra-rooi verkykers) en daarom is voortdurende navorsing op die vlak gebiedend noodsaaklik. 'n Ooreenstemmende mening word deur Van Dyke gehuldig:

> "Those who plan for the last war usually suffer, and those who are imaginitive enough to develop new weapons and new ways of using weapons usually reap significant rewards."[199]

Rewolusionêre nuwe wapentuig kan die magsbalans soms onherroeplik verander.

4.4 Samevatting

Die militêre magsvermoë van state is 'n veelkantige fenomeen wat later meer breedvoerig behandel sal word. As bron van mag is dit van kardinale belang - tewens onontbeerlik vir die bestaan van enige staat. Prinsi= pieël is elke owerheid verplig om sy swaardmag weerbaar te hou, oorlog is die tussenstaatlike gevolg van die sondeval, en omdat dit daarom immer teenwoordig sal wees - visioene oor vredesutopias ten spyt - mag die militêre vermoë van geen staat verwaarloos word nie. Elke teorie wat hom aldus toespits op die verhoudings tussen state, en die militêre mag - normatief aangewend vir die behoud van internasionale geregtigheid - ontken, verbeur daarmee 'n funderingsmoment vir die behoud van vrede (selfs deur die swaard) en lewer 'n werklikheids= vreemde teorie wat nie tred hou met die realiteite nie.

5 SLOTGEDAGTES

Tot watter mate ekonomie en tegnologie as magsbronne van state aangewend kan word hang af van menslike skeppingsar= beid. Grondstowwe en roumateriale word hier omvorm tot diens aan die staat en die internasionale samelewingsorde. Dit is die taak van elke staat om te besef uit wie se hand die vermoë ontvang is en daarom tot Sy eer die natuur te ontsluit.

> "Neen, wie de techniek veracht, miskent de leiding Gods en verwerpt Zijn zegeningen;", merk Ter Brugge op: "hij loochent den zin der geschiedenis, de taak van den mensch in vrijen cultuurarbeid de natuur te vormen en te veredelen en haar aldus in de historie op te nemen; hij heeft geen oog voor de zegenrijke werking der (wat prof. Dooyeweerd noemt) gezonde en noodwendige integreeringstendenzen, zonder welke het ontsluitingsproces in de historie zich niet kan voltrekken."[200]

Die mens is dus die rentemeester wat die tegniek en die ekonomie positiveer vir beskawingsontwikkeling.

Wanneer state egter die ekonomie en tegniek verabsoluteer is die beskawingsvormende krag daarmee heen, en word die oerbegeerte van die outonome mens bevestig in 'n nuwe poging ter versoening van die wetenskapsideaal en persoon= likheidsideaal. Bowendien ontstaan daar tans - meegebring deur die triomf van die tegniek - geweldige stedelike sentra, waar die mens in die slawemag van die tegniese eskatologie 'n verwarde, verontpersoonlikte enkeling word - teelaarde vir die rewolusionêre gees, en verandering bloot ter wille daarvan, van ons dag.[201]

Geweldige verskille in lewenspeil en lewensstandaard gee aan die magtige ideologieë die geleentheid om ekonomiese imperialisme toe te pas.[202] Trouens veel sal daarvan afhang watter ideologie in staat is om sy eie burgers 'n gedifferensieerde lewensbestaan te bied. Ekonomie en tegnologie, <u>in toto</u>, is van lewensbelang vir enige staat in die twintigste eeu. In die sondegebroke werklikheid, waarbo die wêreldpolitiek nie verhewe is nie, bly dit 'n kardinale magsbron om in die sondestraf van die tussen= staatlike - oorlog - die man te kan staan. Normatief korrek gepositiveer aan die ander kant, beteken dit voor= spoed en vooruitgang in internasionale verhoudinge.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK IV

1. Vgl. Carlson, L., Op.cit., p.67. "Every political giant of the world, is also an industrial giant. The political talkers of the world are heard because they are backed by the industrial might of their nations. The capacity for industrial development lies, basically, in the raw materials that are essential to that industry."; Fox, W.R.T., Science, Technology, and International Politics, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., Mclellan, D.S., Op.cit., pp.134-143.
2. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.157; Scholtz, G.D., Hoe die Wêreldpolitiek Gevoer word, Op.cit., p.125.
3. Met verwysing na die Eerste Wêreldoorlog verklaar Schuman: ".....defenders with machine guns behind barbed wire slaughtered attackers in a hideous mockery of military science." Vgl. Schuman, F.L., Op.cit., p.92.
4. Vgl. Toynbee, A.J., The International Outlook, Internatio= nal Affairs, Vol. XXIII, nr. 4, Oktober 1947, p.465, ook pp.466-476.
5. Vgl. Baldwin, H.W., America at War: The Triumph of the Machine, Foreign Affairs, Vol. 24, nr. 2, Januarie 1946, p.252. Oor die Tweede Wêreldoorlog, p.241; "a war of massed machines.", en op p.252 'n waarskuwing oor die kwa= liteit van wapentuig: "This time we had quantity but not always quality; we must make sure that henceforth our weapons will be the best, as well as the most abundant. The keystone of our material power is our mass production skill. Facing the uncertain world of tomorrow, we would be stupid indeed if we frittered away this birthright.
6. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.113; Schilling, W.R., Science, Technology and Foreign Policy, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., pp.216-226; Van Dyke, V., Op.cit., p. 228. "Power requires production. A country that lacks resources and plant for

the production of great quantities of goods is doomed to weakness; a country with extensive resources and a well-developed plant for utilizing them possesses a major element of power."

7. Met verwysing na die oorheersende industriële vermoë van die V.S.A. haal Morgenthau aan: "In any comparison of potential resources of the Great Powers the United States, even before Hitler's war, far outstripped every other nation in the world in material strength, in scale of industrialization, in weight of resources....., by every index of output and consumption. And the war, ..., has enormously increased the scale upon which the United States now towers above its fellows. Like mice in the cage of an elephant, they follow with apprehension the movements of the mammoth. What chance would they stand if it were to begin to throw its weight about, they who are in some danger even if it only decides to sit down?", aan=gehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.114.

8. Vgl. Sien-Chong, N., Scientific and Technological Develop=ments of Communist China, Nato's Fifteen Nations, Vol. 18, nr. 2, April - Mei 1973, pp.89-90, 92, 94, 96.

9. Vgl. Carr, E.A., The Twenty Year's Crisis, 1919-1939, Op.cit., p.113; Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, Prentice-Hall, New Jersey, Tweede Uitgawe, 1970, pp.83-88; Stagner, R., Psychological As=pects of International Conflict, Wadsworth Publishing Com=pany, Belmont, 1967, p.100. "The simplest case of econo=mic motivation for war is that of primitive war for slaves, for loot, for hunting grounds or fertile soil."

10. Vgl. Knorr, K., The Concept of Economic Potential for War, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., Op.cit., pp.170-173.

11. Hjalmar Schacht en Walther Funk se pogings om Duitsland in die dertigerjare selfonderhoudend te maak is hier sprekend. Vgl. Holsti, K.J., International Politics. A Framework for Analysis,Prentice-Hall, New Jersey, 1967, p.283.

12. Met verwysing na die private sektor het Spanier kensketsend

opgemerk: "For money is the symbol of power and prestige; it is the sign of success, just as failure to earn enough money is a token of personal failure. It has been said, not without some justice, that the American prefers two cars to two mistresses." Vgl. Spanier, J.W., American Foreign Policy Since World War II, Praeger Publishers, New York, Vierde Hersiene Uitgawe, 1971, p.14.

13. Vgl. Brassert, J.E., "Power Politics" versus "Political Ecology." Political Science Quarterly, Vol. LXXI, nr. 4, Desember 1956, p.555. "Economic power is the goal of all nations of the world and is accepted even by military leaders as a real quantitative measure of world political and military influence."; Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.53; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp.136-137; Rosecrance, R., International Relations: Peace of War?, McGraw-Hill, New York, 1973, pp.253-254.

14. Vgl. Strange, S., International Economics and International Relations. A Case of Mutual Neglect, International Affairs, Vol. 46, nr. 2, April 1970, p.307, vgl. ook pp.304, 305, 310, 313-315. Strange is ook baie krities teen 'n be= havioralistiese benadering van die ekonomie. Vgl. p.310. "Indeed the only thing I have ever found really dismal about the science is its habit of reducing individuals to units of a statistic, and then of jumping to the assump= tion in its model-making that at all times these units are fully interchangeable with one another. It is hardly necessary to warn any political scientist, ...of the dan= gers of allowing these intellectual habits to influence judgment about the behaviour of states in international society." (Onderstreep - L.D.B.) Oor laasgenoemde bena= dering vgl. veral Russett, B.M., (red.) Economic Theories of International Politics, Markham Publishing Company, Chicago, 1968.

15. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.129, waar veral gedui word op die rol van goud en silwer om die destydse nasionale mag te bevorder. Vgl. ook Eras= mus, D.P., Die Plek van Goud in die Huidige Monetêre Stelsel

en die Rol wat dit kan speel in die Herstel van die Internasionale Monetêre Orde, Koers, Jg. XXXII, nr. 3, September 1964, pp.96-121; Diederichs, N., Onopgeloste Probleme van die Internasionale Finansiewese, Vyfde C.R. Swart-lesing aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 18 Augustus 1972, pp.8-15.

16. Vgl. Taylor, O.H., A History of Economic Thought, McGraw-Hill, New York, 1960, pp.72-73.

17. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.130.

18. Vgl. Weber, M., General Economic History, Vertaal deur H. Knight, Collier Books, New York, 1961, pp.255-256. "The essence of mercantilism consists in carrying the point of view of capitalistic industry into politics; the state is handled as if it consisted exclusively of capitalistic entrepreneurs. External economic policy rests on the principle of taking every advantage of the opponent, importing at the lowest price and selling much higher. The purpose is to strengthen the hand of the government in its external relations. Hence mercantilism signifies the development of the state as a political power, ..."

19. Vgl. Lee, F.N., Communist Eschatology, Op.cit., p.732. "The magnetic power of the Marxist doctrine of history is undoubtedly derived from its conscious recognition of an underlying Marxist philosophy and philosophy of history at the root thereof and from its unashamed avowal of dialectical materialism as the basis of its historical materialism - which later in its turn governs the Marxist view of history."; Lipset, S.M., Political Man. The Social Bases of Politics, Vakils, Feffer and Simons, Bombaai, 1960, p.4. "These ideas, rooted as they are in economic problems, had a deep influence on world thought on political and social issues, or questions."; Hendrikz, J. de S., Kommunistiese Filosofie, Kommando, Januarie 1969, pp.8, 11, 15; Vorster, J.D., Kommunisme - 'n Bedreiging vir die Afrikaner se Christelik-Nasionale Lewens- en Wêreldbeskouing, Handhaaf, Desember 1969, pp.15, 19.

20. Vgl. Zuidema, S.U., Op.cit., p.34.

21. Vgl. Ibid., pp. 38-44; Zuidema, S.U., Christendom en Communisme, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 28, Junie 1971, pp.12-30; Venter, E.A., Fascisme, Kommunisme en Calvinisme, Die Gereformeerde Vaandel, Deel V. nr. 6, Junie 1937, pp.182-183. ".....voortgedrywe deur 'n magtige passie, die hartstog om die proletariaat wat tot die geestelike en vleeslike dood gedoem was, 'n besef te gee van eiewaarde, 'n visioen van dit wat kan wees."
22. Vgl. die onderskeid tussen die ideologie en filosofie van die kommunisme by Du Plessis, J.A., Die Tripolêre Karakter van die Moderne Kommunisme, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 22, April 1970, pp.43-51. Die ideologie strek nie onbeperk die toekoms in nie, die grens daarvan is deur die wetenskap vasgelê - die ideologie is waar, want dit berus op die wetenskap - en daarom vertoon dit politieke be= planning en die karakter van onfeilbaarheid.
23. Aangehaal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., p.175; Marx, K., Engels, F., The Communist Manifesto, in Romano, R., Leiman, M., Views on Capitalism, Glencoe Press, Beverly Hills, 1970, p.328. "A spectre is haunting Europe - the spectre of Communism." et.seq.
24. Vgl. Lenin, V.I., Capitalism - Imperialism - War, in Duchacek, I.D., Op.cit., p.196. Lenin sou die navolger wees van Marx, laasgenoemde wie se geliefde stelling dit was om te sê: "Ons moet die duiwel in die lyf hê....." Vgl. Fourie, J.J., Sosialistiese Tendense in die Suid-Afri= kaanse Partypolitiek sedert 1910, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1958, p.6; Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, Op.cit., p.122. "Lenin is de fanaticus der communistisch-politieke macht, van het communistisch geweld, van de communistische heer= schappij,omdat hij als rechtgeaard marxist in deze macht gelooft en omdat hij van deze macht de komst van de heil= staat op aarde binnen afzienbaren tijd verwacht."
25. Aangehaal in Dulles, F.R., Op.cit., p.143.
26. Vgl. Salter, L., Economic Strategy of the West, Foreign Affairs, Vol. 36, nr. 4, Julie 1958, p.618. "If actual

war is averted, the issue will depend upon the demonstra= ted success of the two rival economic systems, both in their impact on other countries and in what is seen to be their ability to provide their own peoples with what they want."; Vernon, R., Multinational Enterprise: Power versus Sovereignty, Foreign Affairs, Vol. 49, nr. 4, Julie 1971, pp.736-751.

27. Vgl. Williams, J.H., The Task of Economic Recovery, Foreign Affairs, Vol. 26, nr. 4, Julie 1948, pp.616-631.

28. Vgl. Rosecrance, R.N., Op.cit., p.254. Tot die aanvank= like ekonomiese stabiliteit na die Tweede Wêreldoorlog het die Bretton Woods-stelsel 'n belangrike bydrae gelewer. Oor die betalingsbalansprobleme en die huidige internasio= nale monetêre probleme vgl. Diederichs, N., Onopgeloste Probleme van die Internasionale Finansiewese, Op.cit., pp.1, 2, 4, 9-15. Morgenthau noem Bretton Woods 'n "unheralded victory" en gaan voort: "For they took the first, the most vital and the most difficult step toward putting into effect the sort of international economic program which will be necessary for preserving the peace and creating favourable conditions for world prosperity." Vgl. Morgenthau, H. (Jr.) Bretton Woods and International Coöperation, Foreign Affairs, Vol. 23, nr. 2, Januarie 1945, p.182, passim - 188. Diebold dui daarop dat inter= nasionale ekonomiese samewerking nie sommer spontaan ont= staan nie, maar doelbewuste en voortdurende aandag ter skikking behoef. Vgl. Diebold, W., (Jr.) The Economic System at Stake, Foreign Affairs, Vol. 51, nr. 1, Oktober 1972, pp.167-180.

29. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.297. "Foreign aid - the transfer of money, goods, or technical advice from a donor to recipient - is an instrument of policy that has been used in foreign relations for centuries." Gedurende die agtiende eeu is die huur van troepe teen finansiële ver= goeding algemene praktyk in Wes-Europa.

30. Saam met die nuutgevonde politieke vryheid sou ekonomiese voorspoed hand aan hand gaan. Trouens, dit is só verbonde

geassosieer, dat die ontnugtering in sommige gevalle die verlange na die "vleispotte van Egipte" gebring het. Vgl. Friedmann, W., An Introduction to World Politics, Macmillan, New York, Vyfde Uitgawe, 1965, p.335.

31. Beide "Oos en Wes" het gretig ekonomies neo-imperialisties die vakuum geïnfiltreer en probeer eksploiteer tot eie voordeel. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.56. "The nature of economic imperialism as an unobstrusive, indirect, but fairly effective method of gaining and maintaining domination over other nations is particularly striking where two rival imperialisms compete with economic means for control over the same government."; Stoessinger, J.G., Op.cit., pp.72-81.

32. Vgl. Heymann, H., (Jr.) Soviet Foreign Aid as a Problem for U.S. Policy, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., (reds.) American Foreign Policy in International Perspective, Prentice-Hall, New Jersey, 1971, p.253; Thorp, W.L., American Policy and the Soviet Economic Offensive, Foreign Affairs, Vol. 35, nr. 2, Januarie 1957, pp.271-282; Hoover, C.B., Soviet Economic Growth, Foreign Affairs, Vol. 35, nr. 2, Januarie 1957, pp.257-270.

33. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.297.

34. Vgl. Loc.cit.; Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., pp.84-85; Vernon, R., Op.cit., pp.736-751.

35. Hoover waarsku teen imperialistiese uitbuiting in die stel= ling: ".....our interest is not in using them as pawns in the cold war, but rather in supporting their freedom and assisting in their own development." Vgl. Hoover, C.B., Op.cit., p.282. Kwame Nkrumah het die koloniale uit= buiting so gestel: "If Africa's history is interpreted in terms of the interests of European merchandise and capital, missionaries and administrators, it is no wonder that African nationalism is regarded as a perversion and colo= nialism as a virtue....." Vgl. Nkrumah, K., African His= tory Through African Eyes, in Emerson, R., Kilson, M., (reds.) The Political Awakening of Africa, Prentice-Hall, New Jersey, 1965, pp. 25-26; Holsti, K.J., Op.cit.,

pp.297-299; Friedmann, W., Op.cit., p.347.

36. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.373; Lefever, E.W., Spear and Sceptre, South Africa Internatio= nal, Vol. II, nr. 1, Julie 1971, p.20; Morison, D.L., Soviet Policy Towards Africa, in Hamrell, S., Widstrand, C.G., (reds.) The Soviet Bloc, China and Africa, Pall Mall Press, London, 1964, pp.30-42.

37. Vgl. Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.137.

38. Vgl. Salter, L., Op.cit., pp.630-634; Rosecrance, R.N., Op.cit., p.258.

39. Basies beteken die hulpverlening bloot ekonomiese hulp (in al die variasies) van een staat aan 'n ander. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p.85; Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., pp.509-550; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.228.

40. Vgl. Morgenthau, H., A Political Theory of Foreign Aid, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., (reds.) Op.cit., pp.241-245.

40.(a) Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.299. Gedurende die vorige eeu het beide Engeland en Frankryk miljoene pond-sterling aan hulle bondgenote verskaf waarvoor hulle weer in ruil mannekrag ontvang het; vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.231; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.55, 56. "The most obvious, the most ancient, and also the crudest form of imperialism is military con= quest. The great conquerors of all times have also been the great imperialists. Military imperialism is a gamble played for the highest stakes."

41. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.299.

42. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p.85. "The first decade of the cold war placed a high premium on "military" aid, including all types of military material and what the United States called "defense support" in the form of economic aid committed to military purposes." Gedurende die eerste twee dekades na 1945 het die V.S.A. 100 biljoen dollar aan buitelandse hulpprogramme bestee. Vgl. Radway, L.I., Foreign Policy and National Defense, Scott, Foresman and Company, Glenview, 1969, pp.149-151.

43. Vgl. Acheson, D., Present at the Creation. My Years in the State Department, Hamilton Ltd., London, 1969, p.333; Palmer, A., The Lands Between. A History of East - Central Europe since the Congress of Vienna, Weidenfeld and Nicolson, London, 1970, p.314. Strausz-Hupé dui egter daarop dat die Weste se strategiese offensief in Joegoeslawië misluk het, omdat dit oorhaastig, sonder visie, en hopeloos onbeplan was. Vgl. Strausz-Hupé, R., The United States and Yugoslavia: A Reappraisal, The Yale Review, Vol. XLV, nr. 2, Desember 1955, p.176. "The West had - and missed - the chance of carrying the offensive into the enemy camp and of challenging the Soviets in that satellite country which was furthest removed from the centers of Soviet military power."

44. Vgl. Kennedy, R.F., The Final Lesson, in Duchacek, I.D.,(reds.) Discord and Harmony, Op.cit., p.180; Abel, E., The Missiles of October. The Cuban Missile Crisis 1962, MacGibbon and Kee Ltd., New York, 1966, pp.15-199; Sorenson, T.C., Kennedy, Harper and Row, New York, 1965, pp.667-718; Kahan, J.H., Long, A.K., The Cuban Missile Crisis: A Study of Its Strategic Context, Political Science Quarterly, Vol. LXXXVII, nr. 4, Desember 1972, pp.567-568. Na die katastrofe van 1962 bly die Kuba-gevaar steeds latent. Dit het spoedig duidelik geword dat Rusland weer deur middel van wapenverskaffing aldaar die internasionale strategiese militêre skaal in sy guns wil swaai. Vgl. Quester, G.H., Missiles in Cuba, 1970, Foreign Affairs, Vol. 49, nr. 3, April 1971 pp.493-495.

45. Vgl. Morgenthau, H.J., The Politics of Foreign Aid, Op.cit., p.244. "The unprofitable or idle steel mill, the highway without traffic and leading nowhere, the airline operating with foreign personnel and at a loss but under the flag of the recipient country - all ostensibly serve the pur= poses of economic development and under different circum= stances might do so. Actually, however, they perform no positive economic function." Vir lagwekkende flaters van kommunistiese ekonomiese hulp aan Afrika vgl. Metrowich, F.R.,

Africa and Communism, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967, pp.23-24. Aan die ander kant het die feit dat Rooi Sjina van 'n agrariese staat ontwikkel het tot 'n kern= moondheid, sonder twyfel die Afrikane met bewondering ver= vul.

46. Amerikaanse en Russiese inmenging in die Midde-Ooste het 'n kardinale moment van dié onweersone geword. Vgl. Hurewitz, J.C., Origins of the Rivalry, in Hurewitz, J.C., (red.) Soviet-American Rivalry in the Middle East, Praeger Publishers, New York, 1969, pp.1-17; Safran, N., The War and the Future of the Arab-Israeli Conflict, Foreign Affairs, Vol. 52, nr. 2, Januarie 1974, pp.217-223; Sadat, A., Where Egypt Stands, Foreign Affairs, Vol. 51, nr. 1, Okto= ber 1972, pp.122-123; Kantor, D.M., The Middle East: Cauldron of International Politics, Gepubliseerde M.A.- Verhandeling deur die Sentrum vir Internasionale Politiek, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1973, p.33. "Soviet-American rivalry in the Middle East, a post war development, is still gathering momentum."

47. Vgl. Morgenthau, H.J., A Political Theory of Foreign Aid, Op.cit., p.241.

48. Vgl. Loc.cit.; Bell, D.E., Trends in Administering Foreign Aid, in Rainey, G.E., (red.) Contemporary American Foreign Policy, Merrill Publishing Comp., Columbus, 1969, pp.74-80; Monsen, R.J. (Jr.), Downs, A., A Theory of Large Managerial Firms, in Russett, B.M., (red.) Op.cit., pp.343-362.

49. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.300. Voedselhulp van Suid-Afrika aan sy buurstate is beslis nie verhewe bo die hoop op ekonomiese (en daardeur politieke?) afhanklikheid nie. Vgl. Smit, P., Die Plek en Rol van die Swart State met betrekking tot Ekonomiese Samewerking in Suidelike Afrika, Referaat by Feessimposium vir Internasionale Politiek aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 27 Augustus 1971, p.15, et seq.

50. Vele voorbeelde van sodanige ekonomiese hulp kan by die onderontwikkelde gebiede van die wêreld aangetoon word.

Die ekonomiese heropbou van Europa volgens die Marshall-Plan is gebruik om magsuitbreiding van die Kremlin-kolos te verhoed. Vgl. Feis, H., From Trust to Terror. The Onset of the Cold War, 1945-1950, Anthony Blond, London, 1970, pp.227-254; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.401-402; Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., pp.672-676. Marshall self het verklaar: "So long as hunger, poverty, desperation, and resulting chaos threaten the great concentrations of people in Western Europe.....there will steadily develop social unease and political confusion on every side..... . The foundation of political vitality is economic recovery. Durable peace requires the restoration of western European vitality.", aangehaal in Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.232.

51. Vgl. Morgenthau, H.J., A Political Theory of Foreign Aid, Op.cit., p.243.

52. Afrika-leiers in die besonder het die aantrekkingskrag van dié simbole onweerstaanbaar gevind. Die optrede van Nkrumah by die Statebondskonferensie van 1961 is treffend soos volg belig: "Hierdie Messias van Ghana was nie sommer 'n gewone kêrel nie! Die motorkar waarin hy gery het - en slegs hy en sy bestuurder mag daarin ry - was nie alleen die grootste en duurste bekombaar nie, maar moes ook binne=kant spesiaal met ferweel oorgetrek wees." Vgl. Barnard, F., Dertien Jaar in die Skadu van dr. H.F. Verwoerd, Voor=trekkerpers, Johannesburg, Derde Druk, 1967, p.96.

53. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.374; Holsti, K.J., Op.cit., pp.299-300; Stoessinger, J.G., Op.cit., pp.196-209. Sodanige hulp vervul nie primêr 'n ekonomiese taak nie - veel eerder psigologies en sielkundig. Hier is die wet van omgekeerde eweredigheid waarskynlik werksaam, hoe meer ekonomies agterlik 'n staat is hoe meer wil hy aan homself en die wêreld toon dat hy ook deel is van die moderniteit en tussenstaatlike mag van die twintig=ste eeu.

54. Vgl. Morgenthau, H.J., A Political Theory of Foreign Aid, Op.cit., p.235; Stoessinger, J.G., Op.cit., p.205. "The

Soviet leadership, on the other hand, considers the ques= tion of economic returns completely irrelevant. Its motives are to win the psychological and political allegiance of the new nations."

55. Vgl. Die Burger, 2 Junie 1972; The Cape Times, 4 Junie 1973; Die Vaderland, 3 Julie 1973; Hoofstad, 4 Julie 1973; Die Transvaler, 3 Julie 1973.

56. President Kennedy het altoos probeer verhoed dat die stryd in Viëtnam tot 'n te hoë mate verAmerikaniseer word. "In the final analysis." het hy verklaar: "it is their war. They are the ones who have to win or lose it.", aangehaal in Stoessinger, J.G., Op.cit.,p.174. Vgl. verder Buttin= ger, J., Viëtnam: A Political History, Andre Deutsch Ltd., London, 1968, pp.475-503; Pan, S., Lyons, D., Viëtnam Crisis, Twin Circle Publishing Comp., New York, 1967, pp.135-282; Sheldon, W.J., Tigers in the Rice. The Story of Viëtnam from Ancient Past to Uncertain Future, Crowell-Collier Press, London, 1969, wat op p.117 aantoon dat die Viëtnamese volk ten spyte van die kruisbestuiwing van verskillende ideologieë en internasionale imperialis= tiese staatkundige aanslae tog 'n hoë mate van stabiliteit behou het.

57. Sedert 1960 het Rusland begin om die verskaffing van teg= nologiese hulp en roebels aan Rooi Sjina in te kort, ten einde daardeur die Sjinese kernwapenprogram te vertraag. Vgl. Holsti, K.J., Op.cit., p.305; verder Garthoff, R.L., Sino-Soviet Military Relations, 1954-1966, in Beer, F.A., Alliances: Latent War Communities in the Contemporary World, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1970, pp. 285-302; Aspaturian, V.V., The Soviet Union and Inter= national Communism, in Macridis, R.C., (red.) Foreign Policy in World Politics, Prentice-Hall, New Jersey, 1967, pp.229-245.

58. Die instandhouding van N.A.V.O. het nog altyd ekonomies swaar gesteun op die staatskas van die V.S.A. Vgl. Fox, W.T.R. en A.B., The Role of the United States in NATO, in Beer, F.A., (red.) Op.cit., pp.143-157; Kruls, H.J.,

Only United can We Survive! Nato's Fifteen Nations, Vol. 18, nr. 6, Desember 1973 - Januarie 1974, pp.11-12.

59. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.383; Frankel, J., International Politics. Conflict and Harmony, Penquin Books, Harmondsworth, 1973, pp.150-156; p.156: "There are some serious doubts also about the economic effectiveness of foreign aid and only its humanitarian purpose remains fairly intact."

60. Vgl. Brown, S., The Faces of Power. Constancy and Change in United States Foreign Policy from Truman to Johnson, Columbia University Press, New York, 1968, p.31.

61. Vgl. Ibid., p.29; Kahn, H.,How to think about the Russians, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., (reds.) Op.cit., pp.290-303.

196. Vgl. Kaplan, M.A., The Sociology of Strategic Thinking, in Kaplan, M.A., (red.) Op.cit., pp.338-348; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.171. "Generals and admirals, often extremely capable, are frequently the first to recognize the inherent limitations of their profession and request the political leadership to specify guidelines for policy, yet unless such guidelines are provided, defense planners may gradually lose sight of the limits of their viewpoints,"

197. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.66-67; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.118; Van Dyke, V., Op.cit., p.237. "Moreover, if either state should somehow gain a decisive advantage over the other in terms of these weapons - or in terms of other revolutionary weapons, such as bacteriological or chemical weapons - it would have the world at its mercy; it might in fact be merciful, but this does not gainsay the porten= tous significance of the development."

198. Vgl. Snyder, L.L., The Making of Modern Man, Van Nostrand Company, New Jersey, 1967, p.680.

199. Vgl. Van Dyke, V., Op.cit., p.248; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.64.

200. Vgl. Ter Brugge, I.B., Op.cit., p.316; verder Botha, E., Ons Christelike Kultuurtaak, Riglyne, Jg. 4, nr. 4, Desem= ber 1973, p.5. "Geplaas in die wêreld wat aan die Heer behoort, toegerus met al die nodige gawes vir die taak is die mens bowendien nog voorsien van die opdrag, die amp om in die wêreld iets sinvol te doen."

201. Vgl. Brown, N., Underdevelopment as a Threat to World Peace, International Affairs, Vol. 47, nr. 2, April 1971, p.337. "A man without work in a congested city may pose a far big= ger political problem than one without food in a village."

202. Vgl. Montgomery, J.D., Foreign Aid in International Politics, Prentice-Hall, New Jersey, 1967, p.106. "The question of

the 1960's was not whether military power could contain the spread of communism but whether economic power could create conditions that would make communism unnecessary."

HOOFSTUK V

OWERHEID EN STAATSBURGER IN MAGSPOTENSIëLE BRANDING

1 INLEIDING

Die magsvermoë van enige staatsterritorium is soos telkens beklemtoon is, in die laaste instansie afhanklik van die objektiveringsarbeid van die bevolking. Aan hulle is die verantwoordelikheid toevertrou om die subjektiewe wêreld=politiese "talente" uit te bou en te positiveer tot 'n ware bron van mag en stabiliteit. 'n Staatsburgery wat onontslote langs die linie van ons werklikheidservaring figureer, kan selfs in 'n aardse paradys agterlik en sukkelend bly; ontslotenheid daarteenoor stel die burgery in staat om 'n dorsland te omvorm tot 'n land van melk en heuning.[1]

> "It is a foolish statesman and a more foolish scholar who would overlook the important role played by the demographic variables in shaping national power, prosperity and prestige."[2], is die mening van Organski.

Die bydrae van die individu tot die magsvermoë van 'n staat val in 'n omvattende breë spektrum uiteen.[3] Getalle is nie allesbepalend nie -: "Growth for growth's sake is the philosophy of the cancer cell."[4] - maar sonder ge=noegsame mannekrag kan 'n staat nooit sy volle potensiaal ontplooi nie. Behalwe die ander wetmatige verskille tussen die bevolkings[5], is die religieuse oriëntering as 'n geheel uiteraard deurslaggewend. Die lewens- en wêreld=beskouing was nog altyd die kardinale voedingsbodem van 'n lewenskragtige bevolking. Trouens, geen individu kan hom hieraan ontworstel nie, en omdat ons transendendering=standpunt ooreenstem is ons dit eens met Malan:

> "Die geskiedenis het dan ook die bewys gelewer dat juis Calvinisme staal in die bloed van die nasies van die wêreld gesit het, en dat van die kragtigste

> persoonlikhede wat die wêreld en die kerk ooit opgelewer het uit Calvinistiese kringe voortgekom het."[6]

Nasionale eenheid en moraal, intelligente denkvermoë, historiese vorming, taalrykdom, sosiale omgangsvorme, ewewigtige ekonomiese besparing, die skone harmonie van die estetika, juridiese regsekerheid en regsvergelding, liefde in al sy tydelike verhoudings en godsdienstige sekerheid by die geloofsaspek bied aan ons die gedifferen= sieerde bestaanswyse-spektrum van die verantwoordelikheid van die staatsburger. Daar behoort egter gewaak te word teen die humanistiese verleiding om die mens tot 'n onaan= tasbare soewerein - 'n atomistiese mensgod te verhef. Laasgenoemde gedagtegang kry veral gestalte in die behaviora= listiese benadering van internasionale verhoudinge[7] -: "The return to the behaviour of man as the root of politics is a new beginning."[8] - 'n uitspraak van Eulau ter stawing van die verheffing van die mens tot die spil waarom inter= nasionale verhoudings wentel.[9]

Die persoonlikheid van die staatsleier is ook belangrik - hy staan immers in die branding van tussenstaatlike beslissingsmomente (afhangende van die konstitusionele ordening van die bepaalde staat)[10]. Faktore soos intelligensievermoë, onsekerheid, selfdenke, dominering en die begeerte na persoonlike mag moet hier verreken word.[11] Dikwels word daar verwys na "Hitler's Germany or Mussolini's Italy"; of "What will happen to India after Nehru, or France after De Gaulle?"[12] Assosiasie tussen staatsleier en staat mag egter nie aanleiding gee tot diktatoriale vergoddeliking nie. Daarom is die blootlegging van die heensnydende normatiewe analise van die normatief-strukturele benadering uiters waardevol ten einde die juiste taakgebied en verantwoordelikheid van staatsleierskap te omlyn.

Organisasie, administrasie, kommunikasie en propaganda is belangrike kanale in die huishouding van enige staat. Die vermoë om owerheidsbeslissings te laat resulteer in dade, die seepgladde vloei van besluite tydens krisistye en die meedoënlose ideologiese magstryd moet uitgevoer word deur menslike persoonlikhede wat dié kanale beman.[13] Lojaliteit

326/...

en bekwaamheid is van deurslaggewende belang by staatsadminis= trasie, want stuurse en taakgebonde administratiewe optrede lewer die staatsbestel uit aan die willekeur van die klein burokrate.

Die huidige wêreldtoestand met dreigende onweersones, snel veranderende invloedsfere, vorming van alliansies, die opkoms van eertydse koloniale gebiede, neutraliteit van state, die veranderende rol van die V.V.O. en die koms van supermoondhede het die taak en karakter van diplomasie in= grypend aangetas.[14] Diplomatieke doelstellings val ook saam met nasionale mag, want nasionale veiligheid moet ten alle koste deur die diplomasie bewaar word.[15] In die tussenstaatlike kan geen staat in isolasie opereer nie - daarom moet vriendskaplike diplomatieke betrekkinge voortdurend voorkeur geniet; die gehalte waarvan bepalend is vir die status van enige staat in die wêreldpolitiek.

> "Good intentions by themselves are insufficient and must be supplemented by power", is die mening van Spanier waaraan hy toevoeg: "It may be true, as some like to say, that right is might; but superior moral ideals, unsupported by a political and military strategy, inevitably lead to their self- defeat. Faith without works, as Christianity has taught us, is not enough."[16]

Kissinger verleen nog meer waarde aan die rol van diplomasie in die magsverhoudinge.

> "Peace, therefore, cannot be aimed at directly; it is the expression of certain conditions and power relationships. It is to these relationships - not to peace - that diplomacy must address itself."[17] (Onderstreep L.D.B.)

Die objektiveringsarbeid van die mens in die magsvermoë van state is so onbeperk as wat die ontslotenheid langs die linie hom toelaat. Dit bied ook die spieëlbeeld van die menslike sondeval - onvermoë om normatief korrek te positiveer. Staatsleier en staatsburger staan by uitstek in magspotensiële branding, menslike positiveringsarbeid kan 'n modelstaat of karikatuur tot gevolg hê.

327/...

2 STRUKTURELE BEVOLKINGSKENMERKE

Die staat is volgens Ratzel: ".....ein Stück Boden, ein Stück Menschen."[18], dit is erkenning van die kardinale rol van die mens ten opsigte van getalle, verspreiding, ouderdom, groei en vele ander relevante faktore wat bydra tot die mag van state.[19]

2.1 Getalle

Magsvermoë van state is nie wetmatig vasgelê in bevolkings= grootte nie, tog moet die feit dik onderstreep word dat 'n relatiewe klein bevolking baie moeilik sy "habitat" tot 'n supermoondheid kan omvorm. Die droom van Generaal De Gaulle om Frankryk 'n wêreldleier te maak, het waar= skynlik nie met die realiteit rekening gehou nie[20], terwyl Mao dié skynbaar onuitputlike bron by Rooi Sjina verabsoluteer as hy met bravado Sjinese immuniteit teen 'n kernoorlog verkondig.[21] Inteendeel - Mao sien daarin die uiteindelike verwoesting van kapitalistiese imperia= lisme:

> "I said that if the worst came to the worst and half of mankind died, the other half would remain while imperialism would be razed to the ground and the whole world would become socialist. In a certain number of years, there would be 2,700 million people again and definitely more. We Chinese have not yet completed our construction and we desire peace."[22]

Die magsvermoë van bevolkingsgetalle is ook nie eweredig aan die optelsom van atomistiese molekules nie, beskawings= ontwikkeling stel kleiner bevolkings dikwels in staat om oor getalryker medestate te seëvier.[23] Arbeidsonrus, gebrek aan grondstowwe, tegnologiese onvermoë en opvoed= kundige peil illustreer die feit dat fisiese gegewens en individuele persoonlikheidsontwikkeling by getalle as magsbron in berekening gebring moet word; die idee van "effective population", volgens Organski."[24]

Blitssnelle tegnologiese ontwikkeling het waarskynlik ook die invloed van mannekrag getemper. Die masjien, rekenaar

328/...

en kernwapen kan letterlik duisende individue vervang, waarmee die tegnologie nie in die plek van die mens ge= stel word nie, maar tog 'n nuwe belangedimensie aan effektiewe "kleiner" staatsbevolkings gegee word.[25] Trouens, permanente voedseltekorte het by state soos Indië, Nigerië en Rooi Sjina oorbevolkings as 'n perma= nente las eerder as 'n bate laat uitkristalliseer. Kroniese tekorte kan dus die magsvermoë van bevolkings= getalle neutraliseer.[26] Bevolkingsgetalle alleen is allermins 'n lanseerbaan tot tussenstaatlike mag. Beïnvloedingskapasiteit kan nie los van getalle gesien word nie[27], maar moet teen die beskawingsmondige vlak van elke individu in berekening gebring word - nog sterker geaksentueer in die tegnologiese oorspanning van die kerneeu.

2.2 Verspreiding

Die verspreiding van die wêreldbevolking open 'n belang= rike nuwe dimensie - byna die helfte van die wêreld= bevolking woon in Suidoos-Asië[28], terwyl daar groot staats= territoriums is wat feitlik onbevolk is. President Kennedy het die implikasies hiervan baie duidelik besef toe hy verklaar het:

> "We must face the fact that the United States is neither omnipotent nor omniscient - that we are only 6 percent of the world's population - that we cannot impose our will upon the other 94 percent of mankind - that we cannot right every wrong or reverse each adversity - and that therefore there cannot be an American solution to every world problem."[29]

Die feit dat Amerika so lank internasionale "polisieman" was illustreer dat die getalle nie verabsoluteer moet word nie, maar aan die ander kant 'n groeiende bewuswording van die invloed daarvan.

Kontinentale en staatkundige verspreiding is ook belangrik - in 1967 het sewentien state 58% van die mensdom gedra, terwyl meer as $^2/_3$ woonagtig was in slegs dertien state.[30]

> "Die unterschiedliche Grösse der Staatsvölker ist nicht nur ein machtpolitisches Faktum, sondern auch ein politisch-geographisches Phänomen ersten Ranges."[31],

329/...

verklaar Schwind. Die oneweredige verdeling bring oorvloed (bykans brassery) in sekere wêrelddele terwyl daar in ander uiterste hongersnood heers - teëlaarde vir chaos en ongetwyfeld 'n bedreiging vir wêreldvrede.[32] Onderbevolkte gebiede vorm noodwendig 'n lokaas vir state wat nie langer sy bevolking kan dra nie. Hitler was klaarblyklik nog meer behep as die Russiese Tsaars met die inpalming van meer "Lebensraum"[33]: ".....a subject which obsessed him to his dying death.", in die woorde van Shirer[34], - het Hitler met messiaanse fanatis= me in 'n Engelse vertaling van *Mein Kampf* soos volg gestel:


> "Nature knows no political boundaries. First, she puts living creatures on this globe and watches the free play of forces. She then confers the master's right on her favourite child, the strongest in courage and industry."[35]

Tegnologiese ontwikkeling bring voorts nog twee dimensies in bevolkingsverspreiding na vore. Eerstens die ontstaan van megapolistiese stedelike sentra[36], wat kwesbaarheid van bevolkingsvestiging in kernoorloë verhoog en daarmee saam die vervlakking van religieuse diepte by die stads= mens stimuleer.[37] Tweedens die moontlikheid om woestyn= gebiede, die poolstreke en woudgebiede vir menslike vestiging te ontwikkel.[38] Die oneweredige verspreiding van bevolkings dra beslis by tot oneweredige magsversprei= ding, dit bring trouens die probleem van oorbevolking wat op die verlengde vir alle state gevolge inhou.

2.3 Ouderdom - en Geslagstruktuur

Ouderdom- en geslagstrukture is betekenisvol vir potensiële bevolkingsgroei.[39] 'n Blik op die tradisionele piramidale voorstelling van ouderdomsgroepering dui op die sterk invloed wat twee wêreldoorloë op die bevolkings= samestelling gehad het.[40]

330/...



Oorloë is ook tradisioneel meer trefbaar onder mans as vrouens wat weer 'n versteuring van die tradisionele "mannekragbalans" kan meebring.[41] Relatiewe ouderdoms= verspreiding is ook belangrik vir die algemene gees en moraal van enige staatsbevolking. Groot getalle pensioena= risse plaas 'n swaar las op die staatskas, terwyl 'n oor= wig jeugdiges 'n bron van vitale arbeidskrag kan wees om die totale magasyne van die volkshuishouding gladweg te laat funksioneer. Laasgenoemde ouderdomsgroep is egter gewoonlik ook die militante, onstabiele bevolkingsgroep[42]; wat in die rewolusionêre vloedgolf van die Westerse wêreld die staatsowerheid ernstige probleme kan verskaf. Opvoed= kundige, kulturele en sosiale probleme wat 'n rol in die magskapasiteit van state speel kan dus nie los van ouder= domsverspreiding gesien word nie.

2.4 Groeitempo

Een van die uitstaande kenmerke van die wêreldbevolking is dat die toename geen reële stygende lyn vertoon nie.[43] Kwynende faktore soos siektes, oorloë en natuurrampe het 'n merk gelaat, maar verhinder nogtans nie die skynbare onstuitbare bevolkingsontploffing aan die einde van die twintigste eeu nie. Om 1 biljoen mense op te lewer was die ganse bekende wêreldgeskiedenis tot 1850 nodig. Slegs 75 jaar was nodig vir die tweede biljoen; 35 jaar vir die derde; 15 jaar vir die vierde[44]; en die aarde sal teen die einde van die twintigste eeu waarskynlik 7 biljoen

inwoners hê.[45] Reeds in 1968 het die wêreldbevolking met meer as 100 per minuut toegeneem[46] - daagliks dus 200,000 mense - die bevolking van 'n gemiddelde stad.

Die harde stand van sake is dat 85% van die toename in die onderontwikkelde state van die wêreld voorkom.[47] Daar waar hongersnood reeds hoogty vier en godsdienstige en sosiale oortuigings effektiewe geboortekontrole aan bande lê. Kinderrykdom beteken vir baie materiële welvaart, terwyl kinderloosheid daarenteen as 'n ewige straf van die gode geinterpreteer word.[48] Dit het Chandrasekhar, Indiese kenner van die bevolkingsvraagstuk, genoop om te skrywe:

> "I am all for birth control, but in a country where religious obscurantism and fanaticism hold sway, there is no intelligent way out."[49]

Kroniese voedseltekorte en oneweredige bevolkingsdigtheid dra nog meer daartoe by om ylbewoonde state die prooi van neo-imperialisme te maak. Aan die ander kant hou die kwynende geboortesyfer by ontwikkelde lande beslis die gevaar van uitteling deur die onderontwikkelde massas in. Winston Churchill het dit waarskynlik voor oë gehad toe hy op 22 Maart 1943 oor die radio verklaar het:

> "One of the most somber anxieties which beset those who look thirty, or forty, or fifty years ahead, and in this field one can see ahead only too clearly, is the dwindling birth-rate. In thirty years, unless present trends alter, a smaller working and fighting population will have to support and protect nearly twice as many old people; in fifty years the position will be worse still. <u>If this country is to keep its high place in the leadership of the world, and to survive as a great power that can hold its own against external pressures, our people must be encouraged by every means to have larger families.</u>"[50] (Onderstreep L.D.B.)

Internasionaal is sodanige aansporing vandag egter skynbaar oorbodig; die sogenaamde bevolkingsontploffing hou kardinale gevolge vir die wêreldpolitiek in.

332/...

2.4.1 Die Bevolkingsontploffing

Die beroemde projeksies van Malthus het vroeg reeds die aandag op die gevare van oorbevolking gevestig.[51] Alhoewel Plato en Aristoteles reeds na die ideale ver= houding tussen populasiegetalle en staatsterritorium vors[52], sou Thomas Robert Malthus (1766 - 1834) se *Essay on the Principle of Population, as It Affects the Future Improvement of Society (1798)* fenomenale invloed uitoefen.[53] In *An Essay on Population* skrywe Malthus:

> "The most powerful and universal of all our desires is the desire of food and of those things, such as clothing, houses, etc., which are immediately necessary to relieve us from the pains of hunger and cold."[54]

Die kern van Malthus se gedagtegang is dat populasie toeneem in geometriese tempo, terwyl voedsel in aritmetiese verhouding vermeerder.[55] Nog in sy leeftyd is statisties aangetoon dat voedsel nie aritmeties eweredig toeneem nie, maar Malthus se teorieë het selfs vir Darwin, Proudhon, Mill en Marx beïnvloed.[56]

Na Malthus is die bevolkingsontploffing in wisselende driftigheid hanteer, om in die twintigste eeu weer baie aktueel te word. Prestasies van die mediese wetenskap wat 'n langer lewensverwagting gewaarborg het, het bygedra tot die probleem.

> "Once, as President, I thought and said that birth control was not the business of our Federal Government.", het Dwight Eisenhower in 1968 opgemerk: "The facts changed my mind.....I have come to believe that the population explosion is the world's most critical problem."[57]

Friedmann stel die bedreiging só:

> "Mankind is thus faced with a grave dilemma: for the sake of survival, we must find drastically improved and intensified means of stemming the population explosion which in the almost universal judgement of scientists, ecologists, and demographers, will far outweigh any attempts at environmental control

> and, within a generation, make civilized life impossible. On the other hand, the disastrous consequences of man's unconsidered tampering with his environment and the various forms of life must counsel caution about experiments with his own makeup - the supreme example of man's confidence in his ability to control life."[58]

Gekonfronteer met die probleme van internasionale hongersnood en geografiese grondgebied wat nie langer sy bewoners kan dra nie word die mens gedwing om dieper te delf na die etiese aspekte van voortplanting.

As beelddraer van God (anders as stof, plant en dier) is die mens geroepe om die aarde te vul, onderwerp en beheers.[59] Die Goddelike opdrag het 'n groot premie geplaas op kinderseën, maar daarmee saam gaan verant= woordelikheid van ouerskap en die geboortereëling behoort tred te hou met die situatiewe eise van die samelewing.[60] Die onvoorwaardelike afkeer van geboortebeperking gaan juis daarom nie op nie. In Pous Paulus se *Humanae Vitae* van Julie 1969 word geboortebeperking ten sterkste afgekeur:

> "In the constant use of contraceptives, man..... may finally lose respect for the woman and..... come to the point of considering her as a mere instrument of selfish enjoyment."[61]

Seksuele fatalisme en promiskuïteit is verwerplik, maar verantwoordelike ouerskap en die etiek eis van die mens dat hy nie roekeloos sal "teel" nie.[62] Daarvoor is hy met onderskeidende denkvermoë toegerus en die naturalistiese standpunt om die natuur maar sy gang te laat gaan hoort nie tuis by beskawingsmondige wêreldburgers nie.

Die drakrag van die sogenaamde bevolkingsontploffing staan bowendien onder verdenking.[63] Vir ons lyk dit na die kreet van die humanistiese wêreldburgery wat in toenemende getalle gevaar vir hulle ekssesse van materiële welvaart sien.[64] 'n Bedreiging van menseregte deur mense - <u>reductio ad absurdum</u> - so tiperend van die humanisme. Rushdoony lê oorbevolking en hongersnood aan

die verslawende invloed van die sosialisme ten laste:

> "The answer then to our problem is in essence this: socialism always creates ultimately an imbalance between the number of people living and their food supply which results in hunger or famine. There is in this sense therefore always a problem of over-population under socialism."[65]

As die mens eers slaaf van mensgemaakte regte geword het, sal hy met jaloersheid waak om nie deur getalle van sy verlustiging in vettigheid ontneem te word nie.

Die kommunisme sien trouens in die bevolkingsontploffing 'n ideologiese set van die Weste:

> "Bourgeois ideology invented many cannibalistic theories, among them the theory of overpopulation."[66],

het Khrushchev in 1955 opgemerk terwyl Beria in navolging van Stalin die demokrasie se bevolkingsprobleme as kannibalistiese imperialisme afmaak:

> "Whereas in the camp of the capitalists, the imperialist cannibals are employed in inventing various "scientific" means for wiping out the better part of humanity and reducing the birth rate, in our country Comrade Stalin has said, "People are the most precious capital and their well being and happiness are the government's great concern"."[67]

Die gevare van die bevolkingsontploffing mag nie gering geskat word nie[68], maar as die probleem internasionaal met volwasse verantwoordelikheid hanteer word kan die dreigende chaos tog afgeweer word. Dit is per slot van rekening 'n probleem wat deur die mens self geskep word en wat deur sy verantwoordelikheid en wetenskaplike vaardigheid die hoof gebied moet word.[69] Juis as teenpool vir die bevolkingsontploffing het verskeie bekampende metodes na vore getree.

2.4.2 Beperkende Maatreëls op die Bevolkingsontploffing

Histories was bevolkingsverhuisings (immigrasie en

335/...

emigrasie) 'n belangrike kenmerk van die wêreldpolitiek.[70]

> "Migrations appear to have gone on almost continuously since the history of mankind began for, if man were not mobile, his exploitation of the natural resources of the earth and his capacity to make room for his growing numbers would be greatly hampered."[71], verklaar Carlson.

Die trek van die Israeliete uit Egipteland is 'n bekende historiese voorbeeld; so ook die Groot Trek in Suid-Afrika waardeur die twee Boererepublieke in die binneland tot stand gekom het.[72] Oorvloedige immigrasie tussen 1874 - 1924 na die V.S.A. het die land met 'n rykdom aan mannekrag bedeel waarsonder sy huidige magspotensiaal nie denkbaar is nie.[73]

In die era van kolonialisme was groot bevolkingsverhuisings moontlik - teenswoordig val enige sodanige praktyk egter onder die vaandel van neo-imperialisme. Die grootte van die staatsterritorium groei nie saam met bevolkingstoename nie, en in die lig van groeiende energietekorte skyn emigrasie as oplossing vir oorbevolking uitgedien te wees.[74] Binnestaatlike verskuiwings na goeipunte is wenslik, maar staatsowerhede behoort nougeset te waak dat grootskaalse instroming van buitelandse immigrante nie die nasionale erfenis van die nageslagte in gevaar stel nie.

Toenemende voedselproduksie en landboukundige ontwikkeling is onontbeerlik om die golf van bevolkingstoename die hoof te bied.[75] Idealistiese skemas (Colombo-Plan) word in die onderontwikkelde gebiede ingestel, maar die geslaagdheid daarvan stuit telkens op die barriëre van tradisievastheid en onontslotenheid.[76] Weiering om af te sien van tradisionele metodes maak die grond waardeloos en plaas 'n hoër premie op landbougrond en tegnieke van ontwikkelde lande.[77] Dit sal daarom tot almal se voordeel wees as uitgediende landboukundige stamtradisies vervang kan word met moderne tegnieke, en as hierdie gebiede selfvoorsienend word sal hulle moeiliker die prooi van neo-imperialisme kan word.

336/...

Nog 'n metode om die bevolkingslawine te keer is deur geboortekontrole. Ofskoon reeds daarna verwys is, berus dié saak by verantwoordelike ouerskap; naamlik dat vrugafdrywing uit 'n Christelike etiese oogpunt nooit goed te praat is nie, maar dat die minder ontwikkelde lande ook sal moet leer om verantwoordelike ouerskap te aanvaar.[78] Hier stuit die mensdom weer inter= nasionaal op religieuse oortuigings, en bowendien kan geen staatsowerheid die huweliksregte van man en vrou aan bande lê nie. Aan die ander kant skyn dit ook oneties te wees dat die globale wêreldbevolking moet boet vir die hardkoppige onverantwoordelikheid van so vele state se groeiende bevolkings. Die oplossing van die bevolkingsontploffing sal daarom by verantwoordelike ouerskap - aanwas volgens die situatiewe eise van die tyd en maatskappy - moet begin.

2.5 Samevatting

'n Analiseerbare, strukturele bevolkingselement - soos mannekrag - is 'n belangrike pilaar van enige staat se magsvermoë.[79] Met die voorbehoud egter, dat bevolkings= toename nooit sosiale, ekonomiese en wetenskaplike ontwikkeling vooruit mag loop nie.[80] Dan word oorbevolking 'n internasionale las; die mens met sy ryke gedifferen= sieerde arbeidspektrum is dan juis die belangrikste potensiële magsbron van enige staat. Gevolglik mag onbe= plande aanwas nooit dié potensiaal in gevaar stel nie. Blote mannekrag kan egter ook nie verabsoluteer word nie - menige Gideonsbende het magtige Goliats al laat struikel deur moed, durf en deursettingsvermoë.

3 RELIGIEUSE DIEPGANG

3.1 Inleiding

Napoleon het volgens oorlewering verklaar dat die pen magtiger is as die swaard; daarteenoor het Machiavelli opgemerk dat gewapende profete oorwinnaars was, waar die ongewapendes met leë hande moes terugkeer.[81] Of ideologieë deur koeëls gestuit kan word of nie, religieuse oriëntering (ideës en ideologieë[82]) lewer 'n fundamentele bydrae tot die vitale magsvermoë van enige staat.[83] Tot 'n deeglike

insig in hierdie deurslaggewende stand van sake, baan Dooyeweerd vir ons op uitnemende wyse die weg.[84] Vir hom lê religieuse dryfkragte die hele kultuurontwikkeling ten grondslag wat, in sentrale sin, rigtinggewend die hele lewenshouding bepaal. In elke religie is daar 'n grondmotief aan te dui wat as geestelike dryfkrag in die menslike samelewing werksaam is. Trouens, die religie bepaal in die diepste sin ons hele lewens- en wêreld=beskouing, en plaas 'n onuitwisbare stempel op die kultuur, die wetenskap, die sosiale struktuur en ook die internasio=nale verhoudinge van elke periode.[85]

Die beheersing van die religieuse uitgangspunt in die onderlinge verhoudinge word deur Dooyeweerd só aan die orde gestel:

> "De Westerse politieke en sociale structuur, de wetenschap, de kunst enz. tonen in haar ontwikkelings=gang haar historische afhankelijkheid van de leidende natuurmachten, die door haar historische machtpositie haar diepste religieuze grondmotieven aan alle maat=gevende publieke uitingen der samenleving opdringen."[86]

Aansluitend hierby dui ook Strauss op die geestelike dryfkrag van die religie:

> "Elke mens wat 'n deeglike begrip van die wêreldgeskiedenis - en daarom ook van die huidige wêreldsituasie - wil vorm, is verplig om vooraf te erken dat die geskiedenis van die ganse mensheid (en dus ook die bestaan van die huidige wêreldbevolking van sowat drieduisend miljoen) in die teken van die religieuse ver=splinterdheid van hierdie mensegeslagte staan. Religie dan begryp as die geestelike dryfkrag wat die mens in sy hart gryp - die sentrum van sy persoonlikheid - om vandaar sy hele lewe, d.w.s. ál die uitgange uit sy hart, ál sy kultuur=goedere en ál sy lewensvorme, beslissend te beheers."[87]

Die humanis, Bertrand Russell, het ook iets van dié kragtige invloed besef toe hy geskryf het:

> "Religious opinion has often proved itself more powerful than the State. If, in any country, a large majority were in favour of Socialism,

338/...

> Capitalism would become unworkable. On such grounds it might be said that opinion is the ultimate power in social affairs."[88]

Tussenstaatlike mag, in die vorm van staatkundige kolosse, soos wat dit langs die polsslag van die eeue verrys, dra telkens die spieëlbeeld van een of ander religieuse oortuiging.[89] Inderdaad; die verleende gesagsanksies van die owerheid, en die mate waarin hy die toevertroude staatsterritorium ten beste kon ontwikkel, illustreer die diepgang van daardie staat se religieuse oortuiging. Juis vir internasionale verhoudinge was die religieuse dryfkrag by vele aspekte van fundamentele belang.

3.2 Godsdienstige Dryfkragte in die Wêreldpolitiek

Male sonder tal het godsdienstige verskille die vreedsame verhouding tussen state al in vlam en swaard verander. Was godsdiensoortuigings die diepgrypende geesteskrag om op die spitsuur tot die laaste druppel weerstand te bied. Baak stel dit só: ".....terwijl het Calvinisme de zuur= deesem werd, die de opstanden der Fransche Hugenoten, der Nederlanders en der Engelsche Puriteinen doortrok."[90] Die invloed van die godsdiens op die Afrikaner het Genl. J.C. Smuts tekenend so gestel:

> "Die Boere as 'n volk het 'n buitengewone geloof in God. Hulle God is nie 'n god van die meganiese tipe wat die heelal in beweging gebring het en hierdie beweging kalm van buite oorweeg nie. Hulle God is 'n God van die Hebreeuse tipe,..... - 'n God wat leef en werk en die beweging van die heelal en veral die geskiedenis van binne af aandryf; 'n God wat van en met die drifte en begeertes, die goeie en die slegte dade van die mens Sy goddelike beleid verwesenlik; 'n God wat sonde en smart, die dade van eer, van skande, soos 'n pottebakker by die wiel omvorm tot die goddelik oogmerke van sy wêreldheerskappy. Vir hulle (die Boere) is die geskiedenis van die Boer of Afrikanervolk - vandat hulle eeue gelede in Europa geroep is tot vandag toe - nie 'n blote relaas van uiterlike gebeure, van sukses en mislukking, van vrede

> en van oorlog nie, maar 'n beweging in die hart van die siel van God. Vir hulle is die gesigte van die profete nie net van besondere toepassing op Israel nie, maar is dit voorbeelde van die universele goddelike raadsplan met die lotgevalle van die mensdom."

Met dié verbasende insig in die hart van die Afrikaner skrywe Smuts op 4 Januarie 1902 aan W.T. Stead, redakteur van die pro-Boergesinde *Review of Reviews*[91], en vervolg:

> "Die Boere is vandag aangevuur deur 'n gees en 'n strewe van patriotisme en godsdiens so hoog en magtig dat, volgens my oortuiging", aldus genl. Smuts: "hulle onderwerping 'n morele onmoontlikheid ge= word het."[92]

So kan die getuienis van die jongste dag af by 'n Adam Tas[93], Piet Retief[94], Andries Pretorius[95], Paul Kruger[96], M.T. Steyn, De Wet[97], De La Rey[98], Hertzog[99], Malan[100], Strijdom, Verwoerd[101], en Vorster - om slegs enkeles te noem - nagegaan word. In Afrika moet die Boerevolk: ".....'n bepaalde van God opgelegde taak.....verwesenlik."[102] In die krisisuur altyd maar weer terug na die God van hulle vadere (Protestants-Christelike erfenis); die Calvinisme het die sentrale kern geword waarom sy volksbestaan wentel.

> "Vir die Calvinis en so ook vir die Afrikaner was daar altyd 'n intieme verband tussen identiteit, roeping en vryheid en tussen sy identiteitsbewussyn, sy roepingsbesef en sy vryheidsin - en dit op alle lewensterreine"[103], skrywe Stoker in die verband.

Die staatkundige mag van Suid-Afrika, die vermoë om as staat te groei en te ontwikkel - intern, sowel as tussen= staatlik - kan nooit los van die hartgrondige invloed van sy Calvinistiese godsdiens gesien word nie.

Die broeiende konflik tussen Jood en Arabier in die Midde-Ooste kan ook nie los van die fanatiese stryd tussen Islam en die Sionisme begryp word nie.[104] Nog die volgelinge van Mohammed, nog die van Jáhwe is bereid om een fraksie van hulle godsdienstige fanatisme in te boet. Met die uitbreek van die oorlog van 1948 het Assam Pasha, Sekretaris-Generaal van die Arabiese Liga, onder meer verklaar:

340/...

> "This will be a war of extermination and a momentous massacre which will be spoken of like the Mongolian massacre and the crusades."[105]

'n Bestaanstryd wat Dayan soos volg laat skryf het:

> "There is no other state in the world community whose very right to existence is so persistently challenged by all its contiguous neighbours."[106]

Ook Meir ken 'n definitiewe rol aan die Sionisme toe in die totstandkoming van die Joodse staat:

> "Zionism, as an aspiration, is as old as the Exile. As a political movement it goes back a hundred years. The vision of a Jewish return to the original homeland is far older than the solemn international commitments of 25 and 55 years ago. An independent Jewish state arose as the culmination of a long process of national liberation, which eventually won formal sanction through the moral sense of the community of nations."[107]

Aan die staatkundige verdeling van die Indiese subkontinent lê godsdiensverskille (Hindoe en Mohammedaan) ten grondslag. Politieke verdelings in Kanada, België, Nederland en Switserland stoel op dieselfde verdelende fondament. In Noord-Ierland het dit Ierse nasionalisme in 'n skynbaar onoorbrugbare kloof verdeel. Harkness het die godsdienstige apartheidshandhawing so gestel:

> "They formed two communities, each cohering around its received religious tradition, but living apart despite being physically close and even in places, intermingled; two communities, raised and living in mutual ignorance of one another; two communities, born, educated, entertained, buried separately; two bitter communities, the Protestant aggressively in command, the Catholic angry at Partition....."[108]

Uit die enkele voorbeelde blyk duidelik dat godsdienstige verskille een van die vernaamste oorsake van onweersones in die wêreldpolitiek is.

Godsdienstige oortuigings kan staatsbevolkings tot die uiterste aanhits. By primitiewe natuur - en kultuur= godsdienste loop dit meermale weens antinormatiewe posi= tivering op magsondergrawing uit. Die Oosterse godsdienste, die Rooms-Katolisisme[109], die magasyne vol humanistiese ongeloof sou hier en daar langs die linie presteer, maar geen staat tot blywende geestelike verryking kon bring nie. Alleen maar die Protestantisme - die ware geestes= dryfkrag - is in staat om die kultuurarbeid van die staatsburgery na regte te ontsluit en positiveer.

3.3 Moraalankers

3.3.1 Inleiding

Nasionale moraal - ondersteuning van die staatsburgery aan die owerheid langs die ganse bestaanspektrum - is onontbeerlik in tye van oorlog of vrede.[110] Om ewewig en harmonie binne die veelheid van regsbelange van die staatstruktuur te handhaaf is die ondersteuning van 'n lewenskragtige staatsbevolking onontbeerlik.[111] Nasionale eenheid het dikwels 'n historiese wordings= geskiedenis; testament van die volk waaruit daar in latere krisisure geput kan word. In *The Great Boer War* het Sir Arthur Conan Doyle die smeding van die Boerevolk só gesien:

> "Take a community of Dutchmen of the type of those who defended themselves for fifty years against all the power of Spain at a time when Spain was the greatest power in the world. Intermix with them a strain of those unflexible French Huguenots, who gave up their name and fortune and left their country forever at the time of the revocation of the Edict of Nantes. The product must obviously be one of the most rugged, verile unconquerable races ever seen upon earth. Take these formidable people and train them for seven generations in constant warfare against savage men and ferocious beasts, in circumstances in which no weakling could survive; place them so that they acquire skill with weapons and in horsemanship, give

> them a country which is imminently suited to the tactics of the huntsman, the marksman and the rider. Then, finally, put a fine temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion and an ardent and consuming patriotism. Combine all these qualities and all these impulses in one individual and you have the modern Boer."[112]

Veral in die krisisuur van oorlog[113], depressie[114] of rampe is die egtheid van nasionale moraal die paspoort na die uiteindelike oorwinning. 'n Kwaliteit wat dan nie net die volk se bloed staal nie, maar ook die wankelmoedige knieë van weifelende staatsleiers kan skraag. Schwarzenberger sien juis dáárin die geallieerde magsimpotensie voor Hitler:

> "They had the men, the ships, and the money, but not the political will to stake them in the game that the Axis powers had forced them to play."[115]

In oorlogstye rig charismatiese leierskap dikwels 'n struikelende nasionale moraal weer op.[116]

Binne regeringsvorme met 'n groeiende demokratiserings= proses word moraal ook versterk deur die wisselwerkings= proses tussen owerheid en onderdaan.[117]

> "If his feelings are manipulated or his interests misrepresented, if he is continually shocked and terrorized.....", skrywe Gabriel Almond oor die staatsburger in sy bekende werk: *The American People and Foreign Policy*, "a sense of distrust of the entire policy-making apparatus develops."[118]

Daar behoort dus die nodige vertroue in die verleende gesagsbevoegdheid van die owerheid te wees. Georges Bidault, Franse Minister van Buitelandse Sake, stateer opmerkings wat na die Tweede Wêreldoorlog dikwels onder die Duitse volk gehoor is: "Under Hitler we had work and bread. Today we have only democracy.", of: "What we need is not democracy but a better Hitler."[119] Tot die morele mag van enige burgery lewer nasionale eensgesindheid 'n kennelike bydrae. Daarteenoor het die verwerkliking daarvan vanweë die sondegebrokenheid verskeie

dwaalweë opgelewer. Ook dit sou telkens 'n bron in die vergestalting of afbreking van staatkundige mag word.

3.3.2 Nasionale Eenheid

Nasionalisme bly 'n fundamentele dryfkrag in die een=dragtige optrede van enige staat.[120] Dit gee aan elke nasie 'n onderskeibare identiteit deurdat dit bepaalde groepe mense wat gemeenskaplike, histories-ontwikkelde, lewenswaardes aankleef saamsnoer. In sy standaardwerk *The Idea of Nationalism* skrywe Hans Kohn: "The growth of nationalism is the process of integration of the masses of the people into a common political form."[121] 'n Gebrek aan nasionale eensgesindheid - jukskeibrekers, partyskappe en onderlinge wantroue - parasiteer op die magsvermoë van enige staat. Die owerheid wat nie kan reken op die lewenskragtigheid rondom nasieskap nie, is daarmee 'n belangrike magsfaktor kwyt.[122] Omrede daar reeds volledig aandag gegee is aan nasionalisme en die nasionale staat, wil ons net kortliks die aandag vestig op fluktuasies van nasionale moraal en hoe dit magsaf=brekend inwerk indien dit anti-normatief gepositiveer word.

3.3.2.1 Onstabiliteit in Nasionale Moraal

Nasionale moralisme is uiters plooibaar. By sommige volke voer die "Volksgeist" botoon - die "Herrenvolk" gedagte word verabsoluteer en die nasionale moraal omgebuig tot 'n totalitêre oorkoepelende geheel.[123] Hegel het oorlog beskrywe as: "eternal and moral"[124], terwyl Fichte beweer:

> ".....between states there is neither law nor right unless it be the right of the strongest." , en

daaraan toevoeg:

> "the people metaphysically predestined has the moral right to fulfill its destiny by every means of cunning and force."[125]

Onder Hitler word die nasionale moraal van die Duitse volk 'n blatante vergoddeliking van die Ariese ras wat nêrens beter geïllustreer word as in die sogenaamde

344/...

Germaanse geloofsbelydenis, gepubliseer in die Alge=mene Handelsblad van 10 Mei 1935 nie:

> "Ek glo in die mens, die magtige heer van alle dinge en kragte op aarde. Ek glo in die Germaan, Gods geliefde tweede seun, die heer van homself, wat ontvange is onder die noordelike hemel, ge=bore tussen die Alpe en die See, wat gely het onder Papiste en Mammoniste, wat gelaster is, geslaan en in ellende gedompel, veroordeel deur duiwels van iedere soort tot die hel, na tientalle jare van wanhoop en verarming, steeds weer opgestaan het uit die Staats en nasionale dood, opgestyg het na die geestelike wêreld van Eckehardt, Bach en Goethe, gesete met sy broer uit Nazareth, ter regterhand van die ewige, vanwaar hy as 'n verlosser op 'n bepaalde tyd sal neerdaal, om die wat lewend begrawe is en die dooies op te wek. Ek glo in die goeie gees van die mensheid, in die heilige kerk van die toekoms die gemeenskap van elke ernstige suiwere en onbaatsugtige wil, die gelykmaking van alle vergewing in die tyd terug en vooruit."[126]

So aangewend - tewens kenbaar by alle staatstotali=taristiese regimes - ondervind nasionale moraal 'n tydelike voorspoedgolf wat hom telkens te pletter loop teen sy doelbewuste sondeslawerny.[127]

Die opkoms van die derde wêreld bring meermale rassis=tiese opwelling van nasionale moraal.[128] In dié geval is die liefde vir die eie afhanklik van een of ander voortdurende eksterne bedreiging - die nasionale moraal moet dus doelbewus van owerheidsweë gesanksioneer word. Wie sy volk soos Julius Nyerere met uitsprake soos: "To be an African in South Africa, is to have permission, unlimited permission, to say "Yes Baas" - and preferably even then in Afrikaans."[129], moet aanspoor, ondergrawe die owerheidstaak deur militante militarisme, en verlaag nasionale moraal tot bekookte rassisme.[130] As nasionale eenheid voort=durend owerheidssanksie erlang kan dit geen onder=steuningsfaktor wees nie, trouens, die skommeling op die moraalgrafiek is treffend by dié state waar

345/...

nasionale eenheid nog deur voortdurende appellering op 'n verontregte koloniale geskiedenis gehandhaaf moet word.

Oorlog was nog deur al die eeue die werklike toets vir nasionale eenheid en deursettingsvermoë."[131] Oorlog is 'n nasionale kollektiewe onderneming, en indien die volk van mening is dat die eise vir oorwinning te hoog is vir hulle moraal word die oor= logspoging ernstig gekortwiek.[132] Tydens die eerste Berlynse blokkade is daar nog 'n heroïse volhardings= bereidheid by die inwoners van Berlyn, maar Mason stel tereg die vraag of dieselfde deursettingsvermoë vandag nog teenwoordig is:

> "It may also be of psychological importance that the Berliners of the earlier period were filled with a profound fury against the Soviet soldiers who had raped and robbed their way through the city's streets and houses, an experience known to the young Berliners of today only through books."[133]

Die V.S.A. se rol as internasionale polisieman word aansienlik getemper deur die openbare mening van die Amerikaanse volk.[134] Binnestaatlike strukture van die demokratiese state opereer immers nie in 'n lugleegte nie, maar dit reageer telkens op strominge van die internasionale samelewingsorde. Staatsbe= volkings is ingestel op voortbestaan - en die drang word telkens geïllustreer deur die moraal van die volk. Nasionale moraal is beïnvloedbaar deur 'n oneindige hoeveelheid faktore, en die versterking of ondermyning daarvan bly nog altyd 'n belangrike motivering in internasionale verhoudinge.

3.4 Samevatting

Hiermee is die religieuse invloed en drakrag vir die wêreldpolitiek hoegenaamd nie uitgeput nie. Dit bly die fundamentele voedingsbodem by staatsleier en staatsburger soos wat dit telkens uitkristalliseer in die ander bydraende magskomponente wat vervolgens aan die orde gestel word.

4 DIE GEHALTE VAN DIE OWERHEID

4.1 Inleiding

Die owerheid verteenwoordig die uitvoerende, verleende gesagsamp van die staat.[135] 'n Gunstige geografiese ligging, beskikbaarheid van grondstowwe en energiebronne, tegnologie en ekonomiese vermoëns, bevolkingsgetalle en les bes bevolkingsmoraal moet deur die owerheid in mags= potensiaal verwerklik word. As hanteerder van die swaardmag[136] oor 'n bepaalde geografiese staatsterritorium moet dit die algemene belange juridies integrerend uitbou.[137] Onderlinge vertroue tussen owerheid en onderdaan is onont= beerlik en die grondslag van die vertroue word gelê deur regering in algemene belang waar prioriteite van die staat en bevolking voorkeur geniet. Daarvoor is kommuni= kasie - nie propagandistiese indoktrinasie nie - onontbeerlik.[138]

In die tussenstaatlike domein sal elke owerheid ook sy beïnvloedingsradius moet bepaal. Reeds in 1919 het Lloyd George die Amerikaanse oorskatting van bedingingsvermoë raak gekritiseer:

> "The Americans appeared to assume responsibility for the sole guardianship of the Ten Commandments and for the Sermon on the Mount; yet, when it came to a practical question of assistance and responsibility, they absolutely refused to accept it."[139]

Kennedy het kort na sy Presidentsaanvaarding, dié saak in 'n ander lig gesien:

> "There is a limitation.....upon the power of the United States to bring about solutions..... The problems are more difficult than I had imagined them to be."[140]

Die owerheid mag daarom nie op die tussenstaatlike toneel betrokke raak in gebeure wat sy eie magsvermoë oorspan nie.[141] By 'n demokrasie sal dit noodwendig uitloop op 'n verwisseling van die owerheidsamp. Die verantwoordelike owerheid behoort nooit internasionale avonture aan te pak wat sy staatsburgers aan onnodige ontberinge blootstel nie.[142] Die owerheid is gevolglik geroepe tot magshar=

347/...

monieuse afweging van sy vermoëns. Kortom, binnestaatlik moet die owerheid normatief-korrek staatkundige mag uitbou, en in internasionale verhoudinge nooit dié verworwe mag oorskry nie anders word daardie staat soos 'n skaap ter slagting gelei.

4.2 Owerheidstipes

Veelal gewild is die strydvraag of die demokrasie of diktatuur - as regeringsvorm - die beste waarborg vir internasionale staatkundige bedingingsvermoë is. Gangbaar word aanvaar dat staatstotalitarisme die grootste voordele veral gedurende oorlogstye inhou; daarteenoor het Engeland na Duinkerken en Amerika na Pearl Harbour tog getoon dat 'n demokrasie eendragtig teen diktatoriale agressie kan optree. Die sanksie van die meerderheidswil in politieke medeseggingskap gee aan die demokratiese owerheid meer tussenstaatlike optrederuimte omdat sy verkiesingsmanifes in dié verband een van die redes is waarom hy in die amp verkies is.[143] Met inagneming daarvan kan die demokratiese owerheid die tyd aan buitelandse sake en die werklike owerheidstaak spandeer wat die dikta= tuur aan propaganda en behoud van die owerheidsamp moet wei. Kissinger het die implikasies daarvan vir die wêreldpolitiek as volg omskryf:

> "Anyone succeeding in Communist leadership struggles must be single-minded, unemotional, dedicated, and, above all, motivated by an enormous desire for power. Nothing in the personal experience of Soviet leaders would lead them to accept protestations of good will at face value. Suspiciousness is inherent in their domestic position. It is unlikely that their attitude toward the outside world is more benign than toward their own colleagues or that they would expect more consideration from it."[144]

Die gebreke by die diktatuur is duidelik, maar die humanistiese Westerse demokrasie verval ook dikwels in die versoeking om beginsels prys te gee en pragmaties-populêre maatreëls te neem ten einde voortdurend die prestige van die owerheidsamp te kan geniet. Sodanige

348/...

demokratiese owerheid kan geen permanente gesagsdraer wees nie - 'n skip sonder anker - voortgedryf deur die openbare mening.[145] Ook die demokratiese owerheid moet besef dat hy nooit slaaf van die openbare mening mag word nie - hy is alleen kneg van die Allerhoogste. Verant= woordelike leierskap vereis dikwels dat die populêre openbare mening in landsbelang teengegaan moet word. Die owerheid moet dink aan die langtermyn winste wat die oes is van 'n korrekte beginselprogram.

'n Diktatuur het die voordeel dat dit snelle industriële en tegnologiese ontwikkeling kan afdwing[146], en buite= landse beslissingsmomente meer geredelik na die letter van die wet uitgevoer word. Die demokrasie daarenteen is dikwels gebonde aan stuurse uitvoerings - en aanvaar= dingskanale. Die suksevolle deurvoering van die owerheids= beleid is meermale van aanvaarding deur die bevolking af= hanklik. Alexis de Tocqueville het dit raak beskryf in sy briljante werk *Democracy in America*:

> "But a democracy can only with great difficulty regulate the details of an important undertaking, persevere in a fixed design, and work out its execution in spite of serious obstacles. It cannot combine its measures with secrecy or await their consequences with patience....."[147]

Ofskoon die grondbeginsels van die Christelike staatsfilo= sofie reeds aan die orde gestel is, stateer ons dat al die vertakkings van die humanisme (staatstotalitarisme en die liberale humanistiese demokrasie), die Rooms-Katolisisme of die Oosterse owerheidstipes nie in staat is om state se magspotensiaal harmonieus te ontsluit nie. Waar die grondslae van die Christelike staatsleer nie aanvaar word nie, is die gesag-vryheid problematiek voortdurend 'n aktuele probleem. By die eerste manipuleer die owerheid die burgery en by die tweede manipuleer die burgery die owerheid.

Van die uitoefening van geregtigheid en bevordering van die algemene welvaart is hier geen sprake nie. Slegs die owerheid wat ewewig en harmonie in 'n veelheid van regs=

belange handhaaf kan magsvertroue inboesem en daardeur die beskikbare magsbronne van sy staatsterritorium ten beste ontplooi.

4.3 Organisasie en Administrasie

Die effektiwiteit van owerheidsorganisasie en - adminis= trasie is nog 'n belangrike komponent van staatkundige mag.[148] Dit verteenwoordig die uitvoeringsamp; staats= intern en internasionaal, waardeur owerheidsbeslissings resulteer in dade. Die vermoë waarmee die dikwels logge staatsadministrasie uitvoerend-handelend die burgery bedien, of veral gedurende krisistye spoedeisend kan optree, dra baie by tot die interne vertrouensverhouding sowel as die tussenstaatlike bedingingsvermoë van enige staat.[149]

Binnestaatlik is doelgerigte organisasie en administrasie simbool van welvaart en voorspoed. Orde op sake sterk die hande van die owerheid; dit wil sê hy kan met vertroue orde handhaaf vanweë die goeie wisselwerking met die burgery.[150] 'n Administrasie wat stuurs en verpligtend-taakgebonde opereer bring antagonisme tussen die burgery en owerheidsorgane sodat wedersydse vertroue daarmee op die uitvaart is, en owerheidsbeleid met die sanksies van die wet ten uitvoer gebring moet word.

Administratief worstel owerhede ook meermale met die selftoegeëiende "mag" van die klein burokrasie. Die administrasie is die organisatoriese en openbare uitvoerings= arm van die owerheid, en baie van die suksesse of neerlae van owerheidsbeleid kan hiertoe teruggevoer word. Die gewaande optrede van die amptenary bots nie alleen met die owerheid nie, maar administratiewe snobwaardes (lessenaars, telefone en sekretaresses ad infinitum) - simbool van 'n verwenne oorgeaksentueerde administratiewe materialisme[151] - kan 'n breuk in die onderlinge vertroue meebring. Administratiewe kanale word maklik met die owerheid geassosieer en daarom kan gebeure soos die by "Watergate" - omkopery en korrupsie - die magsvertroue ernstige skade berokken.[152]

350/...

Die onderontwikkelde gebiede van die wêreld gaan feitlik sonder uitsondering gebuk onder die magsdreinering van patetiese administratiewe skoling.[153] Koloniale "moederlande" het die gebiede met onwaardige haas verlaat[154], en state agterlaat wat net nie oor die kennis en mannekrag beskik om aan die eise van die moderne staatkunde te voldoen nie. Daarom die ongeëwenaarde drang na internasionale aansien en suksesse by dié state - 'n rookskerm waaragter die huishoudelike probleme verbloem kan word.

> "There must be an almost overwhelming temptation to defer the solution of difficult internal problems by entering the international arena," beweer Kissinger: "to solidify a complicated domestic position by triumphs in the field of foreign policy."[155]

Daarom dat wanadministrasie hier in die meeste gevalle alleenlik deur 'n oorgang na die diktatuur in stand gehou kan word. Politieke medeseggenskap van 'n verantwoordelike burgery sal wanadministrasie by die stembus aan die man bring. Dit is egter van kardinale belang om daarop te dui dat administratiewe owerheidsapparaat wat deur eeue by 'n beskawingsmondige burgery ontwikkel het, oornag toegepas is op beskawingsonmondige bevolkings waar stamtradisies en politieke onontslotenheid nog botoon voer.[156] Beskerm deur laasgenoemde onmondige politieke medesegging=skap gaan die wanadministrasie van kwaad na erger sonder dat aktiewe kiesreg die kettery by die administratiewe uitvoering van owerheidsbeleid aan die kaak kan stel.

Internasionaal worstel organisasie en administrasie met die lang openbare uitvoeringshiërargie. Die strukturele samestelling en werking, die vloeibaarheid van bevele en beslissings, interpersoonlike verhoudings, en die samestelling van die administratiewe hiërargie is van kardinale belang.[157] Die kanale word beman deur persone wat elk 'n eie siening van die bepaalde situasie opbou.[158] In die praktyk bestaan daar 'n lang reeks tussengangers - tussen die struktuur waar die besluit geneem word en die uiteindelike implementering daarvan.

> "It is a rare advisor who has only the interests of the President at heart. He has his own values,

351/...

> responsibilities and desire for power."[159], verklaar De Rivera en gaan voort: "The implementor may be torn between his loyalty to the organization - which requires him to obediently carry out the decision - and his own deep seated convictions that a different policy could be wiser."[160]

By geleentheid is die gesagsmeganisme ook al openlik uitgedaag - Truman en MacArthur -[161] wat dikwels 'n onoorbrugbare kloof word, en administratiewe stagnasie tot gevolg het. Die ganse administrasie betrokke by die uitvoer van buitelandse beleidsbepalende besluite moet voortdurend hersien word om by wêreldpolitieke wisseling aan te pas en daarmee saam moet die lojaliteit van die administratiewe korps ook bo verdenking staan.[162]

In diens van onstabiele en swak owerhede neem die belangrikheid van administrasie baie toe. Laasgenoemde word dan verplig om ooreenkomstig eie oordeel en tradisie die koers in die buitelandse beleid aan te dui.[163] Juis dan word 'n beginselgrondslag vir buitelandse beleid belangrik, omdat 'n skippery op die pragmatistiese tradisies van die verlede geen prinsipiële grondslag vir die voortsetting van die buitelandse beleid bied nie. Tydens krisistye kry die buitelandse administrasie 'n nuwe belangedimensie - dit moet goed geolie wees, omdat spoed van deurslaggewende betekenis is.[164] Korrekte, getroue en onbekookte handeling is dan van fundamentele belang. Die geskiedenis openbaar talle voorbeelde van noodlottige besluite, omdat die werklike feite verswyg was.[165] Andermaal beklemtoon dit die goeie verhouding wat daar tussen die owerheid en administrasie moet bestaan.

Die owerheidstaak eindig nie by die binnestaatlike hantering van die swaardmag en handhawing van algemene belang nie, maar dit behels ook beskerming teen buitelandse agressie. Om dié taak na behore te volvoer is bekwame en vaartbelynde buitelandse en binnelandse administrasie onontbeerlik. Trouens, dit kan 'n kardinale bydrae tot die nodige vertroue tussen owerheid en onderdaan lewer.

352/...

4.4 Vertroue tussen Owerheid en Onderdaan

Wedersydse vertroue tussen owerheid en onderdaan bring onderlinge magsvertroue, wat verder uitkring na vertroue tussen die weermag, parlement en alle ander betrokke strukture by die staatsmasjinerie. Langs die volledige geledinge van die staatstruktuur is 'n harmonieuse vertrouensverhouding onontbeerlik. Sodra die burgery in voortdurende vrees vir die arendsoog van die owerheid sy dagtaak volbring, is burgervryheid daarmee op die uitvaart, is die vertrouensverhouding geskaad en word nasionale moraal onderhewig aan die sanksie van die swaardmagdiktatuur. Daarteenoor kan die owerheids= dissipline vermurwe en die vrye onderdane 'n gesagslose gepeupel word waarop geen owerheid in die uur van nood kan reken nie. Owerheidsgesag moet erken en gerespekteer word, maar dit eis ook die teenprestasie van die staat dat hy nie die burgervryheid en politieke medeseggingskap van die burgery mag negeer nie.

> "De enkeling is niet het loutere creatuur van de staat, alleen maar bestaande door en voor de staat. Als Gods beelddrager heeft hij verplichtingen en verantwoordelijkheden in zijn persoonlijk leven buijten hetgeen hij aan de staat verschuldigd is, en voor deze moet hem de noodzakelijke vrijheid toegestaan zijn waarop de staat geen inbreuk mag maken."[166], aldus Meeter. Die taak van die owerheid is dus begrens ten opsigte van die nie-staatlike lewensvorme.[167]

Die verhouding owerheid en onderdaan moet ook sy prioriteite hê - nasionale landsbelang moet voorkeur geniet bo eie eer. Jan Smuts was die vriend van vorste, vertroude raadsman in die kanselarye van die wêreld, wêreldfiguur, wetenskaplike en veldheer - maar wat 'n afstand skei dié Smuts nie van die staatsprokureur en guerillaleier van die Boererepublieke nie.[168] 'n Owerheid kan eers werklik internasionaal sy kragte ingooi as hy na behore sy nasionale owerheidstake volvoer het. 'n Vertrouensverhouding word verder versterk deur die omgangsaspek - magskontak tussen owerheid en onderdaan soos onder andere gereël deur positiewe wetgewing en

353/...

kommunikasie. Deur kommunikasiekanale behoort die owerheid voortdurend voorligting te verskaf sodat owerheids=optrede nie deur die burgery gewantrou word nie. Magsim=boliek en propaganda is by uitnemendheid 'n lanseerbaan vir owerheidsmag.

4.5 Magsimboliek en Propaganda

Hoewel propaganda reeds gedurende die Pelopponnesiese Oorlog deur die strydende partye Korinte en Corcyra aangewend is[169], is dit ook kenbaar by die Pax Romana, die Jesuïete-Orde en die Franse Rewolusie.[170] Morgenthau klassifiseer propaganda as:

> "The struggle for the minds of men."[171], waardeur propa=ganda 'n lang historiese oorsprong kry soos Morgenthau ook tereg aandui:
>
> > "The Protestant prince who was able to convert the population of his Catholic opponent to his faith or to exploit the religious sympathies of the Protestant minority for his political and military purposes might win a battle, if not the war, without firing a shot."[172]

As geslaagde instrument in die beïnvloedingsarsenaal van state is propaganda - "oorlog om die siel van die mens"[173] - produk van die stryd tussen die humanistiese ideologieë (nasionaal-sosialisme, fascisme, kommunisme en rewolusionêre demokrasie) wat as gevolg van religieuse versplintering in die twintigste eeu hoogty vier.

Gedurende die Eerste - maar veral met die Tweede Wêreldoorlog; gesanksioneer deur ideologiese fanatisme[174], het Goebbels en Mussolini propaganda tot 'n fyn tegniek in buitelandse bedingingsvermoë omvorm.[175] Die stem oor die eter het byvoorbeeld gepoog om 'n wig tussen Frankryk en Engeland in te dryf met slagspreuke soos:

> "The English will fight to the last Frenchman."[176], of
> "Les Anglais donnent leurs machines, les Francais leurs poitrines."[177]

Daarteenoor was die Franse teenpropaganda beperk tot 'n eentonige herhaling van die "Marsellaise"; en die opname was later so uitgespeel dat dit die bedroewende geallieerde

moraal nog verder moes knak.[178] Hoe feller die ideologiese stryd woed, des te hewiger word die propaganda, daarom dat die Koue Oorlog 'n intense aanwending daarvan ondervind.

4.5.1 Propaganda in die Koue Oorlog

Die propaganda van die Koue Oorlog gaan nie primêr om sigbare winste nie, maar poog om 'n appél te maak op die lewens- en wêreldbeskouing van die wêreldburgery.[179] Die voorlaaier het 'n uitgediende strydmetode geword, soos Vishinsky aantoon: "We shall win by our ideas, our brains, and our doctrines."[180] Vandag woed die internasionale konflik by uitnemendheid rondom die denke van die mens. Deur middel van sogenaamde "self-evident truths"[181], word die kommunistiese ideologie; geïnspireer deur Trotsky en Lenin, met Messiaanse on= vermoeidheid gepropageer. Die kommunistiese metode is met Bybelse beeldspraak deur Catlin só belig:

> "Like Joshua before Jericho, Bolshevik propagandists have marched around the frontiers of states predestined for conquest, three times blowing on their trumpets and the walls have fallen."[182]

Kommunistiese propagandategnieke getuig van sluwe werk= metodes en aanpassingsvermoë by die milieu waarin hy werksaam is. Inderdaad, hulle propaganda-arsenaal is tipies van die beroepsagitator wat 'n grondige studie maak van die begeertes en frustrasies van elke landstreek en dan presies belowe wat die inwoners begeer.[183] Daarom kon die kommunistiese ideologie in Afrika so gewysig word dat dit nie langer 'n a - volkse, a - nasio= nale wêreldomvattende strewe na die sosialistiese, sosio-ekonomies-politieke wêreldstaat is nie, maar 'n nasionaal-imperialistiese strewe van die besondere volk, nasie en staat na wêreldoorheersing volgens die sosia= listiese patroon.[184] Kulturele, tegnologiese en ander Sowjet-prestasies word deur die Kremlin maksimaal vir propaganda benut, waarvan die eerste "sputnik" op beeldradio 'n tekenende voorbeeld is.[185] Washburn het aangetoon dat selfs internasionale sportbetrekkinge die propagandategnieke van Moskou nie vryspring nie:

355/...

> "It would be difficult to find a spirit more alien to de Coubertin's ideals of moral purity and nobility than the Soviet Concept of sport as an element of state power and control, a means of ideological indoctrination, a tool at the disposal of the army and the secret police, a source of propaganda, and as a weapon of class warfare for international communism."[186]

"Westerse" state het in die era van totale diplomasie ook die waarde van propaganda begin eksploiteer[187], al= hoewel hulle traag was om die waarde daarvan te besef: ".....Western governments generally failed to appreciate the effectiveness of propaganda as an instrument for wielding influence in international politics."[188] Soos by Moskou en Peking is demokratiese propaganda= tegnieke ingestel op die skepping van 'n ongunstige beeld van die vyandige ideologie en 'n bewieroking van die eie. Die skandmuur van Berlyn, anti-Semitisme en die gebreke van die kommunistiese ekonomiese stelsel word as simbole van menslike lyding en ideologiese verstardheid voorgehou.[189]

Tegnologiese ontwikkeling bring 'n nuwe dimensie - gratis boeke, pamflette, koerante, radio en televisie - wat ingespan word om oor nasionale grense heen ideolo= giese doelstellings te bevorder.[190] 'n Toename in geletterdheid verhoog die slaankrag hiervan des te meer. "Kulturele imperialisme" word daagliks in die pers en oor die eter uitbasuin waardeur nasionale kulturele waardes afgemat word - die Kremlin omdat hy glo in die uiteindelike oorwinning van die internasionale arbeiderproletariaat; die Weste omdat hy glo dat humanistiese imperialisme ons van die dwaashede van nasionalisme sal vrywaar.[191]

Die opvoedkundige aanslag is 'n baie geslaagde medium. In die V.S.A. het die Fullbright-Wet (1946) en die Smith-Mundt-Wet (1948) studiebeurse en leierskapuit= ruilings gemagtig. In terme daarvan het daar gedurende 1965 80,000 studente uit 159 state in die V.S.A. studeer; 18,000 Amerikaanse studente het in die buiteland tersiëre

onderrig ontvang; 4,000 Amerikaanse dosente het in die buiteland lesings gegee en 9,000 gasdosente het op die kampusse van Amerika navorsing gedoen en lesings gegee - teen 'n beraamde koste van 350 miljoen dollar.[192] In Moskou is daar die "Universiteit van Volkerevriend= skap" waar studente uit alle wêrelddele subtiele indoktrinasie ondergaan.[193]

Volgens Lerche en Said word propagandistiese tegnieke in vier bane gelanseer. Eerstens op die eie state= gemeenskap waar inligting, inspirasie en selfs indok= trinasie nasionale eensgesindheid moet behou. Tweedens op vriendskaplike buitelandse state van wie die goed= gesindheid behou en versterk moet word. Derdens versigtige optrede teenoor neutrale state, waar die propagandis moet poog om neutraliteit in ondersteuning te omskep. Laastens vyandige state waar die owerheid deur ondermyning met 'n vriendskaplike regime vervang moet word.[194] Uit dit alles blyk duidelik dat gesofis= tikeerde propagandanetwerke 'n belangrike rol speel in die magsvermoë van die statery.

4.5.2 Evaluasie

Die bombardement van propaganda is niks anders as 'n rewolusionêre subversiewe metode van imperialisme nie.[195] Streng gesproke val dit buite die genormeerde owerheids= taak omdat ideologiese ondermyning hier telkens op die spits gedryf word. In 'n era van groeiende tegnologiese ontwikkeling, tussenstaatlike kontak, en die golf van rewolusionêre slagkrete het propaganda 'n vername moment van sielkundige oorlogvoering geword[196] - meer nog omdat kernpariteit die stryd om die lewens- en wêreld= beskoulike in feller dimensie teken.[197]

Propaganda word selde geïsoleerd aangewend, maar gepaar met diplomatieke, ekonomiese en militêre maneuvers; ingestel op magsverbreiding. Morgenthau dui in 'n baie raak ontleding daarop dat propaganda altyd die afspieëling van die werklike staatsmag sal wees en dat 'n eindelose gebrabbel deur die massakommunikasiemedia

weinig invloed het as dit nie gedra word deur die stu= krag van daadkragtige optrede nie.

> "Propaganda is not only a struggle between good and evil, truth and falsehood, but also of power. In such a struggle virtue and truth do not prevail simply upon being communicated. They must be carried upon the steady stream of political policy that makes them both relevant and plausible. To conceive of the psychological task of democracy in the struggle with bolshevism primarily in terms of the technological problem of piercing the Iron Curtain and communicating the eternal verities of democracy to all the world is a large measure to miss the point. Political warfare is but the reflection, in the realm of ideas, of the political and military policies it seeks to support. It can be worse than these policies, but it can never be better. From the qualities of these policies it draws its strength. With them it wins or fails. The call for victory in the struggle for the minds of men, to be effective, must be conceived primarily as a call for political and military policies that have the makings of victory. Here, too, deeds speak louder than words."[198]

Juis omdat propaganda altyd ondersteun moet word deur die daad bly die effektiewe aanwending daarvan die prerogatief van die groot moondhede.

4.5.3 Magsimboliek

Rondom nasionalisme val ook die simboliek van helde= verering, vlae, uniforms, monumente en militêre parades op.[199] Kuns- en literatuurerfenisse asook staaltjies uit die historiese volksverlede kan deur die owerheid geëksploiteer word in belang van nasionale eensgesind= heid en moraal. Die "Arc de Triomphe" van Parys; die "Statue of Liberty" in New York; Lenin se grafkelder; die Voortrekkermonument en Helde-akker in Pretoria is almal simbole van 'n trotse historiese verlede - monumente wat die nasionale trots brandend hou.[200]

'n Eie volkslied en vlag is ook simbool van soewereine ongeskonde nasieskap. Dit vertolk die strewe na nasionale selfstandigheid, versimboliseer sigbaar die totaliteit van tradisie en onafhanklikheid. Gedurende die vlagstryd in Suid-Afrika was dr. Malan bang dat genl. Smuts se vlagvoorstelle Suid-Afrika die spot in die oë van die wêreld sou maak. In sy herinnerings het dr. Malan die gevolge soos volg geskets.

> "Dit verteenwoordig genl. Smuts se idee van 'n kombinasie van die drie historiese Suid-Afrikaanse vlae - die Union Jack, die Transvaalse en die Vrystaatse republikeinse vlag. Die resultaat was 'n vlag veelkleuriger nog as Josef se rok - 'n ware afgryslikheid wat, as dit aanvaar was, Suid-Afrika stellig die spot van die hele wêreld sou gemaak het. Indien dit ons nasionale vlag moes geword het, sou ons teenstanders in die vlagstryd hul skitterendste oorwinning behaal het. Sonder slag of stoot sou ons eie Suid-Afrikaanse vlag homself doodgemaak het."[201]

Ook hoofstede lewer 'n besondere bydrae tot nasionale magsimboliek.[202]

Histories is militêre magsvertoon deur totalitêre regimes aangewend om nasionale trots aan te wakker.[203] Die standpunt van Van Wyk: "'n Vredesleër moet twee dinge egter nié doen nie: hy moet hom onthou van alle openbare magsvertoon en publieke militêre parades, omdat dit provokering en afgodediens in die hand werk,....."[204] (onderstreep L.D.B.) kan volgens ons sienswyse nie klakkeloos aanvaar word nie. Die owerheid oorskry sy bevoegdheidsgrense as hy soos Hitler by Nuremberg nasionalisme met militêre vertoon opsweep tot rassistiese "Volksgeist" - histerie.[205] Daarteenoor is daar niks wat die owerheid verhoed om deur periodieke militêre parades die vertroue van die onderdaan te sterk in die swaardmagvermoë van die owerheid nie. Historiese swaardmag is die funderings= moment van die staat - binnelands sowel as teen eksterne agressie - en magsvertroue kan deur militêre vertoon (gehanteer in ewewig en harmonie) die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband na behore

359/...

help positiveer.

Magsimboliek is die historiese erfenis waarop elke staat geregtig is, en wat owerhede dienooreenkomstig in harmonie langs die volle spektrum moet uitbou. Nie die mistieke verabsolutering van Fichte, Hegel en Mazzini nie - dan word bloed en bodem op die spits gedryf, maar 'n positivering van die trotse genormeerde nasionale erfenis. Daardeur word nasionale eenheid en moraal gébou wat 'n belangrike anker in die magsver= moë van elke staat is.

4.6 Samevatting

Die owerheid is by uitstek bevoeg om die magspotensiaal van die staat te ontsluit. Dit vereis ook van die bevolking magsbegrip vir die werk wat die owerheid besig is om te doen. Die owerheid word beklee met gesagsbe= voegdheid langs die hele linie van ons staatkundige werklikheidservaring en die magsvermoë van die staat is daarom afhanklik van die objektivering van subjektiewe magsbronne wat met elke staat meegegee is. Die ontsluiting van latente magspotensiaal is in die hande van die ower= heid. As die objektiveringsarbeid anti-normatief plaas= vind mag daar skynbeelde van tydelike verwronge "almag" uit voortvloei, maar die norm sal hom altyd wreek, af= hangende van die suksesvolle inperking van burgervryheid en politieke medeseggingskap deur die swaardmagdiktatuur. Die owerheid daarenteen wat ewewig en harmonie in 'n veelheid van regsbelange handhaaf, en harmonieus mags= bronne ontsluit, dien nie alleen sy eie staatsvolk nie, maar kan hulp en leiding oor internasionale grense heen bied. Die ontsluiting en objektivering van die totale subjektiewe magsvermoë deur die owerheid moet aldus nie gesien word as voorbereiding vir agressie en imperialisme nie, want die owerheid wat al sy subjektiewe talente nie na behore ontsluit en benut nie, misken die owerheidstaak.

5 DIE STAATSLEIER

5.1 Inleiding

Die rol van die staatsleier in die wêreldpolitiek is die

360/...

van die spreekwoordelike goue draad; staatshoofde staan dikwels in die branding van tussenstaatlike realiteite.[206] Dit het Sir Harold Nicolson beweeg om te skryf:

> "At a certain moment one feels that the desires and energies of individual statesman are but straws floating on the surface of some hidden tide; at another one becomes convinced that although the great river of history may flow slowly in a certain recognizable direction, it can be impeded, accelerated or even diverted by the force of a few dominant personalities or by the trivial and momentary barrier of some chance circumstance."[207]

Bewus van die skynbare onbeperkte presidensiële invloed het President Truman in dien verstande opgemerk: ".....the President makes foreign policy."[208] Assosiasie tussen staatsleier en staat is ook algemeen, maar word veral skerper geteken by die diktatuur. Skeidslyne tussen staat en staatsleier vervaag dikwels by staats= totalitarisme (l'êtat c'est moi" - Lodewyk XIV), maar charismatiese leierskap kan dieselfde in die demokrasie vermag.

Alhoewel die belang van die persoonlikheidskonsep vir die wêreldpolitiek kontemporêr die verdienste van die behavioraliste is;

> "Behavioral research, has therefore sought to elevate the actual human being to the centre of attention.", verklaar Easton[209], kan

psigologiese invloed in internasionale verhoudinge baie verder as Freud teruggevoer word.[210] Machiavelli het in die *Prins* die volgende staatsmansklassifikasie gehanteer:

> "I state that all men, and especially princes, who are placed at a greater height, are reputed for certain qualities which bring them either praise or blame. Thus one is considered liberal, another miserly....., one a free giver, another rapacious, one cruel, another merciful; one a breaker of his word, another trustworthy; one effeminate and pusillanimous, another fierce and

361/...

> high-spirited; one humane, another haughty; one lascivious, another chaste; one frank, another astute; one hard, another easy; one serious, another frivolous; one religious, another an unbeliever, and so on."[211]

Baie van Napoleon se versteurde optredes is deur Ferrero tot sielkundige drogbeelde teruggevoer:

> "With Germany and Italy subdued, with Russia as an ally, he had become the master of the continent. He should have felt secure..... But, instead, he became more uneasy than ever..... Napoleon was the aggressor in so many wars for only one reason, and always the same one: that he might avert the danger of a future attack, a danger which was either completely imaginary or very exaggerated. But, if all the courts of Europe trembled before him and if the coalitions that interfered with his sleep were difficult to establish, it was he himself in the end who brought on the coalition that defeated him, by his frightful panic and by the insane blows that this panic caused him to rain upon Europe in every direction."[212]

'n Voorraadopname oor staatsleierskap is dus onontbeerlik; die wêreldpolitiek is dikwels die slagoffer van die sonde-afvalligheid van staatsmanne. Faktore soos intelligensievermoë, opvoeding, kulturele agtergrond, selfdenke, opvoedkundige peil, dominering, onsekerheid, skeppende vermoë, die begeerte na mag, opvattings oor tussenstaatlike waagstukke en die vermoë om positiewe leiding te aanvaar word hier verreken.[213] Daarmee word die mens nie die Archimedes-punt van die wêreldpolitiek nie - so 'n humanistiese verseiling versper die vertikale transendentale visie op die eie-aard van die menslike per=soonlikheid.[214] Die staatsleier staan egter eerste in die linie van verleende gesagsbevoegdheid en kan as sulks ingrypende invloed op magspositivering in die internasionale staatkunde uitoefen. Die aksieradius van die invloed word tot 'n groot hoogte bepaal deur die konstitusionele orde=ning van die bepaalde staat.

362/...

5.2 Konstitusionele Invloedafkamping

Staatstotalitarisme gee aan die staatsleier haas onbe=perkte mag; hy word op vergoddelikte wyse geassosieer mét, en word word dus simbool ván die staat; en derhalwe word baie van die suksesse of mislukkings van die staat aan sy persoonlike rekening toegedig. Hitler, Stalin en Mussolini is bekende voorbeelde in die verband, maar ook by die onderontwikkelde gebiede is magsegoïsme kenmerkend van die staatsleiding. Felix Houphouet-Boigny sien sy persoonlike magsposisie as onaantasbaar as hy verklaar:

> "I am a man of the African soil,....."; "I am the leader of the most powerful African political movement - ....."; "I think I have the right to consider myself the authentic spokesman of the millions of African men and women....."; "I forget neither the good nor the bad....."[215]

Waar daar geen kontrole deur aktiewe kiesreg of 'n wetgewende liggaam bestaan nie, misken die staatsleier gevolglik dikwels sy verleende gesagsbevoegdheid uit die Hoër Hand.

Die groeiende demokratiseringsproses - humanistiese verabsolutering van die volksoewereiniteit - lê die genormeerde bevoegdheid van die staatsleier in die demokrasie aan bande. Politieke medeseggingskap in staatkundige ewewig en harmonie aangewend is egter juis die waarborg dat hy die owerheidsamp waardig sal hanteer, en die staatsleiding nie in 'n karikatuur sal laat ontaard nie. Die grondwetlike ordening van elke staat bring dus die strukturele bepaling van die staatsleier se invloed - en hulle invloed moet altyd teen dié agtergrond beskou word.

5.3 Persoonlikheid

5.3.1 Beïnvloedingsfaktore

Die staatsleier moet dikwels alleen in landsbelang die knoop deurhaak[216] - die faktore wat sy optrede sal bepaal is dus van deurslaggewende belang. Opvoeding

363/...

en agtergrond wissel van die miljoenêr Kennedy tot die rewolusionêre guerilla Castro; en van die godsdienstige en akademiese agtergrond van Woodrow Wilson tot die aristokratiese Churchill en die proletariese Hitler.[217] Churchill het in sy jeugjare weinig potensiaal geopenbaar.

> "De jonge Winston, een allesbehalve knap, roodharig, onstuimig ventje, dat zich in het oog van zijn vader en moeder voor zover zij belang in hem stelden, intellectueel traag en als karakter eigenzinnig ontwikkelde,....."[218], aldus

Diepenhorst, sou tog die tussenstaatlike omstandighede vind om sy bydrae te lewer.[219] Attlee het dit in Churchill se geval so uitgedruk: ".....the hour found the man, the man found the hour."[220] Fidel Castro is reeds in sy jeugjare die stormagtige rewolusionêre figuur soos Albert en Roberta Wohlstetter kensketsend aantoon:

> "When Fidel was 13 years old he organized a strike of sugar workers against his father, and later when he was 18, his mother reports in a biography written with one of Castro's sisters, that she permitted him to call his father an exploiter and a landlord, one of "those who abuse the powers they wrench from the people with deceitful promises"."[221]

In die jeugdige vormingsjare word die persoonlikhede gevarieerd gesmee en dit verklaar ten minste ten dele diepliggende meningsverskille oor stande van sake. Die kulturele en huislike agtergrond word die filter om gebeurlikhede tot 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskoulike stroom te suiwer, en verklaar dikwels waarom staatsleiers nie dieselfde mening oor sake huldig nie. Versteurde jeugjare by staatsleiers het al meermale met groeiende effekte in die tussenstaatlike neerslag gevind.[222]

Staatsleierskap stel buitengewone eise aan die menslike fisiek - die jare van internasionale passie en spanning het 'n merk gelaat op die gesondheid van Lenin, Chamberlain, Mussolini, Roosevelt en vele

ander.[223] Dit is figuurlikerwys net sterk bene wat dié weelde kan dra en kroniese siektetoestande of gebreke kan onsekerheid meebring by die bevolking oor die stabiliteit van die leierskap; en boonop 'n opportunis= tiese interne politieke magstryd tot gevolg hê.[224] Internasionaal geprojekteer kan die swakheid uitgebuit word, alhoewel Franklin Roosevelt dit oorkom het. Siektetoestande onder staatsleiers is in elk geval wêreldnuus sodra dit bekend word.[225]

Geestelike versteurdheid dra meer gewig. Staatsleier= skap stel eise wat sielkundige afwykings net nie kan duld nie. Veral in die atoomeeu moet staatshoofde voortdurend rasioneel beredeneerd optree, omdat 'n enkele onbewaakte sielkundige flater namelose wanorde kan meebring.[226] As daar in die hitte van die Kubaanse Projektielkrisis 'n Amerikaanse vliegtuig bo die Russiese Chukotsk-skiereiland afgeskiet word skrywe Khrushchev op 28 Oktober 1962 aan Kennedy:

> "What is this, a provocation? One of your planes violates our frontier during this anxious time we are both experiencing, when everything has been put into combat readiness. Is it not a fact that an intruding American plane could be easily taken for a nuclear bomber, which might push us to a fateful step?"[227]

Dieselfde Khrushchev het op die Twintigste Kommunistiese Partykongres op 25 Februarie 1956, Stalin as 'n versteurde maniak bestempel:

> ".....Stalin became more capricious, irritable, and brutal; .....His persecution mania reached unbelievable dimensions....."[228]

Stalin en Hitler kon byvoorbeeld die wêreld slegs betrag deur die prisma van hulle eie vrese en drange;[229] inderdaad, 'n mens is nie oortuig dat hulle nie 'n kernoorlog sou begin indien hulle persoonlike mags= posisie op die spel was nie.[230]

Staatsleiers is ook produk van hulle nasionale kulturele agtergrond. Dié kleurryke verskeidenheid van die kulturele diversiteit is reeds in 1933 so opgeteken:

> ".....the Germans: scientifically minded, industrious, stolid; .....the Italians: artistic, impulsive, passionate; .....the Irish: pugnacious, quick-tempered, witty; .....the English: sportsman= like, intelligent, conventional; .....the Americans: industrious, intelligent, materialistic, ambitious; .....the Turks: cruel, religious, treacherous; .....the Chinese: superstitious,sly, conservative."[231]

In die tussenstaatlike onderhandelingspraktyk is sommige leiers van huis uit beter toegerus vir tussen= staatlike onderhandelings[232], meer nog as hy 'n lang ondervinding oor die hantering van die wêreldpolitiek het. As gevolg van die dood van staatslui (Roosevelt - Truman) word sommige oornag in die internasionale arena gestoot, 'n atmosfeer waarvan tereg gesê kan word: "fools rush in where angels fear to tread."

Die sosiale vriendekring, gesinslewe en die huwelik[233], ouderdom, finansiële kapitaalkragtigheid en vele ander faktore soos selfs die fisiese voorkoms kan in die toenemende humanistiese maatskappy 'n rol speel in die ondersteuning wat die staatshoof van die bevolking geniet. Neustadt het Kennedy soos volg geskets:

> "His manners were impeccable, his charm impelling, but he kept his social life distinct from his official life and congressmen were rarely in his social circle."[234]

Dit, in teenstelling met Khrushchev, wat bekend was vir sy onbeskofte sosiale omgang. Intellektuele skerpheid is 'n belangrike gawe, maar waar dit ontbreek moet naakte organisatoriese magsanksie dikwels die status van die leiersamp in stand hou. Stalin moes met oor= heersende magsanimo vir intellektuele gebreke vergoed:

> "He was without originality in the intellectual and literary sense. He had no personal charm, no oratorical gifts."[235], aldus Kennan wat die verskil tussen Lenin en Stalin sprekend opgesom het:

> "Lenin was a man with no sense of inferiority. Wellborn, well-educated, endowed with a mind of formidable power and brilliance, he was devoid of the augularities of the social parvenu, and he felt himself a match for any man intellectually.

366/...

> He was spared that whole great burden of personal insecurity which rested so heavily on Stalin."[236]

Gedurende personderhoude - noodsaaklike euwel vir staatsleiers - is intellektuele skerpheid 'n goue gawe. By sodanige geleenthede was Kennedy die "witty computer",[237] terwyl Reston aantoon dat Franklin Roosevelt soms verregaande bombasties kon wees:

> "He once pinned a Nazi Iron Cross on John O'Donnell of The New York News during the Second World War and ordered Robert Post of The New York Times to put on a dunce cap and stand in the corner."[238]

Beïnvloedingsfaktore op die persoonlikheid van die staatsman is legio, maar hy bly per slot van rekening net 'n mens en daarom 'n religieuse persoonlikheid. Daarom kan sy optrede staatsintern en internasionaal teruggevoer word tot sy lewens- en wêreldbeskouing wat die ganse spektrum van sy handelinge bepalend bestryk.[239] Die unieke eie-aard van die staatsleier bepaal sy optrede in die kosmiese werklikheid, wat weer op sy beurt produk is van die religie wat op die hart beslag gelê het. Dit bring 'n grootse variasie van persoonlikheidseienskappe by die staatsleier mee, wat die gang van die wêreldpolitiek nie onaangetas gelaat het nie.

5.3.2 Persoonlikheidseienskappe

Die bindkrag van magsbeluste humanistiese egoïsme het van Hitler, Stalin en Mussolini doktrinêre magsveraf=goders sonder weerga gemaak. Die "Pax Hitleriana" was vir Toynbee:

> "a turning point not only in British history but in world history too."[240]

Want, het Adolf Hitler gesê:

> "Surely every man will have advisors by his side, but the decision will be made by one man."[241]

Hier is geen ewewig en harmonie van die landsbelang aan die orde nie - bloot die inpalming van persoonlike mag en prestige. Die ontredderde Joegoslaafse kommunis, Milovan Djilas, het Stalin op die pieke van sy mag soos

367/...

volg beskryf:

> "An ungainly dwarf of a man passed through gilded and marbled halls, and a path opened before him: radiant, admiring glances followed him, while the ears of courtiers strained to catch his every word. And he, sure of himself and his works, obviously paid no attention to all this. His country was in ruins, hungry and exhausted. But his armies and his marshals, heavy with fat and medals and drunk with vodka and victory, had already trampled half Europe underfoot, and he was convinced that they would trample over the other half in the next round. He knew that he was one of the most cruel and despotic figures in history. But this did not worry him a bit, for he was convinced that he was carrying out the will of history."[242]

Daar was pole verskil met die persoonlikheid van Musso= lini wat deur Wiskemann as 'n huigelagtige weifelaar aangetoon is:

> ".....a man of indecision and skepticism..... influenced.....by personal motives, by vanity, or a desire for revenge.[243]

Die goddelose persoonlike soeke na, en die verabsolute= ring van die religieuse humanistiese magsvoedingsbron - Stalin het by geleentheid gevra: "How many divisions has the Pope?"[244] - is aangehelp deur die weifelende, somtyds patetiese optrede van ander staatsleiers. In sy "Raleigh"-lesing het Bullock verklaar:

> "Hitler would never have got as near to success as he did if it had not been for the weakness, the divisions, the opportunism of the other governments, which allowed him to build up such power that he could not be prevented from conquering Europe without a major war."[245]

Vrede ten alle koste dui op 'n gebrek aan murg in die pype wat Stoneman by Anthony Eden en Chamberlain aan die man bring:

> "It was a mystery to me at the time, and it still is, how a man with the native common sense and experience of Anthony Eden,....., could take seriously any promises the Duce made....."[246], en

368/...

> "The way in which people like Neville Chamberlain..... continued to bargain with Hitler and Mussolini as they might bargain with decent and human people was a matter of amazement to countless people....."[247]

Die tragiese mistasting deur wêreldleierskap by Potsdam[248] val in dieselfde kader. Staatshoofde wat die dominerende mag van diktatoriale staatsleiers op tussenstaatlike kon= takvlak net nie kon kenter nie. Dié persoonlike swakhede het baie bygedra tot bloedvergieting in internasionale verhoudinge. Humanistiese opportuniste wat nie in staat is om die eise van die owerheidsamp waardig te wees nie; en 'n staatsburgery wat moet boet omdat hulle beginselankers by aktiewe kiesreg oorboord gegooi het.

Ook staatsintern kom die onvermoeënde weifeling voor. President Warren Harding het by geleentheid teenoor 'n vriend opgemerk:

> "I listen to one side and they seem right, and then,.....I talk to the other side and they seem just as right, and there I am where I started.....God, what a job."[249]

Daarteenoor het die demokrasie ook al onwrikbare dinamiese leiers opgelewer, leiers wat handel met die fleur van die krag van sy oortuiging, met geloof en visie, gepaar met 'n persoonlikheid wat die owerheidsamp waardig is. F.D. Roosevelt is gedra deur dinamiese selfvertroue:

> "At night, when I lay my head on my pillow..... and I think of the things that have come before me during the day, and the decisions I have made, I say to myself - well, I have done the best I could - and, I turn over and go to sleep",[250]

was sy getuienis teenoor 'n vriend. Tydens die Statebondskon= ferensie van Maart 1961 het dr. Verwoerd kaalkop en sonder huiwering Suid-Afrika se saak om voortgesette lidmaatskap teen 'n ooglopende vyandige mening gestel. Onder die beste leierskap wat die Statebond kon bied het hy uitgeblink, en op trotse wyse gestry vir die regte van sy vaderland.[251] Trouens sy waarskuwende slotgedagte:

> "Hierdie vrywillige vereniging van state kan nie hoop om voort te leef nie indien Premiers van die Statebond die gebruik om in mekaar se huishoudelike

369/...

> sake in te meng, voortsit, en indien hul vergaderings as geleenthede gebruik word om medelede aan te val in plaas van hulle te wy aan samewerking i.v.m. sake van gemeenskap= like belang."[252]

het ongetwyfeld tussenstaatlike visie gedra. Met ooreenstemmende durf het Kennedy tydens die Kubaanse Projektielkrisis[253], De Gaulle en Adenauer na die Tweede Wêreldoorlog, De Valera in Ierland, Mao in Rooi Sjina, Peron in Argentinië en Banda in Malawi hulle vaderlande met onderskeiding gedien.

Die wêreldpolitiek ken ook die idealistiese staatsleiers - internasionale moraalbewakers wat op die golf van menseregte die wêreldpolitiek wil vrywaar van oorlog. Woodrow Wilson was hier die groot apologeet - die verkondiger van: "peace without victory."[254] Met ver= wysing na die beginsels van vryheid, vrede en gelykheid, verklaar hy op 8 Januarie 1918 aan die Amerikaanse Kongres:

> "The moral climax of this, the culminating and final war for human liberty, has come, and they are ready to put their own strength, their own highest purpose, their own integrity and devotion, to the test."[255]

Op dié onrealistiese idealisme het Clemenceau soos volg gereageer:

> "Never before had a political assembly heard so fine a sermon on what human beings might do if they were not human.....As he is certainly sincere, he could not keep from dealing with the problem of Europe in flames, but, his gaze lost in the abyss of the ages, he projects himself, in one magnificent rush, into realms beyond time and space, there to hover in the void far above the things that are so inferior as to exist."[256]

Met gepaste begrip het Clemenceau - die idealistiese newels, onwerklik aan die wêreldpolitiek, aan die kaak gestel. Daarteenoor is daar die realiste, 'n weinig minder totalitêr as die diktators, maar wat tog die harde werklikhede van internasionale verhoudinge begryp

en daarvolgens handel.

> "When we judge it necessary to go to war, we shall go to war, with or without your blessing."[257], het Bismarck verklaar na die eensydige anneksasie van Sleeswyk-Holstein deur Denemarke. Ongelukkig word die magskonsep gewoonlik verabsoluteer deur die realiste, maar oor die geheel het hulle tog 'n groter bydrae gelewer tot die opbou van orde in internasionale verhoudinge as die idealiste. Met dien verstande dat hulle soos Bismarck - in teen= stelling met Hitler[258] - die grense van hulle gesags= bevoegdhede ken en gehoorsaam.

Internasionale rewolusionêre leierskap is baie eeue oud - Atilla, Khan, Garibaldi, Robespierre en Marat - maar is in sonderheid produk van die twintigste eeu. Die leiers staan gewoonlik aan die spits van 'n rewolusionêre ideologie, wat hulle met militante aktivisme oor nasionale grense heen wil dra. Hulle is besiel met 'n internasionale ideologiese passie en "wanderlust" wat nie langer 'n staatkundige ideaal beliggaam nie, maar 'n rewolusionêre doktrine verteen= woordig. Aangaande Trotsky se drange het sy vrou teenoor Eastman opgemerk:

> "Nothing, absolutely nothing, not even a disgraceful death - would swerve him from the path of his ojective duty to the revolution."[259]

Voor sy vertrek na Bolivië poneer Guevara sy rewolusio= nêre credo:

> "Wherever death may surprise us, let it be welcome, provided that this, our battle cry, may have reached some receptive ear, and another hand may be extended to wield our weapons, and other men be ready to intone the funeral dirge with the staccato chant of the machinegun and new battle cries of war and victory."[260]

By geleentheid van sy ontvangs van die Nobelprys vir Vrede het Albert Luthuli op 11 Desember 1961 in Oslo gesê:

> "Perhaps, by your standards, our surge to revolutionary reforms is late,....."[261] , en later
> "Whatever may be the future of our freedom efforts, our cause is the cause of the liberation of people who are denied freedom. Only on this basis can the peace of Africa and the world be firmly founded."[262]

Hierdie politieke leiers (gewoonlik nie staatsleiers nie) kan uitgebrei word tot 'n indrukwekkende lys wat name soos Mao Tse-toeng, Debray, Rudi Dutschke, Yassar Arafat, Neto, Machel, Mondlane, Roberto, Arbenz, Marighella, De la Puente en vele andere insluit. Ofskoon rewolusionêre oorlogvoering later meer volledig bespreek word, moet gemeld word dat hierdie leierskap wortelskiet en ontkiem in al die vertakkinge van die humanistiese opportunisme. Dit verteenwoordig geen nasionale roepingsbesef nie, maar eerder 'n ideologiese heroïese martelaarskap in diens van een of ander vorm - in meerdere of mindere mate - van internasionalisme. Van genormeerde staatsleiding is hier daarom geen sprake nie - dit kom alleenlik tereg in 'n veelheid van nasionale state, waar die verhouding tussen die staats= leier en die volk wat hy gesagdraend dien van kardinale belang is.

5.4 Man van die Volk

Op die dag van dr. Verwoerd se begrafnis was daar 'n naamlose artikel in 'n Engelse koerant:

> "Kap sy gelaat hoog in die Drakensberge uit 'n krans, groots en sterk, sodat mense dit myle, myle ver kan sien, want sy gelyke kry ons nimmermeer."[263]

Treffende huldesimboliek aan 'n staatsleier wat deur nasionale diensbaarheid bo kulturele verskille kon uitstyg. Dit herinner sterk aan die opmerking van 'n politieke teenstander van die Amerikaanse politikus, Henry Clay, uit die vorige eeu:

> "I don't like Henry Clay. He is a bad man, an imposter, a creator of wicked schemes, but by God, I love him."[264]

Veel anders is die verhaal van Louis Botha, eertydse Boeregeneraal, wat spoedig 'n verbroederings- en versoeningsbeleid teenoor die eertydse vyand gevolg het. Na die oorhandiging van die Cullinan-diamant aan die Britse Kroon het die Britse koerante mekaar oortref in hulle hosannas aan die Transvaalse Premier. Die Daily Telegraph het berig:

> "So magnificent a compliment,.....so absolutely unlooked for, belongs to the great compliments of history."[265] (onderstreep L.D.B.)

Maar in Suid-Afrika skrywe die Kaapse staatsman, Merriman, kenmerkend van sy fyn humorsin, aan M.T. Steyn:

> "It looks like the citizens of a beleagured city who are sparing, but throw loaves of bread over the wall to show how plentiful the supplies are."[266]

So is die onontbeerlike band van begrip en vertroue tussen Botha en sy volk deurgeknip. Die beroemde Nederlandse staatsman, Abraham Kuyper, het dié ontrafeling van nasio= nale diensbaarheid en roepingsbesef reeds in 1902 ingesien as hy skrywe:

> "Reeds toen in 1902 Botha, de Wet en Fischer op mijn kamer saam de belangen van Zuid-Afrika bespraken, was het aldoor te merken, hoe Botha vrij scherp tegen generaal de Wet overstond. Sinds is Botha al verder van zijn verleden afgegaan, huwde een Engelsche vrouw, wijzigde zijn sympatieën, en is nu ten leste de man ge= worden, die mogelijk voor altoos de laaste vonk van hoop op Zuid-Afrika's herleven heeft gebluscht. Dat het zover met hem komen zou, had ik zelf in 1902 nooit durven denken. Toch verloor hij. Niet hij toch, maar de Wet blijft de heros der historie. Smuts is Botha's kwade genius geweest."[267] (onderstreep L.D.B.)

Eweseer is die geval by Smuts. Want, watter afstand skei die skrywer van *Een Eeuw van Onrecht*[268], nie van dié Smuts wat sy holisme in die raadsale van die wêreld uitge= leef het nie.[269] Baie het regverdiging daarin gesoek dat Suid-Afrika te klein was vir die ideale van Jan Smuts[270],

373/...

en dat hy sy verstandelike gawes nie op die onbeduidende Boerevolkie moes verspil nie. En tog word vertel dat Clemenceau met verwysing na die briljante intellek van Poincaré sou gesê het:

> "One should never put a man whose heart is crammed with files in charge of a country. It's too dangerous."[271]

Internasionale dienslewering kan geen staatsleier misken word nie, maar dit moet kom nadat hy nasionale vertroueling geword het. Anders is hy 'n burger van niemandsland - vredemaker en verlosser, maar sonder 'n tuiste. Smuts[272], soos Hertzog, het min menslike swakhede en simpatieë gehad. Laasgenoemde het egter, die sondegebrokenheid ten spyt, onvermoeid geywer aan die welvaart van sy mense. In 1939 het die liefde vir sy volk steeds voorrang geniet, en hieroor skrywe Swart:

> "Dit was in September 1939 dat Smuts en Genl. Hertzog se weë onherroeplik geskei het. Hier het Genl. Hertzog opnuut getoon dat sy land in alles nog steeds die eerste plek beklee het, en dat die woorde wat hy in 1912 by De Wildt uitgespreek het, nie maar 'n hol kreet om persoonlike aanhang was nie."[273]

Die natuurlike en begaafde staatsleier het feitlik sonder uitsondering onkreukbare navolgers en fanatiese vyande gehad. Oor Franklin Roosevelt is geskryf: "Few reacted neutrally to that man in the White House, he was loved or hated."[274]

Die staatsleier moet kontak hê, en die vertroue van die hele bevolking op korrekte manier en verhewe vlak geniet. President Truman het die probleem besef toe hy kort na die bewindsoorhandiging aan Eisenhower gesê het:

> "He'll sit here and he'll say, "Do this! Do that!" And nothing will happen. Poor Ike - it won't be a bit like the Army.[275]

Waar die staat fundeer op die swaardmag is effektiewe skakeling met militêre leiers (Lincoln en Grant; Bismarck en Moltke) van fundamentele belang. Magsvertroue tussen staatsleier en onderdaan is slegs moontlik as hy ook man van die volk is; en deur voorbeeld, integriteit en diensbaarheid die genormeerde mannekragpotensiaal ontsluit.

5.5 Samevatting

Op die graf van Willem die Swyger in Delft staan daar: "Resurrectum expectat Guilielmus Primus pater patriae" - (vader van die vaderland).[276] Die hoogste roeping van die staatsman is diens aan sy God, volk en vaderland met die hele hart.[277] Die gevleulde woorde van dr. Malan: "Glo in u God, glo in u volk, glo in uself.", is hier van toepassing.[278] Die bydrae van staatsleiers tot die welvaart van state mag nooit humanisties-individualisties verabsoluteer word nie, maar sonder karaktervaste en dinamiese leierskap van staatshoofde is state herderloos - sonder 'n stuurman in die storms van die wêreldpolitiek.

6 DIE ROL VAN DIPLOMASIE IN DIE MAGSWISSELING TUSSEN STATE

6.1 Inleiding

Diplomasie - wat ons voorlopig kan omskryf as die kuns van onderlinge verkeer tussen state;[279] is vir Morgenthau: "the brains of national power."[280] Schwarzenberger en Wakelin sien in diplomasie een van die hoofmomente waaraan 'n staat se invloed in internasionale verhoudinge getoets kan word.[281] Deur die eeue het dit egter duidelik geword dat die swaardmag as ultima ratio regioni steeds die onderhandelingspraktyk moet borg indien daar gunstige resultate verwag word. Kissinger, die superster van diplomasie in die twintigste eeu, skrywe: "But to other nations, a state is a force to be balanced."[282] Elders is hy baie meer uitgesproke oor die direkte magskoppeling tussen diplomasie en internasionale verhoudinge.[283]

Kommunikasie tussen state is van oudsher af beskou as 'n metode van oorlogsvoorkoming[284], maar juis die groei van die onderlinge tussenstaatlike verhoudingsproses - kontak langs 'n breër spektrum van state se werklikheidser= varing - het die eensydige toespitsing van diplomasie tot oorlogsvoorkoming verander. Diplomasie verskil bowendien van oorlog daarin dat dit nie rus op die swaardmagfondament nie. In *De Falsa Legationi* het Demosthenes dit reeds ingesien as hy vir Aeschinus aankla met die woorde:

375/...

"Ambassadors have no battleships at their disposal, or heavy infantry, or fortresses; their weapons are words and opportunities."[285]

Hieruit moet ons konkludeer dat diplomasie die ganse spektrum van interstaatlike kontak bestryk en as sulks die magsvermoë van state ten nouste raak. Voordat dit ontleed word eers 'n blik op die historiese ontwikkelings= proses.

6.2 Historiese Groeiproses

6.2.1 Inleiding

Onderlinge diplomatieke onderhandelinge bestaan reeds by die eerste strukturele vormgewing aan staatkundige entiteite. Reeds 3000 v.C. word verdrae opgestel as die koning van Kish as arbiter optree tydens 'n ooreen= koms tussen die konings van Lagash en Umma.[286] In die Ou Testament is genormeerde betrekkinge ook kenbaar, en wel in die verwikkelinge tussen 'n gesantskap van Koning Dawid en Hanun, koning van die Ammoniete. Hier was 'n duidelike skending van die tussenstaatlike onder= handelingspraktyk en in 'n oorlog wat daarop volg neem Dawid weerwraak.[287]

Tussen die nomadiese stamme en die Sumeriers; die Ryk van Babilon; die Majas in die Karibbiese eilande en die vestigings aan die walle van die Indus-, Ganges-, Geel- en Jangsteriviere is daar ook voorbeelde van wedersydse verhoudings.[288] Reeds is die eerste be= ginsels van wedersydse respek en eerbied kenbaar - maar die diplomasie word meer betekenisvol in die Griekse tydperk.

6.2.2 Die Grieke

Die Griekse stadstate, Sparta en Athene, bou in hulle onderlinge verhoudinge enkele eeue voor Christus voort aan 'n tussenstaatlike kommunikasiestruktuur.[289] Die talle oorloë en epogmakende konflikte dwing die nood= saaklikheid van die diplomasie op die voorgrond. Aanvaarde beginsels vir oorlogsverklarings, vredeslui= tings, ratifikasie van verdrae, arbitrasie, neutraliteit,

uitruil van ambassadeurs, naturalisasie, asiel en die behandeling van vreemdelinge word aanvaar.

Oor die algemeen gaan die diplomatieke ideës egter mank aan internasionale kontak en moraliteit. Nicolson stateer:

> "Being the amazingly clever people they ascribed a wrong value to ingeniuty and strategem, thereby destroying the basis of all sound negotiation, which is confidence. They were moreover tactless and garrulous; they lacked all sense of occasion; and they were woefully indiscreet."[290]

Oorlog is aan die orde van die dag soos Thucydides in *The History of the Peloponnesian War* skryf:

> "Never had so many cities been taken and laid desolate,.....; never was there so much banishment and bloodshed, now in battle, now in the strife of faction."[291]

In 'n tussenstaatlike atmosfeer deurdrenk met swaard= magaksie dra ook die diplomasie 'n immorele gewaad; die Grieke ken slegs hulleself en "barbare" en dus nie 'n onderhandelingspraktyk tussen eweknieë in pariteit nie, maar die van heerser en onderdaan. 'n Stroming wat nog beter kenbaar is by Rome.

6.2.3 Die Romeine

Die diplomasie van die Pax Romana word gedra deur bombastiese dominasie en staan in die teken van: "Old, unhappy, far-off things, and battles long ago."[292] Weliswaar sou die Romeinse regsgenie die ius gentium (reg van die nasies) konsipieer, wat egter nooit as volkereg gekodifiseer is nie, maar bloot 'n uitbreiding van die Romeinse reg was om aan die nie-Romeinse minderes ook 'n regsbedeling te gee en te onderskei van die barbare wat onder die beslag van die Roomse swaardmag kom.[293] 'n Beter begrip van organisasie, orde en reëlmaat stel die Romeine in staat om sekere verbeterings in die diplomasie aan te bring. Diplomatieke immuniteite en die onskendbaarheid van die amp van die ambassadeur is van die grootste verdienstes van die Romeinse diplomatieke omgang.[294]

377/...

Veel verdienste word egter verknoei deur die staat= kundige heerserswil. Rome bring reëlmaat in diploma= tieke omgang, maar dit bly grootliks beperk tot teoretiese besinning. In werklikheid word die insigte verdonkermaan deur die onbelemmerde swaardmagheerskappy van die legioene van Rome. As daar in die militêre sfeer geen konkurrensie meer is nie, is daar ook by die diplomatieke betrekkingegeen wedersydse erkenning van lewensbelange te bespeur nie. Erkenning van die onmisbare ondersteuningsfunksie van die swaardmag tot respek en pariteit in die tussenstaatlike onderhande= lingspraktyk. Die Romeinse diplomaat word gesanksioneer deur die swaard van Rome (wat geen gelyke het nie) en hiervoor moet die edelste en mees morele tussenstaatlike waardes die wyk neem.[295] As die Pax Romana verbrokkel voor die aanslag van plunderende barbare, word die weg gebaan vir die Middeleeue, waaruit die Italiaanse stadstate, met 'n eie diplomasie te voorskyn sou tree.

6.2.4 Die Italiaanse Stelsel

Die "internasionale politiek" word in die Middeleeue nie langer oordonder deur die rysige struktuur van Rome nie, maar die Bisantyne dra nou botsende ambisies, nasionale sekuriteit, konsiliasie met vyande en die verwerwing van bondgenote die tussenstaatlike binne.[296] Diplomate word spesiaal opgelei en seremonie en protokol word algaande meer belangrik.[297] Die Venesiërs bou voort op die oppervlakkige gepoleerde diplomasie alhoewel dubbelslagtigheid en agterdog kenmerkend is van die era. Bowendien was Venesië oortuig dat spioenasie die hoofdoel van die diplomasie is; agterdog wat die vertroue geskaad het.[298] Dit is die tyd waarin Machiavelli se *Prins* (1513) verskyn wat later diepgaande invloed sou uitoefen. Die vernaamste werk oor die diplomasie van die tyd is Claviere se *La Diplomatie au temps de Machiavel* waarin die kuns van onderhandeling noukeurig uiteengesit word.[299] Alhoewel die stelsel gekenmerk is deur agterbaksheid[300], het dit tog die diplomatieke praktyk baie bevorder.

378/...

6.2.5 Van die Franse Stelsel tot die Eerste Wêreldoorlog

Te midde van strukturele staatkundige veranderinge op die Europese vasteland gedurende die sewentiende eeu, verrys in Frankryk die eerste vorme van verhewe diplomasie - kontinu - berustend op kennis en ervaring met realisme ten opsigte van bestaande mags= konstellasies. Die handhawing van die behoudende is in 'n groot mate die werk van Grotius, die befaamde juris, en De Richelieu, staatsman van internasionale portuur.[301] Laasgenoemde wil selfs met die duiwel 'n alliansie in staatsbelang aangaan - vir hom is staatsbelang die allesoorheersende. Hy begin om die ad hoc-diplomasie met permanente instellings te vervang. Verdrae word met groot noukeurigheid opgestel en moes ook stiptelik nagekom word.

Op die beginsels van Richelieu bou Mazarin voort. De Calliéres, ervare beroepsdiplomaat, glo dat die diplomasie geen bedrog mag huisves nie.[302] Hy beskou vertroue en goeie trou (prisca fides) as onontbeerlik. In sy werk *De la maniére de négociér avec les Souverains* (1716) verklaar hy

> "Honesty is here and everywhere the best policy; a lie always leaves behind it a drop of poison and even the most brilliant diplomatic success gained by trickery, rests on an insecure foundation since it awakens in the defeated party a sense of irritation, a desire for vengeance, and a hatred which must remain a menace to his foe."[303]

Die Franse stelsel, met alles wat dit impliseer, kom waarskynlik baie na aan die strukturele gelykwaardigheid van state. Die toepassing is egter verhinder deur die voortdurende politieke stryd om magsewewig.

Die grootste sukses van die tradisionele diplomasie was waarskynlik die sogenaamde: "waltzing congress of Vienna.", in 1815.[304] Die diplomatieke dramas waarin Metternich, Castlereagh en Talleyrand die hoof= rol gespeel het, was verantwoordelik vir een van die langste tydperke van "vrede" in die Westerse geskiedenis.[305] Deelnemers aan die Kongres was gematig in hulle eise, en

379/...

behalwe vir die opmerking van Metternich nadat hy van die dood van die Russiese ambassadeur in Wene verneem het:

> "Ah, is that true? What may have been his motive?"[306], vry van meedoënlose ideologiese gerigtheid. Kissinger het daarop getoon dat internasio= nale diplomatieke samesprekinge nooit absolute sekuriteit kan waarborg nie:

> "Since absolute security for one power means absolute insecurity for all others, it is obtainable only through conquest, never as part of a legitimate settlement. An international settlement which is accepted and not imposed will therefore always appear somewhat unjust to anyone of its components. Paradoxically, the generality of this dissatisfaction is a conditon of stability, because were any one power totally satisfied, all others would have to be totally dissatisfied and a revolutionary situation would ensue. The foundation of a stable order is a relative security - and therefore the relative insecurity - of its members. Its stability reflects, not the absence of unsatisfied claims, but the absence of a grievance of such magnitude that redress will be sought in overturning the settlement rather than through an adjustment within its framework."[307]

Baie van die sukses by Wene was geleë in die vertrouens= posisie van die onderhandelinge. Samesprekings het agter geslote deure plaasgevind - ongehinderd deur die druk en inhibisies van voortdurende openbaarmaking en konstante publisiteit.[308] Die tradisionele diplomasie het deur goeie trou gepoog om begrip te bevorder. Talleyrand het twee maande voor sy dood in Maart 1838 voor die Franse Akademie gesê:

> ".....they may prove insufficient if good faith does not give them the guarantee that they almost always need."[309]

Die konsep verval egter in onguns by die liberale optimisme van die twintigste eeu wat 'n openbare platform-diplomasie ontwerp.

380/...

6.2.6 Die Moderne Diplomasie

Die vernaamste spreekbuis van die "moderne" diplomasie was Woodrow Wilson[310], wat in die eerste van sy beroemde "Veertien Punte" by die Kongres van Versailles (1919) verklaar het:

> "Open convenants of peace, openly arrived at, after which there shall be no private international understandings of any kind, but diplomacy shall proceed always frankly and in the public view."[311]

Vir die diplomatieke moderniste was die staatsbelange in die kommunikasiesfeer veiliger in die hande van die burgery as in die van opgeleide vakmanne. Weg is die gerespekteerde diplomaat wat op verhewe en vertroulike wyse die beste vir sy land soek. Dit moes plek maak vir openbare seepkisorators wat by die na-oorlogse samedromming van volke by konferensietafels politieke gewin soek.[312] Gerespekteerde en opgeleide diplomate word vervang met laventelhaantjies wat dreunlyf van die een fuifparty na die ander op pad is - dikwels ongeskoold en onbekommerd oor die eise van die wêreldpolitiek en die behoeftes van sy vaderland.[313] Dit kon ook nie anders nie, want die sosiale oorwoekering van die diplomasie by die V.V.O. het reeds by Jalta begin soos Sparks in treffende trant aantoon:

> "Stalin did a little dance, which must have been something to see. Roosevelt roared with laughter at the slightest quip, including his own. And Churchill admitted that his own head swam. That night the Big Tree exchanged 24 individual toasts in the Kremlin's best vodka! So.....the U.N. was born in booze and has been wallowing along steadily ever since on a sea of alcohol."[314]

Nou was die diplomasie: ".....dramatic and extremely interesting to the onlooker....."[315], al meer en meer die prooi van openbaarmaking. Oorreding en kompromieë word al skaarser en die onderhandelaars spits hulle eerder toe op die toehoorders as op die ander diplomate; buitendien maak die moderne massakommunikasie onderhandelaars nog versigtiger vir neerlae voor die beeldradio, radio of die pers.[316] Die benadering gee

381/...

aanleiding tot konferensietafeldiplomasie waar die gekwetter in die wandelgange, kroeë en die konferensie=saal self as die ware diplomatieke betrekkinge voorgehou word. Hieruit vloei meer agterbaksheid, leuens, politieke gewin en valsheid voort as wat Woodrow Wilson kon voor=sien of wat Machiavelli sou kon goedpraat. Ophitsings=toesprake, emosionele vertoon en uitbarstings[317], dreigemente, blokvorming, gemanipuleerde toejuigings en uitstappery is alledaags in hierdie karikatuur van die diplomasie. 'n Probleem wat na die V.V.O. verwys is word ten aanskoue van al die afgevaardigdes uitge=spook - 'n status quo wat kwalik die onderhandelings=praktyk kan bevorder. Verskille word nie goedskiks in die minne afgehandel nie, maar is onderhewig aan die drifte en belange van die groot moondhede (vetoreg in die Veiligheidsraad). 'n Atmosfeer waarin dit net afhang wie jou vriende in die wêreldpolitiek is.[318]

Hiermee word die potensiële positiewe arbeid van die V.V.O. nie misken nie - daar moet egter 'n bewuste internasionale verantwoordelikheid en gemeenskaplike roepingsbewustheid by die statery bestaan. Diplomasie by internasionale organisasies mag nooit bydra tot die smeltkroes van nasionale kulture nie. Die moderne diplomasie is bowendien 'n hartstogtelike terugkeer na die leer van die volksoewereiniteit waardeur die humanistiese volksverabsolutering die owerheidsgesag - ook in die noodsaaklike kontak met ander state - ondergrawe. Gerespekteerde verteenwoordiging op ambassadeursvlak bly die ideaal. Daar is sekere intieme magasyne van die buitelandse beleid waarvan Jan Publiek nie kennis hoef te dra nie, want die humanistiese maat=skappy van ons dag is meer ingestel op materialistiese opportunisme as 'n langtermyn-belegging in nasionale belang. Die kentering teen Wilson se skepping het egter reeds ingetree, en die platform-diplomasie word heden=daags meer en meer vervang met spitsberade deur vakmanne van die wêreldpolitiek.

6.3 Diplomasie in die Kerneeu

Die koms van kernwapens plaas die tussenstaatlike onderhandlingspraktyk in 'n nuwe dimensie.[319] Sedert

382/...

die Tweede Wêreldoorlog word onweersones - die krisisse oor Iran, Griekeland, Berlyn, Korea, Suidoos-Asië, die Midde-Ooste, die Kongo en Kuba - spanningspieke in die beslissingsmomente van die verhoudings tussen state.[320] Formele kommunikasiekanale is dan gewoonlik te swak om die spoedeisende karakter van die krisis te hanteer. En die tradisionele stuurse administratiewe burokrasie onbe= voeg om die verhoogde intensiteit te absorbeer.

> "When a crisis occurs, it is then almost too late to educate those who have to make the decisions."[321]

, het Dean Rusk by geleentheid opgemerk. Tydens die Kubaanse Projektielkrisis het Kennedy en Khrushchev tien briewe - vyf elkeen - gewissel tussen 22 en 28 Oktober.[322] Bewus van die verwoestingskrag van kernwapens en met breekpunt spanning was die onderhande= lingsproses figuurlik op die dun punt van die lem. Kennedy het die toestand vergelyk met die atmosfeer in die somer van 1914, terwyl Khrushchev verklaar het: "..... the fuses of war had already been lighted."[323] Daarom word diplomatieke besluite tydens krisistye in die kerneeu só geneem dat die betrokke partye steeds keusevryheid besit om besluite te neem wat 'n katastrofe sal verhoed. Amerikaanse optrede teenoor die "Bucharest" en "Volkerfreund", twee skepe wat toegelaat is om deur die vlootblokkade om Kuba te gaan; en die Russiese optrede na die afskiet van 'n U-2 verkenningsvliegtuig van Amerika oor Russiese grondgebied, getuig daarvan.[324]

Die diplomasie word egter ook gedra deur ideologiese fanatisme. Die kommunisme ken geen kompromie tot die oplossing van verskille nie. Vir die kommunistiese diplomaat is daar geen emosies in die ordening van die wêreldpolitiek nie - alles is pure wetenskap en daarom moet die swakke skaamteloos ondergeploeg word.

> "Communist diplomacy, to accord with the processes of history, should always be on the offensive against them; the task of the Communist statesman is to make them yield to his demands, and if he cannot do that, to manifest a proper hostility towards them. Only under pressure of dire need should he ever make concessions to them; if he is in a position of

strength there can be no justification for compromises with the enemy."[325] ,verklaar Hudson.

Die meedoënlose bestendiging van ideologieë, in plaas van erkenning van, en uitbou van nasionale belange,maak van die diplomasie 'n magtige kanaal in antinormatiewe magsuitbouing. Geleidelik het die belangrikheid van spitsberade weer op die voorgrond getree.

6.3.1 Spitsberade

Geslaagde kontemporêre diplomasie word weer gevoer deur staatshoofde, ministers en beroepsdiplomate wat bygestaan word deur sendings van militêre en ander deskundige personeel. Roosevelt, Churchill en Stalin het hulle reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog geensins geheel en al op die talente van hulle diplomate verlaat nie.[326] In die jare daarna is spitsberade ook telkens aan die orde soos Nixon se besoeke aan Peking, Moskou en Europa getuig. Die metode impliseer nie die totale opset van die diplomasie nie[327], maar veel meer word bereik as net die onuitvoerbare bespiegelinge van die platformdiplomasie. Buitendien vereis die huidige wêreldpolitiek vakmanne met kennis van die magspolitieke konstellasies; waarvan die "suksesse" van Kissinger in Viëtnam en die Midde-Ooste die beste voorbeelde is.[328] Sodanige onderhandelings beteken die kentering - terug van die volksoewereiniteit en die televisievertoon na gerespekteerde verwagting - kontinu en berustend op onderlinge staatkundige goeie trou.

6.4 Diplomasie as Instrument van Staatkundige Beleid

Diplomasie en staatsbeleid is twee interafhanklike staatkundige komponente. Die beleid word bepaal deur die regering terwyl die diplomasie die uitvoering van daardie beleid ten opsigte van buitelandse sake is.[329] Die basiese funksies van die diplomasie kan onderverdeel word in verteenwoordiging (simboliese, konstitusionele, en politieke verteenwoordiging), onderhandeling, waarneming, verslaggewing en laastens die beskerming van die staat in internasionale verhoudinge.[330]

Die taakstelling van die diplomasie val volgens Morgenthau

384/...

vierledig uiteen. Eerstens moet daar sekere doelstellings nagestreef word, maar indien die staat nie oor die middele beskik om dit te verwesenlik nie, moet hy ondergaan. Die korrekte balans tussen doelstellings en mag moet derhalwe gehandhaaf word. Voorts moet die diplomasie 'n evaluering van die doelstellings en mag van ander state maak en dit verreken in die lig van eie doelstellings en mag. Derdens is die taak van die diplomasie daarin geleë om belange= botsings te versoen en laastens moet dit oorreding, kompro= mie en selfs geweld gebruik om verskille uit die weg te ruim.[331] Die aard van die kontemporêre wêreldpolitiek het baie daartoe bygedra om die skouspelagtige rol wat die diplomasie gespeel het te laat verval. As dinamiese tussenstaatlike strukturele kunsvorm - roepingsbewust= heid by staatkundige beleid - en openbare arm van die diepte van staatkundige stabiliteit en mag - het dit in die Koue Oorlog veel van sy waarde verloor. Die wêreld ken vandag geen oorreding of kompromie meer nie, slegs oorwinning en neerlaag. Die toekomstige ontwikkeling sal egter van kardinale belang wees.

6.5 Toekomsprobleme van die Diplomasie

In die huidige wêreldtoestand met sy Koue Oorlog en dreigende onweersones, snel veranderende invloedsfere, potensiële nuwe alliansies, die opkoms van eertydse koloniale gebiede, neutraliteit van sekere state, die veranderende rol van die V.V.O. en laastens die koms van supermoondhede het die karakter van die diplomasie ingrypend verander.[332] Van kompromie en buigbare standpunte kan daar in dié milieu geen sprake wees nie - veel eerder die koue ongenaakbare benadering - ooreen= komstig die optrede van 'n generaal tydens 'n veldslag. Die supermoondhede ken geen gelykes langs hulle nie; gemeet aan internasionale magsbedingingskapasiteit, en daarom geen erkenning van, en insig in, alle state se afsonderlike lewensbelange nie.[333] Die belange van die kleiner state word resloos vermorsel deur die "Grotes" en laasgenoemde se diplomate is die onoorwinlike veldhere wat die ander state se diplomate soos robotagtige pionne na hulle pype laat dans. Die Franse wenner van die Nobelprys vir Vrede, Louis Renault, het sestig jaar gelede

reeds verklaar:

> "Small states often represented justice, precisely because they are not able to impose injustice."[334]

Julius Nyerere het by geleentheid gesê:

> "When elephants fight, the grass suffers.", waarop Lee Kuan Yew van Singapoer satiries geantwoord het:
>
> "When elephants make love, the grass suffers even more."[335]

Hier speel die moed van die oortuiging geen rol meer nie, want in die lig van verwoestende swaardmagkapasiteit moet die "kleineres" ja en amen sê, al skaaf dit teen die grein van internasionale aanvaarde etiese en morele gedragskodes.

Juis in dié kader lê die geweldige probleem van Rooi Sjina vandag. As die staat sy massale miljoene met tegnologiese ontwikkeling en kernslaankrag kan paar, is dit nie uitgesluit dat Peking die alleenpotentaat van die wêreldpolitiek kan word nie. Dan sal alle diplomasie totaal oorbodig wees, want in die uitoefening van brutale diktatoriale wêreldheerskappy sal die Rooi Sjinese beslis geen diplomatieke onderhandelingsanksie van ander state erlang nie.

Diplomasie sal in die toekoms ook die nadelige invloed van openbaarmaking en publisiteit die hoof moet bied. Dit vereis slegs gesonde begrip waarom onderhandelings wat in die openbaar plaasvind, geen goeie vrugte kan lewer nie.[336] Diplomatieke onderhandelinge gaan dan gepaard met bittere stryd, botsings en emosionele uitbarstings. Geskied dit voor die oë van die ganse wêreld kan dit onherstelbare skade aan die status, prestige en mag van 'n land doen.[337] Woodrow Wilson se skepping was tot mislukking gedoem nog voordat dit van stapel gestuur is.

In die toekoms sal die diplomasie ook moet waak teen die euwel van meerderheidsbeslissings. Die internasionale stategemeenskap berus nie op dieselfde strukturele basis as die binnestaatlike staatstruktuur nie, en daarom is die parlementêre meerderheidsbeginsel hier totaal wars

386/...

van die werklikheid. Dit bring stemwerwery en neo-imperialisme by die V.V.O., en elders, omdat die supermoondhede op ondersteuning en stemme (humanistiese rewolusionêre demokrasie) aanspraak maak. Saam daarmee gee dit 'n magsvermoë aan die kleiner state wat hulle vanweë die politieke puberteitsfase nie kan hanteer nie.

Die diplomasie sal ook die sogenaamde "kruistog" gees moet aflê. Die meedoënlose en militante deurvoering van tussenstaatlike normatiewe visioene en doktrines bemoeilik die diplomasie, omdat die "ware ideologie" nooit verraai mag word nie. In die verband verwys Morgenthau na die woorde van Sumner:

> "If you want a war, nourish a doctrine. Doctrines are the most frightful tyrants to which men ever are subject, because doctrines get inside of a man's own reason and betray him against himself."[338]

Diplomatieke doelstellings moet saamval met nasionale belange en veiligheid. Daar moet internasionale konsensus wees, inskiklikheid en begrip van alle nasionale standpunte is van kardinale belang vir die diplomasie.

6.6 Oriëntering

In die ongenaakbare werklikheid van internasionale ver=houdinge kan geen staat in volkome isolasie bestaan nie. 'n Diplomatieke vakuum is dus vir geen staat moontlik nie en die verantwoordelike owerheid dra sorg dat hy inter=nasionale kontak, kommunikasie en diplomasie eerbaar en korrek in stand hou. Dat hy op verantwoordelike wyse deur kontak en dialoog die belange van sy staat na beste genormeerd bevorder. Hierin moet die owerheid ook sorg dra dat hy die beskawingsontwikkeling en konsensus van sy volk nie verkrag nie.

> "A statesman who too far outruns the experience of his people will not be able to sell his program at home; witness Wilson. A statesman who limits his policy to the experience of his people will doom himself to sterility; witness French policy since World War I.", soos Kissinger die verhouding staatsman, diplomaat en burgery skets.[339]

Kortom, diplomasie is in die eeu van toenemende kommunikasie, dialoog en kontak van kardinale belang vir die staat wat sy magspotensiaal na behore wil ont= plooi.

7 SLOTGEDAGTE

Die owerheid en staatsburgery is beklee met die verleende bevoegdheid om die subjektiewe magsbronne van die staat te objektiveer tot werklike steunpilare van mag. Dit is hulle wat met die "talente" moet woeker en die uitbouende staat= kundige ontsluitingsproses moet volbring. Die magsvermoë van elke staat moet ten beste geëksploiteer word - geen talente mag begrawe word nie. Dit mag egter ook nie op die tussenstaatlike terrein tot agressie en imperialisme lei nie. Verder moet die owerheid sorg dra dat hy die soewereine lewensfere gehoorsaam, en kan daar sodoende die volle magspotensiaal van elke staatsterritoium in ewewig en harmonie gepositiveer word tot ruimste vredesdoelmatigheid in internasionale verhoudinge.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK V

1. Vgl. Organski, K., en A.F.K., Population and World Power, Knopf, New York, 1961, pp.3-4. "Population is.....a nation's greatest resource.....what greater asset can a nation have than a multitude of able-bodied citizens, ready to stoke its furnaces, work its mines, run its machinery, harvest its crops, build its cities, raise its children, produce its art, and provide the vast array of goods and services that make a nation prosperous and content? On the other hand, what greater liability can a nation have than a mass of surplus people, living in hunger and poverty, scratching at tiny plots of land whose produce will not feed them all, swarming into cities where there are no more jobs, living in huts or dying in the street, sitting in apathy or smouldering with discontent, and even begetting more children to share their misery? The relationship between numbers and wealth and power is not simple, but surely it is significant."
2. Vgl. Organski, A.F.K., Effective Population as a Source of International Power, in Barratt, J., Louw, M.H.H., International Aspects of Overpopulation, Macmillan, London, 1972, p.161; Pearcy. G.E., (red.) Op.cit., p.43, et seq.; Carlson, L., Op.cit., pp.40-54; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit.,p.44; Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.351. "Political demography is the science relating population to politics and to the state. As a discipline of international relations it is the science relating the world's population to world politics, and the art of employing population and migration controls, and eugenics in world politics."
3. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., p.293; Padelford, N.J., Population and World Politics, in Military Aspects of World Political Geography, Op.cit., p.176. "The size and characteristics of a nation's population determine in considerable part the power which it can exercise in

international relations."

4. Aangehaal in Hartley, S.F., Population: Quantity vs. Quality, Prentice-Hall, New Jersey, 1972, p.13.

5. Vgl. in die besonder navorsing in Weyl, N., Possony, S.T., The Geography of Intellect, Henry Regnery Company, Chicago, 1963. Vgl. byvoorbeeld die invloed van die geboortemaand op die intellektuele vermoë van staatsleiers, pp.51-53.

6. Vgl. Malan, D.G., Die Blywende Waarde van Calvyn vir Ons Tyd, Die Gereformeerde Vaandel, Deel V, nr. 3, Maart 1937, p.68; Strauss, H.J., Die Afrikaner se Roeping in Wêreld= verband - Volk - en Staatkundig Besien, Die Taalgenoot, November 1966, p.15. "In die geestesrykdomme van sy na= sionale lewe openbaar die Afrikanerdom hom dus aan die wêreld as 'n volk wat gebore is - en voortleef - uit Pro= testants-Christelike geesteskrag; die enigste ware re= ligieuse bind- en dryfkrag van die mensheid se eeue-ge= skiedenis."

7. Behavioralistiese teorieë van die wêreldpolitiek is deur verskeie faktore gestimuleer. Vgl. Easton, D., The Politi= cal System, Op.cit., p.47. "One is inclined to reply with perhaps some exaggeration: The American political scientist is born free, but is everywhere in chains, tied to a hyperfactual past."; Easton, D., A Systems Analysis of Political Life, John Wiley and Sons, New York 1965, p.5. ".....it has become transparently clear that political theory is not, need not be and ought not to be, a monolithic subject confined exclusively to moral and philosophical inquiry."; Izaak, A.C., Scope and Method of Political Science, Op.cit., p.38. "This then is a turning point in political science. The institutionalist studies struc= tures, powers and responsibilities; the behavioralist; attitudes, personalities and physical activity. Behavio= ralism and individualism seem to go hand in hand."

8. Vgl. Eulau, H., The Behavioral Persuasion in Politics, Random House, New York, 1967, p.5;verder die standpunt van Strauss in Eksteen, M.C., Die Wetenskap van"Politieke Ge= drag" in Perspektief (Getoets aan die Protestantse Grond=

motief.), Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 40, Februarie 1974, pp.68-69. "Die relativisme van die humanisme ont= neem aan die mens alle beginselankers. Om hom in 'n koers te stuur, kan jy dus nie meer op so iets soos oor= tuigings appelleer nie - slegs op reaksies. So degenereer die humanistiese samelewing tot die peil van 'n versameling prikkel-reaktors."

9. Vgl. Easton, D., The Political System, Op.cit., p.157. "Policy is to be understood in the light of the kind of people who act in political life, not as a result of the kind of institutions or structures through which they act". Struktuuranalise is dus hier op die uitvaart; slegs die menslike individu is aan die orde.

10. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Op.cit., p.50. "Foreign policy is not made by electronic computers; it is formu= lated by men who lack mathematical precision but who do possess judgement." (logies - in die norme wat geld vir menslike verhoudinge, is geen matematiese presiesheid aan te toon nie.)

11. Vgl. Waltz, K.N., Foreign Policy and Democratic Politics, Op.cit., pp.36-62.

12. Vgl. Black, J.E., Thompson, K.W., Foreign Policies in a World of Change, Harper and Row, New York, 1963, p.20.

13. Vgl. De Rivera, J.H., The Psychological Dimension of For= eign Policy, Merrill Publishing Company, Columbus, 1968, pp.245-246; Brzezinski, Z., Purpose and Planning in For= eign Policy, in Hancock, M.D., Rustow, D.A., (reds.) Op.cit., pp.91-109.

14. Vgl. Iklé, C.F., How Nations Negotiate, Harper and Row, New York, 1964, p.IX. ".....in the nuclear age, when a single battle can bring total disaster, negotiation has acquired the nimbus of salvation that will protect the world from destruction and eventually deliver it from the terrible engines of war. But negotiation is only an instrument; it can be used on the side of the angels as well as by the forces of darkness."; Géraud, A., Diplomacy, Old and New, Foreign Affairs, Vol. 23, nr. 2, Januarie 1945, pp.256-267; Rudin, H.R., Diplomacy, Democracy, Security: Two Centuries

in Contrast, Political Science Quarterly, Vol. LXXI, nr. 2, Junie 1956, pp.161-162.

15. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.541-543; Stoessinger, J.G., Op.cit., p.219; Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.158.

16. Vgl. Spanier, J.W., American Foreign Policy Since World War II, Op.cit., p.20.

17. Vgl. Kissinger, H.A., Reflections on American Diplomacy, Op.cit., p.43.

18. Aangehaal in Pounds, N.J.G., Op.cit., p.122.

19. Vgl. Padelford, N.J., Population and World Politics, Op.cit., p.187; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., pp.112-114.

20. Vgl. Organski, A.F.K., Effective Population as a Source of International Power, Op.cit., p.162.

21. Vgl. To the Point, 19 April 1974, p.12. Rooi Sjina met sy nog grootliks agrariese bevolkingstruktuur is uiteraard minder kwesbaar vir kernaanvalle as die stedelike sentra van die geïndustrialiseerde lande.

22. Vgl. Schram, S.R., The Political Thought of Mao Tse-tung, Penguin Books, Ltd., Harmondsworth, 1969, p.409; North, R.C., Communist China and the Population Problem, in Mudd, S., (red.) Op.cit., p.187. "It remains to be seen whether, objectively, the Chinese Communists will be capable of their Herculean task or whether the plans of Lin, Mao and their colleagues emerge only as "most beautiful pictures" on a clean sheet of paper, In the meantime a bitter race con= tinues between efforts to raise production, on the one hand, and the exploding population on the other. It is difficult to foresee a satisfactory outcome: with every advance - in food production, in sanitation, in housing - the popula= tion takes a further leap. And with each discrepancy between accomplishment and demand the society will be sub= ject tot further stress and strains - no matter what the nature of the governing system." (onderstreep - L.D.B.)

23. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., p.299. Volgens Plato is 5,040 die ideaaltipiese getal bewoners van die stadstaat. Vgl. Carr-Saunders, A.M., The Population Problem. A Study

in Human Evolution, The Clarendon Press, Oxford, 1922, p.19, et seq.; Hartley, S.F., Op.cit., pp.2-3.

24. Die klassifikasie van bruikbare bevolkingsindividue is inderdaad aktueel. Daardeur word met nadruk klem gelê op individuele beskawingsmondige ontslotenheid. Vgl. Organski, A.F.K., Effective Population as a Source of International Power, Op.cit., p.164. "The exact size of the effective population of a nation is extremely difficult to identify. Small children do not belong to it. Even some of the older students may not, although they are preparing for future participation. Certainly the hippie drop-out does not, for he has dropped not only studying but also working, fighting and a large part of his national loyalties and national identity. Many old people have left the effective population though others continue to be economically and politically active. Some of the physically and mentally ill do not participate. Neither does the peasant villager who works all his life to provide only his own subsistence and who forms part of no larger group than the one he meets face to face in his daily life." (onderstreep - L.D.B.)

25. Vgl. Van Dyke, V., Op.cit., p.227. "An illiterate population, untutored in modern agricultural methods and unable to use modern machinery or capitalize on other fruits of modern science and technology, provides a very poor base for power."

26. Vgl. Petersen, W., Population, The Macmillan Company, New York, Eerste Uitgawe, 1961, pp.457-502; veral die aanhaling van Nehru op p.479. "Unless measures are initiated at this stage to bring down the birth rate and thereby to reduce the rate of population growth, a continiously increasing amount of effort on the part of the community will be used up only in maintaining existing standards of consumption..... . A population policy is therefore essential to planning."

27. Veral totalitêre en diktatoriale state poog om bevolkingsaanwas deur owerheidsanksie te stimuleer. Vgl. Van Dyke,

V., Op.cit., p.227; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.119-120; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.113. Mussolini het by geleentheid verklaar: "Prolific nations have a right to Empire.....nations with empty cradles cannot conquer or keep empires." Vgl. Padelford, N.J., Population and World Politics, Op.cit., p.187; Hitler, A., Mein Kampf, Hutchinson Company, Ver= taal deur R. Manheim, London, Tweede Uitgawe, 1973, p.367, et.seq.

28. Vgl. Carlson, L., Op.cit., p.41. "The concentration of population in certain places is a fact of tremendous geo= political significance."; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.124.

29. Aangehaal in Brown, S., The Faces of Power, Op.cit., p.221.

30. Vgl. Schwind, M., Op.cit., p.192. Die eerste 13 state is in volgorde van miljoene aangegee soos volg volgens die 1967 sensus - Sjina 730,0; Indië 523,9; Rusland 235,5; V.S.A. 201,2; Indonesië 112,8; Pakistan 109,5; Japan 101,1; Brasilië 88,2; Nigerië 62,6; Bondsre= publiek van Duitsland 60,2; Groot-Brittanje 55,3; Italië 53,7; Frankryk 50,3. Vgl. Ibid., p.194.

31. Vgl. Ibid., p.192.

32. Vgl. Russell, B., Population Pressure and War, in Mudd, S., (red.) Op.cit., p.1. "There is an opposite risk, ... , that the human population of our planet may increase to the point where only a starved and miserable existence is possible except for a small minority of powerful people." Chandrasekhar, S., Op.cit., p.11; vgl. ook die brief van Chandrasekhar aangehaal in Pendell, E., Population on the Loose, Wilfred Funk, New York, 1951, pp.1-2; Proceedings of the World Population Conference, Rome, 31 Augustus - 10 September 1954, Gepubliseer deur die V.V.O., New York, 1955, pp.27-29, waar Professor Hersch dui op die gevaar om die demografiese aspekte van bevolking te verabsoluteer.

33. Vgl. die geopolitieke invloed in Bracher, K.D., Op.cit., pp.288-289; Langer, W.C., The Mind of Adolf Hitler, Secker en Warburg, London, 1973, pp.27-39.

34. Vgl. Shirer, W.L., Op.cit., p.111.

35. Vgl. Hitler, A., Mein Kampf, Hutchinson Uitgawe, Op.cit., p.123.

36. Vgl. Glubrecht, H., Die Bevölkerungsexplosion als Weltpro= blem der Gegenwart-Erkentnisse der Forschung, Universitas, Jg. 23, nr. 11, November 1968, p.1140; Friedmann, W., Interference with Human Life: Some Jurisprudential Re= flections, Columbia Law Review, Vol. 70, nr. 6, Junie 1970, p.1069.

37. By 'n banket oor gesinsbeplanning het Adlai Stevenson op 15 Oktober 1963 opgemerk: "Sometime ago I came across a comment that the major problems confronting the world today could be summarized as bombs, babies and bulldozers: Nuclear bombs and missiles which might destroy civilization overnight; an excess of babies which could frustrate efforts at economic development and bulldozers which are well on their way to leveling the world's countryside to make way for a chaotic urban sprawl." Vgl. Mudd, S., (red.) Op.cit., p.XIV.

38. Vgl. Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., p.300.

39. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit., p.135.

40. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.129.

41. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit., p.137.

42. Vir 'n voorloper onder rewolusionêre jeugdiges vgl. Revel, J.F., Without Marx or Jesus, Paladin, London, 1972, pp. 9-222. Ook die geskrifte van Duvenage, S.C.W., Die Op= standige Student, Pro Rege Pers, Potchefstroom 1973, p.313, et.seq; Duvenage, S.C.W., Universiteit, Student en Revo= lusie, in Reformasie en Revolusie, Publikasie van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1974, p.165. "Oral in die wêreld het die radikale studenteorganisasies hulleself altyd as die agente vir politieke en sosiale verandering gesien. Met hierdie doel voor oë is die universiteite in sentra van kontrovers en arenas van dialektiese debat omgeskep. Nuwe alternatiewe moes gesoek en gepropageer word terwyl die ou strukture, bestaande patrone, ingeburgerde politieke en

sosiale optrede, selfs geykte waardesisteme, bevraagteken en vervang moes word."

43. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit.,p.123. Sensus-statistieke van die antieke wêreld is veral onbetroubaar, alhoewel daar in Babilon en Sjina al drie eeue voor Christus opna=mes gemaak is. Vgl. Woytinsky, W.S. en Woytinski, E.S., Op.cit., pp.32-49.

44. Vgl. Hartley, S.F., Op.cit., p.6.

45. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.125; Hauser, P.M., The Population of the World: Recent Trends and Prospects, in Freedman, R., (red.) Population: The Vital Revolution, Anchor Books, New York, 1964, pp.15-28.

46. Vgl. Glubrecht, H., Op.cit., p.1133.

47. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.125; Picht, G., Bevölkerungslenkung, Welternährung und Geburten=kontrolle als Probleme einer neuen Weltpolitik, Universitas, Jg. 25, nr. 7, Julie 1970, p.674.

48. Veral by die Bantoevolkere van Afrika is religieuse oor=tuigings 'n belangrike faktor. Vgl. Jeffreys, M.D.W., Lobolo is Child-Price, African Studies, Vol. 10, nr. 4, Desember 1951, pp.145-181; Schapera I., Premarital Preg=nancy and Native Opinion. A Note on Social Change, Africa, Journal of the International Institute of African Languages and Cultures, Vol. VI, nr. 1, Januarie 1933, pp.59-89; Olivier, N.J.J., Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe, Butterworths, Durban, 1969, wat op p.235 dui op die noue regsverband tussen "lobolo" en die reproduksievermoë van die vrou.

49. Aangehaal in Pendell, E., Op.cit., p.2, verder Stycos, J.M., Population and Family-Planning Programs in Newly Developing Countries, in Freedman, R., Op.cit., pp.171-172. Die Hindoeïsme in Indië laat toe dat miljoene heilige koeie ongeskonde van die koringoes opvreet - dit moet minstens 'n deel van die blaam van hongersnood en onderontwikkeldheid dra. Vgl. ook die opmerking van die joernalis Berkhof in Scholtz, G.D., Die Gevaar uit die Ooste, Op.cit., p.160. "In India leven 300 miljoen mensen, die niets anders doen

dan een tijdje tegen de honger vechten en dan verdwijnen. Wat een leven! Wat een vooruitzicht!"

50. Aangehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.122.

51. Vgl. Petersen, W., Op.cit., pp.514-517; Taylor, O.A., A History of Economic Thought, Op.cit., pp.149-165; Carr-Saunders, A.M. Op.cit., pp.29-31.

52. Vgl. Carr-Saunders, A.M., Op.cit., p.19, verder die woorde van Thomas Aquinas op p.21: "Quae familia plus multi= plicatur in problem, amplius credit ad firmamentum politiae."; terwyl op p.23 die volgende uit 'n brief van Frederick die Grote aan Voltaire aangehaal word: "Je regarde les hommes comme une horde de cerfs dans le parc d'un grand seigneur et qui n'out pas d'autre fonction que de peupler et remplir l'enclos."

53. Vgl. Vance, R.B., Malthus and the Principle of Population, Foreign Affairs, Vol. 26, nr. 4, Julie 1948, pp.682-692.

54. Vgl. Malthus, T.R., An Essay on Population, Vol. II, J.M. Dent and Sons, London, Datum Onvermeld, p.153.

55. Vgl. Hartley, S.F., Op.cit., p.295; Carr-Saunders, A.M., Op.dit., p.28. "It is sufficient to say here that accor= ding to Malthus, whereas population tends to increase in a geometrical ratio, food tends to increase in an arith= metrical ratio."

56. Vgl. Carr-Saunders, A.M., Op.cit., pp.29, 31, 33-34. Oor Malthus se leerstellinge het Marx geskrywe: "If Malthus' theory of population is correct, then I can not abolish this (iron law of wages) even if I abolish wage-labor a hundred times, because this law is not only paramount over the system of wage-labor but also over every social system. Stepping straight from this the economists proved fifty years ago or more that Socialism cannot abolish poverty, which is based on nature, but only communalize it, distribute it equally over the whole surface of society.", aangehaal in Hartley, S.F., Op.cit., p.305.

57. Aangehaal in Hartley, S.F., Op.cit., p.293; Toynbee, A.J., Die gegenwärtigen weltgeschichtlichen Entscheidungen und die

Wissenschaft, Universitas, Jg. 18, nr. 10, Oktober 1963, pp.1029-1030. Toynbee se internasionale impuls word gedra deur die vrees vir die bevolkingsontploffing en 'n kern= oorlog.

58. Vgl. Friedmann, W., Interference with Human Life: Some Jurisprudential Reflections, Op.cit., p.1063; Watson, A., The Growing Population Menace, The Round Table, nr. 236, Oktober 1969, p.380. "If to be fruitful and multiply was once a condition of improvement and even of survival, to multiply less may become a condition of improvement and even of survival in the future."

59. Vgl. Dooyeweerd, H., Wat is die Mens? vertaal deur H.J. Strauss, Sacum Beperk, Bloemfontein, Datum Onvermeld, pp.5-21.

60. Vgl. Duvenage, B., Die Etiese Aspekte van Bevolkingsont= ploffing, in Reformasie en Revolusie, Op.cit., p.303. "Die vraag is egter of die mens nie juis gestel is as heer= ser oor die natuur nie en dan geld dit nie slegs die natuur buite hom nie, maar ook sy eie natuur." Die Calvinistiese etiek verwelkom beslis die ontwikkeling van die mediese wetenskap waardeur die leeftydsgrens verleng word, maar vrugafdrywing om bevolkingsuitbreiding te stuit, bots beslis teen Christelike etiese oortuigings.

61. Aangehaal in Friedmann, W., Interference with Human Life: Some Jurisprudential Reflections, Op.cit., p.1068.

62. Vgl. Duvenage, B., Op.cit., pp.302-303; Hartley, S.F., Op.cit., pp.301-309; Picht, G., Op.cit., pp.677-681.

63. Vgl. Petersen, W., Op.cit., pp.501-502. Wetenskaplike ontwikkeling op landboukundige vlak is telkens besig om die pas saam met die bevolkingsgroei te hou.

64. Vgl. Huxley, J., The Impending Crisis, in Mudd, S., (red.) Op.cit., pp.6-11.

65. Vgl. Rushdoony, R.J., The Myth of Over-Population, The Craig Press, Nutley, 1971, p.6; Berelson, B., Toward a Policy for an Optimum Population, in Singer, S.F., (red.) Is There an Optimum Level of Population?, McGraw-Hill, New York, 1971, pp.302-306.

66. Aangehaal in Hartley, S.F., Op.cit., p.306.

67. Vgl. Loc.cit.

68. Vgl. Chandrasekhar, S., Hungry People and Empty Lands, Op.cit., p.20. "The choice before the world to-day is not only between guns and butter but also between half men and whole men."; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.135. "If man is to continue multiplying as he is, if he is to go on using up the rich storehouse provided by nature, and to crowd himself into vast concrete megalopolises, a point may come where the dismal prophecies of Malthus may loom on the horizon."

69. By Huxley kom die humanistiese eiegeregtigheid van die mens duidelik na vore. Vgl. Huxley, J., Op.cit., p.6. "And man is now, whether he likes it or not, and indeed whether he knows it or not, he is now the sole agent for the future of the whole evolutionary process on this earth. He is responsible for the future of this planet."

70. Vgl. Pounds, N.J.G., Op.cit., p.133 wat aantoon hoedat tussen 1821 - 1932, 60 miljoen mense, waarvan 98% van die digbevolkte Europa, migreer het; Weigert, H.W., (e.a.) Op.cit., pp. 342-382.

71. Vgl. Carlson, L., Op.cit., p.51.

72. Volkeregtelik het ons hier te make met die erkenning van state in die volkereg. Vgl. Tammes, A.J.P., Internasio= naal Publiekrecht, De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1966, p.116. "Aldus ontstonden in de eerste helft van de negen= tiende eeuw aan de Westkust van Afrika Liberia uit een volksplanting van voormalige Amerikaanse negerslaven, en in Zuid-Afrika de Boeren-republieken. By gebrek aan bewoon= baar staatloos gebied is deze wijze van staatvorming thans van geen praktische betekenis meer."

73. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations. Op.cit., p.119. "Without this immigration, it is unlikely that the population of the United States would amount to more than half of what it actually is today. In consequence, the national power of the United States would be inferior to what 195 million people make it today." Die verdeling

van die Indiese subkontinent het groot bevolkingsverskuiwings tot gevolg gehad en die totstandkoming van Israel was daarsonder nie moontlik nie. Vgl. p.21. Binne 'n kwarteeu is die Joodse bevolking in Israel deur volgehoue immigrasie vertiendubbel. Vgl. Hitti, P.K., The Near East in History, Van Nostrand Company, London, 1967, p.21.

74. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.131; Keesing, D.B., Small Population as a Political Handicap to National Development, Political Science Quarterly, Vol. LXXXI, nr. 1, Maart 1969, p.53. 'n Staat soos Engeland is lank nie meer geneë om onbeheerde immigrasie van Bantoes en Asiate toe te laat nie, terwyl ook die V.S.A. tans kwantitatiewe en kwalitatiewe beperkings op immigrasie instel. Vgl. Hartley, S.F., Op.cit., pp.64-65.

75. Vgl. Cook, R.C., Population and Food Supply, in Mudd, S., (red.) Op.cit., pp.451-477.

76. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.133; Brown, L.R., Food Supplies and the Optimum Level of Population, in Singer, S.F., (red.) Op.cit., pp.72-88; Smit, P., Die Plek en Rol van die Swart State met Betrekking tot Ekonomiese Samewerking in Suidelike Afrika, Op.cit., p.7. Die geweldige droogtes en hongersnood van 1973 in Wes-Afrika is hiervan 'n tipiese voorbeeld. Vgl. To the Point, 28 Julie 1973, pp.24-26.

77. Ten spyte van al die energieke internasionale pogings, is die kloof tussen ontwikkelde en onontwikkelde lande steeds besig om groter te word. In 1958 was eersgenoemde 32% van die wêreldbevolking en het 82% van die wêreldproduksie gelewer. In dieselfde jaar was die onderontwikkelde lande verantwoordelik vir slegs 18% van die produksie, maar het 68½% van die bevolking bevat. In 1968 was laasgenoemde se bydrae slegs 13% terwyl hulle reeds 70% van die bevolking van die wêreld uitgemaak het. Vgl. Hartley, S.F., Op.cit., p.181. Dit bly natuurlik 'n ope vraag of mense en state wat nie gehelp wil word nie, met die sweet van andere parisiterend hulle lewensbestaan moet regverdig.

78. Vgl. Duvenage, B., Op.cit., p.303. Verantwoordelike ge=

bruik van geboortebeperkende middels kan bydra tot 'n oplossing, maar 'n liberalisering van aborsiewette word geheel en al deur ons verwerp. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.123.

79. Vgl. Strausz-Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.83. "Size and structure of population are datum points from which the modern state must reckon its power-political position..... . However among states fairly evenly matched in the possession of technical skills, superiority in manpower spells military, hence political, preponderance."; Padelford, N.J., Population and World Politics, Op.cit., p.192. "Population is vital. None will deny this." et seq., waar die balans tussen bevolking en ander faktore gestel word.

..... . He could laugh at himself and did." So kon ook Churchill met homself draak steek. Vgl. Diepenhorst, I.A., In Memoriam Winston Leonard Spencer Churchill, Op.cit., p.41. "Churchill de geweldenaar op wie dictatoren zich te pletter liepen, bleef menselijk humaan, met eigen zwak= heden als het pas gaf, de draak stekend."

238. Vgl. Reston, J.B., Op.cit., p.563.

239. Vgl. Venter, E.A., Wysgerige Temas, Op.cit., pp.27-34; Kock, P. de B., Die Christelike Mensbeskouing, Tydskrif vir Christelike Wetenskap, Jg. 10, 1e kwartaal 1974, pp.3-11.

240. Vgl. Toynbee, A.J., A Turning Point in History, Foreign Affairs, Vol. 17, nr. 2, Januarie 1939, p.305.

241. Aangehaal in Shirer, W.L., Op.cit., p.119; Scheffer, P., Hitler: Phenomenon and Portent, Foreign Affairs, Vol. 10, nr. 3, April 1932, p.383, et seq.; Holborn, H., Origins and Political Character of Nazi Ideology, Political Science Quarterly, Vol. LXXIX, nr. 4, Desember 1964, pp.542-554, waar Hitler enige teenstand teen sy biologies-gedetermineer= de "Lebensraumsoeke" as "Gefühlsduselei" afmaak.

242. Vgl. Crankshaw, E., Stalin, in Longford, L., Wheeler-Bennett, J., (reds.) Op.cit., p.216; Kennan, G.F., Russia and the West under Lenin and Stalin, Op.cit., p.248. "This was a man dominated, as his whole subsequent record of thirty years in the public eye demonstrates, by an insatiable va= nity and love of power, coupled with the keenest sort of sense of his own inferiority and a burning jealously for qualities in others which he did not possess."; Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, Op.cit., pp.403, 510, 175-177, 263-264; Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, Op.cit., p.166. "Een religie met een cultus! Vadertje Stalin word om zijn "milde macht" verafgood."; Possony, S.T., A Century of Conflict. Communist Techniques of World Revolution, Henry Regnery Company, Chicago, 1953, pp.127-137.

243. Vgl. Wiskemann, E., The Rome-Berlin Axis, p.19, aangehaal in Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.243; Wiskemann, E., Europe of the Dictators, 1919-1945, Collins, London, 1967, pp.25, 42, 181.

244. Vgl. Crankshaw, E., Stalin, Op.cit., p.237.

245. Vgl. Bullock, A., Hitler and the Origins of the Second World War, Raleigh Lecture on History, 22 November 1967, in Proceedings of the British Academy, Vol. LIII, 1967, Oxford University Press, London 1968, p.259.

246. Vgl. Stoneman, W.H., The Lessons of the Thirties, International Affairs, Vol. 39, nr. 2, April 1963, p.229.

247. Vgl. Ibid., pp.229-230; Toynbee, A.J., A Turning Point in History, Op.cit., pp.305-320; Armstrong, H.F., Armistice at Munich, Foreign Affairs, Vol. 17, nr. 2, Januarie 1939, pp.197-290. Die samesprekings by München het die moderne konsep vir staatsmanskapitulasie geword. In die "Peking Review" is die Russiese kapitulasie tydens die Kubaanse Projektielkrisis só opgesom: "A compromise of this sort can only be regarded as one hundred percent appeasement, a "Munich" pure and simple." Vgl. Duchacek, I.D., (red.) Discord and Harmony, Op.cit., p.178.

248. Vgl. Cecil, R., Potsdam and its Legends, International Affairs, Vol. 46, nr. 3, Julie 1970, pp.455-465. Dit is by Potsdam en Jalta wat die toekoms van die Oos-Europese state deur Roosevelt se mistasting van Stalin verseël is. Vgl. Lombard, J., The United States and Regionalism in Europe, Referaat by Simposium in Johannesburg, 1969, Gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede, Johannesburg, 1970, p.48; Palmer, A., The Lands Between, Op.cit., pp.290, 291, 287.

249. Vgl. Sorenson, T.C., Decision-Making in the White House, Columbia University Press, New York, 1963, p.42.

250. Vgl. Loc.cit.; De Rivera, J.H., Op.cit., p.187. "He had a tremendous confidence in himself; he did not fill the office, he was the office, and he enjoyed power for its own sake."

251. Vgl. Barnard, F., Dertien Jaar in die Skadu van Dr. H.F. Verwoerd, Op.cit., pp.88-114; Die Transvaler, 15 Maart 1961; The Star, 16 Maart 1961; Prinsloo, D.S., Suid-Afrika se Uittrede uit die Statebond, Op.cit., pp.65-82.

252. Aangehaal in Barnard, F., Op.cit., p.104. Die voormalige

leier van die A.N.C., Albert Luthuli, was verheug oor dié ferm standpunt, want hy het geglo dat enige ander besluit sou neerkom op 'n goedkeuring van Suid-Afrika se rasse=beleid. Vgl. The Star, 16 Maart 1961; The Cape Times, 16 en 17 Maart 1961.

253. Vgl. Sorenson, T.C., The First Nuclear Confrontation in History - The Cuban Missile Crisis of 1962: A Case Study, in Duchacek, I.D., Discord and Harmony, Op.cit., p.172. "John F. Kennedy entered and we all stood up. He had, as Harold Macmillan would later say, earned his place in history by this one act alone. He had been engaged in a personal as well as national contest for world leadership and he had won."

254. Vgl. Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.250. Oor die bydrae van Wilson tot wêreldvrede was Jan Smuts volgens Daniels in vervoering. Vergelykenderwys sou hy oor sy eie (Smuts) se bydrae tot die Volkebond verklaar het: "All else I have done in my life-time is as nothing and as dust and ashes compared to the small efforts I have been able to contribute toward the building of this organization." Vgl. Daniels, J., The Wilson Era. Years of War and After, 1917-1923, University of North Carolina Press, New York, 1946, p.357, et.seq.

255. Vgl. Leonard, H.R., (red.) War Addresses of Woodrow Wilson, Ginn and Company, New York, 1918, p.101.

256. Aangehaal in Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.250.

257. Vgl. Ibid., p.251. Bismarck word algemeen as die "Tatmensch", die "Realpolitiker"; die man van "bloed en staal" beskou.

258. Vgl. Ibid., p.255. Bismarck het, anders as Hitler, sy swakhede geken en nooit sy hand oorspeel nie. "The states=man, par excellence, like Bismarck, knows when to stop, when to move from the offensive to the defensive, when he has achieved his purposes." (onderstreep L.D.B.) Dus, geen dobbelspel is aanvaarbaar aan die kant van die staatsleiding nie.

259. Vgl. Eastman, M., Op.cit., p.336, en p.332. "His name will live, with that of Spartacus and the Grachhi, ..., as a

supreme revolutionist, an audacious captain of the massas in revolt."; Toynbee, A.J., A Centenary View of Lenin, Op. cit., pp.490-500.

260. Vgl. Sinclair, A., Guevara, William Collins Sons, London, 1970, p.82; Guevara, C., Guerrilla Warfare, Op.cit., pp.15-20.

261. Vgl. Luthuli, A.J., Africa and Freedom, Referaat by die ont= vangs van die Nobelprys vir Vrede in Oslo, 11 Desember 1961, in Haberman, F.W., Peace, Vol. 3, Nobel-Lesings 1951-1970. Elsevier Company, Amsterdam, 1972, p.220.

262. Vgl. Ibid., p.228. Ook in Afrika is rewolusionêre hart= stogte by leiers kenbaar. Vgl. Mondlane, E.C., The Struggle for Independence in Mozambique, in Cartey, W., Kilson, M.,(reds.) Op.cit., pp.342-358; Nkrumah, K., Neocolonialism in Africa, in Cartey, W., Kilson, M., (reds.) Op.cit., pp.217-228; Sithole, N., Nationalist Political Activity in Zimbabwe, in Cartey W., Kilson, M., (reds.) Op.cit., pp.272-283.

263. Vgl. Grobbelaar, P.W., Man van die Volk, Human en Rousseau, Kaapstad, 1966, p.174. Gedurende die konstitusionele ver= kiesingstryd voor Republiekwording verklaar die Daily Dispatch daarenteen: "Bullets did not kill Dr. Verwoerd, thank the Lord, but your votes can put an end to his dicta= torship. Vote no in the referendum." Vgl. Van der Merwe, S., Die Totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, in Van Jaarsveld, F.A., Scholtz, G.D., (reds.) Die Republiek van Suid-Afrika. Agtergrond, Ontstaan en Toekoms, Voor= trekkerpers, Johannesburg, Eerste Druk, 1966, p.208.

264. Vgl. Diepenhorst, I.A., John Fitzgerald Kennedy, Op.cit., p.354. Na die afsterwe van Hertzog het Smuts só hulde gebring: "....selfs toe ons teenstanders was, was ek oor= tuig van sy eerlikheid en opregtheid en ek is daarvan oor= tuig dat hy altyd die beste vir sy volk en land in die oog gehad het....." Vgl. Hansard, 30 Januarie 1941.

265. Vgl. Van Aardt, J.M.H., Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, Ongepubliseerde D.Phil-Proefskrif aan die P.U. vir C.H.O., Pretoria, 1958, p.269.

266. Vgl. Ibid., p.272. Oor Botha het Smuts geskryf: "He

combined the strength of a man with the extreme sensitive= ness of a woman." Vgl. Engelenburg, F.V., General Louis Botha, Van Schaik, Pretoria, Eerste Druk, 1929, p.17; Meintjes, J., General Louis Botha, Cassell and Company, London, Eerste Druk, 1970, pp.272-290.

267. Vgl. Kuyper, A., Antirevolutionaire Staatkunde, J.H. Kok, Kampen, Eerste Druk, 1916, p.417; Krüger, D.W., The Making of a Nation, Macmillan, Johannesburg, Eerste Druk, 1969, p.109, et.seq.

268. Vgl. Smuts, J.C., Een Eeuw van Onrecht, Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, Datum Onvermeld, p.10. "Aan de Engelse Kommisaris verklaarden de Boerenvrouwen te Maritz= burg dat liever dan zich weer aan Britse heerschappij te onderwerpen, zij blootsvoets over de Drakensbergen zouden lopen naar de vrijheid of de dood. Voorwaar zulke borsten konden niet slaven zogen." (onderstreep - L.D.B.)

269. Vgl. Du Plessis, L.J.P., Generaal J.C. Smuts se Bydrae tot die Ontwikkeling van die Statebondsidee, 1907-1917. Onge= publiseerde M.A.-Verhandeling aan U.P., Pretoria, 1973, pp.3, 4; Smuts, J.C., Plans for a Better World, Hodder and Stoughton, London, 1942, pp.274-281.

270. Vgl. hier die biografieë van Hancock, Armstrong, Crafford en Magnus, P., Smuts, in Longford, L., Wheeler-Bennet, J., Op.cit., pp.138-151.

271. Aangehaal in Renouvin, P., Duroselle, J.B., Op.cit., p.254.

272. Smuts word populêr as die ongenaakbare staatsleier voorgehou, soos sy optrede met die Randse Staking (1922), die opstand by Bulhoek en die Bondelswartsopstand getuig. In die Volks= raad het A.G. Barlow oor die platskietpolitiek van Smuts gesê: "We had made a damnable mess in German South-West. Our name was going to stink in the nostrils of the countries of the world.", aangehaal in Marais, C., Die Nasionale Opposisie, 1921-1924, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1970, p.167. Oor die hand= hawing van wet en orde gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Smuts self gesê: "Die vonnise is straf; dit is korrek. Maar dit moet so wees ..... . Ons kan nie

hierdie dinge in ons land aanmoedig nie, en ons moet dit swaar straf..... . Die regering is daar om wet en orde te handhaaf. Ons sal dit doen...." Aangehaal in Bester, M.L.C., Die Opvattings van Generaal Smuts oor die Demokrasie, M.A.-Verhandeling aan die U.P., Pretoria, 1960, p.108.

273. Vgl. Swart, M.J., By die dood van Genl. Hertzog, Die Huis=genoot, 16 September 1962, p.7; Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, A.P. Boekhandel, Johannesburg, Tweede Druk, 1944, pp.1-77; Calpin, G.H., Hoe Groot was Generaal Hertzog? Die Huisgenoot, 22 Desember 1950; Pirow, O., Hertzog, Smuts en Tielman Roos, Die Huisgenoot, 5 Desember 1952, p.11. "Hierdie hartstogtelikheid van Genl. Hertzog in sy liefde, sy haat, of slegs in sy afkeur en voorkeur was een van sy belangrikste kenmerke. Hy kon soms onbewus natuurlik wreed onregverdig wees teenoor sy amptenare en grimmig ongeduldig met sy privaatsektretaris, maar as hulle by hom op die plaas tuis was dan het hy vir hulle persoonlik koffie in die slaapkamer gebring voor dag=breek."; So Onthou ons Hertzog, Die Brandwag, 13 Mei 1949, p.8; Du Plessis, W., James Barry Munnik Hertzog - Die Mens, in Nienaber, P.J., (red.) Op.cit., pp.47-66.

274. Vgl. Bone, H.A., American Politics and the Party System, McGraw-Hill, New York, 1955, p.86.

275. Vgl. Hilsman, R., Op.cit., p.84; Conger, A.L., Wars With=in Wars, Foreign Affairs, Vol. 15, nr. 2, Januarie 1937, p.340. "Politics and military strategy are like oil and water. They do not mix well."

276. Vgl. Diepenhorst, I.A., John Fitzgerald Kennedy, Op.cit., p.354.

277. Vgl. Van Dyke, V., Op.cit., p.239; Robinson, J.A., Snyder, R.C., Op.cit., pp.444-488. In 'n toespraak aan die Univer=siteit van Princeton het George Kennan verklaar: "Inter=national affairs are primarily a matter of behaviour of governments. But the behaviour of governments is in turn a matter of the behaviour of individual man in the politi=cal context, and of the workings of all those basic impulses - national feeling, charity, ambition, fear, jealousy, egotism,

and group attachment - which are the stuff of his behaviour in the community of other men." Vgl. Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., p.263; Acheson, D., The Responsibility for Decision in Foreign Policy, The Yale Review, Vol. XLIV, nr. 1, September 1954, pp.2-8.

278. Vgl. byvoorbeeld ook dr. Verwoerd se onvermoeide ywer vir 'n Republiek. Muller, W.A., Dr. H.F. Verwoerd se Joernalistieke Bydrae tot die Republikeinse Idee, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.P., Pretoria, 1973, pp.44-64.

279. Metternich het diplomasie omskryf as: "....the art of avoiding the appearance of victory." Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.219; Van Dyke, V., Op.cit., p.272.

280. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.135. "Of all the factors that make for the power of a nation, the most important, however unstable, is the quality of diplomacy."

281. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.152. "Diplomacy and propaganda are the two chief means of persuasion in the realm of foreign policy."; Wakelin, J., The Roots of Diplomacy, Hutchinson Educational Ltd., London, 1965, p.75. "A state's influence depends not only on belligerent but also on diplomatic power."

282. Vgl. Kissinger, H.A., Reflections on American Diplomacy, Op.cit., p.38.

283. Vgl. Ibid., p.43; Spanier, J.W., American Foreign Policy, Since World War II, Op.cit., p.19. "Diplomacy, as an instrument by which the nation's interests are guarded without resort to force, cannot achieve its aims unless it is supported by military strength."; Géraud, A., Diplomacy, Old and New, Op.cit., p.257. "And as long as international relations involve questions of power, only the commitments which create a distinct solidarity of the few Great Powers can exorcise war."

284. Vgl. Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., p.158. "Diplomacy, like war, is most commonly employed as a method of international politics, but like war, the term cannot be confined to relations between

sovereign states. While negotiations figure in all human transactions, the peculiarity of diplomacy lies in its re= lation to war. Negotiation with war as a possible alter= native constitutes diplomacy. Where the possibility of war does not exist, as is usually the case in negotiations between businessmen, between party leaders, or between states in a federation, the term diplomacy is hardly applicable."; Stoessinger, J.G., Op.cit., p.219.

285. Aangehaal en vertaal in Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Collier Books, New York, 1962, p.33. Gore-Booth verwys na die werk van Nicolson as: "his evergreen book Diplomacy." Vgl. Gore-Booth, L., Historic Skills and New Tasks. The Diplomatic Service in the Seventies, Op. cit., p.699; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.340.

286. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.33.

287. Vgl. Die Bybel, 1 Kronieke, 191-19, p.420 et seq.

288. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, p.37, et seq.

289. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., p.11. Let op die volgende geykte gebruike: dialogee - rekonsiliasie; homologie: verdrag; symmachia - alliansie; syntaxis - tydelike wapenstilstand; symbolon - handelsverdrag; eirenee - vrede en spondee wapenstilstand, in gebruik by die Antieke Grieke tydens die Olimpiese Spele. Vgl. ook Dannhauser, J.A., 'n Teoreties-Prinsipiële Beoordeling van die Moderne Diplomasie, Onge= publiseerde M.Admin-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloem= fontein, 1969, p.21, et seq.

290. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., p.20. Die Grieke slaag ook nooit daarin om die verhou= ding tussen diplomaat en owerheid in die regte perspektief te laat uitkristalliseer nie.

291. Vgl. Thucydides, The History of the Pelopponnesian War, in Brooke, D., Search for Peace, Op.cit., p.29.

292. Vgl. Schuman, F.L., Op.cit., p.49; Brinton, C., From Many One, in Brooke, D., Op.cit., p.36. "The Romans - at any rate the Romans who got into what we may call the

colonial service - were not idealists - they felt themselves pretty superior on the whole to the natives, even when the natives were countrymen of Plato and Aristotle; they were probably - though this really is a rather shocking guess for a historian to make - not even very intelligent."

293. Vgl. Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., pp.17-18; Von Glahn, G., Law Among Nations, Op.cit., pp.35-36.

294. Vgl. Nicolson, H., Evolution of the Diplomacy, Op.cit., p.31.

295. Vgl. Walbank, F.W., The Awful Revolution. The Decline of the Roman Empire in the West, Liverpool University Press, Liverpool, 1969, pp.70-80.

296. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., p.35. "The systems of antiquity were none the less preferable to the wolf-like habits developed by the Italians of the Renaissance."; Burns, C.D., A Short History of International Intercourse, Allen and Unwin, London, Tweede Uitgawe, 1925, p.26, et.seq.

297. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., pp.40-42.

298. Vgl. Ibid., p.44. Op die ambassadeurs van Venesië was daar streng reëls van toepassing: "He was forbidden to take his wife with him, since she might gossip, and ordained to take his own cook, since foreign cooks might seek to poison him."

299. Vgl. Ibid., p.56.

300. Agterdog teen diplomate is feitlik sonder uitsondering daarop gegrondves dat hulle spioene was. Deur Hendrik VII en Cromwell in Engeland; asook in Rusland, is ambassadeurs soos krygsgevangenis behandel. Vgl. Ibid., pp.51-52.

301. Vgl. Wakeman, H.O., Periods of European History, The Ascendancy of France, 1598 - 1715, Rivingtons, London, 1921, p.135. "There are times in the history of nations ....., when the only possibility of safety and health lies in the rigorous application of the knife. Such a state of disease the body politic had reached in France, as it seemed to Richelieu, in the seventeenth century."

302. Vgl. Nicolson, H., The Evolution of Diplomacy, Op.cit., p.85.

303. Vgl. Ibid., pp.86-87.

304. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.220.

305. Die tradisionele diplomasie is gekenmerk deur 'n gees van kompromie; die reël van quid pro quo was skynbaar die onderliggende leuse. Vgl. verder Kissinger, H.A., A World Restored. The Politics of Conservatism in a Revolutionary Era, Victor Gollancz, London, 1973, pp.215, 218, passim.

306. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.222.

307. Vgl. Kissinger. H.A., The Congress of Vienna, World Politics, Januarie 1956, pp.264-265, aangehaal in Ibid., p.221.

308. Vgl. Loc.cit.. Toynbee het die tradisionele diplomasie soos volg gedefinieer: '"The fundamental rule of the Old Diplomacy was that you could not ever afford to decline a challenge to your honour: you could not afford to abandon, under a threat of force, a policy to which you were bound by honour or by treaty obligation or even by a considered and proclaimed view of your own interests. And it is also a rule which has certainly not ceased to be valid, for it is surely one of the general rules of human life." Vgl. Toynbee, A.J., Peaceful Change of War? The Next Stage in the International Crisis, International Affairs, Vol. XV, nr. 1, Januarie - Februarie 1936, p.31.

309. Vgl. Rogers, L., The Wonder of Diplomacy, Foreign Affairs, Vol. 33, nr. 2, Januarie 1955, pp.317-326; ook die werk van die Franse diplomaat, Benedetti, oor Bismarck en die gebeure rondom "Ems" voor die Frans-Pruisiese Oorlog: Benedetti, Studies in Diplomacy. William Heinemann, London, 1896.

310. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.527. "Woodrow Wilson was the most eloquent spokesman of this new philosophy of international affairs."; Stoessinger, J.G., Op.cit., p.222. "It is a curious irony that Wilson, the great advocate of "open diplomacy," seldom practised it."

311. Vgl. Leonard, A.R., War Addresses of Woodrow Wilson, Op.cit.,

p.97.

312. Vgl. Goodwin, G., The Expanding United Nations: II. Diplomatic Pressures and Techniques, International Affairs, Vol. 37, nr. 2, April 1961, p.174. "Most contributions to the debate - a euphemistic term in any case - although ostensibly tours d'horizon, are essentially exercises in forensic propaganda, in which delegates seem more concer= ned with wooing public opinion at home and abroad, especial= ly in the uncommitted world, than with addressing themselves to diplomatic realities. The excesses of "diplomacy by insult" and "diplomacy by loudspeaker" are obvious enough. Moreover this verbal war is an almost inevitable concomi= tant of "competitive co-existence", in which the struggle for the minds of men permeates nearly every facet of inter= national life."; Root, E., A Requisite for the Success of Popular Diplomacy, Foreign Affairs, Vol. 15, nr. 3, April 1937, pp.406-410.

313. Vgl. Sparks, F., Sex and the Unmarried Diplomat, Scope, 21 April 1972, p.47. "One evening in November there was a farewell stag party for a young Scandinavian diplomat, a dedicated Cassanova, who had finished his tour of duty at the United Nations. During the party with tears in his eyes, he gave his replacement his address book. The book listed not only the phones and prices of an amazing number of females, but discussed each one's characteris= tics with such clarity it would have been regarded by Dr. Kinsey himself as a major research."; Nicolson, H., The New Diplomacy, in Hartmann, F.H., World in Crisis, Op.cit., pp.45-52; Nicolson, H., Modern Diplomacy and British Public Opinion, International Affairs, Vol. XIV, nr. 5, September - Oktober 1935, pp.601-613.

314. Vgl. Sparks, F., Op.cit., p.65.

315. Vgl. Salter, A., The Technique of Open Diplomacy, Op.cit., p.62; Goodwin, G., The Role of the United Nations in World Affairs, International Affairs, Vol. 34, nr. 1, Januarie 1958, p.37. "But the United Nations can often serve as a useful navigational aid - a diplomatic

lighthouse - ....."

316. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.223. "It became increasingly difficult, if not impossible to yield on a point, ... A diplomat who was not only exposed to the physical presence of an attentive public, but had to cope with a network of television cameras as well, was not likely to run the risk of looking like a fool or a knave before millions of people."; Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., pp.514-515; Bowles, C., Toward a New Diplomacy, Foreign Affairs, Vol. 40, nr. 2, Januarie 1962, pp.244-251.

317. Vgl. Raschhofer, H., Die Vereinten Nationen heute - Entwicklung und Zukunft der Weltorganisation, Universitas, Jg. 19, nr. 1, Januarie 1964, pp.29-30. "Die Sowjets haben während der Amtszeit Hammarskjölds mit verblüffendsten Propagandaaufwand - der sowjetische Regierungschef schwingt seinen Schuh - eine Reform für das Generalsekretariat vorgelegt."

318. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.223. Mnr. Jacques Rabenmananjara, Minister van Buitelandse Sake van die Malgassiese Republiek, het hieroor verklaar: "When one finds oneself at the centre of the game played by the Great, one easily becomes the stakes of the game, it is certainly never reassuring. Who would deny it?" Vgl. Albertini, G., Communist Politics and Strategy in Southern Africa and the Indian Ocean, South Africa International, Vol. II, nr. 2, Oktober 1971, pp.82-83.

319. Vgl. Iklé, F.C., How Nations Negotiate, Harper and Row, New York, 1964, p.IX. ".....in the nuclear age,when a single battle can bring total disaster, negotiation has acquired the nimbus of salvation that will protect the World from destruction and eventually deliver it from the terrible engines of war. But negotiation is only an instrument; it can be used on the side of the angels as well as by the forces of darkness."; Olson, W.C., Democratic Approaches to Diplomacy, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLelland D.S., (reds.) Op.cit., pp.256-262.

320. Vgl. Cleveland, H., Crisis Diplomacy, Foreign Affairs,

Vol. 41, nr. 4, Julie 1963, pp.639-648; McClelland, C.A., Action Structures and Communication in Two International Crises: Quemoy and Berlin, in Rosenau, J.N., (red.) International Politics and Foreign Policy, Op.cit., pp.473-482.

321. Vgl. Ausland, J.C., Richardson, H.F., Crisis Management: Berlin, Cyprus, Laos, Foreign Affairs, Vol. 44, nr. 2, Januarie 1966, p.302; Kissinger, H.A., Reflections on American Diplomacy, Op.cit., p.39. "The gap is bridged only when a crises forces the bureaucratic machinery into accelerated action, and then the top leadership has little choice but to concur in the administrative proposals."
322. Vgl. Young, O.R., The Politics of Force, Op.cit., p.138.
323. Vgl. Ibid., p.112.
324. Vgl. Ibid., p.238; Abel, E., Op.cit., pp.148-149.
325. Vgl. Hudson, G.F., Russia and China: The Dilemmas of Power, Foreign Affairs, Vol. 39, nr. 1, Oktober 1960, pp.5-6. Dit het Harry Truman gou agtergekom en tydens die Potsdam-Konferensie skrywe hy aan sy vrou en suster: "You never saw such pig-headed people as are the Russians. I hope I never have to hold another conference with them - but, of course, I will." Vgl. Truman, H.S., Year of Decisions, Op.cit., p.331. Later sou hy egter verklaar: "Do not be deceived by the strong face, the look of monolithic power that the Communist dictators wear before the outside world. Remember that their power has no basis in consent." Vgl. Brown, S., The Faces of Power, Op.cit., p.29.
326. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.529.
327. Vgl. Davis, P.C., The New Diplomacy, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., Mclellan, D.S., Op.cit., p.263.
328. Kissinger se suksesse het die verbeelding van die wêreld in die sewentigerjare aangegryp. Vgl. Time, 1 April 1974, pp.10-16. Vlugge breinwerk word in die tussenstaatlike krisismoment benodig. Josiah Royce het by geleentheid gesê: "Thinking is like loving and dying; each of us must do it for himself." Vgl. Cleveland, H., Op.cit., p.639; Galtung, J., Summit Meetings and International

Relations, Journal of Peace Research, Vol. 1, 1964, pp.36-52.

329. Vgl. Dannhauser, J.A., Op.cit., p.46, et seq.; Géraud, A., Op.cit., p.269. "Fools and knaves cannot but wreck the best conceived international system."; Rudin, H.R., Op.cit., pp.161-181.

330. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.520, et seq.; Burton, J.W., Systems, States, Diplomacy and Rules, Cambridge University Press, Cambridge, 1968, p.147.

331. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.520-531; Burton, J.W., Op.cit., p.40. "The study of international politics and the practice of diplomacy, have been directed primarily to finding ways and means of controlling these conflicts of interests."

332. Vgl. Friedmann, W., An Introduction to World Politics, Op.cit., p.1, et.seq.

333. Vgl. Pierre, A.J., Nuclear Diplomacy: Britain, France and America, Foreign Affairs, Vol. 49, nr. 2, Januarie 1971, pp.283-301.

334. Vgl. Schon, A., Brundtland, A.O., Small States in International Relations, John Wiley and Sons, New York, 1971, p.10. Vgl. op dieselfde bladsy die uitroep van een van die Noorweegse afgevaardigdes toe daar tydens een van die sittings van die Volkebond verwys is na die "groot moondhede" - "not great, but populous."

335. Vgl. To the Point, 25 Augustus 1973, p.11.

336. Vgl. Morgenthau. H.J., Thompson, K.W., Principles and Problems of International Politics, Op.cit., p.163, et.seq.

337. Vgl. Stoessinger, J.G., Op.cit., p.254; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.533.

338. Aangehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.540-541.

339. Vgl. Kissinger, H.A., Reflections on American Diplomacy, Op.cit., p.54.

HOOFSTUK VI

OORLOG AS UITVLOEISEL VAN DIE MAG VAN STATE

1 INLEIDING

Internasionale verhoudinge is intiem gemoeid met oorlogsvoor= koming.[1] Schakel het tereg aangetoon dat die sondeval in die tussenstaatlike struktuur vergestalt word deur voort= durende oorlogvoering:

> "In de voortwenteling der eeuwen ervaart de mensheid iedere dag opnieuw hoe bitter de vruchten der ongehoorzaamheid smaken, wat het zeggen wil dat het aardrijk om hartenwil vervloekt is. Tot ons verdiende loon op de afval van de hoge God behoort een breed bloedspoor dwars door de historie heen."[2]

Die struktuur van internasionale verhoudinge is daaraan kenbaar, dat dit - anders as die interne staatstruktuur - geen monopolie op die swaardmag het nie.[3] Daar is dus geen magtige swaard om regsvergeldend op te tree nie, en die skenders van internasionale verhoudingsnorme te straf nie, maar 'n afweeg van die onderskeie swaardmagte teenoor mekaar waar die sondeval die bloedspoor van oorlogvoering nalaat.

Daarom is die geskiedenis van internasionale verhoudinge onlosmaaklik verbonde aan oorloë en "gerugte van oorloë" waarvan die uitslag telkens afhang van die magsvermoë van die onderskeie state. Wie dus die magsfaktor in inter= nasionale verhoudinge verreken en oorlog as die vernaamste uitvloeisel daarvan misken, skets 'n verskraalde en een= sydige beeld. Oorlogvoering is buitendien nie altyd die gevolg van die sondeval nie; owerhede kan verplig word om in die geval van openlike agressie die wapen vir gereg= tigheidshandhawing op te neem.[4] Vir Kolthof kan versuim van morele moed in die kleine - "Chamberlain - mentali= teit"[5] - die gramskap en bestraffende oordeel van God

tot gevolg hê.

> "Het kon wel eens zijn, dat wie de relatief kleine oorlog niet aandurf om zijns naasten wil, door de gramschap Gods gedwongen zal worden tot de grote, totalitaire oorlog met zijn bezetting, verraad, honger en martelingen."[6]

Beskerming teen agressie kan dus nie anders as sinvol inge=bed te wees binne die funksionele bevoegdhede van die owerheidstaak nie - selfs deur middel van oorlog as die onafwendbare laaste skans waar geregtigheid en harmonie in die wêreldpolitiek gehandhaaf moet word.[7]

Oorlog is 'n objektiewe struktureel-bepalende gebeurlikheid - struktuurverwoestend of struktuurbehoudend in die be=kamping van agressie - wat die ganse spektrum van die internasionale en nasionale werklikheid bestryk. 'n Amerikaanse skrywer het in 1861 die ervaringslinie só beskryf:

> ".....it is like a great tempest which blows upon us all, mingles with the church organ, whistles through the streets, steals into our firesides, clinks glasses in barrooms, lifts the gray hairs of statesmen, invades the classrooms of our colleges, rustles the thumbed pages of our scholars."[8]

Die eie-aard van oorlog openbaar veelvuldige fasette - dit vind nie alleen plaas tussen soewereine nasionale state nie[9], maar was, en is, 'n metode om onafhanklikheid te verkry.[10] Dit is gebruik deur nasionale regerings om huishoudelike opstande te onderdruk[11] en deur internasionale organisasies om agressie te bekamp.[12] Strydende groepe gebruik dikwels die swaard binne nasionale verband in burgeroorloë[13], en les bes het dit ook die metode van militante politieke ekstremiste geword om ideologiese doktrines onverbiddelik te bestendig.[14] Die doelstelling van oorlog kan dus varieer van territoriale sekuriteit en ekonomiese sekerheid tot kulturele verbreiding, internasionale regshandhawing en godsdiensuitbreiding.[15] Oorlog is daarom nie net 'n tussenstaatlike probleem nie, maar kan ook 'n staatsinterne aangeleentheid wees, maar vanweë die tradisionele belange=dimensie daarvan; die invloed van massakommunikasie en die

441/...

groeiende bewussyn oor menseregte bygereken, word selfs die mees lokale oorlog vir die huidige internasionaal ge=projekteer. Alhoewel die betrokkenheid dus binne staat=kundige territorialiteit afgebaken kan word, is die bemoeie=nis en beïnvloeding lank reeds internasionaal.

Moderne oorlogvoering word gevoer op diplomatieke, ekonomiese, sielkundige en militêre fronte, waar daar op die breë vlak ten opsigte van die owerheidstaak in die verband koördinasie tussen die verskillende vlakke ten opsigte van konfliktoe=spitsing plaasvind. In engere sin beskou geniet die suiwer militêre aspek egter steeds voorrang. Dit behels organisasie en dissipline, die moraal van alle vegtendes en onder=steuningsechelons, ontwikkeling en voorsiening van wapen=tuig, logistieke vernuf, die gehalte van strategie en taktiek tydens veldslae en die gehalte van militêre leier=skap vanaf die hoogste range tot die spreekwoordelike voetsoldaat.

Die bestaan van oorlog word hoofsaaklik vanuit twee stand=punte beoordeel - die realiste wat soos "Kaiser" Wilhelm II die mening toegedaan is: "Till the world comes to an end, the ultimate decision will rest with the sword."[16] Daarteenoor is daar die idealiste wat oorlog as 'n plaag beskou, 'n anachronisme wat nie langer 'n doel dien nie, en ten alle koste uitgeskakel moet word. "Massenselbstmord ....." deel Toynbee mee: "müssen wir ins Auge sehen."[17] Bertrand Russell het sy idealisme so gestel:

> "Hate and destructiveness, having become, cosmic, will spread madness beyond its present terrestrial confines. I hope, though with much doubt, that some gleams of sanity may yet shine in the minds of statesmen. But the spread of power without wisdom is utterly terrifying, and I cannot much blame those whom it reduces to despair."[18]

Omdat oorlog, ten spyte van sy verwoestende nagevolge en utopiese droombeelde van die idealiste, 'n ervaring van die tussenstaatlike werklikheid bly, kan die verhoudings tussen state nooit daarvan losgemaak word nie.

Elke teorie wat hom aldus toespits op die verhoudings tussen state en die bestaan van oorlog ontken, is werklik=

442/...

heidsvreemd en hou nie tred met die realiteite nie. Earle stateer: "But war is not an act of God."[19] - dit groei uit die ideale, begeertes, drifte en soms ook uit regshandhawing en die regverdigheidsin van staatsmanne en nasies. Oorloë word nie voortdurend gevoer omdat state per se 'n behoefte daaraan het nie; maar omdat die mens se aardse werke nooit volkome volmaak sal wees nie, sal oorlog altyd 'n deel uitmaak van die tussenstaatlike werklikheidservaring. Taylor bied 'n Christelike perspek= tief op die saak:

> "In the New Testament we are given no picture of peace on earth among the nations. On the contrary, prophecies abound of the most terrible wars among people at the end of future history before the final consummation which transcends history."[20]

Oorlog is dus illustrasie van die repeterende feilbaarheid van state in hulle internasionale verhoudings en hang natuurlik ten nouste saam met die magsvermoëns van state. Enkele grepe uit die historiese ontwikkeling van oorlog= voering is dus onontbeerlik voordat die hedendaagse moderne toespitsing in kernoorlog en ongereëlde oorlogvoering meer bepaald onder die soeklig kom.

2 GREPE UIT DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN OORLOGVOERING

2.1 Inleiding

Stryd en oorlogvoering is so oud soos die geskiedenis van die mensdom. "War was normal"[21], beweer Schuman terwyl Aron stateer:

> "War is to be found throughout all history and all civilizations. With axes or cannon, arrows or bullets, chemical explosives or atomic chain reactions, remote or immediate, in isolation or en masse, by accident or according to rigorous method, men have killed each other, using the instruments, which custom and the communities knowledge afforded them."[22]

Die eie-aard van oorlogvoering het deur die eeue fundamen= tele veranderings ondergaan. Aanvanklik was dit meermale met 'n romantiese waas omgewe, maar gepaardgaande met die

443/...

groei in beskawingsontwikkeling het die besef posgevat dat dit nie langer 'n "luukse" van die avontuurlustiges is nie. Veral in die kerneeu stel oorlogvoering hoë eise - flaters kan die beskawing van alle eeue onherstelbaar beskadig.[23] Op 7 Januarie 1953 het President Truman voor die Amerikaanse Kongres verklaar:

> "The war of the future, would be one in which man could extinguish millions of lives at one blow, demolish the great cities of the world, wipe out the cultural achievements of the past - and destroy the very structure of a civilization that has been slowly and painfully built up through hundreds of generations."[24]

Kissinger stel die realiteit só:

> "At a moment when technology has put within our grasp a command of nature never before imagined, we are driven to realize that everything depends on our ability to use power with subtlety and discrimination."[25]

Om die kardinale struktuurverandering van oorlogvoering ten beste te begryp is 'n bondige blik op die historiese ontwikkeling onontbeerlik.[26] In sy magistrale werk: *A Study of War* (1942) onderskei Wright evolusionisties vier fases in oorlogvoering wat respektiewelik gedomineer is deur die diereryk; primitiewe mense; beskaafde staatsburgers; en tegnologie vir oorlogsdoelmatigheid in die hande van die mensdom.[27] Ooreenkomstig Wright se model begin ons met die derde fase wat hy onderskei, naamlik die oorloë in die antieke stadstaatkonstellasies eeue voor Christus.

2.2 Die Antieke Stadstate

Tussen die eerste stadstate in die valleie van die Tigrus en die Eufraat, die Nyl, die Aztec-gemeenskap, en die staatkundige entiteite op die walle van die Geel-, Jangste-, Indus- en Gangesvalleie is oorlogvoering 'n algemene tussenstaatlike kontakmoment.[28] Die Franse historikus, Maspero, skets die volgende aangaande oorlogvoering van dié tyd:

444/...

> "From time to time some kinglet, more daring, cunning, tenacious or better fitted to govern than the rest, extended his dominion over his neighbours, and advanced step by step, till he had united immense tracks under his single rule. As by degrees his kingdom enlarged, he made no effort to organize it on any regular system..... when the massacres which accompanied his first victories were over, when he had incorporated into his own army what was left of the vanquished troops, when their children are led into servitude and he had filled his treasury with their spoil and his harem with their women, it never occured to him that there was anything more to be done....."[29]

Reeds in die voortdurende wisselwerking tussen oorlog en vrede word dit duidelik dat enige georganiseerde gemeen= skap (stadstaat) die grense van sy magsbevoegdheid nie ewigdurend kan oorskry nie. Gebrek aan swaardmagsanksie in verowerde gebiede bring "bevrydingsoorloë" en dwing die "imperiale moondhede" terug in eie regsbevoegdheid.

Tussen die Griekse stadstate onderling is daar vele aanduidings van epogmakende konflikte.[30] "So they gave their bodies to the commonwealth and received, each for his own memory, praise that will never die."[31], het Pericles hulde gebring aan Atheense gesneuweldes in die stryd teen Sparta. Ondanks Demosthenes (384-332 v.C.) se hartstogtelike waarskuwings teen interne Griekse ver= deeldheid slaag die Hellene nie daarin om te verenig voor die aanvalle van die Perse onder Darius (490 v.C.) en Xerxes (480 v.C.) nie. Herodotus het Xerxes se motiewe vir Persiese imperialisme so weergegee:

> "Once let us subdue this people.....and we shall extend the Persian territory as far as God's heaven reaches..... The sun will shine on no land beyond our borders; for I will pass through Europe from one end to the other, and make of all lands which it contains one country..... By this course then we shall bring all mankind under our yoke."[32]

'n Klinkklare uiteensetting van wat later as magspolitiek of "Realpolitiek" bekend sou word.

445/...

Dit was egter eers Alexander die Grote wat deur: "grand strategy and tactics."[33], aldus Liddell Hart, die eerste skepper van 'n universele staat deur die swaardmag sou word. Hy dra vlam en swaard deur Klein-Asië, Egipte, Babilon, Turkestan en Wes-Indië waardeur 'n groot deel van die destydse bekende wêreld onder sy hiel kom en ook geleidelik die Helleense beskawing deelagtig word.[34] Na sy vroeë dood begin die ryk egter verbrokkel deur sepera= tisme, sesessie, chaos en hernieude oorlogvoering.[35] Die Puniese Oorloë tussen Hannibal (Karthago) en Rome, dagteken die volgende belangrike moment in oorlogvoering.

2.3 Die Stryd tussen Rome en Karthago

Die totstandkoming van die magtige Pax Romana is aanvanklik getemper deur die stryd teen Hannibal; bekend as die Puniese Oorloë. Aanvanklike bondgenote in die stryd teen Pyrrhus - nakomeling van Alexander - ontstaan daar 'n stryd tussen die bondgenote in die vroeëre alliansie die oomblik toe daar geen eksterne bedreiging was om die eenheid te forseer nie.[36] Gedurende die eerste Puniese Oorlog (264-260 v.C.) word die Karthageners gedwing om Sicilië, oorlogsbuit uit die vroeëre alliansie te ontruim.

Die bekendste veldtog was egter die Tweede Puniese Oorlog (218-202 v.C.) toe Hannibal sy beroemde inval in die Italiaanse Skiereiland geloods het.[37] Geniale strateeg by uitnemendheid behaal hy groot oorwinnings by Trasimene en Cannae, maar om onverklaarbare redes het hy nooit die verowering van Rome self aangepak nie.[38] In sy magistrale werk *Römische Geschichte* dui Mommsen daarop dat Hannibal besef het dat hy 'n uitmergelende beleëring teen Rome nie sou kon volhou nie.[39] Terwyl Hannibal in Suid-Italië strategies stagneer het, het Scipio die Karthaagse hinterland en die Iberiese Skiereiland - tradisioneel Hannibal se sekuriteitsbasis - agter sy rug begin terroriseer en domineer.[40] Hannibal word gedwing om sy moederstad te hulp te snel en word verpletterend by Zama verslaan.[41] Daarna volg die derde Puniese Oorlog (149-146 v.C.) wanneer die legioene van Rome Karthago met die grond gelyk maak.

446/...

"In razing Carthage and sowing the site with salt so that new life could not emerge," verklaar Art en Waltz: "Rome showed a capability for extirpation and a capacity for ruthlessness usually, but wrongly, identified with modern totalitarianism."[42]

Mommsen stel die verwoesting van Khartago so:

"Der Senat befahl dem Feldherrn die Stadt Karthago und die Aussenstadt Magalia dem Boden gleich zu machen, desgleichen alle Ortschaften, die es bis zuletzt mit Karthago gehalten; sodann über den Boden Karthago's den Pflug zu führen, um der Existenz der Stadt in Form Rechtens ein Ende zu machen, und Grund und Boden auf ewige Zeiten zu verwünschen, also dass weder Haus noch Kornfeld je dort entstehen möge."[43]

Die slag van Zama het Rome die dominante moondheid in die Mediterreense wêreld gemaak en in die tyd van Julius Caesar het die dorpie aan die Tiber gegroei tot die hoof= stad van'n wêreldryk.[44] Oorloë en dominasie is voortdurend kensketsend van die Roomse staatsbestel. Nou egter alleenlik met minderes, omdat daar geen werklike kon= kurrensie ten opsigte van magsvermoë of swaardmagkapasi= teit meer is nie.

"Like a python that has swallowed a deer and can eat not another morsel," deel Coblentz mee: "the Roman Empire at the death of Julius Caesar was so gorged on territory that it could consume little more."[45]

Reeds by die Pax Romana was die delikate verhouding tussen beskikbare swaardmagvermoë en die grense van die voort= durende ekspansie van staatkundige imperialisme baie kennelik waarneembaar. Heroïse stryd om die behoud van die eie is in die tyd reeds die motivering wat aangetref word by meer as een van die opstandige staatkundige minderes. In die bergvesting Masada, in die Romeins- besette Judea, verklaar Eleazar Ben Yair 73 n.C. aan sy mense:

"I cannot but esteem it as a favour that God hath granted us, that it is still in our power to die bravely, and in a state of freedom..... Let our wives die before they are abused, and

> our children before they have tasted of slavery; and after we have slain them, let us bestow that glorious benefit upon one another mutually and preserve ourselves in freedom, as an excellent funeral monument for us.....a testimonial when we are dead..... that according to our original resolution we have preferred death before slavery."[46]

Illustrasie daarvan dat die hoogste offer, nasionaal in omvang, vir die behoud van die eie betaal is. Ironies genoeg dat Rome ook deur die swaard tot 'n val sou kom (die interne dekadensie in Rome ten spyt), maar Belisarius sou vir laas nog gedurende die Bisantynse oorloë die roem van die Romeinse legioene op die slagvelde bestendig.

2.4 Die Val van Rome en die Bisantynse Oorloë

Interne klassestryd en staatsondermynende feodale sepera= tisme dreineer geleidelik die owerheidskontrole van Rome wat in 364 n.C. in 'n Oostelike en Westelike deel verdeel word.[47] Die Visigote onder Alarik, die Hunne onder Atilla, en Odoaker aan die spits van die Vandale - barbaarse stamme uit die Oos-Europese hartland - dra vlam en swaard deur die buitewyke van die eens magtige ryk, en verwoes in 410 en 455 n.C. vir Rome.[48] Dit bring die einde van die Westelike Ryk as 'n politieke entiteit, alhoewel die stad die setel van die pousdom bly wat op godsdienstige vlak die barbaarse ryke geleidelik aan die Rooms-Katolisisme onderwerp. Die Oostelike deel van die Ryk beleef 'n kort opflikkering in die tyd van Justinianus (527-565 n.C.). Die beroemde Bisantynse generaal, Belisarius, oorwin die Perse, Vandale, Gote en More ver= skeie male deur superieure strategie.[49] Afguns by Justinianus bring Narses in die plek van Belisarius as aanvoerder, maar die verowerde gebiede word spoedig weer aan die hordes uit die Noorde afgestaan. Konstantinopel is nog lank die vesting van die Oostelike Ryk totdat dit in die Middeleeue die Turkse veroweringsdrange ten prooi val.

448/...

2.5 Die Gewelddadige Verbreiding van Mohammedanisme

Nadat Mohammed die Islam as religieuse en staatkundige mag gevestig het, word dit op gewelddadige wyse deur die swaard uitgedra.[50] Die bloedige verbreiding van die Mohammedanisme gaan gepaard met 'n fanatiese religieuse veroweringsdrang.[51] Die hoogste eer was om op die slagveld teen nie-Mohammedane te sneuwel. Damaskus en Jerusalem word beset, Egipte en Persië oorrompel, en teen 643 n.C. was ook Babilon, Assirië, Mesopotamië en dele van Noord-Afrika onder die juk van die Islam.[52] Hulle verower selfs die Iberiese Skiereiland en word eers in 732 n.C. by die slag van Tours deur 'n gesament= like mag van Franke, Gote en Oos-Romeine onder aanvoering van Karel Martel gestuit.[53] In die bedreigingsoomblik deur die Sarasene is die onderlinge stryd in Europa vergete en staan hulle skouer aan skouer vir die behoud van die Christendom. Twee faktore is tydens hierdie oor= logsdramas belangrik. Godsdienstige fanatisme is 'n dryfkrag sonder weerga in doelbewuste magsekspansie - alle vegtendes is besiel; dit is nie net die aanvoerders wat droom van 'n universele ryk onder sy gesag nie. Verder is die vestiging van 'n bedreigende wêrelddominante staatkundige instelling 'n belangrike stimilus in alliansie= vorming.

2.6 Die Middeleeue

Oorlogvoering in die Middeleeue is die skakel tussen die antieke en moderne geskiedenis. Die Weste leef in die era van feodale seperatisme wat die oorlogvoering van die Noorse invallers baie vergemaklik.[54] Die Vikingers en ander barbaarse Noormanne uit Skandinawië verower groot dele op die Europese vasteland, Engeland, Rusland, Italië en Groenland, maar word met verloop van tyd staatkundig en kultureel geabsorbeer deur die veel sterkere kultuur van hulle slagoffers. Simbool daarvan dat naakte swaardmag alleen, in die hande van barbare, geen waarborg vir staatkundige ontwikkeling en genormeerde owerheids= doelmatigheid is nie. Avontuurlustige oorlogsbarbarisme is geen waarborg - in die tydsorde - teen groter kulture nie. Oorlog kom met eentonige reëlmaat voor en

die "Christendom" wend selfs 'n poging aan om deur die sogenaamde kruistogte die "Heilige Land" te verower. Dit is ook die era waartydens Machiavelli in sy *Art of War* sy bekende magspolitiese konsepte militêr-strategies uiteensit.[55]

Die beste voorbeeld van oorlogsverwoesting in die Middeleeue kom uit die Ooste waar Genghis Khan met sy Mongoolse hordes verskrikking saai tot in Sentraal-Europa.

> "When my successors have ruled for five hundred, a thousand, or ten thousand years," het Khan volgens oorlewering aan sy aanvoerders verklaar en voortgegaan:
>
> ".....those who take my place will continue to follow the laws and customs prescribed by Genghis Khan. Heaven has appointed one to rule all the nations....."[56]

Khan (1162-1227) het baie na gekom aan die verwesenliking van 'n universele ryk[57], maar die Oostelike deel van sy staatkundige domein is met verloop van tyd deur Sjina geabsorbeer, terwyl die Westelike deel opgeneem is in die staatkundige verbreiding van die Islamgodsdiens.

2.7 Die Sewentiende Eeu en die Dertigjarige Oorlog

Die Dertigjare Oorlog (1618 - 1648) staan in die teken van godsdienstige fanatisme.[58] Holsti beweer:

> "In the early seventeenth century, international politics became particularly violent as extreme religious differences between Protestants and Catholics exacerbated the international tensions already caused by dynastic ambitions."[59]

Teenoor sy vriend Spalatin merk Luther in die verband op:

> "I implore you, if you rightly understand the gospel, do not imagine that its cause can be furthered without tumult, distress, and uproar..... The word of God is a sword, is warfare, is destruction, is wrath, is spoiling, is an adders tongue, and as Amos says, like the lion on the footpath, and the bear in the forest."[60]

Diepliggende religieuse tweespalt het verwoesting meege= bring wat eers weer ten tye van die Franse Rewolusie geëwenaar sou word.[61]

450/...

Die oorloë bly nie streng tot die vasteland beperk nie. In Engeland hanteer Cromwell aan die spits van die Puriteine die swaard teen die Rojaliste en Rooms-Katolieke aristokrasie.[62] Die Franse generaal, Turenne, verslaan in die tweede helfte van die sewentiende eeu die teenstand teen die Europese staatkundige oorheersing van Lodewyk XIV. Dit is bekend dat hy op sy sterfbed aan die jong troonopvolger, Lodewyk XV, sou sê:

> "Try to keep the peace with your neighbours. I have loved war too well; do not copy me in this, nor in the lavish expenditures I have made."[63]

Vauban, militêre ingenieur in die tyd van Lodewyk XIV, lewer in dié tyd 'n belangrike bydrae tot die wetenskap rondom oorlogstrategie (polemologie); veral in toespitsing op fortifikasies en die verdediging en beleëring van strategiese en kwesbare punte.[64]

Die sewentiende eeu is die tydperk waarin die struktuur van die moderne statestelsel begin uitkristalliseer. Die tussenstaatlike struktuur rus op die onbeperkte soewereiniteit van die nasionale staat, en opereer op die beginsel van magsbalans waardeur vyandige moondhede verhinder word om onbegrensde internasionale mag te verky. Die mag van die staat is die ultima ratio en daarvoor word die swaardmag roekeloos ingespan. Oorlogvoering word in bewuste verband met nasionale staatkundige entiteite gebring.

2.8 Die Agtiende Eeu

Die moderne statestelsel word betree met die Vrede van Wesfale (1648).[65] Hierna volg oorlogvoering vir die eerste keer tussen die uitgekristalliseerde nasionale state van Wes-Europa; oorloë wat gedurende die agtiende eeu ingelui word met die Oorlog van die Spaanse Suksessie (1701 - 1713). Dit spruit uit die begeerte van Lodewyk XIV om Franse susereiniteit oor die Europese vasteland te proklameer en 'n politieke eenheid van Frankryk en Spanje te bewerkstellig. Die briljante indirekte strateeg, Marlborough, verhoed in meer as 'n dekade van

451/...

oorlogvoering realisering van dié ideaal en by die Vrede van Utrecht (1712 - 1713) kom daar tydelike vrede.[66] Artikel 6 van die Anglo-Franse Verdrag van 1713 het die politieke unifikasie van Frankryk en Spanje verbied, omdat:

> ".....the most destructive flame of war which is to be extinguished by this peace arose chiefly from hence, that the security and liberties of Europe could by no means bear the union of the Kingdoms of France and Spain under one and the same King."[67]

Die opkoms van Pruise onder die Hohenzollern Dinastie, met Frederik die Grote aan die spits, is verantwoordelik vir die volgende rondte oorlogvoering in Europa.[68] Die Eerste (1740 - 1742) en Tweede (1744 - 1745) Silesiese Oorloë is 'n desperate "blitzkrieg" om Pruise staatkundig beter te verassureer. Die oorloë van Pruise moet "short and lively"[69] wees verklaar Frederik in sy werk *Principes généraux de la querre* (1746). Daarna volg die Sewejarige Oorlog (1756 - 1763) en die oorlog oor die suksessie van Bavaria (1778 - 1779).[70] Frederik laat Pruise ontwikkel van 'n swak tot een van die sterkste state in Europa. Dit was hy wat die ysere dissipline en die liefde vir die streng militêre - die tradisionele Duitse nasionale "geboortemerk" - nagelaat het.

> "If a soldier during an action looks about as if to flee, or so much as sets foot outside the line," het hy verklaar: "the non-commissioned officer standing behind him will run him through with his bayonet and kill him on the spot."[71]

Oorlogvoering in nasionale staatkundige belang word tot eksesse gevoer deur Napoleon Boneparte.

2.9 Die Franse Rewolusie en Napoleon

Die Franse Rewolusie van 1789 bring andermaal 'n omver=werping van die gevestigde Europese staatkundige orde en veroorsaak 'n nasionale eenheid in Frankryk wat onder die briljante leiding van Napoleon Boneparte andermaal die magsewewig op die Europese vasteland omver gooi.[72] Gerug=steun deur die rykste en die talrykste nasie op die

452/...

vasteland en saamgesnoer deur 'n ongekende opwelling van patriotisme na die rewolusie verower Napoleon die grootste deel van Europese vasteland.[73] Sy troepe het weinig gebrek aan nasionale moraal en die totale bevolking word en masse by die oorlogspogings betrek.

> "Young men will go forth to battle; married men will forge weapons and transport munitions; women will make tents and clothing, and serve in hospitals; children will make lint from old linen; and old men will be brought to the public squares to arouse the courage of the soldiers, while preaching the unity of the Republic and hatred against kings."[74], lui die beroemde dekreet van 23 Augustus 1793.

Ook Napoleon oorspan die grense van sy magsvermoë. Britse oppermag op see, die ontwaking van nasionalisme in die Franse "koloniale gebiede" en die katastrofale Russiese Veldtog (1812) dra almal daartoe by om die militêre mag van die Man van Korsika te knak.[75] Na die Volkereslag van Leipzig (1813) wend Napoleon 'n laaste wanhopige poging aan om die magsvermoë van vervloë dae te herstel. Met die beroemde slag van Waterloo (1815) egter, word Frankryk met die swaardmag teruggedwing in eie regsbevoegdheid - maar belangriker nog - die statestelsel van Europa het bewys dat dit magtiger was as sy sterkste lid.[76] Die universele veroweringsdrang van Napoleon was bowendien 'n belangrike stimulant vir die opkoms van nasionalisme - staatkundig beleë in die struktuur van die nasionale staat - wat dikwels aan die spits van oorloë in die negentiende eeu staan.

2.10 Van Waterloo tot Serajewo

Die eeu wat lê tussen die slag van Waterloo (1815) en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) sal waarskynlik altyd 'n unieke honderd jaar in die geskiedenis van die internasionale politiek bly.[77] Gewapende nasionalisties-geïnspireerde opstande vind geredelik plaas (1830 - 1848); simbool van die onvermoë van die vredemakers by die Kongres van Wene om aan nasionalisme sy verdiende staatkundige erkenning te verleen. Wel strewe

453/...

die supermoondhede na quid pro quo in hulle onderskeie magsvermoëns[78]:

> "There existed within the new international order no power so dissatisfied that it did not prefer to seek its remedy within the framework of the Vienna settlement rather than in overturning it."[79], aldus Kissinger, maar dit was 'n magsbalans waarin slegs die Grotes verreken is, met die kleiner moondhede as die pionne om die ewewig te stabiliseer.

Die unifikasie van Duitsland en Italië vestig twee nuwe state wat dikwels aan die spits van die oorloë in die neëntiende eeu staan. Mazzini, Cavour en Garibaldi lei Italië deur oorlog tot eenheid teen die vreemde Oosten= rykse oorheersing.[80] Otto von Bismarck, "Realpolitiker" en "Tatmensch", glo aan die dogma van "bloed en staal" en lei Duitsland deur superieure diplomasie en die militêre genialiteit van Moltke en Schlieffen tot oor= winnings teen Denemarke, Oostenryk en Frankryk.[81]

Weg van die Europese toneel is die einde van die neëntiende eeu die triomf van kolonialisme en imperialisme.[82] "Take up the White Man's burden - Send forth the best ye breed - Go bind your sons to exile, To serve your captives' need;", skrywe Kipling in sy bekende *The White Man's Burden*.[83] Die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775 - 1783) is die tradisionele model van die vryheidstrewe teen kolo= niale en imperiale oorheersing.[84]

Elders, in Afrika (Die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 -1902),[85] Asië, en Suid-Amerika word koloniale besetting deur die imperiale moondhede gehandhaaf. Die Russies-Japannese Oorlog (1904 - 1905) is illustrasie van die feit dat nie net Europese moondhede magsekspansie deur oorlogvoering najaag nie.[86]

Aan die begin van die twintigste eeu heers daar skynvrede in Europa, maar Bismarck se vondeling van alliansies kry 'n nuwe strukturele gedaante in die Drievoudige Verbond (Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Italië) teenoor die Drievoudige Entente (Engeland, Frankryk en Rusland).[87]

454/...

Beveiliging van die eie word nie langer gesoek in nasionale konsolidasie nie,maar in tussenstaatlike alliansies, meesal geïnspireer deur konstitusionele verskille en die behoud van magsewewig.

2.11 Samevatting

Voorafgaande historiese oorsig van oorlogvoering was uiteraard slegs 'n stakkato-bestryking van enkele vername momente tot voor die Eerste Wêreldoorlog. Dit dien as bondige historiese perspektief tot oorlogvoering in die huidige milieu - die twintigste eeu. Alhoewel daar, relatief gesproke, tog kort vredestydperke was, vorm oorlogvoering 'n vername deel van die historiese kontak=spektrum in internasionale verhoudinge. 'n Veelheid van nasionale state vorm nie regdeur die strukturele basis nie, en daarom sou dit verkeerd wees om aan nasionalisme al die skuld vir oorlogvoering toe te dig. Die oorsake en struktuur van oorlogvoering stel ons egter later aan die orde. Die twintigste eeu word gekenmerk deur inter=nasionale magbotsings waarby alle state en individue feitlik sonder uitsondering betrokke is en dus 'n onge=kende internasionale betrokkenheidsdimensie impliseer.

3 DIE EERSTE WêRELDOORLOG

Die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918) eis die lewens van tien miljoen mense en daar is weinig state wat nie direk of indirek daarby betrokke is nie.[88] Die oorsake van die oorlog is geweldig verbreid[89], omdat die oorlog eintlik 'n ontnugtering was vir die skynvredemakers.

> "The world on the verge of its catastrophe was very brilliant....." , het Winston Chuchill geskrywe: "The old world in its sunset was fair to see."[90]

As Frans Ferdinand vermoor word in Serajewo word die vonk by die kruitvat gebring; gebeure volg mekaar snel op en binne dae is Engeland, Frankryk en Rusland gewikkel in 'n "hideous mockery of military science" teen Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Italië.[91]

> "The lamps are going out all over Europe, I feel like a man who has wasted his life....."[92] het Sir Edward Grey opgemerk.

455/...

Die Eerste Wêreldoorlog was onbeperk in magsaanwending. Die massale mobilisasie van mense en materiaal (aanwending van die tegnologie) was onbekend in die geskiedenis van oorlogvoering.[93] "Only when the enemy had been crushed."[94] was die motto - die oorheersende dryfveer van 'n oorlog wat ook op politieke front geen beperking gehad het nie. Die wegkalwering van die morele konsensus,messiaanse nasio= nalisme, die versteuring van die magsbalans en die aanwending van tegnologie dra almal by tot brutale magsaanwending. Die oorlog word 'n meedoënlose skaakmattoestand op die meeste fronte. Vanuit loopgrawe en agter doringdraad verpletter die vegtendes mekaar oor en weer in 'n wrange uitvoering van oorlogstrategie.[95]

Hoewel die geallieerdes teen die einde van die oorlog onder aanvoering van die beroemde Maarskalk Foch[96] die oorlogs= vermoë van die spilmoondhede begin knak, is Duistland nie totaal oorwin nie. Amerikaanse toetrede aan die kant van die geallieerdes (6.4.1917) het die skaal egter beslissend geswaai.[97] 'n Wapenstilstand word op 11 November 1918 onderteken, en daarmee is die Eerste Wêreldoorlog met sy massale verwoesting beëindig.[98]

Die Vrede van Versailles (1919) bevat reeds die embrionale fase van nog 'n wêreldbotsing. Die idealistiese utopia - gestruktureer in die Volkebond - het nie rekening gehou met die realiteite nie.[99] Lloyd George (1863 - 1945) het tydens die algemene Britse verkiesing op 14 Desember 1918 aan die Engelse volk belowe: ".....to hang the Kaiser and collect from Germany the costs of the war shilling for shilling and ton for ton."[100] Aan die poging om die mag van Duitsland kontraktueel aan bande te lê het ook Clemenceau van Frankryk meegedoen.[101] Verdragsreekse word egter nie klakkeloos eerbiedig in die wêreldpolitiek nie. Slegs twee dekades later breek 'n tweede universele oorlog uit.

4 DIE TWEEDE WêRELDOORLOG

Die twee dekades tussen die twee wêreldoorloë word gekenmerk deur die opkoms van staatstotalitarisme en byna demoniese

456/...

staatsleierskap. Diktature kom in verskeie state in Europa aan die orde en veral Adolf Hitler het geen geheim gemaak van sy begeerte van internasionale magsentralisasie in sy "Third Reich" nie.[102]

> "The question for Germany is where the greatest possible conquest could be made at lowest cost",

het Hitler in die beroemde Hossbach - dokument verklaar (5.11.1937) en daaraan toegevoeg:

> "Our agreements with Poland remain valid only as long as Germany's strength remains unshakable."[103]

Duitsland, Italië en Japan stel militante magsuitbreiding deur die swaardmag voorop. Feis stel die moraal wat vermurwe het, so:

> ".....and how loath were the British and French people to risk war until the danger to their own national life and independence was imminent and inescapable."[104]

Na aanvanklike ongehinderde agressie (skynbare internasionale konsensus) breek die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945) for= meel uit, as die Duitse pantsers op 1 September 1939 Pole binneval. Daarna woed die oorlog vir ses jaar tussen Duitsland en sy bondgenote enersyds, en die geallieerde moondhede; wat ironies genoeg die kommunistiese diktatuur Rusland ook insluit, andersyds.[105] Na die verraderlike aanslag op Pearl Harbour (7.12.1941) word Japan verwelkom by die spilmoondhede, terwyl Amerika toetree aan die kant van die Geallieerdes. Die volgende dag het Roosevelt voor 'n emosiebelaaide Amerikaanse Kongres verwys na die: "day which will live in infamy", en afgesluit: "We will gain the inevitable triumph - so help us God. I ask that the Congress declare.....a state of war."[106]

Die globale oorlog boemerang tot elke uithoek van die wêreld. Dit betrek feitlik elke mens en sluit konvensionele-, guerrilla-, en kernoorlog in. Patriotte en renegate is aan alle kante werksaam, terwyl uitmoringskampe, bombardering van stede en die betrokkenheid van die burgerlikes die totaliteit van die oorlog reflekteer.[107]

Nadat Hitler se weermag Europa oorspoel en ook in Rusland en Noord-Afrika die banier van die swastika voortdra kom die keerpunt in 1942. Rommel word in Noord-Afrika gestuit

457/...

deur Montgomery[108], en in Rusland word die Duitse Sesde Leër by Stalingrad tot oorgawe gedwing.[109] In die Stille Oseaan word Japan van eiland na eiland teruggedryf. Halsstarrige Duitse en Japannese weerstand bring die mee= doënlose ruïnering van diê state. In Europa veg die Russe weswaarts (40 myl per maand vir 30 maande) om uiteindelik op 2 Mei 1945 Berlyn in te palm.[110] Sicilië, Italië en die vasteland word deur die Westerse geallieerdes verower. Na die beroemde inval van D-dag (6.6.1944) word Duitsland vanaf die Weste verower ooreenkomstig die motto van Roosevelt en Churchill: "unconditional surrender."[111] Duitsland gee onvoorwaardelik op 9 Mei 1945 oor. Aangevuur deur religieuse fanatisme[112], duur die Amerikaans-Japannese stryd nog voort totdat Hiroshima en Nagasaki in kernverwoesting opgaan en Tokio gedwing word om op 14 Augustus 1945 oor te gee.[113]

Tragiese mistasting deur wêreldleierskap aan die einde van die oorlog dra by tot oorlogvoering in 'n nuwe gewaad. Tussenstaatlike magskonstellasies is deur die oorlog ingry= pend verander. Die tradisionele magsbastion - Europa - word vervang deur die dominante beliggaming van tussen= staatlike mag in 'n nuwe bïpolêre magstruktuur - Rusland versus Amerika. Dit is die era waarin die Koue Oorlog betree word.

5 DIE KOUE OORLOG

5.1 Inleiding

Die bombardering van Japan met atoomwapens word vry alge= meen aanvaar as die begin van 'n nuwe era; nie net in oorlogvoering nie, maar ook in internasionale verhoudinge.[114]

> "Many of the old conceptions of war and peace, friend and foe, victory and defeat, must be re-shaped in the light of new realities."[115], skrywe John Kennedy. Noel-Baker stel die mensdom voor 'n wrange keuse:
>
> "Wenn die Menschheit nicht dem Krieg ein Ende setzen wird, wird der Krieg der Menschheit ein Ende machen."[116]

Enersyds is die gevaar van oorlog (kernoorlog) juis nou die demper op oorlogvoering. Andersyds word die Koue Oorlog gekenmerk deur 'n onverbiddelike magstryd tussen

458/...

Amerika en Rusland. Pitirim Sorokin het die "sociocul= tural cancer" in die volgende woorde saamgevat:

> "Naked power politics, with its incessant conflicts, is inherent in the contemporary disintegrating world. The polarisation of the basic conflict between Russia and the United States, with their satellites, is due neither to the vices nor to the virtues of these nations but to their doubtful privilege of emerging from the war as the two most powerful military forces."[117]

Alvorens die strukturele veranderings in oorlogstrategie breër belig word, eers 'n bondige toespitsing op die belangrikste gebeure in bykans drie dekades van Koue Oorlog.[118] 'n Bewuswording van die nuwe gedaante van tussenstaatlike stryd tree veral na vore na Churchill se beroemde "Iron Curtain" toespraak waarin hy onder andere verklaar: "From Stetten in the Baltic to Trieste in the Adriatic, an iron curtain has descended across the Continent."[119], en daarmee op 5 Maart 1946 in Fulton in die V.S.A. die kommunistiese aanslag ontmasker.

5.2 Iran, Turkye en Griekeland

Rusland se eerste ekspansie-poging gedurende die Koue Oorlog word gerig teen die olieryke Iran deur middel van die wederregtelike besetting van die Iranese provinsie Azerbaijan.[120] In stryd met die ooreenkoms van Teheran[121], het Stalin Westerse protesnotas in die wind geslaan en selfs die Veiligheidsraad van die pasgestigte V.V.O. het redelik mank aan daadkragtige optrede gegaan. Uiteindelik het Ghavam van Iran na onderhandelings met die Kremlin die Russiese troepe vanaf Iranese grondgebied laat padgee in ruil vir 'n beherende Russiese oliekonsessie.[122] Met die swaardmag van die Kremlin afwesig, en deur middel van 'n kinkel in die ooreenkoms[123], kon Iran eensydig die Kremlin se belange opsê. ".....the Russians who had been roundly beaten, did not even attempt to intervene."[124], aldus Fontaine - een van die weinige kere wat die Sowjets uitoorlê is.

In Griekeland stimuleer Rusland guerrilla-aktiwiteite sodat die Griekse Regering wat in 1944 na Athene terugkeer nie

459/...

daarin slaag om die hele staatsterritorium te beheer nie.[125] Britse troepe sanksioneer die gesag van Aartsbiskop Damaskinos, maar teen die einde van 1946 word die situasie kritiek as die guerrillas aktiewe steun uit Albanië, Bulgarye en Joegoeslawië ontvang.[126] Saam met die Griekse krisis loods die Kremlin ook 'n aanslag op die Kars en Ardahan gebiede op Turkse grondgebied rondom die Swart See; en op die Montreux Konvensie (1936) wat aan Turkye die beheer oor die strategiese Dardanelle toegesê het.[127]

> "But Turkey is weak," het Stalin in April 1946 aan Bedell Smith verklaar: "and the Soviet Union is very conscious of the danger of foreign control of the Straits, which Turkey is not strong enough to protect. The Turkish government is unfriendly to us. That is why the Soviet Union has demanded a base in the Dardanelles. It is a matter of our own security."[128]

Truman het egter deur vlootmagsvertoon aangedui dat Amerika nie bereid was om 'n duimbreedte skiet te gee en die plannemakers van Moskou 'n vry hand in subtiele maar meedoënlose magsekspansie te laat nie.[129]

Die vinnig verslegtende situasie in "Klein-Asië", en die magteloosheid van die V.V.O., gee aanleiding tot die Truman-doktrine (11.3.1947), as die V.S.A. $250,000,000 aan Griekeland en $150,000,000 aan Turkye aanbied, om hulle teen die Russiese agressie staande te hou.[130] President Truman sê onder meer ter motivering:

> ".....,We don't want war. We must act in time - ahead of time - to stamp out the smoldering beginnings of any conflict that may threaten to spread over the world....."[131]

Iran, Turkye en Griekeland was egter bloot die voorbrand, Rusland sou sy waagpolitiek in magskonsepsie ook in Wes-Europa hanteer.

5.3 Die Marshall-Plan en die Berlynse Blokkade

Die Marshall-Plan (uiteengesit deur Generaal Marshall op 5 Junie 1947 in 'n voordrag by Harvard)[132] was 'n ekono= miese skema; gerig op die borswering van 'n oorlogsmoë

460/...

Europa teen Russiese magsekspansie.[133] Alhoewel Rusland ook uitgenooi is om aan die ekonomiese heropbou te deel, het hulle dit op velerlei maniere probeer kortwiek, omdat dit volgens die Kremlin kapitalistiese imperialisme was.[134] Tog was die ekonomiese herstel van Wes-Europa monumentaal; 'n prestasie wat ongelukkig in die politieke sfeer nie geëwenaar kon word nie.[135]

Die vredemakers by Jalta en Potsdam het die probleme van Duitsland en in sonderheid die van Berlyn hoogs onbevredi= gend opgelos.

> "High school juniors with a history book, a map, and a set of toy soldiers could have devised a better arrangement."[136], aldus Feis. Gekonfronteer met prestige-verlies deur die Marshall-Plan het Rusland onder aanvoering van Stalin op 21 Junie 1948 Berlyn afge= seël vanaf Westerse toevoerlines[137], en daarmee die geallieerde ooreenkoms oor die besetting van Berlyn ge= skend.[138] Eerder as om toe te gee aan die Russiese druk het die Weste geantwoord met 'n lugbrug wat die Kremlin na 14 maande gedwing het om die blokkade op te hef.[139] Truman skrywe in sy memoirs:

> "When we refused to be forced out of the city of Berlin, we demonstrated to the people of Europe that with their cooperation we would act and act resolutely when their freedom was threatened.....The Berlin blockade was a move to test our capacity and will to resist."[140]

Dit was egter nog nie die einde van die internasionale staatkundige problematiek rondom Berlyn nie. Die daaglikse ervaring met die kommunistiese ideologie het meegebring dat Oos-Duitsland letterlik besig was om hom dood te bloei aan bevolkingsgetalle. Tussen 1945 - 1961 het meer as 25%; of 4 miljoen Oos-Duitsers, na die "Weste" gevlug.[141] By hulle ontmoeting in Wene in Junie 1961 was Khrushchev baasspelerig met die jong President van die V.S.A., Kennedy, oor Berlyn. "I want peace," het Khrushchev verklaar: "but, if you want war, that is your problem....."[142]. Kort na die samesprekings is daar op 13 Augustus 1961 begin om die skandmuur in Berlyn op te rig.[143] In die dekade van

sewentig het Brandt die Adenauer-realisme[144] vervang met sy sogenaamde "Ostpolitik" waardeur die Duitse herunifikasie-ideaal afgesweer is. Dienaangaande berig *To the Point* met realisme en kensketsende satire:

> "Brandt's policy which, unlike Bismarck's does not trade mutual support with Russia, but is surrendering for the sake of Breshnev's smile."[145]

Intussen het die kentering in die staatkundige ontspanningsverhouding reeds ingetree.[146] Die Duitse probleem kan nooit in isolasie van die Weste opgelos word nie.

> "We can solve the German problem only in community with the West and in the certainty that the members of this community can depend on one another."[147]

aldus Franz-Josef Strauss. Na die Berlynse krisis verskuif die fokus van die Koue Oorlog na Asië.

5.4 Oorlog in Korea

Die eerste "warm" oomblik van die Koue Oorlog begin as Noord-Koreaanse kommuniste op 25 Junie 1950 die agt en dertigste breedtegraad oorsteek en Suid-Korea binneval.[148] Dit was waarskynlik die eerste en die laaste maal dat die Veiligheidsraad - die Russiese ambassadeur was afwesig - 'n militêre oorlogspoging internasionaal kollektief gesanksioneer het om tussenstaatlike vrede en veiligheid te handhaaf.[149] Onder die uitstaande aanvoering van die berugte Amerikaanse generaal, Douglas MacArthur, is Noord-Korea spoedig binnegeruk, maar ondervind die V.V.O. - taakmag toenemende druk van Rooi Sjinese militêre eenhede op die Noord-Koreaanse Noordgrens. Ten spyte daarvan dat MacArthur 'n oorlog met Rooi Sjina aangepor het[150], is daar uiteindelik daarteen besluit.

> ".....the wrong war, at the wrong place, at the wrong time, and with the wrong enemy."[151]

, het Generaal Omar Bradley opgemerk.

Die V.V.O.-taakmag het teruggeval tot die agt en dertigste parallel, en terwyl vredesonderhandelaars met geskille geworstel het, het die oorlog sporadies voortgeduur.[152] Vrede is eers in 1953 onderteken. Die stryd in Korea was

'n triomf vir kollektiewe sekuriteit[153], maar dagteken ook die begin van Peking se betrokkenheid by die Koue Oorlog. Alhoewel die Weste kommunistiese agressie sou teenstaan, soos die stryd openbaar, was dit tog versigtig om nie die grense van die eie magsvermoë te oorskry nie; en oor 'n lokale konflik tot 'n globale magstryd uitgelok te word nie. Rooi Sjina; daarenteen, het reeds in sy internasionaal-staatkundige suigelingjare wêreldpolitieke agressie begin pleeg.

5.5 Viëtnam

Die nalewing van Westerse imperialisme gedurende die neëntiende eeu bring na die Tweede Wêreldoorlog guerrillaoor=logvoering in Viëtnam teweeg.[154] Die politieke leiers=figuur van die stryd, Ho Chi Minh[155], is nie alleenlik sterk nasionalisties geïnspireer nie[156], maar is produk van die kruisbestuiwing van Europese kommunisme en Viëtnamese nasionalisme.[157] Franse kolonialisme plaas hom dus in die dekade van vyftig in die voorste loopgraaf teen rewolusionêre bevrydingsoorloë. Frankryk slaag welis=waar daarin om die stede te beheer in die stryd teen die Vietminh, maar interne politieke onstabiliteit het gaande=weg die Franse magsposisie ondergrawe.

In *The War of the Flea. A Study of Guerrilla Warfare. Theory and Practice* skrywe Taber oor die strategiese kortsigtigheid van die Franse militêre besettingsdoktrines die volgende:

> "They seized strong points, but these strong points commanded nothing, since the enemy was not stationary but fluid and offered no contest for strong points or for territory. The French controlled the roads. The guerrillas passed safely in the jungle and rice paddies on either side at a distance of one hundred yards, unseen. The French held the towns. The enemy had no design on the towns. For where the French were fighting to control the national territory - that meant to occupy it - the guerrillas were interested only in winning its population. Note: this is the essential contrast between conventional war and guerrilla war. The army fights to occupy territory,

> roads, strategic heights, vital areas; the guerrilla fights to control people, without whose co-operation the land is useless to its possessor."[158]

In *Mandate for Change* huldig President Eisenhower 'n ooreenstemmende mening:

> "I am convinced that the French could not win the war because the internal political situation in Vietnam, weak and confused, badly weakened their military position."[159]

Na 'n vergeefse oproep om Amerikaanse magsintervensie word die Franse in Mei 1954 verpletterend deur die Vietminh onder die briljante strategiese leiding van Generaal Vo Nguyen Giap verslaan by Dien Bien Phu.[160]

Na die politieke skynskikking by Geneve (1954) word die V.S.A. algaande progressief by die stryd betrek.[161] Kennedy waak daarteen om die oorlog totaal te "Verameri= kaniseer" -:

> "In the final analysis," het hy verklaar: "it is their war. They are the ones who have to win or lose it."[162]

Onder Johnson se Presidentstermyn (1963 - 1968) eskaleer die konflik tot 'n fisiese Amerikaanse militêr-vegtende teenwoordigheid van meer as 'n half miljoen man.[163]

Intussen het interne Amerikaanse verdeeldheid oor betrokkenheid by die oorlog ("hawks" en "doves");[164] President Nixon in sy ampstermyn (1968 - 1974) daartoe gedwing dat Amerika sy werklike fisiese teenwoordigheid in Viëtnam begin verminder het. Reeds in 1967 skrywe Nixon oor die probleme van magsinmenging deur groot moondhede:

> "Nations not possessing great power can indulge in the luxury of criticism of others; those possessing it have the responsibility of decision. Faced with a clear challenge, the decision not to use one's power must be as deliberate as the decision to use it. The con= sequences can be fully as farreaching and fully as irrevocable."[165]

Die diplomatieke taak is aan Kissinger opgedra om enersyds na 'n polities-staatkundige oplossing te soek waarin die Viëtnamese self hulle heil kan uitwerk (onafhanklik van supermoondheidintervensie)[166], en andersyds is Kissinger self in 1969 van mening dat die groot moondhede die ekstern-stabiliserende faktor moet bly. In die verband skryf hy:

> "It is beyond imagination that parties that have been murdering and betraying each other for 25 years could work together as a team, giving joint instructions to the entire country."[167]

Tog slaag Kissinger na uitgerekte vredesonderhandelinge (waartydens volgens hom: "euphoria giving way to frustration.")[168], daarin om op 27 Januarie 1973 'n vredesooreenkoms met Lee Duk Tho in Parys te onderteken.[169] Daarmee is meer as 'n eeu van buitelandse militêre inmenging beëindig. Die vredesverdrag het egter weinig blywende invloed gehad. Die kommuniste het die militêre stryd hervat en teen die begin van 1975 is die onvermoeide ywer van Ho Chi Minh en Generaal Giap beloon toe Saigon en die hele Viëtnam deur die Vietcong oorrompel is. Daarmee is die seël geplaas op die moderne model van kommunistiese bevrydingsoorloë wat sommige "Westerse" waarnemers opnuut die gevaar van die teorie van "falling domino's" in Suidoos-Asië laat beklemtoon het.

5.6 Die Midde-Ooste

Dat die eeue-oue stryd tussen Jood en Arabier in die Midde-Ooste vir die huidige eeu van die vernaamste gevare vir die wêreldvrede inhou - 'n onweersone met baie latente konflikpotensiaal[170] - sal deur weinig ontken word. Onderliggend daaraan lê veral drie oorsake: eerstens die religieuse verskille tussen Sionisme en Mohammedanisme[171]; tweedens die geostrategiese ligging[172] en laastens die voortdurende inmenging van die Kremlin en die Wit Huis in dié onweersone.[173]

Na 'n stormagtige staatkundige historiese verlede word Palestina na die Eerste Wêreldoorlog as 'n A-mandaat aan Britse mandatariusbestuur opgedra.[174] In die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog kon Engeland die groeiende politieke

verskille tussen Jood en Arabier nie heel nie en voordat U.N.S.C.O.P.[175] permanente vrede kon bring, breek die eerste volskaalse oorlog in Mei 1948 uit. Hierna is daar 'n ongekende Arabiese opbloei van nasionalisme onder Nasser, wat onder andere die oorlog van 1956 bydraend stimuleer.[176]

> "Free men are the most fanatical defenders of their liberty," skrywe Nasser in 1955: "nor do they lightly forget those who have championed their struggle for independence."[177]

Elf jaar later word die Arabiere verpletterend verslaan gedurende die Sesdaagse Oorlog van Junie 1967.[178] Voor dié oorlog het Nasser op 27 Mei 1967: "the destruction of Israel."[179], as die doel van dié oorlog aangetoon. Die Eerste Minister van Israel, mev. Golda Meir, is egter baie uitgesproke oor die staatkundige bestaansreg van Israel as sy verklaar:

> ".....the root issue is the Arab attitude to Israel's very existence and security. Once the Arab countries accept the legitimacy of Israel as we have always accepted theirs, there is no reason for their intrasigence against negotiating the differences between us."[180] Sy gaan voort: "Let me answer plainly: I do not consider Israel's right to existence a theme for discussion."[181]

Die Vierde oorlog (Yom Kippur Oorlog) vind in Oktober 1973 plaas toe die magte van Israel onverhoeds oorval word.[182] Na aanvanklike terugslae slaag Israel tog daarin om na die vuurstakingsooreenkomste die beste strategiese posisies te beklee.[183]

Vier hewige oorloë binne 'n kwarteeu is die wêreldpolitieke realiteit van die Midde-Oosterse konflikpotensiaal in die Koue Oorlog. Kissinger se diplomatieke verbeeldingryke "suksesse" ten spyt[184], lê die konflikpotensiaal diep gewortel. Voeg daarby die Palestynse Vlugtelingvraagstuk[185] en godsdienstige fanatisme, dan is Sadat se woorde:

> "Egypt today has little interest in a world where power dictates its will. The future we and the other Arab nations dream of is one of justice and of peace in co-operation with all those who wish to assist our progress toward these goals."[186], bra onge=

loofwaardig as dit blywende vrede vir die Midde-Ooste sou impliseer. Nie voordat nugtere realisme fanatiese religieuse strydvaardigheid en rewolusionêre stryd vervang nie, en daar wedersydse belange-erkenning en staatkundige pariteit is nie, kan daar op 'n vaste basis gebou word vir vrede in die Midde-Ooste nie.

5.7 Opstande in die Russiese Satellietstate

Na die Tweede Wêreldoorlog hou Rusland die Oos-Europese state onderworpe aan sy brutale swaardmagdiktatuur.[187] Tito slaag weliswaar daarin om die mag van Stalin sukses= vol te weerstaan[188], maar die opstand teen die einde van 1956 in Hongarye word deur Russiese divisies (toegerus met meer as 6,000 tenks) onderdruk.[189] Die Weste oefen wel diplomatieke druk uit:

> "I urge in the name of humanity and in the cause of peace.....that the Soviet Union take action to withdraw Soviet forces from Hungary immediately....." skrywe President Eisenhower aan Bulganin[190], maar die Weste skitter origens in die af= wesigheid van daadkragtige fisiese steun.[191] 'n Nasionale volksopstand teen totalitarisme moes dus die knie buig voor ideologiese imperialisme, gesanksioneer deur superieure swaardmag. Voorts is duidelik geïllustreer, hoeseer die Weste ook al simpatie met die Hongaarse opstand gehad het, dat dit nie bereid was om oorlog op die Russiese magsdrumpel te voer nie.

Die Kremlin is bereid om enige Oos-Europese staat wat die gesag van Moskou uitdaag met pantsers in onderhorige "neweskikkende" posisie terug te dwing. Dié pynlike realiteit is weer eens in 1968 geïllustreer toe Alexander Dubcek Tseggoslowakye na 'n meer "liberale" politieke sisteem, wou lei.[192] Op 31 Augustus 1968 het Russiese troepe aan die spits van vyf Warskouse Verdrags= lande die: "threat to the socialist order."[193], in die kiem gesmoor.[194] In 'n brief aan Dubcek skrywe die Warskouse Verdragslande op 15 Julie 1968:

> "We cannot agree to have hostile forces push your country away from Socialism and create a

> danger of Czechoslovakia being severed from the socialist community. This is something more than your own concern. It is the common concern of all the Communist Parties and states united by alliance, co-operation and friendship. The frontiers of the socialist world have moved to the Bohemian Forest. We shall never agree to these historic gains of Socialism.....being put in danger."[195]

Dit was 'n direkte aanduiding van die strukturele vas= legging van 'n Moskou - boweskikking in die Brezhnev-doktrine.[196] Toekomstige suksesvolle opstande van die Russiese vasalstate in Oos-Europa sal in die voorsienbare toekoms nog afhang van die paraatheid van die Russiese weermag. Rusland sal sy invloedsfeer nooit laat penetreer nie, maar slaan dikwels eerder bresse in die weifelende houding van die Weste. Peffer dui aan:

> "What Lenin's Theses demonstrate is how a forceful and intelligent plan can affect the course of events when everyone else is drifting."[197]

Dit bly egter 'n ope vraag of Rusland in die lig van die skade wat brutale staatkundige dominasie tot onder= horigheid sy internasionale beeld aandoen, onbeperk een= dragtige optrede teen sy diktatuur sal kan onderdruk.

5.8 Afrika en die Koue Oorlog

Die staatkundige vrywording van Afrika na die Tweede Wêreldoorlog stel 'n polities-onmondige kontinent onder die aanslag van neo-imperialisme.[198] Salazar het tereg aangetoon dat Afrika - nog in staatkundige puberteit - hom in die spervuur van die Koue Oorlog bevind:

> "It is the literal truth that Africa is afire. Why is Africa on fire? Let us not imagine that it is due to internal combustion, that is, the unavoidable force of a historical movement urging the populations on to revolt, sedition, forced dispersion and independence. Africa is burning because it is being set on fire from outside."[199] (Onderstreep L.D.B.)

Rewolusionêre bevrydingsoorloë in Afrika begin in Kenia[200] en Algerië[201], maar dit is veral die krisis in die Kongo (1960) wat begin as 'n konflik tussen lokale strydende partye, eskaleer tot 'n stryd tussen Afrika-nasionalisme en kolonialisme en uiteindelik eindig as 'n stryd tussen Amerika en Rusland in die Koue Oorlog, wat in die sestiger= jare Afrika finaal in die strategiese branding van die wêreldpolitiek plaas.[202] Sedertdien het die meeste Afrika-state teen 'n verbasende tempo[203] onafhanklik ge= word, en word die aanslag van rewolusionêre bevrydings= oorloë gerig teen die sogenaamde reste van kolonialisme in Suider-Afrika.[204] Sedert die vroeg sestigerjare ondervind die Portugese Provinsies (Angola, Mosambiek en Portugees-Guinê, Rhodesië, Suid-Afrika en Suidwes-Afrika die aanslag van terrorisme.[205] Die stryd word onder meer sterk gestimuleer deur anti-kolonialisme en Afrika-nasio= nalisme.

> "A Union of African States will raise the dignity of Africa and strengthen its impact on world affairs.", skrywe Kwame Nkrumah in *Africa must Unite*, en gaan voort: "It will make possible the full expression of the African personality."[206]

Die stryd in Suider-Afrika word verder aangeblaas deur kommunistiese bemoeienis[207], en die aanslag teen die interne volkerebeleid van Suid-Afrika.[208]

> ".....I, and some colleagues, came to the conclusion that as violence in this country was inevitable, it would be unrealistic and wrong for African leaders to continue preaching peace and non-violence at a time when the government met our peaceful demands with force."[209], verklaar Nelson Mandela tydens die Rivonia-verhoor in Suid-Afrika (1964) en sluit sy betoog op 'n heel sentimentele toon af:
>
> "I have cherised the ideal of a democratic and free society.....it is an ideal for which I am prepared to die."[210], tiperend van die rewolusionêre strominge in Suider-Afrika.

Afrika, soos Brzezinski tereg aangetoon het[211], is egter 'n vasteland van wie die staatkundige lojaliteite nog

baie plooibaar is in die internasionale magstryd. Suid-Afrika het 'n besonder strategiese ligging[212], en groot= moondheidslojaliteite kan, gepaar met interne strominge, die internasionale isolasie in 'n hoë mate afbreek en Afrika al meer die prooi van konflikte in die Koue Oorlog maak. Vir Lenin het die verowering van die Weste immers oor Peking, Calcutta en Afrika geloop.[213] So word 'n polities - en magsonmondige kontinent vondeling in die tussenstaatlike magstryd.

5.9 Kuba in die Branding

Vanweë sy besondere geostrategiese ligging op die drumpel van die Amerikaanse hartland, dagteken die rewolusionêre oorname van Kuba deur Castro in 1959 die begin van die eerste werklike internasionale kernkonfrontasie.[214] Geleidelik slaag die Kremlin daarin om die lojaliteite van die eiland aan die kommunistiese ideologie te bind[215], en verkry daardeur 'n speerpunt van enorme magspotensiaal op die grense van sy tussenstaatlike "vyand". In 1961 volg die katastrofale "Bay of Pigs"-episode toe 1,400 anti-kommunistiese Kubaanse vlugtelinge - gesteun deur die Pentagon[216], en opgelei deur die C.I.A. - 'n mislukte poging aanwend om die eiland te herower.[217]

Aangevuur deur die mislukte Amerikaans-geïnspireerde aan= slag, het Rusland in Oktober 1962 'n gevaarlike waagstuk aangepak om so gou moontlik die strategiese kernbalans te herstel.[218] Bewus van die offensiewe projektiele op Kuba het Kennedy op 22 Oktober 1962 sy volk soos volg oor die beeldradio ingelig:

> "The 1930's taught us a clear lesson:
> Aggressive conduct, if allowed to grow
> unchecked and unchallenged, ultimately
> leads to war.....Our unswerving objective,
> therefore, must be to prevent the use of
> these missiles against this or any other
> country, and to secure their withdrawal
> or elimination from the Western Hemisphere."[219]

In ooreenstemming hiermee het die V.S.A. ferm standpunt ingeneem, en na 'n paar dae van breekpunt kernspanning[220], het Moskou gekapituleer. Op die keper beskou was die krisis

die plofbaarste (die delikate hantering deur beide state illustreer dit)[221], moment van die Koue Oorlog, omdat kernoorlogvoering vir die eerste keer in al sy skrikwekkende "glorie" sigbaar op die spel was. Khrushchev het immers verwys na: "The fuse of war, which had already been lighted."[222]

Kuba bly egter 'n onweersone met baie konflikpotensiaal. In 1970 is berig dat Rusland besig is om 'n duikbootbasis by die eiland in te rig.[223] Kuba is te veel 'n strategiese voorpos vir die kommunistiese ideologie dat die Kremlin die strategiese speerpunt sonder slag of stoot uit sy imperialistiese wentelbaan sal laat verskiet. Die eiland sal in die huidige internasionale bedeling altyd tussen= staatlike plofstof dra.

5.10 Krake in Tradisionele Alliansies

Die aanvangsjare van die Koue Oorlog word gekenmerk, en in die huidige milieu nog oorwoeker, deur 'n tweepolige lewens- en wêreldbeskoulike (ideologiese of normatiewe) verdeling tussen die kommunisme en demokrasie. As norma= tiewe tussenstaatlike middelpuntvliedende kragte bring dit twee opponerende magsblokke teweeg. Tog slaag die ideologiese onderbou nie daarin om onverdeelde trou aan die ware ideologie in stand te hou nie. Dit bring 'n ander faset van die Koue Oorlog na vore - verdeeldheid tussen tradisionele en ideologies-ooreenstemmende bondge= note. Weliswaar het grootskaalse oorlogvoering hier nog uitgebly, maar dit torring aan die aanvaarde strukturele onderbou van die wêreldpolitiek en aan die toekomstige karaktereie van die Koue Oorlog in die besonder.

5.10.1 Die Breuk tussen Rusland en Rooi Sjina

Histories en geografies het Rusland en Sjina baie meer stof tot stryd as enige van die twee state met die V.S.A.[224] Sedert die neëntiende eeu was daar ook verskeie botsings oor die vasstelling van die juiste geografiese skeiding tussen die twee lande.[225] Nadat Mao in 1949 die onbetwiste leier van die Sjinese "vaste= land" geword het, het die ideologiese samewerking met

Moskou begin verkrummel. Enver Hoxha van Albanië, het op 7 November 1961 'n skreiende aanval op die leierskap van Khrushchev geloods; hom van anti-Marxisme en -Stalinisme beskuldig en gewaarsku dat Albanië nie sou swig voor die magsdominasie van die ideologiese ontroue Rusland nie:

> ".....we say to N. Khruschchev that the Albanian people and their party will live on grass if necessary, but never will they sell out for thirty pieces of silver because they would rather die on their feet with honor than to live on their knees in dishonor."[226] (Onderstreep L.D.B.)

Albanië kom daarna in die invloedsfeer van Peking, wat, in 'n groeiende mate die gesag van Moskou oor die globale internasionale eindstryd en die leierskap van Khrushchev begin verwerp het.[227] Khrushchev was vir hulle 'n ver= persoonliking van die gepeupel, maar met hom van die toneel af, het die verhouding nie juis sigbaar verbeter nie.[228] Die stryd duur nie alleen op die gemeenskaplike grens voort nie, maar gaan ten diepste oor die toepassing van die gemeenskaplike ideologie.[229] Rusland volg sedert die einde van die vyftigerjare 'n beleid van vreedsame koëksistensie (detênte)[230]; maar Sjina stel die mili= tante deurvoering van die wêreldrewolusie voorop in hulle program.[231] Voortdurende toekomstige stryd tussen die twee kommunistiese moondhede is ook geleë in die struk= turele onderbou van die denkbeelde van Marx en Lenin. Uiteindelik net een internasionale arbeidersmassa - sonder nasionalisme - waarin geen diktator dit sal duld dat 'n staatkundige eweknie, beklee met dieselfde totalitêre gesagsbevoegdheid, neweskikkend oor die arbeiderproletariaat sal regeer nie. Die oomblik toe die magspotensiaal van Sjina die Russiese invloedsfeer deurbreek het, is die kiem van inherente spanning ontbloot. Slegs een diktator; is die militante tussenstaatlike visioen van die wêreldkommunisme, en nadat Rooi Sjina atoomwapens begin vervaardig het[232], word hy 'n vol= waardige strydmakker in die ideologies-eindelose stryd om wêreldheerskappy.

5.10.2 Verwydering tussen die V.S.A. en Wes-Europa

Hoewel 'n eertydse kolonie van Europa, het die V.S.A. so snel sy enorme magspotensiaal geëksploiteer, dat hy gedurende die twee Wêreldoorloë (1914 - 1918) en (1939 - 1945) die eertydse "moederlande" te hulp moes snel. In die Koue Oorlog sou Europa en Amerika dan ook saamstaan in die stryd teen kommunisme. Acheson stel dit só:

> "We will not make them less by weakening ourselves, destroying the confidence of our allies, and refusing to help those people who are willing to work to some extent, at least within the system which we and our allies, together, have created and can make ever more vigorous and appealing."[233]

Gedurende die Suez-krisis (1956) moes Frankryk en Engeland egter buig voor die meerdere magsanksie van die V.S.A.[234] Daarna was dit veral Genl. De Gaulle wat weens geskille binne N.A.V.O. die eenheidsfront vertroebel het[235], hoewel Europa, anders as Rooi Sjina, Amerika sterk gesteun het tydens die Kubaanse Projek= tielkrisis van 1962.[236] Sedertdien het internasionale monetêre krisisse en geskille, moontlike integrasie (polities, militêr en ekonomies)[237] en die gesamentlike verdediging van Wes-Europa dikwels nuwe eise aan die Amerikaans-Europese samewerking gestel. 'n Ideologiese gemotiveerde staatkundige alliansie wat sterk onder druk gekom het tydens die oliekrisis van 1973, maar wat, soos Morgenthau tereg in *The United States and Europe in a Decade of Détente* aantoon, van deurslaggewende betekenis vir die tussenstaatlike weerbaarheid en soewereiniteits= behoud van die Weste bly:

> "It is this threat that the United States must come to terms with by first understanding the aspirations of the Soviet Union and then assessing the new relations of power and interest that exist between the United States and the nations of Western Europe. Finally, the United States must take the measures necessary to oppose such a threat, and reaffirm its historic interest in the maintenance or the restoration of the balance

473/...

of power in Western Europe."[238]

Oor die geheel beskou is samewerking sonder verskille wensdenkery. Die demokrasie is geen saambindende ideaal nie en vertrouenswaardige samewerking is alleenlik moontlik tussen gelykes en met behoud van nasionale soewereiniteit. In die stryd teen kommunisme is gerespekteerde samewerking onontbeerlik en die "demokrasie" moet besef:

> "For us there is only one disengagement possible - the final one, the disengagement from life, which is death."[239], aldus Acheson.

Met die ideologiese drang na wêrelddominasie ten minste teoreties afwesig, dra laasgenoemde alliansie darem nie in homself die kontradiksie van tweestryd tot wêreldoorheersing nie.

5.11 Oriënterende Oorsig

Die Koue Oorlog het baie ander momente - onder meer Quemoy en Matsu[240]; Ciprus[241]; die U-2 insident[242] en die Sino-Indiese konflik.[243] Steeds moet in gedagte gehou word dat juis die struktuur van die Koue Oorlog 'n legio manifestasies impliseer. Die bondige historiese oorsig van vlam en swaard in internasionale verhoudinge dui aan hoedat oorlogvoering normatief en anti-normatief aangewend is as uitvloeisel van die magspotensiaal van state. Oor die juiste normatiewe eie-aard van oorlogvoering handel ons later. Met die verloop van eeue het die karaktereie van oorlogvoering dikwels ingrypend verander en telkens nuwe eise aan die mag, durf en deursettingsvermoë van state en hulle bevolkings gestel.

6 VERANDERING IN DIE KARAKTEREIE VAN OORLOGVOERING

6.1 Inleiding

Rostow se opmerking:

> "But the hard-won lesson of a generation's hazardous experience is that our powder should be kept dry."[244], skyn onteenseglik van toepassing te wees op die historiese verloop van die wêreldpolitiek. Die leerstuk van bellum justum[245] (dat oorlog in beginsel verbode is), is onder andere deur die positi=

474/...

vistiese skool in die volkereg, die Volkebond, die Kellogg-Briand Verdrag en die V.V.O. aanvaar[246]; maar daarteenoor het onder andere die tussenstaatlike realiteit, oorlog nog altyd as 'n konstante tydelik-onvoltooide ge= beurlikheid ervaar.

> "But military power, the capacity to use violence for the protection, enforcement or extension of authority, remains an instrument with which no state has yet found it possible completely to dispense.", verklaar Howard en vervolg: "Indeed it is not easy to see how international relations could be conducted, and international order maintained, if it were totally absent."[247]

Deur die loop van eeue het die eie-aard van oorlogvoering telkens ingrypend verander en met elke verandering 'n ander appél - gewoonlik meer veeleisend - op die magsver= moë van state gemaak. Die getalle state en manne betrokke, ekonomiese koste, wapentuig en die eise op geestelike weerbaarheid het telkens verander. Schelling het aange= toon dat die Koue Oorlog, met sy deténtekarakter, veel eerder 'n toets vir die senuwees is, as vir staal.

> "It is characterized not so much by tests of force as by tests of nerve. Particularly in the relations between major adversaries - between East and West - issues are decided not by who can bring the most force to bear in a locality, or on a particular issue, <u>but by who is eventually unwilling to bring more force to bear</u>."[248] (Onderstreep L.D.B.)

In dié lig is dit logies waarom die wisselende karaktereie van oorlogvoering langs die linie van die tussenstaatlike werklikheidservaring veranderde eise aan die vermoëns van state gestel het.

6.2 <u>Veranderings in die Grootte en Omvang van Oorlogvoering</u>

Getalsmatig het daar ingrypende veranderings in die geskiedenis van oorlogvoering ingetree. Die grootte van die gewapende magte toon 'n konstante styging ten opsigte van die weermagte self, en die persentasie wat dit van

die totale bevolking uitmaak.[249] Na die klassieke Griekse en Romeinse eras het die huursoldaat-weermagte van die Middeleeue selde meer as 30,000 soldate beloop.[250] In die sewentiende eeu, na die begin van die uitkristallisering van nasionale staatsterritoriums, is die nasionale sentiment op die swaardmag geprojekteer en begin nasionale stateleërs ontstaan wat dikwels meer as 60,000 beloop het.[251] Die Franse Rewolusie plaas 'n seël op nasionalisme as geesteskragtige afkamping van weermagte en die huursoldaat word vervang met een wat met 'n gees van patriotisme deurdrenk was; en ook op die slagveld draer was van 'n bepaalde politieke sentiment.[252] Napoleon het in sommige veldslae 200,000 man gebruik; en 1 miljoen man, of 5% van die Franse bevolking gemobiliseer.[253]

In die tydperk (1815 - 1870) het die getalle effens afgeplat, maar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) het die agt vernaamste moondhede 'n gemiddeld van 600,000 man in hulle staande weermagte gehad.[254] Teen 1937 het die wêreld as geheel 8 miljoen opgeleide soldate gehad (4 uit elke 1,000 van die bevolking) en 'n verdere 32 miljoen opgeleide reserwes.[255] Aan die begin van die sewentigerjare in die twintigste eeu het die V.S.A. en U.S.S.R. meer as 3 miljoen man in die staande mag gehad, en Rooi Sjina 2¾ miljoen man.[256] Oor die algemeen is dit dus duidelik dat oorlogsdeelname progressief meer eise aan populasiegetalle gestel het. 'n Strategiese realiteit wat waarskynlik met die intrede van kernwapens heelwat van sy oorspronklike waarde verloor het, alhoewel die ironiese opmerking van Stalin: "How many divisions has the Pope."[257] altyd figuurlikerwys (nou geprojekteer op kernverwoestingskrag) belangrik sal bly.

Histories het die lengte van oorlogvoering afgeneem[258], maar die aantal botsings toon elke eeu 'n skerp stygende tendens. (Sestiende eeu = 106; sewentiende eeu = 231; agtiende eeu = 703, negentiende eeu = 703 en twintigste eeu - 1940 = 882.[259]) Saam hiermee is daar ook 'n toename in die aantal state betrokke, die spoed waarteen die oorlog versprei en die grootte van die geografiese territoriums betrokke, waarneembaar. Matematiese konstantes

in die spektrumveelheid van oorlogvoering kan egter baie moeilik aangestip word; 'n realiteit waaroor Singer en Small in *The Wages of War 1816 - 1965 . A Statistical Handbook* opmerk:

> "Not only do the wars differ among themselves in terms of epoch, locale, duration, severity, intensity, and number of participants, but the latter also differ appreciably in terms of size, capability, organization, tactics and technology."[260]

Oorloë het dikwels as bilaterale konflikte begin, maar geëskaleer tot 'n kragmeting waarby heelwat meer state betrokke geraak het. Van belang is ook die feit dat tot 1750 alle vername internasionale oorloë Europa-gesentreerd was; waar sekere state ook 'n sterker oorlogsaffiniteit openbaar as andere.[261] Ten opsigte van kwantitatiewe aspekte kan daar sonder meer 'n eskalerende tendens in oorlogvoering aangetoon word, wat op sy beurt nie los van die magskapasiteit van die betrokke state gesien mag word nie.

6.3 Die Tegnologiese Ontwikkelingsproses

Die tegnologiese invloed op wapentuig en oorlogvoering - van die swaard tot mobiele gelanseerde interkontinentale ballistiese projektiele - gaan gepaard met die groeiende verontpersoonliking van die hele proses van oorlogvoering.

> "This evolution, beginning with the long bow, has also tended to make military combat ever more impersonal, thereby depriving it of the opportunities it used to offer for moral responsibility and personal heroism, at the same time that it has increased its inhumanity."aldus Halle.[262]

Trouens, Kissinger het tereg aangetoon dat die tegnologie oornag die behoudende strukturele magsbalans kan ophef:

> "Every country lives with the nightmare that even if it puts forth its best efforts its survival may be jeopardized by a technological breakthrough on the part of its opponent."[263]

Rewolusionêre tegnologiese veranderings in oorlogvoering vind veral sedert die vyftiende eeu teen 'n versnelde tempo plaas.[264] Die ingebruikneming van vuurwapens en artillerie het die waarde van gefortifiseerde vestings geneutraliseer

en daarmee nog 'n hoofstuk toegevoeg in die klassieke militêr-strategiese stryd tussen aanvals- en verdedigingswapens. Die tydperk van inlywing van vuurwapens (1450 - 1648)[265] staan ook in die teken van modernisasie in die vlootbounywerheid, as galeie en die lomp galjoene van die "Spaanse Armada"byvoorbeeld vervang word deur langer, vinniger en beter bewapende "broadside battleships". Vuurwapens het gaandeweg verbeter en waar dit gekombineer is met vooruitgang van vervoertegnologie, het dit grootskaalse strategiese voordele ingehou.[266] Dit was veral Moltke wat die fundamentele militêre strategiese oorwegings - ruimte en tyd - deur spoorwegvervoer in 'n nuwe belangedimensie geplaas het; en Bismarck drie militêre oorwinnings (Denemarke, Oostenryk en Frankryk) in snelle opvolging laat behaal het.[267]

Die vlootomwentelings van die neëntiende eeu, stoomaandrywing, roterende skroewe en gepantserde ruime, bring 'n herwaardasie van vlootstrategie. Veral vir Engeland was 'n gedugte maritieme weerbaarheid van groot belang, soos Winston Churchill in 1913 as hoof van die Britse Admiraliteit opgemerk het:

> "All the world is building ships of the greatest power.....None of these powers need, like us, Navies to defend their actual safety or independence. They build them so as to play a part in the world's affairs. It is sport to them. It is death to us."[268]

Tegnologiese ontwikkeling in die Duitse vlootmag is dus met arendsoë bespied; en met teenprestasie deur versnelde vlootbouskemas in Engeland opgevolg. Die Eerste Wêreldoorlog bring in die woorde van Schuman: "a hideous mockery of military science."[269] Masjiengewere, doringdrade, torpedo's, vliegtuie en loopgrawe bring 'n roekelose verspilling van menselewens in 'n wrange uitvoering van oorlogstrategie. Ook duikbote, artillerie en tenks word gedurende dié oorlog aangewend; alhoewel die strategiese aanwending van laasgenoemde om die skaakmatposisie op die loopgraaffronte op te hef, stuit teen die tradisionele halsstarrigheid van militêre aanvoerders teen nuwe wapens.[270]

478/...

Konvensioneel gesproke, wemel die Tweede Wêreldoorlog van sogenaamde "geheime wapens".[271] Die oorlog stel steeds groter eise aan die tegnologiese vernuf, omdat bestaande konvensionele wapens voortdurend gemoderniseer word en die wapentuig vir militêre deurbrake algaande meer belangrik word. Hiroshima bring 'n fenomenale tegnologiese deurbraak as kernwapens hulle intrede in oorlogvoering maak.[272] Kerntegnologie het uiters snel ontwikkel. Die "atoombom" is opgevolg deur die "waterstofbom"[273] en die straalvlieg=tuig is vervang met interkontinentale ballistiese projek=tiele om die dodelike wapens af te lewer. Veral rondom projektielstelsels het die tegnologiese gesofistikeerde meervoudige, onafhanklike gerigte projektiele (M.I.R.V.) en projektielafweerstelsels (A.B.M.) ontwikkel.[274] Pro=jektielstelsels is ook in kernduikbote ingebou, waar die mobiliteit tesame met die offensiewe trefkrag van vlieg=dekskepe, maritieme strategie 'n onmisbare komponent van moderne oorlogvoering maak.[275]

So gaan die dolle tegnologiese wedloop voort; 'n tegno=logiese ewewig van verskrikking wat die eis stel dat slegs die state wat tegnologies kundig is, hulle man militêr-gesproke kan staan in die gesagsvakuum van die wêreldpoli=tiek. In die byna romantiese oorlogsera van die swaard, en pyl en boog, het bykans almal dié wapens besit, maar in die kerneeu vereis kernweerbaarheid tegnologiese vermoë wat nie alle state van die twintigste eeu se deel is nie. Tog skrywe Wohlstetter:

> "Technology is an important part, but very far from the whole of strategy."[276]

Ook in die ekonomiese sfeer het die eise progressief toege=neem.

6.4 Veranderende Kostestruktuur

Oorlogvoering eis algaande teen 'n groeiende tempo ekono=miese vitaliteit by die deelnemende state. Die verhoogde finansiële uitgawes in die verband gaan enersyds gepaard met groeiende wapentegnologie, en andersyds met die gelei=delike differensiasie van die staatstruktuur na 1648; as die swaardmag as funderingsmoment orent begin kom, en

oorloë in nasionale staatsbelang gevoer word. Rondom 1870 was die per capita bydrae tot oorlogvoering van die groot moondhede $1.70 per jaar. Die bydrae groei tot $4.27 in 1914; $25.00 in 1937 en $200.00 in 1963.[277] In die kerneeu styg die koste steeds. 'n Uraanverrykings= aanleg kos ongeveer $750,000,000 en 'n verdere $500,000,000 - $600,000,000 per jaar om in stand te hou en doeltreffend te laat funksioneer;[278] terwyl een interkontinentale ballistiese projektiel in die omgewing van $16,000,000 kos.[279] Die finansiële kostestruktuur van kernwapens, gepaar met die steeds stygende ekonomiese koste van konvensionele wapentuig, stel sodanige eise aan staats= owerhede, dat slegs kapitaalkragtige state in die toekoms militêr-gesproke volkome weerbaar sal wees. Diktatoriale owerhede sal daartoe in staat wees deur die burgery se lewensverwagting tekort te doen. Die owerhede wat egter nie die swaardmag ekonomies verabsoluteer nie, en harmonie in 'n gedifferensieerde samelewingsorde handhaaf, sal veelal nie in staat wees om gewapende internasionale agressie die hoof te bied nie. Aangesien die owerheid egter ook geroepe is om sy bepaalde staatsterritorium teen eksterne agressie te beskerm, kan die internasionale toe= stand soms 'n verhoogde appél op militêre paraatheid en ekonomiese offervaardigheid noodsaak.

Ewe-as die styging in die ekonomiese kostestruktuur, neem die verlies aan menselewens ook toe. Statistieke is hier moeilik verhaalbaar, maar alle faktore in ag genome, styg die verlies aan menselewens as gevolg van oorlogvoering van 2% in die sewentiende eeu tot 3% in die twintigste eeu.[280] Die persentasie styging is gering, maar oorlog= voering maai juis die room van state se menslike magspo= tensiaal af. Croesus, koning van Lydia, het in sy woorde van simpatie teenoor Cyrus, die Persiër, opgemerk:

> "No one is so senseless as to choose of his own free will war, rather than peace, since in peace sons bury their fathers, but in the war the fathers bury their sons".[281]

Saam hiermee gaan ook die groeiende aanwending van totale oorlogvoering - waar die totale hulpbronne van die oorlog= voerendes aangewend word; en burgerlikes en burgerlike doelwitte nie langer uitgesluit word van militêre aktiwi=

teite nie.[282] In laasgenoemde geval vervaag die grensafbakening tussen die swaardmag en die binnestaatlike burgerlike arbeidsterreine en hang sukses af van die volhardingsbereidheid en deursettingsvermoë van die totale staatsbevolking.[283] Kernverwoesting sal immers nie net tot opgeleide soldate beperk wees nie. Dit was juis kernwapens wat die heersende etiek van oorlogvoering ingrypend verander het.

6.5 Moraliteitsveranderings

Van die swaard tot kerntegnologie; van oorlogsrumoer van aangesig tot aangesig tot 'n gerekenariseerde presiesheid rondom die druk van knoppies en die trek van hefbome; van die tweestryd, man teenoor man, tot projektiele wat duisende myle ver die stempel van verwoesting dra, ontwikkel oorlogvoering algaande meer en meer onpersoonlik. Baie momente in die historiese ontwikkeling van oorlogvoering was barbaars en wreed[284], maar dit was 'n fisies-menslike kontakstryd (soldaat teen soldaat en generaal teen generaal), met oor die algemeen 'n sigbare blik op die verwoestende gevolge self.

> "I don't like to hit a village. You know you're hitting women and children, too. But you've got to decide that your cause is noble, and that the work has to be done."[285], is die getuienis van 'n Amerikaanse loods tydens die oorlog in Viëtnam. Die werklike aanwending en uitvoering van oorlogvoering self, was dus nog afhanklik van die oordeel van diegene wat fisies op die oorlogsfront teenwoordig was.

Sir Charles Snow het tydens die Godkin-lesings aan die Universiteit van Harvard opgemerk:

> "One of the most bizarre features of any advanced industrial society in our time, is that the cardinal choices have to be made by a handful of men in secret: and, at least in legal form, by men who cannot have a first-hand knowledge of what those choices depend upon or what their results may be".[286]

In 'n beslissing oor die gebruik van 'n kernwapen is baie meer op die spel as bloot natuurwetenskaplike presiesheid

en tegnologiese vaardigheid; daar is byvoorbeeld ook die nagevolge langs die linie wat die bombardering van stedelike doelwitte tot gevolg kan hê. "Remember your humanity and forget the rest"[287], is 'n universele moraliteitslagspreuk van die wetenskaplikes; maar: "Lethal weapons are employed by technicians who never set eyes on their human targets."[288], aldus Wallace. Indien kernwapens ooit volskaals gebruik sou word, en selfs met die huidige ontwikkeling van konvensionele wapentuig, word persoonlike kontak al verder op die agtergrond geskuif om plek te maak vir 'n groeiende gemeganiseerde robotstrategie. In dié oorlogsmilieu moet morele oorwegings noodwendig verwater, want wie die produk van sy handewerk nie aanskou nie, kan daaroor weinig gewetenswroegings koester.

Die gesekulariseerde, moreel-uitgeholde mens van die atoomeeu, loop buitendien gevaar om sy gevoelsbewussyn te verloor en bloot 'n emosioneel-verwende prikkelreaktor te word.

> "So with modern man in his warrens of cavernous streets and bleak barracks of steel, stone, concrete, and glass for work and family life, battered by crowds and traffic, deafened by noise and clamor, experiencing passion and sex instead of compassion and love, deprived of healthy play and the full flowering of the personality, finding the confusion of his daily life repeated in the confusion of modern music and art, and with little religious experience to endow his life with meaning and felt spiritual emotion."[289], deel Carlston in 'n uitstaande ontleding aan.

Soortgelyke amorele neigings word in die twintigste eeu aangetref by ekstreme rewolusionêre politieke pressiegroepe. Morele en etiese oorwegings speel by die terroris geen rol nie:- "Fearlessly attack the weak, but shamelessly flee from the strong."[290]; is 'n universele terroristiese motto wat in bykans aanbiddelike navolging van Marx en Lenin uitgeleef word. Mao het dié onetiese taktiek só saamgevat:

482/...

"The enemy advances, we retreat; the enemy camps, we harrass; the enemy tires, we attack; the enemy retreats, we pursue."[291]

Globaal strategies beoordeel, begin die tradisionele skeidslyne te vervaag en gaan oorlogvoering nie meer soseer primêr om militêre doelwitte nie, maar word dit daarop toegespits om die denke van die mensdom te rig en die moraal van die vyand af te water. Trouens, die Koue Oorlog word gekenmerk deur die meedoënlose bombardering van lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings. 'n Fundamentele verandering wat veral ontstaan omdat kernterreur die sogenaamde bevriesingstelsel van vreedsame naasbestaan teweeg bring.

6.6 Ideologiese en Strukturele Veranderings

Tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was tradisionele oorlogstrategie ingestel op die "Leitmotiv" van militêre oorwinnings; waarna die oorwinnaar sy oorlogsbuit ontvang en deur vernederende vredesverdrae die oorwonnene potensiële magsherstel ontsê.[292] Oor die algemeen was 'n oorlogspoging vir die laaste paar eeue ook 'n volksondersteunde onderneming in dié sin dat daar geredelik nasionale konsensus was; ten minste by die bevolkings van soewerein onafhanklike state[293], oor die doel van die oorlog. Streng struktureel - analities beskou, het oorlogvoering tot die terrein van die swaardmag beperk gebly - op die slagveld moes die finale oorwinnings behaal of nederlae gelei word.

Met die koms van die Koue Oorlog vervaag die strenge soewereiniteitsproklamerings tussen die swaardmag en ander lewensterreine en word die ideologiese kruistoggedagtes rakende tussenstaatlike konflik skynbaar bevries in 'n status quo van konsultasie en ontspanning.[294] Reeds in die dertiende eeu het die Spanjaard, Don Manuel, die tydelike periodes van vreedsame naasbestaan tussen die Islamitiese en Christelike Ryke "guerra fria" genoem.[295] Hierdie destydse "koue godsdiensoorlog" en die huidige ideologiese Koue Oorlog tussen Oos en Wes berus in die

kern op drie voorwaardes; twee klaarblyklik onverenigbare lewens - en wêreldbeskouings; onderliggende kruistogge= dagtes en die redelike onmoontlikheid van 'n vinnige militêre oorwinning.[296] En waar die Koue Oorlog in 'n sekere mate 'n kompromis tussen ideologiese redeloosheid en politieke selfstandigheid is, word die verskille nie op gewelddadige wyse in openlike oorlogvoering besleg nie, maar bevries in 'n pariteitsdetênte van kernterreur. Oor die skynbare kontradiksies van hierdie afskrikkingstrategie skrywe Brodie in *The Anatomy of Deterrence* die volgende:

> "We thus have the anomaly that deterrence is meaningful as a strategic policy only when we are fairly confident that the retaliatory instrument upon which it relies will not be called upon to function at all. And that instrument, if we are to be sure of its not being used, has to have its capacity to function maintained at a very high level and constantly refined - which can be done only at great cost to the community and great dedication on the part of the personnel directly involved. We are, in other words, expecting the system to be constantly perfected while going permanently unused. Surely we must concede that there is something unreal about it all."[297]

By die twee en twintigste Partykongres van die Russiese Kommunisme word daar op 31 Oktober 1961 die volgende mosie aangeneem:

> "Peaceful coexistence of the socialist and capitalist countries is an objective necessity for the development of human society. War cannot and must not serve as a means of settling international disputes."[298]

Khrushchev skrywe in *On Peaceful Coexistence* met instemmende ooreenstemming:

> "In its simplest expression it signifies the repudiation of war as a means of solving contro= versial issues."[299]

en beweer verder dat tussenstaat= like detênte 'n neweskikkende statestruktuur impliseer:

> "The principle of peaceful coexistence signifies a renunciation of interference in the internal

> affairs of other countries with the object of altering their system of government or mode of life or for any other motives. The doctrine of peaceful coexistence also presupposes that political and economic relations between countries are to be based upon complete equality of the parties concerned, and on mutual benefit."[300]

In antwoord op dié geskrif van Khrushchev het Kennan soos volg gereageer op die skyn van die agterbakse "vredes= verlange" van Moskou:

> "In one sense, we are all, like Mr. Khrushchev himself, Stalin's pupils. It is from him that we learned a great deal of what we know about such things as ruthlessness and consistency and deception in international politics. Mr. Khrushchev must not now ask us to forget too quickly - certainly not more quickly than some of his own Russian and Chinese associates - the lessons we have learned from this eminent political leader."[301]

Dit was immers Khrushchev self wat in 1955 in Bombaai verklaar het dat diegene wat glo dat die kommunisme die Marxistiese - Leninistiese leerstelling sal aflê, sal:

> "Wait till the crayfish whistles."[302]

Van konfrontasie tot konsultasie het die lokaas geword waardeur die Kremlin op eie inisiatief[303] die oorgretige vredesdrange van die Westerse humanistiese moondhede gestil het.

> "But the very intensity of our desire for peace may increase our peril."[304]

, merk Kissinger met kenmerkende en indringende realisme op. Die Weste is baie gretig dat die tussenstaatlike "utopia" van deténte nie versteur moet word nie; en verdra daarom geredelik allerlei irritasies, dreigemente en regskendings waardeur Moskou geleidelik die een vesting na die ander inpalm. Die kapitalistiese stelsel word geleidelik in sy volle bestaanspektrum vermurwe, omdat 'n volskaalse kernkonfron= tasie die ideaal van die komende arbeidersparadys kan verhoed.[305] Die brutale universele totalitaristiese eindideaal word dus gegalvaniseer deur sogenaamde vreedsame naasbestaan, en onder hierdie dekmantel word oorlogvoering op 'n ander vlak, en met ander meer gesofistikeerde middele,

voortgesit.

Om dié rede ondervind state en staatsburgers in die laaste helfte van die twintigste eeu 'n aanslag op die geestelike weerbaarheid van die mens.[306] Linkse frontorganisasies probeer alle akkers van die lewe deursuur en in navolging van denkers en skrywers soos Revel[307], Fanon, Debray en Marcuse[308], word rewolusionêre kruistogdade teen die geïndustrialiseerde, burokratiese en onderdrukkende "affluant society" aangevuur. Op hierdie manier aangewend bestryk oorlogvoering die volle spektrum van die menslike bestaanswyse. Hannah Arendt dui daarop dat die ou tradisionele beskouing van oorlog genivelleer is deur 'n veel meer totalitêre konsep van oorlogvoering.[309] Oorlogvoering het teen die agtergrond van die ontwikkeling van ultra-moderne wapentuig per definisie koue oorlogvoering geword, sodat dit reeds in beginsel, maar ook prakties moontlik geword het om so 'n oorlog te besleg sonder dat daar 'n spreekwoordelike skoot geval het. Dienaangaande is die mening van Botha ooreenstemmend, en aldus is sy in die verband van mening:

> "Teen hierdie agtergrond het rewolusie in sy verskillende gedaantes op internasionale vlak in die vorm van guerrillaoorlogvoering en terrorisme, en intra-polities die gebruik van 'n gewelddadige verset, die moderne plaasvervanger geword van wat vroeër waarskynlik deur konvensionele oorlogvoering (internasionaal) en deur die normale verloop van die demokratiese proses (intra-polities) besleg sou gewees het."[310]

Rewolusionêre ondergrawing kan ten beste uitgevoer word in 'n strukturele en ideologiese ontspanne ordening van die wêreldpolitiek. Dan kan die: ".....transformation of its social and political structure from within."[311], aldus Howard plaasvind. Lasswell stel die tussenstaatlike ontspanningsdogmas gepas aan die kaak:

> "We need, not formulas of co-existence, but effective co-operation at every level, official and unofficial. We need a co-operative release from the madness of current co-existence; in short, peaceful co-operation not co-annihilation. "[312]

486/...

Die strukturele en ideologiese frontveranderings in oorlogvoering vereis bo alles 'n geestelike weerbaarheid in die magsarsenaal van state. Dit plaas 'n appél op ge= loof in aanvaarde waardes[313] van staatsbevolkings, en die diepgang van hulle religieuse verankering as die enigste vaste bron van geloofsvertroue. Slegs in Hom sal die fisiese en geestelike krag geput kan word om state, owerhede en bevolkings teen moderne oorlogvoering te borsweer.

6.7 Samevatting

Die eie-aard van oorlogvoering het veral sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog ingrypende veranderings onder= gaan. Soos 'n goue draad loop egter die feit dat die behoeftes van oorlogvoering langs 'n breër spektrum 'n appél op die magsvermoë van state maak. 'n Staat wat volkome weerbaar wil wees teen moderne "oorlogvoering", kan nie net die verskillende vertakkings van die weermag in stand hou nie, maar moet bereid wees om langs die hele linie magstukrag te verleen. Die grondliggende wysigings kom veral duidelik aan die lig by die breëre betrokkenheidsradius van strategie in die volle spektrum van tussenstaatlike konflikmomente.

7 GRONDLIGGENDE VERANDERINGS IN OORLOGSTRATEGIE

7.1 Inleiding

Militêre strategie gaan in die kern oor die totaliteits= kuns van oorlogvoering. Dit behels voorbereiding, die gehalte van bevel en soldaat, die ontplooiing van militêre veldtogte, toerusting en wapentuig, logistiese vernuf en ondervinding onder andere - erkenning van die feit dat elke jota en tittel van oorlogvoering daarby inbegrepe is.[314] Ongeveer tot aan die einde van die agtiende eeu is strategie; ruses de guerre[315], uitsluitlik toegespits op oorlogskuns:

> ".....die Lehre von Gebrauche der Gefechte zum Zwecke des Krieges."[316], skrywe Clausewitz in *Vom Kriege*. Die hoofmotivering was aldus die oorwinning

van die vyandelike militêre magte. Gaandeweg het oorlog=voering en die tussenstaatlike samelewingstruktuur egter so verander dat die konsep van strategie dienooreenkomstig gewysig is. Earle stateer:

> "In the present-day world, then, strategy is the art of controlling and utilizing the resources of a nation - or a coalition of nations - including its armed forces, to the end that its vital interests shall be effectively promoted and secured against enemies, actual, potential or merely presumed. The highest type of strategy - sometimes called grand strategy - is that which so integrates the policies and armaments of the nation that the resort to war is either rendered unnecessary or is undertaken with the maximum chance of victory."[317]

"Strategy" is dus inderdaad soos Clausewitz skrywe: ".....simple but not thereby very easy."[318] Liddell Hart definieer strategie as:

> ".....the art of distributing and applying military means to fulfill the ends of policy."[319],

terwyl Beaufre die omvang van strategie nog wyer proklameer. Beaufre is in sonderheid een van die vernaamste figure wat die grondslae gelê het van die moderne breëre konflikomvattende proklamering van die karaktereie aard van strategie. In *An Introduction to Strategy* skrywe hy dienaangaande die volgende:

> "It is therefore the art of the dialectic of force or, more precisely, the art of the dialectic of two opposing wills using force to resolve their dispute."[320]

Die doel van strategie is dus om die politieke ideale te verwesenlik deur die beste gebruikmaking van beskikbare hulpbronne. Doelstellings wat logieserwys nie altyd via die swaardmag alleen bereik kan of wil word nie. So word die gebruikmaking van een of ander vorm van mag ten opsigte van die spektrumveelheid van wêreldpolitieke konflikmomente die onderskeidende kenmerk wat strategie van ander vorme van tussenstaatlike kontak onderskei. Oor die ingrypende aardwisseling van strategie verklaar Robbertze:

488/...

> "Dertig jaar gelede het 'n atoombom bokant Nagasaki ontplof. Na die aanvanklike reaksie van verbystering het die besef tot ons deurge= dring dat die skokgolwe wat daar ontketen is, ingrypende aanpassings in die klassieke op= vattings van strategie teweeg sou bring. Daar= die golwe het steeds wyer gekring en hang soos 'n permanente koepel oor alle strategiese denke. Hierdie oorkoepelende kernvermoë het nuwe dimensies verleen aan feitlik elke menslike aktiwiteit, - politiek, ekonomies, sielkundig, tegnologies, maatskaplik - maar veral aan die beplanning en toepassing van strategie."[321]

Ekonomiese druk, propaganda, subversiewe inmenging en diplomasie; gekombineerd of afsonderlik, met, of sonder swaardmag, is almal van die metodes waardeur 'n staat hedendaags politieke doelstellings kan bevorder.

Dit is dus waarskynlik so dat die geleidelike differensiasie= proses in die kontakmomente van internasionale verhoudinge, en die groeiende bewuswording van ander tussenstaatlike raakpunte as net deur die swaard, bygedra het tot die ver= breding van die aksieradius van strategie. Kernterreur bring verder die bevriesing van swaardmagkontak in deténte; maar omdat die tussenstaatlike strydbyl nog nie begrawe is deur kernontspanning nie, vervloei strategie juis tot 'n breëre terrein en ander metodes waardeur die stryd gevoer word. Historiese groei strategie dus tot 'n meer omvattende taakstelling wat nuwe eise aan die state stel.

7.2 Variasie in Strategie

Totale strategie omvat die volledige staatkundige magsaan= wending, gerugsteun deur totale hulpbronne, wat die "oorlogs= poging" van enige staat behoort te rig.[322] Voorts word dit gevoer met die doelstelling om die vyand totaal te onderwerp. Totale strategie staan dus onder die direkte beheer van die owerheid wat die patroon van die "oorlogs= poging" polities, ekonomies, diplomaties en in al sy veelvuldige fasette moet rig.[323] Die drakrag en taak= radius van totale strategie is egter nog grootliks terra incognita - dit behoef verdere navorsing en eksponering.[324]

Alhoewel daar in militêre kringe nog geledinge en variasies in strategie aangetoon word[325], kan die meeste daarvan waarskynlik in 'n tweede indeling van suiwer militêre strategie saamgevat word. Dit is die soewereine terrein van die generaal; waar operasionele beplanning ooreenkomstig suiwer militêr - strategiese leerstellings te berde gebring word.[326] Veldmaarskalk Moltke het die volgende oor dié vlak van strategie gesê:

> "Die Strategie gewährt der Taktik die Mittel zum Schlagen und die Wahrscheinlichkeit zu siegen durch die Leitung der Armeen und ihr Zusammentreffen auf der Kampfplatz. Anderseits eignet sie sich aber auch den Erfolg jeden Gefechtes an und baut auf demselben weiter."[327]

Die militêre sfeer van strategie is inderdaad so gekompliseerd soos 'n skaakspel, maar die moeilikste is inderdaad die uitvoering daarvan.

> ".....there was nothing difficult about the art; the problem was to practise it."[328], het Napoleon bygeleentheid opgemerk. Die fisiese gevegsontplooiing van strategie - die uitvoering van militêre leerstellings tydens die werklike oorlogsrumoer - staan bekend as taktiek.

7.2.1 Oorlogstaktiek

Met toespitsing op die aardeie van taktiek skrywe Beaufre:

> "Strategy is the method by which a policy of force is implemented; similarly tactics is the method by which strategy is implemented. This means that tactics must be the servant of strategy, nog vice versa."[329]

Die taktiese militêre ontplooiing op die slagveld self is die soewereine verantwoordelikheid van generaal en aanvoerder. Op die slagveld is die generaal in bevel, tydens die veldslag is sy gesag soewerein. Taktiese militêre maneuvers kan alleen gerig word deur suiwer militêre beslissings; omdat die manifesteringsmoment van swaardmagsanksie van die globale totale strategie en diplomatieke oorwinnings byvoorbeeld tydens veldslae nie as taktiese militêre maneuvers oorweeg kan word nie. Dit was waar=

490/...

skynlik die gevare van grensoorskreiding en politieke inmenging in taktiese militêre oorwegings wat Senator Russell in gedagte gehad het met die opmerking:

> "God help the American people if Congress starts legislating military strategy."[330]

Taktiese superioriteit is belangrik, maar as dit in diens van 'n kortsigtige strategie aangewend word, word beslissende veldslae gewen, maar die oorlogspoging verloor. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) het die Boeremagte 'n beslissende oorwinning by Magersfontein behaal[331], maar die voordele van dié taktiese oorwinning is later ingeboet deur kortsigtige globaal - strategiese insigte aan die kant van Genl. Cronjé.[332] Daarom skrywe Beaufre tereg

> ".....it is strategy which must be in charge."[333]

In die ontwikkeling van die tradisionele militêre strate= gie was daar verskeie persone wat deur middel van geskrifte belangrike teoretiese bydraes gelewer het. Die doel is dus vervolgens nie die briljante taktiese uitvoerders soos Wellington, Napoleon, Lee, Sherman, Montgomery, Rommel en andere nie, maar diegene wat hulle militêre beskouinge op skrif gestel het.

7.3 Enkele Grondleggers van Tradisionele Strategie

7.3.1 Machiavelli

In sy militêre handboek, *Art of War*, skrywe Machiavelli:

> "Many are now of the opinion that no two things are more discordant and incongruous than a civil and military life. But if we consider the nature of government, we shall find a very strict and intimate relation betwixt these two conditons; and that they are not only compatible and consistent with each other, but, necessarily connected and united together."[334]

Diepgaande ondersoek na die rol van militêre mag in die staatkunde vorm die magnetiese toespitsing van

Machiavelli se strategiese denke; geïnspireerd deur die val van sy vaderland Italië, wat daarna gedomineer word deur buitelandse moondhede. Terwyl groot nasionale leërmagte reeds in Europa aan die orde was, maak Italië nog staat op romantiese ridders, wie se militêre potensie deur Machiavelli in krasse taal veroordeel word.[335] Aan die invloed van artillerie, taktiese ver= moëns en gevegsformasies skenk hy in detail aandag.[336] Soos te verwagte is, is ysere militêre dissipline een van die hoekstene van Machiavelli se militêre strategiese doktrines. Strategiese denkbeelde wat die realiteit gevestig het dat oorlog 'n wetenskap en 'n kuns is[337], en die inlywing van 'n nuwe era in militêre strategie dagteken.

7.3.2 Jomini

Die briljante militêre loopbaan van Napoleon Boneparte, en die militêre strategie van die ooreenstemmende oorlogs= verwoestende jare word op meesterlike teoretiese wyse ontplooi deur die Fransman, Jomini (1779 - 1869).[338] Hy gaan van die standpunt uit dat oorlog onvermydelik is:

> "Jomini took up the study of warfare, as he himself tells us,convinced that since it was a form of human activity here on earth, it must make some sence,"[339], aldus Brinton, Craig en Gilbert.

Die eie-aard van oorlog verhoed natuurwetmatige strate= giese formules; dit is veel eerder 'n

> ".....impassioned drama and in no way a mathematical operation."[340], aldus Jomini.

Tog is daar fundamentele militêr-wetenskaplike beginsels wat nie misken mag word nie, soos die ontplooiing van die hoof= gevegsmag by die beslissende geografiese area van die veldslag; maneuvers om die eie hoofmag te opereer teen gedeeltes van die vyandelike hoofmag; die taktiese korrekte ontplooiing van die hoofmag in die hitte van die stryd en laastens die belangrikheid daarvan dat handelinge gelyktydig en met spoed uitgevoer moet word.[341] Oorlogvoering word hoofsaaklik toegespits op die verowering van territoriale grondgebied, en aandag word deur Jomini gegee aan die belangrikheid van intellektuele vermoë[342]

492/...

in die krygskunde.

7.3.3 Clausewitz

Die geskrifte van Clausewitz (1780 - 1831), en in die besonder sy beroemde werk *Vom Kriege*, bly 'n klassieke bron van strategie en krygskunde.[343]

> "War does not belong either to the Arts or Sciences, but is rather a part of social life.", skrywe hy daarin en gaan voort:
>
> "It is a conflict between interests which can only be solved in blood, and is thereby distinguished from all other disputes." [344] (onderstreep L.D.B.)

Liddell Hart skrywe tereg dat generaals: "Intoxicated with the blood-red wine of Clausewitzian growth."[345], geword het.

Clausewitz, vir wie die filosofie van Kant nie vreemd was nie[346], verklaar dat die hoofdoel van oorlog die vernietiging van die vyandelike militêre magte is, en hoe groter die kontak is, des te groter is die oor= winning wat behaal kan word. Een van sy grootste bydraes tot die filosofie van oorlogvoering is waarskynlik geleë in sy ontbloting van die belangrikheid van psigologiese faktore. Vir hom is die moraal van die soldaat meer belangrik dan taktiese aanvalshoeke of aanvalsforma= sies.[347] Hy verwerp die optimisme en dogmatisme van die agtiende eeu; oorlog is nóg 'n wetenskaplike spel, nóg 'n internasionale sport, maar 'n daad van brute geweld. In 'n Engelse vertaling van *Vom Kriege* stel hy koelbloedig sy verabsoluteerde magscredo:

> "We do not like to hear of generals who are victorious without the shedding of blood. If bloody battling is a dreadful spectacle, that should merely be the reason to appreciate war more and not to allow our swords to grow blunt by and by, through humanitarianism, until someone steps in with a sharp sword and cuts our arms off our body."[348]

In die geheel is Clausewitz dus eksponent van totale oorlogvoering; vir die gebruik van militêre mag is daar geen grense nie, slegs die doelwit van algehele oorwinning.

In ooreenstemmende trant het hy dus reeds die taakgebied van strategie breër omlyn as eng militêre toespitsing as hy verklaar:

> ".....war can never be separated from political intercourse, and if, in the consideration of the matter, this occurs anywhere, all the threads of the different relations are in a certain sense broken, and we have before us a senseless thing without an object."[349]

Oorlogvoering is die voortdurende voortsetting van die politiek, nie die afbreking nie; en dié strategiese denkakt plaas Clausewitz se strategiese doelstellings binne die globale raamwerk van totale strategie.

7.3.4 Moltke en Schlieffen - Die Duits-Pruisiese Skool

Die grondslae van die beroemde Pruisiese weermag is in hoofsaak gelê deur Frederik die Grote, Scharnhorst en Gneisenau.[350] Grondslae waarop Moltke en Schlieffen later met vrug kon voortbou. Moltke het die strategiese voordele van snelle mobilisasie tot die maksimum aange= wend[351]; en ontken dat strategie uit vaste stelreëls vir elke gegewe situasie bestaan. Kennis van militêre geskiedenis bring die toekomstige veldheer in aanraking met die kompleksiteit van gevegsmaneuvers, maar elke oorlogsituasie het eie omstandighede wat strategies en takties beoordeel moet word.

> "Strategy is a system of ad hoc expedients; it is more than knowledge, it is the application of knowledge to practical life, the development of an original idea in accordance with continually changing circumstances. It is the art of action under the pressure of the most difficult conditions."[352],

aldus Moltke. In teenstelling met die geroemde Pruisiese dissipline, het hy staat gemaak op die goeie oordeel van sy offisiere[353], en die meeste taktiese oorwegings tydens veldslae aan hulle goeddunke oorgelaat.

Schlieffen is daarteenoor die Pruisiese prototipe - sy strategie is pynlik presies uitgewerk en sy opdragte stiptelik en breedvoerig. Veral na die vroeë dood van sy vrou is daar 'n bykans asketiese toeweiding aan die studie van oorlogvoering by die lewe van Schlieffen te

bespeur. Holborn stel dit so:

> "Every phenomenon of life was immediately examined for its war potentialities. There was something inhuman in his ascetic devotion to his military tasks although it seemed superhuman to his loyal students."[354]

Schlieffen is veral bekend vir sy strategiese planne om die twee fronte van Duitsland na die "Weste" en die "Ooste" te verdedig en in offensiewe militêre operasies ten beste te benut.[355] In teenstelling met Moltke het hy daarin geglo dat die strategie van 'n hele oorlog vooruit beplan kan word en dat Duitsland deur die inisiatief te neem, en te hou, die gang en pas van enige oorlog kon bepaal en dikteer.

7.3.5 Foch

Tussen Waterloo en Solferino is daar stagnasie in Franse militêre denke, wat eers begin verander met die bydraes van Du Picq.[356] Dit was egter Ferdinand Foch (1851 - 1929) wat die mees invloedryke Franse militêre denker voor die Eerste Wêreldoorlog was. In *The Principles of War* verklaar hy:

> "You do not make war without reason, without an object,.....Everything in war is linked together, mutually interdependent, mutually interpenetrating."[357]

Clausewitz het 'n sterk vormende invloed op die denkbeelde van Foch gehad; denkbeelde wat sentreer om die tema dat daar wel fundamentele beginsels vir oorlogvoering is, maar dat die beginsels aangepas moet word van situasie tot situasie.[358] Foch plaas 'n swaar premie op die rol van die militêre aanvoerder en lê die volgende vier beginsels vir oorlogvoering neer: die ekonomiese aanwending van beskikbare magte; inisiatief en keuse= vryheid by individuele bevelvoerders; soepelheid in die ontplooiing van die troepemagte en laastens sekuri= teitsoorwegings.[359] Vir hom bestaan daar materiële en taktiese sekuriteit wat daarop neerkom dat vyandelike optrede nooit wetmatig die eie strategie kan bepaal nie. Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het Foch as geallieerde opperbevelhebber sy beginsels dinamies op

495/...

die oorlogsfront toegepas. Trouens hy het self ver= klaar dat dit 'n beter strategie was wat hom oor Ludendorff[360], laat seëvier het.

7.3.6 Liddell Hart

Basil Henry Liddell Hart (1895 - 1970) is ongetwyfeld een van die uitstaande grondleggers van oorlogstrategie in die twintigste eeu.

> "In the Himalayan range of the great thinkers about warfare he was one of the last and undoubtedly one of the pre-eminent peaks."[361], aldus Lewin.

Sy bekendste werk: *Strategy, The Indirect Approach*, het 'n basiese teksboek in militêre kringe dwarsdeur die wêreld geword. 'n Uitstaande werk waarin hy onder meer skrywe:

> "With the exception of Alexander, the most consistently succesful commanders when faced by an enemy in a position that was strong naturally or materially, have hardly ever tackled it in a direct way."[362]

Gewone tradisionele oorlogstrategie berus volgens hom op die basiese elemente van beweging en verrassing wat onderskeidelik in die fisiese en psigologiese sfeer uiteenval.[363] Liddell Hart is in die besonder apologeet van verdediging[364], veral waar daar 'n gebrek aan strategiese en taktiese bewegingsvryheid was. Hitler se suksesse teen Wes-Europa in die somer van 1940 het hy gesien as 'n toepassing van sy eie doktrines. Die tweede volume van sy *Memoirs*, word afgesluit met die sinsnede:

> "For me, in that spring of 1940, there was a tragic irony in having to watch, as a mere onlooker, my ideas being applied to pierce the defence of France, my birthplace, and put in extreme jeopardy my own country."[365]

Sy indirekte strategie as teoretiese benadering tot die krygskunde het groot aanhang verwerf en moet as 'n kardinale bydrae tot die teorie van oorlogvoering beskou word.

7.3.7 Samevatting

Die bondige uiteensetting van enkele grondleggers van tradisionele strategie is hoegenaamd nie volledig nie. Daar is baie ander persone wat die kuns van swaardmag=kontak uit wisselende standpunte hanteer het.[366] Van belang bly egter die feit dat fisiese swaardmag-krag=meting by die meeste van die denkers die funderings=moment bly. Oorloë is tot 'n groot hoogte 'n eng militêre "decorious operation";[367] en territorium-dominasie een van die oorheersende motiverings. Die intrede van kernstrategie bring egter ingrypende verande=rings in die eiseveelheid wat oorlogvoering aan state stel. Voordat ons dit aan die orde stel, eers kortliks aandag aan differensiasie in tradisionele strategie.

7.4 Differensiasie in Konvensionele Swaardmagaanwending

Tradisioneel differensieer die aanwending van swaardmag in die volgende vlakke; die leër, vloot en lugmag asook die polisie. Laasgenoemde arm van die swaardmag is die instrument in die hande van die owerheid om binnelands ewewig en harmonie in 'n veelheid van regsbelange te handhaaf. Die leër, vloot en lugmag verteenwoordig daardie vertakkings wat vir tussenstaatlike weerbaarheid aangewend word, omdat die owerheidstaak beslis ook beskerming teen buitelandse agressie insluit.

Oorlog op land is die oudste en mees bekende vorm, alhoe=wel maritieme oorlogvoering ook tot die antieke terugge=voer kan word.[368] Die aanwending van duikbote, vliegdek=skepe en ander gesofistikeerde wapentuig, gepaar met die areale verbreidheid van die oseane, het algaande 'n groter premie op die strategiese belangrikheid van maritieme wapens geplaas.[369] Die opkoms van moderne supermoondhede, ideologiese kruistogte en die internasionale staatkundige soewereiniteitsvrye oop-see areas bring in die twintigste eeu 'n nuwe belangedimensie aan die vlootmag.

Die intrede van lugmag in die twintigste eeu bring rewo=lusionêre strategiese veranderings teweeg.[370] Aanvanklik

is die militêre waarde van die lugmag met die spreek=woordelike verkrampte snobisme van die militariste bejeën; waarvan die woorde van 'n bekende Amerikaanse generaal:

> "I see no reason why the range of a military aeroplane should ever exeed three days march by the infantry."[371], getuig.

Gaandeweg het die strategiese voordele van die lugmag egter op die voorgrond begin tree en gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Professor Willi Messerschmidt (ontwerper van die beroemde ME 109, 110, ens.) op 'n vraag geantwoord:

> "One of the strategic mistakes was the failure to construct a fleet of longrange bombers to supplement submarine warfare in the Atlantic and thereby to deny the United States the ability to set up an operating air force within range of German industrial centers."[372]

In die aanvangsjare van die Koue Oorlog speel die lugmag nog 'n belangrike rol[373], alhoewel 'n groot verskeidenheid projektiele op verskeie vlakke, geleidelik die rol van die lugmag begin verdring. Daarmee is die tripolêr-vertakte karaktereie van die swaardmag egter hoegenaamd nie opgehef nie. Tegnologiese vernuf en kundigheid gee daaraan 'n dinamiese aanpasbaarheid en die leër, vloot en lugmag sal waarskynlik altyd 'n kardinale rol vervul in die owerheidstaak om die burgery te beskerm teen eksterne agressie; en om in die moderne staatkundige milieu rewolusionêre opstande en terrorisme binnelands as steunpilaar vir die polisiemag aan bande te lê.

7.5 Die Fundamentele Verandering van Strategie en Oorlogvoering

Op 6 Augustus 1945, om 9.15 vm., het 'n vliegtuig van die Amerikaanse lugmag 'n atoombom oor Hiroshima neerge=laat en daarmee 'n totale omwenteling in oorlogvoering ingelui.[374] Die verwoestingskrag van dié "Frankenstein"-monster het tradisionele swaardmag tot popgewere verdwerg in die mees fundamentele verandering in die geskiedenis van wapentuig. Militêr het die mensdom nou vir die eerste keer die potensiaal om sy eie voortbestaan en die van sy beskawing te beëindig. Dit is hierdie dilemma

wat President Eisenhower soos volg opgesom het:

> ".....there is no alternative to peace."[375], terwyl

Noel-Baker opmerk:

> "Fast alle Staatsoberhäupter und Premierminister der Welt haben in der letzten zeit erklärt, dass ein Atomkrieg das ganze Menschengeschlecht vernichten könnte."[376]

Na 'n kernoorlog sal die oorlewendes na alle waarskynlikheid slegs belangstel in voortbestaan; die najaging van polities - militêre ideale totaal vergete.

> "One of the paradoxical lessons of the nuclear age is that at the moment when we are acquiring an unparalleled command over nature, we are forced to realize as never before that the problems of survival will have to be solved above all in the minds of men."[377], aldus Kissinger.

Die status quo op die swaardmagfront bring sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n stelsel van terreurewewig. Die realistiese begrip het egter spoedig posgevat dat die strategiese aanwending van kernwapens so diepgrypend op die volle staatkundige spektrum insny dat die beslissingsmomente rondom die aanwending daarvan onder geen omstandighede meer die prerogatief van die militariste kan wees nie: ".....the matter is much to important to be left to the generals."[378]; 'n stelling van Clemenceau wat sprekend waar is in die atoomeeu. Male sonder tal het die supermoondhede al op die punt gestaan om in hernieude volskaalse oorloë betrokke te raak[379], maar dan het die verwoestende krag van hulle kernwapens die demper daarop geplaas. Die "bevriesing" in kernwapengebruik bring egter geen ontspanning vir die tussenstaatlike wagwoord van voortdurende magsgereedheid vir soewereiniteitsbehoud nie.

> "The statesman who possesses it can choose whether to appease or warn; the one who lacks it can only appease.", beweer Brodie en gaan voort: "As General Eisenhower so neatly put is, strength is required to co-operate, weakness can only beg."[380]

499/...

Om die hoogspanningsituasie van terreurbalans in die tussenstaatlike atoomeeu enigsins te laat afkoel, moes daar 'n geleier gevind word; en hiervoor het terrorisme en lokale ondermyningsoorloë (in hulle volle fasette= verskeidenheid) uitstekend te pas gekom. Lokale en internasionale guerrilla en/of terroristiese strategieë het enersyds gedien as uitlaatkleppe vir die opbouende; maar onbruikbare swaardmagvermoë van kernmoondhede; en andersyds as die rewolusionêre kanaal waardeur militante groepe politieke ideale kon verwesenlik.[381] Genl. Joubert merk dienaangaande op:

> "Die base van die Kremlin besef terdeë dat daar na 'n derde wêreldoorlog - 'n kernoorlog - geen oorwinnaars kan wees nie en dat volskaalse oorlogvoering daarom uitgeskakel is as 'n metode om die Verenigde State van Amerika en die ander lande van die vrye wêreld op hulle knieë te dwing."[382]

Dit skyn dus of die verwoestingspotensiaal van totale oorlogvoering, na die Tweede Wêreldoorlog, daartoe bygedra het om die fundamentele grondslae van oorlog ingrypend te verander. In die kern realiseer daar nou 'n tweepolige splitsing; kernoorlog en ongereëlde ondermyningsoorloë. Konvensionele oorlogvoering is nie daarmee aan die ver= getelheid toegesê nie, maar strategiese begrip en realisme dui op dié genoemde bipolêre vertakking in die laaste helfte van die twintigste eeu. 'n Algehele nuwe strategie wat met toespitsing op die volle radius van staatkundige konflikpotensiaal ook sinvol ontleed moet word.

7.6 Die Afskrikkingstrategie van Kernwapens

7.6.1 Voorlopige Opmerkings

Kernoorlogvoering is totale oorlogvoering in die volle sin van die woord - 'n oorlogspoging met volle oorgawe, met geen area of lewensakker buite die bereik van die wapentuig nie. Dit word gevoer tot die bitter einde en omvat die volle spektrum van strategiese en taktiese oorwegings. Brodie dui in *War and Politics* daarop hoedat die mensdom met angs die metamorfose van strategiese

wapentuig gade geslaan het:

> "The flashes of three atomic bombs in the summer of 1945 at Alamagordo and over Hiroshima and Nagasaki illuminated at once to the world that mankind had brought upon itself a deadly peril. For a time all other conclusions were quite blotted out, and even the joy of a victorious war's end was clouded over by a nagging anxiety. The scientists cried, "What have we done?" and held innumerable meetings in search of total cures."[383]

Kahn wys egter in sy monumentale standaardwerk *On Thermonuclear War* op die volgende:

> "Despite a widespread belief to the contrary, objective studies indicate that even though the amount of human tragedy would be greatly increased in the postwar world, the increase would not preclude normal and happy lives for the majority of survivors and their descendants."[384]

In teenstelling met die populêre opvattings kan dit dus nie resloos aanvaar word dat kernoorlog die bestaan van die mensdom op aarde onvoorwaardelik sal beëindig nie.

Delikate versigtigheid is daarom kenbaar in die hantering van kerndetênte omdat die aanwending van kernwapens die agressor dikwels die duurste te staan kan kom.

> "The prospective opponents are kept constantly aware of the inevitability of their own destruction should they resort to nuclear force, and this awareness prevents them from resorting to it. "[385], aldus Morgenthau.

Die strukturele onderbou van "deterrence" impliseer egter nie 'n towerbegrip vir tussenstaatlike vrede nie. Die gevare van blitssnelle tegnologiese deurbrake is konstant teenwoordig en aktueel - en juis dit kan die pariteit van kernterreur oornag ophef en 'n onaantasbare inter= nasionale staatkundige kolos daarstel. Dyson stel dit so:

> "Any country which renounces for itself the development of nuclear weapons, without certain knowledge that its adversaries have done the same, is likely to find itself in the position of the Polish Army in 1939,

501/...

fighting tanks with horses."[386], terwyl Kissinger opmerk:

> "Almost up to the outbreak of World War II, a weapons system would be good for a generation at least, while today it may be outdated when it has barely passed the blueprint stage."[387]

Anders as tegnologiese deurbrake in die konvensionele era, dra fundamentele kerntegnologiese deurbrake bowendien die eienskap dat dit 'n onaantasbare magspotentaat kan daarstel vanweë die besondere verwoestingskrag van dié wapentuig. Kernstrategie verander dus voortdurend - Beaufre het die dinamiese eie-aard daarvan só gestel:

> "Nuclear strategy is rather like one of those dreams when you are in a vast empty house opening one door after another from one room to another without ever reaching the end."[388]

In die hipotetiese aanwending van die bykans diaboliese kernstrategie is dit duidelik dat die kultuurobjekti= verende ontsluiting van natuurkragte te vinnig ontwikkel het vir die sondegebroke werklikheid. Tog stem ons nie resloos saam met die ietwat meerderwaardige gevolgtrekking van Green in *Deadly Logic. The Theory of Nuclear Deterrence* nie. Green argumenteer:

> "The false attribution of expertness to an intellectual elite, which has in effect passed a test of political acceptability, narrows rather than enlarges the channels of influence. Pseudo-science such as that of deterrence theorists thus constitutes a disservice not only to the scholarly community, <u>but ultimately to the democratic political process as well</u>." [389]
>
> (onderstreep L.D.B.)

Kernwapens is reeds deel van die internasionale state= struktuur se voortdurende toename van skynbare onoplosbare dilemmas en owerhede en staatsburgers sal net eenvoudig moet leer om daarmee saam te leef. Dit is nie die wapens self nie, maar die sondige natuur van owerhede en staats= burgers wat die internasionale kernkatastrofe kan bring. Een van die kardinale probleme rondom kernstrategie is die uitbreiding van besittersmoondhede.

502/...

7.6.2 Uitbreiding van die Kernklub

'n Tergende probleem van kernstrategie is die ondermyning van internasionale sekuriteit deur die getalsmatige staatkundige verspreiding van kernwapens, bekend as die sogenaamde "Nth power problem."[390] President Kennedy het by geleentheid gesê:

> "I ask you to stop and think for a moment what it would mean to have nuclear weapons in so many hands, in the hands of the countries large and small, stable and unstable, responsible and irresponsible, scattered throughout the world."[391]

Internasionale verantwoordelikheid neem nie noodwendig af met 'n afname in magsvermoë van state nie, maar kleiner state het minder om te verloor[392], en sal moeiliker die psigologiese spanning van kerndeténte kan dra.[393] Ooreenkomste om die verspreiding van kernwapens te beperk[394], ten spyt, is daar 'n toenemende aantal state, wat weens velerlei redes, op besitreg aanspraak maak.

'n Belangrike motiverende drang na kernwapens is die prestige wat daarom verwerf is.[395] Voorts kan besittingsreg van dié wapens, state ook in staat stel om hulle konvensionele magte te verklein, en die mannekrag wat so gespaar word elders aan te wend.[396] "Het atoomwapen zou dus niet langer suppletoir in de organisatie en defensie tellen, doch integraal."[397] aldus Gerssen. Die hoër lewensverwagting, groeiende materialisme en 'n toenemende gees van onheroïse opportunisme, bring 'n onwilligheid by die hedendaagse staatsburger om militêre diensplig te verrig; in welke geval die appél op kernwapens om die behoud van staatkundige soewereiniteit in 'n uur van konfrontasie al swaarder weeg. Bowendien is daar altyd die taktiese oorweging dat konvensionele magte in die tydsorde lank neem om gemobiliseer te word, terwyl kernwapens met die druk van 'n knoppie slaggereed is.[398]

Die belangrikste motivering is egter waarskynlik daarin geleë dat state nie bereid is om hulle beveiliging teen

503/...

eksterne agressie aan die goeddunke van ander state oor te laat nie.

> "In conclusion, let us admit that the decision to use nuclear weapons cannot be shared."[399] , skrywe Beaufre met indringende kernstrategiese begrip. Knorr vra tereg:

> "Would the United States, asks the skeptic, knowing that in the event of full-fledged war with the Soviet Union it would suffer casualties by the tens of millions and a paralizing blow to its economy, would it in fact be willing to unleash S.A.C. for the protection of all or any part of Western Europe?"[400]

So gesien verloor enige staat sy funderende moment — swaardmagsanksie - en hou, konsekwent deurgetrek, op om te bestaan as normatiewe staatstruktuur. Die ower= heid van enige parisiterende staat vir kernwapenbe= skerming is in sy strategiese voogdyskapstatus nie in staat om self besluite te neem om sy soewereiniteit teen internasionale agressie met swaardmag te bewaar nie. Met superieure, bewakende swaardmag elders gestasioneer is die bestaan van die staat opgehef; in watter verband Kissinger kensketsend opmerk:

> "Force by itself will not supply an answer to the challenge of the future; it offers the possibility that there will be a future."[401] (onderstreep L.D.B.)

In dié lig moet die opbou van die "force de frappe"; Guallisties-geïnspireerde kernangel van Frankryk[402], en die ooreenstemmende begeerte by ander state beskou word.[403] Kernwapens gee aan sodanige state die waarde van afskrikkingstrategie en soewereiniteitsbehoud, omdat magtige kernmoondhede maar al te seer bewus is van die fenomenale verwoestingskrag van 'n enkele kernknalkop in industriële hartlande of multi-stedelike sentra. Uraan (235 en plutonium 239) word dan 'n kardinale energiebron, en Suid-Afrika in die woorde van Willrich:

504/...

"South Africa's large uranium reserves make it a major power to be dealt with in the non-proliferation context.....,"[404], van besondere betekenis in die internasionale magstryd.

'n Uitbreiding van die kernklub bring die probleem van identifikasie van agressors en die teoretiese probleem of 'n vergeldingsaanval teen Liechtenstein, as hipotetiese voorbeeld, so aangewend kan word dat die omringende state van nagevolge gevrywaar is.[405] Baie aanbevelings is gemaak om kernwapenverspreiding te voorkom[406], en veral kernterrorisme kan 'n tergende probleem bied. As oplossing bied Kahn 'n langtermyn "lex talionis" aan[407], wat 'n kernveto impliseer en aan die magtiges die reg verleen om 'n "oog vir 'n oog" te vervang met 'n "stad vir 'n stad". Die uitbreiding van die besitters=moondhede van kernwapens bring andermaal 'n vergestalting van magtige en minder magtige moondhede in internasionale verhoudinge. Meer verspreide besitreg kan die heersende magsbalans van die wêreldpolitiek sonder twyfel ingrypend aantas. In sy kort bestaanstydperk het kernstrategie heelwat voortreflike teoretiese vertolkers opgelewer.

7.6.3 Enkele Grondleggers van Kernstrategie

Twee van die vroegste grondleggers van kernstrategie was Liddell Hart met *The Revolution in Warfare* (1946) en Brodie met *The Absolute Weapon* (1946)[408]. In laas=genoemde werk stateer Brodie reeds die onderliggende gedagtegang van kerndeterrente:

"Thus far the chief purpose of our military establishment has been to win wars. From now on its chief purpose must be to avert them. It can have almost no other useful purpose."[409]

Rondom ontspanning op kernwapengebied en die juiste betekenis van "deterrence" woed daar in die vroeë vyftigerjare 'n hewige debat waarin Buzzard, Goold-Adams, Blackett, Slessor, Dulles en andere 'n belangrike rol speel.[410] Blackett skrywe onder ander in 1956:

"I think we should act as if atomic and hydrogen bombs have abolished total war and concentrate our efforts on working out how few atomic bombs and their carriers are required to keep it

505/...

> abolished. In the next few years I see the problem not as how many atomic bombs we can afford but as how few we need. For every hundred million pounds spent on offensive and defensive preparations for global war, which almost certainly will not happen, is so much less for limited and colonial wars, which well may."[411]

Daarmee het die probleem van die taktiese aanwending van kernwapens op die voorgrond getree. In *The Four Paradoxes of Nuclear Strategy* distansieer Morgenthau hom redelik heftig van dié kernstrategiese gedagtespel. Hy skryf:

> "However, the enormous destructiveness natural to nuclear weapons upon which the dynamics of warfare is brought to bear makes the rationalization of nuclear war, however attempted, a hopeless under= taking."[412]

Dyer is ewe krities in sy argumentasie:

> "If ever a weapons system has been conceived in debate, born in uncertainty, and nurtured in ambiguity, it is the tactical nuclear weapons system."[413]

Baanbrekerswerk in taktiese aanwending van kernwapens word gedoen deur Osgood in *Limited War. The Challenge to American Strategy* (1957); en Kissinger in *Nuclear Weapons and Foreign Policy* (1957). Osgood sien die aan= wending van kernwapens uit 'n oorkoepelende politieke "Leitmotiv" en dui heeltemal tereg op die dilemma van die verhouding tussen reg en mag:

> "Because of the imperfection of man, force is a moral necessity, an indispensable instrument of justice."[414]

Kissinger daarenteen, ervaar die probleem dat die V.S.A. ten spyte van sy magtige militêre kapasiteit, nie in staat is om dit in lokale onweersones aan te wend nie.[415] Gebuk onder die swakhede van mannekrag en populasie is die enigste strategiese uitvlug vir die Weste daarom geleë in die taktiese ontplooiing van kernwapens:

506/...

> "It therefore becomes the task of our diplomacy to convey to the Soviet bloc that we are capable of courses other than allout war or inaction, and that we intend to use this capability."[416], skrywe Kissinger en

argumenteer elders in dieselfde indringende trant:

> "By an advantageous strategy we certainly do not mean that limited nuclear war is desirable; the nuclear age permits only a choice among evils..... In terms of deterrence, the ability to wage limited nuclear war seems more suitable than conventional war because it poses the maximum credible threat."[417]

Howel Kissinger later dié beskouing heelwat getemper het[418], het dit tot in die gesagsliggame van NAVO en ander betrokke internasionale militêre alliansies geboemerang, en is die dispuut nog lank nie uitgeput deur navorsers en teoretici in die sfeer van kernstrate=gie nie.[419]

Die tegniese en strukturele onstabiliteit van kerndeténte is deur Wohlstetter in sy beroemde artikel: *The Delicate Balance of Terror* (1959) uiteengesit.[420] Morgenstern en Schelling - met behulp van die spelteorie - het ewe-eens daarop gedui dat die beste waarborg in die geval van 'n kernoorlog deur misverstand; 'n onver=nietigbare kernweerwraakstelsel is.[421] Die waarde van die oorlewingspotensiaal ("second-strike capability") het op hierdie stadium sterk op die voorgrond getree.

'n Magistrale bydrae word in 1960 gemaak met die publi=kasie van Kahn se genoemde *On Thermonuclear War*. Green stel die bydrae daarvan in die volgende woorde:

> "And since that book is without doubt the most significant single contribution to arms policy discussion during the nuclear era, close study of its accomplishments is repaid by a fundamental insight into the uses to which systems analysis has been put, and to which it can be put."[422]

Tog het die wetenskaplike bydrae en houdbaarheid van die werk ook hewige kritiek ontlok.[423] Sonder die gebruiklike omsigtigheid - bykans blatant - ontleed

Kahn realisties die werklikheid en die gevare van 'n kernkatastrofe.[424] 'n Standpunt waartoe die meer globale strategiese sienings van Knorr en Schelling ook bygedra het.[425] Genoemde teoretiese besinning het in die vroeë sestigerjare veel daartoe bygedra om McNamara, (Amerikaanse Sekretaris van Verdediging) en daardeur die V.S.A. se kernstrategie te bepaal.[426]

Franse bydraes tot kernstrategie is in hoofsaak Gallois se *Stratégie de l' Age Nucléaire* (1960) en Beaufre se *Deterrence and Strategy* (1965).[427] Ook Aron met *Century of Total War* lewer sy bydrae tot die Franse denkbeelde wat sentreer rondom 'n tussenstaatlike struktuur gebaseer op mulipolarisme.

> "The prospect of a world controlled by a de facto Russo-American "condominium" is one of the possible - and menacing - results of nuclear evolution. Looked at from this point of view, the existence of independent nuclear forces should constitute a guarantee that the interests of the other nuclear powers will not be sacrificed through some agreement between the two superpowers."[428],

argumenteer Beaufre.

Die jonger Russiese leiers: Khrushchev, Malenkov, Zhukov, Pospelov, Saburov, Bulganin, Molotov, Kaganovich, Mikoyan, Voroshilov en andere het sedert die tradisionele en verstarde konvensionele konsep van Stalin besef dat die Kremlin ook die strategiese eise van 'n waarskynlike kernoorlog sou moes hanteer.[429] Moskou het baie prestige[430], en klem op die waarde van kernwapens geplaas.

> "They are frequently described as "the mighty shield standing in the way of the imperialist aggressors" and the "special care" which the Presidium of the Central Committee and Khrushchev personally have bestowed on their development is often mentioned."[431],

deel Wolfe mee. Die belangrikste bydrae uit Rusland is *Military Strategy* (1962) wat onder die redakteurskap van Maarskalk Sokolovsky verskyn het. Met betrekking tot kernstrategiese aspekte word die volgende standpunt ondermeer daarin gehuldig:

> "From the point of view of weapons, a third world war will be, above all, a nuclear missile war. The mass use of nuclear and, in particular, of thermonuclear weapons will impart to the war an unprecedented destructive and devastating character. Entire countries will be wiped off the face of the earth. The main means of attaining the goals of the war and of solving the main strategic and operational problems will be missiles with nuclear warheads. Consequently, the leading type of armed forces will be the strategic rocket forces, while the role and purpose of the other types of armed forces will be essentially changed. At the same time, final victory will be attained only through the combined efforts of all types of armed forces."[432]

In hoofsaak handel die werk oor die vermoë van die openingsaanval en oorlewingspotensiaal; fundamentele kernstrategiese begrippe wat egter verwar word omdat dit, soos te verwagte, beoordeel word aan die hand van ideologiese vooroordele.[433] Garthoff het die moontlike toekomstige ontwikkeling van Sowjet strategiese denke só geskets:

> ".....Soviet Strategy today and in the years ahead is developing and taking full advantage of new scientific, technological, and weapons potentialities The strategic concept gives every sign of continuing essentially unchanged into the future. The new political strategic concept of deterrence plus pressure is accompanied by military preparation for any kinds of wars which the Soviets may choose or be compelled to fight. The main requirement is that flexibility in strategic decision must be preserved so that in the choice between various possibilities in any situation the Soviets can select the most advantageous and least costly of alternatives. This requires a large and balanced military establishment which the Soviets maintain."[434]

Kernstrategie staan nog in sy kinderskoene en ten spyte van indringende werk lê die veld nog baie braak. Bowen=

dien verander kernwapens so snel dat voortdurende heraanpassing en nuwe perspektiewe feitlik konstant nodig is. Die fundamentele verandering met betrekking tot die tussenstaatlike aanwending van magspotensiaal kom egter nog duideliker aan die lig as taktiese aspekte van kernstrategie in oënskou geneem word.

7.6.4 Taktiese Aspekte van Kernstrategie

7.6.4.1 Inleiding

Die taktiese aanwending van kernwapens toon fundamentele en ingrypende veranderings - trouens, 'n totale heroriëntering ten opsigte van die taktiese ontplooiing van wapentuig is hier aan die orde.[435] Nie alleen het die effek van die aanwending van die wapens monumentaal en bykans onmeetbaar gegroei nie[436], maar meer nog; dit is nie langer menslike individue en leërmagte wat takties korrek in gevegsituasies ontplooi moet word nie, maar koue onpersoonlike produkte van tegnologiese triomf en vaardigheid. Kerntaktiek dra dus 'n kille, gerekenariseerde karakter waarbinne oordeelsfoute katastrofiese gevolge kan meebring. Die woorde van 'n anonieme Eskimo is hier van toepassing:

> "We do not believe: we fear. We fear the cold and the things we do not understand. But most of all we fear the doings of the heedless ones among ourselves."[437]

Daardeur word treffend aangetoon oor watter kernliggende verantwoordelikheid en suiwere gebalanseerde oordeel owerhede en staatsleiers tydens internasionale beslissingsmomente in die onafgebroke tussenstaatlike spanningsklimaat moet opereer. Bowendien vereis kerntaktiek in die tydsorde 'n konstante staat van gereedheid - kernstrategie met sy skynbare gerustellende deténtestruktuur dra die eie-aard van 'n ultimatum wat nooit verstryk nie - en daarom is dit goed dat subjektiewe dingindividualiteite, en nie die mens nie, die konstante spanning van kerntaktiek moet dra.

510/...

7.6.4.2 Vermoë van die Openingsaanval

Aanvanklik is aanvaar dat die land wat eerste aanval in 'n kernoorlog in 'n besonder gunstige strategiese posisie is.[438]

Die wapens besit so 'n fenomenale slaankrag datdit die vermoë het om die vyand se atoomarsenaal te vernietig nog voordat dit offensief aangewend kon word. Die prooistaat moet dan terugslaan met 'n mag wat grootliks uitgedun is, en wat takties swak vergelyk met die ver= moë van die inisiërende openingsaanval ("first-strike capability").

> "The advantage of striking first, as it relates to the question of pre-emptive attack, means that even though a retaliation blow would be unacceptable when measured against objectives other than pre-emption, it is nevertheless preferred to the costs of taking the opponent's first strike."[439], verklaar Snyder. Dit beteken bloot dat indien 'n kernoorlog onvermydelik is, dit deurslaggewende taktiese voordele inhou om eerste aan te val.

Indien kernwapens deur vliegtuie gedra word, is die aanvaller in die gunstige posisie dat een bomwerper verskeie vyandelike vliegtuie op verskeie basisse kan vernietig. Bomwerpers moet egter takties in die tydsorde korrek aangewend word. Indien hulle na 'n vals alarm sonder brandstof by hulle basisse arriveer, en die kernaanslag vind dan plaas, is hulle nutteloos.[440] In die geval van projektiele kan 'n openingsaanval minder suksesvol wees omdat projektiele nie so akkuraat afgelewer kan word nie. (Gestel beide kante het 100 projektiele en die aanvaller kan met sy honderd slegs 50 van die vyand verwoes, dan het laasgenoemde nog 50 oor wat hy met tyd en oorleg kan gebruik.) In dié geval sal geen kant bereid wees om eerste aan te val nie, omdat die teenaanval veel meer verwoesting in= hou.[441] Dit bring ons by nog 'n belangrike ontwikke= ling en insig in die taktiese aanwending van kernwapens, naamlik oorlewingspotensiaal.

511/...

7.6.4.3 Oorlewingspotensiaal

Oorlewingspotensiaal ("second-strike capability") kan ons definieer as die militêre slaankrag van 'n staat nadat dit 'n atoomaanval van 'n ander ondervind het. Oor die grondliggende kenmerke van hierdie teoretiese kerntaktiese gedagtespel stel ons weer eens die mening van Snyder aan die orde:

> "A country has a minimum second-strike deterrent when it has just enough nuclear striking power - after subtracting the forces which the potential aggressor would be able to eliminate in a surprise attack and by his air defences - to cause damage to the opponent's economy and population thereby more than offsetting the value which the opponent places on his objective."[442]

As alle moondhede wat kernwapens het oor oorlewingspotensiaal beskik, is die tussenstaatlike in 'n strukturele posisie van kernmagpariteit. Geen staat het dan die vermoë - deur eerste toe te slaan - om 'n klinkende oorwinning te behaal nie.

Sedert die sestigerjare ontstaan die neiging om die aandag veral op oorlewingskapasiteit toe te spits. Die bergingsplekke van operasionele offensiewe projektiele is eerstens aansienlik versterk.[443] (As drie projektiele argumentsonthalwe nodig is om een "verskuilde" te vernietig en die koste van sodanige borswering is minder as die van twee projektiele, dan is die versterking van bergingsilos inderdaad die moeite werd.)

Rondom die ontplooiing van anti-projektielstelsels (A B M) het daar vir lank 'n hewige debat gewoed. Westerse strategiese beplanners was veral bevrees dat Russiese inisiatief op hierdie vlak die Kremlin in 'n boweskikkende kernstrategiese posisie sou plaas. In *Arms and Influence* verklank Schelling die agterdogtige beangstigheid in die volgende woorde:

> "It looked for a while as though they might try to recover some of their missile-gap stature by being ahead, or claiming to be ahead, in the deployment of ballistic missile

512/...

> defenses, exploiting a breakthrough that might, in the judgement of some people, drastically shift the strategic balance, leapfrog the American missile superiority, and demonstrate Soviet inventive and productive genius."[444]

Die teenstanders daarvan het as uitgangspunt aanvaar dat suksesvolle verdediging teen kernaanvalle taboe is. Daarteenoor het die voorstanders veral gedui op die waarde daarvan as demper op die verwoesting van menselewens.

> "I believe that defensive systems, which prevent attack, are not the cause of the arms race, but constitute a factor preventing the death of people"[445], het Premier Kosygin op 9 Februarie 1967

tydens 'n perskonferensie in London verklaar. Die waarde daarvan vir die groot moondhede sal waarskynlik altyd relatief wees, maar dit kan ontwikkel in 'n doeltreffende immuniteit teen kernterrorisme. 'n Onderskeppende projektielafweerstelsel kan 'n beskermende koepel vorm teen agressie van Rooi Sjina[446], rewolusionêre terroristiese drukgroepe en individue (Guevara, Stalin, Hitler) [447], wat of waansinnig is, of geen steen onaangeroerd sal laat om as oorwinnaar uit die vir hulle onstuitbare tussenstaatlike rewolusionêre stryd te tree nie. Dit is dus veral teen die onverantwoordelike gebruik van kernwapens in die toekoms, wat projektielverdedigingstelsels aangewend kan word om tussenstaatlike katastrofes te verhoed.

Die ontwikkeling van enkel meervoudige onafhanklikgerigte projektiele (MIRV) plaas die taktiese aanwending van kernwapens in 'n nuwe dimensie. Brodie is dit eens dat dié tegnologiese ontwikkeling fenomenale voordele inhou:

> "When an offensive missile - or rather its one or more nuclear warheads, each contained in a vehicle designed to tolerate reentry of the atmosphere in approaching target - becomes accurate enough, no underground silo that it is feasible to build is likely to provide protection for the missiles of the retaliatory force."[448]

513/...

Die gebruik van meer as een plofkop in 'n enkele projektiel; wat op verskillende doelwitte toegespits word of op die aanvallende vlug geleidelik op af= sonderlike teikens ontkoppel kan word, is 'n belang= rike tegnologiese ontwikkeling wat die slaankrag van kernprojektiele geweldig verhoog.[449] Laasgenoemde ontwikkeling is dikwels vertolk as die Amerikaanse antwoord op die Russies aanwending van "ABM"-stelsels.[450]

Een van die belangrikste aanwendings van kernstrategiese oorlewingspotensiaal is kernduikbote:

> "The marriage of a relatively simple, nuclear-armed missile to the most stealthy and hidden of naval craft has created a new threat to the world's populations - the ballistic missile submarine."[451]

, is die strategiese insig waartoe Cohen geraak. Mobiliteit en die feit dat hulle juiste geografiese posisie aan die vyand onbe= kend is, maak van die kernduikboot 'n wapen sonder weerga in die taktiese ontplooiing van kernstrategie. Tydens 'n simposium oor die toekomstige strategiese waarde van maritieme afskrikkingswapens het Scoville en Hoag die volgende mening in 'n referaat *Ballistic Missile Submarines as Counterforce Weapons* nagehou:

> "With the present, and even probable future technology in antisubmarine warfare (asw), the difficulties in locating, tracking and destroying a large number of submerged submarines make these weapons systems almost ideal for this purpose since they would survive a first strike attack in sufficient numbers to respond with unacceptable damage to the attacker."[452]

Daar is waarskynlik min state wat daarna sal strewe om 'n oorheersende openingskapasiteit te ontwikkel. Taktiese grondslae berus eerder op oorlewingspoten= siaal; 'n verdere manifestasie van die detênte= struktuur in kernstrategie, wat egter konstante vooruit= gang en navorsing vereis ten einde die pas vol te hou.

514/...

"The balance is not automatic" , skrywe Wohlstetter in *The Delicate Balance of Terror* en gaan voort:

> "First since thermonuclear weapons give an enormous advantage to the aggressor, it takes great ingenuity and realism at any given level of nuclear technology to devise a stable equilibrium. And second, this technology itself is changing with fantastic speed. Deterrence will require an urgent and continuing effort."[453]

Kerntaktiek vereis voortdurende aanpassings en navor= sing want, in die sfeer van kernoorlogvoering kan oornag 'n oorheersende voorsprong opgebou word.

7.6.5 Toekomsprobleme en Samevatting

Met die uitbreiding van die kernklub gaan die identifi= kasie van aggressors een van die tergendste probleme van die toekoms wees.[454] Dit is immers bykans onmoont= lik om altyd vas te stel watter nasionale "handelsmerk" 'n inkomende offensiewe projektiel dra. Die spannings= frekwensie van kernmagsbalans vereis voortdurende ge= balanseerde en komkommerkoel optrede. 'n Kernoorlog wat per ongeluk deur onrasionele optrede of as gevolg van 'n misverstand ontstaan, kan onberekenbare gevolge hê.[455] Die gevare van kernterrorisme is ook aktueel in 'n era van die wêreldpolitiek waarin rewolusionêre uiterstes geen perke ken nie; en skynbaar ongehinderd botvier sonder enige teken van blywende beperkende kontrole.

Die koms van kernwapens het strategie in tussenstaatlike verhoudingsaanwending in die murg aangetas. Nie alleen berus taktiese oorwegings op geheel nuwe grondslae nie, maar oorlogvoering het so 'n totale karakter wat die hele werklikheid bestryk aangeneem, dat kernmoondhede alleenlik in uiterste noodsaak die swaard sal trek. Om dié rede is die terreur van ongereëlde rewolusionêre oorlogvoering - in sy verskillende gedaantes - in die twintigste eeu baie aktueel.

515/...

7.7 Rewolusionêre Ongereëlde Oorlogvoering

7.7.1 Inleiding

Ongereëlde oorlogvoering (guerrillaoorlogvoering en terrorisme in sy verskillende vergestaltingsvorme) is tradisioneel as 'n taktiese konsep beskou.[456] Sedert die Tweede Wêreldoorlog is dit egter in verskeie gevalle gepaar aan volksoorloë en bevrydingsoorloë en val dit - so aangewend - ook binne die raamwerk van 'n oorkoepe= lende strategiese konsep.

Hoe meer kernstrategie ontwikkel in 'n tussenstaatlike konflikbeplanning van terreur en onthouding, des te meer sal die indirekte strategie van rewolusionêre onkonvensionele oorlogvoering aangewend word.

> "We must learn to live in this so-called peace and save what remains to us of true peace. We must master the art of indirect strategy."[457], verklaar Beaufre. In sy wêreldberoemde populêre rewolusionêre "handves", *Quotations from Chairman Mao Tse-Tung*, ook bekend as die sogenaamde *Rooi Boekie*,koppel Mao oor= logvoering aan die volle politieke tussenstaatlike konflikspektrum:

> "War is the highest form of struggle for resolving contradictions, when they have developed to a certain stage, between classes, nations, states or political groups, and it has existed ever since the emergence of private property and of classes.....War is the continuation of politics. In this sense war is politics and war itself is a political action; since ancient times there has never been a war that did not have a political character....."[458]

Die strategie van die erodering van geestelike weerbaar= heid deur geleidelike aftakeling en bespotting van nasionale kultuurwaardes,val by uitstek binne die raam= werk van die Kremlin se skepping of aanblasing van konflikareas. Kissinger het die uitputtingskonfrontasie só saamgevat:

516/...

> "The Soviets can achieve their ultimate goal, the neutralization of the United States, at much less risk by gradually eroding the peripheral areas, which will imperfectly shift the balance of power against us without ever presenting us with a clear-cut challenge."[459]

Guerrillaoorlogvoering as sulks is so oud soos die geskiedenis van internasionale verhoudinge en oorlogvoering. Terrorisme daarenteen[460], is 'n produk van die twintigste eeu met sy meedoënlose bestendiging van ideologiese doktrines. In omvang is dit ook nie langer lokaal van aard nie; patrioties en nasionalisties geïnspireer nie, maar word terroristiese doktrines 'n wêreldomvattende stewe waardeur die credo van die rewolusie op militante wyse bestendig word. Wright dui op die moeilike definieerbaarheid van die begrip subversiewe intervensie:

> "Subversive intervention is difficult to define because the propaganda, infiltration and subversion which it utilizes seem to be protected by the recognised human rights of freedom of opinion and freedom of communication across national boundaries."[461]

Voordat ons die meer kontemporêre eie-aard van die orde stel, eers enkele snitte uit die geskiedkundige verloop van guerrillaoorlogvoering.

7.7.2 Die Historiese Ontwikkeling van Rewolusionêre Oorlogvoering

Swaardmagweerstand teen owerhede en konvensionele militêre magte is so oud soos die uitkristallisering van bewuste staatkundige entiteite. Reeds 166 v.C. het die beroemde Joodse vegsman, Judas Maccabaeus, steunende op die religieuse eensgesindheid en morele oortuigingsmoed van sy volk, die stryd teen die magtige Griekse en Siriese veroweraars aangesê. In die tweede boek van *Maccabaeus* is sy handelinge so opgeteken:

> "Judas Maccabaeus and they that were with him privately went into the towns: and calling together their kinsmen and friends, and taking

> unto them such as continued in the Jew's religion, they assembled six thousand men. So coming unawares upon the towns and cities. He set them on fire, and taking possession of the most commodious places, he made no small slaughter of the enemy. And especially in the nights he went upon these expiditions, and the fame of his valour spread abroad everywhere."[462]

Gedurende die Middeleeue het Walliese skaapwagters 'n bittere guerrillastryd teen Anglo-Noorweegse invallers gevoer.[463] Ook in Ierland, Pruise en Frankryk het godsdienstige minderheidsgroepe dikwels hulle toevlug tot guerrillapraktyke geneem.[464] So was die Camisards; 'n rebelse Hugenote mag in Frankryk, 'n baie harde dop om te kraak vir die Franse regeringstroepe.[465] Dit was in dié tyd ook reeds erkende strategie van moondhede om opstandsbewegings op die staatsterritorium van hulle vyande moreel te ondersteun en aan te moedig.[466]

Die "Spaanse Sweer" (1809 - 1813) plaas die naam guerrilla finaal en bewustelik strategies op die woordeboek.[467] Die Napoleontiese besettingsmagte moes nie alleen in 'n ongunstige bergagtige terrein opereer nie[468], maar onder die Spaanse guerrillas was daar 'n gemeenskaplike vegmoraal teen die besettingsmagte wat hulle monargale regeringstelsel vernietig het en hulle godsdiens bedreig het.[469] Clausewitz skrywe in *On War*:

> ".....when, as in Spain.....,the war is for the most part carried on by means of a people's war....,a truly new power is formed and people's warfare introduces a means of defence peculiar to itself."[470]

Desnieteenstaande was die opstand in Spanje eers militêr geslaagd nadat Wellington die aanslag op die Franse soldate konvensioneel voortgesit het.[471]

Nadat die Twee Boererepublieke hulle onderskeie hoofstede, Bloemfontein en Pretoria, tydens die Tweede Vryheids= oorlog (1899 - 1902) aan die Engelse troepe afgestaan het, het die stryd van die klein Boerekommando's nog lank te velde voortgeduur. Die Burgers het die terrein

soos die palm van hulle hand geken, en was verder uitstekende skuts en perderuiters.[472] Verskeie Boere=generaals, waaronder De La Rey[473]; maar veral De Wet, het wêreldberoemd geword vanweë die strategiese aan=wending van guerrillataktiek.[474] Genl. De Wet spreek sy sterkste afkeur aan die benaming "Guerrilla" in sy werk *De Strijd tusschen Boer en Brit*[475] uit; vir hom het dit bandelose rowers van 'n onwettige staats=bestel beteken. En tog was hy guerrilla-leier sonder weerga soos helder blyk uit die woorde van *The London Times* na afloop van die oorlog:

> "Christiaan de Wet himself had all the qualities of a guerrilla leader. Before the war, a keen man of business, but silent and not much known by his fellow-citizens, he bought all the speculator's eye for a bould coup to the game of war, and imposed respect for his leadership by his victories and savage determination. He ruled his men sternly, and his success, like that of all the Boer leaders who held their place in the forefront during this war, was chiefly due to severe discipline which he enforced on men who had never before known what discipline was. The stories told of his keeping his men in order with the sjambok are probably exaggerated, but he undoubtedly made them fear and obey. He rarely told them what he meant them to do; they simply had to follow him. Never popular with the men under his command he was not liked by colleagues with whom he had to act, for like guerrilla leaders, he worked almost entirely on his own schemes, and not infrequently disappointed those who expected his co-operation. On the other hand, his rapid, almost uncanny, success made his name to conjure with among his own men, and the British Army. He had a grim humour which was not seldom displayed in an exaggerated politeness to his frequent captives from the British Army..... Hunted by almost every British general all over South Africa, he was never caught and every failure

> on the British side seemed almost to be condoned if he was supposed to have a hand in it. His achievements were also, no doubt, multiplied in the popular estimation by his habit of never stopping long with any one commando, but flitting from one to the other to give directions, hence on his own side it was said that "he who sees de Wet in the morning does not know where he is that evening." The mastering passions which carried him through were an intense love of his country and an equally strong hatred of the English and of those who yielded to them....."[476]
> (onderstreep L.D.B.)

Ten spyte van die suksesse van die uitputtingsoorlog, moes die Burgers op die ou end tog die stryd gewonne gee - illustrasie van die realiteit dat indien hierdie tipe oorlogvoering nie groei tot 'n nasionale vryheidsstryd nie, en indien daar nie hulp van buite kom nie, die kanse op militêre sukses maar baie gering is.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog word guerrillataktiek algemeen aangewend. Duitse besettingsmagte word in Rusland, Italië en Joegoeslawië suksesvol takties-militêr geterroriseer, wat geen geringe rol gespeel het in die uiteindelike ineenstorting van die "Third Reich" nie.[477] Na die oorlog het Griekeland[478], die Phillippynse Eilande[479], Maleia[480], Ciprus[481] en Algerië[482] ook met guerrillaoorlogvoering in wisselende konteks te doen gehad. In die meeste van die gevalle is subversiewe oorlogvoering egter bloot takties aan=gewend. Rewolusionêre oorlogvoering is veral in die milieu van internasionale ontspanning deur die bevriessing van kernstrategie in die eerste drie dekades van die Koue Oorlog strategies ontplooi.

7.7.2.1 Guerrilla en Terroris Strategies aangewend

Die stryd op die Sjinese "vasteland" tussen die kommunistiese guerrillas van Mao Tse-toeng en die regeringsmagte van Chiang Kai-Shek kan basies in drie fases ingedeel word[483], maar die werklike mili=

520/...

têre stryd duur vanaf 1927 - 1949. Vry algemeen word die stryd as die volmaakte model van guerrillaoorlog= voering voorgehou.[484] Die korrupsie van die bestaande owerheid en die Japannese agressie in Mantsjoerye het veel daartoe bygedra om Mao uiteindelik die oorwinning te laat behaal.[485] Na die val van Tsinan, hoofstad van Shantung, het Mao die offensiewe inisiatief oorgeneem en met die slag van Huai Hai is die militêre weerstand van die nasionaliste finaal gebreek.[486]

Geskoei op die model van Mao het Fidel Castro 'n soortgelyke rewolusionêre oorlogvoering op Kuba aange= pak.[487] Die brein agter die stryd op Kuba is Che Guevara; vir wie die subversiewe bevordering van die internasionale rewolusionêre gedagtegang hartstogte= like bekoring ingehou het.[488] Binne drie jaar (1956 - 1959) het die "Fidelistas" die "Batistianos" oorweldig nadat die bevolking in 'n toenemende mate die guerrillas begin ondersteun het.[489]

> "The guerrilla fighter needs full help from the people of the area. This is an in= dispensable condition."[490], skrywe Guevara in *Guerrilla Warfare*.

Alhoewel op kleiner skaal is die stryd op Kuba 'n uitstekende voorbeeld van die toe= passing van guerrillataktiek wat groei tot 'n oorkoe= pelende strategiese oorwinning.[491]

In Viëtnam het die Vietminh onder leiding van Generaal Vo Nguyen Giap suksesvol guerrillaoorlogvoering teen die reste van Europese kolonialisme aangewend.[492] Giap het die swakhede van die Franse by uitstek uit= gebuit, en Agter-Indië het die graf van baie hoog aangeskrewe Franse Generaals (Vallny, Leclerc, Salan, Navarre en andere) geword.[493] Aanvanklik teen die Franse, en daarna teen die Amerikaners, het Giap met groot sukses op die snaar van Viëtnamese nasionalisme getokkel. Deur nasionalisme tot 'n saambindende volksentiment te voer was hy in staat om die taktiese tegnieke van ongereëlde oorlogvoering tot 'n strate= giese militêre geheel te omvorm. In *The Military Art of People's War* merk hy die volgende op:

521/...

> "Our revolution must go through the stage of national people's democratic revolution and advance toward the socialist revolution, bypassing the stage of capitalist development. Our military line is based on the line of a thoroughly national people's democratic revolu= tion; it is in the line of the people's evolutionary war, the war of a people made up of peasants, which is aimed at the overthrowing imperialism and feodalism, reconquering independence for the nation and giving land back to the tillers. It is the line of thorough war of national liberation, a just war to counter the injust war of aggression waged by the enemy."[494]

Die situasie in Suidoos-Asië is nog militêr, nog polities opgelos; maar illustreer tog die belangrik= heid van guerrillaoorlogvoering as strategiese konsep. Sedert die sestigerjare het internasionale terrorisme met ekstreme militantheid haas elke akker van die internasionale magstryd betree en dit is veral hier waar verbysterende wandade deur drukgroepe gepleeg word.

7.7.2.2 Internasionale Terrorisme

Een van die voëlentlote van die rewolusionêre gedagte= gang in 'n verwende humanistiese maatskappy is die taktiese aanwending van terroristiese terreur deur militante minderheidsgroepe. Die Brasiliaanse insurgent, Carlos Marighella, skrywe in sy *Minimanual of the Urban Guerrilla* die volgende oor die karaktereie van die stedelike terroris:

> "The urban guerrilla is a man who fights the military dictatorship with arms, using un= conventional methods. A political revolutionary and an ardent patriot, he is a fighter for his country's liberation, a friend of the people and of freedom. The urban guerrilla follows a political goal and only attacks the government, the big capitalists and the foreign imperialists."[495]

522/...

Vliegtuigskakings, ontvoerings en moorde op diplomatieke personeel; briefbomme, terrorisering van die burgerlike bevolking en eindelose ander eksesse van terreur - geskep deur die vindingrykheid van die rewolusionêre brein - konfronteer owerhede vandag met 'n nuwe probleem ten opsigte van hulle taak van die handhawing van ewewig en harmonie in 'n veelheid van regsbelange. Evans het die probleem van vliegtuigskakings so geskets:

> ".....it is a nightmare, a vicious form of Russian roulette in which the fate of the hijacker is inconsequental in comparison with the potential cost in lives of passengers and crew, not to speak of the value of the aircraft itself."[496]

Basies is hierdie vorm van terrorisme ondermynend ten opsigte van harmonie in internasionale verhoudinge. In *Protest and the Urban Guerrilla* skrywe Clutterbuck dienaangaande:

> "The price of failure to control the use of violence by militant minorities to blackmail the majority will become higher as the years go by, because of the growing international links between violent revolutionary groups and the growing vulnerability of modern society to their violence."[497]

Universeel word daar sporadiese afkeur uitgespreek, maar die internasionale stategemeenskap gaan mank aan eenstemmige afkeur en eendragtige optrede daarteen. Enersyds is daar diegene wat glo dat internasionale vrede en stabiliteit sal meehelp om internasionale wandade te bekamp; andersyds is daar die ondersteuners van internasionale gruweldade as die enigste uitweg om verandering en daardeur misplaaste idealistiese stabiliteit te bring. Die trefkrag van hierdie optrede word deur die moderne tegnologie verhoog en die owerheid sit met die dilemma dat daadkragtige optrede gekortwiek word deur die beskerming van die burgery wat as gyselaars gebruik word. Die meeste vorms van

523/...

internasionale terrorisme lê dus die mag van state effektief aan bande, en gee aan minderheidsgroepe 'n doeltreffende middel ter bevordering van rewo= lusionêre doelstellings. Die owerheidstaak word so= doende ondermyn, en die tussenstaatlike gedompel in anargie wat vrugbare teëlaarde kan skep vir die strategiese deurvoering van rewolusionêre dogmas.

7.7.3 Grondleggers en Grondbeginsels van Rewolusionêre Oorlogvoering

In die hoofstuk getitel "Volksbewaffnung" in sy werk *Vom Kriege* lê Clausewitz vyf grondbeginsels vir sukses= volle guerrillaoorlogvoering neer: die oorlog moet gevoer word in die geografiese hartland van die staat; die stryd kan nie gewen word deur 'n enkele veldslag nie; die operasionele area moet so groot as moontlik wees; die bevolking moet die oorlogspoging ondersteun en die geografie van die staat moet ru en onherbergsaam wees.[498] Die innige versmelting van politiek en oorlogvoering verkondig Clausewitz in navolging van Hegel en Von Bülow met sy werk: *Geist des Neuern Kriegssystems.*[499] Die grondgedagte van Clausewitz oor rewolusionêre oorlogvoering is die georganiseerde volksmassa en daarom is moraal en patriotisme van diepliggende betekenis vir die strategiese aanwending van ongereëlde oorlogvoering.

> ".....the spontaneous co-operation of the people, proceeding from the true attachment, is in all cases most important, as it never fails in all these points where service can be rendered without any sacrifice."[500] , aldus Clausewitz.

Die aardsvaders van die Marxistiese-Leninistiese ideologie - Marx, Engels en Lenin - wil die strategie van onge= reëlde rewolusie takties ontplooi om hulle politieke ideale te bevorder.

> "Ein volk dass sich seine Unabhängigkeit erobern will, darf sich nicht auf die gewöhnlichen Kriegsmittel beschränken ", skrywe Engels en gaan voort: "Aufstand in Masse, Revolutionskrieg, Guerrilla überall, das ist das einzige Mittel, wodurch ein

> kleines Volk mit einem grossen fertig wird, wodurch eine mindere starke Armee in den Stand verzetzt werden kann, der stärkeren und besser organisierten zu widerstehen."[501]

Onder invloed van Clausewitz[502] word oorlog die voort= setting van politieke doelstellings met ander middele, maar dit kom tog voor asof hier geen afbakening oor die bevoegdhede van guerrillaoorlogvoering is nie. Eerder word vanuit rewolusionêre oogpunt 'n geleentheid gesien om politieke ideale te bevorder.

> "The last word of social science on the eve of each general reconstruction of society will always remain: "struggle or death, bloody war or nothingness"."[503], aldus Karl Marx.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het T.E. Lawrence (Lawrence van Arabië) die Arabiere tot 'n suksesvolle guerrillaoorlog teen die Turkse dominasie aangespoor.[504] In sy werk *Seven Pillars of Wisdom* berus strategiese oorwinnings in hoofsaak op inligting, verrassing, die uitbuiting van die vrye ruimte van die woestyn en die sterk individualistiese taktiese vermoë van die guerrilla.

> "The moral strain of isolated fighting made "simple" war very hard upon the soldier, exacting from him special initiative, endurance, enthusiasm. Irregular war was far more intel= lectual than a bayonet charge, far more exhausting than service in the comfortable initiative obedience of an ordered army. Guerrillas must be allowed liberal work room; in irregular war, of two men together, one was being wasted. Our ordeal should be to make our battle a series of single combats, our ranks a happy alliance of agile commanders - in chief."[505], verklaar Lawrence oor laasgenoemde

faktor. In die kern impliseer Lawrence dat dissipline van kardinale belang is vir guerrillaoorlogvoering; die dissipline word egter nie van buite afgedwing nie, maar is selfdissipline wat groei uit 'n bykans fanatieke entoesiasme en patriotisme om die voortbestaan van die eie nasionale te bestendig.[506]

Dit was egter Mao Tse-toeng wat die los toue saamge=knoop het tot 'n geheel en met reg die vader van rewo=lusionêre oorlogvoering genoem kan word.[507] Oorlog is vir Mao: "the midwife of revolution."[508], en sy stra=tegiese beskouings word deur die jare van stryd teen Kai-shek gesmee tot 'n gesistematiseerde militêre filosofie waar politieke, ideologiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en psigologiese elemente saamge=snoer word tot 'n geïntegreerde geheel.[509] Ruimte en tyd is vir hom van deurslaggewende belang:

> "guerrilla warfare" sê hy dienaangaande: "will demonstrate its enormous power in the course of a long and ruthless war."[510]

Die verhouding tussen offensiewe en defensiewe aksie ver=tolk Mao met terugtrekking in die lig van vyandelike opmars en opruk indien die vyand terugval. Dit hang saam met sy stelling dat strategies een tot vyf manne genoeg is, maar takties is vyf tot een nodig.[511] Die vestiging van strategiese basisgebiede is die kankerselle in die Maoïstiese strategie van waar die areabesmetting - verbreiding van beheerde gebiede - noodwendig moet volg.

> ".....the strategic basis on which the guerrilla forces rely in performing their strategic tasks and achieving the object of preserving and ex=panding themselves and destroying and driving out the enemy."[512], aldus Mao. Om dié doelstelling te bereik moet die guerrillas:
>
> "cautious as virgins and as quick as rabbits,"[513] wees.

Die steun en die samewerking van die volksmassa vorm die <u>sine qua non</u> vir die Maoïstiese konsep van sukses=volle rewolusionêre oorlogvoering. Met oortuiging ver=kondig Mao die kardinale funksie van die bevolking in sy strategiese denkakt:

> "Weapons are an important factor in war, but not the decisive factor; it is people, not things, that are decisive. The contest of strength is not only a contest of military and economic power, but also a contest of human power and morale. Military and economic power is necessarily wielded by people.....<u>The atom</u>

526/...

> bomb is a paper tiger which the U.S. reactionaries use to scare people. It looks terrible, but in fact it isn't. Of course, the atom bomb is a weapon of mass slaughter, but the outcome of a war is decided by the people, not by one or two new types of weapon."[514] (onderstreep L.D.B.)

Sy bekende credo:"the soldiers are fish and the people water"[515], dra die grondliggende beginsel dat die stryd hier nie primêr gaan oor die beheer van grond= gebied nie, maar om die lojale steun van die bevolking. Kissinger verwys na dieselfde beginsel:

> "A guerrilla war differs from traditional military operation because its key prize is not control of territory but control of the population."[516],as hy die Amerikaanse betrokken= heid in Viëtnam onder die strategiese vergrootglas neem. Alhoewel daar baie verskille bestaan oor die werklike bydrae van Mao tot die teorie van rewolusionêre oor= logvoering[517], lê sy genialiteit as strateeg in 'n bewuste kennis van die vyand en homself, en die doelbe= wuste gebruikmaking van menslike durf en die mobilisering van die massa. "We have the spiritual atomic bomb,"[518] het Lin Shao-chi gesê.

Giap se stryd in Viëtnam groei uit nasionale en ideolo= giese dimensies. In die geheel is sy werk 'n toepassing van Mao se militêr-politieke filosofie.[519] Vir hom vorm die rewolusionêre stryd in Viëtnam 'n integrale deel van die wêreldrewolusie wat sonder die daadwerklike steun van die massa tot mislukking gedoem is. Die politieke organisering van die binnefront het hy soos volg in *The Military Art of People's War* uiteengesit:

502. Vgl. Earle, E.M., Lenin, Trotsky, Stalin: Soviet Concepts of War, in Earle, E.M., (red.) Makers of Modern Strategy, Op. cit., p.323. Van Clausewitz se beroemde stelreël: "war is politics continued by other means", het Lenin gesê: "The Marxists have always considered this axiom as the theoretical foundation for the meaning of every war."; Sokolovsky, V.D., (red.) Op. cit., p.167; Carr, E.H., Studies in Revolution, Frank Cass and Comp., London, 1962, pp.134-151; Strausz-Hupé, R., The Real Communist Threat, Op. cit., p.613. "In brief Soviet military power serves no other purpose than political exploitation."; p.621. "The design is so plain that only the West's sophisticates, who know everything and understand nothing, cannot see it. The Cold War will not end simply because we have decided not to fight it."

503. Vgl. Marx, K., The Poverty of Philosophy, p.147. aangehaal in Wolfe, T.W., Communist Outlook on War, Op. cit., p.406.

504. Vgl. Campbell, A., Op. cit., pp.45-63.

505. Vgl. Lawrence, T.E., Seven Pillars of Wisdom, p.348, aange= haal in Lass, H., Op. cit., p.58.

506. Vgl. Lass, H., Op. cit., pp.58-62, waar daar ook tussen die algebraïse, biologiese en sielkundige elemente van Lawrence se strategie onderskei word. Patriotisme by die aanvoerders kan ook 'n kardinale rol vervul. Oor Genl. De la Rey het 'n burger in 1914 geskryf: ".....en kyk toen het daar uit die oog van die ou Leeuw van die veld 'n vlam van trots en blydskap geskiet wat ek nooit sal vergeet nie. Zijn geklemde vuis gaat die hoogte in en hierdie woorde bars hom uit: "Burgers, ik sal by julle staan tot die laaste toe." 'n Kêrel wat naas my staan kyk hom stip en half bangerig aan, onder zijn wenk= brouwe uit, skud sy kop en sê: "Jy kan aan zijn oë sien dat sy naam ou Koos de la Rey is"." Vgl. Du Plessis J.S., Genl. Koos de la Rey, Op. cit., p.133.

507. Vgl. Putsay, J.S., Counterinsurgency Warfare, The Free Press, New York, 1966, p.128.

508. Vgl. Katzenbach, E.L., (Jr.) Hanrahan, G.Z., Op. cit., p.323. Mao se Selected Writings is sonder twyfel van die populêrste geskrifte van alle tye. Sedert 1959 is 40 miljoen kopieë op die Rooi Sjinese vasteland alleen verkoop. Vgl. Griffith, S.B., The Glorious Military Thought of Comrade Mao Tse-Tung , Foreign Affairs, Vol. 42, nr. 4, Julie 1964, p.669.

509. Vgl. Schram, S.R., The Political Thought of Mao Tse-tung, Op. cit., pp.265-293; Spanier, J.W., American Foreign Policy Since World War II, Op. cit., pp.267-270; Chan, Y.C., Mao Tse-tung on Guerrilla Warfare, in Campbell, A., Op. cit., pp.258-275.

510. Vgl. Katzenbach, E.L. (Jr.) Hanrahan, G.Z., Op. cit., p.325; p.340. "Putting first things first, the logical first step remains what it has always been, the breaking of Mao's monopoly on patience."; Thompson, R., Squaring the Error. Foreign Affairs, Vol. 46, nr. 3, April 1968, p.445.

511. Vgl. Beaufre, A., An Introduction to Strategy, Op. cit., p.33.

512. Vgl. Tse-tung, M., Selected Military Writings, p.165. aangehaal in Lass, H., Op. cit., p.105.

513. Vgl. Garthoff, R.L., Unconventional Warfare in Communist Strategy, Op. cit., p.574.

514. Vgl. Tse-Tung, M., Quotations from Chairman Mao Tse-Tung, Op. cit., pp.139-140; Lindsay, F.A., Unconventional Warfare, Op. cit., p.265. "A guerrilla force is like the top of an iceberg; the supporting civilian organization, without which it cannot survive, is the much larger part that can't be seen."; Tanham, G.K., Duncanson, D.J., Some Dilemmas of Counterinsurgency, Foreign Affairs, Vol. 48, nr. 1., Oktober 1969, pp.113-122.

515. Vgl. Tse-tung, M., Selected Works, Vol. 1., p.147, aangehaal in Lass. H., Op. cit., p.112. "The revolutionary war is a war of the masses, it can be waged only by mobilizing the masses and relying on them."; Crozier, B., Op. cit.,p.199. "By promising land to the peasants and enforcing on his soldiers a strict code of courtesy and consideration for agricultural needs, Mao achieved the practical idea enshrined in his famous dictum about the army moving among the people as a fish in

water."; Fraser, C.A., Revolutionary Warfare, Op. cit., p.9. "His primary task is to gain the support of the people. Without the consent and active aid of the people, the guerrilla would become a bandid and could not long survive."

516. Vgl. Kissinger, H.A., The Viet Nam Negotiations, Op. cit., p.212.

517. Vgl. Schwartz, B., On the "Originality" of Mao Tse-tung, Foreign Affairs, Vol. 34, nr. 1, Oktober 1955, pp.73-74. "In the case of both Stalin and Mao, however, whatever may be their historic stature as politicians and statesmen, we find little evidence of great intellectual "originality"."

518. Vgl. Griffith, S.B., Op. cit., p.674; Thompson, R., Squaring the Error, Op. cit., p.445. "They can be spent as the United States spends dollars".

519. Vgl. Crozier, B., Op. cit., p.200.

520. Vgl. Giap, V.N., The Military Art of People's War, pp.77-78, aangehaal in Lass, H., Op. cit., p.134.

521. Vgl. Guevara, C., Guerrilla Warfare, Op. cit., pp.15-28.

522. Vgl. Ibid., pp.15-105; p. 20. "In guerrilla terminology, strategy is understood as the analysis of the objectives to be achieved in the light of the total military situation and the overall ways of reaching these objectives."; Spanier, J.W., American Foreign Policy Since World War II, Op. cit., p.267. "Guerrilla war is therefore a protracted conflict in which the guerrillas resort to hit-and-run tactics - here, there, everywhere - and engage only those smaller and weaker government forces they can defeat."

523. Vgl. Guevara, C., Guerrilla Warfare, Op. cit., p.115; Vega, L.M., Guerrillas in Latin America, Op. cit., pp.29-43.

524. Vgl. Botha, P.W., Die Plek van Suid-Afrika in die Globale Internasionale Magskonstellasies, Sesde C.R. Swart-Lesing aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 31 Augustus 1973. p.13.

525. Aangehaal in Gann, L.H., Op. cit.,p.80.

526. Vgl. Bull, H., The Control of the Arms Race, Op. cit., p.123.

527. Vgl. Ibid., p.129

528. Vgl. Ibid., p.127.

529. Vgl. Mills, J.E. Chemical Warfare, Foreign Affairs, Vol. 10, nr. 3, April 1932, p.444; p.446. "A nation at war thinks

itself in the right and is struggling for its life. Is there any sound reason why it should not use gas as a means of defence?" ; Liddell Hart, B.H., History of the First World War, Op. cit., pp.183-190.

530. Vgl. Bull, H., The Control of the Arms Race, Op. cit., p.125, en die definisie op p.123. "Chemical warfare is the international employment of toxic gases, liquids, or solids to produce casualties and the use of screening smoke or icendiaries."

531. Vgl. Alland, A., (Jr.) War and Disease: An Anthropological Perspective, in Fried, M., Harris, M., Murphy, R., (reds.) Op. cit., p.73.


532. Vgl. Meselson, M.S., Chemical and Biological Weapons, in Arms Control, Readings from Scientific American, Freeman and Company, San Fransisco, 1973, p.308; Bull, H., The Control of the Arms Race, Op. cit., p.123. "Biological warfare is the military use of living organisms or their toxic products to cause death, disability or damage to man, his domestic animals, or crops."

533. Vgl. Ibid., p.128.

534. Vgl. Ibid., p.123. "Radiological warfare employs the harmful ionizing effects of radiation against man, whether directly or indirectly, with nuclear weapon fallout the principal although not the only means for generation and distribution of agents."

535. Vgl. Mills, J.E., Op. cit., p.448. '"So let us temper imagination with reason."

536. Vgl. Liddell Hart, B.H., Strategy. The Indirect Approach, Op. cit., p.373. Reeds 500 v.C. het Sun Tzu in The Art of War verklaar: ".....water shapes its course according to the ground over which it flows; the soldier works out his victory in relation to the foe whom he is facing.", aangehaal in Ibid., p.11.



U.O.V.S.
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0214709
11105942690222020019

DIE

MAGSFAKTOR

IN

INTERNASIONALE VERHOUDINGE

BAND II

DEUR

LUKAS DANIëL BARNARD

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
20 -07- 1976
KLAS No. T327.11 Bar
No. 214709
BIBLIOTEEK

HOOFSTUK VII

STRUKTURELE TUSSENSTAATLIKE MAGSBEPERKINGS

1 INLEIDING

Die magsaspirasies wat konstant op die terrein van die tussenstaatlike teenwoordig is, word deur verskeie faktore getemper. Die eerste reeks beperkende faktore het betrek= king op die ordening van die tussenstaatlike struktuur; deur strukturele manipulasie, waardeur die oorwoekering van mag aan bande gelê word. Aan die wortel is dus hier nie normatiewe beperkings aan die orde nie, maar wel die plooiing van die struktuurbasis van die wêreldpolitiek - state - tot dien verstande dat in die heersende struktuur van die wêreldpolitiek tussenstaatlike mag struktureel-afwegend magsbekampend figureer.

Magsewewig is so oud soos die geskiedenis van tussenstaatlike entiteite. In Meimaand 1794 het Napoleon aan Robespierre, politieke rewolusionis by uitstek, verduidelik dat militêre magskonsentrasie teen 'n bepaalde vyandelike stelling strategiese aanvalsvoordele bied:

> "Once the breach is laid, the balance is broken. Everything else becomes useless and the place is captured."[1]

Vanaf Kautilya se *Arthasastra* tot Morgenthau se *Politics Among Nations* beklee dit nie alleen 'n prominente plek in tussenstaatlike teorieë nie[2], maar het dit deur die eeue gerealiseer as een van die doeltreffendste metodes om vrede - deur harmonieuse magsafweging - te bewaar. In die *Time* van 3 Januarie 1972 word Pres. Nixon soos volg aange= haal:

> "We must remember the only time in the history of the world that we have had any extended period of peace is when there has been balance of power. It is when one nation becomes infinitely more powerful in relation to its potential competitor that the danger of war arises. So I believe in a world in which the

> United States is powerful. I think it will be a safer world and a better world if we have a strong healthy United States, Europe, Soviet Union, China, Japan, each balancing the other, not playing one against the other, an even balance."[3]

In die kerneeu het "das Gleichgewicht"[4] of "Balance of forces"[5], aldus Aron, verander na 'n magsewewig van terreur waar baie van die tradisionele belangefaktore nie langer ad rem is nie. Herz se woorde:

> "Absolute power equals absolute impotence."[6] , impliseer nie dat die ewewig vanselfsprekend behoue bly nie, maar vereis voortdurende navorsing en ontwikkeling om die gebalanseerde status quo van die leidende state te behou. Skaakmat deur kernterreur gee ook aan middel en kleiner moondhede meer bewegingsvryheid, want mag is juis dan die meeste bruikbaar vir ewewig wanneer dit nie gebruik kan word nie.

Vervolgens is gemeenskaplike veiligheid ("collective security") aan die orde.[7] Dit is 'n poging om die magspro= bleem te kenter deur 'n gedeelde en semigesentraliseerde beheer oor tussenstaatlike mag in 'n wêreldpolitieke struk= tuur waar mag nog tussen die nasionale state versprei is.

"The tents have been struck", het Genl. Smuts by die stigting van die Volkebond opgemerk en met verwysing na gemeenskaplike veiligheid vervolg:

> "and the great caravan of humanity is once again on the march."[8]

Waarheen dit op mars was, was ongelukkig nie baie duidelik nie. Kollektiewe sekuriteit was by die stigting van die Volkebond 'n tiperende, bykans mistieke cliché wat die verbeelding en emosie van staatslui gaande gemaak het. Vir baie was dit die langverwagte oplossing van die probleem van internasionale verhoudinge waarvan die toespraak van Woodrow Wilson op 28 Desember 1918 in London getuig:

> ".....there comes the suggestion that there must now be, not a balance of power, not one powerful group of nations set off against another, but a single overwhelming powerful group of nations who shall be the trustee of

> the peace of the world.....That is the most reassuring thing that has ever happened in the world."[9]

Hier was weer eens 'n baie duidelike illustrasie van die woorde van Brailsford: "Emotion, not intellect, is the dynamic of history."[10] Die entoesiastiese stelsel het eenvoudig net nie rekening gehou met die werklikheid van internasionale verhoudingsdinamika nie[11], en Jessup het tereg aangetoon dat nasionale belange in die weg staan van die tussenstaatlike vredesdoelmatige funksionering van gemeenskaplike veiligheid:

> "Unfortunately the world has not yet reached the point at which governments, like certain high-minded philanthropists, make a sacrifice to bestow a blessing upon the world at large merely for the sake of doing a good deed or even as result of a belief that any improvement in the world as a whole will ultimately react to the benefit of each individual state."[12]

Internasionalisme in die staatkundige strukturele gedaante van die wêreldstaat; berus daarop dat 'n universele mono= polie op swaardmag die suksesvolle oplossing van die mags= probleem sal wees.[13] Die internasionale statestruktuur sal dan nie langer te kampe hê met die swaardmagfundering van afsonderlike state nie, maar die strukturele vaslegging van die wêreldpolitiek in een staatkundige struktuur sal meebring dat afsonderlike swaardmagte nie langer teen mekaar opgeweeg sal word nie. Ofskoon die gedagte van 'n supra= nasionale wêreldstaat reeds eeue oud is, word dit in die twintigste eeu deur verskeie motiveringsbane gelanseer. Een van die "Grundwahrheiten" van die atoomeeu is volgens Toynbee: ".....dass alle Menschen Brüder sind....."[14] Om die primitiewe magsdrange van state te beperk is Röling van mening dat slegs in 'n universele staat en kultuur enige oplossing te vinde is.

> "Und doch müssen wir dahin gelängen, wenn es uberhaupt zum Frieden kommen soll, der, wie ich glaube, heute nur als weltweiter Frieden und auf der Basis einer universalen Kultur denkbar ist."[15]

605/...

Die mislukkings van die huidige tussenstaatlike struktuur mag egter nie verlei tot 'n struktuur wat inherent veel groter swakhede en kontradiksies dra nie. Hoe groter die strukture wat op sandfondasie gebou is, des te harder sal die val wees as die sand nie langer die gewig van die struktuur kan dra nie. Reinhold Niebuhr het in sy bekende artikel *The Illusion of World Government* die illusie van 'n wêreldstaat só aan die kaak gestel:

> "We may have pity upon, but can have no sympathy with, those who flee to the illusory security of the impossible from the insecurities and ambiguities of the possible."[16]

Magsewewig, gemeenskaplike veiligheid en internasionalisme vervul elk 'n bepaalde funksie in die wêreldpolitiek, laas=genoemde tot op hede nog bloot teoreties, maar aldrie impli=seer pogings om die mag van state struktureel vas te pen. Aangesien normatiewe peilers internasionaal geweldig ver=skil, (van die primitiewe natuurgodsdienste in Afrika-state tot die staatkundige belydenis van Arabiese moondhede en die kapitalistiese demokrasie van die Weste) is dit juis op die terrein van die tussenstaatlike struktuur waar nasionale state ten minste struktureel realisties is en aanvaar word. Hier word dan ook die grootste verdienste van magsbeperkings aangetref.

2 MAGSEWEWIG

2.1 Inleiding

Vanweë die feit dat daar in die verhoudings tussen soewereine nasionale state geen hoëre, vergeldende bestemmingstruktuur is wat waak oor magsanargie nie, is die behoud van staatkundige soewereiniteit juis in die opbou van opponerende magsvermoëns as teenprestasie geleë. Hier kan geen appél na 'n hoëre regsvergeldende struktuur, ten einde regsskenders te straf, gemaak word nie - ".....power alone can limit power."[17] Kanselier Willy Brandt van Wes-Duitsland het waarskynlik die struk=tuurbehoudende invloed van mag in gedagte gehad toe hy in 1961 geskryf het:

606/...

> "The West must remain so strong militarily that no man in the Kremlin would even imagine that he has a military advantage; were this to change, we would be exposed to so massive a front of blackmailing pressures that there would indeed be a genuine danger of war."[18]

Die balanserende rol van mag dek die volle spektrum van tussenstaatlike magsvermoë en kan nie net beperk word tot enge militêre mag nie.

Diepliggende verskille in state se magskapasiteite tree bepalend op ten opsigte van die struktuur van die stelsel van magsbalans. Groot moondhede - die aristokratiese oligargie volgens Schwarzenberger[19] - kan in eie krag die balanserende teenprestasie van mag lewer, maar kleiner moondhede is verplig tot alliansies en ander kollektiewe maatreëls om hulle kant van die weegskaal te laat balanseer. Bowendien waak die aristokratiese oligargie nougeset oor hulle magsposisie in die hiërargiese tussenstaatlike mags=orde.

> "They jealously guard this privileged position against newcomers.....", merk Schwarzenberger op en vervolg: "At the same time, they have to watch each other and take care that none of them will become so strong as to threaten the existence of the oligarchy itself."[20]

Getrou aan die terminologie is dit dus mag en nie state nie, wat gebalanseer moet word en daardeur word die struktuur van state aan alliansies gekoppel wat weer op sy beurt die uitvloeisel van bepaalde lewens - en wêreldbe=skoulike oortuigings is.[21] Ten einde 'n eie stabiliserende magsvermoë op te bou volg daar ideologiese blokvorming onder die kleiner moondhede - liefs onder die beskermende voogdyskap van 'n supermoondheid wat dieselfde ideologiese oortuigings huisves. Die eie-aard van magsewewig kan dus realiseer vanaf bipolêre tot multipolêre eenhede wat elk tot 'n eie funksionering van die stelsel van magsbalans aanleiding gee.[22]

Morgenthau is van mening dat magsewewig die volgende aspekte uitsluit: 'n beleid gerig op magsdistribusie; 'n beskrywing van 'n bestaande status quo in internasio=

607/...

nale mag en laastens 'n term wat dui op die verspreiding van politieke mag in internasionale verhoudinge.[23] Wright onderskei tussen statiese en dinamiese magsbalans op grond van 'n voortdurende stryd om magsoorheersing.[24] Haas het in sy bekende artikel *The Balance of Power: Prescription, Concept, or Propaganda?* die volgende betekenisse daaraan geheg: magsverspreiding[25]; magsvermoënde ekwilibrium[26]; oorheersing[27]; stabiliteit en vrede[28]; wanorde en oorlog[29]; 'n universele historiese wetmatigheid[30] en algemene magspolitiek[31] as gids tot beleidsbepaling.[32] Inherent ingebed in magsbalans is dus die magsfaktor in internasionale verhoudinge wat vir die huidige, twee milennia na die Griekse stadstate steeds 'n sentrale probleem bly:

> ".....man is still so bedeviled by greed and passion that force and authority must be ever at hand if he is not to blow the world up,"[33], aldus Ball. In die historiese ontwikkeling van die internasionale politiek was daar verskeie persone wat op die belangrikheid van magsbalans gedui het.

2.2 Historiese Ontwikkeling

Kautilya het die klassieke Hindoe-literatuur oor die staatsleer georden in sy werk *Arthasastra* wat sterk ooreenkomste toon met die latere *Prins* van Machiavelli.[34] In buitelandse betrekkinge is staatsleiers volgens Kautilya geroepe om magsbalans te handhaaf deur alliansie met een staat te handhaaf en agterdog tussen die ander te saai. In dié trant skrywe hy:

> "Then he may begin to set one of them against the other by telling each that the other is a tyrant causing utter ruin to himself and thus cause dissension between them. When they are divided he may put down each separately by secret or covert means."[35]

Om 'n superieure magsposisie te bereik is geen maatreël oneties nie:

> ".....pretending to be a close friend of one of them, he may strike the other at the latter's weak point by employing enemies and wild tribes."[36]

608/...

As 'n staat eers eenmaal 'n oorheersende magsposisie bereik het, het hy volgens Kautilya onbeperkte magsbevoegdheid om die status quo te handhaaf.

> "The conqueror should never help his friend when the latter is more and more deteriorating; a politician should so keep his friend that the latter neither deteriorates nor grows in power."[37]

By Kautilya is magsbalans nie 'n standhoudende struktuur nie, maar 'n middel tot 'n doel, 'n strukturele voorbereidende fase vir eventuele oorheersing.

In die Griekse stadstaatkonstellasies het Aristoteles 'n ewewigstruktuur tussen die rykes, armes en middelklas vir staatkundige behoud voorgestaan.[38] Die epogmakende stryd tussen Sparta en Athene word gevoer teen die agtergrond van die voortdurende vrees dat die magsbalans versteur sal word. 'n Magstryd wat uitnemend geteken word in Thucydides se klassieke werk: *History of the Peloponnesian War.*[39] As Sparta in 353 v.C. die stad Megalopolis deur magsekspansie bedreig, pleit Demosthenes in 'n beroemde toespraak vir die behoud van die magsbalans.

> ".....they have undertaken this war, not to defend themselves, but to recover their ancient power....."[40], waarsku Demosthenes, en dui dan reeds daarop dat skynbare perifirale toegewings die magsbalans kan versteur en uiteindelik die val van Athene teweeg kan bring:
>
> ".....for where indeed can it end, if we continually allow existing cities to be destroyed.....?[41]

Athene en Sparta stig elk hulle eie alliansie met minderes - onderskeidelik die Deliese en Peloponnesiese Verbonde - waarsonder geleidelike magserodering die "groot moondhede" van Griekeland se magsposisie kan ondergrawe.[42] ".....no concessions to the Peloponnesians," het Pericles verklaar en vervolg:

> "For all claims from an equal, urged upon a neighbour as commands before any attempt at legal settlement, be they great or be they small, have only one meaning, and that is slavery."[43]

609/...

Griekse magsewewig was so fanaties bipolêr verdeel dat ten spyte van Demosthenes se hartstogtelike waarskuwing, eenheid slegs 'n droom bly, en die strenge handhawing van die bipolêre magsbalans uiteindelik bydra tot die val van die Griekse stadstate.

David Hume skrywe in *On the Balance of Power* dat die gedagte van magsewewig in internasionale verhoudinge blote "common sense" is.[44] Steunende op voorbeelde uit Antieke Griekeland en Rome onderskei Hume die antitese tussen magsewewig en universele monargieë (supermoondhede) en laasgenoemde verwerp hy in die volgende woorde:

> "Enormous monarchies are probably destructive to human nature in their progress, in their continuance, and even in their downfall, which never can be very distant from their establishment."[45]

Machiavelli skrywe in hoofsaak oor staatsinterne magsaanwending, maar waarsku tog in die *Prins* (1513) dat 'n staatsleier wat andere op die been help daarmee sy eie mag ondergrawe en die magsbalans versteur:

> "Whence we may draw the general axiom, which never or rarely errs, that he who is the cause of anothers greatness is himself undone....."[46]

Histories dateer die term magsewewig uit die sestiende eeu en die vroegste bekende gebruik van die begrip kom uit 'n boek wat in 1579 aan Koningin Elizabeth opgedra word:

> "God hath put into your hands the balance of power and justice, to appease and cointer= poise at your will the actions and counsels of all the Christian kingdoms of your time."[47]

Sedert die Vrede van Wesfale (1648) word magsewewig alge= meen in internasionale verhoudinge aangewend - en by die Vrede van Utrecht (1713) word daar selfs uitdruklike statutêre erkenning aan verleen. Magsbalans word konti= nentaal in Europa vasgelê met die Verdrag van Wene (1815).[48] Metternich sou met meganistiese natuurwetmatigheid mags= balans op die tussenstaatlike struktuur toepas en kan met reg as die argitek van Europese ewewig na die Napoleontiese Oorloë beskou word. "The basis of Metternich's philosophy was the idea of the balance of power as a cosmic prin=

610/...

ciple....."[49], aldus Woodward. Die ewewigtige behoud van die magstruktuur van die Europese "groot moondhede" (Oos=tenryk, Rusland, Pruise en Engeland) par excellence; sou Europa verhoed om die internasionale tussenstaatlike magsbalans te bedreig. Thomas Jefferson het hierdie vrees vergestalt in 'n skrywe in 1815 aan 'n vriend:

> "It cannot be to our interest that all Europe be reduced to a single monarchy."[50]

In die twee dekades tussen 1871 - 1890 ontplooi Otto von Bismarck op meesterlike wyse alliansies op die grond=slag van 'n gebalanseerde tussenstaatlike magskikking deur die diplomasie. Sy geniale ontwikkeling van magsbalans op die grondslag van alliansies is geïnspireer deur moontlike Franse weerwraak na die militêre neerlaag van die Frans-Pruisiese Oorlog (1871) en baie aangehelp deur die Britse beleid van "splendid isolation".[51] Die goue draad in sy magsewewigtige diplomatieke strategie was die isolasie van Frankryk deur die balansering van Oostenrykse en Russiese ambisies in die Balkan; die aanblasing van ge=skille tussen Italië en Frankryk; en pogings om Britse geskille met Frankryk en Rusland brandend te hou.[52] Die behoud van nasionale soewereiniteit in magsbalans - ken=sketsend van die era van Bismarck - was 'n uitvloeisel van die standpunte wat Leopold von Ranke (1795 - 1886) in *The Great Powers* gehuldig het.[53]

Vanaf 1890 tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) het vele krisisse daartoe bygedra om die stelsel van magsbalans - in hoofsaak gebaseer op die Drievoudige Verbond en Drievoudige Entente - te ondergrawe. Hartmann onderskei die Eerste Marokkaanse Krisis (1905) die Annek=sasie van Bosnië en Hertzogowina (1907); die Tweede Marokkaanse Krisis (1911); die Balkanoorloë (1912 en (1913); die Liman von Sanders-krisis (1913) en uiteindelik die ontknoping met die sesde krisis as Frans Ferdinand op 28 Junie 1914 in Serajewo vermoor word.[54] Van belang in dié era is dat die spanning merkbaar geakkumuleer het nadat eerstens; die strukturele basis van die magsbalans tot bipolarisme gereduseer is, en tweedens primêre geskille in die betrokke Europese state self (en nie oor

sekondêre koloniale besittings nie) begin voorkom het.

Die twee dekades tussen die wêreldoorloë word gekenmerk deur 'n gebrek aan ideologiese ooreenstemming in die vorming van magsblokke en 'n bykans fanatiese begeerte by Duitsland om die onreg van Versailles ten alle koste te herstel. Bowendien staan die tydperk in die teken van die opkoms van nuwe normatiewe strominge waarteen daar met 'n sogenaamde cordon sanitaire gewaak is.[55] Die Locarno Era (1924 - 1930) bring tydelike stilstand en valse hoop[56], maar sedert die begin van die dertigerjare het alle state 'n beleid van sauve qui peut (elke staat vir homself) begin volg.[57] Van stabilisasie in magsewewig was daar geen sprake nie; trouens Stalin het op 10 Maart 1939 voor die Agtiende Kongres van die Russiese Kommunistiese Party tereg aangetoon dat 'n staatkundige immoraliteit mags= balans onmoontlik gemaak het:

> "Far be it from me to moralize on the policy of non-intervention, to talk of treason, treachery and so on. It would be naïve to preach morals to people who recognize no human morality. Politics is politics, as the old, case-hardened bourgeois diplomats say. It must be remarked, however, that the big and dangerous political game started by the supporters of the policy of non-intervention may end in a serious fiasco for them....."[58]

Opmerklik is die gebrek aan strukturele stabiliteit in die jare toe staatkundige normbeskouings verward, botsend, voortvarend en ongekoördineerd verkondig is. Na die Tweede Wêreldoorlog het die karaktereie en struktuur van magsewewig hartgrondig verander.

2.2.1 Van Magsbalans tot Ewewig van Verskrikking

Na die Tweede Wêreldoorlog is bipolarisme aan die orde in magsbalans. Die state van Europa het as beleids= bepalende balanseerders grootliks verdwyn en Amerika en Rusland tree uit die oorlog as twee supermoondhede te voorskyn met die gevolglike redusering van inter= nasionale magsewewig in 'n tweepolige weegskaal.[59] Morgenthau het die strukturele verandering só saamgevat:

612/...

> "Today the European balance of power has become a mere function of the worldwide balance of which the United States and the Soviet Union are the main weights, placed on opposite scales."[60]

Behalwe die strukturele wipplank-verandering in die heersende magsewewig het die beskikbaarheid van kern= wapens die skaakmattoestand van magskapasiteite funda= mentele veranderings laat ondergaan. Kernpariteit is illustrasie van die wortelwaarheid dat mag - logies sentraal in die begrip magsbalans - nie langer sonder katastrofale gevolge aangewend kon word nie.[61] Die magsimpotensie kom duidelik na vore in 'n boodskap van Khrushchev in 1962 aan die volk van Bulgarye:

> "They frighten us with war and we frighten them back bit by bit. They threaten us with nuclear arms and we tell them: "Listen, now, only fools can do this, because we have them too, and they are not smaller than yours but, we think, even better than yours. So why do you do foolish things and frighten us?" This is the situation, and this is why we consider the situation to be good."[62]

Die ewewig word nou nie langer gehou deur die mag in magsbalans nie, maar deur die vrees vir die aanwending van die mag - 'n verandering van subjektiewe aanwending na objektiewe bedreiging.

Bewus hiervan het President Kennedy in sy intreerede in 1961 die U.S.S.R. uitgenooi om te:

> ".....join in creating a new endeavour, not a new balance of power, but a new world of law, where the strong are just and the weak secure and the peace preserved."[63]

In die stelsel van terreurbalans het die grootte van staatsterritoriums, afstand, en mannekrag veel van die vroeëre invloed verloor. Snyder het in sy bekende artikel: *Balance of Power in the Missile Age* oor die fundamentele verandering soos volg geargumenteer:

> "One might say that the new technology has tended to split apart the twin objectives of deterrence and defence by making it possible

613/...

> to deter simply by the threat to inflict terrible costs, quite regardless of the relative balance of capabilities to take or hold territory. Moreover, the capabilities to punish may have little value for defense in the traditional sense, and their actual use may generate costs for both sides which are far beyond the value of most, conceivable objectives. Calculations of probable cost have become at least as important as calculations of the probability of winning."[64]

Militêre mag het nie langer as hooftaak die verowering van ander staatsterritoriums nie, maar word aangewend as afskrikmiddel om te verhoed dat die ewewig wel in terreur realiseer. Die artikel *Balance System and Balance Policies in a Nuclear and Bipolar Age* begin Herz met die volgende sinsnede:

> "Above any and all questions of international politics there looms today the question of the survival of the human race as such. World politics today confronts not only the problem of how the future of the world shapes up, of what awaits mankind in the future, but whether there will be such a future at all."[65]

Die eie-aard van die ewewig van verskrikking hang egter ten nouste saam met die polarisasie in die struktuur van die stelsel.

Die aanvanklike bipolêre struktuur aan die begin van die terreurbalans het die vorming van twee ideologiese mags= blokke baie gesterk. Gaandeweg, met die uitbreiding van die kernbesittersklub, het die gevaarlike toestand dat twee moondhede die toekoms van die wêreldpolitiek rig, geleidelik begin verander. In die Westerse alliansie het Frankryk[66] en in die Oosterse allianse het Rooi Sjina[67] uit die kraal weggebreek. Alhoewel die twee jukskeibrekers en ander state in die uitbreidende kernklub nog lank (indien ooit) nie die superkernformaat van Amerika en Rusland bereik het nie[68], is die streng wetmatige twee= poligheid daardeur tog onherroeplik in die murg aangetas.

614/...

In die gekwalifiseerde semi-multipolêre struktuur van magsewewig kan minder magtige moondhede die rol speel wat Butterfield reeds in 1951 aan hulle toegeken het:

> "One of the characteristics of the system of the balance of power lay in the fact that even the small states had an authentic and independent part to play in the developments that occured."[69]

In 'n referaat getitel *Die Huidige Magsvyfhoek (Pentapolarisasie) in die Wêreldpolitiek* het Wessels aangetoon dat Rooi Sjina, Wes-Europa en Japan moontlik in die toekoms saam met Rusland en Amerika pentapolig die magskaal in die internasionale politiek kan laat balanseer.[70] Psigologiese inhibisies by Japan; politieke verdeeldheid in Europa en industriële agterlikheid by Rooi Sjina bring egter 'n agterstand wat waarskynlik nooit tot volledige ewewigsvlak kan lei nie. Op sy kenmerkende, bykans opspraakwekkende manier, skrywe Herman Kahn in *The Emerging Japanese Superstate* die volgende:

> "Many of us believe the 1970's and the 1980's will see a transition in the role of Japan in world affairs not unlike the change brought about in European world affairs in the 1870's by the rise of Prussia", waarop hy later vervolg:
> "It would not be surprising if the twenty first century were the Japanese century.....So it would not be surprising if the dynamism of Japanese growth were accompanied or followed by an equal dynamism in other areas - e.g. scientific, technological, cultural and religious. Therefore if, as if not unlikely, the Japanese want to exert worldwide influence they may well succeed in doing so."[71]

Toenemende regionaal-balanserende magsentra sal in die toekoms strenge afbakening na meer vryelike fragmentasie verander. Polarisasie, wat ons vervolgens aan die orde stel, vervul ook 'n kardinale rol in die stelsel van magsbalans.

2.3 Polarisasie in Magsewewig

Met polarisasie is die strukturele veelpoligheid van die stelsel van magsewewig aan die orde. Die heersende stryd=

615/...

vraag in dié verband is of die tweepolige of veelpolige (bipolêre of multipolêre) funderende pooldifferensiasie die meeste stabiliteit aan die stelsel verleen. Die ver=moë om die tussenstaatlike struktuur stabiel te laat funksioneer is juis die toets vir enige stelsel van magsbalans. 'n Veelpolige pluralistiese ewewigstruktuur is aan die orde in interstaatlike verhoudinge van die sewentiende, agtiende, negentiende en vroeg twintigste eeue.[72] Na 1945 word dit vervang met die bipolêre magsmonopolie van Washington en Moskou.[73] Ideologiese passie en strenge tweepolige ekonomiese en kulturele kampe is eie aan dié stelsel van magsewewig.[74] 'n Stelsel wat gekenmerk word deur felle tweestryd in die ganse tussenstaatlike ver=houdingspektrum en waar alle state gedwing word om kant te kies. 'n Keuse uit een van twee magsvoogde waar die gevaar van 'n "Götterdammerung"-klimaks konstant latent is deur foutiewe berekenings en die meeste geallieerdes dan saam aan die gevolge sal dra.

Sedert die middel van die sestigerjare het verskeie faktore bygedra tot die geleidelike ontplooiing van 'n semi-multipolêre struktuur. Die terreurbalans en die skynbare beveiliging van nasionale belange in "detênte"; verbrokkeling van hegte blokeenheid aan beide kante van die ystergordyn; die potensiële ontwikkeling van Europa, Rooi Sjina en Japan in supermoondhede en die geleidelike staatkundige mondigwording van Afrika, Asië, die Arabiese State en Latyns-Amerika wat reeds sedert Bandung (1955) 'n beleid van positiewe neutralisme voorstaan.[75] Daarmee is die bipolêre balansmeganisme geleidelik op die uitvaart - en word dit verder gesanksioneer met die uitbreiding van die kernbesittersklub.

As uitgangspunt moet dus aanvaar word dat gekwalifiseerde multipolarisme (die V.S.A. en U.S.S.R. nog lank dominant)[76] in die toekoms die strukturele basis van magsewewig sal wees. As bipolarisme en multipolarisme as strukturele balanseerbasis opgeweeg word, bring dit 'n ernstige problematiese kontradiksie. As uitgangspunt word aanvaar dat tweepoligheid strukturele stabiliteit bring, maar

616/...

daarteenoor bied veelpoligheid die strukturele soewereini=teitsbehoud van meer state. Die keuse lê dus tussen stabiliteit met die moontlike opsegging van statesoewereini=teit teenoor die behoud van 'n veelheid nasionale state waarmee daar weer stabiliteit ingeboet kan word. Die gestelde situasie bly egter steeds 'n hipotese wat uit=sluitlik deur die verwoestingskrag van kernwapens in 'n nuwe dimensie geteken word. Of bipolarisme noodwendig stabiliteit waarborg, kan bevraagteken word. Die keuse van kernoorlog kan eensydig afgedwing word deur beleids=bepalers - die tussenstaatlike het Hitler en Stalin nie so lank gelede as staatsleiers gehad nie. In *Bipolarity, Multipolarity, and the Future* dui Rosecrance op die tussenstaatlike waarde wat 'n strukturele wisselwerking tussen bipolarisme en multipolarisme kan hê:

> "A bipolar-multipolar system, on the other hand, would seek to avoid the extremes of either parent form. Enough bipolar control of multipolar realms would take place to prevent extremes of conflict, or, if conflict could be averted, to dissociate bipolar interests from outcomes in the area. At the same time bipolar competition would continue in multipolar as well as bipolar regions. The two major states would act as regulators for conflict in the external areas; but multipolar states would act as mediators and buffers for conflicts between the bipolar powers. In neither case would conflict be eliminated, but it might be held in check."[77]

Kernterrorisme (wat kan voorkom weens die groter versprei=ding van kernwapens) kan ook nie sonder meer aan state, as synde die strukturele basis van die multipolêre struk=tuur, gekoppel word nie. Bowendien bly dit 'n ope vraag of die twee reuse aan ander state ewigdurend die besit van kernwapens - die ultima ratio van swaardmag - kan ontsê. Volkome strukturele gelykheid is hoogs onwaarskynlik in multipolarisme, maar die opkoms van die state wat ten minste oor 'n oorlewingspotensiaal beskik, lewer die wêreld=politiek nie resloos uit aan die ewewig van die twee supermoondhede nie.

617/...

Op behavioralistiese standpunt het Kaplan in sy standaard=werk *System and Process in International Politics* ses reëls neergelê waaraan die stelsel van magsbalans kenbaar is.[78] Die ander variante wat Kaplan hipoteties onderskei, het almal betrekking op die struktuur van die wêreldpolitiek.[79] Die onvoltooide, ongebonde kernwapenverspreidingstelsel - bestaande uit die V.S.A., U.S.S.R. en vyftien tot twintig ander lande wat ook oor militêre kernmagte beskik - kan heel waarskynlik aan die einde van die twintigste eeu realiseer.[80] Polarisasie raak die kern en strukturele standhoudendheid van magsbalans ten nouste, maar ook die verskeie metodes om 'n konstellasie van magsewewig te handhaaf, is belangrik.

2.4 Metodes van die Funksionering van Magsewewig

2.4.1 Verdeel en Heers

Een van die oudste en mees klassieke metodes om magsewe=wig te handhaaf is die verdeling van potensiële vyande om hulle magskapasiteit deur die eie beheerbaar te hou.[81] Van die sewentiede eeu af tot die einde van die Tweede Wêreldoorlog, was dit die onderliggende beginsel in die Franse buitelandse beleid teenoor Duitsland.[82] Na die Tweede Wêreldoorlog verhoed Moskou nie alleen die poli=tieke eenwording van die twee Duitslande nie, maar is ook openlik gekant teen 'n groter unifikasie van Wes-Europa. Franse teenstand teen die politieke eenwording van Europa word aldus met voorbedagte rade deur die Russiese skrywer Nikolaev aangeprys:

> "The Soviet Union has always emphasized France's rights as a world power, particularly responsible for European security. Naturally, this attitude of the U.S.S.R. makes it easier for France to de=fend her rights and interests in the world arena and, in particular, to rebuff the attempts of the United States and West Germany to dictate their will."[83]

Politieke geskille in Europa; tussen Europa en die V.S.A.[84] en ander "kapitalistiese" alliansies kan almal tot poten=siële politieke wins vir die Kremlin aanleiding gee. Die

618/...

verdeel en heers gedagte bly egter nie net beperk tot die struktuur van die tussenstaatlike nie, maar het die meeste invloed wanneer geskille in ooreenstemmende normatiewe dryfkragte bewerkstellig kan word.

2.4.2 Kompensasie

Gedurende die agtiende en negentiende eeue word territoriale vergoeding gereeld aangewend om die magsewewig tussen state te herstel. Die Vrede van Utrecht (1713), die verdeling van die Spaanse besittings tussen die Hapsburgers en Bourbons - ad conservandum in Europa equilibrium (in die woorde van die ooreenkoms), die verdelings van Pole (1772, 1793 en 1795), die Kongres van Wene (1815) en die koloniale inpalming van Afrika staan almal in die teken van vergoeding.[85] Amerikaanse inmenging in Rusland in 1918, Mussolini se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog en Stalin se bemoeienis in Asië aan die einde van dieselfde oorlog word almal vir 'n belangrike deel gemotiveer deur die drang by opponerende groot moondhede om die ander nie vrye teuels te gee by die bepaling van die internasionale staatkundige toekoms nie.[86]

As objektiewe standaarde van die bepaling van kompensasie is natuurwetmatige gegewens soos grondvrugbaarheid en die getal en gehalte van die bevolking op die bepaalde staatsterritorium aangewend.[87] Die opsnippering van grondgebied vir die behoud van magsbalans val logies alleenlik in die vermoë van groot moondhede, en die minder magtiges is telkens die slagoffer. Gedurende die verdeling van Pole in 1772 het Maria Theresa van Oostenryk morele besware geopper, maar Frederik die Grote het die skyn van anti-imperialisme op satiriese wyse aan die kaak gestel: "Elle pleurait, et prenait toujours."[88] (sy het geween, maar tog geneem). Diplomatieke onderhandelinge vorm 'n belangrike onderdeel van kompensasie, en 'n diplomatieke internationale onontbeerlik vir wedersydse begrip en die voorkoming van misverstande.[89] Territoriale kompensasie word waarskynlik aan die einde van die twintigste eeu vervang

met ekonomiese, diplomatieke, morele en ander vergoedings. Nie alleen omdat alle beskikbare grondgebied beset is nie, maar die bevolkingsontploffing en internasionale moralisme skyn die onskendbare behoud van staatsterritoriums al meer te sanksioneer.

2.4.3 Inmenging

Inmenging of intervensie kom neer op die opsegging van staatkundige soewereiniteit van een staat deur 'n ander. Inmenging kan 'n defensiewe of offensiewe karakter dra en kom ondermeer voor tydens die Russiese bemoeienis in Hongarye (1956) om die Kádár-regime te steun en Ameri= kaanse inmenging in Libanon (1958) ter beskerming van die Shamoun-adminstrasie.[90] Intervensie kom ook dikwels voor in die groot moondhede se optrede teenoor hulle satellietstate. Ten opsigte van die "Nuwe Wêreld" ont= wikkel Amerikaanse intervensie vanuit die Monroe-leer na Dollardiplomasie en die OAS, terwyl Russiese inter= vensie 'n swaardmagkarakter in sy satellietstate in Oos-Europa dra.[91] Die sadoniese opmerking van Talleyrand:

> ".....non-intervention is a political term meaning virtually the same thing as intervention."[92]

, illustreer die feit dat huishoudelike en internasionale politiek hier 'n raakpunt vind. Aanvaarde streekslojaliteite - vasgeslê in tradisionele regionale strukture - staan in ideologiese spervuur ten einde die magsbalans op te hef deur krake in die balanserende pole. Inmenging word dan geregverdig ten einde die balanserende gewig van die eie pool te behou.

2.4.4 Invloedsfere

Invloedsfere impliseer regionale streke waarin die gesag van groot moondhede deur hulle eweknieë erken word. Noord-Afrika is vanaf die negentiende eeu as 'n Franse invloedsfeer beskou, terwyl Oos-Europa en Latyns-Amerika in die Koue Oorlog onderskeidelik as Russiese en Amerikaanse invloedsfere aanvaar word. Fox koppel invloedsfere aan militêre vermoë met die woorde: "The armed power of each can be effectively carried only part of the way to the other."[93], terwyl Hoffmann meer stabili= teit in moderne magsbalans bepleit deur die skepping van

620/...

sogenaamde "hands-off.....areas"[94]. Die bevriesing van militêre mag in detênte bring 'n meedoënlose stryd om lewens- en wêreldbeskoulike blokvormings te deurbreek; dit wil sê geestelike invloedsfere af te takel. Die struktuurbehoudendheid van invloedsfere is relatief, hoewel kommunisme in Kuba; en Taiwan op die drumpel van Rooi Sjina, die stelsel van magsbalans nie onaange= tas laat nie. Trouens dit illustreer die feit dat ideologiese verbondenheid geografiese realiteite oor= speel as saambindende faktor in die vorming van aanvaarde invloedsfere.

2.4.5 Bewapening

Bewapening is vir Morgenthau:

> "The principle means.....by which a nation endeavours with the power at its disposal to maintain or re-establish the balance of power....."[95]

Die vlootkompetisie tussen Duitsland en Engeland voor die Eerste Wêreldoorlog illustreer hierdie aspek.[96] In die Koue Oorlog is daar 'n verbete bewapeningswed= loop tussen "Oos" en "Wes" om die behoud van magsewewig. Genl. Steinhoff van N.A.V.O. het by geleentheid be= wapening en samewerking bepleit as die "Weste" sy staatkundige soewereiniteit wil behou:

> "It is still our choice if we want to continue to live in a world based on the principles of freedom and Western democracy, or if we would rather let our guard down slowly and surrender gradually to the coercive means of power and eventually live in a world of fear and limited individual liberty."[97]

In die onweersones word die staatkundige vondelinge van die supermoondhede oor en weer bewapen om die magsbalans te handhaaf en op militêre gebied ten minste afhanklik= heid te skep. Voortdurende bewapening kan deur spannings= opbouing die stabiliteit van magsbalans aantas, maar ontwapening - soos ons later sal sien - is hoogs onwaarskynlik in die sondegebroke werklikheid van internasionale verhoudinge.

2.4.6 Buffersones

'n Buffersone is gewoonlik 'n kleiner of relatiewe swak staat of state wat geografies tussen twee of meer groot moondhede geleë is. Die kernbeginsel hier aan die orde, is om die magsbalans te handhaaf deurdat die groot moondhede mekaar verhoed om die buffersone te be= heer.[98] Switserland en België was lank buffersones tussen Duitsland en Frankryk terwyl die magsabsorberende balanserende rol van Afghanistan tussen Indië en Rusland aanleiding gegee het tot die Afghaanse gesegde:

"This goat separating the lion from the bear."[99]

Nepal vervul dieselfde funksie tussen Indië en Rooi Sjina; Oostenryk tussen Russiese en Westerse invloed= sfere en Angola, Mosambiek en Rhodesië in die stryd tussen blanke Suider-Afrika en die militante rassistiese state van Sentraal-Afrika. Buffersones ondermyn egter staatkundige soewereiniteit, en teenstand daarteen, ge= paard met groeiende militêre tegnologie en die groei van regionale strukture kan die rol van struktureel-staatkundige buffersones in die toekoms aan bande lê. Dié rol mag in die toekoms eerder ontwikkel as ideolo= giese absorbsiesone, waar die magstryd feller op die lewens- en wêreldbeskoulike vlak woed.

2.4.7 Alliansies

Alliansies word uit baie oorde as die vernaamste manier om tussenstaatlike magsewewig te bewaar, aanvaar.[100] 'n Alliansie kan beskou word as 'n internasionale ooreenkoms tussen twee of meer state; met 'n offen= siewe of defensiewe karakter teen 'n ander staat of state wat buite die alliansie staan. Dit is dus gegrond= ves op die idee dat 'n staat deur kollektiewe vorming met internasionale staatkundige makkers sy eie soewereini= teit binne 'n stelsel van magsewewig kan beskerm.

".....the pattern of alliances enables States to increase their own strength by that of their allies without further effort beyond informal or formal understandings."[101], aldus Schwarzenberger.

622/...

Histories is die rol van alliansies in magsewewig reeds deur Francis Bacon (1461 - 1526) gekonsipieer in sy werk *Of Empire*, waar hy met die volgende woorde:

> ".....there can no general rule be given,..... save one which ever holdeth - which is that princes do keep due sentinel, that none of their neighbours do overgrow so.....as they become more able to annoy them than they were....." [102], aandag gee aan die stryd tussen Frans I en Karel V. Alliansies speel na 1789 en veral in die tydperk 1815 - 1914 'n belangrike rol in die handhawing van magsewewig. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Tsaar van Rusland 'n telegram aan die Britse Koning gestuur waarin hy verklaar dat die doel van die Oostenrykse ultimatum aan Serwië was:

> ".....to crush Serbia and make her a vassal of Austria. Effect of this would have been to upset balance of power in Balkans, which is of such a vital interest to my Empire as well as to those Powers who desire maintenance of balance of power in Europe.....I trust your country will not fail to support France and Russia in fighting to maintain balance of power in Europe."[103]

In die jare rondom die Tweede Wêreldoorlog is verskeie alliansies ook gestimuleer deur die strewe om die magsbalans te bewaar.[104]

Belangrike teenswoordige magsbalanserende alliansies van uiteen op militêre vlak (NAVO, SOAVO, SVO en die Warskou-Pakt; ekonomiese vlak (EEG en die Molotov- en Colombo-Planne) en politieke vlak (Die Raad van Europa, Bandoeng-neutralisme, OAE en OAS), wat die volledige spektrum van die internasionale staatkundige alliansiestrewe illustreer.[105] Alliansies vertoon 'n dinamiese karakter en verander dikwels ten opsigte van samestellende komponente omdat die gemeenskaplike belangebasis van state in die wêreldpolitiek voortdurend verander. As metode om magsbalans te handhaaf berus alliansies gewoonlik op ooreenstemmende genormeerde basisse van state; wat veral 'n metode van die minder magtige moondhede is,

623/...

maar dikwels nie aan die verwagtings voldoen nie omdat alle ledestate van alliansies dikwels nie bereid is om hulle voortbestaan saam met die van 'n bedreigde staat op die spel te plaas nie. Daar is dan ook uit verskeie oorde besware ingebring teen die stelsel van magsbalans in internasionale verhoudinge.

2.5 Kritiek teen Magsewewig

Die stelsel van magsbalans is uit verskeie oorde hewig gekritiseer. Cobden (1804 - 1865), 'n Engelse politikus, het magsewewig bestempel as:

> ".....a "chimera", an incomprehensible nothing; mere words conveying to the mind not ideas, but sounds like those equally barren syllables which our ancestors put together for the purpose of puzzling themselves about words."[106]

Vir hom is magsbalans die rookskerm van Engelse imperialisme, wat hy staaf met die woorde van Willem III in 'n toespraak voor die Engelse Parlement op 31 Desember 1701:

> "I will only add this - if you do in good earnest desire to see England hold the balance of Europe, it will appear by your right improving the present opportunity."[107]

Woodrow Wilson word algemeen gehuldig as die simbool van kritiek teen magsbalans.[108]

> "Mankind is now looking for freedom of life, not for equipoises of power,"[109]

, verklaar hy in Januarie 1917, terwyl hy op 28 Desember 1918 in London sê:

> ".....do away with an old order.....establish a new one, ...the centre and characteristic of the old order was that unstable thing we used to call the "balance of power".....The men who have fought in this war were determined that that sort of thing should end now and forever."

Daar behoort te wees, het hy verklaar:

> ".....not one powerful group of nations set off against another, but a single overwhelming, powerful group of nations who shall be the trustee of the peace of the world."[110]

624/...

Wilson het magsbalans nie net as 'n strukturele hersenskim afgemaak nie, maar ook uit normatiewe oorwegings verwerp. 'n Lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunt wat Gilbert tereg aangetoon het, wortel geskiet het in die liberale humanisme van die "Aufklärung", met klem op moraliteit in politieke strukture.[111]

Hewige kritiek word ook teen die term "balans" ingebring, as sou daar in die tussenstaatlike gebalanseerde struktuur nooit natuurwetmatige ewewigtigheid kan wees nie. Veel eerder word daar gestreef na 'n posisie van eerste onder gelykes, of soos Schleicher dit stel:

> "If each side emerges with relatively equal power, it is not because of policies directed toward that end, but is rather the incidental outcome of ones intended to create a favourable margin of power."[112]

Oor die stabiliserende effek van dié strewe skrywe Wolfers in *The Pole of Power and the Pole of Indifference:*

> "Though no state is interested in a mere balance of power, the efforts of all states to maximize power may lead to equilibrium"[113].

Hoewel magsbalans op struktuuranalise dui, moet daar ernstig gewaak word teen natuurwetenskaplike ewewigtigheid. Internasionale verhoudinge berus op die normatiewe, en as sulks beteken magsewewig 'n normatief-gefundeerde en harmonieuse afweging van magsbelange wat waak teen magsoor= heersing.

Besware word ook geopper teen onstabiliteit en onsekerheid in die stelsel. Die wêreldpolitiek is so dinamies, aldus die kritici, dat magsbalans nooit stabiliteit kan waarborg nie.[114] Stabiliteit sal egter in die laaste instansie nie bepaal word deur wisseling in die aantal lede van die stategemeenskap nie, maar in die vraag of die harmonieuse afweging van opponerende magsbelange versteur word. Tannenbaum vat die beswaar van immoraliteit in die volgende woorde saam:

> "This doctrine is confessedly, nay gleefully, amoral."[115]

Morele besware word veral teen die sentrale rol van mag

625/...

uiteengesit, en gaan gewoonlik gepaard met die vrees dat dit kan lei tot internasionale totalitarisme.[116] Baie van die kritiek stam, begryplik, uit die era toe kompen= sasie, buffersones, inmenging en a- normatiewe metodes in die historiese verlede aangewend is om die ewewig te handhaaf. 'n Ewewig wat toe net aan die groot moondhede behoud van soewereiniteit gewaarborg het, maar in die huidige geregtigheidsbewuste internasionale gemeenskap - op die basis van kernterreur - ook aan kleiner state die behoud van soewereiniteit kan bied. Ten spyte van al die kritiek bly magsbalans 'n sentrale stroming in die wêreldpolitiek.

2.6 Waardebepaling

Wight het die rigtinggewende belangrikheid van magsbalans so uitgedruk:

> "The Balance of Power is as nearly a fundamental law of politics as it is possible to find....."[117], terwyl die woorde:
>
> ".....the surest foundation of peace lay in the re-establishment of the balance of power."[118], deur die Franse diplomaat, Talleyrand, gebesig is. Die geskiedenis van internasionale verhoudinge toon onteenseglik dat die ewewigtige afweging van magsvermoëns 'n sentrale rol speel en realisties is. In die woorde van Haas:
>
> "To a theory of international relations which relies on demonstrable motivations among policymakers, therefore, the balance of power as prescription must be a fundamental point of departure."[119]

Die struktuur van internasionale verhoudinge is juis daaraan kenbaar dat daar geen universeel aanvaarde struk= turele beperking op mag is nie en daarom kan die ver= skillende deelnemers (state) aan hierdie struktuur met sy kenmerkende vergeldingsvakuum in bestemmingsfunksie, hulle soewereiniteit alleen behou deur die onderskeie magsvermoëns harmonieus ewewigtig teen mekaar af te weeg, kortom: magsewewig vir stabiliteit en soewereiniteit= behoud te handhaaf.

626/...

3 GEMEENSKAPLIKE VEILIGHEID

3.1 Inleiding

'n Tweede staatkundige strukturele metode aangewend om anti-normatiewe magsaanwending in internasionale verhoudinge aan bande te lê is die van kollektiewe sekuriteit - 'n term van Sowjet-oorsprong wat mag deur 'n ideaaltipiese universele alliansie wil beperk.[120] Alliansies moet hier vertolk word as 'n konsep van magsintegrasie; vergestalting van die gedagte van "one for all and all for one". Die soeke na internasionale veiligheid op gemeenskapsbasis is vir Jessup 'n prosedurehandeling:

> ".....it is assumed that this term contemplates the elimination or restriction, by collective action or agreement, of recourse to violence on the part, of any particular state for the purpose of carrying out the individual policy or will of that state."[121]

In die kern kom kollektiewe sekuriteit neer op 'n ooreenkoms tussen soewereine state, waarbinne alle ledestate onder sekere voorwaardes onderneem om gemeenskaplik op te tree teen enige lidland wat medeledestate aanval of bedreig om daardeur die internasionale sekuriteit in die gevaar te stel.[122] Volgens die Britse Ambassadeur, Lord Loftus, het Bismarck op 12 April 1869 die volgende teenoor hom opgemerk oor die behoud van Europese sekuriteit:

> "If you would only declare that whatever Power should wilfully break the Peace of Europe, would be looked upon by you as a common enemy - we will readily adhere to and join you in that declaration - and such a course, if supported by other Powers, would be the surest guarantee for the Peace of Europe."[123]

Universele gemeenskaplike optrede vir die behoud van internasionale sekuriteit is die idealistiese grondplan, maar die woorde van John Foster Dulles in 1954:

> "Security for the free world depend, therefore, upon purely national potentials....."[124], bevestig die verbrokkeling in internasionale kollektivisme, en dui terselfdertyd daarop dat die strukturele fundering nadere

627/...

omskrywing verlang.

3.2 Struktuuranalise

Kollektiewe sekuriteit verskil struktureel van alliansies daarin dat lidmaatskap vir alle state moontlik moet wees. Dit kan daarom ook nie spesifiek gerig wees teen een of ander staat nie.

> ".....the combined power of peaceloving states," skrywe Crabbe: "is markedly superior to the power available to inter= national law-breakers."[125], waardeur hy die kardinale

beginsel neerlê dat die kombinasie van moondhede in die gemeenskaplike stelsel in staat moet wees om uitdagers die hoof te bied. Die geslaagdheid van kollektiewe sekuriteit vereis dus ten minste dat dit struktureel universeel - met insluiting van numeriese statemeerder= heid en magsmeerdere state - moet wees.

Die konsep berus daarop dat lidlande konsensus moet hê oor wat agressie is; wanneer dit internasionale sekuri= teit bedreig, en dat hulle oortuig is dat die bestaande tussenstaatlike status quo deur kollektiewe magsanksie in stand gehou moet word.[126] Die enigste vraag wat in kollektiewe sekuriteit ad rem is, is "Wie het agressie gepleeg?", en dan moet daar gemeenskaplik sonder verreke= ning van nasionale staatkundige belange, opgetree word teen die regskender. 'n Gemeenskaplike struktuur; vredesonderhoudend gekwalifiseer, oorroep dus nasionale belange.

Algemeen word ook aanvaar dat ledestate in toto aan ver= geldingsmaatreëls sal deelneem en dat die bydraes propor= sioneel met magsvermoëns in berekening gebring sal word.[127] Ewe-as die belastingbetaler sal elke lid van die kollek= tiewe alliansie ooreenkomstig sy vermoë moet bydra, so nie is die gemeenskaplikheid op die uitvaart. Neutralisme of passiwiteit bots dus lynreg met die aanvaarde struktuur= prinsipe van gemeenskaplike veiligheid en alleen buite= staanders se neutraliteit kan gerespekteer word. Maar sukses vereis die swaartepunt van tussenstaatlike mag binne die stelsel, en universele staatkundige lidmaatskap

628/...

as waarborg vir sukses soos Wright dit in 1934 gestel het:

> "In conclusion, we urge preservation of the League and the adoption of measures to universalize its membership and enlarge its support in world public opinion, subordination of all its activity to the central problem of preserving peace and interpretation of peace as the continuous maintenance of the world dynamic equilibrium without violence."[128]

Histories blyk dit egter duidelik dat state in hulle internasionale verhoudinge die genoemde strukturele grondslae nie wou toepas nie.

3.3 Die Historiese Ontwikkeling van Gemeenskaplike Veiligheid

3.3.1 Vormgewing tot die Vrede van Versailles

Die gedagte van tussenstaatlike kollektiewe sekuriteit is nie 'n produk van die "verligte" denke van die twintigste eeu nie, maar kom konstant voor vanaf die Griekse stadstate deur die Middeleeue tot die meer bekende gestaltegewing in die Volkebond.[129] In 1306 het die Franse juris, Pierre Dubois in sy werk *The Recovery of the Holy Land* gemeenskaplike veiligheids= metodes uiteengesit waardeur Katolieke state die "Heilige Land" van die Moslems terug kon wen. Artikel 4 van die voorgestelde kollektiewe ooreenkoms lui onder meer:

> ".....The whole commonwealth of Christian believers owing allegiance to the Roman Church must be joined together in the bonds of peace.....Let no Catholic rush to arms against Catholics; let none shed baptized blood. If another wishes to make war let him be zealous to make war upon the enemies of the Catholic faith of the Holy Land, and of the places made sacred by the Lord....."[130]

Godsdienstige kollektiewe konsolidasie was ook teen= woordig in die skemas wat deur Koning Podiebrod[131], van Boheme en De Sully[132] voorgestaan is.

Die vredesverdrae van Wesfale, Munster[133], en Osnabrück

629/...

bevat klousules waarin die gedagte van kollektiewe sekuriteit gestalte kry. Artikel 17 van laasgenoemde ooreenkoms lui volgens Claude in *Power and International Relations* soos volg:

> ".....all and each of the contracting parties..... shall be held to defend and maintain all and each of the dispositions of this peace against whomsoever it may be....."[134]

William Pitt en William Penn het hulle beide ten gunste van die bevriesing van die tussenstaatlike status quo uitgespreek[135], en in September 1867 is daar 'n Europese kongres vir die behoud van vrede, geregtigheid en vryheid te Geneve gehou. Een van die afgevaardigdes was die beroemde Italiaanse generaal, Garibaldi, wat in 'n toespraak van 12 punte onder meer gesê het dat alle nasies susters is, en dat oorlog daarom ontmoontlik is.[136] Kongresse met tanende belangstelling is weer in 1868 en 1869 gehou, maar die Frans-Pruisiese Oorlog het die einde beteken van 'n gemeenskaplike vredespoging wat Carr aandui as:

> ".....a valiant though somewhat primitive, experiment in international pacifism."[137]

Alfred Nobel - ontdekker van dinamiet - was 'n dinamiese figuur in die soeke na vrede in die wêreldpolitiek. Aan 'n Belgiese pasifis skrywe hy:

> "I am beginning to believe that the only true solution would be a convention under which all the governments would bind themselves to defend collectively any country that was attacked."[138]

Aan die begin van die twintigste eeu het Andrew Carnegie ook gesinspeel op kollektiewe veiligheid in 'n telegram wat hy in 1904 aan die Dertiende Universele Vredeskongres in Boston stuur.[139] Ander prominente wêreldleiers het in die openbaar die gedagte van kollektiewe sekuriteit begin verkondig en by ontvangs van die Nobelprys vir Vrede in 1910 sê die Amerikaanse President, Theodore Roosevelt:

> "Each nation must keep well prepared to defend itself until the establishment of some form of international police power, competent and willing to prevent violence as between nations.

630/...

> As things are now, such power to command peace throughout the world could best be assured by some combination between those great nations which sincerely disire peace and have not thought themselves of committing aggressions. The combination might at first be only to secure peace within certain definite limits and on certain definite conditions; but the ruler or statesman who should bring about such a combination would have earned his place in history for all time and his title to the gratitude of all mankind."[140]

Ook in 1910 het 'n Nederlandse geleerde, Van Vollenhoven, die stigting van 'n internasionale beweging met mag= sanksie bepleit.[141] Dit was alles egter net die voor= spel tot die teoretiese triomf van kollektiewe sekuri= teit in die Volkebond.

3.3.2 Die Volkebond en Gemeenskaplike Veiligheid

Die stigting van die Volkebond is deur die *New York Times* gehuldig as:

> "the most ambitious experiment in government man has ever essayed."[142]

Grondliggend daaraan was die gedagte van kollektiewe sekuriteit soos duidelik uiteengesit word in Generaal Smuts se werk *The League of Nations - A Practical Suggestion*.[143] Die sentrale figuur in die gemeenskap= like veiligheidstrewe van die Volkebond was egter Woodrow Wilson wat die morele en fisiese mag van die V.S.A. wou aanwend om 'n ordelike internasionale ge= meenskap op liberale norme te bou.[144]

> "A general association of nations must be formed under specific convenants for the purpose of affording mutual guaranties of political independence and territorial integrity to great and small states alike."[145], verklaar

Wilson in die laaste van sy beroemde "Veertien Punte". In werklikheid was dit 'n tussenstaatlike geprojekteerde produk van die idealistiese demokratiese sentiment inge= bed in die Anglo-Amerikaanse tradisie. Dit is gebou op

die vertroue in 'n regverdige en intelligente wêreld=mening en gebonde aan die "Leitmotiv" van internasionale moralisme. Wilson was by Versailles die profeet van internasionale liberale humanisme wat in teenstelling met die kommunistiese wêreldstaat van Lenin 'n wêreld=gemeenskap waarin Amerika die reëls neerlê verkondig.

> "It was a new dream of universal empire", verklaar Van Alstyne en vervolg: "allegedly confined to the exercise of moral influence but backed up by the new position of dominance attained by the United States as a result of the war. Wilson is the prototype of the medieval Papacy as it grew conscious of its power. He was an absolutist, holding to the most rigid rules of sovereignty when applied to himself and the United States. Or, to re-phrase the point in terms of a paradox, he was the nationalist leader bent on destroying the independence of the nation states."[146]

Die kern van die Handves van die Volkebond word be=liggaam in artikel X [147], en XVI. Met die opstel van die Handves was daar van meet af aan 'n stryd tussen Wilson en Clemenceau - laasgenoemde beter bekend as "Le Tigre", die patriarg, die paterfamilias van die ou orde.[148] Lloyd George het op satiriese wyse in sy *Memoirs of the Paris Peace Conference* geskrywe hoe die Franse Premier Wilson se bewegings gevolg het:

> ".....like an old watchdog keeping an eye on a strange and unwelcome dog who has visited the farmyard and of whose intentions he is more than doubtful."[149]

Teenoor die Franse gedagte van 'n internasionaal-ver=geldende weermag, bestaande uit nasionale kontingente, om vrede af te dwing[150], het artikel XVI uiteindelik as volg gelui:

> "Indien 'n lid van die Bond oorgaan tot oorlog in stryd met sy verpligtinge....., dan word hy ipso facto beskou asof hy 'n oorlogsdaad begaan het teen al die ander lede van die Bond, wat

632/...

> hiermee onderneem om onmiddellik alle
> finansiële en handelsbetrekkinge met hom
> te breek, alle verkeer tussen hul onderdane
> en die onderdane van die verpligting-brekende
> staat te verbied en alle finansiële, persoonlike
> en handelsverkeer te verhinder tussen die
> onderdane van die verpligting-brekende staat
> en die onderdane van enige ander staat, of hy
> Lid van die Bond is of nie. Dit is die plig
> van die Raad om in hierdie geval by die ver=
> skillende betrokke regeringe aanbevelinge te
> doen omtrent die strydkragte op land, op see
> en in die lug waarmee die afsonderlike regeringe
> elkeen behoort by te dra tot die gewapende mag
> wat bestem is om die Volkebondsverbintenisse
> te beskerm."[151]

Die Volkebond sou egter nooit eers aan die internasio= nale gemeenskapsbasis as strukturele grondslag van kollektiewe sekuriteit voldoen nie. Amerika het nooit lid geword nie, Rusland, Duitsland en Japan het lid= maatskap slegs in eie staatkundige belange geëksploi= teer en die enigste oorblywende "groot moondhede", Frankryk en Engeland was voortdurend in onderlinge geskille betrokke.[152] Aanvanklik is die vredesonder= houdende taak met redelike sukses hanteer [153], maar dit was die gebrek aan steunende swaardmag wat die aggressors 'n vry hand sou laat en die universele moralistiese broederkode 'n fabel sou laat word. Toynbee het dit só uitgedruk:

> "The reason why the League failed was that
> the enforcement of the Covenant had been
> backed by insufficient armed power and
> insufficient resolution to use such power
> as was available."[154]

Deur middel van die Geneefse Protokol (1924 - 1925) en die Kellogg-Briand Verdrag (1928) is pasifisme aangewend om die konsertagtige sekuriteit van die Volkebond te sanksioneer, maar met weinig sukses.[155]

Japannese agressie in Mantsjoerye[156], die Italiaanse inpalming van Ethiopië[157] en Duitse herbewapening en

633/...

magsekspansie in Sentraal-Europa[158], het nie net die swakheid van sanksies aan die man gebring nie, maar uiteindelik aanleiding gegee tot die val van die Volke= bond. Kollektiewe wêreldmoralisme - die "ersatz" van Wilson - sou verval op eie tekortkominge en eie kontradiksies soos Charles de Visscher opgemerk het:

> ".....peace will serve justice better than justice will serve peace."[159]

Kollektiewe sekuriteit, maar sonder enige staatkundige teenprestasie; gemeenskaplik veilig, maar veilig teen elke prys en impotent teen die magsmeerdere groot moond= hede het die mislukking van die Volkebond as eerste internasionale proefneming van kollektiewe sekuriteit finaal met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog verval.

> "The League would be committing suicide if after having been created to maintain peace through right, it were to abandon that principle and adopt instead the principle of peace at any price, even the price of immo= lation of a member state at the feet of its aggressor."[160], het Haile Selassie met verwysing na die Italiaanse aggressie in Ethiopië op 30 Junie 1936 voor die Algemene Vergadering van die Volkebond gesê en daaraan toegevoeg:

> ".....In a word, it is international morality that is at stake.....Should it happen that a strong government finds that it may with impunity destroy a small people then the hour strikes for that weak people to apeal to the League.....God and history will remember your judgement....."[161] (onderstreep L.D.B.)

Na die Tweede Wêreldoorlog is gemeenskaplike veiligheid in gewysigde strukturele en konstitusionele vorm in die V.V.O. beliggaam.

3.3.3 Gemeenskaplike Veiligheid in die V.V.O.

In artikel 1 paragraaf 1 van die Handves van die V.V.O. staan daar:

634/...

"To maintain international peace and security, and to that end: to take effective collective measures for the prevention and removal of threats to the peace....."[162], waardeur uitdruklik aan die strukturele onderbou van kollektiewe sekuriteit be= slag gegee word. Reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog is daar onder die leiding van Amerika en Engeland, met die steun van Rusland, Frankryk en Sjina aan 'n verbeterde strukturele beslaggewing van gemeenskaplike veiligheid gewerk. Die Deklarasie van London (12.6.1941)[163]; die Atlantiese Handves (14.8.1941)[164]; die Viermoondheid= sekuriteitsdeklarasie van Moskou (30.10.1943)[165]; die Deklarasie van Teheran (1.12.1943)[166]; die Konferensie by Dumbarton Oaks (21.8.1944 - 28.9.1944 en 29.9.1944 - 7.10.1944)[167], en die ooreenkomste van Jalta was almal voorbereidende stappe vir die beliggaming van gemeen= skaplike veiligheid in die Stigtingskongres van die Verenigde Volke Organisasie te San Fransisco (25.4.1945 - 26.6.1945).[168] Dat die V.V.O. op kollektiewe sekuri= teit voortborduur, word geïllustreer deur artikels 2, 24, en 39 van die Handves.[169]

Die gemeenskaplike struktuur was egter nou nie meer ge= bou op neweskikkende pariteit (gedesentraliseerde state= gelykheid by die Volkebond) nie, maar in die V.V.O. is kollektiewe sekuriteit gesentraliseer in die Veiligheids= raad, erkenning dus van die feit dat die magsvermoë van state ook binne die gemeenskapsbasis van veiligheid verreken moet word. In *Die Vereinten Nationen* stel Pfeifenberger dit tereg dat die groot moondhede hulle bevoorregte grondwetlike posisie as 'n reg beskou het.

"Alle Staaten strebten zwar einen arbeitsfähigen Sicherheitsmechanismus an, nur die kleinen und mittleren Mächte waren aber zu dem hierfür erforderlichen Verzicht auf einzelne Souveränitäts= rechte bereit, während die Grossmächte eine ihrer Bedeutung entsprechende, privilegierte Stellung als Preis für ihre Mitwirkung verlangten."[170]

Die V.V.O. erken dus in beginsel kollektiewe sekuriteit onder die eksklusiewe outoriteit van die Veiligheids= raad, veral toegespits om 'n kernarmaggedon te verhoed.[171]

635/...

> "The privileged position which the Charter grants the five great powers in conferring upon each of them a permanent seat in the Security Council and the veto right", skrywe Hans Kelsen in *The Law of the United Nations:* "is justified in the statement of the Four Sponsoring Powers by their primary responsibilities."[172]

Die vetoreg impliseer dus in beginsel inderdaad dat die groot moondhede enige kollektiewe optrede teen hulle deur die veto kan blokkeer. Op grond van magsmeerderwaardigheid is hulle dus immuun teen enige gemeenskaplike magsanksie, en as sulks is dit net logies dat die universele kollektiwiteit van gemeenskaplike veiligheid en daarmee saam ook die hele begrip verval.

> ".....they adopted the proposition that collective security should be effectuated by the major powers whenever the latter were unanimously agreed upon the project but not in any other case. This meant in particular that collective security was not to be attempted against one or more of the great powers or in opposition to their policy."[173], aldus Claude.

Wedersydse wantroue, die kommunistiese strewe na wêreldheerskappy, die gebrek aan algemene internasionale waardes en die vrese van die "Weste" het kollektiewe sekuriteit in die V.V.O. 'n bespotting gemaak. Anthony Eden het laasgenoemde vrees só met gemeenskaplike verantwoordelikheid in verband gebring.

> "The West can survive only to the extent that individuals accept their obligations as members of a free community."[174]

Tot 1969 het die Sowjet-unie reeds 105 uit 113, of meer as 90%, van die blokkering van Veiligheidsraadoptrede deur veto op sy kerfstok gehad.[175] Daardeur is die sanksie van die Veiligheidsraad dus inderdaad so verswak dat dit soos De Aréchaga aangetoon het, nie die naam van 'n tussenstaatlike kollektiewe sekuriteitshandhawingsliggaam waardig is nie.[176]

Ten einde die dilemma van vredeshandhawing te oorbrug het state opnuut in bewapening en militêre alliansies

636/...

beveiliging gesoek:

> ".....the search for new security arrangements reflected also a widespread agreement that the peace - keeping functions of the United Nations had been thwarted by the intransigence of the Soviet Union, made manifest through abuse of the veto.....,"[177], skrywe Ernest Gross.

Die totstandkoming van NAVO, SOAVO, Warskou en ander militêre streeksgroeperinge berus dus op kollektiewe beveiliging op regionale grondslag. Terug dus van universele morele wensdenkery na die ou patroon van magsewewig. 'n Tweede poging was die sogenaamde "Uniting for Peace Resolution" (1950) waardeur 'n poging aangewend is om die veto te omseil deur aan die Algemene Vergadering - in die plek van die Veiligheidsraad - die taak van internasionale vredes= handhawing op te lê.[178]

> "This scheme involved an assertion by the General Assembly of competence to take over the consideration of threatening situations from a veto-bound Security Council, designate the aggressor, and recommend collective action by Member States."[179], argumenteer Claude dienaangaande.

Dit kom egter weer neer op 'n demokratiseringsproses in die Algemene Vergadering waar die meerderheidsteun beslissend sal wees. Met die groeiende Sowjet- en Afro-Asiatiese blokke beteken dit uitlewering aan die kwantitatiewe meerderheid; tegelyk egter ook die mags= minderes, met die gevolg dat die skema gou in onbruik geraak het.[180]

Bykans sonder uitsondering het gemeenskaplike veiligheid ook onder die vaandel van die V.V.O. misluk en Sir Gerald Fitzmaurice het tereg opgemerk dat die Handves links en regs verbreek word sonder dat die regskenders aan die man gebring word:

> "The Charter frowns on self-help, without, however, as yet, having put anything in its place; it goes far toward rendering unenforceable by direct action the whole of international law, except the breach of peace."[181]

Nadat die V.V.O. aanvanklik kleinere dispute soos die spreekwoordelike nuwe besem met gemengde sukses hanteer het[182], is die hantering van die Koreaanse Krisis (1950 - 1953) algemeen gehuldig as 'n triomf vir gemeenskaplike veiligheid onder die vaandel van die V.V.O.

> ".....power politics, we are told, have been replaced by police action of the world community "[183], skets Wolfers die optimisme oor kollektiewe sekuriteit in Korea. Met verwysing na die krisisse in die Midde-Ooste (Die Palestynse Vraagstuk, die Suez-debakel en die verskeie oorloë)[184]; kommunis= tiese magsimperialisme (Hongarye, Tibet, Tseggoslowakye)[185]; Ciprus, die Krisis in die Kongo[186], oorloë tussen Indië en Pakistan, die Kubaanse Projektielkrisis en die stryd in Viëtnam was die hoogste verdienste van die V.V.O. in sommige gevalle 'n vredestaakmag. Male sonder tal moes die taakmagte (UNEF, UNFICYP, UNOC, UNTEA) egter die wyk neem as die konflik werklik opvlam. Selfs in Korea was daar nooit van universele gemeenskaplike optrede sprake nie,[187] en telkens loop kollektiewe sekuriteit hom teen die magtige moondhede te pletter.

In die hewige debat oor die Kongo-Krisis (1960) het Hammarskjöld tereg gedui op die probleme rondom mags= hiërargie in die tussenstaatlike bedeling met betrekking tot gemeenskaplike veiligheid.

> "It is not the Soviet Union or, indeed, any other big powers who need the United Nations for their protection, it is all the others. In this sense the Organization is first of all <u>their</u> Organization, and I deeply believe in the wisdom with which they will be able to use it and guide it."[188]

Dit is dus klokhelder dat die magsonderskeidende gemeen= skaplike veiligheid (Veiligheidsraad) by die V.V.O. jammerlik gefaal het, en dat gekwalifiseerde sekuriteit veel eerder deur die kernskaakmat in stand gehou word. In *The Changing United Nations* skrywe Claude:

> "The problem in our time is not how to create a collective security system but how to develop other means by which the United Nations can

638/...

> strengthen, and build upon, the foundation for national restraint in international relations that has been provided by the thermonuclear revolution."[189]

Die enigste gemeenskaplike optrede wat waarskynlik deur die V.V.O. in die toekoms ontgin kan word; is om ge= sanksioneer deur die magsbevriesing van kerndetênte, deur meer doelgerigte gebruikmaking van vredestaakmagte te verhoed dat lokale onweersones tot kernoorloë aanleiding gee. Teen die normatiewe en strukturele houdbaarheid van gemeenskaplikė veiligheid kan daar egter baie kritiek geopper word.

3.4 Kritiese Besinning oor Gemeenskaplike Veiligheid

In sy uittreerede as Sekretaris-Generaal van die V.V.O. het Trygve Lie aangehaal uit die Sweedse digkuns:

> "The greatest prayer of man is not for victory but for peace."[190], en daarmee die vredesondernemende taak van die V.V.O. versimboliseer. Die vrede moes gebou word op gemeenskaplike veiligheid, 'n stelsel wat totaal wars is van vele tussenstaatlike realiteite. Die tussen= staatlike struktuur gaan mank aan universele eenheid; state beskou hulle nie as deelgenote aan 'n gemeenskaplike belangebasis nie en kan daarom nooit gemeenskaplik teen die skenders van die illusie van 'n wêreldgemeenskap op= tree nie. Hieruit vloei die realiteit voort dat state baie langtand is om in alle gevalle die risiko van inter= nasionale vredeshandhawing te aanvaar.[191] Russiese aggressie teen Rooi Sjina - hipoteties - sal Lesotho by= voorbeeld baie moeilik beweeg om aan kollektiewe straf= maatreëls deel te neem; meer nog, in die kerneeu, omdat Rusland waarskynlik in staat sal wees om alle ledestate van die "wrekerskommando" te verwoes. Die eie voortbe= staan is vir elke staat logies meer werd as die handhawing van internasionale geregtigheid - 'n begrip wat waarskyn= lik tot die jongste dag sal wag op universele begripsaan= vaarding.

Die identifikasie van agressie en agressor is noodsaaklik om die skenders aan die man te bring, en nóg die Volkebond

639/...

nóg die V.V.O., kon ondanks baie pogings, daarin slaag om agressie aanvaarbaar te definieer.[192] Sonder 'n internasionale aanvaarding van reg en onreg volg dit logies dat daar geen gemeenskaplike regsherstel deur universele swaardmagsanksie kan wees nie. Dit bring mee dat die groot moondhede of regionale strukture kan optree in die naam van kollektiewe sekuriteit en sodoende imperialistiese winste kan behaal.

Die tussenstaatlike verdeling van koste en verliese met die toepassing van kollektiewe sekuriteit is veelal problematies, en welke liggaam is bevoeg om ooreenkomstig welke kriteria die verantwoordelikheid van elke individuele staat te bepaal? Die tydsduur tussen die daad van agressie en die optrede van 'n gesentraliseerde gemeenskaplike gevegsmag is ook van kardinale belang soos Kelsen dit duidelik stel:

> "Between the moment the illegal attack starts and the moment the centralized machinery of collective security is put into action, there is, even in case of its perfectly prompt functioning, a space of time, an interval, which may be disastrous to the victim."[193]

Bowendien bring dit die een fundamentele beswaar na vore dat die owerheidstaak daardeur ondermyn word. Soewereine staatsowerhede kan dan nie langer buitelandse aanvalle identifiseer en daarteen optree nie, maar moet wag vir die gemeenskaplike optrede van die internasionale staatgemeenskap. In die magsvakuum van die wêreldpolitiek is die voortbestaan van state daarom nie langer hulle eie verantwoordelikheid nie, maar afhanklik van die universele mening van 'n krom en verdraaide geslag. Dan is die soewereiniteit van nasionale state op die uitvaart en beteken dit 'n beweging in die rigting van internasionalisme.

Kollektiewe sekuriteit hou ook ten slotte nie rekening met die diepliggende verskille in die magsvermoëns van state nie.

> "In the present world," beweer Wright, "although collective security has functioned

640/...

> in cases of threats or hostilities among lesser states, collective security cannot function in disputes directly involving the great power blocs because there is no overwhelming force to collect against either power in case it is found to have violated the law. Thus a depo= larization of the world establishing a large number of relatively equal power groups might make the balance of power more stable, expand the sphere of action of collective security and redress the balance of law and politics in the society of nations."[194]

Gemeenskaplike veiligheid is daarom nie alleen wars van tussenstaatlike realiteite nie, maar berus op 'n onver= soenbare spanning tussen reg en mag wat gesien die pluri= forme manifestasie van die Skepperswil in die tussen= staatlike,nooit volkome gemeenskaplikheid kan bereik nie.

3.5 Slotopmerking

Gemeenskaplike veiligheid is soos Schuman tereg opmerk: "a fallacy and a fantasy."[195] Dit berus op 'n illusie wat onversoenbaar is met die realiteite van internasionale verhoudinge. Die aanvaarding van 'n vredeshandhawende stelsel gebaseer op die gemeenskaplike optrede van state wat volle soewereiniteit behou, maar tog deelneem aan kollektiewe sanksionêre maatreëls, berus op onversoenbare teenstellings. Die gemeenskaplikheid van die stelsel lê 'n deelnemende las op kleiner state aan magspolitiek - 'n status quo wat hulle dikwels nie wil of kan aanvaar nie. Die sogenaamde gemeenskaplikheid word deur onderlinge wantroue, agterdog, ideologiese verdeeldheid en vele ander faktore ondergrawe wat meebring dat kollektiewe sekuriteit 'n utopiese bloudrukplan bly. Die minder magtige moondhede moet aan die illusie glo dat hulle soewereiniteit deur die magtige moondhede beskerm word; wat weer hulle swaardmag= weerbaarheid ondergrawe en die weg na internasionalisme moet vergemaklik. Die wêreldstaat is die laaste struktu= rele metode om die antinormatiewe aanwending van mag in internasionale verhoudings teen te gaan.

641/...

4 DIE WêRELDSTAAT

4.1 Inleiding

Die gedagte van 'n wêreldstaat berus op 'n holistiese internasionale strukturele monopolie op mag.[196] Die anargie van die botsende magsvermoëns van soewereine state word opgelos deurdat individuele statesoewereiniteit oorgeplaas word na 'n sentrale gesag wat alleenheerskappy oor die aanwending van mag sal uitoefen. Lasswell stel die holistiese gedagtegang in die volgende woorde:

> "The prerequisite of a stable order in the world is a universal body of symbols and practises sustaining an elite which propagates itself by peaceful methods and wields a monopoly of coercion which it is rarely necessary to apply to the uttermost."[197]

Vir Toynbee is die behoud van die nasionale staat "cave-man psychology"[198], 'n reductio ad absurdum:

> ".....because it is apt to arouse a violent emotion which evidently springs from the cave-man level of our "subconscious" nature.....by our readiness to cling to some trivial or worthless territorial asset....."[199].

Dit is daarom ook opvallend dat die woord "Menschheit" so prominent figureer in die latere Duitse geskrifte van Toynbee.[200] Die eksistensialistiese elite van die wêreldstaat moet gevrywaar wees van enige nasionalisme omdat die sosiale modale aspek uit kosmiese samehang uitgelig en daarna in breedtedimensie verabsoluteer word. Broederskappe langs die hele linie van die tydelike werklikheid is dan die ideaal, gestimuleer deur 'n lewens- en wêreldbeskouing van die sosiale ekumeniteit van 'n universele eendragtige menswees.

Rykstigting by die Antieke Griekse Monargieë, die pax Romana, pax Islamica, pax Brittanica, pax Hitlerania en pax Americana is almal voorbeelde van superstrukture met die pretensie van wêreldheerskappy. Die ideaal van 'n

642/...

wêreldstaat is dus nie in sonderheid 'n produk van die twintigste eeu nie.[201] 'n Belangrike verskil is daarin geleë dat historiese motivering veral geleë was in aristokratiese en diktatoriale magsegoïsme, terwyl moderne transformasieteorieë gedra word deur normatiewe "humanis= tiese" en/of kommunistiese lewens- en wêreldbeskouings. Dit gaan dus nie meer daarom dat 'n magtige nasionale staat sy "Herrenvolk"-dogmas internasionaal wil afforseer nie, maar dat die wêreldstaat moet kom deur die universele aftakeling van die bestaande nasionale statestruktuur. Die beheptheid met internasionalisme is in die twintigste eeu deur verskeie faktore gestimuleer.

4.2 Moderne Motiverings vir die Wêreldstaat

Internasionale verhoudinge as vakdissipline is in hoofsaak nog altyd toegespits op die bewaring van vrede in die tussenstaatlike en aangesien die behoud van nasionale soewereiniteit deur die eeue oorlog tot gevolg gehad het, moet nasionale soewereiniteit geabsorbeer word deur 'n internasionale staatkundige superstruktuur.

> ".....it seems clear that war as an institution could only persist in a world of sovereign states,....." haal Goodspeed aan en vervolg: "It follows to a certain extent that sovereignty is a cause of all wars, and that the most straightforward and only permanent way to abolish war is to abolish sovereignty."[202]

Die koms van kernwapens het die drang na 'n superstruktuur geweldig verhoog, want:

> "Jeder Weltkrieg kann nur in einer wilden Orgie der Zerstörung enden."[203] , aldus Radhakrishnan.

Die onbruikbaarheid van oorlog as uitvloeisel van die magsaanwending van state in die kerneeu het Lester Pearson op 11 Desember 1957 by ontvangs van die Nobelvredesprys laat opmerk:

> "The stark and inescapable fact is that today we cannot defend our society by war since total war is total destruction and if war is used as an instrument of policy, eventually we will have total war.

643/...

> Therefore, the best defence of peace is not power, but the removal of the causes of war, and international agreements which will put peace on a stronger foundation than the terror of destruction."[204]

Om oorlog vry te spring moet daar dus nie langer tussen=staatlike verhoudinge wees nie, maar slegs "binnestaat=like" verhoudinge. Dus nie meer die swaardmagbestemmings=momente in 'n magsvakuum laat meeding nie, maar die swaardmag van die superstruktuur wat as polisiemag waak oor die nou "binnestaatlike"-swaardmag-ontneemde-verhou=dingstrukture aanwend.

Die "Massenselbstmord" wat die strukturele onderbou van nasionale state vir internasionale verhoudinge inhou, "müssen wir" volgens Toynbee: "ins Auge sehen."[205] Die internasionalistiese statetrust word in die twintig=ste eeu verder gestimuleer deur die probleme rondom die bevolkingsontploffing;[206] die groeiende kloof in lewen=standaard tussen "ryk" en "arm" lande; die oneweredige verspreiding van grondstowwe en energiebronne en 'n groeiende internasionale samewerking op wetenskaplike vlak. Veral die meer "regverdige" verdeling van die wêreld se rykdomme sou 'n wêreldparlement, volgens die voorstanders, met veel groter welslae kon hanteer. Nasionale volksbesittings het by die wêreldstaat geen staanplek nie, maar alles behoort aan almal - die dialektiese materialistiese serum waarmee Karl Marx die onstuitbare sosialistiese transformasie van die kommunisme wou bespoedig.[207]

Trotsky stem trouens saam met Lenin dat die nasionale staat as ekonomiese eenheid nie langer <u>ad rem</u> is nie:

> "In these historical circumstances the working class, the proletariat, can have no interest in defending the outlived and antiquated national "fatherland", which has become the main obstacle to economic development. The task of the proletariat is to create a far more powerful fatherland, with far greater power of resistance - the republican United States of Europe, as the foundation of the United States of the World."[208], aldus

644/...

Trotsky. Daardeur word die wêreldstaat as magsbeperkende tussenstaatlike struktuur gekoppel aan 'n kardinale lewens- en wêreldbeskouing van die twintigste eeu, wat aan die struktuur onmiddellik 'n normgemotiveerde diep= gang verleen. Laasgenoemde ideologiese gemotiveerdheid is egter allermins gerig op magsbeperking, maar op 'n brutale superstruktuur wat deur swaardmageksesse die owerheidsamp wil handhaaf.[209] Die internasionalistiese aanslag op die tussenstaatlike struktuur word uiteraard in verskillende bane gelanseer omdat die strukturele verandering nie oornag kan plaasvind nie. ".....I see its realization approaching by bits and pieces."[210], skrywe Percy Corbett oor die strukturele omvormingsfase.

4.3 Die Wêreldstaat deur Kulturele Eenheid

4.3.1 Inleiding

Die universalistiese kultuuraanslag op die tussenstaat= like struktuurverskeidenheid gryp terug na die gemeen= skaplike kreatuurlike oorsprong van die mensdom.

> "Alle mensen zijn daarom als schepselen broeders, verbonden aan elkander door banden van bloed en gemeenschappelijke creatuurlijke oorsprong."[211], aldus Meeter.

Die Goddelike kultuuropdrag - "vul, onderwerp en beheers die aarde" - bring egter noodwendig ver= skeidenheid en differensiasie wat as gevolg van om= gewingsverskille en klimaatverskille 'n veelheid van gedifferensieerde kultuurvormers laat ontstaan.[212]
By die eerste goddelose internasionalistiese rykstigting by Babel word kulturele diversiteit deur God met veel sterker sanksie deurgevoer.[213] Die poging tot 'n heidense wêreldryk sou Hy nie slegs verpletter deur taalverwarring nie; taalverwarring was slegs die linguistiese gestaltegewing van verskillende gedagte= wêrelde met die begeerte om afsonderlik te gaan woon, eie karaktertrekke te ontwikkel en 'n eie kultuur deelagtig te word. In die woorde van Strauss:

> "By die toring van Babel verwar God hulle taal en versprei hul in 'n veelheid van

645/...

> volkere oor die hele aarde, want volkere (nie net een volk nie) moet die aarde vul en bewerk."[214]

In *Vernieuwing en Bezinning* koppel Dooyeweerd die differensiasie van nasionale karaktertrekke aan kultuur=verkeer tussen beskaafde volkere.

> "En deze historische individualiteit ontwikkeld zich eerst in het cultuur - verkeer der beschaafde volkeren. Zij is iets geheel anders dan de eigenaardigheden van stam- en rasgemeen=schap die op vitale grondslag rust."[215]

As Dooyeweerd te kenne wil gee dat die genetiese samestelling van 'n kultuurvolk niks met die besondere volkseie stempel van sy kultuurgoed te maak het nie, word die antropologiese tipeverskeidenheid misken. Rasseverskille en volkse verskille is 'n onmiskenbare gegewe van naïewe menslike ervaring[216], wat betrekking het op die hele mens in sy volle totaliteit.[217] Strauss skryf dienaangaande:

> Elke Afrikaner is dus 'n volkstipiese persoon=likheid en nie 'n Duitser, Fransman, Nederlander of Brit ens. nie. Elke Afrikaner is 'n volks=tipiese mens - die uitkoms van sy volk se historiese gewordenheid - en daarom dra sy hele persoonlikheidsbeeld ook die lit - en die eretekens van ons volk se historiese ver=nederings en oorwinnings. Elke Afrikaner is dus 'n volkstipiese eksemplaar - selfs ook wanneer hy vanweë gebrek aan volkstrou en volks=liefde 'n Afrikanerkarikatuur geword het."[218]
>
> (Onderstreep L.D.B.)

Die oorloper kan sy volk aldus verraai, maar nooit sy afkoms nie. Die Godgegewe kultuuropdrag na die sonde=val sanksioneer en kontinueer die volkereveelheid wat weer op sy beurt die tussenstaatlike stateveelheid tot gevolg gehad het.[219] In die aksieradius van omvormende kultuurarbeid is die nasionale volkseie stempel en arbeid dus produk van gedifferensieerde veelheid met behoud van begrip en agting.

Die kleurryke kulturele diversiteit van die mensdom is

die eerste skootsvak waarop die "one-worlders" hulle sogenaamde breë uitkyk rig. Ekumeniese bewegings waar= deur geleidelik "einer universalen Kultur"[220], volgens Röling gestel kan word in die plek van naakte magspoli= tiek wat die gevolg is van die behoud van nasionale kultuuridentiteit. Deur internasionalistiese opvoeding en kultuuraktiwiteite moet nasionale grenslyne vervaag, want volkere beveg mekaar omdat hulle mekaar nie ver= staan nie. Die ideaaltipiese patroon van die strewe van die wêreldburger kom kennelik na vore in artikel 1 van die konstitusie van UNESCO:

> "The purpose of the Organization is to contribute to peace and security by promoting collaboration among the nations through education, science and culture in order to further universal respect for justice, for the rule of law and for the human rights and fundamental freedoms which are affirmed for the peoples of the world, without distinction of race, sex, language or religion....."[221].

'n Horisontale, felle a-nasionale gelykmakingsproses wat op die volle aksieradius van menslike kultuurvor= ming toegespits word. Die ylingse droom van die supranasionale kultuuraanslag was veral op die volgende lewensterreine aktief aan die werk.

4.3.2 Godsdienstige Ekumeniteit

Internasionale aaneenskakeling op die gebied van die godsdiens word gedra deur die begeerte om godsdiensver= skille as oorsaak vir oorlogvoering te verpas. Die bloedige oorloë tussen Protestant en Rooms-Katoliek in Wes-Europa; Mohammedaan en Boeddhis op die Indiese Subkontinent en Sionis en Islamiet in die Midde-Ooste is maar enkele bekende voorbeelde waar godsdiensver= skille (gedra deur religieuse verskille) owerhede die swaard laat trek het.[222] Omdat die geloofsaspek 'n leidende funksie in die mens se lewe vervul - dit gryp na die vermeende vaste grond van sy lewensvertroue (bokant die geskape werklikheid uit na die grond van alles wat bestaan) - bring godsdiensverskille felle en dikwels onversoenbare tussenstaatlike stryd. In

The Unity of the Church het Herman Ridderbos aangetoon dat kerklike eenheid ook van binne - teologies - deur die afkamping van die individualiteitstruktuur van die kerk; die geleidelike uitkristallisering van die koningskap van Christus deur kerklik-institutêre en kerklik-organisatoriese werk en die geleidelike norma= tiewe omgrensing van die verhouding tussen kerk en staat geïnspireer is.[223] Godsdienstige ekumeniteit kan volgens die internasionaliste universele geloofsver= troue bring; die anker van teologiese universalisme wat mettertyd alle kultuurverskille uit die weg sal ruim. Die inspirasie bly 'n internasionale broederskap waarvan die woorde van die vermaarde Negerleier, Martin Luther King getuig:

> "Wir haben ein stattliches Haus geerbt, ein grosses "Welthaus" in dem wir zusammen leben müssen - Schwarze und Weisse, Menschen aus dem Osten und dem Westen, Heiden und Juden, Katholiken und Protestanten, Moslems und Hindus, eine Familie, die in ihren Ideën, ihrer Kultur und ihren Interessen verschieden ist und die - weil wir nie mehr ohne einander leben können - irgendwie lernen muss, in dieser grossen Welt miteinander zu leben."[224]

Die formele konstituering van die Wêreldraad van Kerke op Maandag 23 Augustus 1948 is deur Bingle as 'n

> ".....moving and inspiring occasion, the culmination of more than a generation of the ecumenical movement....."[225], aangeteken.

Aanvanklik is dit duidelik gestel dat die Wêreldraad geen superkerk wil wees nie - geen "grootst-gemene-deler"[226], in die woorde van Bavinck nie, maar 'n gods= dienstige gespreksgemeenskap om kerklike godsdienstige strategie op hoë vlak te koördineer. Van meet af het die Wêreldraad egter die soewereiniteit van die kerktaak oorskrei toe die offisiële afgevaardigdes van 148 kerke by die stigtingskongres aandag gee aan sosiale wanorde, sosialisme, kapitalisme, oorlog, vlugtelinge en funda= mentele menslike vryhede.[227] Gaandeweg het die openlike politieke bemoeienis van die Wêreldraad van Kerke egter deurgesuur na politieke belydenisskrifte en steun aan

648/...

politieke drukgroepe, vryheidsvegters en terroriste. Geen sprake dus van 'n Christelike sending nie, maar politieke universalistiese betrokkenheid wat deur die kerk vanaf die kansels verkwansel moet word.

Die orakelspraak van geen superkerk nie is ook spoedig ontmasker. Die Toronto-verklaring van 1950:

> "The World Council of Churches is not and must never become a Super-Church."[228], is vervang met

die triomfantelike aankondiging:

> ".....the vision of one church proclaiming one Gospel to the whole world becomes more vivid and the experience and expression of our given unity more real."[229]

By Cottesloe is dan ook duidelik openbaar dat die Wêreldraad hom die reg aanmatig om die universele mond=stuk van die kerke by staatsowerhede te wees. 'n Inter=nasionale ekumeniese imperialisme wat soos die Pouse van ouds die tussenstaatlike met kerkuniversalisme wil domineer.[230] Geestelike wêreldbroederskap moet dan uitstyg bo geloofsverdeeldheid en 'n godsdiens waarin Boeddhis, Mohammedaan, Protestant, Rooms-Katoliek, aan=hangers van primitiewe natuur- en kultuurgodsdienste, ateïs en modernis almal ewe tuis sal wees.

Die getuigende uitdra van die gereformeerde geloofsoor=tuiging en groter Christelike eenheid moet in diepte=dimensie en nie in breedtedimensie gesoek word nie. By die Wêreldraad van Kerke en die meeste ander uni=versalistiese godsdienstige strukture verval dit in 'n katolisiteitsgedagte met 'n sosiaal-politieke kleur van ekumeniteit, waar daar van onderwerping aan die gesag van die Skrif geen sprake is nie. In sy professorale intreerede het Van der Walt dit só aan die kaak gestel:

> "Die sg. "Ekumeniese teologie" is nie heilig nie, omdat dit gedra word en teer op die apoteose van die mens en van die wêreld in sy eksistensialistiese selftransendering, al word dit dan ook gesien as iets wat van buite af na ons toe kom, en nie immanent van onder af uit ons opstu nie."[231]

649/...

Soewereiniteitsoorskryding van kerkuniversalisme op die gebied van die staat is egter die gevaarlike lanseerbaan van 'n internasionale godsdienstige Leviathan waarin daar nie alleen geen ruimte vir godsdiensvryheid sal wees nie, maar waarin die rype verskeidenheid in internasionale verhoudinge godsdienstig verekumeniseer sal word, soos Zuidema duidelik in *Op de Tweesprong, Gereformeerde Kerken en de Wêreldraad van Kerke* aangetoon het.[232] Die internasionalistiese kultuuraanslag op die gebied van die etiek en die reg stel ons later eksplisiet as verdere normatiewe magsbeperkende faktore aan die orde, maar ook op die vlak van die estetika word daar 'n felle aanslag geloods.

4.3.3 Estetiese Universalisme

Die a-nasionale kultuuraanslag op die gebied van die estetika wil literêre, musiek, skilder- en beeldhouskatte oor nasionale grense heen transendeer, want:

> ".....the common cultural heritage of mankind can also be a precious factor for mutual understanding, for demonstrating man's fundamental unity."[233]

Die melodieë van Tchaikovsky, Beethoven en Puccini, die literêre meesterstukke van Shakespeare, Tolstoy en Goethe, die werke van Michelangelo en Picasso en ander internasionaal-erkende kunsskatte word universeel vertaal en versprei om nasionalistiese vooroordele af te breek.[234] 'n Proses wat veral gestimuleer word deur die onnasionale ontwikkeling in die kunsgeskiedenis van die twintigste eeu na Marxistiese radikalisme.

> "Partly because of its own internationalism", skrywe Egbert, "the avant-garde (estetiese radikaliste) has at times sought to collaborate with international Marxism,....."[235]

Sodat die kunstenaar lank nie meer in die woorde van Rookmaaker:

> ".....he must have love for the people for whom the work is meant."[236], nasionaal; met die liefde vir die eie, die wondere van Gods Skepping kunsvaardig ontsluit nie.

650/...

Die oorlogsvoorkomende waarde in universalistiese beeldende kunste bly steeds 'n middel tot 'n doel, want oorloë tussen ooreenstemmende kulture is volop in die geskiedenis van die tussenstaatlike.[237] Anti-nasionalisme op kunsgebied beteken nie noodwendig die=selfde as internasionalisme nie, en dit is moeilik aan=vaarbaar dat die internasionale beskikbaarheid en bekendstelling van meesterstukke sonder meer die behoud van die nasionale langs die linie sal afbreek.

> ".....the existence of intellectual and esthetic ties across national boundaries proves nothing in favour of a world commu=nity. A world community with political potentialities is a community of moral standards and political action, not of intellect and sentiments. That an in=tellectual elite in the United States enjoys Russian music and literature and that Shakespeare has not been banned from the Russian stage has no relevance at all for the problem with which we are concerned."[238], aldus Morgenthau. Die kultuuraanslag op die gebied van die beeldende kunste is wars van die tussenstaatlike werklik=heid en bly daarom 'n swewende hipotese. Op die gebied van sosiale aaneenskakeling was die supranasionale beweging meer suksesvol.

4.3.4 Sosiale Internasionalisme

Die humanistiese internasionalisme het veral in die twintigste eeu die sosiale modale aspek uitgelig en die kosmiese samehang sosiaal verabsoluteer en verafgood. Alles word herlei tot tussenmenslike verhoudinge; in onderskeiding van tussenstaatlike verhoudinge, op die basis van willekeurige ervaringskonstruksies waaraan die sosiologie ten grondslag lê - 'n vorm van radikale empirisme.[239] Die mens self staan hier in die branding en daarom die sosiale verabsolutering van 'n universele lewens- en wêreldbeskouing.

Die aanslag is veral akuut deur die propagering van 'n universele opvoedingsbeskouing. Die kind moet omvorm word tot 'n rewolusionêre toestand van nihilisme en

uiterse skeptisisme waardeur hulle die ideë van 'n wêreldgemeenskap kan laat deursuur. Patriotisme in die opvoeding moet onderdruk word deur mens, samelewing en kultuur te verkneg aan demokratiese sosialisme met alle studerendes as die pleitbesorgers en kwekelinge daarvan. Reeds in kleuterskole moet die kinders op seksuele gebied met die invloed van die "Nuwe Linkses" op opvoedkundige terrein getorpedeer word. In *Opvoeding tot Ongehoorsaamheid* predik Bott openlike "kleuterorgies" met die volgende woorde:

> "Wanneer kinderen - in het bijsonder op seksueel gebied - repressief, onderdrukkend worden opge= voed, dan ontwikkelen ze sich voor hun hele leven als, 'gecastreerde schapen', ze missen de energie en de kracht om te rebelleren tegen outoritaire of zelfs totalitaire overheersing; ze zijn gedwee en nog dankbaar ook voor hun ketenen. Daarom speelt seksuele opvoeding in de kindercentra een centrale rol."[240]

Ferreira haal die volgende uit Sales aan:

> "As long as the child breathes the poisoned air of nationalism, education in world-mindedness can produce only rather precarious results.....it is frequently the family that infects the child with extreme nationalism. The school should, therefore, use the means described earlier to combat family attitudes that favour jingoism."[241]

Met die jeug van die wêreld onnasionaal omvorm, kan die horisontale humanistiese internasionalisme deur die komende geslagte verwesenlik word.

Toenemende internasionale sosiale kommunikasie op godsdiens-, regering-, diplomatieke-, sport-, toerisme-, kuns-, ekonomiese en vele ander vlakke moet almal inge= span word om die nasionale skeidslyne te laat vervaag. Universele sosiale integrasie stuit egter telkens teen die sanksie van politieke mag wat geen nasionale owerheid nog bereid was om in die grootste gemene struktuurdeler te laat opgaan nie. Die wêreldstaat moet daarom aan universele sosiale individue gekoppel word, soos Curtis

652/...

U.O.F.S. 214709 BIBLIOTEEK

dit uitdruk:

> "My meaning is that nothing can solve the problems we are now facing but a world government responsible, not to States, but to all individuals fitted for the trust."[242]

In harmonieuse sosiale tussensmenslike verhoudinge sal oorlog nie meer bestaan nie, 'n droombeeld waarin ook die ryke verskeidenheid van volkstipiese sosiale ken= merke opgaan.

3.4.5 Samevatting

Die internasionalistiese kultuuraanslag besmet al die vertakkinge van die kulturele arbeidsradius van nasio= nale state. 'n Wêreldvolkslied, universele koerant[243] en les bes 'n wêreldtaal in die trant van "Esperanto"[244] - 'n soort wêreldfanagalo - het almal betrekking op die relativering van nasionale tradisies en aspirasies. Die diepliggende verskille in die kultuurarbeid langs die hiërargiese ontsluitingsstand; die pakdierbondel= tjie[245] by die primitiewe heidendom teenoor die ryklik gedifferensieerde beskawingserfenis van die Protestantse Christendom byvoorbeeld word daardeur kennelik misken. Maar saam hiermee is gesag op die uitvaart en word die internasionalistiese kulturele vrydenkers kulturele terroriste wat oorlog en nasionale diensplig verdoem, maar terroristiese uitspattighede en koelbloedige wreed= hede bedryf. Inderdaad veroorsaak dit chaos en anargie wat moeilik deur oorloë tussen nasionale state geëwenaar sal kan word.

Voorts bly dit ook 'n ope vraag of kulturele universalis= me enige invloed op tussenstaatlike strukture kan hê. Mensheidsoewereiniteit op kulturele grondslag kan geen bydrae lewer tot die strukturele probleme van internasio= nale verhoudinge nie. Die kultuurtaak van die mensdom bly steeds om die wondere van Gods Skepping tot Sy eer te ontsluit, waardeur die nasionale nie tot die kwali= fiserende funksie verhef word nie, maar die unieke volkseie stempel tog op die kultuurarbeid afgedruk word. So rig die "One-Worlders" die aanslag op die normatiewe

653/...

kulturele diversiteit en verskeidenheid van die kleurryke produkte van die menslike vormingsarbeid in die Skepping. Die gedagte van 'n universele tussenstaatlike struktuur word vervolgens deur politieke eenheid aangevoor.

4.4 Die Wêreldstaat deur Politieke Eenheid

4.4.1 Inleiding

Die steeds aktuele magstryd en oorlog in internasionale verhoudinge het ook op politieke vlak in die tussenstaat= like - dus deur die universalistiese transendering van strukture - geneig na die wêreldstaat. Sedert die staatsuniversalisme van die Pax Romana kan teoretiese besinning oor internasionale politieke eenheid terugge= spoor word tot Dante se *De Monarchia*; Dubois, Sully, Cruce, Penn, Saint-Pierre, Rousseau, Kant, Lamartine en Victor Hugo.[246] Die gedagterigting het egter grootliks die sentimente van geïsoleerde persone gebly. Die negentiende eeu ervaar die kruin van nasionalisme en die behoud van soewereiniteit word beskou as die hoogste roeping van elke owerheid.

Twee wêreldoorloë in 'n leeftyd, die moontlikheid van 'n kernkatastrofe, groeiende bipolarisme, die vorming van nuwe magsblokke en die groeiende interafhanklikheid tussen state het die newels van 'n wêreldgemeenskap op politieke gebied in die twintigste eeu weer aktueel gemaak. Vir die internasionaliste is die era na die Tweede Wêreldoor= log: ".....keine Zeit für Zorn, sondern für Sorge...."[247] omdat die behoud van statesoewereiniteit die wêreldvrede bedreig. Vrede is alleenlik moontlik onder een "staat" waarin alle nasionale soewereiniteite opgedoek is en die swaardmag deur die supranasionale struktuur hanteer word. Die transendering van die struktuur deur die plasing van swaardmagsoewereiniteit is hier die sentrale dryfveer.

> "What is needed, so the argument runs,
> in order to save the world from self-destruction
> is not limitation of the exercise of national
> sovereignty through international obligations

654/...

> and institutions, but the transference of the sovereignties of individual nations to a world authority, which would be as sovereign over the individual nations as the individual nations are sovereign within their respective territories.", skrywe Morgenthau in *Politics Among Nations* en vervolg: "What is needed, then, is a radical transformation of the existing international society of sovereign nations into a supranational community of individuals."[248]

'n Sentralisasie van staatsoewereiniteit in een struktuur wat volgens Aron <u>de facto</u> en <u>de jure</u> aanvaarbaar is.

> ".....it is incontestable that in a given space, one system of norms and only one is generally valid, having for its source one and only one legislating authority, applied by one and only one juridical organization."[249]

Die afplatting van die strukturele soewereiniteit van nasionale state, ten einde vrede in die wêreldpolitiek te bewerkstellig, word ewe-eens uit verskeie standpunte benader. Die uitskakeling van die nasionale staat as die versperring tot universele unifikasie word voorafgegaan deur 'n transformasie van lojaliteite. Die proses van nasionale ontkoppeling, skrywe Etzioni in *Political Unification*:

> ".....is one in which control of the means of violence, the capacity to allocate resources and rewards, and the locus of identification are transferred from Units to the system in which they are members."[250]

Die superstruktuur, as eindideaal, word dus enersyds voorafgegaan deur die geleidelike disintegrasie van staatsoewereiniteit en andersyds deur die hiërargiese vermeerdering van magsanksie in strukturele entiteite.

4.4.2 <u>Die Federale Struktuur</u>

Staatsintern is die federale struktuur besonder populêr. Beide die V.S.A. en U.S.S.R. is op hierdie basis gefundeer.[251] In die kern kom federalisme neer op die

655/...

aflegging van kardinale tussenstaatlike funksies aan die wêreldfederale parlement, terwyl die magsmindere federale komponente sekere magte vir eie jurisdiksie oorhou.

> "A federation is the result of an associative process: a number of independent states establish common links in order to benefit each other economically and to set up effective joint defences."[252], definieer Strausz-Hupé en Possony. Die populariteit van die federale beginsel is daarin geleë dat dit enersyds die behoud van oor= spronklike selfstandigheid konsolideer, maar tog 'n verenigde optrede na buite moontlik maak.

Die federaliste sien dus 'n wêreldstaat waarvan die swaard skerp genoeg is om die algemene federale beleid te handhaaf, gerugsteun deur ondergeskikte selfbestuur van die oorspronklike konstituerende statery. Die fundering van dubbele soewereiniteit[253]; nie geskei nie, maar tog onderskeibaar deur rangorde in hiërargiese magsbevoegdheid. Oor sekere aspekte behou die kon= stituerende state gekwalifiseerde mag en soewereiniteit wat egter deur die meerdere magsanksie van die federasie oorheers sal word. Goodspeed skrywe:

> "A constitution for the world government would grant certain powers to the new central authority and leave others to the member-states."[254]

As die oorkoepelende federale struktuur boonop alleen= besitreg op die swaardmag opeis, verval die individuali= teitstruktuur van die konstituerende state en is die samestellende komponente weerloos teen die magskolos wat hulle geskep het.[255] Die federasie word dus die sentrale beslissingsentrum wat geleidelik alle mag opeis sodat sy mindere samestellende komponente geen swaardmag sal hê om oorlog te voer nie.

Histories steun wêreldfederalisme op die Amerikaanse patroon en veral sedert die dertigerjare van die twin= tigste eeu is daar baie groepe wat die benadering propa= geer. Hiervan is die "United World Federalists"[256] en die "European Union of Federalists"[257], die belangrikste.

656/...

Sommige voorstanders wil selfs as die tyd ryp is die V.V.O. konstitusioneel omvorm om die wêreldfederasie te verwesenlik:

> ".....making use of the amendment processes of the United Nations to transform it into such a world federal government."[258], aldus Wilcox en Marcy.

Van kardinale belang bly egter die mate van soewereiniteitsinboedeling en polarisasie in struktu= rele vormgewing aan wêreldfederalisme. Een enkele wêreldfederasie stuit teen lewens- en wêreldbeskoulike verskille, geografiese realiteite en alle tipiese struktuurverwoestende momente van tussenstaatlike har= monie. 'n Hele aantal federale sentrums daarenteen kan oorlog bring tussen groter strukturele magsgroeperinge, waaraan alle konstituerende state teen wil en dank weens swaardmaginboedeling moet meedoen. Vanweë hierdie pro= bleme is streeksgroeperinge as alternatiewe strukturele voortrap tot politieke internasionalisme gepropageer.

4.4.3 Streeksgroeperinge

4.4.3.1 Inleiding

Die ontwikkeling van regionale organisasies, veral sedert 1945, is een van die mees kardinale verwikkelinge in kontemporêre internasionale verhoudinge.[259] Luns, as Nederlandse Minister van Buitelandse Sake, het die politieke toekoms van Wes-Europa só saamgevat:

> "If they do not want to imperil their future, they will have to realise that their future must be a shared one."[260]

Die voorstanders van streeksgroeperinge glo dat inter= nasionale vrede en harmonie gebou op regionale struk= ture -: "a small set of subglobal systems."[261], volgens Etzioni - die onontbeerlike voortrap tot 'n internasio= nale veiligheidsgemeenskap[262], aldus Deutsch, is. Etzioni skryf dienaangaande:

> ".....the rise of regional communities may provide a stepping-stone on the way from a world of a hundred-odd states to a world of a stable and just peace. Such an achievement seems to require the

657/...

establishment of a world political community."[263]

Die tussenstaatlike moet hiervolgens rus op regionale geografiese en/of militêre, en/of ekonomiese en/of politieke en ander gemeenskaplike lojaliteite wat nuwe tussenstaatlike strukture tot gevolg het. 'n Benaderring wat van die standpunt uitgaan dat konflik en chaos eweredig afneem met die vermindering van die getal deelnemende soewereine strukturele entiteite aan internasionale verhoudinge. 'n Strukturele getalsverabsolutering ten opsigte van ewewig en harmonie in die wêreldpolitiek.

Die term streeksgroepering is egter enigsins weersprekend in soverre 'n streek gangbaar met 'n afgebakende territoriale grondgebied in verband gebring word.

> "The very term region is imprecise," merk Mclelland, Olson en Sondermann op. "As recently as a generation ago, one would hardly have thought of the North Atlantic as a "region" or if he had, he would hardly have placed Turkey and Greece in it."[264]

Hoewel die geografie 'n belangrike stimulus is, skyn die "Leitmotiv" vir die ontstaan gemeenskaplike staatkundige kulturele, sosiale en politieke verbindingshomogeniteite te wees.[265] 'n Verdere probleem is die mate waarin die lede van 'n streeksgemeenskap soewereiniteit inboet.[266] 'n Integrasieproses wat enersyds die beslissingsfunksie van die globale streek raak, en andersyds bepaal word deur watter mate die ledestate bereid is om eindoordele aan die regionale owerheid af te staan.[267] Interstreeksamewerking is egter ook moontlik op die basis van wedersydse respek, eerbied en soewereiniteitbehoud. Tussenstaatlike vrede, soos Aranha opgemerk het, sal nie alleen deur die rekonstruering van tussenstaatlike funderende strukture meegebring word nie, maar deur die wedersydse agting van owerhede wat die tussenstaatlike strukture beman:

> "A new order cannot be created by cancelling the past achievements of human culture and civilization. Peace is a result; it cannot be a beginning any more than it can be an

658/...

end in itself."[268]

Daar is 'n enorme aantal faktore wat die regionale integrasieproses beïnvloed, maar ons gee vervolgens slegs aan die mees kardinale aandag.

4.4.3.2 Militêre Integrasie

Dreigende Russiese ekspansionisme teenoor Wes-Europa het die ontstaan van NAVO - 'n poging tot militêre pariteit deur die saambundeling van nasionale, maar as alleenstaande onbevoegde, militêre vermoëns tot gevolg gehad.[269] Hoewel die alliansie swaar steun op die heersende oorlogskaakmat en die kernsambreel van die V.S.A. vervul dit 'n kardinale rol om Wes-Europa polities teen die Kremlin en sy Warskouse militêre alliansie te borsweer. Generaal Collins stel dit onomwonde: "If freedom is to live, NATO must not die."[270], terwyl Spaak in sy ampstermyn as Sekretaris-Generaal van NAVO, skrywe:

> "At the most I should like only to state that NATO today seems to me to be every bit as essential as it was in 1949, and perhaps more so."[271]

Regionale vrees vir eksterne dominasie, militêre integrasie intraregionaal en eksterne bemoeienis uit vrees vir globale magsoorheersing stimuleer die militêre hulp deur supermoondhede. Militêre hulp van die groot moondhede word verder geïnspireer uit vrees dat die eweknie die streek kan inpalm wat onder meer die stigting van SVO, SOAVO en die Anzus-Pakt tot gevolg gehad het.[272] Militêre streeksgroeperinge bly daarom nie gebonde aan geografiese territoriale vas=legging nie, maar word ten diepste gedra deur lewens- en wêreldbeskoulike kampe in die tussenstaatlike.

As regionale voortrap tot die wêreldstaat beskik militêre streeksgroeperinge oor die ultima ratio - die swaardmag. Enersyds kan dit die bepaalde streek se soewereiniteit waarborg, maar as dit 'n supranasionale instelling word wat die soewereine swaardmag van sy samestellende komponente opeis, kan dit sonder slag of stoot 'n militêre owerheidsdiktatuur op die bepaalde

659/...

regionale struktuur afdruk. Bowendien is die kardinale kritiek teen kollektiewe sekuriteit ook hier geldig; sal die regionale militêre owerheid die hele streek in 'n oorlog dompel ten einde 'n mindere in die hiërargie van die konstituerende state te verdedig? Die plasing van die soewereiniteit oor die swaardmag is die krux van die saak. Gemeenskaplike verdedigingsbelange kan wel met soewereiniteitsbehoud struktureel vasgelê word. Regionale militêre diktature bring egter tussenstaatlike strukture op swaardmaggrondslag, en alleenlik deur die swaard sal die sterkste kan oorwin en regeer. Regionale integrasioniste sal die militêre stimilus dus in harmonie en balans met die ander motiveringsfaktore moet hanteer.

4.4.3.3 Ekonomiese Integrasie

Die strawwe tussenstaatlike ekonomiese magstryd en 'n poging om beter interstaatlike ekonomiese begrip en samewerking te veroorsaak, word beliggaam in ekonomiese regionale integrasie.[273] Ekonomiese beleid, die verdeling van energiebronne en grondstowwe, regionale monetêre stelsels en betalingsbalansprobleme moet op streeksgrondslag in algemene belang geplooi word. In *Hoofstad* van 1 Julie 1969 word Diederichs dienaangaande soos volg gerapporteer:

> ".....groter geleenthede vir belegging,
> beter benutting en toewysing van bronne,
> .....en verhoogde doeltreffendheid wat
> die gevolg is van spesialisasie, diversifi=
> kasie en nywerheidsaanvulling onder die lede."[274]

Die mees ambisieuse poging onder ekonomiese regiona= lisme is waarskynlik die Europese Ekonomiese Gemeen= skapsmark wat die Marshall-Plan, Benelux, Die Organi= sasie vir Europese Ekonomiese Samewerking en die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap as voorlopers gehad het.[275] "Unquestionably," skrywe Goodspeed, "the establishment of E.E.C. is one of the most challenging developments of post-war Europe."[276] Globaal het die Molotov-Plan in Oos-Europa[277], die Colombo-Plan in Suid- en Suidoos-Asië[278], die OAS in

660/...

Latyns-Amerika[279] en verskeie strukturele aaneen=skakelings in Afrika op ekonomiese faktore as integreringsbasis berus.

Die afplatting van die ekonomiese voorspoed en stygende lewensbehoeftes by die onderontwikkelde state sal owerhede in hulle internasionale verhoudinge in die toekoms noop tot groter ekonomiese hulp en wissel=werking. Dit hoef egter nie noodwendig die politieke integrasieproses te stimuleer nie. Die verabsolutering van die ekonomie is bowendien 'n vergestalting van die kommunistiese dialektiese materialisme. Die prole=tariaanse wêreldstaat kan dan verwesenlik word deur ekonomiese regionale strukture in die stryd tussen arbéider en kapitalis in te span.

4.4.3.4 Politieke Integrasie

Sedert die verval van Roomse universele kerkabsolutisme het die ideaal van 'n polities verenigde Europa bly voortleef. In die dertigerjare van die twintigste eeu het Herriot, Briand, Stresemann, Benes, Loebe, Siepel, Dollfuss en Amery wel deeglik gesinspeel op Pan-Europese samewerking.[280] Winston Churchill het in September 1946 te Zurich verwys na 'n:

> ".....kind of United States of Europe.....", want het hy gesê: ".....if it were generally and spontaneously adopted, would, as if by a miracle, transform the whole scene, and would, in a few years, make all Europe, or the greater part of it, as free and happy as Switzerland is today."[281]

Geïnspireer deur nuwe stukrag agter politiese motivering vir regionale strukture vind 'n kongres in Mei 1948 in Den Haag plaas. Daar het die volgende resolusie onder meer gedien:

> "European Union is no longer a Utopian idea but has become a necessity, and that it can only be established on a lasting basis if it is founded upon a genuine and living unity..... This true unity.....is to be found in the common heritage of Christian and other spiritual and cultural values and our common loyalty to the

> fundamental rights of man, especially freedom of thought and expression."[282]

Sedertdien het die Raad van Europa, die Europese Konvensie van Menseregte en die Nordiese Unie politieke en strukturele regionalisme in Wes-Europa bevorder.[283] In Oos-Europa het die Warskou-Verdragsorganisasie ook 'n Politieke Adviserende Komitee bevat. Politieke supranasionalisme word egter met ysere hand deur die Kremlin op sy satelliete gehandhaaf.[284] Politieke regionalisme is hier klaar omvorm tot 'n swaardmagdik= tatuur, omdat die maatskapsverkeer van gelykes nooit bestaan het nie, en verder gesanksioneer is deur die Brezhnev-doktrine.[285] In Latyns-Amerika het die OAS 'n belangrike interregionale vredeshandhawende taak verrig, omdat veral sedert die verklaring van Bogota (1948)die beginsel van geen inmenging in die soewe= reiniteit van ledestate konstitusioneel vasgelê is.[286] Pogings tot politieke regionalisme in Afrika word veral deur die OAE vergestalt. In die aanhef van die OAE-handves erken staatsleiers in Afrika dat hulle dit onderteken het:

> ".....aangevuur deur 'n gemeenskaplike vasberadenheid, om, in antwoord op die strewe van ons volke na broederskap en solidariteit in 'n groter eenheid, wat sal uitstyg bo etniese en nasionale verskille,'n beter verstandhouding tussen ons volke en samewerking tussen ons state te bevorder."[287]

In Afrika is nasionalisme nog aan die opmars en dit is hoogs onwaarskynlik dat streeksgroeperinge supra= nasionale lojaliteite sal meebring. Sekou Touré het die politieke emansipasie van Afrika so uitgedruk:

> "Europe can abandon the idea of sovereign nationhood today because it has outgrown the national stage of its history. We have not done that yet. This is the tragedy of our situation."[288]

Regionale politieke strukture skyn baie traag te wees om op politieke gebied internasionalisme te bevorder. State is nie bereid om tipiese politieke owerheids=

662/...

funksies deur 'n regionale politieke trust te laat beheer nie. Politieke regionalisme raak aan die karaktereie van die staatstruktuur en soewereiniteits= behoud, en as hier geen vordering gemaak word nie, bly regionalisme as drumpelpos tot die wêreldstaat slegs 'n ideaal wat op die periferie figureer. Eers wanneer regionale politieke streeksoewereiniteite bevestig is, kan streeksgroeperinge 'n eenheidsimpuls op politieke gebied na internasionalisme wees. Die owerheid is na alles die gewettigde draer van die swaardmag (verleende gesagsbevoegdheid) en by hom berus die eindoordeel of nasionale politieke soewereiniteit in 'n groter poli= tieke streeksgroepering moet opgaan.

4.4.3.5 Slotgedagte

Regionale strukturele samewerking, harmonie en insig word deur verskeie faktore gestimuleer.[289] Streek= samewerking op die maatskapsideë van gelyke deelnemers word ook geredelik meer aanvaarbaar - egter sonder die opsegging van strukturele staatsoewereiniteit. Regionale samewerking kan nie sonder meer gepaar word aan strukturele integrasie nie. Dat strukturele sub= stelsels vir die voorstanders van regionalisme 'n vereiste is in die hiërargiese strukturele rangorde; wat die wêreldstaat voorafgaan, blyk duidelik uit die geskrifte van Etzioni, Haas, Galtung[290] en andere. Dat die besliste gemeenskaplike belange van tussenstaat= like streke die normatiewe peilers en strukturele realiteite soos magsewewig sal neutraliseer, is onaan= vaarbaar. Gemeenskaplike streeksbelange, op die basis van erkenning en insig in wedersydse belange, sal as ideale regionale struktuur altyd in die weg staan van supranasionale streeksgroepringe.

4.4.4 Die Unitêre Struktuur

Die unitêre transformasiedenke word vergestalt in internasionale tussenstaatlike organisatoriese strukture as voortrap tot die wêreldstaat. Die daarstelling van internasionale organisasies om vrede te bewaar het vir baie eeue die gees van die mens besig gehou en in die

twintigste eeu kry die sogenaamde "institutionalisierten Staatengemeinschaft"[291] beslag in die Volkebond en die V.V.O. Vir Hula is dié ontwikkeling een van die bete= kenisvolste van die huidige era.

> "Die Bemühung der weltumfassenden Gemeinschaft der Staaten und Völker in konkreten Organisations= formen sichtbaren Ausdruck zu geben und sie als politische und rechtliche Einheit wirksam zu machen ist eines der bedeutsamsten Merkmale unseres Jahrhunderts."[292]

Toynbee daarenteen, soek na 'n goue middeweg in die strukturele plasing van soewereiniteit tussen nasionale staat en internasionale organisasie.[293]

Die Volkebond word die karikatuur van sy eie pogings tot swaardmagoorkoepeling, maar dit was desnieteenstaande geen remmende faktor vir die magtige toekomsperspektiewe wat oor die V.V.O. gekoester is nie. Met vredeshand= hawing as vernaamste doelstelling is die skepping van 'n unitêre swaardmag in die tussenstaatlike strukturele branding. By verskeie onweersones het vredestaakmagte van die V.V.O. met relatiewe sukses opgetree[294], en dit het die gedagte van 'n internasionale swaardmag onder V.V.O.-bestuur laat ontstaan. Lester Pearson sien daarin die stukrag agter internasionale sekuriteitshandhawing:

> "The early arrival of a United Nations force of this kind at a scene of emergency would give assurance to the fearful and hope to the despairing. It would act as the United Nations policeman and his watchdog."[295]

'n Nie-permanente taakmag in die V.V.O.-struktuur kan veel doen om vrede te bewaar. 'n Permanente swaardmag bestaande uit alle ledestate daarenteen; is die maklik= ste manier denkbaar om 'n internasionale allesdekkende swaardmagdiktatuur te verwerklik. Laasgenoemde gedagte bly egter 'n droombeeld omdat geen supermoondheid res= loos die onderdaan van 'n unitêre wêreldregering sal word nie. Du Preez skrywe dienaangaande:

> "Wie die oog vol verwagting op die nuwe V.V.O. en sy geestes- en geestelike kind Unesco vir die verwerkliking van die vrede rig, moet bedink

664/...

> dat hierdie nog uiters labiele organisasie uitsluitend lewe by die genade van 'n duur=same akkoord tussen die vier groot politieke magte, wat voorlopig allermins geneentheid vertoon om hulle skerp belangeteenstellinge te bemantel. Hy moet bedink dat selfs in die allergunstigste geval nog slegs 'n soort wêreldstaat verwerklik kan word, wat sal moet steun op die swaardmag van daardie moondheid wat daarin sal slaag om deur wapengeweld die ander te oorweldig."[296]

Organisatoriese universalisme op unitêre lees is die drumpelposte van 'n wêreldregering. Daardeur kan die V.V.O. die magtige Leviathan word wat as alleenbesitter van die swaardmag nasionale soewereiniteit opdoek en outomaties die owerheidsetel van 'n wêreldstaat vorm. Claude het egter dié internasionalistiese struktuursoeke gepas aan die kaak gestel:

> "The only military power that the United Nations can expect to acquire will be in effect, borrowed national power, ultimately subject to the disposition of the states that gene=rate and sustain it. Whatever else the United Nations may be and may become, it is not and cannot be a great power; the dream of conferring great power status upon it strikes me as a great delusion."[297]

Op politieke vlak volg die "One-Worlders" dus verskeie peilvakke tot die vergestalting van hulle magtige superstruktuur. Telkens word die soewereiniteit van die nasionale staat deur struktuuroorskryding verwoes. Op die gebied van die politieke pluralisme en funksiona=lisme word nog 'n belangrike struktuuraanslag deur die internasionaliste geloods.

4.5 Die Wêreldstaat deur Funksionele Eenheid

As geïnspireerde verlengstuk van die politieke pluralisme, wat die bestaan van staatsoewereiniteit ontken, word daar in die funksionele benadering volksoewereiniteit in wêreld=formaat aan die orde gestel. Die mensdom moet in vreedsame

665/...

koëksistensie deur universele eenheid lewe: ".....the same people, in the same times and from the same devotion to a common weal,"[298] aldus Mitrany. In *De Crisis der Humanistische Staatsleer* skrywe Dooyeweerd:

> "Hoezeer de politieke pluralisten ook onderling in hun beschouwingen mogen uiteenlopen, op dit ééne punt zijn zij het onderling eens, dat de eenheid van het staatsverband moet worden opge= lost in een federalisme van onderling onaf= hankelijke syndicaten of coporaties, die, ieder een bepaalden tak van publieke diensten administreerd, voor het bijzonder belang van hun dienst hebben op te komen."[299]

Wessels koppel dié pluralisme aan tussenstaatlike funksio= nele universalisme in die woorde:

> "So sien die voorstanders van hierdie rigting - net soos die gilde-sosialiste en pluralistе dit in die nasionale staat doen - die wêreld= orde as 'n konglomeraat van die individue in hulle onderskeie belangegroeperinge, d.w.s. beroeps- of groepsmatig."[300]

Omdat belangegroeperinge universeel deursny, word dit 'n korporatiewe ordening in 'n wêreldomvattende staat, geïnspireer deur die internasionale aaneenskakeling van daaglikse arbeid.

> "In the present state of the world," skrywe die bekendste voorstaander, Mitrany in 1930:
>
> "relations between independent states must in fact be organised on functional rather than on territorial lines; ....."[301]

In 1971 noodsaak die gevaar van 'n kernkatastrofe des te meer volgens Mitrany 'n funksionele wêreldstaat:

> ".....our nuclear prowess may be putting Olympian thunderbolts within the reach of Calibans."[302]

In *A Working Peace System* bepleit Mitrany die geleidelike vervaging van nasionale grense[303] deur wêreldaansluiting op haas elke lewensterrein - kerklik, esteties, ekono= mies, akademies, klerke, boere en regsgeleerdes.[304] Die eenheid van die staatsverband moet disintegreer in 'n

666/...

funksionalisme van onderlinge onafhanklike sindikate wat op die grondslag van daaglikse arbeid na internasionalisme streef.

> "If one were to visualize a map of the world showing economic and social activities," skrywe Mitrany: "it would appear as an intricate web of interests and relations crossing and recrossing political divisions - not a fighting map of States and frontiers, but a map pulsating with the realities of everyday life. They are the natural basis for international organizations: and the task is to bring that map, which is a functioning reality, under joint international government, at least in its essential lines. The political lines will then in time be overlaid and blurred by this web of joint relations and administrations."[305] (onderstreep L.D.B.)

Tegniese, ekonomiese en sosiale lewensaktiwiteite vorm dus vir Mitrany 'n nasionaal-transenderende tussenstaatlike gesagstruktuur. Kommunitatiewe omvorming van "Gesellschaft" na "Gemeinschaft" want die funksionalisme is immanent in die evolusionêre tussenstaatlike strukturele ontwikkeling; funksionele transendering van die nasionale aspirasies van die verskillende volkshuishoudings.

Haas kritiseer Mitrany dat hy die magsfaktor in die funksionalisme verpas[306], maar in *Beyond the Nation-State* bepleit hy self die geleidelike integrasie van funksionele koppelings:

> "Integrative lessons learned in one functional context will be applied in others, thus eventually supplanting international politics."[307]

Ook Haas koppel funksionalisme aan beroepsegoïsme:

> "Dairymen in Peru, in Denmark, in Eiere and in Holland are more likely to have the same political interests than steelworkers, clothing manufacturers and streetcar conductors living in the same community."[308]

Sentraal in Haas se funksionele benadering is die soge= naamde "spillover"-konsep. Dit impliseer dat persone wat ondervinding van supranasionale funksionalisme het, sterk voorstaanders van funksionele integrasie in ander

667/...

sektore word.

> "Earlier decisions spillover into new functional contexts, involve more and more people, call for more and more inter= bureaucratic contact and consultations, meeting the new problems which grow out of the earlier compromises."[309], skets Haas die vir hom logiese funksionele ekspansie.

Die funksionele kosmopolitisme verteenwoordig die same= snoering van korporativistiese diktature in wêreldformaat. Die daaglikse arbeid word die "Leitmotiv"; daarom pas die stelreël van die kommunisme: ".....de arbeider heeft .....geen vaderland....."[310], uitnemend in die funksionalis= tiese struktuur. Haas koppel dan ook die dialektiese materialisme van die arbeidermassas aan funksionalistiese ideale met die woorde:

> "The redirection of loyalties is crucial here because it is expected to yield a community of sentiments and loyalties, which, in turn, is conceived as a psychological prerequisite for political federation. Functionalists, then, work with a terminal concept of immanent community much as Marxists use the notion of the classless society."[311]

Funksionele pluralisme is staatsnegerend:

> "Het staatkundig pluralisme is in wezen een staats-nihilisme, in zoverre het, althans in beginsel, de zinstructuur van het staatsverband volledig ter zijde stelt."[312], aldus Dooyeweerd.

Funksionele beroeps- en belangegoïsme rus op die vreedsame belang van die mensheid wat die wêreldstaat van korpora= tivistiese diktature moet bring. 'n Toenemende materia= listiese wêreldburgery kan die winste van universele funksionele volksoewereiniteit aantreklik vind weens die bedingingsvermoë van internasionalistiese beroepsgroepe wat sal groei tot 'n universalistiese pasifisme waarin nasionale grense verpas is. Dan het ons egter wêreldchaos,

668/...

want die vreedsame bestaan van arbeider-geïnspireerde groeperinge langs mekaar, in die plek van nasionale state, is 'n illusie wat tussenstaatlike vrede op drogstrukture bou. Bowendien het alle binnestaatlike korporativisme tot dusver feitlik sonder uitsondering sterk aangeleun op diktature, soos Fascisme, Stalinisme en Salazarisme onder andere bewys lewer.

4.6 Samevatting

Die eeue-oue visioene oor 'n wêreldstaat het steeds vandag fanatiese aanhangers - eskatologiese vergesigte van humanis= ties-ontwortelde intelligentsia. Getuigend van die wispelturigheid van die verabsoluteerde menslike rede word die internasionalistiese struktuur telkens deur 'n ander oriënterende lanseerbaan geloods.[313] As struktuurskepping om die mag van nasionale state te temper ontstaan 'n enkele Leviathan wat geen balanserende magseweknie het nie, en daarom ongehinderd 'n swaardmagdiktatuur kan handhaaf. Tussenstaatlike pariteit en harmonie sal nie deur 'n monistiese beherende struktuur verwerklik word nie; vanweë die feit dat geen politieke entiteit bevoeg sal wees om die wêreldregering se owerheidstaak te kontroleer nie. Die internasionale struktuuromvorming - magsbeperkend gemoti= veer - word 'n karikatuur, omdat die beoogde superstruk= tuur 'n toring van Babel sal wees met onbelemmerde mags= vermoëns.

Die vraagstuk van die konstitusionele basis bied ook ernstige probleme.[314] 'n Demokrasie sal die Rooi Sjinese waarskynlik laat koning kraai ('n regeringsvorm wat hulle self nie eers hanteer nie) en die toekenning van aktiewe kiesreg aan die ganse mensdom met sy hiërargiese stand van sake ten opsigte van beskawingsmondigheid kan klassestryd stimuleer. Die globale handhawing van ewewig en harmonie stuit bowendien ten diepste op religieuse verdeeldheid wat nie deur strukturele aaneenskakeling uit die weg geruim sal word nie. Die norme van die religieuse denkklimaat is struktuurbepalend en nie <u>vice versa</u> nie. Die mensheidsoewe= reiniteit van die wêreldstaat bly die humanistiese ideaal van enkelinge wat nooit die Skeppersgewilde differensiasie sal ophef nie. God is soewerein, ook op internasionale

terrein, en daarom moet owerhede hulle nasionale roeping volgens sy bestel vervul, en nie bou aan 'n moderne toring van Babel, die wêreldstaat, nie.

5 ORIëNTERENDE SLOTGEDAGTES

Die beperking van die mag van state deur strukturele manipulasie verteenwoordig een van die belangrikste strominge in internasionale verhoudinge. In die milieu van 'n vergelde magsvakuum is die skepping van 'n onaantasbare superstruktuur egter geen oplossing nie, omdat daar dan geen ewewigshandhawende eweknie meer is nie. Die afweging van 'n veelheid strukture wat in pariteit ewewigtig fungeer, is die mees aanvaarbare struktuurordening om magstrukture deur mekaar en teen mekaar in harmonie te laat opereer. Met die totale afwesigheid van 'n hoëre regshandhawende struktuur moet die deelnemende komponente antinormatiewe handelinge deur magsewewig op veelpolige basis aan bande lê. Dit is ook in ooreenstemming met die gedifferensieerde religieuse denkklimaat waaruit 'n veelheid nasionale state as die onderliggende struktuurordening van die wêreldpolitiek voortgespruit het. Vervolgens word die aandag op normatiewe begrensinge op staatsmag toegespits, in watter verband juridiese beperkings eerste aan die orde kom.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK VII

1. Aangehaal in Vagts, A., The Balance of Power: Growth of an Idea, World Politics, Vol. 1, nr. 1, 1948, p.83. Mags= balans is 'n term wat algemeen in die wêreldpolitiek aan= gewend word, maar tog mank gaan aan deeglike begrip weens 'n oordosis van definisies. Vgl. Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.12; Carleton, W.G., Ideology or Balance of Power, in Hartmann, F.H., (red.) World in Crisis, Op.cit., pp.213-219; Haas, E.B., The Balance of Power: Prescription, Concept or Propaganda? in Coplin W.D., Kegley, C.W., (Jr.) A Multi-Method Introduction to International Politics, Op.cit., pp.312-332; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Contending Theories of International Relations, Op.cit., pp.31-32.
2. Vgl. Padelford, N.J., Lincoln, G.A., The Dynamics of Inter= national Politics, Op.cit., pp.296-298; Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.25. "Any consideration of the significance of the balance of power in the theory of international relations must include careful attention to the works of Hans, J. Morgenthau, perhaps the most important figure in contemporary thought on this subject"; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.305; Robertson, C.L., International Politics Since World War II, Op.cit., pp.5-12.
3. Vgl. Buchan, A., A World Restored? Foreign Affairs, Vol. 50, nr. 4, Julie 1972, p.644.
4. Vgl. Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.13; p.12: ".....", the phrase balance of power might be regarded as a cliché in the literature of international relations - a standard expression, ... Balance of power is to writers on international relations as "a pinch of salt" is to cooks, "steller southpaw" to baseball writers, and "dialectical materialism" to Marxist

theoreticians."

5. Vgl. Aron, R., Peace and War, Op.cit., p.125

6. Aangehaal in Waltz, K.N., The Modern Balance of Power: Duopoly at the Top, in Duchacek, I.D., (red.) Discord and Harmony, Op.cit., p.330.

7. Vgl. Schiffer, W., The Idea of Collective Security, in Larus, J., (red.) From Collective Security to Preventive Diplomacy, Op.cit., pp.187-202; Schleicher, C.P., Introduction to International Relations, Op.cit., p.121. "In essence it is an arrangement among sovereign states in which each member promises, under certain specified conditions, to come to the aid of any member menaced or attacked by another member of the system"; Wolfers, H., Collective Security and the War in Korea, Op.cit., p.481. "...., power poli= tics we are told, have been replaced by police action of the world community."

8. Aangehaal in Stromberg, R.N., The Idea of Collective Secu= rity, in Larus, J., (red.) Op.cit., p.274.

9. Vgl. Wilson, W., Two Addresses, in Seabury, P., (red.) Balance of Power, Op.cit., pp.142-143.

10. Vgl. Stromberg, R.N., Op.cit., p.273.

11. Vgl. Armstrong, H.F., Power Politics and the Peace Machinery, Foreign Affairs, Vol. 14, nr. 1, Oktober 1935, p.9. "The conception of a peace system based on the collective action of states which prize full sovereignty but which partici= pate in an assembly possessing real legislative powers (.....) rests on irreconcilable contradictions".

12. Vgl. Jessup, P.C., International Security. The American Rôle in Collective Action for Peace, Council on Foreign Re= lations, New York, 1935, p.116.

13. Vgl. Lasswell, H.D., World Politics and Personal Insecurity, p.237. "The prerequisite of a stable order in the world is a universal body of symbols and practices sustaining an elite which propagates itself by peaceful methods and wields a monopoly of coercion which it is rarely necessary to apply to the uttermost.", aangehaal in Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.223;

Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.483; Briggs, H.W., The Problem of World Government, The American Journal of International Law, Vol. 41, 1947, pp.109-112; Herz, J.H., International Politics in the Atomic Age, Columbia University Press, New York, 1959, pp.96-108; Van Dyke, V., International Politics, Op.cit., pp.494-496; Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, Op.cit., pp.36-136; Boulding, K.E., Conflict and Defense, Harper and Row, New York, 1963, wat op p.340 aantoon dat eensydige nasionale verdediging louter kranksinnigheid is -: "....unless we abandon it, however, I believe we are doomed."

14. Vgl. Toynbee, A.J., Die Menschheit im Atomzeitalter, Universitas, Jg. 24, nr. 1, Januarie 1969, p.6. Elders dui Toynbee daarop dat die staatkunde glad nie by die pas van tegnologiese ontwikkeling kon byhou nie, wat op sy beurt weer die gevolg van nasionale stateverskille is. Vgl. Toynbee, A.J., Die Menschheit im Jahre der Mondlandung - Die Technologie und die Weltpolitische Entwicklung, Universitas, Jg. 24, nr. 9, September 1969, pp.905-910.

15. Vgl. Röling, B.V.A., Überleben: eine neue Wissenschaft - die Friedensforschung und die heutige Situation, Op.cit., p.912; Voegelin, E., World-Empire and the Unity of Mankind, International Affairs, Vol. 38, nr. 2, April 1962, pp.176-188; Huber, H., Die Heutige weltpolitische Einheit der Erde, Universitas, Jg. 24, nr. 10, Oktober 1969, pp.1017-1030.

16. Vgl. Niebuhr, R., The Illusion of World Government, in Hartmann, F.H., (red.) World in Crisis, Op.cit., p.180.

17. Aangehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.163.

18. Vgl. Brandt, W., The Means Short of War, Foreign Affairs, Vol. 39, nr. 2, Januarie 1961, p.205; Hoffmann, S., Weighing the Balance of Power, Foreign Affairs, Vol. 50, nr. 4, Julie 1972, p.618. "As long as the world remains a contest of actors without any supranational force, the ambitions of troublemakers have to be contained by the

power of the other states; ....."

19. Vgl. Schwarzenberger, G., Towards the Climax? Genesis and Compression of the International Oligarchy, Op.cit., p.385. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.110. "The evolution of the international aristocracy has been paral= leled by the growth of an international oligarchy from its ranks. The powers which, at any time, belong to this inner ring exercise supreme control over international affairs. Each of these States considers itself entitled to concern itself with any major issue of an international character, irrespective of whether it directly affects its own inte= rests or not."

20. Vgl. Schwarzenberger, G., Towards the Climax? Op.cit., pp.385, 386-391.

21. Vgl. Penrose, E.F., The Revolution in International Rela= tions. A Study in the Changing Nature and Balance of Power, Cass and Company, London, Eerste Uitgawe,1965, pp.23-26. Vir Morgenthau is die rol van ideologie in magsbalans: "potentially inherent in its very essence". Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.207.

22. Vgl. Lerche, C.O., Said, A.A., Concepts of International Politics, Op.cit., pp.514-517; Aron, R., Peace and War, Op.cit., pp.128-140; Liska, G., International Equilibrium: A Theoretical Essay on the Politics and Organization of Security, Harvard University Press, Cambridge, 1957, pp.14-16.

23. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.161-171.

24. Vgl. Wright, Q., A Study of War, Op.cit., p.228.

25. Vgl. Haas, E.B., The Balance of Power, Op.cit., pp.316-317. Die waarde van 'n Oosterse magsbalans is deur President Theodore Roosevelt besef en na die Russies-Japannese Oorlog (1905) skrywe hy op 16 Junie 1905 aan senator Henry Cabot Lodge: "While.....Russia's triumph would have been a blow to civilization, her destruction as an eastern Asiatic power would also in my opinion be unfortunate. It is best

that she should be left face to face with Japan so that each may have a moderating action on the other.", aangehaal in Morgenthau, H.J., A New Foreign Policy for the United States, Op.cit., p.193.

26. Vgl. Haas, E.B., The Balance of Power, Op.cit., pp.317-318.

27. Vgl. Ibid., pp.318-319; Spykman, N.J., America's Strategy in World Politics, Op.cit., pp.21-25.

28. Vgl. Haas, E.B., The Balance of Power, Op.cit., p.319.

29. Vgl. Ibid., pp.319-320.

30. Die Franse filantroop, Jean J. Rosseau, het die natuurwet= matige eie-aard van magsbalans só uitgedruk: "The balance existing between the power of these diverse members of the European society is more the work of nature than of art. It maintains itself without effort, in such a manner that if it sinks on one side, it reestablishes itself very soon on the other..... . This system of Europe is maintained by the constant vigilance which observes each disturbance of the balance of power." Vgl. Rousseau, J.J., Extrait du projet de paix perpetuelle de M.l'abbé de Saint-Pierre, aangehaal in Ibid., p.321. (In die kader val ook die or= ganiese staatsgedagtes van die geopolitieke denkskool)

31. Vgl. Ibid., p.320. "Power, politics of pure power, Realpolitik, and the balance of power are here merged into one concept, the concept that state survival in a competi= tive international world demands the use of power uninhi= bited by moral considerations."; Brandt, W., The Means Short of War, Op.cit., p.196. "....., nations now are seeking new rules for the "game" of international power politics."

32. Vgl. Haas, E.B., The Balance of Power, Op.cit., pp.323-326. In die teks van 'n Anglo-Spaanse Verdrag van 18 Julie 1713 staan daar onder meer: "Our liberty and our welfare depend on the greatest possible division and on a just balance of power among the princes of Europe: the British nation can and must maintain, and if need be, enclose the powers within the limits in which they find themselves today. She must make alliances with the princes who, for their own

preservation, are interested in preventing the aggrandize= ment of others intending the eventual attack upon Great Britian." Vgl. Ibid., p.325. Spykman het dieselfe in gedagte gehad met die woorde: "He who plays the balance of power can have no permanent friends. His devotion can be to no specific state but only to balanced power. The ally of today is the enemy of tomorrow.", aangehaal in Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.302. So aange= wend word aan mag 'n oorheersende posisie bo ideologiese assosiatiewe groepsvorming toegeken.

202. Aangehaal in Goodspeed, S.S., Op.cit., p.615. Vgl. verder Hawthrey, R.G., Help Between Nations, International Affairs, Vol. XXIV, nr. 2, April 1948, p.168. "The nationalism which is the bane of international relations in the twen= tieth century is a manifestation of the international anarchy."; Toynbee, A.J., Weltgesellschaft und Weltsi= tuation Heute, Op.cit., p.235. Einstein het ook state= soewereiniteit in gedagte gehad met die opmerking: "In relations among nations complete anarchy still prevails. I do not believe that we have made any real progress in this area during the last few thousand years." Vgl. Einstein on Peace, aangehaal in Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.210. Einstein beweeg hier baie duidelik buite sy professionele sfeer met die koppeling van anargie aan absolute soewereiniteit. Geen staat kan in volkome isolasie bestaan nie, maar inter= nasionale begrip en samewerking impliseer geensins die af= legging van soewereiniteit nie.

203. Vgl. Radhakrishnan, S., Die heutige Weltsituation und der Weg der Menschheit in der Gegenwart, Universitas, Jg. 21, nr. 9, September 1966, p.897.

204. Vgl. Pearson, L.B., The Four Faces of Peace, Referaat by die ontvangs van die Nobelprys vir Vrede in Oslo op 11 Desember 1957, in Haberman, F.W., (red.) Peace, Vol. III, Elsevier Company, Amsterdam, 1972, p.137; Luther King, M., Die heutige Weltsituation und der Weg zum Frieden,

Universitas, Jg. 22, nr. 2, Februarie 1967, p.121. "Wenn also der moderne Mensch weiterhin, ohne zu zaudern, mit dem Gedanken eines Krieges spielt, wird er seine irdische Heimat in ein Inferno verwandeln, wie es sich selbst Dante nicht vorstellen konnte."

205. Vgl. Toynbee, A.J., Die heutige Einheit der Menschheit und die Weltprobleme der Gegenwart, Op.cit., p.451. Die doel=matigheid waarmee 'n wêreldparlement chaos in orde kan omskep word deur Reves met groot vertroue in The Anatomy of Peace uiteengesit. "We.....know that, irrespective of the immediate and apparent causes of conflict among warring groups, these causes ceased producing wars and violent con=flicts only through the establishment of a legal order, only when the social groups in conflict were subjected to a superior system of law, and that, in all cases and at all times, the effect of such a superior system of law has been the cessation of the use of violence among the pre=viously warring groups." Aangehaal in Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.216.

206. Vgl. Toynbee, A.J., Die heutige Einheit der Menschheit und die Weltprobleme der Gegenwart, Op.cit., pp.455-456.

207. Vgl. Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, Op.cit., p.101. "Ze verklaren het openlijk, dat hun doeleinden slechts bereikt kunnen worden door de gewelddadige onder=stebovenkering van heel de tot nu toe bestaande maat=schappij-ordening. Dat de heersende klassen sidderen voor een communistische revolutie!"; Du Plessis, J.A., Die Kommunisme as Ideologiese en Internasionale Magsfaktor, Referaat by Simposium oor Internasionale Politiek, Pot=chefstroom, 21 Augustus 1970; Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, Op.cit., p.89. Ten spyte van die felle a-na=sionale grondslae van die kommunisme lui die eed wat elke jong Rus by intrede tot die weermag moet aflê onder meer soos volg: "I will always be ready on the order of the Soviet Government, to defend my homeland, the Union of Soviet Socialist Republics, and, as a member of the armed forces, I swear to defend it with courage,skill, dignity

and honor, not sparing my blood nor my very life to achieve complete victory over the enemy." Vgl. Galay, N., Soviet Youth and the Army, p.14, aangehaal in Botha, H.W.J., Die U.S.S.R. as Totalitêre Staat. ('n Kontemporêre Studie: 1958-1966) Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1969, pp.89-90. Soos Stalin na die inval (Barbarossa) in die Tweede Wêreldoorlog, steun die ganse Russiese militêre burokrasie op nasionaal-ge=oriënteerde swaardmag —militêre diktatuur waarsonder die Kremlin-diktatuur nie in stand gehou kan word nie.

208. Vgl. Trotsky, L., The Bolsheviki and World Peace, in Sea=bury, P., (red.) Balance of Power, Op.cit., p.147. "The old mole of history is now digging its passageways all too well and none has the power to stop him."

209. Vgl. Aspaturian, V.V., Soviet Foreign Policy at the Cross=roads: Conflict and/or Collaboration?, in Aspaturian, V.V., (red.) Process and Power in Soviet Foreign Policy, Op.cit., pp.920-921. ".....Soviet ideology has assumed a new function..... . It now functions to legitimize Moscow's behaviour as a global power, i.e. a power which asserts a right to intervene in any dispute or conflict in any part of the globe. While the Soviet leaders have abjured ideology as a normdefining mechanism, they have by no means abdicated their self-appointed role as the guardian and spokesman of the oppressed masses of the world against international imperialism."; Venter, E.A., Fascisme, Kommunisme en Calvinisme, Op.cit., pp.183-184.

210. Vgl. Corbett, P.E., World Government - In Whose Time? International Affairs, Vol. XXV, nr. 4, Oktober 1949, p.428.

211. Vgl. Meeter, H.H., Het Calvinisme, Op.cit., p.134; Brouwer, B.J., De Goddelijke Wet voor het Samenleven der Volken, Antirevolutionaire Staatkunde, Jg. 31, nr. 9, September 1961, pp.251-257.

212. Vgl. Kock, P. de B., Die Plek van die Nasionale in die Wys=begeerte van die Wetsidee, Koers, Deel 8, nr. 6, Junie 1941. Volgens Kock moes die mens die kultuurtaak aan Abraham op=gedra as 'n eenheid aanpak. Deur die sonde slaag hulle

egter nie daarin nie, en daarom die Goddelike ingrype by Babel en die gevolglike gewelddadige skeiding tussen die "nasies."

213. Vgl. Meeter, H., Op.cit., pp.134-135. P. de B. Kock is die mening toegedaan dat al was die wêreld ook sondeloos (sonder die val by Babel) en al sou die verbrokkeling nooit ingetree het nie, sou die mens in intieme wisselwerking met sy omgewing geleef het, en omdat dít verskil van plek tot plek, sou daar kultuurdifferensiasie wees. "Om al hierdie redes lyk dit vir my 'n heeltemal verdedigbare stelling dat die taak van onderskeie nasies reeds in Gods skeppingsordinansies verankerd lê." Vgl. Kock, P. de B., Die Plek van die Nasionale in die Wysbegeerte van die Wetsidee, Op.cit., p.236. Dit is in ooreenstemming met die standpunt van Stoker: "God het in Sy skepping verskeidenheid gelê..... . Hy het selfs die verskil van volke, nasies en tale, elk met 'n eie roeping, bestierend gewil." Vgl. Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, Op.cit., pp.221-222; Vgl. ook Kock, F.A., 'n Paar gedagtes oor Nasionale Kultuur, Die Gereformeerde Vaandel, Deel VII, nr. 8, Augustus 1939, pp.233-234. "Die Calvinis aanvaar dus in hierdie verband die beginsel van veelvormigheid, van variasie in die natuur, as 'n openbaring van die rypheid van Gods handewerk; en daarom glo hy dat die bestaan van verskillende volkere nie produk is van die verwoestingswerk van die sonde nie, maar dat dit produk is van die reserverende Voorsienigheid van God, en openbaring van die veelkleurige rykdom van Gods handewerk." Die veelheid van nasies kan die Calvinis dus handhaaf as 'n Godgewilde selfstandigheid binne die tyd en in 'n sondegebroke wêreld.

214. Vgl. Strauss, H.J., Calvinistiese Volksbeskouing, Die Gereformeerde Vaandel, Deel XV, nr. 4, April 1947, p.11; Stoker, H.G., Iets oor Kultuur en ons Kultuurstryd, Die Gereformeerde Vaandel, Deel V., nr. 7, Julie 1937, pp.204-206.

215. Vgl. Dooyeweerd, H., Vernieuwing en Bezinning, Op.cit., p.79.

216. Vgl. Heemskerk, J.W., Het Phenomeen "Ras", Philosophia Reformata, Jg. 23, 4e Kwartaal, 1958, p.145. "Een pheno= meen, hetwelk zich zo krachtig, gelijk dit, aan ons in de naïeve ervaring opdringt en daarin bepaaldelijk ook zekere geemotioneerdheid opwekt, moet ook vooreerst van daaruit worden aangevat.", verder pp.149-163.

217. Vgl. Du Toit, N., 'n Wysgerige Ontleding van die Struktuur van die Christelike Skool, Opvoeding en Onderwys, Ongepubli= seerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1971, p.128.

218. Vgl. Strauss, H.J., Christelik-Nasionaal en C.N.O., Op.cit., p.8; Kotzé, D.N., Die Christen en sy Vaderland, Koers, Deel 2, nr. 6, Junie 1935, p.21.

219. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Ver= houdinge - Humanisties en Christelik, Op.cit., p.15. "Ons aanvaar 'n stateveelheid as die gevolg van 'n volkereveel= heid. Terselfdertyd handhaaf ons dat die sondeval juis die volkereveelheid oproep en kontinueer."

220. Vgl. Röling, B.V.A., Überleben: eine neue Wissenschaft - Die Friedensforschung und die heutige Situation, Op.cit., p.912.

221. Aangehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.500. Vgl. verder Ferreira, L.J., Transformasie as Teoretiese Benadering vir 'n Wêreldstaat, Op.cit., pp.50-57. In die aanvangsjare was UNESCO dikwels mank aan 'n taak en doel en is daar dikwels na verwys as: ".....that organization in search of a purpose." Vgl. Dex= ter, B., Yardstick for Unesco, Foreign Affairs, Vol. 28, nr. 1, Oktober 1949, p.56.

222. Vgl. Wright, Q., A Study of War, Op.cit., pp.78-79.

223. Vgl. Ridderbos, H., The Unity of the Church, Referaat by die Vyfde Internasionale Gereformeerde Kongres, Nederland, Augustus 1964. Reeds in 1964 was dit duidelik dat die In= ternasionale Gereformeerde Kerke aanklank by die ekumeni= teit van die Wêreldraad gevind het. Vgl. Nauta, D., World Alliance of Reformed Churches, International Reformed Bulle= tin, Jg. 7, nr. 19, Oktober 1964, p.11. "From the above

it already appears that the World Alliance of Reformed Churches does not remain aloof from the World Council of Churches. On the matter of ecumenicity the general mee= ting has issued a declaration to the effect that the World Alliance wishes to work in the closest possible cooperation with the World Council of Churches..... . The churches are also recommended actively to participate in the work of the World Council of Churches. In general the churches are urged to work together with other churches wherever the opportunity presents itself and at the local level to strive zealously to bring to manifestation the catholicity of the Church."

224. Vgl. Luther King, M., Die heutige Weltsituation und der Weg zum Frieden, Op.cit., p.121.

225. Vgl. Bingle, E.J., The World Council of Churches, World Affairs, Vol. 3, nr. 1, Januarie 1949, p.87.

226. Vgl. Bavinck, J.H., De Gereformeerde Kerken en de Wêreld= raad, Die Gereformeerde Vaandel, Deel. XVIII, nr. 6, Desember 1950, p.14.

227. Vgl. Bingle, E.J., Op.cit., pp.93-96; p.95: "The churches must concern themselves with attacking the causes of con= flict and securing the rule of law between nations."

228. Vgl. Van Wijk, A.J. (e.a.) Die Ekumene, Kosmo-Uitgewery, Stellenbosch 1964, pp.58-59.

229. Aangehaal in Vorster, J.D., Wêreldraad of Wêreldse Raad? Die Kerkbode, Jg. 123, nr. 20, 19 Mei 1971, p.691. Vgl. verder Van Teylingen, E.G., Observations about New Delhi, International Reformed Bulletin, Jg. 5, nr. 10, Julie 1963, pp.2-7.

230. Vgl. Van Niekerk, F.N., Die Wêreldraad van Kerke Waarheen? Môrester Drukkery, Potgietersrus, Datum Onvermeld, p.50; Schrotenboer, P.G., Motives for Ecumenism, p.20, aangehaal in Ferreira, L.J., Op.cit., p.57; Zuidema, S.U., Op de Tweesprong. De Gereformeerde Kerken en de Wêreldraad van Kerken, Wever, Franeker, 1964, p.79. ".....dat het re= sultaat enkel kan zijn een nieuw denominationalisme, dat van zichzelf waant dat door deze waan zowel arrogant als

absolutistisch, onverdraagsaam als imperialistisch is."; p.114. "Want de Wêreldraad is een machtorganisatie van de zwaarste soort."; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.6. "An international ideology is the keystone of the shared values represented by religious groups in many countries."

231. Vgl. Van der Walt, S.J., Die Sogegenaamde Ekumeniese Teologie agter die Wêreldraad van Kerke, Intreerede as Hoogleraar, Gepubliseer in Koers, Deel XXX, nr. 1-2, Julie-Augustus 1962, p.113.

232. Vgl. Zuidema, S.U., Op de Tweesprong, Op.cit., p.112. "Dit nu is de nieuwe antithese van de zijde van de Wêreld= raad. Hij strijd tegen elke Kerk, die de Wêreldraad niet als de crisis der kerken aanvaardt, en zeker tegen elke kerk en elke christen, die de theologie van de Wêreldraad als een theologie naast andere theologieën en op cardinale punten als een voortzetting van vroegere heterodoxe theologieën meent te moeten afwijzen en bestrijden, omdat zij in strijd is met "het geloof, dat eenmaal aan de heili= gen overgeleverd is." Hij strijd tegen elke kerk en elke christen, die de Wêreldraad vooral daarom zulk een gevaar= lijk verschijnsel sindt, omdat hij zichself bovenpartijdig en bovenkerkelijk acht en zich daarmee in z'n partijdigheid en historisch "ordinaire" standpuntkeuze(n) de rol van ge= weten en opvoeder toemeet, zonder zelf onder censuur te staan, en zonder te vragen naar de opvoeding van zichself als opvoeder." (onderstreep - L.D.B.)

233. Aangehaal in Ferreira, L.J., Op.cit., p.51.

234. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.503.

235. Vgl. Egbert, D.D., Social Radicalism and the Arts, Alfred A. Knopf, New York, Eerste Uitgawe, 1970, p.714, pp.533-534.

236. Aangehaal in Teurlinckx, A.A.F., Nasionale Kuns en Nasio= nale Kunsgeskiedenis, Intreerede as Hoogleraar aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1 September 1971, p.9.

237. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.503. In die verband het Philip C. Jessup opgemerk:

"Civil war, revolution, mob violence are more frequent manifestations of man's unruly and still savage will than are wars between states." Aangehaal in Claude, I.L., (Jr.) Power and International Relations, Op.cit., p.222. Vgl. ook Wright, Q., A Study of War, Op.cit., p.347. "Civil wars such as the French Huguenot wars of the six= teenth century, the British War of the Roses of the fif= teenth century and the Civil War of the seventeenth century, the Thirty Years' War from the standpoint of Germany, the Pensinsula War from the standpoint of Spain, the American Civil War, and the Chinese Taiping Rebellion were costly both in lives and in economic losses far in excess of contemporary international wars."

238. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.502.

239. Vgl. Van der Walt, J.P., Prinsipiële Kritiek op die Sosiale Studies, Koers, Deel XXVII, nr. 12, Junie 1960, p.346; Dexter, B., Unesco Faces two Worlds, Foreign Affairs, Vol. 25, nr. 3, April 1947, pp.388-389.

240. Unesco wou die kinders van die wêreld so opvoed dat as hulle opgegroei het, daar geen toevlug tot oorlog sal wees nie. Vgl. Dexter, B., Yardstick for Unesco, Op.cit., pp.64-65; Sales, R.H., Unesco: A Communist Conspiracy? p.6, aangehaal in Ferreira, L.J., Op.cit., p.55, verwys na 'n Unesco-atlas met die doel om te: ".....summarize the splendours of the earth; and when later on the child be= gins the study of national geography, he would be already partly immunized against an exaggerated sense of the impor= tance and beauty of his own country, that is to say, against that error of perspective which is at the root of jingoism and nationalism." Beginsels is nooit uit die vaderlandse bodem afleibaar nie, maar die gemeenskaplike territoriale lewensruimte is die trots van iedere getroue staatsburger.

241. Aangehaal in Ferreira, L.J., Op.cit., p.55.

242. Vgl. Curtis, L., World Order, International Affairs, Vol. XVIII, nr. 3, Mei - Junie 1939, p.308; p.307. "Now, as then, compacts between sovereign States are foundations

of sand."

243. Vgl. Dexter, B., Yardstick for Unesco, Op.cit., p.63.

244. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik , Op.cit., p.12.

245. Vgl. Strauss, H.J., Die Beskawings- en Politieke Status van die Naturel in Suid-Afrika, Referaat voor Calvinistiese Volkskongres, Bloemfontein, Junie 1950, Sacum, p.4, et.seq.

246. Vgl. Haas, E.B., The United States of Europe, Political Science Quarterly, Vol. LXIII, nr. 4, Desember 1948, p.528.

247. Vgl. Radhakrishnan, S., Die heutige Weltsituation, Op.cit., p.899; Reves, E., The Need for World Government, in Hartmann, F.H., (red.) World in Crisis, Op.cit., p.164. "From the teachings of history we have learned that con= flicts and wars between social units are inevitable when= ever and wherever groups of men with equal sovereignty come into contact."; Polak, M.W., A Short Path to World Peace, Vertaal deur A.V. Zimmermann, De Boer Publishers, Hilversum, 1960, p.13. "Actually, it is not the existing contrasts (or any suchlike factors) that cause wars, but the absence of a good World Government. The absence of this institution is the only real cause of the war pheno= menon."; Herz, J.H., Rise and Demise of the Territorial State, in Olson, W.C., Sondermann, F.A., (reds.) Op.cit., p.46.

248. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.483.

249. Vgl. Aron, R., Peace and War, Op.cit., p.741.

250. Vgl. Etzioni, A., Political Unification, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1965, p.16; Etzioni, A., The Epigenesis of Political Communities at the International Level, in Rosenau, J.N., (red.) International Politics and Foreign Policy, Op.cit., pp.346-358.

251. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Republikeinse Grondwet, Nasionale Boekhandel, Bloemfontein, 1962, p.27; Rossiter, C., Parties and Politics in America, The New American Library, New York, 1964, p.3.

252. Vgl. Strausz- Hupé, R., Possony, S.T., Op.cit., p.313.

253. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Republikeinse Grondwet, Op.cit., p.28.

254. Vgl. Goodspeed, S.S., Op.cit., p.615.

255. Vgl. Loc.cit.; Aron, R., Peace and War, Op.cit., p.758. "A "world organisation" would have to deprive the states of most of their military sovereignty, without depriving them or even attempting to deprive them of the management of their national existence. This is the difficulty, if not the contradiction - one that is provisionally insur= mountable." Sommige federaliste is egter ook gekant teen die wêreldstaat omdat dit swaardmagtirannie in die hand sal werk. Vgl. Culbertson, E., Total Peace, Doubleday, New York, 1943, pp.239-246.

256. Vgl. Goodspeed, S.S., Op.cit., p.617.

257. Vgl. Schleicher, C.P., Op.cit., pp.856-857. In 'n be= leidsverklaring van 1949 kom die universele doel van die EUF duidelik na vore. Vgl. Ibid., p.857. "European Federation can guarantee peace only within Europe, not for Europe; world federation alone can guarantee peace finally to the world or to any part of it. Hence, Euro= pean federation is not the end; indeed it is only the means to an end which lies beyond, which is federal govern= ment for the whole world."

258. Vgl. Wilcox, F.O., Marcy, C.M., Op.cit., p.70.

259. Vgl. Yalem, R.J., Regionalism and World Order, Internatio= nal Affairs, Vol. 38, nr. 4, Oktober 1962, p.460; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.491. "Regional conside= rations and ties dominate in the life of the international society."; Nye, J.S., International Regionalism, Little, Brown and Company, Boston, 1968, p.1, et seq.; Goodspeed, S.S., Op.cit., pp.549-598; Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Op.cit., pp.181-190; Hartman, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.301-302; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp.447, 451-452; Russett, B.M., Regions and the Future of the Global System in Beitz, C.R., Herman, T. (reds.) Peace and War, Freeman

and Company, San Francisco, 1973, pp.228-240; Liska, G., Op.cit., pp.138-139, 181-186; Holsti, K.J., Op.cit., pp.476-495; Ferreira, L.J., Op.cit., p.85 toon aan dat van die 23 regionale groeperinge in 1966 slegs die Inter-Amerikaanse stelsel voor die Tweede Wêreldoorlog bestaan het. Vgl. ook Luyt, N., 'n Studie van Regionalisme in die Wêreldpolitiek, Op.cit., pp.10-15.

260. Vgl. Luns, J.M.A.H., Independence or Interdependence, International Affairs, Vol. 40, nr. 1, Januarie 1964, p.3.

261. Vgl. Etzioni, A., The Active Society: A Theory of Societal and Political Processes, pp.585-586, aangehaal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., p.292.

262. Vgl. Deutsch, K.W., (e.a.) Political Community and the North Atlantic Area, Princeton University Press, Princeton, 1967, p.5. ".....a security-community, therefore, is one in which there is real assurance that the members of the community will not fight each other physically, but will settle their disputes in some other way. If the entire world were integrated as a security community war would be automatically eliminated." Vgl. ook Holsti, K.J., International Politics, Op.cit., pp.477-478. "Pioneering work on political integration and peaceful relations between independent political units has been conducted by .....Karl Deutsch. He has given the name "security community" to those areas where relationships between independent or integrating political units are predictably peaceful, and where conflicts are resolved by compromise aviodance, and awards rather than by force."; Haas, E.B., The Uniting of Europe, Stanford University Press, Stanford, 1957, p.7.

263. Vgl. Etzioni, A., Political Unification, Op.cit., p.X; Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., p.292. ".....", because Etzioni sees regional units as crucial to unification at the global level, he has focused his empirically based work on the model building and the comparative analysis of contemporary unification efforts, successful and unsuccessful, in widely separated regions

of the world."

264. Vgl. Mclelland, D.S., Olson, W.C., Sondermann, F.A., The Theory and Practice of International Relations, Prentice-Hall, New Jersey, 1960, p.469; Goodspeed, S.S., Op.cit., p.549.

265. Vgl. Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., p.492. ".....any long-term agreement between two or more states providing for common political, military, or economic action in specific circumstances, provided the commitment extends to a defined area and specific states."; Schleicher, C.P., Op.cit., p.658. "About all one can reasonably conclude is that an international region consists of the area of a number of states, with certain common interests which, for at least one purpose, distinguish it from others."

266. Vgl. Luyt, N., Op.cit., pp.14-15.

267. Vgl. Russett, B.M., Trends in World Politics, Macmillan, New York, 1965, p.18, aangehaal in Ibid., p.14.

268. Vgl. Aranha, O., Regional Systems and the Future of the U.N., Foreign Affairs, Vol. 26, nr. 3, April, 1948, p.415; Armstrong, H.F., Regional Pacts: Strong Points or Storm Cellars? Foreign Affairs, Vol. 27, nr. 3, April 1949, pp.356-361.

269. Vgl. Yalem, R.J., Regionalism and World Order, Op.cit., p.465; Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., pp.378-380; Rothstein, R.L., Alliances and Small Powers, Columbia University Press, New York, 1968, pp.242-244.

270. Vgl. Collins, J.L., Nato: Still Vital for Peace, Foreign Affairs,, Vol. 34, nr. 3, April 1956, p.379.

271. Vgl. Spaak, P.H., New Tests for Nato, Foreign Affairs, Vol. 37, nr. 3, April 1959, p.357; Pearson, L.B., After Geneva: A Greater Task for Nato, Foreign Affairs, Vol. 34, nr. 1, Oktober 1955, pp.14-23; Kissinger, H.A., Nuclear Weapons and Foreign Policy, Op.cit., pp.199-206; Ball, G., U.S. Policy Toward Nato, in Rainey, G.E., (red.) Op.cit., pp.174-181.

272. Vgl. Luyt, N., Op.cit., pp.58-60, 68-70.

273. Vgl. Russett, B.M., Regions and the Future of the Global

System, Op.cit., p.229. "In recent years, at least, the earth has become somewhat more tightly bound by economic transactions,"

274. Vgl. Hoofstad, 1 Julie 1969.

275. Vgl. Goodspeed, S.S., Op.cit., pp.568-581.

276. Vgl. Ibid., p.581.

277. Vgl. Luyt, N., Op.cit., pp.52-53. Vgl. ook die rol van COMECON in Ulam, A.B., Expansion and Coexistence, Op.cit., pp.436-437; Goodspeed, S.S., Op.cit., p.598. "In 1949 the U.S.S.R. established a council for Mutual Economic Assistance to carry out what was known as the Molotov Plan of economic integration of Eastern Europe. Emphasis is placed upon the development of trade within the communist area of Eastern Europe, industrial expansion, and the pro= duction of goods essential to the Soviet economy."

278. Vgl. Goodspeed, S.S., Op.cit., pp.595-596; Luyt, N., Op.cit., pp.54-58.

279. Vgl. Luyt, N., Op.cit., pp.63-65. Ekonomiese samewerking en resultate van die Inter-Amerikaanse Ekonomiese en So= siale Raad (IA-ECOSOC) van die OAS was aanvanklik teleur= stellend, maar na die byeenkoms van Punta de'L Este (Uruquay, April, 1964) is ekonomiese ontwikkeling op streeks= vlak baie aangehelp. Vgl. Louw, M.H.H., United States Policy and the Inter-American System, Referaat by Simposium te Johannesburg, Oktober 1969, Gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede, Johannesburg, 1970, pp.63-65.

280. Vgl. Haas, E.B., The United States of Europe, Op.cit., p.128; Salter, A., The United States of Europe, Allen and Unwin, London, 1933, pp.72-138.

281. Aangehaal in Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Op.cit., p.184.

282. Vgl. Haas, E.B., The United States of Europe, Op.cit., p.532. Van meet af speel die etiese verabsolutering van menseregte dus 'n belangrike rol in die politieke integra= sieproses.

283. Vgl. Luyt, N., Op.cit., pp.45-48.

284. Vgl. The Warsaw Pact: Its Role in Soviet Bloc Affairs, in Aspaturian, V.V.(red.) Process and Power in Soviet Foreign Policy, Op.cit., pp.759; p. 761: "Moscow's apparent hopes to use the Political Consultative Committee genuinely "for the purpose of consultations" among the parties to the treaty foundered on the rocks of national differences. Today the U.S.S.R. has little capability to override dissenting elements within the pact by poli= tical pressure; even those countries willing to follow the Soviet line are reluctant to join in isolating more independent members in case they too should one day wish to pursue a path of their own choosing. The failure of the Warsaw Pacts' Political Consultative Committee to meet since January 1965 is probably a reflection of the growing weakness of this body as an instrument for achieving a political consensus, much less interparty unity."

285. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.460.

286. Vgl. Lieuwen, E., Arms and Politics in Latin America, Op.cit., pp.175-262.

287. Vgl. Cloete, J.J.N., Swart Afrika, p.26, aangehaal in Luyt, N., Op.cit., p.78; Wallerstein, I., Africa. The Politics of Unity, Vintage Books, New York, 1967, pp.111-128; Houphouet-Boigny, F., The African Continent in Motion, in Emerson, R., Kilson, M., (reds.) Op.cit., pp.38-41; Thompson, V.B., Africa and Unity, Op.cit., pp.190-191, waar die woorde van Nkrumah by die stigting van die OAE in Addis Ababa ondubbelsinnig op regionale supranasionalisme vir Afrika dui: "We meet here..... not as Ghanaians, Guineans, Egyptions, Algerians, Moroccans, Malians, Liberians, Congolese or Nigerians, but as Africans. Africans united in our resolve to remain here until we have agreed on the basic principles of a new compact of unity among ourselves which guarantees for us and our future a new arrangement of continental government..... we must.....not leave this place until we have set up effective machinery for achieving African Unity. To this

end, I now propose for your consideration the following: .....an all-Africa Committee of Foreign Ministers be set up now, and that before we rise from this Conference a date should be fixed for them to meet. This Committee should establish on behalf of the Heads of our Governments, a permanent body of officials and experts to work out a machinery for the Union Government of Africa." (onder= streep - L.D.B.)

288. Aangehaal in Schatten, F., Communism in Africa, Op.cit., p.26.

289. Vgl. die bondige uiteensetting in Luyt, N., Op.cit., pp.16-30.

290. Vgl. Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., pp.281-300; Galtung, J., The European Community: A Superpower in the Making, Allen and Unwin, London, 1973, p.157. "The European Community has more structural power than anyone before her in world history, ... p.158. "This may be the most positive outcome of the European Community: one more display of Western, white dominance stimulating counterforces elsewhere, counterforces that may one day lead to a more equitable, more diversified world."

291. Vgl. Hula, E., Weltregiment und Weltpolitik heute, Univer= sitas, Jg. 23, nr. 8, Augustus 1968, p.848.

292. Vgl. Ibid., p.847; Pearson, L.B., Die Heutige Situation der Menschheit und die weitere Entwicklung, Universitas, Jg. 25, nr. 5, Mei 1970, pp.449-453.

293. Vgl. Toynbee, A.J., Die heutige Weltlage und ihre Konse= quenzen, Universitas, Jg. 16, nr. 4, April 1961, p.362. "In der Politik würde diese goldene Mitte zwischen unein= geschränkter Souveränität der Einzelstaaten und starrem Despotismus einer zentralisierten Weltregierung liegen; in der Wirtschaft zwischen schrankenloser Privatwirtschaft und rigorosem Sozialismus."

294. Vgl. Von Horn, C., Soldiering For Peace, Cassell, London, 1966, pp.1-365; Goodrich, L.M., Rosner, G.E., The United Nations Emergency Force, in Larus, J., (red.) Op.cit.,

pp.456-473; Kelsen, H., The Law of the United Nations, Op.cit., p.19.

295. Vgl. Pearson, L.B., Force for U.N.,in Larus, J., (red.) Op.cit., p.477.

296. Vgl. Du Preez, D.C.S., UNESCO (VVO) en Christendom, Koers, Deel. 16, nr. 2, Oktober 1948, p.56.

297. Vgl. Claude, I.L., (Jr.) The Changing United Nations, Op.cit., pp.120-121.

298. Vgl. Mitrany, D., The Functional Approach in Historical Perspective, International Affairs, Vol. 47, nr. 3, Julie 1971, p.540; Mitrany, D., A Working Peace System, Quadrangle Books, Chicago, 1966, p.51. "The task that is facing us is how to build up the reality of a common interest in peace..... . Not a peace that would keep the nations quietly apart, but a peace that would bring them actively together; not the old static and strategic view of peace, but a social view of it..... . We must put our faith not in a protected but in a working peace; it would indeed be nothing more nor less than the idea and aspiration of social security taken in its widest range." Hier blyk dit duidelik dat die funksionaliste se kritiek teen die bestaande tussenstaatlike statesoewe= reiniteit gerig is teen die sentrale funksie wat mag ver= vul. Deur die mens in sosiale verband te gebruik wil hulle funksioneel-herskeppend optree. Vgl. ook Mitrany, D., The Functional Alternative, in Beitz, C.R., Herman, T., (reds.) Op.cit., pp.218-227.

299. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis der Humanistische Staats= leer in het Licht eener Calvinistische Kosmologie en Kennistheorie, Op.cit., p.155.

300. Vgl. Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Ver= houdinge - Humanisties en Christelik, Op.cit., p.11.

301. Vgl. Mitrany, D., Pan-Europe - A Hope or a Danger? The Political Quarterly, Vol. 1, nr. 4, September - Desember 1930, p.476.

302. Vgl. Mitrany, D., The Functional Approach in Historical Perspective, Op.cit., p.533.

303. Vgl. Ibid., pp.541-543; Mitrany, D., A Working Peace System, Op.cit., p.29. "The most one could hope for during the period of transition is that national governments should act as willing agencies of the incipient international authority; for even if it were possible to deed formal authority in full to an international body, the elements which go to the making of power would in the nature of things, until national boundaries are done away with altogether." (onderstreep - L.D.B.); Mitrany, D., The Functional Approach to World Organization, International Affairs, Vol. XXIV, nr. 3, Julie 1948, p.359. "We can ask our fellow men to look beyond the national State; (hy spel "State" deurgaans met 'n hoofletter) we cannot expect them to feel themselves at once members of a world State."; Stikker, D.U., The Functional Approach to European Integration, Foreign Affairs, Vol. 29, nr. 3, April 1951, pp.436-444; Deutsch, K.W., The Analysis of International Relations, Op.cit., pp.167-168; Goodspeed, S.S., Op.cit., p.505; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., pp.454-455.

304. Vgl. Ferreira, L.J., Op.cit., pp.37-38; Wessels, F.J.H., Die Probleem van Tussenstaatlike Verhoudinge - Humanisties en Christelik, Op.cit., p.11.

305. Vgl. Mitrany, D., The Functional Approach to World Organization, Op.cit., pp.358-359.

306. Vgl. Haas, E.B., Beyond the Nation-State. Functionalism and International Organization, Stanford University Press, Stanford, 1964, p.47.

307. Vgl. Ibid., p.48.

308. Vgl. Haas, E.B., The United States of Europe, Op.cit., p.545. Vgl. ook Haas, E.B., Beyond the Nation-State, Op.cit., p.6, waar Haas die volgende analise aan die orde stel: "Functionalists, in the specific sense of the term, are interested in identifying those aspects of human needs and desires that exist and clamour for attention outside the realm of the political. They believe in the possibility of specifying technical and "non-

controversial" aspects of governmental conduct, and of weaving an everspreading web of international institutio= nal relationships on the basis of meeting such needs. They would concentrate on commonly experienced needs initially, expecting the circle of the non-controversial to expand at the expense of the political, as practical cooperation became coterminous with the totality of inter= state relations. At the point a true world community will have arisen."

309. Vgl. Haas, E.B., International Integration: The European and the Universal Process, p.372, aangehaal in Dougherty, J.E., Pfaltzgraff, R.L., (Jr.) Op.cit., pp.294-295.

310. Vgl. Zuidema, S.U., Communisme in Ontbinding, Op.cit., p.47.

311. Vgl. Haas, E.B., Beyond the Nation-State, Op.cit., p.22.

312. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis der Humanistische Staatsleer, Op.cit., p.155.

313. Vgl. Thompson, K.W., Toynbee and the Theory of Internatio= nal Politics, Political Science Quarterly, Vol. LXXI, nr. 3, September 1956, pp.365-386.

314. Vgl. Briggs, H.W., The Problem of World Government, Op.cit., p.110; Niebuhr, R., The Illusion of World Government, Op.cit., pp.172-180.

HOOFSTUK VIII

VOLKEREG EN TUSSENSTAATLIKE MAGSBEPERKING

1 INLEIDING

Internasionale verhoudinge en internasionale regspraak is tradisioneel vir baie eeue as sinonieme begrippe beskou. Juridiese norme is vanselfsprekend onontbeerlik vir die konstruktiewe ordening van beskaafde internasionale gemeenskappe in hulle onderlinge verhoudinge. Die voortdurende magstryd tussen die subjekte van die volkereg en die skynbare onaanvaarbaarheid van tussenstaatlike regsreëls bring lank reeds die bevraagtekening van sodanige regsorde en saam daarmee die vraag of antinormatiewe internasionale magsvergrype juridies aan bande gelê kan word. Met die woorde:

> "International law is the law which the wicked do not obey and which the righteous do not enforce."[1] ,

het Abba Eban in 1957 die populêre internasionale beskouings oor die impotensie van die volkereg gelug. 'n Ooreenstemmende siening is reeds in 1795 deur Kant in *Zum Ewigen Frieden* gehuldig:

> ".....this pompous law of nations which is so eloquent in books and silent in the cabinets of diplomats."[2]

Ten spyte van al die besware teen die bestaan van 'n volkereg is die eeue-oue gemeenskaplike juridiese drang, "ubi societas, ibi ius", aldeur 'n kragtige motivering vir internasionale juridiese norme gewees.

> "Impotent to restrain a great nation which has no decent respect for the opinion of mankind, failing in its severest test of serving as a substitute for war, international law plods on its way," skrywe Jessup, en vervolg: "followed automatically in routine affairs, invoked, flouted, codified, flouted again but yet again invoked."[3]

Herhaalde verbreking van internasionale regspraak het die strewe na tussenstaatlike juridiese norme nie opgehef nie; trouens Schwarzenberger sien volkereg as een van die funde-

rende stutte vir magsverhoudinge in die wêreldpolitiek.

> "In a society in which power is the overriding consideration, the primary function of law is to assist in maintaining the supremacy of force and the hierarchies established on the basis of power, and to give to this overriding system the respectability and sanctity law confers."[4]

Soortgelyk is die woorde wat Machiavelli gebesig het:

> "The foundations of all states are good laws and good arms; but there cannot be good laws where there are not good arms."[5]

Potter daarteenoor is die mening toegedaan dat die gedurige magstryd in internasionale verhoudinge die gesonde groei van die volkereg blokkeer:

> "Finally the revival of international law is blocked by the power struggle, the struggle for material advantage or merely general supremacy of choice in all matters."[6]

Hoewel reg en mag ook in die tussenstaatlike hand aan hand gaan, word antinormatiewe magshandelinge meermale onsukses=vol deur beperkende volkeregtelike prinsipes aan bande gelê. Die groeiende verwoestingskrag van kernwapens en die gepaard=gaande katastrofale gevare in die aanwending daarvan, kan toekomstig meehelp om die volkereg op meer terreine mags=beperkend te laat optree.[7] 'n Konstruktiewe vredesreg, gebaseer op internasionale konsensus en strukturele pariteit tussen die subjekte is onontbeerlik vir die handhawing van ewewig en harmonie in die volle draagwydte van internasionale verhoudinge.

2 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN INTERNASIONALE REGSPRAAK

2.1 Inleiding

Die gedagte van 'n regspraak wat van toepassing is op die verhoudinge tussen politieke entiteite kan teruggespoor word tot antieke tussenstaatlike verhoudingsmomente.[8] Die grondslag van 'n bewuste internasionale stateorde is egter nie aanwesig nie en die fragmentariese "intermunisi=pale" reëlings verteenwoordig bloot sporadiese regionaal-

720/...

beperkte ooreenkomste wat op geen internasionale erkenning aanspraak kan maak nie. Veel van die aanvaarde reëls van antieke tye is egter deur die eeue oorgelewer en word vandag in die moderne statestelsel erken en aangewend. In breë trekke kan die ontwikkeling van internasionale juridiese norme in drie tydvakke ingedeel word waaraan ons vervolgens aandag skenk.

2.2 Die Griekse Stadstate en die Romeinse Ryk

Die groot verskil in beskawingsmondigheid tussen die Griekse stadstate en omringende staatkundige gemeenskappe; gestimuleer deur Griekse meerderwaardigheid, verhoed enige gelykwaardige "tussenstaatlike" juridiese verkeer.[9] Staat= kundig bly die Helleense state egter verdeel en tussen die onafhanklike politieke entiteite word gemeenskaplike regsreëls deur deelgenootskap aan 'n ooreenstemmende be= skawing en godsdiens gestimuleer. Juridiese verpligtinge rakende oorlogvoering word omvattend omlyn[10], maar ook dit bind die Grieke alleenlik in oorloë téén mekaar wat 'n lokale kultuur - en geografiese verbondenheid impliseer.

> "When we reflect that by barbarian was meant simply non-Greek, we see at once that the Greeks recognized no duties towards those nations who were not of Hellenic descent."[11], skets Lawrence die

beperkte aard van die antieke Griekse internasionale reg= spraak.

Die Romeinse regsgenie plaas volkeregtelike prinsipes in 'n nuwe dimensie - gelei deur 'n regskarakter[12] - maar die verdienste word verduister deur die onaantasbare swaardmagposisie van die Pax Romana.[13]

> "As the legal people par excellence", skrywe Oppenheim: "The Romans could not have their international relations without legal treatment."[14]

In teenstelling met die eksklusiewe Romeinse ius civile bring staatkundige imperialisme 'n algemene privaatregte= like mensheidsreg, in onderskeiding van 'n reg tussen nasies,[15] - ius gentium - wat beide op Romeine en verowerde onderdane van toepassing was. In sy *Institutes* skrywe die Romein Gaius dienaangaande:

721/...

> ".....the law that natural reason has appointed among all mankind is followed by all peoples alike and is called ius gentium .....being the law observed by all mankind."[16]

Staatkundige strukture as subjekte van 'n internasionale regsorde wat handel in juridiese neweskikking met erkenning van gemeenskaplike verpligtinge het nooit in die Romeinse Ryk ontwikkel nie. Die majestas populi Romani het die beskawing teen barbarisme gevrywaar, maar die universele dominansie en die gebrek aan tussenstaatlike kontak buite die grense van die Ryk het geen ruimte gelaat vir die ontwikkeling van internasionale regspraak op die struktu= rele basis van neweskikkende gelykheid nie.

2.3 Van die Middeleeue tot die Reformasie

Gedurende die Middeleeue word volkeregtelike prinsipes deur die Rooms-Katolieke Kerk gesanksioneer.[17] Gegrond= ves op die Kanonieke Reg het die Germaanse stamme hulle eie regstelsesl soos die lex Romana Visigothorum en lex Romana Burgundionum ontwikkel.[18] Die ontwikkeling van 'n doeltreffende volkereg word egter aan bande gelê deur feudalisme en die stryd om politieke oppergesag tussen Keiser en Pous[19], wat weinig ruimte laat vir internasionale juridiese kontak.

Die geleidelike herlewing van die handel plaas seereg in 'n nuwe dimensie waarvan die Laws of Oléron, Leges Wisbuenses en Consolato del Mare die belangrikste was.[20] Die ius gentium - as reg van die nasies - kry vermel= ding in die geskrifte van Isodore van Seville (560-636) en Thomas Aquinas.[21] Laasgenoemde se bydrae tot die teoretiese grondslae van die volkereg sluit 'n hoëre goddelike reg in waardeur Aquinas Christelike, Romeinse en Aritoteliaanse gedagtes saamsnoer om die mens deur die ius naturale aan die goddelike reg te laat deel. Die ge= leidelike aftakeling van die gesag van die pous en die beëindiging van feodale verbrokkeling deur die geleidelike bevestiging van nasionale statesoewereiniteit het die weg voorberei vir die finale ontstaan van die volkereg op die strukturele basis van die nasionale staat.

722/...

2.4 Die Grondlegging van die Volkereg

2.4.1 Inleiding

Gedurende die vyftiende en sestiende eeue het die ontdekking van die "nuwe wêreld", die Renaissance en die Reformasie almal bygedra om 'n nuwe staatkundige struktuur te skep, waarop die volkereg vrugbaar sou gedy.[22] Staatkundige nasionalisme het geleidelik begin uitkristalliseer en in Wes-Europa was daar groeiende opstand en misnoeë teen die magsdoktrines van Machiavelli wat gedurende die sestiende eeu oorlog en verwoesting hoogty in Wes-Europa laat vier het.[23] Die klimaat was derhalwe gunstig vir die ontstaan van etiese en morele reëls vir die verhoudings tussen state - 'n geleentheid wat deur juriste, teoloë en wetenskaplikes met groot vrug benut is.

2.4.2 Klassieke Skrywers en Rigtings

Algemeen word aanvaar dat die "Spaanse Skool" aan die einde van die sestiende eeu die grondslae van die moderne volkereg gelê het.[24] Legano in sy werk *De Bello, de Represaliis, et de Duello*; Die Italiaanse juris Belli (1502 - 1575) in *De Re militari et de Bello*; Brunus (1491 - 1563), 'n Duitse juris, in *De Legationibus*; Vitoria (1480 - 1546) hoogleraar aan die Universiteit van Salamanca in *Relectiones theologicae*; Ayala (1548 - 1584) in *De Jure et Officiis bellicis et Disciplina militari*; Suarez (1548 - 1617) wat in *Tractatus de Legibus ac Deo legislatore* vir die eerste maal poog om die volkereg te baseer op 'n gemeenskaplike statestruktuur en Gentilis (1552 - 1608) wat in *De Jure Belli, libri tres* daarin slaag om die juridiese van die teologiese te onderskei.[25] Die genoemde werk van Gentilis is die teoretiese hoogtepunt van die era en Grotius het self erken dat hy swaar op die bron geleun het.[26] Die voorlopers van Grotius het verskeie nasionaliteite en botsende godsdienstige oortuigings bevat, maar het almal geglo in die rol van die natuurreg en die noodsaaklikheid om oorlogvoering tussen state juridies vas te lê.[27] Die losstaande teoretiese gedagtes oor internasionale regspraak sou eers deur Grotius tot 'n aanvaarbare teoretiese

723/...

geheel omvorm word.

2.4.2.1 Grotius

Huigh Cornets de Groot (1583 - 1645) word algemeen gehuldig as die vader van die volkereg.[28] Sy monu= mentale werk *De Jure Belli ac Pacis* (1625) is 'n baken in die ontwikkeling van die volkereg en die invloed daarvan word deur Oppenheim soos volg uitgedruk:

> ".....no other book, with the single exception of the Bible, has ever exercised a similar influence upon human minds and matters."[29]

In sy inleiding tot die werk stel Grotius sy tweeledige funderingsverdeling tussen natuurreg[30] (ius naturale) en gewoontereg[31] (ius voluntarium) in die volgende woorde:

> "In the subject now in question, this cause must be either a just deduction from the principle of natural justice, or universal consent. The first discovers to us the natural law, the second the law of nations. In order to distinguish these two branches of the same science, we must consider, not merely the terms which authors have used to define them, (for they often confound the terms natural law and law of nations) but the nature of the subject in question. For if a certain maxim which cannot be fairly inferred from admitted principles is, nevertheless, found to be everywhere observed, there is reason to conclude that it derives its origin from positive institution."[32]

Grotius kan aan die wetenskaplike teoretiese milieu van sy tyd nie ontkom nie en die natuurreg wat inherent deel vorm van die menslike bestaan in 'n natuurstaat bring gemeenskaplike afhanklikheid van gemeenskaplike natuurgefundeerde internasionale regskodes.[33]

> "It is true that the natural law doctrine of Hugo Grotius used this Stoic idea as a foundation for international law and that this idea broke through the classical Greek absolutization of the polis", verklaar Dooyeweerd, wat vervolg:

724/...

> "But it could never become the starting-point for a social world-view which hits any absoluti= zation of temporal societal life at its roots. It could not clear the way for a theoretical examination of the basic structures of individuality determining the inner nature of the different types of societal relationships."[34]

Hoewel Grotius die natuurreg van sy teologiese oor= spanning bevry[35], is dit 'n onvoldoende basis vir die behoud van genormeerde tussenstaatlike soewereiniteit. Deur die gedagte van die ius voluntarium gee hy erken= ning daaraan dat toestemming en ontwikkelde gewoontereg ook 'n rol speel in die basisvorming van regsreëls tussen state.[36]

Die brutale, immorele praktyk van oorlogvoering tussen Christene het Grotius laat skryf:

> "I saw prevailing throughout the Christian world a license in making war of which even barbarous nations would have been ashamed. Recourse was had to arms for slight reasons or no reason; and when arms were once taken up, all reverence for divine and human law was thrown away, just as if men were thenceforth authorized to commit all crimes without restraint."[37]

Op oorlogvoering moes die stelreël ubi jus ibi remedium (juridiese norme bring regsherstel) toegepas word[38], en alhoewel hy wettige oorloë onderskei[39] is hy ten gunste van kompromie en onderhandeling waardeur daar op die strukturele basis van magsewewig wedersydse erkenning en regsherstel gewaarborg word.[40] Die reg van neutraliteit, die onskendbaarheid van verdrae, seereg[41] en diplomatieke immuniteite[42] is ander ver= takkings van die ontwikkelende internasionale regspraak waartoe Grotius 'n belangrike bydrae lewer. Die Grotiaanse invloed op die ontwikkeling van die volkereg was blywend en omdat dit juis gemik was teen die be= staande wanorde van sy tyd het dit spoedig inslag gevind; ten minste in die geskrifte van wetenskaplikes.[43] In die sewentiende en agtiende eeue is die volkereg verder uitgebou deur wetenskaplikes in 'n tussenstaatlike milieu waarin die soewereiniteit van nasionale state

725/...

- as die grondliggende strukturele onderbou - in toenemende mate uitgekristalliseer en die basis van die volkereg geword het.

2.4.2.2 Denkers en Denkskole tot aan die einde van die Agtiende Eeu

Richard Zouche (1590 - 1660) het deur vele geskrifte as die sogenaamde "tweede vader van die volkereg" bekend geword.[44] Sy bekendste werk met die lywige titel *Juris et Judicii feciales, sive Juris inter Gentes, et Quaestionum de eodem Explicatio, qua, quae ad Pacem et Bellum inter diversos Principes aut Populos spectant, ex Praecipuis historico Jure peritis exhibeutur* (1650) word beskou as die eerste sistematiese werk van die positivistiese regskool.[45] Zouche was die eerste om die term jus inter gentes te gebruik waardeur die volkereg as internasionale juridiese kodes tussen state beslag kry.[46] Sy geskrifte word gewoonlik aanvaar as die historiese waterskeiding tussen natuurreg en gepositiveerde regspraak vir internasionale verhoudinge. Die onderskeiding tussen natuurreg (Grotius) en gewoontereg (Zouche) as basis van die volkereg het in die sewentiende en agtiende eeue aanleiding gegee tot die ontstaan van drie verskillende benaderings tot die grondslae van internasionale regspraak.

2.4.2.2.1 Die Naturaliste

In navolging van Pufendorf (1632 - 1694) ontken die naturaliste die ontstaan van enige internasionale regsnorme uit menslike positivering, en hou vol dat die volkereg slegs 'n afsplitsing van die natuurreg is.[47] Pufendorf maak die natuurreg van toepassing op individue en state, en laasgenoemde is volgens hom verteenwoordigend van die volkereg. Alle gedragsreëls tussen state wat nie tot die naturalistiese basis teruggevoer kan word nie is volgens hom nie juridies bindend nie.[48] Thomasius (1655 - 1728) in *Fundamenta Juris Naturae et Gentium;* Hutcheson

726/...

met *System of Moral Philosophy*; Rutherford in *Institutes of Natural Law*; Barbeyrac (1674 - 1744) en Burlamaqui (1694 - 1748) in *Principes du droit de la nature et des gens* verabsoluteer almal die natuur=reg in hulle juridiese tussenstaatlike beoordelings=maatstawwe.[49] Hierin is hulle navolgers van die gedagtes van Hobbes en Spinoza wat onderskeidelik in *Leviathan* en *Tractatus Politicus* tussenstaatlike ooreenkomste slegs as bindend beskou totdat dit in botsing kom met die natuurlike en onvervreembare wetmatige regte van state.[50] Volkeregtelike prinsipes word dus in der waarheid deur die naturaliste ontken - daar bestaan slegs 'n utopiese natuurstaat wat deur die menslike rede ontdek en nagevolg moet word.

2.4.2.2.2 Die Positiviste

Lynreg teenoor die naturaliste verdedig die positi=viste die bestaan van internasionale regspraak op grond van gewoonte en verdrae; terwyl sommiges selfs so ver gaan as om die bestaan van die natuurreg te ontken.[51] In die sewentiende eeu is die denkrigting gedra deur die Duitsers Rachel en Textor[52], maar in die agtiende eeu het dit momentum gekry deur die bydraes van Bynkershoek, Moser en Martens. Van Bynkershoek (1673 - 1743) fundeer die volkereg op gewoonte tussen state waardeur verdrae gepositiveer word.[53] "In the law of nations....." skrywe hy: "reason is sovereign."[54], waardeur aan die menslike rede die primaat in die fundering van volkeregsprin=sipes gegee word. Moser (1701 - 1785)[55] en Von Martens (1756 - 1821)[56] bou voort op die skool van die sogenaamde voluntaristiese positivisme wat alle reëls wat nie onder verdrae of gewoonte tuisgebring kan word nie, nie as positiewe volkereg nie, maar as sedelike eise erken.[57]

Die natuurreg word in die agtiende eeu ook 'n ernstige knou toegedien deur die "Historiese Skool" van Von Savigny. Nasionale regsinstellings, soos wat dit groei in die historiese ontwikkeling van state, is

727/...

die hoofbron van die volkereg, en daardeur word aan nasionalisme en soewereiniteit 'n sentrale funksie in internasionale regspraak gegee.[58]

> "Het gaat er om, dit recht op te sporen in de volksgeest; daartoe is een in hoofdzaak historische werkzaamheid vereist. Niet de wet, maar de gewoonte is de eigenlijke rechtsbron; de wet is slechts opgetekende ge= woonte."[59],

skets Francois die teoretiese grond= slae van die "Historiese Skool" se denkbeelde.

2.4.2.2.3 Die Grotiane

Die Grotiane gee beide aan die natuurreg en geposi= tiveerde reg aandag en verwerk beide grondstrome in hulle teoretiese grondslae. Wolff (1679 - 1754) onderskei die sogenaamde Civitas Gentium maxima waarin 'n universalistiese juridiese struktuur - 'n "wêreldstaat" hoër as sy konstituerende lede - beslag kry.[60] Vattel (1714 - 1769) het die denkbeelde van Wolff gepopulariseer deur sy bekende werk *Le droit des gens* (1758)[61]. Vir hom is soewe= reiniteit, onafhanklikheid en strukturele gelykheid fundamentele grondslae van die tussenstaatlike struktuur.

> "Power or weakness does not make any difference in this respect. A dwarf is as well a man as the giant; a little republic is not less a sovereign State than the most powerful kingdom."[62],

skets Vattel die strukturele volkeregtelike pariteit - onafhanklik van die magsvermoë van state. Hoewel Vattel, volgens Brierly die soewereiniteit van state te hoog aangeslaan het[63], het sy bekwame saambundeling van natuurreg en gepositiveerde reg lank 'n kardinale invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van internasio= nale regspraak. Die eerste klassieke era in die ontwikkeling van die volkereg loop tot 'n einde met die Kongres van Wene (1815). Daarna rig nuwe denk= beelde en strominge die regsverhoudinge tussen state.

728/...

2.5 Van die Kongres van Wene tot die Kontemporêre Beslag

Sedert die begin van die negentiende eeu het die volkereg snel gegroei; waartoe die sluit van verskeie tussenstaat= like verdrae, die vaslegging van die positivisme as oor= heersende rigting in die volkereg en die gewilligheid van die state om internasionale regspraak sedert die Kongres van Wene te aanvaar, baie bygedra het.[64] Daarteenoor het het die strewe na 'n eiematige regsbevoegdheid en vrye soewereiniteitsoefening die juridiese erkenning van, en gebondenheid aan, internasionale verdragstrou en weder= sydse regsgebondenheid ernstig ondermyn. Na die struktu= rele vaslegging van die nasionale staat as die primêre subjek van die volkereg word die leerstuk van die nasionale staat as die primêre subjek van die volkereg in die leerstuk van die "Äusseres Staatsrecht" deur Hegel in sy *Grundlinien der Philosophie des Rechts* (1821) verkondig.[65] Vir hom is die staat die "absolute Macht auf Erden" en die "irdische Gottheit" waardeur die staatsbelang tot die hoogste rigsnoer verhef word en elke staat geen ander wet erken as "den Zweck seines Ganzen."[66], nie.

'n Ooreenstemmende leer waar die volkereg afhanklik is van die toestemming van state word deur Jellinek (1851 - 1911) verkondig met sy teorie van die "Selbstverplichtung" of "Selbstbinding" op die staat.[67] Die staat skep weliswaar die volkereg, maar ".....bindet sich freiwillig an das Gewollte."[68] Triepel koppel in sy *Völkerrecht und Landes= recht* (1899) internasionale regspraak aan 'n "Gemeinwille" - 'n gemeenskaplike wilsooreenstemming van state en nie die toestemming van individuele state afsonderlik nie.[69] Kaufmann gee aan die voluntaristiese toestemmingsteorieë 'n magsbasis as hy in *Das Wesen des Völkerrechts und die Clausula rebus sic Stantibus* (1911) die stelreël "Nur der, der kann, darf auch"[70], formuleer. In Engeland het Austin in *The Province of Jurisprudence Determined* (1832) posi= tiewe moraliteit as die funderende skepping deur toe= stemming neergelê.[71] Kragtens hierdie voluntaristiese teorieë kan geen staat sonder sy toestemming aan inter= nasionale regsnorme onderwerp word nie. Internasionale regskepping deur gemeenskaplike wilsuitinge is die basis

729/...

- die volkereg is dus 'n ooreenkomsreg. Op dié basis kan daar dan geen verpligting wees nie, omdat die konsensus vir fungering binne die toestemmende keusevryheid van state val.

Die moderne monistiese rigting aanvaar a priori 'n internasionale regsbewussyn by volkere wat gefundeer is op 'n algemene mensheidsreg.[72] Krabbe en Duguit is voorlopers van dié supranasionale reg, wat volgens hulle minder afdwingbaar is as die privaatreg vanweë die gebrekkige juridiese organisasie en regsbewussyn by die internasionale ordening van kultuurgemeenskappe.[73] Ook Stammler, Anzilotti, Le Fur, Verdross, Guggenheim, Kunz, Lauterpacht en Scelle grondves hulle teoretiese denkbeelde op monistiese grondslag.[74] Kelsen (1881 -) vernaamste eksponent van die sogenaamde "Weense Skool" aanvaar die normatiewe eieaard van die juridiese ervaring en verklaar dat die funderende basis van die volkereg buite die terrein van die "reine Rechtslehre" geleë is.[75] In sy *Principles of International Law* verklaar hy dat staatsreg en volkereg nie naasmekaar kan bestaan nie, en uitgaande van die primaat van die volkereg word staatsreg deur Kelsen aan die volkereg versubordineer.[76] Vir Kelsen lê die teoretiese grondslae van internasionale regspraak tussen die individuele behoud van statesoewereiniteit en 'n universalistiese konsepsie van 'n internasionale mensheidsreg - tussen die primaat van die soewereine staat as subjek of die primaat van 'n universalistiese stateorde op saambindende morele grondslag. Volgens hom word die teoretiese keuse deur die lewens- en wêreldbeskouing bepaal.[77] Kelsen self glo aan die "Universalordnung" van die civitas maxima met die woorde:

> "Die Rechtseinheit der Menschheit die nur vorlaufig und keineswegs endgültig in mehr oder weniger willkürlich gebildete Staaten gegliedert ist, die civitas maxima als Organisation der Welt: das ist der politische Kern der juristischen Hypothese vom Primate des Völkerrechts, das ist aber zugleich der Grundgedanke des Pacifismus, der auf dem Gebiete der internationalen Politik das Gegenbild des

730/...

Imperialismus darstellt."[78]

Kelsen se belangrikste bydrae bly egter dat hy die volkereg van alle ander vakwetenskaplike allooi en beïnvloedings= momente wou suiwer.

2.5.1 Nazi-Denkbeelde oor Internasionale Regspraak

In die dekade van dertig in die twintigste eeu word internasionale regspraak in Nazi-Duitsland op die onvervreembare soewereiniteit en die onvervreembare regte van state gebaseer.[79] Die dogmas van "Volk" en "Lebensraum" is onderliggend aan hulle juridiese basis soos die werk van Schmitt: *Völkerrechtliche Grossraumor= dnung mit Interventionsverbot für raumfremde Mächte* (1939) getuig. Dietze, Nicolai, Walz en Gürke bou voort op die "Volksgeist" - verabsoluteerde soewereiniteits= dogmas van die juridies geregverdigde "Leitmotiv" van "Lebensraum"[80]. Gürke sluit sy werk *Volk und Völkerrecht* (1935) soos volg af:

> "Das Völkerrecht kann nur auf der volkischen Grundlage ein zwischenstaatliches, inhaltlich bestimmtes Recht sein das eine, Mehrzahl von Staaten zur Voraussetzung hat, das nicht nur den Machtausgleich, sondern eine Friedensordnung als Lebensordnung zum inhalt hat."[81]

Dié gedagtegang is ook getuigend van absolute soewereini= teit wat die bestaan van die volkereg van meet af onmoont= lik maak.

2.5.2 Strominge Sedert die Tweede Wêreldoorlog

Sedert die Tweede Wêreldoorlog word daar gepoog om die volkereg in ooreenstemming te bring met die realiteite van internasionale verhoudinge. Wright in *A Study of War*[82]; Corbett; Jessup in *A Modern Law of Nations*[83]; Schwarzenberger[84]; Hudson; Sauer in *System des Völker= rechts*; De Visscher in *Theories et Réalités en Droit International Public* (1953)[85], Ago in *Scienza guiridica e il diritto internazionale* (1950); Brierly[86]; Oppenheim en Lauterpacht; Jenks; McDougal[87]; Friedmann[88]; Gross; Katzenbach[89]; Fried en Falk[90] worstel almal met die soewereiniteitsprobleem in internasionale regspraak.

731/...

In die kern lê hier die onderliggende probleem om die internasionale juridiese norme bruikbaar te reformeer ten einde steeds geldig te wees binne die snel veranderde momente van die tussenstaatlike struktuur. Veranderings wat die karaktereie van die volkereg nie onaangetas gelaat het nie, en wat later meer volledig aan die orde gestel word.

Die kommunistiese internasionale regsfilosofie berus sedert die Tweede Wêreldoorlog op 'n drieledige vertakte grondslag: eerstens die verhouding tussen kommunistiese state onderling; tweedens juridiese verhoudings tussen kommunistiese en kapitalistiese state en derdens volke=regsprinsipes tussen kapitalistiese state.[91] In oorlog=voering tussen kapitalistiese en sosialistiese state word die kapitaliste ab initio as die regskender voorge=hou[92], omdat die vergoddeliking van die staat en state=soewereiniteit fundamenteel in die Russiese volkeregs=konsepsies lê.[93] Die ideë van 'n civitas maxima word dus deur die verabsolutering van die sosialistiese soewereiniteitsleer verwerp, hoewel die einddoel 'n sosialistiese wêreldstaat bly. 'n Universele regsor=dening is daarom alleenlik aanvaarbaar op sosialistiese grondslag - ideologiese voorvereiste in plaas van gemeenskaplike internationale regsbelange.[94] In 1948 het Vishinsky in sy bekende definisie die volkereg omskrywe as:

> ".....the sum total of the norms regulating relations between states in the process of their struggle and co-operation, expressing the will of the ruling classes of these states and secured by coercion exercised by states individually or collectively."[95]

In die kern erken die kommuniste alleenlik die naturalis=tiese Marxisties-Leninistiese wetmatighede as aanvaarde volkeregsbeginsels, en regsbeginsels wat in botsing is met die historiese rewolusionêre taak van die Sowjet-Unie na die wêreldstaat op sosialistiese grondslag, is aldus nie aanvaarbaar as grondslae van internasionale regspraak nie.

732/...

2.5.3 Calvinistiese Opvattings oor Volkeregtelike Grondbeginsels

Die Calvinisme aanvaar as strukturele uitgangspunt dat die staat en internasionale stategemeenskap onderhorig is aan die absolute soewereiniteit van God.[96] Uitgaande van die grondbeginsel volg dit logies waarom Calviniste soos Kuyper, Bavinck, Fabius en Colijn in die negentiende eeu in verset kom teen die onaantasbare soewereine staats= gesag en dit wil vervang met 'n regsgebondenheid aan die soewereiniteit van God en die eis van geregtigheid vir tussenstaatlike verkeer. Stellinga skrywe in *Calvinisme en Volkenrecht:* ".....dat het idee van den volstrekt souverein staat ten eenenmale als onhoudbaar moet worden verworpen."[97] Elke owerheid as handhawer van regsbelange op 'n bepaalde staatsterritorium is daarom verplig tot deelname aan volkeregtelike verkeer, verbondsluiting en vriendskapsbetrekkinge ten einde 'n genormeerde tussen= staatlike samelewingsorde te verseker.

Die strukturele basis van internasionale regspraak is ook hier ten diepste die fundamentele grondslagprobleem. Om die probleem in die regte lig te betrag is dit nodig om van Dooyeweerd se onderskeiding tussen regsverbande en regsmaatskappe gebruik te maak.[98] Dit moet skerp gestel word dat hier geen boweskikkende regsorde (civitas maxima) tuis te bring is nie, maar 'n neweskikkende struktuur van maatskapsverhoudinge.

> "Alles wijst er integendeel op, dat we hier te maken hebben met de rechtsmaatskap - verhouding: de onderscheiden staten staan naast elkaar en alle internasionale recht, elke volkenrechtelijke organisatie steunt op tusschen hen overeengekomen tractaten."[99], aldus Stellinga.

Du Plessis aanvaar ook die maatskapsverhouding[100], terwyl Wessels sy ooreenstemmende standpunt dienaangaande soos volg bewoord:

> "Daaruit vloei die tweede aanvaarbare stelling, nl. dat pariteit, neweskikking en ko-relativiteit die basis van die volkereg sal wees as produk van die reg van 'n maatskapstruktuur - die enigste normatief - regverdigbare struktuur vir gelykes.

733/...

> Dit bring alles mee dat die maatskapsreg sig voordoen as die reg van koördinasie; van gelyke trou, van pariteit en neweskikking - skerp getipeer deur sy terugwysende momente van harmonieuse en ewewigtige afweging van 'n veelheid van belange."[101]

By die toepassing van die dinamiese normatiewe beginsels - skriftuurlik-histories geopenbaar - sal die positi= vering deur menslike vorming en verdragsluitende organe gereël moet word. Elke handeling wat met die goddelike regsbeginsels nie rekening hou nie is tot mislukking ge= doem[102], hoewel die positivering daarvan weens die sonde 'n enigsins chaotiese karakter sal hê. Ook vir die inter= nasionale juridiese verkeer is daar Goddelike beginsels, en wie dit verontagsaam is altoos gedoem tot sondeslawerny in internasionale verhoudinge.

2.6 Samevatting

Uit die historiese ontwikkelingsproses van die volkereg word daar naarstigtelik gesoek na die karaktereie aard daar= van. Enersyds word transendentale wetmatighede as die grondslag voorgehou, terwyl die basis andersyds in die positivering van gewoontereëls tussen state gesoek word. Die soewereiniteitsprobleem is ook van kardinale belang omdat internasionale regsvergelding en tussenstaatlike regshandhawing ten nouste daardeur geraak word. Die mate waarin internasionale regspraak tussenstaatlike magsvergrype temper, word deur die universele aanvaarde sanksie daarvan bepaal. Ten einde magsbeperkend te figureer is dit van fundamentele belang om die subjekte van die volkereg te identifiseer, omdat hulle die draers van internasionale magsvermoëns is en erkenning van juridiese norme deur hulle, magseksesse aan bande kan lê. Strukturele veranderinge in die internasionale stategemeenskap maak die identifikasie van subjekte nog meer aktueel.

3 SUBJEKTE EN STRUKTURELE GRONDSLAE VAN DIE VOLKEREG

3.1 Tradisionele Basis

Die grondleggende gedagtes van Grotius kon in die historiese

734/...

tydsorde gerieflik toegepas word op die uitkristallisering van nasionale state na die Vrede van Wesfale (1648). Sedertdien is die nasionale staat tradisioneel as die enigste regsgrondige volkeregtelike subjek aanvaar.[103] "The peculiar subjects of international law are Nations", meen Wheaton, en vervolg: "and those political societies of men called states."[104] Dit impliseer dat internasionale regspraak alleenlik van toepassing kan wees op soewereine nasionale state. Ten einde te kwalifiseer as subjekte van die volkereg moet state aan sekere vereistes voldoen, wat weer tot 'n omvattende stateklassifikasie ten opsigte van subjekerkenning aanleiding gee.[105] Internasionale staatskundige ordenings, binnestaatlike en regionaal-belangegebonde organisasies en individue van internasionale portuur kon dus alleenlik deur middel van die eie nasionale staatsverband op internasionale regsbeskerming aanspraak maak.

3.2 Ontwikkeling van die Moderne Breëre Subjekklassifikasie

Die tradisionele basis is reeds deur Duguit, Krabbe en Scelle skerp veroordeel[106], maar die kritiek het veral sedert die Tweede Wêreldoorlog in momentum toegeneem.[107] Gedurende die verhoor van Nuremberg het die regbank onder meer bevind: "Crimes against international law are committed by men, not by abstract entities, and only by punishing individuals who commit such crimes can the provisions of international law be enforced."[108] Die taakgebied van die volkereg word dan op die volle aksieradius van internasionale verhoudinge van toepassing gemaak, en nie afgeperk tot strenge politieke tussenstaatlike betrekkinge nie. Internasionale regspraak word dan die regsnorme vir die volle spektrum van internasionale verhoudinge - verhoudinge wat so wyd vertak in die twintigste eeu dat groeiende differensiasie voortdurend nuwe terreine met 'n behoefte aan onderliggende regsbeginsels lewer.

In *The Common Law of Mankind* laat C.W. Jenks hom soos volg oor die strukturele verandering uit:

735/...

> "The emphasis of the law is increasingly shifting from the formal structure of the relationships between states and the delimitation of their jurisdiction to the development of substansive rules on matters of common concern vital to the growth of an international community and to the individual well-being of the citizens of its member states. We shall also find that as the result of this change of emphasis the subject-matter of law increasingly includes cross-frontier relationships of individuals, organizations, and corporate bodies which call for appropriate legal regulation on an international basis....."[109]

Friedmann stel die volgende vierdelige herorganisasie vir die volkereg voor: eerstens 'n horisontale uitbreiding van die volkereg om nie-Westerse state ook in die internasionale juridiese stelsel in te sluit[110]; tweedens die invloed van binnestaatlike politieke, sosiale en ekonomiese organisasies op die universele basisverbreding van die volkereg[111]; derdens die insluiting van internasionale organisasies, private korporasies en individue as subjekte van die volkereg[112]; en laastens die uitbreiding van die vlak van die volkereg na internasionale welvaart en ekonomiese en sosiale vooruitgang.[113]

> "The redefinition of international law will be a continuing process, but it will be increasingly unlike the subject defined and handed down to us by previous generations."[114], is die gevolgtrekking waartoe Friedmann geraak.

Die terreurbalans van die kerneeu met sy kenmerkende magsbalanseringstruktuur in <u>detênte</u> bring 'n tussenstaatlike ontspanningspose - ten minste tussen die groot moondhede - waartydens internasionale regspraak bevorder kan word.

> "The balance of terror, by a miracle, may preserve a precarious coexistence for a few decades, but hardly for longer than that", skrywe Jones wat vervolg: "In the time we have, drastic acts of creative construction must be performed on international

736/...

law for it is all there is to go on."[115]

Jenks het waarskynlik dieselfde in gedagte as hy in *The New Science and the Law of Nations* die aanpasbaarheid van tussenstaatlike juridiese verkeer by wêreldpolitieke strukturele wysigings soos volg stel:

> "There are clearly fields, notable among them that of nuclear energy, in which the consequences of disaster may be so far-reaching that the failure of the law to keep in step with life may involve not merely frustration, hardship and injustice, but the collapse of the whole legal order."[116]

Ironies genoeg bring die oorspanning van state se mags= vermoëns ontspanning deur kernterreur. Magsoorwoekering bied die geleentheid tot juridiese beperking op die antinormatiewe magsaanwending van state. Jenks wil die internasionale staatkundige ontspanningsfase optimisties benut met die woorde:

> "Let us then devote ourselves, if need be for a generation to come, to the task of writing this new chapter with courage and imagination, with political objectivity and scientific grasp, and above all with decision and magnanimity. The hour is late, but the future of humanity is not yet forfeit to the furies."[117]

Die vernaamste toekomstaak van die volkereg is daarom die erkenning van strukturele tussenstaatlike veranderings in juridiese norme, en die toepassing daarvan op die volle spektrum van internasionale verhoudingsmomente. Die dogma rondom die strukturele gelykheid van state - as subjekte van internasionale regspraak - is ook van kardinale belang vir die volkereg.

3.3 Die Strukturele Gelykheid van State

Die bekende stelreël van Vattel - "A dwarf is as well a man as the giant,"[118] - impliseer dat alle state as regsubjekte gelyke regsbeskerming en - verantwoordelik= heid in die volkereg geniet. Die strukturele gelykheid van state as subjekte van die volkereg is 'n uitvloeisel

van die naturalistiese denkers wat deur die eeue ten minste internasionaal-konstitusioneel behoue gebly het en statutêr vasgelê is in die meeste moderne internasionale organisasies.[119] "States are juridically equal, enjoy equal rights and equal capacity to exercise these rights and they have equal duties....."[120] lui artikel 6 van die grondwet van die O.A.S. (1948).

Die konstitusionele vaslegging ten spyt het die magsvermoë en gepaardgaande beïnvloedingskapasiteit van state die onderliggende organisatoriese stelreël gereeld geskend. By die Kongres van Versailles (1919) het die groot vyf despoties stategelykheid misken[121], terwyl die magsmeerdere vermoëns van die supermoondhede onvervreembaar in die Veiligheidsraad se vredeshandhawende taak binne die handves van die V.V.O. verskans is.[122] Friedmann skrywe dienaangaande:

> "The United Nations Charter expresses this compromise by giving power and authority in the maintenance of international peace and security to the Security Council, in which the five major powers have a priveleged position. The General Assembly, which expresses the democratic principle of equal rights of all Members, big or small and where resolutions can be passed by either simple or qualified majority, was in theory reduced to an advisory function, without executive powers."[123]

Internasionaal organisatories word state onafhanklik van magsvergestaltende faktore as gelyke strukturele entiteite erken, maar in die realiteit van daaglikse internasionale verhoudinge - buite organisatoriese verband - word daar in die streng wêreldpolitieke verhoudinge weinig erkenning aan verleen.[124] Streng statutêr volkeregtelik is stategelykheid aanvaar, maar in die engere politieke wisselwerking van internasionale verhoudinge bring die magshiërargiese struktuur bowe- en onderskikking langs die linie. Die magsvermoëns wat die volkereg juis poog om aan bande te lê, bring die hiërargiese struktuurfundering van ongelykheid wat die toepassing daarvan in die wiele ry. Streng gesproke is die eweregtigheid van state in die volkereg onontbeerlik. Die suksesvolle toepassing sal

738/...

egter daarvan afhang of die huidige organisatories-statutêre vaslegging van stategelykheid in die volle politieke aksieradius van internasionale verhoudinge aanvaar sal word. Alleen dan sal die volkereg gelyke regsanksie op al sy statesubjekte kan toepas waardeur internasionale regspraak ook magsbeperkend sal kan figureer.

> "The great and powerful have many opportunities today to display and exercise their greatness and power, in many arenas and in many ways.",

skrywe Mendelson en vervolg: "Perhaps it is not such a bad thing that there remains one place where, at least formally, even the weak and insignificant can have an equal say."[125]

Daarsonder bestaan die aktuele gevaar dat internasionale regspraak 'n instrument van tussenstaatlike magstirannie kan word.

3.4 Die Soewereiniteitsprobleem

Van kardinale belang vir die struktuur van die volkereg is die vraag tot watter mate state soewereiniteit in die internasionale stateorde[126] - te midde van internasio=nale regspraak besit. Sedert Bodinus se *Six Livres de la Republique* (1576) en sy definisie van soewereiniteit as:

> ".....the most high, absolute and perpetual power over citizens and subjects in a state, itself not subject to the laws, but maker and master of them."[127],

het die gedagte dat state bo internasionale regsreëls verhewe is, universele sanksie verkry. Die gedagterigting bereik 'n hoogtepunt by Hobbes wat in sy *Leviathan* skrywe: ".....it appeareth plainly that the sovereign power.....is as great as possibly men can be imagined to make it."[128] Hoewel daar uit verskeie oorde, waaronder die Monargvegters, kritiek uitgeoefen is[129], was die kwelvraag in die verdere ontwikkeling van die soewereiniteitsleer die plasing daarvan. Deur die soewereiniteit aan die koning, parlement of volk toe te ken is die verskillende aardse owerhede verabsoluteer wat hulle onderskeie state nie meer ondergeskik aan enige gesag sou ag nie. Hierdeur het die volkereg voor 'n groot probleem te staan gekom - indien soewereiniteit

739/...

absolute gesag beteken, volg dit tog logies dat hulle nie tegelyk soewerein en onderhorig aan internasionale juridiese norme kan wees nie.[130]

Pogings om onbeperkte nasionale statesoewereiniteit te begrens is onder meer deur die Haagse Konferensies, die Volkebond, die Locarno-Verdrae asook die V.V.O. aangewend.[131] Enersyds moes die lidmaatskap aan internasionale organisasies begrensing impliseer[132], terwyl onderlinge ooreenkomste en die bestaan van 'n internasionale samelewingsorde volgens Schuman, Schwarzenberger en Brierly state die reg ontneem om ongebonde aan internasionale gedragsreëls te wees.[133] Andersyds is daar diegene wat in soewereiniteit die eksklusiewe jurisdiksie sien om alleenlik nasionale belange te verreken by die bepaling van internasionale betrekkinge. Krylov, 'n volkeregsgeleerde van Rusland, skrywe dienaangaande:

> "International law stresses not only the complete autonomy of the sovereign state in its internal affairs.....but also a second quality of sovereignty, the independence of the sovereign state. A state which is deprived of the possibility of independent entry into the international arena is not a sovereign state, even though it might preserve a certain autonomy in its internal affairs. From the standpoint of the theory of international law sovereignty means the independence and autonomy of the state in domestic and foreign relations."[134]

Uitgaande van die Christelike struktuurleer is state en owerhede gebonde aan die absolute soewereiniteit van God, wat aan die afsonderlike owerhede alleenlik gedelegeerde bevoegdhede impliseer. Internasionaal word hulle soewereiniteit dus begrens deur die norme van die erkenning van 'n veelheid van staatsbelange, bondgenootskappe, verdrae en onderlinge erkenning van pluriforme staatkundige lewensbelange. Vanweë die feit dat die absolute sowereiniteit van nasionale state saambindende juridiese norme onmoontlik maak, het die benadering van internasionalistiese soewereiniteitsverabsolutering ontstaan. Die heerskappy van die reg word dan op die strukturele basis van die

740/...

wêreldstaat aangebied, wat uiteraard meebring dat nasionale state geen seggingskap in die universalistiese soewereiniteitstruktuur het nie.

3.4.1 Die Universalistiese Soewereiniteit van Wêreldregspraak

Universalistiese juridiese norme oorkoepel nasionale statesoewereiniteit - die primaat van die volkereg is die voortrap tot die wêreldstaat waarin die afwesigheid van nasionale soewereiniteit internasionale regsanksie moontlik maak. Lauterpacht stateer:

> "It is only under the shelter and through such general organization endowed with overriding and coercive power for creating, ascertaining and enforcing the law, that international law can overcome its present imperfection."[135]

Henri Spaak het met 'n ooreenstemmende mening opgemerk:

> ".....international organizations will only become fully effective, when it is understood that over and above the will of a nation there exists an international law, deriving its sanctions from the majority and to which all countries large and small, must submit."[136]

Sodanige internasionale juridiese norme bestaan hiërargiesstruktureel bo die toestemming van nasionale state en kan dan as bo-nasionaal internasionalisties-soewereine regspraak die wêreldpolitiek domineer.

Geïnspireer deur die woorde van President Eisenhower: "There can be no peacewithout law."[137], bied Clark en Sohn in *World Peace through World Law* 'n gedetailleerde uiteensetting van die strukturele omvorming van die tussenstaatlike op die basis van die wêreldreg. Deur gebruikmaking van 'n verabsolutering van populasiegetalle word aktiewe kiesreg in 'n hergekonstrueerde V.V.O. aritmeties bepaal[138], en die internasionalistiese regsnorme deur 'n V.V.O.-polisiemag gesanksioneer.[139] Vir die doel moet artikel 1(i) van die Handves van die V.V.O. onder meer soos volg herformuleer word:

741/...

> "To maintain international peace and security, and to that end: to abolish all national military forces and, through a United Nations system of inspection and a United Nations military force, to take effective measures for the enforcement of disarmament....."[140]

Sodoende kan die wêreldreg universele prestige en respek afdwing en 'n universalistiese welvaartstaat volgens Röling afgedwing word.[141] Op die gedagtelyn van 'n universalistiese monistiese regspraak baseer ook Jenks en Francois hulle benadering tot die vorming van 'n hegte internasionale stategemeenskap.[142]

Tussenstaatlike vrede deur die toepassing van wêreldreg is 'n droom[143], regsnorme tussen state word omvorm tot 'n regsorde bo die tussenstaatlike struktuur. Met wêreldreg aan die orde is daar van magsbeperking geen sprake nie, omdat hulle wat die regbank domineer 'n onaantasbare magsposisie op die soewereiniteitslose stateorde kan afdruk. Daardeur word ook die verskeidenheid in die skepping negeer en bestaan geen waarborg dat die interne juridiese monopolie van state enigsins langer gehandhaaf sal word nie. 'n Struktuur waarin die nasionale state nie langer gekwalifiseerde soewereiniteit besit nie kan nie die basis van 'n volkereg op subjekspariteit wees nie. Die wêreldreg bied alleenlik juridiese afdwingbaarheid aan die mag wat die universalistiese regspraak beheer.

3.5 Samevatting

Internasionale juridiese norme en subjekte is nie struktureel staties nie, maar berus op 'n vitale tussenstaatlike orde. Hoewel die subjeksklassifikasie aritmeties vermeerder en funksioneel verbreed bly dit van fundamentele belang dat die strukturele subjekte interne soewereiniteit besit, maar ekstern op die vlak van gemeenskaplike interstaatlike raakpunte moet bou aan 'n tussenstaatlike regsorde. Die interne eie-aard van strukturele volkeregsubjekte is dus soewerein, maar die volkereg moet berus op die behoefte van die subjekte aan saamgebinde juridiese

742/...

norme - ubi societas ibi ius. Daarom kan nog die subjekte nog die internasionale regsorde absoluut soewerein wees, maar alleenlik berus op die afweging van gekwalifi= seerde regsbelange en soewereine verantwoordelikhede saam= gesnoer deur die bestaan van, en behoefte aan, tussenstaat= like juridiese samewerking.

4 PROBLEME IN DIE MAGSBEPERKENDE FUNKSIE VAN DIE VOLKEREG

4.1 Inleiding

Ten einde 'n magsbeperkende funksie te vervul moet inter= nasionale regspraak nie 'n dogmatiese teorie in 'n struk= turele vakuum wees nie, maar juridiese norme wat groei uit die behoefte van internasionale verhoudinge.[144] Tussenstaatlike vrede deur reg en geregtigheid - "la Paix par le Droit"[145] - word egter gekortwiek deur 'n aantal fundamentele probleme. Bowendien kan die volkereg nie universeel afgedwing word nie, soos Goldberg tereg opge= merk het:

> "All the police power in creation could not long uphold a system of law that did not meet these affirmative expectations."[146]

Dit sanksioneer die gedagte dat regsnorme nie afgeforseer kan word nie, waaroor Jessup dienaangaande skrywe:

> "Law is needed here, as in other human activities, for the definition and punishment of illegal conduct. But law alone is not enough. It will not operate in a sovereign vacuum."[147]

Volkereg skep egter nie orde nie, maar kan 'n bestaande internasionale orde juridies verassureer, indien die strewe tot die handhawing daarvan internasionaal gerugsteun word.

> "The fortress of international law has been threatened more by the weakness of its defenders than by the strength of its enemies."[148], skets

Brown een van die fundamentele swakhede van die volkereg. Die suksesvolle magsbeperkende funksie van die volkereg sal daarom daarvan afhang of dié probleme te bowe gekom kan word.

743/...

4.2 Die Aanvaarding van die Bestaan van Regsnorme in Internasionale Verhoudinge

Die gedagte dat daar geen volkereg bestaan nie, maar alleenlik 'n etiese moralisme, is besonder populêr in die beoordeling van internasionale regspraak.[149] Fried deel die kritici teen die bestaan van volkereg in vier kategorieë op en merk daaroor op:

> "All these criticisms combine underestimation with over-expectation."[150]

Mokre spreek hom daarteen uit dat die volkereg nie as reg aangetoon word nie en vra op sarkastiese toon die vraag of:

> ".....ein Seehund ein Hund ist."[151]

Daarna laat hy hom soos volg daaroor uit:

> "Das alles zeigt aber nicht, dass das Völkerrecht kein Recht wäre, sondern nur, dass es ein junges und damit mangelhaftes, aber anderseits noch in der entwicklung befindliches Recht voller Möglichkeiten ist."[152]

Die algemene beswaar dat internasionale regspraak geen juridiese eie-aard dra nie; omdat dit nie daarin kon slaag om oorlogvoering te verhoed nie, kan volgens ons mening veral vanweë drie redes nie as geldend beskou word nie. Eerstens is oorlogvoering onder sekere omstandigheidsfaktore nog altyd as 'n wettige middel ter oplossing van internasionale geskille aanvaar.[153] In die Verdrag van die Volkebond (artikel 15 paragraaf 7)[154] is die moontlikheid van gewettigde oorlogvoering selfs statutêr vasgelê.

> "Under international law, save where constrained by treaty," skrywe Stone in sy monumentale werk: *Legal Controls of International Conflict* (1954):
>
> "the use of private force in the shape of war or of certain measures of coercion short of war, is a normal mode of enforcing a State's legal rights, and (in the form of war) force may even be resorted to independently of such rights."[155]

744/...

Tweedens beteken die skending van volkeregsreëls deur oorlogvoering nie ipso facto dat die bestaan van die internasionale regstelsel daardeur opgehef is nie.[156] Nasionale privaatregstelsels word male sonder tal van dag tot dag oortree en die logiese konsekwente bevraag=tekening van die regskarakter daarvan skitter in afwesig=heid.[157] Die oorgeaksentueerde belangedimensie van tussenstaatlike regskending deur die moderne kommunikasie=media stel 'n verwronge beeld van die drakrag van die volke=reg bekend. Derdens is oorlogvoering geensins analoog aan internasionale verhoudinge nie. Internasionale regspraak dek die volle kontakradius van tussenstaatlike verhoudings=momente en dit is meesal op die kontakmomente los van polemologie waar die volkereg gekwalifiseerd universeel eerbiedig word.

Deur die bestaan van die volkereg te ontken: ".....they themselves throw out the legal baby with the stale bath,"[158] aldus Hoffmann. Die regsbewussyn van volkere word dan totaal misken, en internasionale verhoudinge verskraal tot onverbloemde magspolitiek. Die volkereg kan wel die mag van state normatief aan die eise van die internasionale stateorde reguleer, maar met die voorbehoud dat die inter=nasionale stateorde nie uit die staanspoor misken word nie. Die snel veranderende strukturele basis van die wêreldpolitiek - veral in die twintigste eeu - het die volkereg voor diepliggende probleme en eise te staan gebring.

4.3 Saakmakende Strukturele Veranderings in die Wêreldpolitiek

Na die Eerste - maar veral sedert die Tweede Wêreldoor=log, het daar bykans rewolusionêre veranderings in die struktuur van die internasionale stateorde voorgekom.[159] Die veranderings moes noodwendig die karakter van die volkereg aantas en in 1951 het die vooraanstaande Chileense juris Alvarez opgemerk: ".....a new order has arisen and, with it, a new international law."[160] Die onafhanklikheids=wording van die Afro-Asiatiese state het nie alleen die internasionale stateorde aritmeties met betrekking tot sy lede baie verbreed nie[161], maar saam daarmee 'n nuwe dimensie aan die pas verkreë soewereiniteit verleen. Die verbreking

745/...

van antinormatiewe imperialisme deur politieke onafhank= likheid sou die vraagstuk van absolute soewereiniteit in die volkereg kontemporêr weer aktueel maak.[162]

Die bestaande kode van internasionale juridiese norme is voorts vergestalt in 'n era toe die meeste state wat na die Tweede Wêreldoorlog politieke soewereiniteit ver= werf het nog ondergeskikte gebiede met koloniale status was. Hulle kon dus geen bydrae lewer tot die vorming van regsreëls wat na onafhanklikheid ook op hulle as bindend beskou is nie. In *New Nations and the Law of Nations* skrywe Sinha:

> "The new states often question whether they can be reasonably said to be bound in all respects by a law in the formation of which they had no part and which in fact is the characteristic product of what is to them an alien civilization."[163]

Teenstand teen die tradisionele Christelike en "Westerse" karakter van die volkereg is ook deur kommunistiese regs= geleerdes geopper. Kozhevnikov het die klassestryd van die sosialistiese arbeiderproletariaat van toepassing op die volkereg gemaak in die Russiese hoofbron van die volkereg waarvan hy redakteur was:

> "The bourgeois juristic science limited itself, as a rule, only to formal dogmatic definitions of international law. It is not in condition to reveal its essence, class nature and social purpose in the contemporary epoch."[164]

Die stelsel van bipolêre magsbalans in die Koue Oorlog het ook die neiging van intra-regionale juridiese norme tot gevolg gehad. Tussenstaatlike ontspanning deur kernterreur het egter tog die geleentheid gebied dat sekere juridiese verhoudingskodes noodwendig aanvaar is. McWhinney stel dit so:

> "The Cold War balance of power between the two blocs, followed by the nuclear balance of terror between them, did succeed in maintaining peace in Central Europe through= out the post-war era and in avoiding a global

746/...

> conflagration, albeit at the cost of many grave local injustices. It gave way in time, to a highly developed and nuanced system of inter-bloc law, founded on tacit agreements or understandings between the two blocs as to observance of Cold War minimum ground rules - for example the mutual acceptance of bloc territorial integrity and of non-intervention of each bloc inter se; the renunciation of total war as an instrument of political change, as between the two blocs; the limitation, as far as possible, of the membership of the Nuclear Club and the restric= tion of the decision-making power as to use of nuclear weapons or as to recourse to nuclear war."[165]

Die kontemporêre strukturele probleme van die internasio= nale stateorde het die behavioralistiese benadering van "sociological jurisprudence" gebring.[166] Die volkereg moet horisontaal na sosiale verhoudingsaspekte verbreed word en op die funderende basis van menslike waardigheid sal internasionale regspraak universeel groter inslag vind.

> "The focus of international law was transformed from abstract argument about structural requirements to a concrete concern with the social processes by which decision-makers, national and international, seek to shape the destiny of the world community.", skrywe Murphy en vervolg: "As the social group matures, it moves beyond primitive ordering to a more complex set of rules which are more responsive to social needs."[167]

So word die volkereg bloot 'n afskynsel van tipiese sosiale gedragspatrone van die internasionale samelewing. 'n Totale miskenning van die eie-aard van regsverhoudinge en deur die sosiale verabsolutering 'n ondergrawing van die ware struktuur van internasionale regspraak. Die struk= tuur van internasionale verhoudinge is nie staties nie. Internasionale regspraak sal dus voortdurend reformatories strukturele veranderings moet absorbeer ten einde universeel toepaslik te wees en met 'n globaal-aanvaarde sanksie mags= vergrype van state aan bande te lê.

747/...

4.4 Die Probleem van Religieuse Differensiasie

Die term volkereg impliseer dat dit 'n globale regsisteem, van toepassing op die volle internasionale forum is. Die internasionale stateorde word egter nie gekenmerk deur religieuse eensgesindheid wat gewoonlik kenmerkend van die nasionale staatsbevolkings is nie. Inteendeel, 'n bykans Babelse veelheid van gedifferensieerde religieuse oortuigings postuleer internasionaal diepliggende verskille in die aksieradius van die tydelike werklikheid. Die beskouings oor reg en geregtigheid is dus nie internasionaal so ooreenstemmend as wat op hoë uitsondering na kenmerkend van die privaatregtelike juridiese norme is nie.[168]

In *Diversity and Uniformity in the Law of Nations* maak Jessup egter die opmerking dat geen regstelsel absoluut geïsoleerd kan wees nie.

> "Granted that some law has geographical, personal or temporal limitations upon its applicability and binding force, and granted also that certain courts are limited to the application - as law - of certain defined or prescribed bodies of rules and principles, nevertheless law in the large has a certain unity and no body of law is an island complete unto itself."[169]

Regionale en/of lewens- en wêreldbeskoulike verbondenheid asook gedronge funksionele doelmatigheid rondom maritieme regsreëls en ooreenkomste rakende die buitenste ruim dwing dus die internasionale stategemeenskap om gemeenskaplike universele regsreëls te kodifiseer.

> "The existence of some kind of international law is simply one of the inevitable consequences of this coexistence in the world of a plurality of states necessarily brought into relations one with another."[170], aldus Brierly.

Religieuse verskille ten spyt is dit onteenseglik so dat daar ook op juridiese vlak gemeenskaplike waardes is. Met die stelling van Lissitzyn in *International Law in a Divided World* is ons dit dus volkome eens:

748/...

> "The absolutist dichotomy between the presence and absence of worldwide agreements on values is false. In the world community, as in national societies, there is a broad spectrum of values and of degree of consensus on them. A large measure of agreement on values does, of course, strengthen the cohesiveness of a community and the efficacy of its legal order. But it is not a question of all or nothing."[171]

Die volkereg moet dus gebou word op die gemeenskaplike waardes wat wel bestaan en van tyd tot tyd in die tussen= staatlike verhoudinge realiseer. Die volkereg is en bly 'n ontwikkelende stelsel wat die verwikkelinge op die forum van die wêreldpolitiek ook juridies moet verklank.

> "I am certainly not an advocate for frequent and untried changes in laws and institutions", het Thomas Jefferson in 1816 aan 'n vriend geskrywe en vervolg: "But I know also, that laws and institutions must go hand in hand with the progress of the human mind. As that becomes more developed, more enlightened, as new discoveries are made, new truths disclosed, and manner and opinions change with the change of circumstances, institutions must advance also and keep pace with the times."[172]

In 'n tussenstaatlike orde waar onderlinge staatkundige afhanklikheid toenemend aanvaar word sal universeel-bindende regsnorme groei op die struktureel gedifferensieerde basis van 'n stateveelheid met 'n groeiende bewuswording van 'n veelheid staatkundige regsbelange, te midde van saambindende universele regsnorme in algemene internasionale belang.[173] Erkenning aan owerhede in nasionale staatsterritoriums, maar saam daarmee die gemeenskaplike verantwoordelikheid van alle state om reformerend te bou aan die juridiese norme van reg en geregtigheid internasionaal.

4.5 Die Afdwing van Volkeregtelike Beslissings

4.5.1 Inleiding

Die mees populêre en waarskynlik die mees sinvolle kritiek teen die rol van die volkereg in internasionale verhou= dinge, is dat beslissings nie afgedwing kan word nie; ten

minste nie in dieselfde mate wat binnestaatlike beslis=sings deur die swaardmag gesanksioneer word nie.[174]

> "The international system has no central organ for the enforcement of international legal rights as such, and the creation of any such general scheme of sanctions is for the present a very distant prospect.", skrywe Brierly in *The Law of Nations* en vervolg: "This absence of an executive power means that each state remains free....., to take such action as it thinks fit to enforce its own rights. This does not mean that international law has no sanctions, if that word is used in its proper sense of means for securing the observance of the law; but it is true that the sanctions which it possesses are not systematic or centrally directed, and that accordingly they are precarious in their operation. This lack of system is obviously unsatisfactory, particularly to those states which are less able than others to assert their own rights effectively."[175]

Die magtige moondheid word dus volgens Morgenthau in staat gestel om die kode te verkrag en dieselfde kode in eie belang af te forseer.[176] 'n Onbevredigende toestand wat gewoonlik tot assosiasie in magsblokke en beskerming deur magsewewig aanleiding gee.

Internasionale regspraak kan egter nie sonder meer as "weak law" geëtiketteer word nie, want bloot die bestaan daarvan impliseer nie dat dit ipso facto gehandhaaf word nie.[177] Die instandhouding daarvan berus by die ge=meenskaplike verantwoordelikheid wat state teenoor die handhawing van reg en geregtigheid in die internasionale arena moet hê. Die versuim om dit sinvol te positiveer moet dus nie aan die adres van die volkereg gerig word nie, maar aan die inherente sondige natuur van state in hulle internasionale betrekkinge. Histories het daar verskeie metodes ontwikkel waardeur gepoog is om volke=regtelike norme en hofbeslissings 'n afdwingbare status te verleen.

750/...

4.5.2 Diplomatieke Druk

Diplomatieke druk is histories gereeld aangewend om tussenstaatlike geskille op te los.

> "Negotiation may be combined with good offices or mediation to settle a dispute, and good offices may, by force of circumstances, develop into mediation in the course of the process of settling a particular dispute."[178], aldus Stone.

In artikel 33 van die Handves van die V.V.O. word onder= handelings as die voorvereiste, inter alia, vir die op= lossing van tussenstaatlike geskille neergelê.[179] In die Suidwes-Afrikasaak (Ethiopië en Liberië versus Suid-Afrika) was bogenoemde bepaling 'n belangrike juridiese geskilpunt.[180] In die atoomeeu, met sy behoefte aan blitsnelle kommunikasie, kan diplomatieke kanale suksesvol ingespan word om krisisse betyds in die regte lig te stel.

4.5.3 Arbitrasie

Sedert die Jay-Verdrag (1792) is arbitrasie dikwels aan= gewend om internasionale geskille vreedsaam te besleg.[181] Die Alabamasaak (1871) tussen die Verenigde State en Groot-Brittanje is 'n voorbeeld van state wat hulle geskille aan arbitrêre beslegting onderwerp het.[182] Deur die Haagse Konvensie (1899) is arbitrasie op 'n vaste grondslag geplaas; terwyl die vorming van die Permanente Hof van Arbitrasie (1907) arbitrêre tussen= staatlike reëlings in 'n permanente struktuur beliggaam het.[183] Daardeur is die invloed daarvan met veel groter sanksie beklee soos onder meer weerspieël word deur die Noord-Atlantiese Visseryesaak (1910).[184]

Die universele toepaslikheid van arbitrasiemaatreëls word egter gekortwiek deur die voorvereiste van 'n spesiale ooreenkoms - 'n sogenaamde "compromise" - waarsonder geen state aan juridiese beslissings gebind kan word nie.[185] Dit impliseer dat die invloed van juri= diese beslissings slegs so ver strek as wat state per spesiale ooreenkoms bereid is om geskille aan beslegting te onderwerp. Die volkereg se geldingsankie is dan aan

die toestemming van state onderworpe en die stelreël: nemo judex in sua causa, deur absolutistiese nasionale eiegeregtigheid ondergrawe. In *Force under a Modern Law of Nations* stel Jessup dit duidelik dat slegs die internasionale erkenning van reg en geregtigheid die afdwing van juridiese norme moontlik maak:

> "A modern law of nations should be based on the acceptance of the principle of community interest which justifies the community as such to take cognizance of breaches of the peace."[186]

Die status en drakrag van internasionale juridiese beslissings het deur die skepping van internasionale geregshowe veel groter afdwingbare status verwerf.

4.5.4 Internasionale Geregshowe

Die Permanente Hof van Arbitrasie (1899) en die Hof van Arbitrasie en Justisie (1907) verteenwoordig die eerste daadwerklike pogings tot internasionale geregshofvorming.[187] Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die Verdrag van die Volkebond kragtens artikel 14 voorsiening gemaak vir "the establishment of a Permanent Court of International Justice."[188] Die grondwet van die juridiese liggaam is uiteindelik op 13 Desember 1920 deur die Algemene Vergadering van die Volkebond aanvaar.[189]

> "The history of the drafting of the Covenant leaves no doubt that the Permanent Court of International Justice was envisaged at Paris as a part of the organization of the League of Nations."[190]

, skrywe Hudson in *The Permanent Court of International Justice*:

Alhoewel die Permanente Hof in die daaropvolgende twee dekades veel sake met sukses hanteer het, het die einde van die Tweede Wêreldoorlog ook die einde van dié liggaam beteken.[191] Trouens, aan die einde van die oorlog is daar by Nuremberg die passie en wraakgerig van oorlogsrumoer aangewend om 'n bevooroordeelde regsbank een van die grootste tragedies van internasionale geregshowe te maak.[192] Oor die verhoor het Lord Hankey verklaar:

752/...

"Under a cloak of justice these trials were
the old, old story - one law for the victors
and another for the vanquished."[193]

Gedurende 1945 het die Permanente Hof van Justisie formeel onder die vaandel van die V.V.O. tot stand ge= kom. Sedertdien het die Hof dikwels met sukses geopereer, maar tog mank gegaan aan kenmerkende tradisionele probleme. Kragtens artikel 94 van die V.V.O.-Handves is state verplig om uitsprake te aanvaar, maar tog werp hulle dikwels die beswaar van onvermoë van aanvaarding - "impossibility of performance" - op.[194] Die toe= passing van volkeregsnorme deur die Hof kan alleenlik so suksesvol wees soos die bekwaamheid van die regters wat die regbank beman. Jones wil sodanige regters los= maak van nasionale bande met die woorde:

"He would be, indeed, a man without a country,
a man without national, regional, or political
loyalties, save to the idea of international
peace and justice. He would not be our judge,
nor the Soviet Union's, nor the United Kingdom's
nor Indias. He would be a judge for mankind."[195]

In 'n gedenkskrif na die oorlye van Lauterpacht bring Verzijl só hulde:

"His penetrating analysis of the legal
problems involved and his undaunted firmness
in maintaining his views.....can hardly have
failed to make a deep impression in the Courts
Council Chambers."[196]

Die raadgewende mening van die Wêreldhof oor Suidwes-Afrika in 1971 openbaar die kardinale swakheid van poli= tieke gemotiveerdheid.[197] Onder druk van die Afro-Asiate was die woorde Corruptio Optimi Pessima (as die beste sleg word, word dit die slegste) inderdaad van toe= passing op die optrede van die Hof.[198] In sy voorwoord tot *The Case for South West Africa* skrywe Sir Colin Coote:

"It occurred to me that the Nuremberg Court
was fairer to Goering than the Hague Court
has been to South Africa." [199]

753/...

Daar was soveel politieke opswepery dat die versoeking ontstaan om uit *Hamlet* aan te haal:

> "Polonius - What do you read my lord?
> Hamlet - Words, words, words."[200]

In 'n toespraak op 21 Junie 1971 het die Suid-Afrikaanse Premier, adv. B.J. Vorster, die uitspraak met die volgende woorde verwerp:

> "I believe that no-one in the world can be so naïve as to think that this result was achieved by pure coincedence or by objective jurisprudence .....We shall therefore proceed with our task and shall not neglect our responsibility towards South West Africa and its peoples."[201]

Indien politieke motiewe die funderende moment van volkeregtelike norme is, word die Wêreldhof 'n instrument ter bevordering daarvan. Die suksesvolle fungering van die Hof - vredeshandhawing deur beslissings - sal vir 'n baie belangrike deel daarvan afhang of die regbank bo die afbrekende tussenstaatlike politieke strominge van sy tyd verhewe is. Anders word dit 'n instrument vir juridies-gesanksioneerde magsvergrype wat dit, korrek aangewend, inderdaad poog om te voorkom.

4.5.5 Internasionale Organisasies en Streeksgroeperinge

Kragtens artikel 2 (par. 6) word alle ledestate van die V.V.O. verplig: ".....to settle their international disputes by peaceful means in such a manner that international peace and security, and justice, are not endangered."[202] Deur lidmaatskap aan die V.V.O. staan state konstitusioneel onder die verpligting om geskille op vreedsame wyse te besleg. "A modern law of nations cannot function without proper organization."[203] aldus Jessup. Dieselfde strewe tot kollektiewe sanksie deur lidmaatskap word veral sedert die Tweede Wêreldoorlog op streeksgrondslag voorgestaan.[204] In *The Prospects of International Adjudication* skrywe Jenks dienaangaande:

> "Regional compliance arrangements may be envisaged either as an alternative to taking measures through a world body to secure compliance with a decision

> or award given by a world court or tribunal or as the natural method of securing compliance with a decision or award of a regional court or tribunal." [205]

Internasionale juridiese sanksie deur organisatoriese verband word gekortwiek deur lidmaatskap en omvang van die geldingsarea. Bowendien staan dit onder die bedreiging dat die organisatoriese struktuur 'n polities gemotiveerde regbank - handelende buite die grense van bevoegdhede - kan word. Die aanwending van geweld; sonder swaardmag= sanksie in bestemmende oorlogsfunksie, word dikwels deur state aangewend as 'n sogenaamde laaste maatreël om inter= nasionale oortreders aan die man te bring.

4.5.6 Die Gebruik van Geweld

4.5.6.1 Inleiding

In internasionale regspraak bestaan daar maatreëls waardeur state regtens weerwraak kan uitoefen indien hulle soewereiniteit in enige opsig wederregtelik geskend word.[206]

> "Die moderne volkenrechtsopvatting," aldus Francois: "die de souvereiniteit slechts als een relatief begrip erkent, gaat er van uit, dat ingevolge hun deelgenootschap aan de internationale rechtsgemeenschap de Staten ten op zichte van elkander rechten en ver= plichtingen hebben, en dat zij de naleving dezer verplichtingen van elkander kunnen verlangen."[207]

In *Legal Controls of International Conflict* koppel Stone sodanige handhawende funksie deur kwasi-geweld= dadige optrede aan "Machtpolitik" en is van mening dat gewelddadige optrede nie die prestige van 'n standaard= kuur onder die vaandel van die volkereg moet verwerf nie.[208] Regshandhawing deur beperkte magsaanwending val gewoonlik in die volgende vlakke uiteen.

4.5.6.2 Retorsie

Oppenheim definieer retorsie as:

> "the technical term for retaliation for discorteous, or unkind, or unfair and inequitable acts by acts of the same or similar kind."[209]

Onhoflikheid en onvriendelikheid in die internasionale staatsbestel is moeilik omlynbaar, maar regsherstel deur genoemde maatreëls mag nie in stryd met internasionale juridiese norme wees nie.[210] Herstellende maatreëls in die kader val logies in die volle spektrum van tussenstaatlike verhoudingsmomente en die maatreëls aangewend verskil daarom na gelang van die beweerde soewereiniteitskending. Van kardinale belang is die feit dat retorsie-maatreëls onmiddellik moet staak nadat die skade herstel is.[211] Alleenlik dan bied dit 'n gekontroleerde metode van regsherstel sonder die gebruik van geweld.

4.5.6.3 Weerwraak

Weerwraaktegnieke verteenwoordig 'n progressief groeiende aanwending van mag ter oplossing van internasionale geskille. Kelsen sien weerwraak as:

> ".....normally illegal.....exceptionally permitted as reaction of one state against a violation of its right by another state. In the exercise of reprisals the use of armed force is not excluded."[212]

In die Naulilasaak (1928) word die volgende gesaghebbende mening oor weerwraak deur die regbank gehuldig:

> "Reprisals are acts of self-help by the injured state, acts in retaliation for acts contrary to international law on the part of the offending state, which have remained unredressed after a demand for amends. In consequence of such measures, the observance of this or that rule of international law is temporarily suspended, in the relations between the two states. They are limited by considerations of humanity and the rules of good faith, applicable in the relations between States. They are illegal unless they are based upon a previous act contrary to international law.

756/...

> They seek to impose on the offending state reparation for the offence, the return to legality and the avoidance of new offences."[213]

Meer kontemporêr word weerwraaktegnieke gereeld toegepas in die stryd tussen Jood en Arabier in die Midde-Ooste.[214] Die huidige juridiese status van weerwraak in die volkereg is geensins op vaste basis of universeel aan= vaarbaar nie; maar solank die wêreldvrede nie daardeur bedreig word nie, en die regsherstel nie in hernieude regskending oorgaan nie, bly dit 'n nuttige metode om reg en geregtigheid in onderlinge tussenstaatlike ge= skille te laat seëvier.

4.5.6.4 Beslaglegging

Deur middel van beslaglegging ("embargo") op die skepe van die oortredende staat in sy hawens kan die benadeel= de staat regsvergelding toepas.[215] In 1807 is hierdie metode met sukses deur die V.S.A. teen Engeland en Frankryk aangewend.[216] Die sogenaamde "arrêt de prince" - aanhouding van vreemde skepe om die ver= spreiding van belangrike gebeure te verhoed - en jus angariae - beslaglegging op neutrale state se eiendom met die belofte van latere vergoeding - val ook in dié kader.[217] Sogenaamde "strategiese embargos" word ook in die twintigste eeu onderneem om wapenblok= kades teen Suid-Afrika en ekonomiese sanksies teen Rhodesië byvoorbeeld, toe te pas.[218] Kragtens artikels 39 tot 42 van die Handves van die V.V.O. word kollek= tiewe beslagleggingsmaatreëls vir regsherstel goedge= keur.[219] Aangesien die maatreëls egter alleenlik ekonomiese toespitsing deur maritieme sanksie bedra het dit 'n baie beperkte geldingsomvang.

4.5.6.5 Vreedsame Blokkade

'n Maritieme blokkade is die eerste maal deur Frankryk, Engeland en Rusland om die kuste van Griekeland in 1827 gelê, ten einde Turkye te dwing om staatkundige onaf= hanklikheid aan Griekeland te verleen.[220] Vreedsame blokkades is sedertdien dikwels met sukses toegepas,

757/...

alhoewel die vraagstuk of die skepe van neutrale state wel wettiglik geblokkeer kan word tot ernstige juridiese meningsverskil aanleiding gegee het.[221] Die Kubaanse Projektielkrisis (1962) het 'n nuwe, meer plofbare metode van maritieme blokkade laat realiseer.[222] Die universele toepaslikheid van blokkades gaan egter mank aan invloedbeperkende faktore. Eerstens kan slegs state met 'n sterk vlootmag die maatreël sukses= vol aanwend; tweedens is landinggeslote state imuun teen maritieme blokkades en derdens kan lugvervoer en vriendskaplike buurstate die invloed van maritieme blokkades effektief neutraliseer soos duidelik geïllus= treer deur die blokkade teen Rhodesië.[223] Universele toepassing skyn dus die onontbeerlike funderingsmoment van alle regsherstellende maatreëls te wees.

4.5.6.6 Boikot

Stone definieer 'n boikot as:

> ".....a modern form of reprisals whereby a state may institute by itself and through its nationals an interruption of commercial and financial relationships with another State and that State's nationals."[224]

Verpligting tot deelname aan ekonomiese boikotte is volgens die volkereg daarin geleë dat die staat teen wie die boikotte gerig word die algemene reëls van die volkereg moes oortree het.[225] Beslissing tot deelname word egter dikwels deur ekonomiese oorwegings bepaal en die Amerikaanse chroominvoere uit Rhodesië illustreer duidelik dat behoefte aan strategiese grondstowwe (geen boikot is teen die olielande oorweeg nie); ideologiese verdeeldheid en die behoud van magsewewig ekonomiese boikotte 'n politieke galvanisasiedekking maak.

4.5.6.7 Inmenging

Inmenging is die diktatoriale ingrype van een staat in die interne aangeleenthede van 'n ander met die doel om staatkundige winste te behaal.[226] Die twintigste eeu word ook gekenmerk deur rewolusionêre minderheids= groepe wat deur die strategie van terreur en ondermy= ning gewelddadig inmeng ten einde sekere doelstellings

te bereik. "An obvious way of stepping up the pressure on the target country is the infiltration of saboteurs and guerrilla ....." aldus Deutsch.[227] Mayer-Tasch skrywe in *Guerrillakrieg und Völkerrecht:*

> "Das Phänomen des Guerrillakrieges ist in den letzten beiden Jahrzehnten zu einem Politikum von globaler Relevanz geworden. Seine rechtssoziologische und rechtspolitische Bedeutung konstituiert daher auch mehr als ein beiläufiges völkerrechtliches Problem."[228]

Inmenging dra egter nie altyd 'n negatiewe karakter nie. Gedurende die ontvoogdingsproses van die Afro-Asiatiese state het die groot moondhede dikwels in dié state se huishoudelike aangeleenthede ingemeng weens humanitêre en behoudende staatkundige redes. "Of special importance are the collective interventions exercised by several great Powers in the interest of the balance of power, and of humanity."[229], aldus Oppenheim. Amerikaanse bemoeienis in Indo-Sjina en Russiese inmenging in Tseggoslowakye is tiperende voorbeelde van inmenging ter handhawing van magsewewig. Die metode is dus uitsluitlik gereserveer vir magsvermoënde moondhede en rewolusionêre drukgroepe wat 'n eensydige benutting ter handhawing van internasionale reg en geregtigheid impliseer.

4.5.6.8 Waardebepaling

Die oorlogsbeperkende invloed van kernontspanning kan waarskynlik in die toekoms meer sanksie aan die beperkte gebruik van geweld ter oplossing van volkeregtelike dispute verleen. Die feit dat die aanwending daarvan alleenlik vir magtige moondhede gereserveer is, en dat ideologiese verskille universele ondersteuning onmoontlik maak, lê die doeltreffende funksionering daarvan aan bande. Vir geringe verskille en met die vooropgesette doel om die skuldige staat of state nie te verwoes nie, maar slegs tot regsherstel te dwing, bly dit 'n bruikbare moment ter handhawing van genormeerde juridiese internasionale betrekkinge.

759/...

4.6 Oorsiggedagtes

Volkereg, in sy huidige struktuur, skyn onbevoeg te wees om deurslaggewende beperkende invloed op magspolitiek uit te oefen. Juis omdat internasionale regspraak 'n normatiewe juridiese kodeks is - wat gedra word deur die morele wilsooreenstemming van volkere - sal die invloed daarvan altyd in 'n sekere sin beperk bly. Morele waardes wat universeel aanvaarbaar is, skyn 'n skrale oes met 'n beperkte drakrag te bly. State bly ook onwillig om hulle te onderwerp aan 'n internasionale regsorde; die soewereiniteitsleer van Bodinus vier nog hoogty in die wêreldpolitiek. Solank as wat ideologieë fel bots en daar slegs 'n handvol supermoondhede is; terwyl state weier om van hulle verhewe superioriteitsgevoel afstand te doen, bly die eie-aard van internasionale verhoudings ongunstig vir die funksionele aanwending tot magsbeperking deur die volkereg.

5 SLOTBESKOUING

Die woorde van Hobbes: ".....laws without the sword are but bits of parchment.....", het Coleridge laat reageer: ".....without the laws the sword is but a piece of iron."[230] Die internasionale samelewingsorde kan op mag alleen nie wortel nie, maar reg en geregtigheid is onontbeerlik om die gedifferensieerde veelheid van nasionale regsbelange harmonieus juridies te laat opereer. Die korrekte verhoudingsmomente wat tog deur state in hulle internasionale betrekkinge uitgeleef word, bewys onomstootbaar daar wel erkenning aan, en insig in internasionale juridiese norme is. Geen regstelsel is imuun teen regskenders nie - verbreking hef nie die bestaan op nie - en daarom sal die volkereg ook nooit daarin slaag om absolute vrede te handhaaf nie. Universele konsensus oor die aard van internasionale regskending sal egter moet realiseer ten einde regskenders met internasionale goedkeuring aan die man te bring.[231] Die ordelike verhoudingsmomente in die wêreldpolitiek dui op die behoefte aan 'n meer omvattende juridiese stelsel. In die sentrum van die wêreldgeskiedenis staan Hy wat te midde van die tussenstaatlike sondeval die opdrag gegee het om geregtigheid na te jaag, en verklaar het dat die vrede=

760/...

makers kinders van God genoem sal word. Dit is 'n bemoedi=
ging, maar dit is ook 'n opdrag om geregtigheid sinvol te
positiveer in die sondegebroke werklikheid van internasionale
verhoudinge.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK VIII

1. Vgl. Von Glahn, G., Law Among Nations, Op.cit., pp.3-4; Brierly, J.L., The Outlook for International Law, The Clarendon Press, Oxford, 1944, p.1-2: "Too many people assume, generally without having given any serious thought to its character or its history, that international law is and always has been a sham. Others seem to think that it is a force with inherent strength of its own, and that if only we had the sense to set the lawyers to work to draft a comprehensive code for the nations, we might live together in peace and all would be well with the world. Whether the cynic or the sciolist is the less helpful is hard to say, but both of them make the same mistake. They both assume that international law is a subject on which anyone can form his oponions intuitively, without taking the trouble, as one has to do with other subjects, to inquire into the relevant facts."; Mokre, J., Der Rechtscharakter des Völkerrechts, Universitas, Jg. 22, nr. 5, Mei 1967, p.513; Brierly, J.L., International Law: Its Actual Part in World Affairs, International Affairs, Vol. XX, nr. 3, Julie 1944, p.381-383. "..... international law has a credit side to its account which is often overlooked."
2. Aangehaal in Korowicz, M.S., Introduction to International Law, Present Conceptions of International Law in Theory and Practice, Nijhoff, Den Haag, 1959, p.5-6.
3. Vgl. Jessup, P.C., The Reality of International Law, Foreign Affairs, Vol. 18, nr. 2, Januarie 1940, p.253.
4. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.199.
5. Aangehaal in Brierly, J.L., International Law: Its Actual Part in World Affairs, Op.cit., p.386.
6. Vgl. Potter, P.B., Obstacles and Alternatives to International Law, The American Journal of International Law, Vol. 53, nr. 3, Julie 1959, p.650; Van Heijnsbergen, P., Compendium van het Volkenrecht, Kluwer, Deventer, 1972, pp.1-15.

7. Vgl. Röling, B.V.A., Constructief Vredesrecht, in Volken= recht en Wêreldvrede, Referaat by Kongres van Juridiese Studente, Groningen, April 1963, Gepubliseer deur N.V. Uitgeversmaatschappij, Kluwer, Antwerpen, pp.87, 89, 96, 104-105.

8. Vgl. Oppenheim, L., International Law, Vol. I, Longmans, Green and Comp., London, Sewende Uitgawe geredigeer deur H. Lauterpacht, 1952, pp.68-70; Lawrence, T.J., The Principles of International Law, Macmillan, London, Sewende Uitgawe, 1937, p.14; Starke, J.G., An Introduction to International Law, Butterworth, London, Tweede Uitgawe, 1950, p.5. "This "intermunicipal" law was composed of customary rules which had crystallised into law from long-standing usages followed by these cities, for example, the rules as to the inviolability of heralds in battle, the need for a prior declaration of war, and the enslavement of prisoners of war. Underlying the rules there were, how= ever, deep religious influences, characteristic of an era in which the distinctions between law, morality and reli= gion were not sharply drawn."; Gould, W.L., An Intro= duction to International Law, Harper and Brothers, New York, 1957, p.31.

9. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.32; Von Glahn, G., Op.cit., p.35; Oppenheim, L., Op.cit., p.71. "Thus the Greeks left to history the example that independent and sovereign States can live, and are in reality compelled to live, in a community which provides a law for the international rela= tions of the member-States, provided that there exist some common interests and aims which bind these States together."

10. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., pp.70-71.

11. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., p.15.

12. In onderskeiding van die godsdienstige aard van die ge= meenskaplike Griekse regspraak, Vgl. Starke, J.G., Op.cit., pp.5-6.

13. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., p.17. ".....the Roman jurists never worked out a true law between nations; and in the main Rome never claimed for herself, nor gave to

other states, the benefit of any idea of mutual obliga= tions binding on them as separate international persons."

14. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.73.

15. Die ius gentium wat van toepassing was op Romeine en vreemdelinge as die "volkeregtelike" subjekte; in onder= skeiding van die sogenaamde "reg van die nasies" wat eers in die Middeleeue beslag sou kry. Die ius gentium van Rome het dus die verhouding tussen individue, en nie tussen state nie, gerig. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.34; Von Glahn, G., Op.cit., pp.35-36.

16. Aangehaal in Gould, W.L., Op.cit., p.34.

17. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., pp.21-22; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.427.

18. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., pp.35-36.

19. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., pp.22-23; Parry, C., The Function of Law in the International Community, in Soren= son, M., (red.) Manual of Public International Law, Macmillan, New York, 1968, pp.11-13; Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., pp.2-7.

20. Die genoemde wette het onder andere die seevaart in onder= skeidelik die Atlantiese Oseaan langs Wes-Europa; die Noordsee, die Baltiese See en die Mediterreense See juridies gereguleer. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., p.22.

21. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., pp.38-40. Die sogenaamde glossatore en na-glossatore van Italië, waaronder Aquinas, Cajetanus, Gracianus, Bartolus en andere het hulle veral toegespits op regverdige oorlogvoering - ius ad bellum, ius belli, and ius in bello - en op sommige vlakke op vreedsame tussenstaatlike kontak. Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., p.19.

22. Oppenheim is van mening dat die volgende sewe faktore 'n belangrike bydrae gelewer het tot die ontstaan van die volkereg: die invloed van die glossatore en die Kano= nieke Reg; die groeiende omvang van maritieme reg; die toenemende reëls rakende handelsbetrekkinge deur han= delsorganisasies waarvan die "Hanseatic" die bekendste was; die vestiging van permanente buitelandse diplomatieke

personeel en ambassadeurs; die gebruik by die groter state om permanente leërmagte op die been te hou; die Renaissance en Reformasie; laasgenoemde het nie alleen die godsdienstige dominasie van die Pous verbreek nie, maar ook die tradisionele eenheid van die Christendom territoriaal versplinter, en laastens die skepping van vrede deur idealistiese utopiese alliansies gepropageer deur Dubois in De Recuperatione Terre Sancte (1305), Podiebrod van Boheme, Sully in 1603 en Cruce in 1623. Laasgenoemde alliansies het gewoonlik die internasionale samewerking van Christenstate vooropgestel. Vgl. Oppen= heim, L., Op.cit., pp.75-79.

23. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., p.24. "The wars of the period were infamous orgies of cruelty, lust, and destruction. In time the world grew weary of the horrors which sprang from the general application of the principles of Machiavelli to negotiations and campaigns, and was disposed to listen when a few isolated thinkers ventured to assert that there were ethical rules applicable to the intercourse of states, though no earthly authority had power to enforce obedience to their commands."

24. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit., p.25; Walker, T.A., A History of the Law of Nations, Cambridge University Press, Cambridge, 1899, p.244.

25. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., pp.86-87; Starke, J.G., Op.cit., pp.7-8; De Visscher, C., Theory and Reality in Public International Law, Princeton University Press, Princeton, 1968, p.13. "The great school of Spanish jurist-theologicans combined with a realistic view of the requirements of the new political order the desire to es= tablish upon a moral and legal basis the relations between independent and equal states. In this spirit it fought against any survival of the idea of a universal monarchy and introduced, alongside a jus gentium common to all men, a jus inter gentes applicable to the relations of states as such."; Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., pp.25-27; Von Glahn, G., Op.cit., pp.38-39.

26. Vgl. Holland, T.E., Studies in International Law, The Clarendon Press, Oxford, 1898, p.23. ".....the first step towards making International Law what it is, was taken, not by Grotius, but by the Perugian refugee, the adopted son of Oxford, Albericus Gentilis."; Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., p.27.

27. Vgl. Starke, J.G., Op.cit., p.8.

28. Vgl. Pound, R., Grotius in the Science of Law, American Journal of International Law, Vol. XIX, nr. 4, Oktober 1925, p.685; Oppenheim, L., Op.cit., p.87; Von Glahn, G., Op.cit., p.39; Francois, J.P.A., Grondlijnen van het Volkenrecht, Op.cit., p.12; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.427; Starke, J.G., Op.cit., pp.8-9.

29. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.88; Salomon, A., Hugo Grotius and the Social Sciences, Political Science Quarterly, Vol. LXII, nr. 1, Maart 1947, pp.62-81; Schleicher, C.P., Op.cit., p.193; Lawrence, T.J., Op.cit., p.27.

30. Die Grotiaanse doktrine van die natuurreg is gebaseer op die Goddelike natuurlike ordinansies vir die menslike samelewing, hoewel die regsorde sonder God kan bestaan, en selfs nie eers deur Hom verander kan word nie. Natuurreg is dus produk van die menslike rede (dictatum rectae rationis) - dit kan deur die menslike rede ontdek word, maar nie geskep word nie. "Natural law", skrywe Grotius in De Jure Belli ac Pacis: "is the dictate of right reason pronouncing that there is in some actions a moral obligation, and in other actions a moral deformity, arising from their respective suitableness or repugnance to the rational and social nature, and that, consequently, such actions are either forbidden or enjoyed by God the Author of nature. Actions which are the subject of this exertion of reason, are in themselves lawful or unlawful, and are, therefore, as such, necessarily commanded or prohibited by God." Aangehaal in Wheaton, H., Elements of International Law, Stevens and Sons, London, Vierde Verwerkte Uitgawe deur J.B. Atlay, 1904, pp.2-3.

31. In Grotius se ius voluntarium val ook sy ius gentium wat

impliseer dat daar ook positiewe gewoonteregsreëls in internasionale regspraak bestaan. Vgl. Dumbauld, E., The Life and Legal Writings of Hugo Grotius, University of Oklahoma Press, Norman, Eerste Uitgawe, 1969, p.64.

32. Aangehaal in Wheaton, H., Op.cit., p.4.

33. Vgl. Ibid., p.5; Lawrence, T.J., Op.cit., p.29; Oppenheim, L., Op.cit., p.89.

34. Vgl. Dooyeweerd, H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol. III, Op.cit., p.169.

35. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.89.

36. Vgl. Ibid., p.89; Gould, W.L., Op.cit., pp.51-52; Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., p.30; Francois, J.P.A., Op.cit., p.12. "Het ius voluntarium, berustend op de wil van een verstandelijk wezen waarbij valt te onderscheiden het ius civile, gestelt door het Staatsgezag (landsrecht), en het ius gentium, dat ver= bindende kracht heeft verkregen door de overeenstemmende wil van alle of althans verscheidene volken....."

37. Vgl. Lawrence, T.J., Op.cit. p.27. Die wandade van die Dertigjarige Oorlog het die tyd ryp gemaak vir etiese kodes in die militêre verkeer tussen state.

38. Aangehaal in Dumbauld, E., Op.cit., p.66.

39. Grotius onderskei regverdige oorlogvoering wanneer state 'n "internasionale" regstelsel waaraan hulle behoort wederregtelik skaad; in welke geval verdediging, die her= winning van eiendom en strafmaatreëls deur militêre stappe regsherstel kan waarborg. Vgl. Ibid., p.66; Walker, T.A., Op.cit., pp.287-288. Omdat gewettigde oorloë dan binne die raamwerk van 'n toestemmende konsensus van 'n aantal state val, word state volgens Grotius die vryheid ontneem om ongehinderd oorlog volgens vrye keuse en behoeftes te voer.

40. Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., p.33.

41. In 1609 het Grotius - aanvanklik anoniem - Mare liberum gepubliseer waarin hy verklaar het dat die oop see nie die eiendom van enige staat kan wees nie. 'n Standpunt wat geïnspireer is deur handelsvryheid op die oseane.

Vgl. Walker, T.A., Op.cit., pp.278-279; Von Glahn, G., Op.cit., pp.39-40.

42. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., p.42; Walker, T.A., Op.cit., pp.303-304.

43. Vgl. Starke, J.G., Op.cit., p.9. "Grotius has had an abiding influence on the history of international law. His treatise was continually relied upon as a work of re= ference and authority in the decisions of Courts, and in the text-books of later writers of standing."; Lawrence, T.J., Op.cit., pp.32-33.

44. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.90.

45. Vgl. Loc.cit.

46. Vgl. Loc.cit.; Von Glahn, G., Op.cit., p.42. "More important from the historical point of view, Zouche must be regarded as the true founder of the positivist school of law, that is, of those writers who maintain that the actual practice of states, based on consent (assent, agree= ment) constitutes the true source of international law."; Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., p.35.

47. Drie werke van Pufendorf is veral belangrik vir die ont= wikkeling van die volkereg: Elementa Jurisprudentiae universalis (1666), De Jure Naturae et Gentium (1672) en De Officco Hominis et Civis juxta Legem naturalem (1673). Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.91; Francois, J.P.A., Op.cit., pp.13-14. ".....; voor hem echter is het Volkenrecht deel van het natuurrecht en dit natuurrecht is niet slechts beschrijving van de natuurtoestand, maar - ..... - een geheel van door middel van de rede gevonden beginselen."; Wheaton, H., Op.cit., pp.6-7.

48. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.14; Gould, W.L., Op.cit., p.57.

49. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., pp.91-92; Korowicz, M.S. Op.cit., p.34.

50. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., pp.56-57; Wheaton, H., Op.cit., p.6; De Visscher, C., Op.cit., pp.14-15 dui aan dat Hobbes en Spinoza in hulle verabsolutering van tussenstaat= like mag, gedra word deur die natuurreg.

51. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.92; De Visscher, C., Op.cit., pp.19-21.

52. Rachel se De Jure Naturae et Gentium en Textor se Synopsis Juris Gentium is voorbeelde van volkeregspublikasies op die grondslag van die positivisme. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., p.92.

53. Vgl. Ibid., pp.92-93; Brierly, J.L., The Law of Nations Op.cit., pp.36-37. Van Bynkershoek is veral bekend vir sy vaslegging van die territoriale see op 3 seemyle. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.58; Kent, H.S.K., The Historical Origins of the Three-Mile Limit, The American Journal of International Law, Vol. 48, 1954, pp.537-553.

54. Aangehaal in De Visscher, C., Op.cit., p.20; Von Glahn, G., Op.cit., p.44; Wheaton, H., Op.cit., p.8.

55. Moser publiseer Grundsätze des jetzt üblichen Völkerrechts in Friedenszeiten (1750) en Grundsätze des jetzt üblichen Völkerrechts in Kriegszeiten (1752) waarin hy die betekenis van die natuurreg vir die volkereg ten sterkste bevraagteken. Vgl. Wheaton, L., Op.cit., p.93.

56. Vgl. De Visscher, C., Op.cit., p.20.

57. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.17.

58. Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., p.35. "Savigny, his disciples, and followers attacked Natural Law on two fronts: they did not recognize any legal validity of Natural Law, considering only positive law as binding upon the nations; and, on the other side, they broke with the idea of the universality of law preached by the School of Natural Law."

59. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.16; Korowicz, M.S., Op.cit., p.36. "The theory of this School served as a scholarly basis for those writers who wanted to enclose the absolute right of the State in the circle of its own interests, and to act according to its own needs without being oblidged to take into consideration, in the State's international relations, the analogous rights, needs, and interests of other States. They preached national egoism with all its consequences for international peace, cooperation, and justice."

60. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.61.

61. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., p.44.

62. Aangehaal in Korowicz, M.S., Op.cit., pp.38-39.

63. Vgl. Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., p.40. ".....by cutting the frail moorings which bound interna= tional law to any sound principle of obligation he did it an injury which has not yet been repaired." Ook Du Plessis dui op die gevaar van die absolutistiese soewerei= niteitsleer by Vattel. Vgl. Du Plessis, L.J., Calvinisme en Volkereg, in Boodt, C.P., (red.) De Reformatie van het Calvinistisch Denken, Op.cit., pp.296-297.

64. Vgl. Oppenheim, L., Op.cit., pp.101-102.

65. Vgl. Hegel, G.W., Grundlinien der Philosophie des Rechts, par. 258, aangehaal in Korowicz, M.S., Op.cit., p.2.

66. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.18. "Wat men als Volkenrecht wil aandienen kan hoogstens zijn "äuzeres Staatsrecht", recht afhankelijk van de wil van de Staat en waaraan deze slechts zo lang gebonden is als zijn be= lang zulks medebrengt."; Gould, W.L., Op.cit., p.70.

67. Vgl. in die verband die werk van Jellinek Die rechtliche Natur der Staatenvertrage. Gould verwys na die teorie van Jellinek as "auto-limitation" en vervolg: "The auto-limitation theory essentially leaves the state bound by law only as long as it wills to be bound, although under a heavy moral obligation to respect and obey the law." Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.7. Jellinek verwerp dus die absolute soewereiniteit van state, deur die staat regs= geldig aan sy toestemming te bind. Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., pp.44-45.

68. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.18; Brierly, J.L., The Basis of Obligation in International Law, The Claren= don Press, Oxford, 1958, pp.13-14. "According to Jelli= nek the peculiar faculty of a state is self-determination (Selbstbestimmung), and this faculty involves another, that of self-limitation (Selbstbeschränkung), whereby a state may create law for itself both in internal and ex= ternal affairs. By this faculty, he explains, the state

is able to subject itself, when it thinks fit, to its own private law, to recognize the personality of foreign states, and to bind its own will by entering into the internatio= nal system. In this way the state is transmuted from a physical to a moral force, and its will from an unlimited power to a power legally limited. On this view, there= fore, international law is not something imposed on a state from outside (.....); it is merely the sum of the systems of "external public law" (äusseres Staatsrecht) of the states concerned,"

69. Vgl. Brierly, J.L., The Basis of Obligation in Interna= tional Law, Op.cit., pp.15-17; Francois, J.P.A., Op.cit., pp.19-20; Verdross, A., Völkerrecht, Springer-Verlag, Wene , Derde Hersiene Uitgawe, 1955, pp.61-62; Gould, W.L., Op.cit., p.71.

70. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.71.

71. Vgl. Ibid., pp.71-72; Berber, F., Lehrbuch des Völker= rechts, Band I, Beck'sche Verlagsbuchhandlung, München, 1960, p.11. "Völkerrecht ist ihm positive internatio= nale Moral, garantiert durch spezifisch moralische Sank= tionen,nähmlich die Furcht der Staaten und Regierungen, durch ihr völkermoralwidriges Verhalten allgemeine Feindseligkeit mit ihren schädlichen Folgen hervorzuru= fen."; Korowicz, M.S., Op.cit., p.3.

72. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.20. "De mensheit vormt een maatschappij, die zich over de ganse aarde uit= strekt, welker leden de mensen zijn en welker enige split= sing is, dat zij bij gedeelten geregeerd wordt..... De wêreldstaat ontbreekt weliswaar, omdat een eigen centraal gezag wordt gemist, maar de organisatie der mensenmaat= schappij is thans reeds een enkelvoudige, die een algemeen mensheidsrecht mogelijk doet zijn en alzo met de onderstel= ling van eigenwillige, ondwingbare Staten niet verenigbaar is."; Wessels, F.J.H., Enkele Opmerkings oor die Grond= slae van die Volkereg, Op.cit., p.182; O'Connell, D.P., International Law, Vol. I, Stevens and Sons, London, Tweede Uitgawe, 1970, p.39. "The monist position is an

emanation of Kantian philosophy which favours a unitary conception of law. According to this view, since the capacities of States derive from the idea of law, the jurisdiction to exercise these capacities is granted by the law. It follows that the law to which jurisdictional reference must be made is independent of sovereignty and determinative of its limits. If a State exceeds the limits its acts are invalid. This argument concedes to international law a broader and more fundamental competence than to municipal law."

73. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., pp.20-21; Gould, W.L., Op.cit., p.81; Brierly, J.L., The Basis of Obligation in International Law, Op.cit., p.28; Krabbe, H., The Modern Idea of the State, pp.83-90, aangehaal in Von Glahn, G., Op.cit., p.47.

74. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., pp.80-81 waar verwys word na die volgende werke: Le Fur, L., Précis de droit international public; Stammler, R., Die Lehre von dem richtigen Rechte; Guggenheim, P., Lehrbuch des Völkerrechts en Scelle, G., Precis de droit des gens. Le Fur, wat sterk beïnvloed is deur die Thomistiese wysbegeerte, verwys na sy eie denkbeelde as moderne natuurreg, terwyl Scelle deur die ontkenning van die staat as regsubjek die oplossing in 'n monistiese dualisme soek. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., pp.24-25.

75. Vgl. Kelsen, H., Das Problem der Souveränität und die Theorie des Völkerrechts, Scientia, Aalen, Heruitgawe, 1960, pp.1-9; O'Connell, D.P., Op.cit., pp.40-41; Francois, J.P.A., Op.cit., p.21.

76. Vgl. Kelsen, H., Principles of International Law, Holt, Rinehart and Winston, New York, Heruitgawe, 1966, pp.420-425. Kelsen onderskei tussen hoëre norme (volkereg) en laere norme (nasionale statereg) waardeur hy twee stelsels van normatiewe regsverhoudings identifiseer. Die basiese norm pacta sunt servanda werp geen lig op die hiërargiese keuseprobleem vir die plasing van teoretiese voorrang nie, en daarom sou Verdross later die formele

postulaat pacta sunt servanda - as Kantiaanse hipotese verwerp en soek na 'n onderskeidingsbasis op die grondslag van die ius gentium. Vgl. O'Connell, D.P., Op.cit., pp.40-42; Gould, W.L., Op.cit., p.80; Berber, F., Op.cit., p.38; Brownlie, I., Principles of Public International Law, Clarendon Press, Oxford, Tweede Uitgawe, 1973, pp.34-35; Von Glahn, G., Op.cit., p.47.

77. Vgl. Francois, J.P.A., Op.cit., p.22.

78. Aangehaal in Loc.cit.; Kelsen, H., Das Problem der Souveränität und die Theorie des Völkerrechts, Op.cit., pp.317-319; Kelsen, H., Vom Geltungsgrund des Rechts, in Zemanek, K., (red.) Völkerrecht und Rechtliches Weltbild, Springer-Verlag, Wene, 1960, pp.157-165.

79. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., pp.84-86.

80. Vgl. Ibid., p.85.

81. Vgl. Gürke, N., Volk und Völkerrecht, Möhr Verlag, Tübingen, 1935, p.100.

82. Vgl. Wright, Q., A Study of War, Op.cit., pp.229-231, 422-423; Wright, Q., The Study of International Relations, Op.cit., pp.216-234; Wright, Q., Toward a Universal Law for Mankind, Op.cit., p.442. "Universal law, whether public international law or universal private law can formulate values acceptable to all mankind only if it is derived from sources accepted by universal public opinion."

83. Vgl. Jessup, P.C., A Modern Law of Nations, Macmillan, New York, 1948, p.1. et.seq.; Jessup, P.C., The Use of International Law, Thomas Cooley Lectures, University of Michigan Law School, Ann Arbor, 1959, pp.1-29; Olivier, C., Philip C. Jessup's Continuing Contribution to International Law, Columbia Law Review, Vol. 62, nr. 7, November 1962, pp.1132-1137.

84. Vgl. Schwarzenberger, G., A Manual of International Law, Vol. I, II, Stevens, London, Vierde Uitgawe, 1960; Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., pp.198-212.

85. Vgl. De Visscher, C., Theory and Reality in Public International Law, Op.cit., p.3, et.seq.

86. Vgl. Brierly, J.L., The Law of Nations, Op.cit., p.1. et.seq.; Brierly, J.L., International Law: Some Conditions of its Progress, International Affairs, Vol. XXII, nr. 3, Julie 1946, p.359. "But we do need a comprehensive organization in which law will cease to be a detached limb and become an integrated member of an international body politic."

87. Vgl. die bespreking in Falk, R.A., The Status of Law in International Society, Princeton University Press, Princeton, 1970, p.9.

88. Vgl. Friedmann, W., The Changing Structure of International Law, Vakils, Feffer and Simons, Bombaai, 1964, p.1 et.seq.; Friedmann, W., The Changing Dimensions of International Law, Columbia Law Review, Vol. 63, nr. 7, November 1962, pp.1147-1165; Miller, A.S., Transitional Transnational Law, Columbia Law Review, Vol. 65, nr. 5, Mei 1965, pp.836-846.

89. Saam met Kaplan eksponeer Katzenbach in The Political Foundations of International Law die betekenis van stelselanalise vir internasionale regspraak. Vgl. verder Falk, R.A., New Approaches to the Study of International Law, American Journal of International Law, Vol. 61, nr. 2, April 1967, pp.477-495.

90. Vgl. Falk, R.A., The Status of Law in International Society, Op.cit., p.1. et.seq.

91. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., pp.48-49.

92. Vgl. Gould, W.L., Op.cit., p.97.

93. Vgl. Akehurst, M., A Modern Introduction to International Law, Allen and Unwin, London, Eerste Uitgawe, 1970, p.29. Die volkereg is onskeibaar van die staat wat dit skep en afdwing. ".....law without compulsion is nothing", het Lenin gesê terwyl Engels beweer het dat die regsbrekende staat en volkeregsnorme daardeur saam "whither away." Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., p.111; Gould, W.L., Op.cit., pp.93-98.

94. Vgl. Akehurst, M., Op.cit., p.29. "The idea of a world government, which is popular among progressive thinkers

in the west, is anathema to the true communist; as long as states have different ruling classes, it is unthinkable that they will rurrender their sovereignty; the only true world community will be a communist one, when states and law have both withered away; a world state or "world government" is a contradiction in terms."; Die kommunistiese geleerde, Tunkin, skets toepaslike gedagtes dienaangaande soos volg: "Of course, states, not classes, enter into international relations; international relations are relations among states. But the foreign policy of states is determined by the predominant classes in these states; this is class policy. Therefore the struggle of the two systems, socialist and capitalist, affects relations among socialist and capitalist states..... . At the same time, the concept of peaceful coexistence does not allow every means of struggle among states; it precludes armed struggle and permits only peaceful competition among them." Vgl. Tunkin, G.I., Theory of International Law, Vertaal deur W.E. Butler, Allen and Unwin, London, 1974, pp.36-37.

95. Aangehaal in Gould, W.L., Op.cit., pp.97-98.

96. Vgl. Stellinga, J.R., Calvinisme en Volkenrecht, Philosophia Reformata, Jg. 12, 1e kwartaal, 1947, pp.44-45; Venter, E.A., Gedagtes oor 'n Christelike Staatsleer, Die Gereformeerde Vaandel, Deel IX, nr. 12, Desember 1941, p.359; Kock, P. de B., Die Kerk en die Staatkunde, Die Gereformeerde Vaandel, Deel X, nr. 7, Julie 1942, p.167; Scheepers, D.J.J., Die Beginsel van Soewereiniteit in eie Kring as Waarborg vir Burgervryheid, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 1952, pp.8-10. et.seq.

97. Vgl. Stellinga, J.R., Op.cit., p.45; Du Plessis, L.J., Calvinisme en Volkereg, Op.cit., pp.296-298.

98. Kortliks kom dit daarop neer dat in die verbandstruktuur die deelnemende lede opgehef word tot 'n bo-individuele eenheid; die gesagsfunksie en die solidariteit is karakteristieke eienskappe daarvan (staat). Die maatskaps=

verhouding, daarenteen, laat sy samestellende komponente neweskikkend figureer en die gesaghiërargie ontbreek. Vgl. Dooyeweerd, H., De Crisis in de Humanistische Staats= leer, Op.cit., p.160. et.seq.

99. Vgl. Stellinga, J.R., Op.cit., p.47; Van der Molen, G.H.J., Misbruik van Recht in het Volkenrecht, in Dooye= weerd, H., (sameroeper) Opstellen op het Gebied van Recht, Staat en Maatschappij, Akademiese artikels opgedra aan Proff, Anema en Diepenhorst, Bakker Uitgeverij, Amsterdam, 1949, pp.293-300.

100. In sy verdienstelike verhandeling oor die staatkundige denke van Du Plessis dui Potgieter daarop dat Du Plessis ten spyte van teenstrydige waarnemings ook die maatskap= struktuur in gedagte gehad het. Vgl. Potgieter, P.J.J.S., "Op die Voorpunt van die Tye." Hooftrekke van die Staat= kundige Denke van L.J. du Plessis, Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1972, pp.129-130. Vgl. ook Du Plessis, L.J., Die Moderne Staat, Op.cit., pp.77-79.

101. Vgl. Wessels, F.J.H., Enkele Opmerkings oor die Grondslae van die Volkereg, Op.cit., p.186. Wessels is in sonder= heid voorstander van die maatskapstruktuur in internasio= nale verhoudinge soos duidelik uiteengesit in sy intree= rede. Vgl. Wessels, F.J.H., Internasionale Verhoudinge - 'n Normatief-Strukturele Benadering, Op.cit., pp.3-22.

102. Vgl. Stellinga, J.R., Op.cit., p.48; Meeter, H.H., Het Calvinisme, Op.cit., pp.140-143.

103. Vgl. Röling, B.V.A., International Law in an Expanded World, Djambatan, Amsterdam, 1960, p.XXI. "The classical tradi= tional law of nations was a law obtaining among the sover= eign states."; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., pp.427-428; Francois, J.P.A., Op.cit., pp.85-86; Oppen= heim, L., Op.cit., pp.113-120; Berber, F., Op.cit., pp.110-114; Von Glahn, G., Op.cit., pp.63-64; Starke, J.G., Op.cit., pp.45-53; Mugerwa, N., Subjects of Inter= national Law, in Sorenson, M., (red.) Op.cit., pp.250-253; Lawrence, T.J., Op.cit., p.47; Okeke, C.N., Controversial

Subjects of Contemporary International Law, Rotterdam University Press, Rotterdam, 1974, pp.9-31.

104. Vgl. Wheaton, H., Op.cit., p.31.

105. Tradisioneel word daar byvoorbeeld onderskeid getref tussen volle soewereine state; personele unies; konfederasies; unies; federale state; neutrale state; polities ver= deelde state; vasalstate, dwergstate en die Vatikaanstad. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., pp.64-74; Tammes, A.J.P., Internationaal Publiekrecht, Op.cit., pp.41-50, 55; Lawrence, T.J., Op.cit., pp.47-94. Berber koppel die volgende definisie aan die staat as subjek van die volke= reg. "Ein staat als volles Subjek des Völkerrechts ist also ein auf einem bestimmten Gebiet organisierter Per= sonenverband, dessen Verbandsgewalt auf diesem Gebiet un= abhängig von jeder anderen ihm nicht untergeordneten oder eingeordneten Verbandsgewalt gilt; dabei sind die Merk= male dieser Unabhängigkeit im einzelen aus der unmittelbar vorangehenden Definition der Unabhängigkeit abzulesen." Vgl. Berber, F., Op.cit., p.126; Akehurst, M., Op.cit., pp.72-76.

106. Vgl. Jessup, P.C., A Modern Law of Nations, Op.cit., p.15.

107. Politis het sy mening só weergegee: "Formerly the sovereign state was an iron cage for its citizens from which they were oblidged to communicate with the outside world, in a legal sense, through very close - set bars. Yielding to the logic of events, the bars are beginning to open. The cage is becoming shaky and will finally collapse. Men will then be able to hold free and untrammelled com= munication with each other across their respective fron= tiers." Aangehaal in Ibid., pp.15-16. Vgl. ook Falk, R.A., Op.cit., pp.35-36.

108. Aangehaal in Starke, J.G., Op.cit., p.49. Vgl. verder Friedmann, W., The Changing Dimensions of International Law, Op.cit., p.1149. Histories dien die volgende voor= beelde van tussenstaatlike politieke entiteite wat die status van regsubjekte geniet het: die Vatikaanstad tussen 1870 en die Verdrag van Lateran (11.2.1929); die

vrystad Danzig tussen 1920 - 1939; die vrystad Triest na 1947; mandaatgebiede en protektorate; vassalstate; Britse Kolonies voor 1926; insurgente en hulle owerhede; internasionale organisasies; ens. Vgl. Korowicz, M.S., Op.cit., pp.274-275. Vgl. byvoorbeeld die uitspraak van die Permanente Hof vir Internasionale Regspraak oor die status van Danzig met betrekking tot lidmaatskap van die Internasionale Arbeidsorganisasie in Green, L.C., International Law through the Cases, Stevens and Sons, London, Tweede uitgawe, 1959, pp.49-53. Met betrekking tot die subjekstatus van mandate het die saak Rex v. Christiaan, in Suidwes-Afrika, die soewereiniteit aan die mandatariusmoondheid bo die van die Volkebond uitgewys. Vgl. Van Themaat, V., Staatsreg, Tweede verwerkte uitgawe deur M. Wiechers, Butterworths, Durban, 1967, pp.411-413; Vgl. ook Briggs, H.W., The Law of Nations. Cases, Documents and Notes, Harrap and Comp.,London, 1938, pp.62-64; Oppenheim, L., Op.cit., pp.115-116.

109. Aangehaal in Friedmann, W., The Changing Dimensions of International Law, Op.cit., pp.1147-1148; Fenwick, C.G., International Law: The Old and The New, The American Journal of International Law, Vol. 60, nr. 3, Julie 1966, pp.475-483; Manner, G., The Object Theory of the Individual in International Law, The American Journal of International Law, Vol. 46, 1952, pp.430-449.

110. Die opkoms van nuwe state as soewereine entiteite is nie net van kwantitatiewe betekenis nie, maar lei tot 'n voortdurende reformasie in die struktuur en normatiewe juridiese betrokkenheidsradius van die volkereg. Volkereg, insoverre as wat dit streef om universele juridiese standaarde vir die mensheid daar te stel, moet die waardes en konsensus van die belangrikste beskawings en tussenstaatlike magsblokke reflekteer. Vgl. Friedmann, W., The Changing Dimensions of International Law, Op.cit., pp.1150-1151; Röling, B.V.A., International Law in an Expanded World, Op.cit., pp.17-44; McDougal, M.S., Reisman, W.M., The Changing Structure of International Law: Unchanging

Met die definiëring van die staat as:

> ".....die Vereinigung einer Menge von Menschen unter Rechtsgesetzen.....",[40]

word die staat 'n juridies funksionerende meganisme. Slegs binne sodanige staatsordening kan die mens "Glückseligkeit" en "Zufriedenheit mit seinem Zustande"[41], verwesenlik. Kant sien die individu en die staatkundige gemeenskap as twee afsonderlike entiteite, maar wil ook deur die volonté générale - die volkswil - te beklee met soewereiniteit en daardeur die vryheid van die individu te waarborg[42], menseregte fundeer. Soos Rousseau raak ook Kant verstrik in die staatsabsolutisme van die volonté générale en die menseregte wat hy wil waarborg deur dit oor die boeg van die algemene volkswil te beveilig word vernietig deur die universalistiese totalitarisme van humanistiese volksoewereiniteit.

805/...

2.7 Ander Vroeë Eksponente van die Leerstuk van Menseregte

Christiaan Wolff (1679 - 1754) fundeer die natuurreg op 'n etiese grondslag waarvan die kern van selfvervolmaking as 'n reël van die natuurreg gefundeer word.[43] Die alge= mene aanspraak van alle burgers op menseregte plaas ook vir Wolff in die dilemma van die "staatsabsolutisme" van die meerderheidswil wat hy poog om te oorbrug met die natuurlike ius necessitatis wat sogenaamde uitsonderings op die natuurreg veroorloof.[44]

Tydgenootlik aan Rousseau verskyn Blackstone se *Commentaries on the Laws of England* (1754), anoniem in Engeland.[45] Natuurlike vryheid, skryf hy daarin;

> ".....consists properly in a power of acting as one thinks fit, without any restraint of control, unless by the law of nature; being a right inherent in us by birth, and one of the gifts of God to man at his creation when he endued him with the faculty of free-will."[46]

Staatkundige vryheid is vir Blackstone 'n versamelnaam van natuurlike menseregte; die fundering daarvan dus op individualistiese grondslag.

In 'n jeugwerk: *Beitrag zur Berichtigung der "Urtheile" des Publicums "über die französische Revolution* (1793) verdedig Fichte (1762 - 1814) die Franse Rewolusie. Die betekenis van die geskrif is volgens Mekkes opgesluit

> ".....in een radicale doorvoering van de idee der absolute aangeboren menschen= rechten op den grondslag van het individualis= tisch gevat vrijheidsidealisme tot de consequentie van een uiteindelijke opheffing van de dwingende staatsgemeenschap."[47]

Uitgaande van die dwangkarakter van die etiese norm word menseregte aan 'n etiese "Pflicht" gekoppel en waar die etiese norm afwesig is staan die menslike individu bloot onder die sanksie van sy eie "Willkür"[48]. In

806/...

Grundlage des Naturrechts en ander latere werke het Fichte sy standpunte aansienlik gewysig en wetgewing in die staat gekoppel aan "der gemeinsame wille",[49] waardeur die vryheid van die staatsburgers, soos by sy voorgangers, in die dilemma van universalistiese absolutisme van die volkswil verlore gaan.

2.8 Die Verval en Heropbloei van die Leerstuk van Menseregte

Gedurende die negentiende eeu het die verval van die natuurregsleer ook die invloed van die leerstuk van menseregte aansienlik verminder. Bentham (1748 - 1832) het byvoorbeeld dienaangaande verklaar: ".....The season of Fiction is now over"[50]; want in toenemende mate sou die positivisme - reële kennis alleenlik waar=neembaar op die basis van waargenome feite[51] - deur die aftakeling van die natuurregsfilosofie ook die ont=wikkelingsgang van menseregte die pas afsny.

> "Zo verkeert dit positivisme in een innerlijke onoplosbare tegenspraak; op grond van zijn uitgangspunt en ideaal", skrywe Van Riessen en ver=volg op satiriese wyse: "Het sluit in dit humanistisch wetenschapsideaal (.....) allemaal als een bus, maar de vrijheid zit er buiten. En haalt men noodgedwongen een beetje vrijheid binnen,dan sluit de bus niet meer."[52]

Die sosiologiese skool, waarvan Comte die vader is[53], het ook neerhalend verwys na 'n staatsbestel waarin menseregte prominent figureer. Tiperend van dié uitlig van die sosiologiese ervaringsmoment tot verabsolutering in die staatkunde is die uitspraak van Duguit (1859 - 1928) in *Law in the Modern State:*

> "It is clear too that man cannot have natural rights in his individual person simply because by nature he is a social being. Man as an individual is a mere creation of the intellect. The very idea of right implies the idea of social life. If then, man has a right, he can have them only from his social environment, he cannot impose his right upon it."[54]

807/...

Kelsen met sy sogenaamde "reine Rechtslehre"; Kohler, Stammler en andere het in die negentiende eeu die leerstuk van menseregte verwerp.[55] Daarteenoor het Spencer, Del Vecchio, Gény, Radbruch, Maritain en andere die gedagte van die natuurlike regte van die menslike individu konsekwent onderstreep.[56]

> "The human person possesses rights because of the very fact that it is a person, a whole, master of itself and of its acts, and which consequently is not merely a means to an end, but an end, an end which must be treated as such." (Onderstreep - L.D.B.),

skrywe Martitain in *The Rights of Man and Natural Law* en vervolg later:

> "The true philosophy of the rights of the human person is therefore based upon the idea of natural law. The same natural law which lays down our most fundamental duties, and by virtue of which every law is binding, is the very law which assigns to us our fundamental rights".[57]

Die gruweldade van die twee wêreldoorloë van die twintigste eeu was 'n kragtige stimulus vir die felle ontwaking van 'n emosioneelbelaaide menseregtedogma ten einde inter= nasionale verhoudinge vir die toekoms van soortgelyke katastrofes te vrywaar. By die ontvangs van die Nobel-Vredestoekenning op 11 Desember 1968 verklaar Cassin:

> "For those peoples forced to fight in order to halt that immense machine geared for the destruction of human liberty and dignity, the Second World War constituted a genuine crusade for human rights."[58]

Die V.V.O. is juis in lyn met hierdie gedagtegang saamgestel en die invloed van moralisme in die gedaante van menseregte word ondubbelsinnig vergestalt in die aanhef van die V.V.O.-Handves:

> "We, the peoples of the United Nations, determined.....to reaffirm faith in fundamental human rights, in the dignity and worth of the

808/...

> human person, in the equal rights of men and women and of nations large and small..... have resolved to combine our efforts to accomplish these aims."[59]

Die leerstuk van menseregte is na 1945 in besondere mate gepopulariseer deur die Internasionale Kommissie van Juriste[60] en is konstitusioneel beliggaam in verskeie politieke en volkeregtelike deklarasies - die tema wat aanstons aan die orde gestel sal word.

2.9 Hedendaagse Calvinistiese Menseregteteorieë

Ook denkers wat in die lig van Gods woord wetenskaplike diepgang soek, het bepaalde beskouings oor die leerstuk van menseregte. Dooyeweerd (1894 -) onderskei skerp tussen etiese norme en politieke natuurreg; laasgenoemde weerspieël nie menslike maatstawwe nie, maar berus op 'n goddelike wet wat sui generis vir die politiese natuurreg ordinansies stel.[61] In *A New Critique of Theoretical Thought* laat Dooyeweerd hom eksplisiet uit oor die rol van moralisme in internasionale verhoudinge:

> "In international legal relations the internal public juridical structure of an individual body politic is necessarily correlated with that of the other States in public juridical, intercommunal relations. Similarly the love of a particular country cannot fulfil the moral commandment in the international moral relations between the States without its counter-weight in international love of one's neighbour among the nations. Any absolutization of patriotism leads to a blind chauvinism which lacks the true moral sense of love. It is an absolutely un-Christian thought that the commandment of temporal societal love of one's fellowmen is not valid in internatio= nal intercourse between the nations organized in States. International relations are also subject to the moral law; they cannot be ruled by a purely egotistic principle. But the structure of

809/...

> the international norm of love is not identical with that of private moral intercourse between individual men. The moral relations between the States remain bound to the structural principle of international political relation= ships, which presupposes that of the body politic itself."[62]

Vir Dooyeweerd kan die internasionale statestruktuur dus nooit sonder etiese verhoudingsmomente opereer nie. In navolging van Dooyeweerd fundeer ook Hommes die grondslae van alle regte op die soewereine Skepperswil van God.[63] In *De Betekenis van de Algemene Rechtsbeginselen voor de Rechtspraktijk* is sy standpunte oor die natuurreg en die beginsels van burgerlike vryheid en gelykheid uit= gewerk.[64] Stoker (1899 -) aanvaar in lyn met die algemene uitgangspunt van die Calvinisme dat alle menslike reg hulle oorsprong in God vind. In *Mensbeskouing in die Wysbegeerte* skrywe hy in dié verband:

> "Menslike vryheid vind aldus nie in die mens sy uiteindelike grond en sentrum nie, maar is gegrond in die vrymag van God."[65]

Stoker onderskei die sogenaamde "ontiese regte"[66] wat hy:

> ".....wil omskryf as aanspraak wat die mens het kragtens sy fundamenteel kreatuurlike mens-wees, kragtens sy kreatuurlike, fundamentele aard, struk= tuur, funksies, take en bestemming"[67].

Kortom, die reg om langs die linie van die werklikheidser= varing die Godopgelegde roeping te vervul omvat die totaliteit en bevoegdheidsgrense van menseregte. Calvi= nistiese beskouings oor menseregte gaan aldus altyd ge= paard met gehoorsaamheid en roepingsvervulling. Vryheid word nie gesien as eie menslike volkomendheid deur gelykheid en gelykskakeling nie[68], want daardeur word die bronaar van menseregte verpas en word die regte vanweë die humanistiese fundering sy eie ondergang.

2.10 Samevatting

Die bondige historiese blik oor die beskouings aangaande die regte van die mens illustreer dat indien die grondslag

810/...

in die mens self gesoek word, dit humanistiese verslawing meebring; daarteenoor is daar basiese etiese en morele verpligtinge wat oor nasionale territoriale grense heen erken moet word. Penrose stel dit so: "Thus inter= national relations cannot in any sense be divorced from morals and ethics."[69] Die grondliggende probleem is egter dat religieuse differensiasie universele ooreen= stemming oor die eie-aard van die tussenstaatlike etiese kodes onmoontlik maak. Vir tussenstaatlike magsbeperking deur die leerstuk van menseregte en internasionale mora= lisme is die verskillende internasionale deklarasies in die verband ook van kardinale belang.

3 DOKUMENTêRE DEKLARASIES VAN MENSEREGTE

3.1 Inleiding

Deur al die eeue van polities staatkundige positivering is daar 'n konstitusionele stryd rondom die grondwetlike beveiliging van die regte van staatsburgers, teen staatsab= solutisme waarneembaar. In haar tirade teen die almag van dié heersers het Antigone in die vyfde eeu v.C. die volgende woorde van Sophocles aan Koning Kreon toegevoeg:

> "I did not think that these commands
> possessed such power that in their name
> mere mortals would wax bold enough to
> violate the gods' eternal unwrit laws;
> it lives for ever - not now and yester=
> day - and no-one knows when first it was
> revealed."[70]

Die stryd om die verkryging van burgervryheid - welis= waar gewoonlik humanisties geïnspireer - het in baie gevalle tot historiese deklarasies aanleiding gegee. Die konstitusionele vaslegging van etiese kodes wat dikwels internasionaal invloed uitgeoefen het; vanweë die belangrike historiese moment - globaal - waarin dit plaasgevind het, maar meer in besonderheid die tussenstaatlike trefradius daarvan geoordeel aan die

811/...

aantal state wat dit onderskryf. Goedkeuring bring nie noodwendig uitvoerende handeling nie, maar 'n morele pacta sunt servanda aangaande internasionale etiese ge= dragsnorme. Vervolgens stel ons enkele van hierdie verklarings aan die orde.

3.2 Magna Charta

Die Magna Charta (1215) was die kulminasie - konstitusio= neel - van 'n "vryheidstryd" in Engeland teen die tirannieke staatkundige uitbuitery van die konings.[71] Hoewel die werklike waarde van dié statutêre verklaring in die sewentiende eeu dikwels oordryf is[72], was die invloed daarvan veral in die konstitusionele vryheidstryd van die dertien Amerikaanse kolonies waarneembaar.[73] Die ideë van menseregte word gewoonlik aan artikels 39 en 40 van die oorspronklike akte gekoppel. Dit lui soos volg:

> "No free man shall be taken or imprisoned or dispossessed, or outlawed, or banished, or in any way destroyed, nor will we go upon him, nor send upon him, except by the legal judgment of his peers or by the law of the land.", (39) en:
>
> "To no one will we sell, to no one will we deny, or delay right or justice." (40)[74]

Die staatsonderdaan word dus in die breë beskerm teen arbitrêre gevangesetting en onteiening - eiendomsreg en persoonlike vryheid word aldus op die grondslag van gelyke geregtigheid en regte vir almal gefundeer.

3.3 Die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring

Die dokumentasie van menseregte in die Verenigde State bou voort op die Engelsregtelike aktes, maar word defini= tief geskoei op die leerstuk van menseregte. Die Dekla= rasie van Menseregte van Virginia (12.6.1776)word wys= gerig op die leerstuk van menseregte gefundeer en is daarom van besondere historiese betekenis. Artikel 1 van die Virginia-Verklaring lui soos volg:

812/...

> "That all men are by nature equally free and independent, and have certain inherent rights, of which, when they enter into a state of society, they cannot by any compact, deprive or divest their posterity; namely, the enjoyment of life and liberty, with the means of acquiring and possessing property, and pursuing and obtaining happiness and safety."[75]

In artikel 2 kom totalitaristiese volksoewereiniteit onverbloemd aan die orde met die woorde:

> ".....all power is vested in, and consequently derived from, the people....."[76]

Aan die volk word dan ook konsekwent 'n ".....indubitable, inalienable and indefeasible right to reform....."[77] toegeken, indien die regering nie aan sy doel beantwoord nie. In sy afskeidsadres aan die Amerikaanse volk op 17 September 1796 het President George Washington daarop gedui dat sodanige veranderings nooit rewolusionêr mag wees nie.

> "But the constitution which at any time exists till changed by an explicit and authentic act of the whole people is sacredly obligatory upon all. The very idea of the power and the right of the people to establish government presupposes the duty of every individual to obey the established government....."[78]

In die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring (4.7.1776) verwys die 13 Verenigde State in die aanhef na: ".....the separate and equal station to which the laws of nature and of nature's God entitle them....."[79] Die belydenis van die onderliggende beginsel van menseregte word in die tweede paragraaf soos volg bewoord:

> "We hold these truths to be self-evident: That all men are created equal; that they are endowed by their creator with certain unalienable rights; that among these are life, liberty and the pursuit of happiness. That to secure these rights, governments are

813/...

> instituted among men deriving their just powers from the consent of the governed; that whenever any form of government becomes destructive of these ends, it is the right of the people to alter or to abolish it, and to institute a new government, laying its foundation on such principles, and organizing its powers in such form, as to them shall seem most likely to effect their safety and happiness."[80]

Daarmee word aan menseregte 'n sentrale funksie toegeken in die staatkundige vrywording van die V.S.A. Die Amerikaanse stryd om staatkundige onafhanklikheid, waarin menseregte grondwetlik so prominent figureer, is sterk geïnspireer deur Britse imperialisme[81]; maar die be= sondere betekenis daarvan vir internasionale moralisme is geleë in die aanvaarding van etiese gedragskodes in internasionale verhoudinge. In die genoemde afskeids= boodskap van Washington getuig die woorde:

> "Observe good faith and justice toward all nations. Cultivate peace and harmony with all. Religion and morality enjoin this conduct.....It will be worthy of a free, enlightened, and at no distant period a great nation to give to mankind the magnanimous and too novel example of a people always guided by an exalted justice and benovelence....."[82]

, van 'n bewuste tussenstaatlike projeksie van ervaarde staatsin= terne morele waardes. Universele invloed kom egter sterker na vore by die Franse Verklaring van die Regte van die Mens.

3.4 Die Verklaring van die Regte van die Mens

Die *Declaration des Droits de l'Homme et du Citoyen* (1789) verteenwoordig die pieke van die rewolusionêre vryheids= gedagtegang van die staatsburger teen owerheidsabsolutis= me.[83] In artikel 2 word die onvervreembare regte van die mens omskrywe as:

814/...

".....la liberté, la propriéte, la sûreté,
et la résistance à l'oppression."[84]

Met die woorde:

"Le principe de toute souveraineté reside essentiellement dans la Nation"[85], word volksoewereinigheid op bykans blatante wyse in artikel 3 aan die orde gestel. Dit moet beklemtoon word dat die Franse Deklarasie die regte van die mens dus nie onbegrensd laat nie, maar die natuurlike regte van die een persoon word beperk deur die gelyke regte van die ander.[86]

Die invloed van dié verklaring is nie alleen waarneembaar in die Franse grondwette van die twintigste eeu nie[87], maar het internasionaal 'n bykans mistiese populariteit verwerf in die stryd van die staatsburger teen owerheidsabsolutisme.[88] De Tocqueville in sy klassieke werk *L'Ancien Regime*[89] en Groen van Prinsterer in sy ewe klassieke boek: *Ongeloof en Revolutie* het gedui op die rewolusionêre religieuse diepgang van die Franse rewolusie wat sy humanistiese kulminasiepunt ten opsigte van die etiese vind in die Verklaring van die Regte van die Mens. Opnuut humanistiese verslawing onder die vaandel van vryheid. In *Ongeloof en Revolutie* verwys Groen van Prinsterer, daarna as:

".....een gewettigde toestand van politieke slavernij", en vervolg:

"Wilt gij zien hoe vernietiging der vrijheid tot het wezen der vrijheidstheorie behoort, geeft dan acht op de hoofdbeginselen van alle revolutionaire staatkunde als in een kort begrip en Catechismus der Verlichting in de verklaringen der rechten van mensch en burger, samengetrokken; een kunstgewrocht telkens, waarbij men nooit bedoeld heeft deze leerstellingen in ongunstig daglicht te brengen."[90]

Die invloed van die Franse verklaring op internasionale moralisme is die hernieude bevestiging daarvan in die humanistiese volksoewereiniteitsdogma wat vanweë die valse religieuse verankering daarvan geen sinvolle opheldering van morele en etiese norme in internasionale

815/...

verhoudinge kan lewer nie.

3.5 Die Verklaring van die Sowjet Sosialistiese Republieke

Die U.S.S.R. was een van die state wat voor die Tweede Wêreldoorlog, sosialisties geïnspireer, menseregte in die konstitusie statutêr beliggaam het. Die verklaring (1936) bevat kragtens artikel 118 die sogenaamde reg om te werk: "Citizens of the U.S.S.R. have the right to work....."[91] wat 'n voortvloeisel van die tipiese sosia= listiese arbeidsverabsolutering van artikel 12 is:

> "Work in the U.S.S.R. is a duty and a matter of honour for every able-bodied citizen, on the principle. "He who does not work shall not eat"."[92]

Van kardinale betekenis is artikel 133 wat soos volg lui:

> "The defence of the fatherland is the sacred duty of every citizen of the U.S.S.R. Treason to the homeland, violation of the oath, desertion to the enemy, impairing the military might of the state, espionage shall be punished with the full severity of the law as the gravest crime."[93]
> (Onderstreep - L.D.B.)

Daarmee word die fundamentele grondslae van die kommunis= tiese filosofie - saambundeling van die a-nasionale internasionale arbeiderproletariaat - misken, en mense= regte gekoppel aan 'n veelheid sosialistiese vaderlande. Die universele toepasbaarheid daarvan as tussenstaatlike morele kodeks word selfs binne die ideaaltipiese filoso= fiese diepgang genegeer. Die oes van menseregte vir die tussenstaatlike etiek word dus telkens verskraal deur lewens- en wêreldbeskoulike differensiasie.

3.6 Die Universele Verklaring van Menseregte

3.6.1 Inleiding

Die optrede van die oorlogvoerende moondhede, voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog[94], het die internasionale toespitsing op die regte van die individu opnuut

816/...

gesanksioneer. Die immoraliteit van Stalin tydens die Konferensie van Teheran in die beoogde optrede teen die Duitse offisierskorps word deur Churchill in die vol= gende woorde aangeteken:

> "Stalin however, perhaps only in mischief, pursued the subject. "Fifty thousand", he said, "must be shot". I was deeply angered. "I would rather", I said, "be taken out into the garden here and now and be shot myself than sully my own and my country's honour by such infamy."[95]

Getuienis van 'n bewussyn van moralisme met betrekking tot oorlogvoering in internasionale verhoudinge.

In sy beroemde "Four Freedoms" toespraak op 6 Januarie 1941 voor die Amerikaanse Kongres het Pres. Roosevelt vryheid van "speech and expression"; "worship"; "want" en "fear" aangetoon as die vier "essential human freedoms" waarop die wêreldorde gebou moet word.[96] In die sogenaamde Atlantiese Handves van Roosevelt en Churchill figureer menseregte ook prominent[97], terwyl daar by Dumbarton Oaks en die stigting van die V.V.O. by San Francisco die grondslae gelê is van die toekomstige universele verklaring van menseregte[98]. In die aanhef tot die Handves van die V.V.O. word die onderneming bevestig:

> ".....to reaffirm faith in fundamental human rights, in the dignity and worth of the human person....."[99], terwyl artikel 68 voorsiening daarvoor maak dat die Ekonomiese en Maatskaplike Raad as een van hulle eerste en vernaamste take die konstitusionele vas= legging van universele menseregte aanvaar.[100]

Die Kommissie het spoedig tot stand gekom onder voor= sitterskap van mev. Roosevelt, wat die verdienste van menseregte vir die wêreldpolitiek soos volg uiteensit in 'n artikel: *The Promise of Human Rights*,

> "Many of us thought that lack of standards for human rights the world over was one of the greatest causes of friction among the nations,

> and that recognition of human rights might become one of the cornerstones on which peace could eventually be based."[101]

Nadat die ontwerp-deklarasie van die Kommissie breedvoerig in die V.V.O. bespreek is, is die Universele Deklarasie van Menseregte op 10 Desember 1948 deur die Algemene Vergadering van die V.V.O. goedgekeur met 48 stemme daarvoor, geen daarteen en 8 lande (6 state van die Sowjetblok, Saudi Arabië en Suid-Afrika) buite stemming.[102] Die Deklarasie het in kort die volgende behels.

3.6.2 Die Statutêre Inhoud van die Verklaring

Die Deklarasie gaan basies uit van die waardigheid van die individu as mens. In die aanhef word verwys na ".....the inherent dignity.....of all members of the human family....." en ".....The dignity and worth of the human person."[103] In artikel 1 kom die gelykheids=postulaat van die atomistiese saambundeling van individue ter sprake in die woorde:

> "All human beings are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brother=hood."[104]

Die grondliggende regte en vryhede geld dus vir alle menslike individue:

> ".....without distinction of any kind, such as race, color, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status."[105]

Die spesifieke regte en vryhede wat daarna in die Deklarasie aan die orde gestel word, is 'n terminolo=giese variasie op die humanisties-individualistiese tema van onvervreembare regte langs die volle ervarings=vertakking van die mens in die tydelike werklikheid.[106] Ten slotte word die verpligting teenoor die gemeenskap vaagweg erken[107] en bepaal dat die vryhede nie uitgeoefen mag word op 'n wyse wat strydig is met die doelstellings van die V.V.O. nie.

3.6.3 Invloed en Waardebepaling

In felle teenspraak met die hosannas, waarmee die Verklaring bewierook is, het Abram tereg daarvan geskryf: ".....great on production, but poor in distribution..."[108] In *International Law and Human Rights* dui Lauterpacht op die woorde van die afgevaardigde van Haiti oor die Deklarasie:

> ".....the greatest effort yet made by mankind to give society new legal and moral foundations", en daardeur:
> ".....a decisive stage in the process of uniting a divided word."[109], waardeur die grootse

verwagting van die Verklaring se bydrae tot internasionale moralisme kensketsend belig word. Sohn is selfs die mening toegedaan dat die Verklaring al funksioneel gefigureer het..... "even before the ink on the Declaration was dry....."[110], met betrekking tot die sogenaamde Russian Wives Saak.[111] In die Desember 1967 uitgawe van die *Journal of the International Commission of Jurists* skrywe die redakteur, Sean MacBride, selfs dat:

> "The Universal Declaration is, and remains, the most important instrument and landmark in the history of mankind."[112]

As die V.V.O. dan in 1968, met die twintigste verjaarsdag van die Universele Verklaring, 'n Internasionale Jaar vir Menseregte uitroep[113], is dit in die dekade van sewentig gebiedend noodsaaklik dat die invloed van die Deklarasie vir internasionale etiese norme bereken word. As universele verklaring is sy toespitsingsakker vanselfsprekend die totaliteitsomvang van internasionale verhoudinge. Die sukses kan daarom nie bereken word in regionale verband, met betrekking tot momentele probleemsituasies of eensydige humanistiese bewieroking van die onontbeerlike bates daarvan nie; maar moet gemeet word aan die aanvaarding daarvan deur die internasionale statestruktuur as gemeenskaplike en bindende etiese

norme wat ewewig en harmonie in die veelheid van tussenstaatlike belange bevorder. McDougal en Bebr het aangetoon dat die huidige ideologiese magsverdelende struktuur van die wêreldpolitiek geen geleentheid aan menseregte bied om dit tot bruikbare tussenstaatlike wasdom te laat groei nie.

> "As grand as is the vision which inspires the United Nations human rights program and as indispensable as such vision may be to the achievement of a free, peaceful, and abundant world society, it is improbable in the present world context of bipolarized and other bloc power and of imminent expectations of violence, that startling new progress can be quickly effected on a global scale either in the acceptance of new authoritative prescriptions about human rights or in the establishment of workable enforcement measures."[114]

Kortom, internasionale verhoudingsmomente word in die huidige tussenstaatlike struktuur nie aan 'n etiese "Leitmotiv" gekoppel nie.

Die verabsolutering van menseregte transendeer daar=teenoor ook die territoriale afgrensing van tussenstaat=like subjekte en kan dan in stryd met artikel 2 (paragraaf 7) van die V.V.O.-Handves, die tipiese owerheidsfunksie van huishoudelike jurisdiksie onder=myn.[115] Fawcett is daarom heeltemal korrek as hy oor die tussenstaatlike beïnvloedingsvermoë van menseregte skryf: ".....the old Adam of sovereignty can still fight a delaying action at many points."[116] Die ge=differensieerde religieuse klimaat van internasionale verhoudinge bied juis geen ooreenstemming oor die eie-aard van korrekte universele internasionale etiese norme nie. Die natuurlike regte van die staatsburger word daarom konstitusioneel gepositiveer in verskillende ervaringsrealiteite - owerheidstoepassing in afsonder=like state dra beslis by tot die ".....symptoms of

820/...

incipient paralysis,"[117] aldus McDougal in Bebr. Van deurslaggewende betekenis bly ook die vraag of die optelsom van die "natuurlike regte" van alle menslike individue die basis van tussenstaatlike etiese norme moet wees en of state - as subjekte van die wêreld=politiek - etiese norme op tussenstaatlike funderings=basis moet positiveer. In dié lig beskou kan die verab=soluteerde menseregte van individue (die Universele Deklarasie) nooit die geheelbeeld bied van internasio=nale moralisme vir die toepassingstruktuur van inter=nasionale verhoudinge nie. Op streeksgrondslag was die verklarings met betrekking tot menseregte meer suksesvol.

3.7 Die Europese Konvensie met betrekking tot Menseregte

By hernuwing geïnspireer deur die Universele Deklarasie van 1948 word die Europese Konvensie met betrekking tot Menseregte op 4 November 1950 onderteken en tree dit op 3 September 1953 met 16 ledestate in werking.[118]

> "This convention which we are signing is not as full or as precise as many of us would have wished," verklaar Schuman van Frankryk en vervolg: "However we have thought it our duty to subscribe to it as it stands. It provides foundations on which to base the defence of human personality against all tyrannies and against all forms of totalitarianism."[119]

Die voorbereidende kongres te Den Haag het in sy sogenaamde "Message to Europeans" die volgende verklaring uitgereik:

> "We desire a United Europe throughout whose area the free movement of persons, ideas and goods is restored; We desire a Charter of Human Rights guaranteeing liberty of thought, assembly an expression as well as the right to form a political opposition; We desire a Court of Justice with adequate sanctions for the implementation of this Charter; We desire a European Assembly

> where the live forces of all our nations shall be represented."[120]

Die Europese Konvensie bely luidens sy aanhef geloof in:

> ".....those fundamental freedoms which are the foundation of justice and peace in the world.", en beoog meer bepaald
> ".....to take the first steps for the collective enforcement of certain of the Rights stated in the Universal Declaration....."[121]

Die Konvensie lewer niks nuuts op nie, maar word aange=vul deur vyf sogenaamde protokolle waarvan die tweede, derde en vyfde nie eens in die onderhawige verband ter sake is nie.[122] Statutêr omskrywe die Konvensie die vryheid en sekuriteit van die menslike individu in die volle aksieradius van internasionale en privaatregtelike betrokkenheid.[123]

Die Europese Konvensie het die grondslag gelê vir die erkenning van menseregte op streeksgrondslag. Trouens, die invloed daarvan kom redelik algemeen voor in die grondwette van state wat daarna soewereine staatkundige mondigheid verwerf het.[124] Die Lagos Konferensie met betrekking tot die "Rule of Law" verklaar dienooreen=komstig op 7 Januarie 1961 kragtens artikel 3:

> "That fundamental human rights, especially the right to personal liberty, should be written and entrenched in the constitutions of all countries and that such personel liberty should not in peacetime be restricted without trial in a Court of Law."[125] (Onderstreep - L.D.B.)

Scheuner het tereg aangetoon dat 'n regionale funderings=basis die normatiewe religieuse aanvaardingsveelheid oor die eie-aard van menseregte onderskep en daardeur die sinvolle voortrap bied tot universele aanvaarding.

> "The European convention on Human Rights as a system of regional guarantees for human freedoms shows clearly the advantages of a

> regional solution. Within a community of states united by a common heritage of values and legal traditions, it is easier to develop common principles and standards for the protection of human rights. International control can be made more effective within a united area of nations. The institution of a commission and of a court of Human Rights is feasible only in a regional community where a common interest outweights the sentiments of national pride and sovereignty."[126]

Aldus moet menseregte eers op streeksgrondslag - die geografiese funderingsbasis nie noodwendig verabsoluteer nie - gestabiliseer word, voordat dit 'n sinvolle internasionale bydrae sal kan lewer tot die universele aanvaarding van tussenstaatlike moralisme.

3.8 Samevatting

Volledigheidshalwe moet gemeld word dat daar onder die vaandel van die V.V.O. en deur ander internasionale streeksgroeperinge 'n magdom van verklarings in verskeie internasionale verhoudingsfere uitgevaardig is.[127] Die waarde daarvan en van die blik op die historiese ont= wikkeling van menseregtelike deklarasies is geleë in die strewe van die mensdom om ten minste konstitusioneel die onvervreembare regte van die mens vas te lê en daardeur 'n bydrae te maak tot internasionale etiese norme. Onge= lukkig word die mens daardeur verhef tot die rang van die absolute humanistiese basis van die wêreldpolitiek, wat vanselfsprekend geen genormeerde vaslegging van die taak van die individu in internasionale moralisme toelaat nie. Trouens, die regte van die geïndustrialiseerde massamens van die twintigste eeu lewer geen bydrae tot universele etiese kodes nie, maar verhef die gematimati= seerde humanistiese mensgodjie tot die strukturele basis van sosialistiese internasionalisme wat geen ruimte laat vir strukturele erkenning aan ewewig en harmonie in internasionale verhoudinge nie.

823/...

4 DIE ROL VAN INTERNASIONALE MORALISME

4.1 Historiese Omvang en Invloed

Die ooraksentuering van staatkundige soewereiniteit, gepaar aan egoïstiese magspolitiek en die bykans dogmatiese geloof in die korrektheid van die eie tussenstaatlike optrede, staan fel teenoor die toepaslike moralistiese uitspraak van Isocrates:

> "Treat weaker states in the same way as you would like stronger states to treat you."[128]

Histories kom die terme goeie trou, regverdigheid, gelykheid, vriendskap, vrede, vryheid en gelykheid van state, beskaafdheid, humaniteit en die eer van state met repeterende reëlmaat in internasionale verhoudinge voor. Die berugte Ghenghis Khan het 'n diplomatieke sending van die Sjah van Persië soos volg toegespreek:

> "Say ye unto the Khwarizui-Shah that I am the sovereign of the sunrise and thou the sovereign of the sunset. Let there be between us a firm treaty of friendship, amity and peace, and let traders and caravans on both sides come and go, and let the precious products and ordinary commodities which may be in my territory be conveyed by them into thine, and those of thine in the same manner let them bring into mine."[129]

By die Vredeskongres van Wene (1815) het Talleyrand aan die hand gedoen:

> "The only means of avoiding future wars consists in not dishonouring a great nation."[130]

, terwyl die Heilige Alliansie (1815) volgens die aanhef:

> ".....acquired the intimate conviction of the necessity of settling the steps to be observed by the Powers in their reciprocal relations upon the sublime truths which the Holy Religion of our saviour teaches."[131]

Die Vredesverdrag van Versailles (1919) verklaar deur

824/...

artikel 227 dat sy "Leitmotiv" die:

> ".....highest motives of international policy with a view to vindicating the solemn obligations of international undertakings and the validity of international morality."[132], is. In sy intreerede as Amerikaanse President verklaar Franklin Delano Roosevelt:
>
> "In the field of world policy I would dictate this nation to the policy of the good neighbour - the neighbour who resolutely respects the rights of others - the neighbour, who respects his obligations and respects the sanctity of his agreements in and with, a world of neighbours."[133]

Teen die agtergrond van 'n voortdurende internasionale vete teen Suid-Afrika, verklaar dié land se Eerste Minister op 7 Februarie 1975 tydens die wantrouedebat in die Volksraad:

> ".....die inisiatief van Suid-Afrika om 'n toestand van vrede, ontspanning en same= werking in Suider-Afrika te help skep, het in hierdie dae 'n besondere bydrae gemaak."[134]

Totalitaristiese regimes is egter ook dikwels oortuig dat hulle internasionaal - staatkundig in die naam van geregtigheid optree. By geleentheid van 'n staats= banket tot sy eer, verklaar Adolf Hitler in 1938 in Rome:

> "Since last August on the Maifeld in Berlin you quoted as an ethical principle, sacred to you and Fascist Italy, these words: "Speak plainly and fankly and if you have a friend march with him right to the end." In the name of National - Socialist Germany I, too, acknowledge this rule."[135]

Mussolini het dienooreenkomstig by sy terugkeer vanaf München op 30 September 1938 vanaf die "Palazzo Venezia" gebulder:

> "Comrades, you have been living through memorable hours. At Munich we worked for peace based on justice. Is not this the

ideal of the Italian people?"[136]

Ook die Sowjetunie beskou tussenstaatlike moralisme nie as 'n "bourgeois" monopolie nie. Hopkins het die volgende woorde van Stalin gedurende 'n gesprek in 1941 gerappor= teer:

> ".....the necessity of there being a minimum moral standard between all nations, and without such a minimum moral standard nations could not co-exist. He stated that the present leaders of Germany knew no such minimum moral standard and that therefore, they represented an anti- social force in the present world. The Germans were a people, he said, who without a second's thought would sign a treaty today, break it tomorrow and sign a second one the following day. Nations must fulfil their treaty obliga= tions, he said, or international society could not exist."[137]

Onder die opskrif *Africa and Freedom* verklaar Luthuli op 11 Desember 1961 by die ontvangs van Nobel-Vredesprys:

> "Only on this basis can the peace of Africa and the world be firmly founded. Our cause is the cause of equality between nations and peoples. Only thus can the brotherhood of man be firmly established."[138]

Die rewolusionêre metodes van militante ekstremiste in die twintigste eeu word dus ook deur nobele etiese eindresultate geregverdig.

> ".....all these disparaged qualities acquire a true nobility, the nobility of the end at which they aim; and it becomes clear that we are not speaking of distorted means of reaching and end."[139], skrywe Che Guevara in *Guerrilla Warfare*.

Aan die einde van 1974 het die militante Yasser Arafat in die V.V.O. onder die vredesvaandel: "brotherly embrace"[140], toekomstige tussenstaatlike harmonie in die Midde-Ooste voorsien.

Uit dié enkele historiese momentopnames blyk dit glashelder

dat daar internasionaal hartgrondig voorgegee word dat alle tussenstaatlike optredes moreel verantwoordbaar moet wees. Die toepassingservaring in die harde realiteit van internasionale verhoudinge bring egter diepliggende verskille en die immoraliteit van tussenstaatlike morele kodes aan die lig.

4.2 Tussenstaatlike Toepassingservaring

Oortuigings aangaande internasionale etiese kodes word ten diepste gedra deur religieuse oortuigings.[141] Die transendentale onversoenbaarheid van religieuse uitgangspunte bring beslis die probleem van die bestaan van internasionale morele kodes ter sprake, veral waar die kruistoggees oor die korrektheid van nasionale etiek internasionaal geprojekteer word.

> "Certainly", skrywe van Dyke, "statesmen regularly claim that they act in accordance with high moral principles."[142], terwyl Schwarzenberger opmerk: "Even in the sphere of pure power politics, statesmen must take for granted a minimum of international morality; for their own understandings with allies ultimately rest on the moral principle that the pledged word ought to be honoured."[143]

Dit is egter wanneer die etiese kodes van enige internasionale religieuse dryfkrag meedoënloos universeel as die enigste tussenstaatlike vredesdoelmatigheid afgeforseer word dat die etiese self 'n bedreiging vir die wêreldvrede word. Thompson stel dit so:

> "The Wars of Religion are an earlier example of absolutizing particularistic ends, and history attests that man is never so cruel and intractable as when he becomes a crusader for moral and religious goals."[144]

Internasionale morele kodes word so beskou, die optelsom van nasionaal-geprojekteerde etiese kodes wat juis vanweë die religieuse versplintering geen universele etiese norm kan meebring nie. Chauvinistiese verabsolutering van nasionale moralisme wat nie toegespits is op die behoud van tussenstaatlike vrede nie, maar juis op magsaanwending

in internasionale betrekkinge:

> "Thus, in a system of power politics, the chief function of international morality does not consist in controlling one's own behavior but in the use of morality as a powerful weapon against political and actual enemies."[145], aldus Schwarzenberger.

Moralisme in die wêreldpolitiek is dikwels ook die uit=vloeisel van 'n geïdealiseerde verwagting. In *The Problem of Peace* verklaar Albert Schweitzer op 4 November 1954 na die ontvangs van die Nobelprys vir Vrede te Oslo:

> "May the men who hold the destiny of peoples in their hands studiously avoid anything that might cause the present situation to deteriorate and become even more dangerous. May they take to heart the words of the Apostle Paul: "If it be possible, as much as lieth in you, live peaceably with all men." These words are valid not only for individuals but for nations as well. May these nations, in their efforts to maintain peace, do their utmost to give the spirit time to grow and to act."[146]

Ewe idealisties is die standpunt wat Kennedy in 1963 in *Toward a Strategy of Peace* huldig:

> "World peace.....does not require that each man love his neighbour, it requires only that they live together in mutual tolerance, submitting their disputes to a just and peaceful settlement.....So let us persevere. Peace need not be impracticable, and war need not be inevitable. By defining our goal more clearly, by making it seem more manageable and less remote, we can help all peoples to see it, to draw hope from it, and to move irresistibly toward it."[147]

Idealisme aangaande moralisme in internasionale verhoudinge kan egter die konkrete werklikheidservaring van die tussen=staatlike nie verontagsaam nie. Met die blote ettikettering

van "realiste" versus "idealiste" word wetmatighede tussenstaatlik toegespits. Morgenthau het kensketsend aangetoon hoedat die verabsolutering van die etiese geen waarborg vir ontspanne, genormeerde internasionale be= trekkinge bied nie.

> "Neville Chamberlain's politics of appeasement were", skrywe Morgenthau: "as far as we can judge, inspired by good motives; he was probably less motivated by considerations of personal power than were many other British prime ministers, and he sought to preserve peace and to assure the happiness of all concerned. Yet his policies helped to make the Second World War inevitable and to bring untold miseries to millions of men. Sir Winston Churchill's motives, on the other hand, have been much less universal in scope and much more narrowly directed toward personal and national power, yet the foreign policies that sprang from these inferior motives were certainly superior in moral and political quality to those pursued by his predecessor."[148]

Dit is dus duidelik dat mag en moralisme in die tussen= staatlike onskeibaar is, en dat hierdie delikate verhou= ding voortdurend appelleer op die soewereiniteitsbehoud van elke owerheid met betrekking tot sy nasionale staatsterritorium.[149]

Die eie-aard van internasionale moralisme en die funde= ringsbronne daarvan val in verskeie vlakke uiteen. Die natuurwetenskaplike uitgangspunt aanvaar 'n "naturalistiese" oorkoepelende etiese waardesisteem waaraan state natuur= wetmatig gebonde is.[150] Bosanquet (1848 - 1923) ont= wikkel in *The Philosophical Theory of the State* die gedagte dat die staat 'n morele wese is; daarin dat dit gekoppel aan die hoëre naturalistiese moraalorde, state van immorele optrede sal weerhou.[151] Die rasionalisering van universele morele waardes, want skrywe Wright: ".....societies must adapt their values to these conditions or cease to exist."[152]

829/...

Die sosiologiese uitgangspunt aanvaar die inherente goeie sosiale aandrif van menslike individue - Vox populi, vox dei - as die onfeilbare bron van internasionale moralisme.[153]

> "It is those of the younger generation who say in famous words:", verklaar Lord Caradon: "But you have the power, you have the wealth, you have rank, you have organisation, you have the place of power. What have we? We think we have the people's heart. We believe and we know that we have the harvest of the future."[154]

Dit bring ons by die sogenaamde psigologiese uitgangspunt dat elke menslike individu self die regter is oor dit wat hy - humanisties verabsoluteer - as die ware karakter=eie van tussenstaatlike etiese geluk, waarheid en voorspoed aanvaar.[155] "The greatest good of the greatest number."[156], word die slagspreuk waardeur internasionale etiese norme op getalsmatige humanistiese verabsolutering gebou word.

Rustende op die filosofiese uitgangspunt van die inherente menslike goedheid is die transformasie na 'n universalis=tiese moralisme immer aktueel. Groeiende internasionalisme deur tussenstaatlike tegnologiese aaneenskakeling, bring vir sommige welmenende idealiste die enigste ideaaltipiese struktuur waarop internasionale etiese norme kan fungeer.[157] Slegs sodanig struktureel beliggaam kan die tergende "wanopvattings" - uitvloeisel van religieuse differen=siasie - wat state aan mekaar se tussenstaatlike doel=stellings koppel, onderskep word.

> "The assumption underlying this thesis is that international relations are often what people think they are; or, to put it in other words, that under certain conditions, men respond not to realities but to fictions that they have themselves created.....", skrywe Stoessinger in *Nations in Darkness* en vervolg: ".....world politics lends itself all too easily to the development of wide gaps between what reality is and the way it is perceived. Because of this fact, perception

> probably plays almost as important a role in international relations as does objective reality itself."[158]

Tradisionele voortgeborduurde wanopvattings oor nasionale staatkundige doelstellings ten spyt, bly hartgrondige verskille in internasionale morele waardeoriëntasie 'n fundamentele probleem. Die opmerking van Cavour; tussenstaatlik geprojekteer, is hier van pas:

> "If we had done for ourselves what we did for the state, what scoundrels we would have been."[159]

Die onwankelbare geloof in die onfeilbaarheid van die eie lewens- en wêreldbeskoulike norme oor tussenstaatlike etiek bring meermale die oproep dat die swaardmag ingespan moet word om die voortbestaan daarvan te beveilig. In 'n Rektorale Lesing, getitel *Freedom*, verklaar Genl. J.C. Smuts op 17 Oktober 1934 aan die St. Andrews Universiteit te Skotland:

> "The issue of freedom, the most fundamental issue of all our civilization, is once more squarely raised by what is happening in the world, and cannot be evaded. The danger signals are up in many colours and in many lands. The new Tyranny, disguised in attractive patriotic colours, is enticing youth everywhere into its sevice. Freedom must make a great counterstroke to save itself and our fair western civilization. Once more the heroic call is coming to our youth. The fight for human freedom is indeed the supreme issue of the future, as it has always been in the past."[160]

Daarmee word een van die grondliggende prinsipiële beginsels van internasionale moralisme blootgelê. Elke staatsowerheid bly in die laaste instansie, ooreenkomstig sy genormeerde owerheidstaak, geroepe om internasionale etiek nie ten koste van staatkundige soewereiniteit te verabsoluteer nie. Internasionale moralisme teen elke prys lewer die nasionale statestruktuur juis aan die

diktatoriale immorele magspolitiek van die supermoondhede uit. Die najaging van tussenstaatlike etiek moet daarom nooit geskied ten koste van die behoud van staatkundige strukturele soewereiniteit nie. Gandhi het in sy passiewe verset die bestemmingsfunksie van internasionale moralisme gesien:

> "Passive resistance is a method of securing rights by personal suffering. It is the reverse of resistance by arms.....Wherein is courage required - in blowing others to pieces from behind the cannon, or with a smiling face to approach a cannon and be blown to pieces?"[161], skrywe Gandhi in 1909.

Die antinormatiewe internasionale morele versoeking van Gandhi was suksesvol teen die Britte, maar 'n mens wonder hoe geslaagd dit sou wees teen Hitler, Stalin en Mao? Die staatsowerheid wat staatkundige soewereiniteitsbehoud deur die etiese internasionale naasteliefde laat domineer, ondergrawe sy genormeerde gedelegeerde taakbevoegdheid en kan daarom geen bydrae lewer oor die korrekte normatiewe omgrensing van internasionale moralisme nie. In 'n toe=paslike aanhaling vir die tussenstaatlike skrywe Max Weber in *Politics as a Vocation*:

> "No ethic in the world can dodge the fact that in numerous instances the attainment of good is bound to the fact that one must be willing to pay the price of using morally dubious means or at least dangerous ones - and facing the possibility or even the probability of evil ramification. From no ethics in the world can it be concluded when and to what extent the ethically good purpose "justifies" the ethically dangerous means and ramifications. The proponent of an ethic of absolute ends cannot stand up under the ethical irrationality of the world."[162]

Die ooreenkoms het, soos Shotwell tereg aantoon, die verbeelding van die internasionale ontwapeningsoeke aangegryp:

> "The challenge to the imagination of the world which lay in the act of Secretary Hughes was defined to influence the whole direction of the peace movement for the next twelve years. The spectacle that it offered - in anticipation of the fact - of nations towing battleships out to sea and sinking them in the cause of international goodwill, was much more absorbing than the dull routine of discussion in the bodies of the League or of arguments in courts or arbitration tribunals."[40]

Die Maritieme Konferensie van Geneve (1927) word reeds gekenmerk deur diepliggende verskille[41], en hoewel daar by die volgende Vlootkonferensie van London (1930) beperkende ooreenkomste rakende kruisers, torpedojaers en duikbote onderteken word, was dit reeds duidelik dat state nie baie geneë was om hulle maritieme magsver= moë konstitusioneel in internasionale ooreenkomste te laat beperk nie.[42] Met die Konferensie van London (1935) was dit reeds 'n uitgemaakte saak dat die pogings tot maritieme wapenkontrole gefaal het. Japan het die ooreenkoms van 1922 opgesê[43], en met die Anglo-Duitse Verdrag (1935) is die Verdrag van Versailles verkrag en Duitsland en Rusland, onder sekere beperkings, hertoegelaat tot die maritieme wapenwedloop.[44] Aanvank= lik het die Vlootkonferensies 'n <u>modus vivendi</u> in die maritieme strategiese sfeer daargestel. Die geldings= radius was egter beperk in soverre dit alleen maritieme wapentuig beperk het, en onbevoeg was om die globale

885/...

wapenwedloop en hernieude magsopbouing van die dekade van dertig aan bande te lê.

2.4.2 Die Wêreldontwapeningskonferensie

Die inisiërende funksie van die Volkebond tot universele wapenbeperking is onder meer deur die Geneefse Protokol (1924)[45], die Locarno-Verdrae (1925)[46] en die Kellog-Briand Verdrag (1928)[47] gestimuleer. Laasgenoemde Verdrag lê volgens 'n vertaling van Diederichs in artikel 1 ontwapening statutêr vas:

> "Die Hoë Verdragsluitende Partye verklaar plegtig, in die naam van hul onderskeie volkere, dat hulle die toevlug neem tot oorlog as oplossing van internasionale geskille verdoem en dit veroordeel as 'n instrument van nasionale beleid in hul ver= houdinge tot mekaar."[48]

Vir Goodspeed is die Verdrag 'n ".....symbol.....both morally and diplomatically, ..."[49], terwyl Von Glahn daarin bloot 'n morele sedepreek - konstitusioneel organisatories vergestalt - onderskei.[50]

Schwarzenberger dui daarop dat die kollektiewe onder= liggende sanksie van dié ooreenkomste in die harde realiteite van tussenstaatlike agressie bloot 'n ".....dim memory....."[51] geword het.

Aangevuur deur die skynbare internasionale strewe om wapenkontrole organisatories en deur universele kon= stitusionele sanksie vas te lê het die Wêreldontwa= peningskonferensie op 2 Februarie 1932, met 61 staatsower= hede verteenwoordig, te Geneve begin.[52] Die President van die Konferensie, Henderson, het substansiële ver= mindering en beperking van alle nasionale wapenarsenale as die hoogste ideaal voorgehou.[53] Die idealistiese doelwit is ernstig belemmer deur die Franse strewe van militêre sekuriteit teenoor Duitsland; beliggaam in 'n tussenstaatlike struktuur van gemeenskaplike veiligheid.[54] Diepliggende verskille oor die eie-aard van "defensiewe"

886/...

en "offensiewe" wapentuig het ook voorgekom[55], en oor die kwalitatiewe beperkingsmaatreëls kon geen sinvolle ooreenkoms bereik word nie.

Die redusering en beperking rondom die getalsmoment was ewe onsuksesvol. Litvinov, Russiese afgevaardigde, se dramatiese oproep vir totale ontwapening - "reduction to zero" - het 'n oproer veroorsaak, maar geen algemene byval gevind nie.[56] Die ewe idealistiese matematiese beperking deur President Hoover van die V.S.A. op 22 Junie 1932 is deur Hartmann soos volg opgeteken:

> ".....all land forces in excess of Germany's army of a hundred thousand should be immediately reduced by one third. Bombing planes, large mobile guns, and all tanks were to be abolished and naval forces should be cut by one third the existing tonnage for battleships and submarines."[57]

Ook Hoover se voorstel het nie verder gekom as die feit dat dit wel ter tafel geneem is nie.

Die fundamentele probleem by die Wêreldontwapeningskon= ferensie was die onvermoë van Duitsland en Frankryk om tot 'n vergelyk te raak[58], en nadat Hitler in Januarie 1933 die leisels in Duitsland oorgeneem het was die skrif vir enige internasionale ooreenkoms rakende wapenkontrole teen die muur.[59] In Oktober van daardie jaar het Duitsland hom finaal aan die Konferensie ont= trek. In *The Rise and Fall of the League of Nations* skrywe Scott treffend dat die idealistiese projeksie van die etiese in tussenstaatlike wapenbeperking jammer= lik gefaal het:

> "That dream, however impracticable it might have been, however remote from fulfilment; that dream which had sustained the survivors of the world war and inspired their children; that dream died a lingering, miserable death in the committee rooms of Geneva, degenerating in its last days to an exercise in conscious futility, a mocking echo of what might have been."[60]

Henderson, voorsitter van die Wêreldontwapeningskonfe= rensie, het in 1934 die Nobelprys vir Vrede ontvang en by dié geleentheid onder die opskrif: *Essential Elements of a Universal and Enduring Peace* in Oslo die volgende gesê:

> "Perhaps the grimmest aspect of this great paradox is that the very nations that are chiefly responsible for starting and for maintaining the Disarmament Conference are also the nations that have begun a new arms race."[61]

Die laaste spykers was gekap in die ontwapeningsdoodkis en 'n nuwe wêreldoorlog sou die vredesdrome verpletter. Die stryd vir tussenstaatlike wapenkontrole sou daarna in die radikaal-veranderde kernmilieu gevoer word.

2.5 Ontwapening in die Tussenstaatlike Milieu van Kernterreur

2.5.1 Inleiding

Die verwoesting van Hiroshima en Nagasaki het die vraagstuk van wapenbeperking in die kerneeu na funda= mentele belangrikheid laat styg.

> "Our planet cannot persist on its present courses. There may be war, as a result of which nearly all will perish.", skrywe Russell in *Common Sense and Nuclear Warfare* en vervolg:
> "I hope, though with much doubt, that some gleams of sanity may yet shine in the minds of statemen. But the spread of power without wisdom is utterly terrifying, and I cannot much blame those whom it reduces to despair."[62]

President Truman het ewe-eens die gevaar van kernwapens besef toe hy in Augustus 1945 verklaar het:

> ".....the atomic bomb is too dangerous to be let loose in a lawless world.....we do not intend to reveal the secret until means have been found to control the bomb so as to pro= tect ourselves and the rest of the world from

> the danger of total destruction. We must constitute ourselves trustees of this new force - to prevent its misuse, and to turn it into channels of service to mankind."[63]

In *Polemologie* laat Röling hom soos volg uit:

> "De technische ontwikkeling van de wapens heeft het onmogelijk gemaakt om positief te staan tegenover de oorlog. Men kan nog steeds overtuigd zijn van zijn on= vermijdelijkheid. Maar men kan moeilijk in de oorlog een goede zaak zien."[64]

Die monumentale toename in verwoestingskrag deur die tegnologiese ontwikkeling van kernwapentuig het die vraagstuk van ontwapening dringend en fundamenteel in die branding van internasionale verhoudingsprobleme ge= plaas. Trouens, die standpunt word algemeen ingeneem dat 'n kernarmaggedon die einde van die menslike be= skawing sal beteken en dat gebrek aan 'n oplossing van die probleem fataal kan wees. ".....it is an objective deeply rooted in the fears and hopes of masses of men"[65], skrywe Bull in *The Control of the Arms Race*. Ontwapeningspogings in die kernmilieu verteenwoordig dan ook van die mees ambisieuse en gesofistikeerde pogings tot dien verstande aangepak

2.5.2 Die Baruchplan

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was Amerika alleenpotentaat van atoomwapens en daar is dadelik 'n kommissie onder Acheson en Lilienthal aangestel om 'n konstitusionele bloudruk vir die internasionale kontrole van atoomenergie op te stel. In sy memoirs skrywe Acheson:

> ".....the extremely favored position with regard to atomic devices, which the United States enjoys at present, is only temporary. It will not last. We must use that advan= tage now to promote international security and to carry out our policy of building a lasting peace through international agreement."[66]

Die werksaamhede van die kommissie het uitgekristalli= seer in die sogenaamde Acheson-Lilienthal Verslag wat deur die verteenwoordiger van die V.S.A. op die Atoomenergiekommissie van die Verenigde Volke, Baruch, in gewysigde vorm op 14 Junie 1946 voorgehou is.[67]

In die aanhef tot sy voorgestelde skema het Baruch onder meer gesê:

> "We are come to make a choice between the quick and the dead. That is our business. Behind the black portent of the new atomic age lies a hope which, seized upon with faith, can work our salvation. If we fail, then we have damned every man to be the slave of Fear. Let us not deceive ourselves: We must elect World Peace or World Destruction."[68]
> (Onderstreep - L.D.B.)

Die skema van Baruch het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n internasionale outoriteit onder gesag van die Veiligheidsraad van die V.V.O. wat mono= polistiese alleenreg en eksklusiewe gesagskontrole oor alle aspekte van atoomenergie vir oorlogsdoeleindes sou uitoefen.[69]

Vir Rusland en Stalin in die besonder, was die skema onaanvaarbaar.[70] Vir die Kremlin het dit neergekom op die aanvaarding van Washington se atoomdominasie en daarom is die sogenaamde Gromykoplan op 19 Junie van dieselfde jaar voorgelê.[71] Dit alles was egter grootliks diplomatieke spel vir tyd, en terwyl die romp-slomp van die platform-diplomasie nog aan die gang was, het Rusland finaal in 1949 die atoommonopolie verbreek.[72] Monopolistiese dominasie is vervang deur teoretiese pariteit en alle ontwapeningspogings sou daarna in 'n tussenstaatlike ewewig van verskrikking plaasvind.

2.5.3 Mislukte Skemas van die Vyftigerjare

2.5.3.1 Inleiding

Die kernwapentegnologie het ongelooflik snel ontwikkel

890/...

en in 1950 het Einstein met verwysing na die Waterstofbom voor die Amerikaanse beeldradio ver= klaar:

> "If these efforts should prove successful, radioactive poisoning of the atmosphere, and, hence annihilation of all life on earth, will have been brought within the range of what is technically possible. A weird aspect of this development lies in its apparently exorable character. Each step appears as the inevitable con= sequence of the one that went before. And at the end, looming ever clearer, lies general annihilation."[73]

Gedurende 1952 het die V.S.A. en in 1953 Rusland beide suksesvol waterstofbomme getoets, wat nie alleen bete= ken het dat die kernbesittersklub uitgebrei het nie, maar dat kwantitatiewe beperkings weer in die plek van prinsipiële wapenkontrole gekom het[74] - van 'n bespreking oor die aanvaarbaarheid van kernwapens in die tussenstaatlike tot beperkings oor die strategiese aanwending daarvan.

Vroeg in die dekade van vyftig is daar ook weer by hernuwing aan konvensionele wapenbeperking aandag gegee.[75] Frankryk en Engeland het 'n matematiese plafon voorgestel wat die V.S.A., U.S.S.R. en Rooi Sjina elk tot 'n weermag van 1,500,000 man beperk en waardeur Frankryk en Engeland 800,000 en 700,000 man onderskeidelik toe= gelaat sou word.[76] Dit sou "Oos" teenoor "Wes" in 'n matematiese pariteit van drie miljoen man aan beide kante laat balanseer. Die kommunistiese state wou die getalsmatige beperking van hulle letterlike humanistiese magsbron nie aanvaar nie en bowendien openbaar 'n reso= lusie by die Sesde Wêreldkongres van die Internasionale Kommunisme in 1928 klaarhelder wat die kommunistiese motiewe met ontwapening is.

> "The proposals for general and complete disarmament submitted by the Soviet Govern=

> ment.....differ radically in aim, sincerity and objective significance from the phrases and schemes submitted by the imperialists and their Social Democratic flunkeys. The aim of the Soviet proposals is not to spread pacifist illusions, but to destroy them; not to support capitalism.....but to propagate the fundamental Marxian postulate, that disarma= ment and the abolition of war are possible only with the fall of capitalism....."It goes without saying that not a single communist thought for a moment that the imperialists would accept the Soviet disarmament proposals."[77]

Later in die vyftigerjare is daar pogings aangewend wat nie soseer op ontwapening gemik was nie, maar op 'n vermindering van kernterreur en tussenstaatlike spanning, om daardeur die weg tot globale wapenkontrole te berei.

2.5.3.2 Die Ontwapeningspitsberaad van 1955

Gedurende Julie 1955 het Russiese, Amerikaanse, Franse en Engelse staatsleiers 'n spitsberaad te Geneve aangaande wapenbeperking bygewoon.[78] President Eisenhower het by dié geleentheid sy beroemde "Open Skies" voorstelle gemaak[79], en op 21 Julie onder meer gesê:

> "I should address myself for a moment principally to the delegates from the Soviet Union, because our two great coun= tries admittedly possess new and terrible weapons in quantities which do give rise in other parts of the world, or recipro= cally, to the fears and dangers of surprise attack. I propose, therefore, that we take a practical step, that we begin an arrange= ment, very quickly, as between ourselves - immediately."[80]

892/...

Die Russiese reaksie was egter nie baie entoesiasties nie, veral waar die "Open Skies" skema die bykans mistieke geheimsinnigheid van die Sowjet-samelewing en militêre instellasies in die internasionale kalklig sou stel. Bulganin, leier van die Russiese afvaar= diging, het 'n alternatiewe "crossroads" inspeksieplan voorgestel.[81] Die kern van die Sowjetvoorstel was neutrale inspekteurs wat veral transportasie en kommunikasie openbaar moes maak en daardeur mobili= sasie vir 'n geheime aanval as onmoontlik uitskakel.[82] In sy memorandum het Bulganin onder meer gesê:

> "We are convinced that such an agreement on the atomic question, pending the complete prohibition of the use and pro= duction of atomic weapons and their elimi= nation from the armaments of States, would be an important step towards the easing of international tension, ending the "cold war" and relieving the peoples of the dread of an atomic war."[83]

Die Verenigde State was ewe onentoesiasties oor die voorstel, hoofsaaklik vanweë die vae terminologie en beperkte aard daarvan.

Noel-Baker het die samesprekings van 1955 bestempel as "The Moment of Hope"[84], en tog het die V.S.A. in September van dieselfde jaar alle voorstelle tot bewapeningsontspanning teruggetrek.[85] Die ou wantroue tussen die Kremlin en die Wit Huis het nog nie gewyk nie, en die gebrek aan wedersydse trou en betroubaarheid het steeds in die weg van sinvolle wapenbeperkingsamesprekings gestaan. President Eisenhower wou steeds die vernaamste onder die eerstes bly - ontwapening in die struktuur van neweskikkende kernpariteit was vir hom onaanvaarbaar.[86]

> "In numbers, our stock of nuclear weapons is so large and so rapidly growing that we are able safely to disperse it to positions assuring its instant availability

893/...

> against attack and still keep strong reserves. Our scientists, assure me that we are well ahead of the Soviets in the nuclear field, both in quantity and in quality. We intend to stay ahead.", (Onderstreep - L.D.B.)

verklaar hy op 7 November 1957.[87] Die Kremlin daarenteen sou alles in sy vermoë doen om die voor=sprong van die V.S.A. in te haal en teen dié agtergrond was die ontwapeningsamesprekings niks meer as diplo=matieke hansworsery en oëverblindery nie.

2.5.3.3 Ander Onsuksesvolle Skemas

Na die mislukte ontwapeningspitsberaad is die idealis=tiese skemas op wapenvrye sones toegespits. Die eerste voorstel was die van Rapacki, Poolse Minister van Buitelandse Sake, vir 'n gedemilitariseerde kern=wapenvrye sone in Sentraal-Europa.[88]

> "The Plan prohibits the states within the zone (1) from producing or preparing to produce any kind of nuclear weapons or nuclear delivery vehicles on their territory; (2) from introducing any kind of nuclear weapons or nuclear delivery vehicles, and (3) from granting permission for the establishment of new bases or facili=ties for the stockpiling or use of nuclear weapons or nuclear dilivery vehicles in the zone."[89], aldus Wainhouse.

Vir die Weste was die Rapackiplan onaanvaarbaar vanweë geografies-strategiese oorwegings en die daaruit=voortvloeiende Russiese dominasie van Sentraal-Europa. Die Amerikaanse voorstel van 'n "Arctic Inspection Zone" was ewe onsuksesvol.[90]

Op 31 Oktober 1958 het samesprekings oor 'n verbod op kernwapentoetse in Geneve begin.[91] Biologiese en genetiese defekte as gevolg van voortdurende kerntoetse het die internasionale openbare mening baie sterk morele druk op die voortsetting van kerntoetse laat

uitoefen.[92] Ooreenkomste oor die wêreldwye ver= spreiding van 180 kontroleposte is wel deur die 16 afgevaardigdes bereik[93], maar die tussenstaatlike magstryd het in die weg van die toepassing daarvan gestaan. Geneve was teen die einde van die dekade van vyftig ook die toneel van die bespreking van kernverrassingsaanvalle.[94] Die sogenaamde Komitee van Tien State vir Ontwapening word geskep toe die Ministers van Buitelandse sake van Bulgarye, Kanada, Tseggoslowakye, Frankryk, Italië, Pole, Roemenië, Rusland, die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk aan ontspannende samesprekings rondom ontwapening deel= geneem het.[95] Die Internasionale Atoomenergie Agent= skap (IAEA) is ook gekonstitueer[96], maar die algemene vordering met wapenbeperkingsmaatreëls was sporadies en gering. Gemeenskaplike vertroue en respek was ook hier onontbeerlik vir sukses, en beperk tot die wankelrige diplomatieke memorandavlak het die vraag= stuk van wapenbeperking die dekade van sestig binne= beweeg.

2.5.4 Relatiewe Suksesvolle Ooreenkomste in die Dekade van Sestig

Gedurende die begin van die sestigerjare was daar hoop= volle tekens dat tussenstaatlike wapenkontrole met meer staatkundige verantwoordelikheid en erns benader is. Die invloed van internasionale moralisme hierin was veelseggend, maar in *Balance Sheet on Disarmament* toon die bekende Amerikaanse raadgewer insake ont= wapening, McCloy, daarop dat dit meermale: ".....in= consequential"[97], was.

> "As a result", skryf hy voorts: "their position as "guardians" of the world's conscience was greatly weakened."[98]

As gevolg van diplomatieke aktiwiteite gedurende 1961 het die V.S.A. en U.S.S.R. opnuut onderneem om die ontwapeningskruistogte van die Verenigde Volke te ondersteun, ooreenkomstig 'n resolusie van die Algemene

Vergadering van 20 Desember 1961.[99] Op 14 Maart 1962 het agtien state[100] in Geneve met dié samesprekings begin wat 'n belangrike forum van ontwapeningsdeténte geword het. Sir Michael Wright, wat by geleentheid die woord namens die Engelse afvaardiging gevoer het, het die afgevaardigdes daaraan herinner dat in die denke oor 'n algemene ontwapeningsooreenkoms:

> ".....we should realise that there are three legs to the stool - disarmament, verification and strengthened peace-keeping machinery. The stool cannot rest on one leg or on two legs only, it must rest on all three."[101]

Gaandeweg het die drie "stoelpote" die kern van die Westerse benadering geword.[102] Rusland, daarteenoor, het op die totale aftakeling van die gewapende magte as die enigste logiese uitweg aangedring.[103] Die daarstelling van 'n internasionale sekuriteitsmag het Zorin op 13 Junie met die volgende woorde veroordeel:

> "The conclusion is inescapable that this procedure for the development of the international force does not pursue the aim of maintaining peace but clearly has some other aim. Should not these aims be sought in the proposals of the United States for what are referred to as rules of international conduct, various coercive measures for their enforcement, and other similar provisions, which in ordinary language means the setting up of what is in essence an international bludgeon to repress national liberation movements and impose one's will on peoples by force? This is the only way in which one can understand principles for the organization of an international force that grows larger and larger towards the end of disarmament."[104]

Die Konferensie is verder gekortwiek deur die hard= nekkige Franse weiering tot deelname en die volgehoue uitsluiting van Rooi Sjina tot die samesprekings.[105]

Vordering gedurende die volgende twee jaar is deur die Berlynse Krisis en die katastrofes rondom Kuba in die wiele gery.[106] In Berlyn het Onder-President Lyndon Johnson: ".....our lives, our fortunes and our sacred honor."[107], as staatkundige assuransiepolis aan die inwoners van die stad belowe. Ten einde die propaganda van verskrikking nog verder uit te buit het die Kremlin teen die einde van Julie 1961 'n kernbom in die 60 megaton-klas laat ontplof.[108] Die Kubaanse Projektiel= krisis was veel meer plofbaar. Wolfe het die volgende motivering vir die Russiese optrede in: *Soviet Power and Europe: The Evolution of a Political-Military Posture, 1954-64* gegee:

> "The decision to deploy a force of Soviet - manned missiles to Cuba,.....appears to have resulted mainly from the cummulative frustrations of policy setbacks suffered by Khrushchev during the previous three or four years. They included not only the failure of Soviet pressure tactics to obtain concessions from the West on such specific pivotal issues as Berlin, but also the deflation of Khrushchev's hopes that a diplomacy backed by the exploits of Soviet missile and space technology would weaken the resolution of the Western alliance and erode its confidence in the protective commitments of the United States."[109]

As gevolg van die krisisse het beide "kante" kernwapen= toetse hervat. Hoofsaaklik egter as gevolg van die toenadering van Kennedy[110], is daar teen die middel van 1963 'n belowende verbod op kernwapentoetse gesluit.

2.5.4.1 <u>Die Beperkte Kernwapentoetsverbod van 1963</u>

Die Kernwapentoetsverbod (N.T.B.T.) is op 25 Julie 1963 in Moskou onderteken en op 4 September van dieselfde jaar deur die Senaat van die V.S.A. goedge= keur.[111] Artikel 1(1) lui:

> "Each of the Parties to this Treaty under= takes to prohibit, to prevent, and not to carry our any nuclear weapon test explosion,

> or any other nuclear explosion, at any place under its jurisdiction or control: (a) in the atmosphere; beyond its limits, including outer space; or under= water, including territorial waters or high seas; or (2) in any other environment if such explosion causes radioactive debris to be present outside the territorial limits of the state under whose jurisdiction or control such an explosion is conducted."[112]

Reeds teen die einde van 1963 het 113 state al goed= keuring aan die ooreenkoms geheg en daarmee is meer as 336 atmosferiese kernwapentoetse in 'n periode van 13 jaar beëindig.[113] Frankryk en Rooi Sjina het geweier om die ooreenkoms ook op hulle as bindend te beskou.[114] Die waarde van die ooreenkoms was nie alleen geleë in die geldingsradius daarvan nie, maar ook in die feit dat die supermoondhede nou buite die emosionele vertoonkasonderhandelings van die V.V.O. na 'n oplossing van die bewapeningsvraagstuk in direkte leiersberade gesoek het. Dié betekenisvolle deurbraak het in die komende jare voortgeduur.

2.5.4.2 Die Ooreenkoms op die Beperking van Kernwapenverspreiding

Die volgende fase in die ontwikkeling van wapenkontrole was die Ooreenkoms op die Buitenste Ruim van 1966, wat die ondertekenaars verbied het om kernwapens in wentelende atmosferiese satelliete te plaas.[115] Op die stadium het daar ernstige bedenkings oor die uit= breiding van die kernbesittersmoondhede - die soge= naamde "n^{th} country problem"[116] - ontstaan. Presi= dent Kennedy het die gevolge van kernwapenverspreiding só vertolk:

> "I ask you to stop and think for a moment what it would mean to have nuclear weapons in so many hands, in the hands of countries large and small, stable and unstable, re= sponsible and irresponsible, scattered

> throughout the world. There would be no rest for anyone then, no stability, no real security and no chance of effective disarmament. There would only be the increased chance of accidental war and increased necessity for the great powers to involve themselves in what otherwise would be local conflicts."[117]

Na uitgerekte samesprekings, waartydens beide die Kremlin en die Wit Huis baie oortuigingswerk in hulle onderskeie invloedsfere en "satellietstate" moes doen[118], is die Ooreenkoms op die Beperking van Kern=wapenverspreiding; ook bekend as die Kernsperverdrag, op 1 Julie 1968 gelyktydig te London, Moskou en Washington onderteken.[119]

Artikel 1 van die Verdrag lui:

> "Each nuclear-weapon State Party to the Treaty undertakes not to transfer to any recipient whatsoever nuclear weapons or other nuclear explosive devices or control over such weapons or explosive devices directly, or indirectly; and not in any way to assist, encourage, or induce any non-nuclear-weapon State to manufacture or otherwise acquire nuclear weapons or other nuclear explosive devices, or control over such weapons or explosive devices."[120]

Vir President Johnson was die ooreenkoms: ".....a triumph of sanity and of man's will to survive"[121], maar veral die "middelmoondhede" het ernstige beswaar teen die ".....nuclear blackmail"[122] van die super=moondhede gemaak. Hoewel 95 state die Ooreenkoms in die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke goedgekeur het; met 4 daarteen en 21 buite stemming[123], was daar tog baie ontevredenheid, veral deur die kernstatusaspireerders en middelmoondhede in die Veiligheidsraad.[124] Die krux van die Verdrag het ongetwyfeld neergekom op kerntotalitarisme van die

supermoondhede, wat uit 'n posisie van magsmeerder= waardigheid die universele swaardmagsanksie betreffende kernwapentuig in die tussenstaatlike konstitusioneel diktatoriaal wou vaslê. Daar was ook groeiende onte= vredenheid dat die supermoondhede self geen vergelyk in pariteit kon bereik nie, maar ander state se tipiese owerheidsfunksies in die swaardmagkader wou bind aan tegnologiese stagnasie. Die stabiliteit van N.A.V.O. het byvoorbeeld as gevolg van dié Verdrag beslis in die gedrang gekom.[125] As gevolg van groeiende internasionale beswaar het beide die V.S.A. en U.S.S.R. in November 1969 die Verdrag herbevestig, en nog dieselfde jaar begin met die samesprekings oor strategiese wapenbeperking.

2.5.5 Die Samesprekings oor Strategiese Wapenbeperking

Reeds in 1966 het President Johnson verklaar:

> "Uneasy is the peace that wears a nuclear crown."[126]

, en daarmee die kardinale probleem aan die lig gebring dat kerndetênte nie moontlik was deur alleen die uitbreiding op horisontale vlak van kern= besittersmoondhede verdragsmatig te blokkeer nie; maar inteendeel om ook die vertikale tegnologiese triomftogte tussen die kernmoondhede, par excellence, by wyse van internasionale ooreenkomste te stabiliseer.

> "After a period of confrontation, we are entering an era of negotiation.", verklaar President Nixon op 20 Januarie 1969 en vervolg:
>
> "Let all nations know that during this Administration our lines of communication will be open.....I know that peace does not come through wishing for it - that there is no substitute for days and even years of patient and prolonged diplomacy."[127]

Na toenaderingsgebare van Moskou en Washington het die sogenaamde samesprekings oor Strategiese Wapenbeperking (S.A.L.T.) in November 1969 in Helsinki begin.[128] Beide kante het 'n volledige tegnologiese, militêre, diploma= tieke en staatkundige vakmansdekking in die onderskeie afvaardigings gehad.[129]

900/...

Na die eerste rondte van ontspanne voelersamesprekings is 'n openbare kommunikee op 22 Desember 1969 uitgereik waarvan die volgende die kerngedagtegang beliggaam:

> "The preliminary exchange of views which took place concerning the limitations of strategic arms was useful to both sides. As a result of that exchange, each side is able better to understand the views of the other with respect to the problems under consideration. An understanding was reached on the general range of questions which will be the subject of further U.S. - Soviet exchanges."[130]

Die samespreking wat daarop gevolg het, het met gemengde suksesse op die breëre spektrum van wapenbeperking ge= paard gegaan - onder andere die Komitee van Ontwape= ning, en 'n beperking op kernwapens op die seebodem buite die twaalfmylgrens.[131]

Die Strategiese Wapenbeperkingsamesprekings is geken= merk deur tegniese ontrafelings in die hoogste wetenskaplike tradisie.[132] In *The Limitation of Strategic Arms* skrywe Rathjens en Kistiakowksy dienaangaande:

> "The most troublesome items are two emerging technical capabilities: multiple independently targeted reentry vehicles (MIRV's) and anti-ballistic-missile (ABM) defenses. It is frequently argued that the deployment of either (or particularly both) of these systems by one superpower could lead to a situation in which a decision to attempt a preemptive attack against the other's strategic forces might be considered rational. Indeed, some strategic planners contend that the threat is so great that offsetting actions must be started even before it is clear whether or not the adversery intends to acquire either a MIRV or an ABM capability."[133]

901/...

Die samesprekings oor strategiese wapens is gevolglik op besondere wyse gekenmerk deur tegnologiese gesofis= tikeerde diepgang - veral rondom die "M.I.R.V." en "A.B.M." ontwikkelings.[134] Op 20 Mei 1971 het die onderhandelaars van die twee supermoondhede die volgende gesamentlike verklaring uitgereik:

> "The Governments of the United States and Soviet Union, after reviewing the course of their talks on the limitation of strategic armaments, have agreed to concentrate this year (1971) on working out an agreement for the limitation of the deployment of anti-ballistic missile systems (AMB's). They have also agreed that, together with concluding an agreement to limit ABM's, they will agree on certain measures with respect to the limitation of offensive strategic weapons. The two sides are taking this course in the conviction that it will create more favourable conditions for further negotiations to limit all strategic arms. These negotiations will be actively pursued."[135]

'n Aantal state het in die lig daarvan die bedenkinge uitgespreek dat tegnologiese gehalte die gevaar loop om kwantitatiewe ooreenkomste tot die graad van gevaar= like ignorering te laat daal.

By 'n luisterryke geleentheid by die St. Vladimir Saal in die Kremlin is die samesprekings op 26 Mei 1972 be= kroon met die ondertekening van 'n verdrag en 'n tussen= tydse ooreenkoms rakende strategiese wapens deur Nixon en Brezhnev.[136] In die aanhef word daar onder meer verklaar:

> "Proceeding from the premise that nuclear war would have devastating consequences for all mankind,.....Declaring their intention to achieve at the earliest possible date the cessation of the nuclear arms race and to take effective measures toward reductions in strategic arms, nuclear disarmament, and gene=

> ral and complete disarmament. Desiring to contribute to the relaxation of international tension and the strengthening of trust between States,....."[137]

, terwyl die statutêre kern van die ooreenkoms in artikel III beliggaam is.[138] Aan Amerikaanse Kongreslede het Kissinger op 15 Junie 1972 in die Wit Huis ter sanksionering van die ooreenkoms gesê:

> "The simple tit-for-tat reaction to each other's programs of a decade ago is in danger of being overtaken by a more or less simultaneous and continuous process of technological advance, which opens more and more temptations for seeking decisive advantage."[139]

Die ooreenkoms wat op 3 Augustus deur die Amerikaanse Senaat goedgekeur is het op 3 Oktober van dieselfde jaar in werking getree.[140] Na sewe-en-twintig jaar van vas= berade onderhandelings is daar skynbare kernwapenont= spanning deur 'n verdrag oor wapenbeperking bereik.

In *Beyond Salt One* skrywe Scoville:

> "An initial agreement at SALT, even if limited in scope, can mark the beginning of a new era in the nuclear weapons age. Oppor= tunities will be opened up not only for halting the upward march of the arms race, but also for redirecting it downward so that the risks of a nuclear conflagration are reduced and the economic burdens of weapons programs lightened."[141]

Internasionale militêre verwikkelinge sedert die onder= tekening van die "SALT I" - Verdrag is egter 'n weinig minder droewig as die historiese repeterende feilbaarheid van wapenbeperkingsooreenkomste. Die Kremlin is voort= durend besig om onder die vaandel van vreedsame naasbe= staan en kerndetênte sy missionêre eindideaal van wêreldoorwinning deur militêre magsopbouing te grondves. In 'n onderhoud in 1974 het die Sekretaris-Generaal van NAVO, Luns, die gevaar soos volg omskryf:

> "I think there is a recognition that while we have moved in East-West relations, from a period of confrontation into one of negotiation, there are still grave dangers, particularly as the growing Soviet military strength increasingly risks disturbing the existing power balance."[142]

Ook die kontemporêre pogings tot kernwapenbeperking het dus grootliks tot idealistiese bloudrukplanne van die konferensietafel beperk gebly en die antieke maar klassieke stelreël - Si vis pacem, para bellum - die onafwendbare taak van elke staatsowerheid wat politieke soewereiniteit wil behou.

2.6 Samevattende Beskouing

Die historiese ontwikkeling van internasionale pogings tot tussenstaatlike wapenbeperking is alles behalwe bemoedigend. In die magsvakuum van internasionale verhoudinge is state nie bereid om die onontbeerlike swaardmagmoment af te lê en daardeur die daadkragtige vermoë om soewereiniteit te beskerm, te verpas nie. Tussenstaatlike wapenbeperking sal nooit suksesvol wees so lank as wat horisontale ver=breiding op magsmindere moondhede afgeforseer word nie. In die tegnologiese triomftog van die kerneeu van stra=tegies-gebalanseerde verskrikking, vereis wapenbeperking ook tegnologiese kontrole in dieptedimensie tussen die supermoondhede. 'n Ideaal wat alleenlik verwesenlik kan word in 'n tussenstaatlike atmosfeer van gemeenskaplike vertroue en op die strukturele onderbou van militêre pariteit; waar die strewe van eerste onder swaardmagewe=knieë afwesig is en die voortdurende wapenwedloop nie daardeur gestimuleer word nie.

3 DIE DOELSTELLINGS VAN TUSSENSTAATLIKE WAPENBEPERKING

3.1 Inleiding

Kernwapens - veral die koms van 'n sogenaamde Pax Atomica - het die vraagstuk van ontwapening ongetwyfeld

op die voorgrond van internasionale verhoudinge geplaas.[143]

> "Disarmament is not a utopia," skrywe die Rus Pitersky en vervolg: ".....it has become an inevitable historical necessity. People everywhere are becoming more and more acutely aware of the urgent need to do something to bring about disarmament, because of the immense danger of the outbreak of a nuclear conflict."[144]

'n Internasionale probleem wat opgelos moet word voordat volgens Forster: ".....the number of fingers on the trigger increases."[145] In die ewewig van verskrikking van die kerneeu is tegnologiese gesofistikeerdheid en die diaboliese verwoesting wat 'n kernoorlog kan bring 'n sterk stimilus gewees, maar histories was daar verskeie oorsake wat wapenkontrole gemotiveer het.

3.2 Ekonomiese Beweegredes

In *The Economic Implications of Warlessness* skrywe Boulding:

> "For the poor countries, however, in the broad belt of human misery that wraps the earth around its equator, the turning of the world war industry into civilian uses may well make the difference between life and death between advancing into the new world of science, technology, and relative affluence on the one hand, and falling back into misery, starvation and anarchy on the other."[146]

Daarmee word 'n beswaar van baie eeue uitgelig dat die instandhouding van swaardmagweerbaarheid state verhinder om gedifferensieerde kultuurontplooiing en 'n progressiewe lewensverwagting te waarborg. In 1969 was die globale internasionale militêre begroting 200 biljoen dollar waarvoor NAVO en Warskou gesamentlik vir 85% verantwoordelik was.[147] Die ontwikkelende lande - wat waarskynlik allermins die propagandistiese weelde van swaardmagprestige

kan bekostig - het tussen 1960 en 1968 'n jaarlikse styging in militêre uitgawes van 75% getoon, teenoor die gemiddelde internasionale styging van 6% in militêre magsvolume.[148]

Die ekonomiese eise van swaardmagweerbaarheid en militêre magsprestige is dus vanselfsprekend. Indien Washington en Moskou byvoorbeeld kon ooreenkom om die ontwikkeling van "A.B.M."-stelsels te bevries kon miljoene aan beide kante bespaar word sonder om die staatkundige soewereiniteit en tussenstaatlike sekuriteit van die supermoondhede in die gevaar te stel.[149]

Daarteenoor is die gevaar egter ook wesenlik dat finansiële besparing deur ontwapening oorbeklemtoon kan word. Hubert Humphrey van die V.S.A. dui tereg daarop dat deur kommunikasie, logistiese ondersteuning en vervoermedia; belangrike bydraes van die militêre begrotings aan die nie-militêre aspekte van die staatkundige milieu van state gelewer kan word.[150] Saam daarmee geld die belangrike feit dat oorlogsekonomie 'n kardinale, en dikwels deurslaggewende, stimulant vir die ekonomiese lewenskragtigheid van enige staat verskaf.[151]

> "There is little doubt, ..., beweer Boulding:
> "that the size of the war economy in the
> United States has assisted in stabilizing
> the whole economy in the last fifteen years,
> even though the fluctuations in the war economy
> have been themselves a destabilizer."[152]

Ekonomiese staatkundige groei en oorlogsekonomie gaan egter nie onskeibaar - stimulerend hand aan hand nie, maar die geleidelike uitskakeling van sekuriteitseksesse en onbruikbare prestigebesteding in oorlogsekonomie kan ongetwyfeld bydra tot die verhoging van die ekonomies-staatkundige groei en lewensverwagting van staat en burgery. Kortom, die positiewe winste van burgery in ekonomiese lewensverwagting deur die geleidelike uitskakeling van tussenstaatlike agressiewe wapenarsenale vir imperialistiese doelstellings, mag nooit verlei tot

906/...

finansieel gemotiveerde algehele ontwapening nie. Bo= wendien sal ontwapening deur inspeksie en die geïdeali= seerde internasionale vredestaakmag nie kosteloos in stand gehou kan word nie![153]

Grondliggend aan die magstryd tussen kommunisme en kapitalisme lê die ekonomiese diepgang van die eindstryd tussen vrye ekonomie en internasionale sosialistiese eiendomskollektivisme. In 1960 het 'n optimistiese Khrushchev dié stryd so geteken:

> "The world is made up of socialist and capitalist countries. They can now be regarded as two communicating vessels. At present the capitalist vessel is, in terms of number of states, the larger. But this is a temporary situation. History is developing in such a way that the level in the capitalist vessel will be dropping while the socialist vessel will be filling up."[154]

Ekonomiese beweegredes word teen dié agtergrond ook "ideologies" verbind aan hernieude magsopbouing deur bewapening. Besparing deur wapenkontrole is 'n prysens= waardige internasionale ideaal, maar dan moet dit in voeling bly met die realiteite van internasionale ver= houdinge en nooit materialistiese welvaart ten koste van soewereine selfbehoud verabsoluteer nie.

3.3 Die Etiese Stimulant

Veral uit kerklike kringe het daar eties-gefundeerde ondersteuning vir ontwapening gekom. In *Etische Over= wegingen* bestempel Popma "de vredestichters" as "Zalig"[155], en bevestig sy etiese tussenstaatlike gedrongenheid met die woorde:

> "De christelijke kerk heeft tenslotte de mogelijkheid gesteld van een rechtvaardige oorlog, laat dat dan zo blijven. Of als dat niet kan omdat het moderne wapengeweld

907/...

> zulke afschuwelijke vormen heeft aangenomen, dat het gebruik van nucleaire wapens - daar gaat't het immers om - in geen geval te rechtvaardigen is, zeg dan duidelijk neen."[156]

By dié internasionale kruisvaart teen die gebruik van die "roer" sluit ook Schweitzer aan in lesings wat hy in 1958 oor die Radio van Oslo aanbied.[157] In *Pacem in Terris* verklaar Pous Johannes XXIII in 'n Pouslike Deklarasie op 11 April 1963 dienaangaande:

> ".....the fundamental principle on which our present peace depends must be replaced by another, which declares that the true and solid peace of nations consists not in equality of arms but in mutual trust alone. We believe that this can be brought to pass, and we consider that, since it concerns a matter not only demanded by right reason, but also eminently desirable in itself, it will prove to be the source of many benefits."[158]

Die gruwelike verwoesting van die aarde en van die mens as beelddraer van God deur voortdurende oorlogsrumoer bring etiese en morele besware en teenkanting teen die langdurige wapenstryd wat volgens dié sienswyse alleenlik deur wapenbeperking tot 'n einde gebring sal word. 'n Standpunt wat gedra word deur etiese pasifisme; naamlik dat dit beter is om onreg te ly as om tussenstaatlike onreg aan te doen.

Teen verregaande oorlogswreedhede - onchristelike bloed= dorstige brutaliteit - is morele besware 'n onvervreem= bare taak. Die volgende opdrag van die Turkse Minister van Binnelandse Sake op 15 September 1915 is kensketsend van die wegwerplike onhumane uitwissing van menselewens:

> "To the Police Office at Aleppo: It has already been reported that by order of the Committee the Government have determined completely to exterminate the Armenians living in Turkey. Those who refuse to obey this order cannot be regarded as friends of the Government. Regardless of women,

908/...

> children and invalids, and however deplorable the method of destruction may seem, an end is to be put to their existence without paying any heed to feeling or, conscience. Minister of the Interior, Tala'at."[159]

Etiese besware teen barbarisme in oorlogvoering is 'n tipiese funksie van die Christenstaat, en tewens van elke subjek in internasionale verhoudinge. Die Christelike staatsowerheid sal egter daarteen moet waak om homself nie buite die "historie" te plaas nie.[160] Ook hy is deur God in die geskiedenis met historiese mag en verantwoordelikheid beklee. Christelike tussenstaatlike realisme stel God nie buite orde nie, en kniel ook nie voor die afgod van die tegniek nie:

> ".....maar het weet wel van de realiteit der technische mogelijkheden en gevaarlijkheden."[161], aldus Zuidema. Ooreenstemmend hiermee is Bull van mening:

> "We must consider how morally important the survival of our way of life is, and what sorts of war, and what degrees of risk of war, are justified by it."[162]

Christelike realisme verwerp hoegenaamd nie morele besware teen onetiese oorlogvoering nie, maar neem ondubbelsinnig standpunt in teen etiese verabsoluteerde idealisme wat die Christenstaat resloos uitlewer aan die immorele swaardmagdiktatuur van die antichris. Met die standpunt van Zuidema:

> "Het gesprek met het communisme is enkel mogelijk, zolang als het Westen bewapend is....."[163], is

ons dit dus volkome eens, omdat die etiek in die gesagsvakuum van internasionale verhoudinge nooit ongekwalifiseerd die bestemmende funksie kan vervul nie. Dit was immers met swaardmag wat die Islam by die Slag van Tours gestuit is. Vrede deur eties-geïnspireerde ontwapening is geen vredestoestand nie, maar 'n humanistiese lamsakkige tussenstaatlike angs vir owerheidsverantwoordelikheid met die swaard in nasionale en internasionale verband.

909/...

3.4 Die Bevordering van Internasionale Sekuriteit en Stabiliteit

Die bewapeningswedloop word vry algemeen as 'n kardinale bedreiging vir die wêreldvrede beskou - 'n wedloop wat die Franse sosialis, Blum, laat opmerk het: "Let us be strong enough to frighten others."[164] Swaardmaginstand=houding word in dié gedagterigting dus as 'n tussenstaat=like spanningstimulant beskou en dat dít by uitstek inter=nasionale sekuriteit ondermyn.

> "Lasting peace and justice will only come from the gradual cumulative inter-action of many new policies and many great reforms:....,"

aldus Noel-Baker wat vervolg: "But

> these new policies can never triumph until the arms race has been ended, and the nations have thus decided that they will finally aban=don the use of force."[165]

Internasionale harmonie en staatkundige sekuriteit is dus eweredig aan die vermindering en ideaaltipiese uitskakeling van nasionale wapenarsenale.

Swaardmagweerbaarheid en bewapeningswedlope bring vanself=sprekend tussenstaatlike spanning, maar die hipotese dat dit uitsluitlik sine qua non aan gevolglike oorlogvoering is, is 'n valse probleemstelling. Inteendeel; een van die tragiese redes vir die uitbreek van die Tweede Wêreld=oorlog, was die Britse, Franse en Russiese onvermoë om militêre pariteit met Duitse herbewapening te handhaaf.[166] Ongekontroleerde globale verabsolutering van die "wedloop" in bewapening kan daarom ewe as militêre weerloosheid oorlogvoering tot gevolg hê; soos Stassen korrek aantoon:

> "History indicates that wars occur either at the climax of an arms race or in a situation of unilateral weakness."[167]

Bewapening verteenwoordig nie die totaliteit van inter=nasionale spanning nie en daarom sal ontwapening nie outo=maties vrede waarborg nie.[168] In *Disarmament* dui Salvador de Madariaga met onderskeiding aan dat dit nie die

910/...

wapentuig self is wat oorlogvoering tot gevolg het nie, maar die sondige menslike natuur in die owerheidspositi= vering van die tussenstaatlike aanwending daarvan. Hy skrywe dienaangaande:

> "The solution of the problem of disarmament cannot be found within the problem itself but outside it."[169]

Morgenthau is veel meer eksplisiet in sy ooreenstemmende standpunt:

> "Men do not fight because they have arms. They have arms because they deem it necessary to fight. Take away their arms, and they will either fight with their bare fists or get themselves new arms with which to fight. What makes for war are the conditions in the minds of men which make war appear the lessor of two evils. In those conditions must be sought the disease of which the desire for, and possession of, arms is but a symptom. So long as men seek to dominate each other and to take each other's possessions, and so long as they fear and hate each other, they will try to satisfy their desires and to put their emotions to rest. Where an authority exists strong enough to direct the manifes= tations of those desires and emotions into nonviolent channels, men will seek only non= violent instruments for the achievement of their ends. In a society of sovereign nations, however, which by definition constitute the highest authority within the respective national territories, the satisfaction of those desires and the release of those emotions will be sought by all the means the technology of the moment provides and the prevailing rules of conduct permit. These means may be, in different periods of history, arrows and swords, guns and bombs, gas and guided missiles, bacteria and nuclear weapons."[170]

911/...

Hiermee koppel Morgenthau 'n normatiewe dimensie aan die vraagstuk van internasionale wapenbeperking. Die swaard= magvermoë van state is alleenlik 'n bedreiging vir tussen= staatlike sekuriteit in soverre dit antinormatief deur owerhede in die wêreldpolitieke magstryd aangewend word.[171] Voorstelle vir ontwapening deur nasionale state word juis veelal geïnspireer deur die soeke na 'n wapenbeperkende moratorium; om die eie tegnologiese agterstand in die stagnerende ooreenkomsfase op te vang.[172] Die normatiewe motivering wat die ontwapeningstrewe ten diepste dra, is dus die terrein van omvorming tot vredesaanwending en behoud van internasionale sekuriteit - die objektivering van die tussenstaatlike swaardmagvermoëns vir internasio= nale ewewig en harmonie - want, die swaardmag self bly 'n onmisbare deel van elke staat, dit word alleenlik 'n bedreiging vir wêreldvrede deur die magsimperialistiese objektivering en aanwending daarvan deur staatsowerhede.

3.5 Ander Stimulerende Faktore

Die strewe na 'n wêreldstaat deur die uitskakeling van nasionale swaardmagte en die daarstelling van 'n inter= nasionale polisiemag is veral by die internasionaliste 'n sterk stimilus vir ontwapening. Toynbee is oortuig dat:

> ".....a warless world has become a necessity of human life....."[173], waar die regshandha= wende funksie deur 'n universele owerheid hanteer word.

> "At least the minimum amount of power and authority that is required for the effective maintenance of world peace has been centralized, so it is being assumed, in the hands of what, in virtue of this, can properly be called a world government, though it may still be a rudimentary one for other purposes."[174]

Bloomfield wil aan die internasionale owerheid selfs kernwapens in sy swaardmagarsenaal gee, ten einde die samestellende "munisipaliteite" deur kernterreur van herbewapening te weerhou.[175] Die burgers van 'n inter=

nasionale ontwapende staat sal nie bo die sondeval verhewe wees nie, en daarom merk Schelling heeltemal tereg op:

> "If militarily superior to any combination of national forces, an international force implies (or is) some form of world government. To call "such an arrangement" disarmament is about as oblique as to call the Constitution of the United States "a Treaty for Uniform Currency and Interstate Commerce." The authors of the Federalist papers were under no illusion as to the far-reaching character of the institution they were discussing and we should not be either."[176]

Die geografiese standplaas van sodanige mag, wapentuig beskikbaar, die instandhouding daarvan, die aanduiding van die agressor in nasionale of individuele verband en laastens die skikkingsvermoë in geval van 'n konflik tussen "supermoondhede" maak ontwapening deur inter= nasionalisme 'n illusie. Ontwapening in kontemporêre tussenstaatlike milieu is ook dikwels 'n uitvloeisel van die deténtesimboliek waardeur binnestaatlik en tussenstaatlik propagandawinste behaal kan word.[177] Die propagandistiese verabsolutering van kommunikasie= media en die amateuragtige, maar invloedryke, rol van die openbare mening - gedra deur humanistiese volk= soewereiniteit - speel veral in "Westerse Demokrasieë" 'n bepalende rol. Spanier en Nogee voorspel daarom dat die Sowjetunie en Verenigde State hulle: ".....courtly "disarmament minuet"[178], sal voortwals, terwyl Claude in *Swords into Plowshares* opmerk:

> "The concept of disarmament has achieved such ideological sanctity, that international organizations are as little likely to strike it off the agenda of debate as churches are to eliminate prayers from their Sunday services."[179]

Die verwesenliking van ontwapening is dus nie hier die ideaal nie, maar die oëverblindery van die oorlogsvresende en eties-oorspanne - gevorm deur die humanistiese propa=

gandistiese kommunikasiemedia - burgermassas.

Die mediese gevolge van oorlogvoering saam met die ver=woesting en versteuring van die aardse "habitat" het ook uit baie oorde kritiek uitgelok en daardeur 'n motiverings=faktor geword.[180] In die aanhef van die Verdrag oor die Verbod op Kernwapens in die Atmosfeer, Buitenste Lugruim en Onderwater (5.8.1963) verklaar die ondertekenaars dat hulle poog:

> ".....To achieve the discontinuance of all test explosions of nuclear weapons for all time, determined to continue negotiations to this end, and desiring to put an end to the contamination of man's environment by radio-active substances,....."[181]

In Viëtnam het die voortdurende Amerikaanse bomaanvalle die fisies-geografiese ekologie onbetwisbaar versteur deur die staatsterritoriums betrokke by die stryd te bombardeer tot 'n krateragtige maanlandskap waarin meer as 26 miljoen bomkraters waarneembaar is.[182]

> "There is nothing in the history of warfare to compare with (what we have done in Indochina). A "scorched earth" policy has been a tactic of warfare throughout history, but never before has a land been so massively altered and mutilated that vast areas can never be used again or even inhabited by man or animal..... These programs should be halted immediately before further permanent damage is done to the landscape.", verklaar Senator Nelson van die V.S.A. en skets sy ekologiese verabsolutering - tussenstaatlik geprojekteer - soos volg:

> "The cold, hard and cruel irony of it all is that South Vietnam would have been better off losing to Hanoi than winning with us. Now she faces the worst of all possible worlds with much of her land destroyed and her chances of independent survival after

914/...

we leave in grave doubt at best."[183]

(Onderstreep - L.D.B.)

Die mens moet in sinvolle harmonie met die ekologie en sy omgewing lewe[184], en die verwoesting daarvan deur oorlog= voering stel sy voortbestaan in gevaar. Die ooraksentuering van "ban the bomb"[185], word in sommige gevalle dus onteen= seglik deur ekologiese determinisme gestimuleer.

3.6 Samevatting

Opsommend is dit duidelik dat ontwapening deur 'n volle idealistiese spektrum van faktore gestimuleer word. Die objektiewe doelbereiking word egter dikwels subjektief gekortwiek deur die motivering wat die optrede ten diepste dra. Eie staatkundige magsverryking is konstant teen= woordig waaruit dit logies volg dat geen stabiele vredes= toestand bereik kan word nie. Etiese oorwoekering, gestimu= leer deur oorlogsvrese van die menseregtedogma van die humanisme, lei weer tot papbroekerige prysgawes waardeur die ideaal van standhoudende tussenstaatlike ewewig en harmonie in vrede, ewe min verwesenlik kan word. Ver= volgens val die klem dus meer breedvoerig op die onder= liggende oorsake vir die mislukking van ontwapening.

4 OORSAKE ONDERLIGGEND AAN DIE MISLUKKING VAN TUSSENSTAATLIKE ONTWAPENINGSPOGINGS

Reeds in 1932 het Scialoja tussenstaatlike wantroue en egoïstiese onskuldigheid as 'n vername hindernis vir ont= wapening beskou:

".....because at the bottom of the human soul
lurks the feeling that the war that is condemned
is the war waged by one's enemy, not by oneself."[186]

Gemeenskaplike wantroue in die doelstellings van historiese teenstanders in die wêreldpolitiek verhinder wedersydse ver= troue waarsonder wapenbeperking nie bedink kan word nie. Die owerheid wat sy verleende gesagsbevoegdheid regmatig vir die beskerming van nasionale soewereiniteit aanwend word deur die historiese onbetroubaarheid van state tot

915/...

wantroue aangespoor. Alleenlik deur 'n konstante en pro= gressiewe swaardmaginstandhouding kan die onskendbaarheid van soewereiniteit gewaarborg word.[187] Die gemeenskaplike vertrouensbasis het veral in die kerneeu aktueel geword; waar die begeerte na onaantasbare mag deur kernterreur in die ewewig van verskrikking 'n konstante verleidingsmoment is. Die agterdog van die nie-kernbesittersmoondhede word kostelik deur De Madariaga vertolk as hy verklaar:

> ".....,the destruction of the eggs of armaments would still leave some states in a favoured position in terms of the possession of hens."[188]

Daardeur word die volgende beperkende probleem aan die orde gestel deurdat die tegnologiese vermoë en verstandelike menslike kundigheid betreffende wapenvervaardiging nooit uit die verworwe kennisspektrum van die menslike denke verwyder sal kan word nie. Schelling formuleer dié realiteit op treffende wyse:

> "Short of universal brain surgery, nothing can erase the memory of weapons and how to build them.....the most primitive war can be modernized by rearmament as it goes along."[189]
>
> (Onderstreep - L.D.B.)

Die uitskakeling van onregmatige oorlogvoering is dus nie fundamenteel in wapenverbanning geleë nie, maar in die uitskakeling van die antinormatiewe gepositiveerde tussen= staatlike aanwending daarvan. Ontwapening is bowendien 'n relatiewe begrip, want oorlog kan steeds met handelsvlote, burgerlike lugvaart, vragmotors, motors, perde en 'n onbe= rekenbare veelheid van gangbare nie-militêre middele gevoer word. Die tegnologiese ontslotenheid en menslike skep= pingsarbeid kan, soos by die V.S.A. in 1939, die oorlogs= poging vertraag, maar dit nooit permanent verhinder nie.[190] Bloot deur die aanwending van hulle ontelbare mensemassas kan die gesag van Peking die miljoene Rooi Sjinese aanwend om soos voetgangerspringkane verwoesting en vernietiging agter te laat in die kontinente waaroor hulle getrek het.[191] Meer tegnies van aard is daar die probleme rondom inspeksie=

veldtogte om te verseker dat die ontwapende status quo gehandhaaf word. Nie alleenlik die betroubaarheid van alle betrokke state nie, maar ook van die ondersoekspanne sal bo verdenking moet wees. Kernwapens kan baie klein wees en as daar geen metode gevind word om letterlik alle beskikbare bergplekke te inspekteer nie kan die staat wat daarin slaag om 'n paar te behou, die alleenpotentaat van die wêreldpoli= tiek word. Oor die probleem laat Bull hom soos volg uit:

> ".....such weapons are small enough to be hidden anywhere: down a coalmine, under a bed, behind a blackberry bush; and that it is not now possible to discover them except by sending inspectors to look every= where for them: down every coalmine, under every bed, behind every blackberry bush."[192]

Ook Thomas is heeltemal tereg die mening toegedaan dat geen inspeksiestelsel absolute ontwapende sekuriteit kan waarborg nie.

> "No inspection system, with however wide powers, can guarantee that all nuclear weapons existing at the time of the signa= ture of a disarmament treaty are eliminated, or converted for peaceful uses."[193]

Daarom moet 'n kernwapenbalans eerder tot byvoorbeeld 500 projektiele vir alle betrokke partye beperk word;[194] dan sal 10 versteektes nie so 'n groot verskil maak nie, en sal die spanning veroorsaak deur wantroue in eerbaarheid deur 'n kwantitatief-veilige kernbalans verminder word. Algehele ontwapening deur inspeksie, ook terwyl kernont= wikkeling vir vredesdoeleindes voortduur; en owerhede hulle soewereiniteit deur swaardmagweerbaarheid moet handhaaf, is 'n verabsolutering van 'n utopiese illusie par excellence. Die realiteit van magsverhoudinge moet voortdurend, ook by internasionale wapenbeperking, in berekening gebring word.

Van deurslaggewende belang by ontwapeningsinspeksies is ook die konstitusionele ordening van die betrokke state. Die bykans mistieke geheimhouding van die kommunistiese diktature

bring ook 'n ontbloting van die staatkundige maatskappy, wat vir die "demokrasie" geen wesenlike staatkundige probleme inhou nie.

> "We have long realized," het Khrushchev in 1963 verklaar: "that the Western powers need international inspection, not in order to control the ending of (nuclear) tests, but in order to penetrate by any means into various regions of the Soviet Union for intelligence purposes."[195]

Die beskuldiging van die Kremlin word deur McCloy as "nonsense" bestempel[196], terwyl Aron met onderskeiding daarop dui dat inspeksie en ontwapeningsverdrae 'n kontra= diksie van die ergste graad veronderstel:

> ".....contradiction between the goal and the means, between a treaty symbolizing agreement, and a system of inspection inevitably symbolizing enmity and suspicion."[197]

Indien die gemeenskaplike vertroue van ontwapeningsooreen= komste deur inspeksie gehandhaaf moet word, word daardeur nie alleen internasionalisme veronderstel nie, maar 'n totale afwesigheid van vertroue waardeur internasionale verhoudinge verval in naakte magsverhoudinge.

Konstitusioneel is daar ook in demokrasieë die probleem van die verwisseling van politieke partye in die owerheids= amp.[198] Diktature handhaaf gewoonlik onafhanklik van historiese groei in die tydsorde 'n vooropgestelde ideolo= giese eindideaal, terwyl politieke partye se beginselpro= gramme dikwels diepliggend verskil ten opsigte van inter= nasionale betrekkinge. Met die verwisseling van partye in die owerheidsamp kan staatkundige ondernemings rakende ontwapeningsverdrae daarom dikwels in die slag bly. Her= nieude wapenwedlope is dus hipoteties moontlik vanweë die staatsinterne konstitusionele stratifikasies van die wêreldpolitiek. Die mees fundamentele beswaar teen die ontwapeningsdogma is egter die strukturele aftakeling van die subjekte van die wêreldpolitiek en die dogmatiese etiek van pasifisme in internasionale verhoudinge.

918/...

5 PASIFISME EN INTERNASIONALE VERHOUDINGE

5.1 Historiese beskouings oor Oorlog

Oorlogvoering as gewelddadige konflikvorm tussen oppone= rende standpunte in 'n groot veelheid strukturele reali= seringsvorme, het tot verskeie teoretiese standpuntinames daarteenoor aanleiding gegee.[199] 'n Stakkatobestryking van dié standpunte plaas die hele probleem van pasifisme in internasionale verhoudinge in juiste perspektief, omdat die wêreldpolitiek volgens Carr, heeltemal tereg, besig is met: ".....promoting peace between nations."[200] Besinning oor die eie-aard van oorlog is dus onontbeerlik, omdat ook dit: ".....in het juiste daglicht."[201], aldus Meyenfeldt, van die reformatoriese waarhede van die Christelike religie betrag moet word.

In *De Civitate Dei* koppel Augustinus (354-430 n.C.) oor= logvoering aan goddelike opdragte[202], met die gevolglike hoë appèl op die gehoorsaamheid van die soldaat aan owerheidsbevel in die oorlogsituasie.

> "God is at all times sovereign," verklaar Augustinus in 'n Engelse vertaling:
> "ending war's sooner or later as He wills.
> The ruler and his subjects are alike to
> God, both in His power."[203]

Die mens moet volgens Augustinus oorlog verdoem en vrede najaag, maar laasgenoemde kan aleenlik deur oorlog ver= wesenlik word en in die sondegebroke "Stad van die D u i s t e r n i s" is volkome vrede net nie te bedink nie. Aan Graaf Boniface skrywe Augustinus:

> "Real peace will be possible only in the
> heavenly city, whose king is truth, whose
> law is love, whose measure is eternity."[204]

Thomas Aquinas (1226-1274) onderskei in *Summa Theologica* drie motiveringsfaktore vir regverdige oorlogvoering. Die oorlog moet eerstens deur soewereine, gewettigde owerhede gevoer word en nie deur private individue nie. Tweedens moet die oorlog vir 'n regverdige ideaal gevoer word, en

919/...

laastens moet oorlogvoering met regverdige voornemens - in diens van die goeie - gevoer word.[205] Die verskille tussen Augustinus en Aquinas rakende regverdige oorlogvoering is dat eersgenoemde objektiewe skade voldoende beskou, terwyl die grondlegger van die Roomse filosofie ook subjektiewe motiverings by die regskender wil verreken.[206]

In *Kriegsleute* en *Obrigkeit* onderskei Luther tussen 'n "geestelike" en "wêreldlike" ryk en alleenlik in laasgenoemde is oorlogvoering geregverdig.[207] 'n Aanvalsoorlog is vir Luther duiwelse handewerk:

> "dem gebe Gott kein Glück.",

maar 'n oorlog uit noodweer:

> "dem helfe Gott."[208]

Van waarde is die feit dat Luther nie 'n rewolusionêre kruistogideologie vir oorlogvoering verabsoluteer nie, maar klem daarop lê dat oorlogvoering slegs onder bepaalde omstandighede aanvaarbaar is.

Die beskerming van onderdane deur die owerheid motiveer ook Calvyn vir die motief van wettige oorlog.

> "Daarom mag het voor niemand twijfelachtig meer zijn, dat de burgerlijke macht roeping is, niet alleen heilig voor God en wettig, maar ook zeer gewijd en in het ganse leven der stervelingen verreweg de meest eervolle van alle."[209]

, skrywe Calvyn in sy *Institutie* en vervolg later: "Dit leert dus de natuurlijke billijkheid en de aard van het ambt, dat de vorsten gewapend zijn niet slechts om de misdaden van afsonderlijke personen door gerechtelijke straffen te beteugelen, maar ook om de landen, die hun zijn toevertrouwd door oorlog te beschermen, indien ze vijandig aangevallen worden. En de Heilige Geest verklaart door vele getuigenissen der Schrift, dat zulke oorlogen wettig zijn."[210]

920/...

Ook Calvyn is allermins 'n verheerliker van oorlogvoering, maar ook die Christen kan volgens hom geroep word om die swaard van geregtigheid te omgord in die stryd teen die bose en die behoud van die Christendom. As die leërs van die Hugenote in 1562 in die uiterste nood verkeer skrywe Calvyn aan die gemeente in Languedoc:

> "Als wij geheel vernietigd zijn, ja, alles tot het uiterste schijnt te zijn gekomen, kan God nog uit onze as een nieuw volk in het leven roepen."[211]

In *De iure belli ac Pacis* gee Grotius, op grondslag van die natuurreg, sy beskouing oor oorlog en vrede weer. In *Drie Boecken van het Recht des Oorlogs ende des Vredes* (1635) verklaar hy onder meer:

> "Dat door het Recht der Volckeren de Oorlogen niet verboden worden, dat leeren ons de Historien ende Wetten, en zeeden van alle Volkeren."[212]

Die selfregverdigingsreg van volkere kan oorloë internasio= naal wettig, maar dan moet dit met edele voornemens en met besondere klem op die uitsluiting van die burgerlike be= volking[213], gevoer word.

Die juiste karaktereie van oorlog is dus in die krom en verdraaide menslike positivering van die samelewingsvorme tussen state 'n probleem van fundamentele belang. Verdere teoretiese denkbeelde oor die eie-aard van oorlog laat ons op hierdie stadium daar, om die aandag toe te spits op die pasifistiese aanslag op oorlogvoering. Juis van hier= die kant word daar veelal van opgesweepte metodes gebruik gemaak wat moeilik te rym is met "vredeliewende mense!" 'n Vredesoffensief waaraan kernwapens 'n intense stukrag verleen het.

5.2 Stimulerende Oorwegings van Internasionale Pasifisme

Ten diepste parisiteer die pasifisme op 'n eties-verabso= luteerde humanisme waar met 'n horisontale bemoeienis met die onskendbaarheid van die positivistiese menslike

individu; die diepere vertikale Godsdimensie en die staatkundige belange genivelleer word. Die onaantasbare mensgod se onskendbare individuele menseregte word deur swaardmagweerbaarheid ondermyn. Aldus die argument waaraan daar uit teologiese kringe ook die stukrag verleen word dat die mens as beelddraer van God in sy selfliefde geskend word.[214] Vir Van der Molen is die probleem van oorlogvoering eties gekwalifiseerd[215], terwyl Gray selfs erotiese liefde as voorvereiste vir begrip beskou:

> "He who knows what genuine friendship is
> or the fullest type of erotic love", verklaar hy:
> "cannot be as estranged from self or others
> as they are who have never experienced these
> things."[216]

Popma verklaar:

> "De christelijke ethiek immers begint bij
> de voetwassing, het avondmaal en het kruis.
> Vrede stichten is een appèl op ons vermogen
> en onze wil een offer te brengen."[217]

Die slappe verdraagsaamheid as die morele ideaal van humanistiese indoktrinasie word baie duidelik deur Blok vertolk met die woorde:

> "Ik richt mij tegen de denkwijze van mensen,
> die de bestaande macht van de westelijke
> wêreld met geweld gehandhaaf willen zien
> tegenover communisten en vrijheidsstrijders
> en die atoombom op Hiroshima zonder aarzelen
> goedkeuren en die eigenlijk ook de recente
> bombardementen op Noord-Vietnam vanzelfsprekend
> vinden, al durven ze dat op het ogenblik meestal
> niet hardop te zeggen."[218]

Die tegnologiese spitsuur van die kerneeu bring 'n bykans fatalistiese appèl op die etiese, wat voortdurend gedring word deur verwaande uitsprake soos die van Khrushchev wat gespog het dat Rusland:

> ".....een vlieg in de wêreldruimte konden raken."[219]

Die uitspraak van Verkuyl:

> "Wie naar de atoombom grijpt, vindt God

922/...

tegenover zich."[220], is tekenend van die verskerpte pasifisme van die kerneeu. Vrede gebore uit die angs van die sewemyllaarse van die tegnologie[221], dui op die onver= moë van die mens om in sy staatkundige verhoudinge die pas van die tegnologie te ewenaar. Fundamenteel nuut is kernwapens nie, in omvang van diaboliese verwoestingskrag wel, maar die oorlogsangs en gewetensnood van die pasifis mag hom nooit die wapentuig self laat verdoem nie. Dit bly die objektiveringsaanwending wat owerhede in sonde= gebrokenheid laat struikel.

> "Want", verklaar Brillenburgh Wurth:
> "niet de techniek heeft de schuld, maar wel een mensheid die, door vrijwillig van haar etische controle afstand te doen, voor de techniek de weg opent om steeds demonischer ons leven te terroriseren en naar de ondergang te voeren."[222]

De Jonge skryf heeltemal tereg oor die aanwending van kernwapens:

> "De kernwapens zijn bij ons en wij kunnen uit deze situatie nie zomaar weglopen..... Wij moeten ze leren gebruiken in dienst van de vrede, althans om een toestand van geen- oorlog en stabiliteit te bewaren."[223]

Die beswaar dat 'n kernoorlog God se skepping aanrand hou ook nie steek nie, want sedert die ontdekking van buskruit het alle oorloë die natuur verwoes[224] - oorlog kan dus wel as 'n positivering van mag vir die behoud van tussen= staatlike regverdigheid gesien word.

Teen die uitsluitlike etiese toespitsing van die ont= wapeningsvraagstuk bestaan daar ernstige besware. Die vlak van verleende gesagsverantwoordelikheid by God en die beskerming van die onderdane teen internasionale agressie moet ook in berekening gebring word. Gedurende 1920 het 'n staatsman van die Spilmoondhede verklaar:

> "It is you who were responsible for the war. You yielded to us for so many years that you led us to think that we could do anything with impunity."[225]

923/...

Ook 'n internasionalistiese struktuur skyn 'n utopiese sprong te wees ten einde die dilemmas van ontwapening te oorbrug.[226] Pasifiste weier om staatkundige verantwoordelikheid te erken:

> ".....they take refuge from the monster in the nearest available cave; and that cave is pacifism.", aldus Carr.[227]

Ook die probleem van 'n klasseoorlog verskaf aan die Marxistiese pasifiste 'n ernstige probleem, sodat dit baie duidelik is dat die behoefte en verantwoordelikheid van die owerheid om die swaard te hanteer, prinsipiële Christelike toeligting erlang.

5.3 Owerheid en Oorlog

'n Christelike perspektief oor die owerheidstaak en oorlogvoering bring die mensdom op sy knieë voor die God van hemel en aarde.[228] Die owerheid as instelling van God het gedelegeerde soewereine beskikkingsreg oor die swaardmag wat aangewend word vir die bevordering van die goeie en die bestraffing van die kwade. Die handhawing van wet en orde in die staatsinterne maatskappy en die handhawing van soewereiniteit in die gesagsvakuum van internasionale verhoudinge is deel van die owerheidstaak met die swaardmagsanksie tot geregtigheidshandhawing. Die opdrag van die owerheid is dus duidelik - die beskerming van die onderdane teen staatsinterne regskending, en internasionaal teen gewapende buitelandse aanvalle. Sodanig aangewend is swaardmag gepositiveerd aangewend in diens van geregtigheid. Oorlogvoering deur 'n wettige staatsowerheid, vir 'n regverdige saak, op 'n regverdige wyse en met die doel om regsherstel teweeg te bring, of 'n aantasting van die lewe te weerstaan.

Die bestemmingsfunksie van oorlogvoering in regverdigheid is daarom 'n fundamentele grondslag. Brillenburg Wurth skrywe dienaangaande:

> "Wij zagen dat een volk, een staat, alleen gerechtigd is tot oorlog over te gaan, hetzij defensief, hetzij offensief, wanneer het er om

> gaat, daarmee de gerechtigheid in het inter=
> nationale leven te dienen. Oorlog, die gerecht=
> vaardigd zijn, dient dus altijd het karakter te
> dragen van strijd voor het recht." [229] , terwyl Van der

Molen opmerk:

> "Ongetwijfeld is deze zwaardmacht van de overheid
> gekwalifiseerd. Zij mag alleen worden gebruikt
> in dienst der gerechtigheid. Daarop dient
> scherp te worden toegezien."[230]

Daarmee ontstaan onmiddellik die vraag deur watter staatkundige geloofsbelydenis internasionale geregtigheid kwalifiserend gedra word. As Christene aanvaar ons in sondegebrokenheid die Christelike beginsels van internasio= nale geregtigheid wat selfs deur die swaardmag gehandhaaf moet word.

Die standpunt dat die Christenstaat nooit die swaard mag opneem nie en om geregtigheidshalwe maar moet ly, is bedenklike fatalistiese pasifisme. Wie slawerny bo die normatiewe aanwending van die swaardmag verkies, laat geregtigheid juis tot 'n karikatuur degenereer. [231] Kolthof skrywe tereg in hierdie verband:

> "Het kon wel eens zijn, dat wie de relatief
> kleine oorlog niet aandurft om zijns naasten
> wil, door de gramschap Gods gedwongen zal
> worden tot de grote, totalitaire oorlog met
> zijn bezetting, verraad, honger en martelingen."[232]

Elke owerheid moet dus sorg dra dat sy swaardmag paraat en weerbaar is, want die owerheid wat met sy swaardmag nalaat om Christelike tussenstaatlike regverdigheid te dien, is waarskynlik skuldig aan hoogverraad in die Civitas Dei. Op treffende wyse skrywe Taylor in dié verband:

> "Only in this way shall we emerge from a
> situation in which we may one day have to
> decide between surrendering our glorious
> Anglo-American heritage to the scientific
> barbarians of the Russian Steppes and letting
> loose upon ourselves and the rest of mankind

> the horrors of an atomic holocaust. Either we go on enjoying a good time for a few more years and then spend the rest of our lives as Soviet slaves, or we make the necessary sacrifices of sweat and treasure and remain free men under God. Let all Christians in the English-speaking world pray for peace with justice and trust in God, but in the mean= time let us keep our conventional and nuclear weapons ready for action."[233] (Onderstreep - L.D.B.)

Die owerheid ontvang die swaard dus uit die hand van God om in 'n krom en verdraaide geslag tussenstaatlike sta= biliteit en vrede te handhaaf. Ook die humanistiese pasifisme is gedwonge om dié sondegebrokenheid te aanvaar want, "Hier beneden is het niet."[234] Die beskerming van God se koninkryk op aarde, maak die gebruikmaking van die swaardmag vir die beskerming en instandhouding daarvan 'n Goddelike taak en roeping.

6 SLOTBESKOUING

Die profeet Miga verklaar:

> "En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir baie nasies tot in die verte, en hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse, nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."[235] (Onderstreep - L.D.B.)

Joël daarenteen, skrywe:

> "Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese,....."[236]

Dié skynbare paradoksale kontradiksie dui nie op die voort= durende "Leitmotiv" van oorlogvoering as bestemmende tussen= staatlike funksie nie; maar dat owerhede geroepe is om wel die swaardmag genormeerd aan te wend vir die hand= hawing van vrede en die behoud van staatkundige soewe= reiniteit in internasionale verhoudinge.

926/...

Grondliggend kan ontwapening dus haas geen bydrae lewer tot die beperking van die magsvergrype in die tussen= staatlike nie. Wapenbeperkende verdrae is wel waardevol om die militêre magsbalans in 'n ruwe ewewig te harmoni= seer en sodoende die versoeking om die tussenstaatlike naaste se landpale te verruk, aan bande te lê. Algehele ontwapening bly egter 'n utopiese humanistiese droombeeld om die Goddelike verantwoordelikheid en roeping van self= handhawing in slawerny aan die ryk van die civitas terrena te verpand.

BRONNEVERWYSINGS VAN HOOFSTUK X

1. Vgl. Pauling, L.C., Die Wirklichkeit heutiger Gefährdung der Welt, Universitas, Jg. 20, nr. 2, Februarie 1965, p.119; Pauling, L.C., Der nukleare Krieg — seine Realität und seine Folgen, Universitas, Jg. 20, nr. 10, Oktober 1965, p.1016. "Es ist mit die Zeit gekommen, den Krieg abzuschaffen und die Diplomatik aus dem 19. Jahrhundert mit der Wirklichkeit des 20. Jahrhunderts zu konfrontieren also, mit einer Welt, in der Krieg und Kriegsgefahr als Instrumente nationaler Politik keinen rechtmassigen Platz mehr haben."
2. Vgl. Noel-Baker, P., The Arms Race. A Programme for World Disarmament, Stevens and Sons, London, 1958, p.5.
3. Vgl. Russell, B., Has Man a Future? Penguin Books, Harmondsworth, 1961, pp.109-110. Vgl. ook Horowitz, I.L., War and Peace in Contemporary Social and Philosophical Theory, Souvenir Press, London, 1973, pp.88-105.
4. Vgl. Van Riessen, I.H., Christen-Overheid - Krijgsmacht - Moderne Bewapening, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 28, Junie 1971, p.45. "De cirsis van onze tijd, de verwarring en de verschrikkingen die ons bedreigen zijn niet zonder meer te verstaan uit de macht, die wij thans hebben, uit de omvang van onze problemen, uit de ingewikkeldheid daarvan, uit de welvaartsstijging, uit de emancipatie, maar zij kunnen ten diepste verstaan worden en behoren verstaan te worden uit de afval van God."; Bavinck, H., Het Probleem van de Oorlog, in Christendom en Oorlog, Gereformeerde Stemmen over het Oorlogsvraagstuk, J.H. Kok, Kampen, 1966, pp.5-40.
5. Vgl. Van Riessen, I.H., Christen - Overheid - Krijgsmacht - Moderne Bewapening, Op.cit., p.44.
6. Vgl. Gray, J.G., The Warriors. Reflections on Men in Battle, Op.cit., p.222; Van Wyk, J.H., Nuanses in Pasifisme en Militarisme, Bulletin van die S.A.V.C.W., nr. 20,

September 1969, p.43 dui daarop dat Von Weizsäcker beweer dat wie 'n atoomoorlog sou oorleef, dit sou betreur dat hulle nie ook onder die dooies was nie, veral omdat daar tans al genoeg kernwapens is om die lewe op aarde 20 keer te vernietig. Vgl. verder Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.176; Schleicher, C.P., Op.cit., pp.742-744; Biörklund, E., International Atomic Policy, Allen and Unwin, London, 1956, pp.9-12; Ruina, J.P., The Nuclear Arms Race: Diagnoses and Treatment, in Sondermann, F.A., Olson, W.C., McLellan, D.S., (reds.) Op.cit., pp.382-388.

7. Vgl. Kooijmans, P.H., Christendom, Pacifisme en Kernwapenen, Antirevolutionaire Staatkunde, Jg. 37, nr. 2-3, Februarie - Maart 1947, p.32; Brillenburg Wurth, G., Het Probleem van de Verantwoordelijkheid ten Opzichte van de Modernen Oorlog, Op.cit., ... p.21. "Als Christenen moeten wij weten, wat wij doen en moeten wij ons heilig bewust zijn, inhoever wij inderdaad voor ons handelen ook in dienst der gerechtigheid, in staat zijn voor God rekenschap af te leggen en ons voor Hem over onze daden, persoonlijk en als volkeren, te verantwoorden."

8. Vgl. Schelling, T.C., The Role of Deterrence in Total Disarmament, Foreign Affairs, Vol. 40, nr. 3, April 1962, p.405.

9. Vgl. Van Ramshorst, A., Rondom de Kernbewapening, Op.cit., p.193.

10. Vgl. Bruins Slot, J.A.H.J.S., Over een Politieke Ordening van de Vrede, in Christendom en Oorlog, Op.cit., pp.156-184; Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1969, pp.161-180.

11. Aangehaal in Benda, J., Pacifism and Democracy, Foreign Affairs, Vol. 19, nr. 4, Julie 1941, p.699.

12. Aangehaal in Kooijmans, P.H., Christendom, Pacifisme en Kernwapenen, Op.cit., p.32.

13. Vgl. Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., p.396; Zuidema, S.U., In de Ban van het Kernwapen, of het Kernwapen in de Ban? Op.cit., p.205. "Christelijk realisme daarentegen is dat men inziet, dat slechts bewapening het

westen nog de macht geeft om door het oosten als onder= handelingspartner te worden gerespekteerd." Vgl. ook die standpunt van Dyson, F.J., The Future Development of Nuclear Weapons, Op.cit., p.464. "During the period of internatio= nal anarchy, we have a moral choice, either to strive to the utmost to remain in the forefront of nuclear weapons technology or to let the leadership pass into the hands of others. Our development and possession of these weapons will help to maintain the stability of the world, until in the fullness of time we can hand over such devilish inven= tions to an international authority powerful enough to prevent their abuse."

14. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.375.

15. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.263. "Attempts at disarmament have historically occured under two very different sets of conditions. Under one, disarmament has been imposed as a penalty following loss of a war; under the other, it has been sought by nations under mutually acceptable conditions."; Murray, G., Revision of the Peace Treaties, in Woolf, L., (red.) The Intelligent Man's Way to Prevent War, Victor Gollancz, London, 1933, p.141, dui daarop dat die Geallieerdes in die Vredesverdrag van Versailles onder meer die volgende standpunt gehuldig het: "The Allied and Associated Powers wish to make it clear that their requirements in regard to German armaments were not made solely with the object of rendering it impossible for Germany to resume her policy to military aggression. They are also the first steps towards that general reduction and limitation of armaments which they seek to bring about as one of the most fruitful preventives of war, and which it will be one of the first duties of the League of Nations to promote."; Hoover, H., Gibson, H., The Problems of Lasting Peace, Kraus Reprint Company, New York, 1969, pp. 118-119.

16. Vgl. Duchacek, I.D., Nations and Men, Op.cit., pp.400-401; Scoville, H., (Jr.) The Limitation of Offensive Weapons,

in Arms Control, Readings from Scientific American, Freeman and Company, San Fransisco, 1973, pp.212-222.

17. Vgl. Zuidema, S.U., In de Ban van het Kernwapen of het Kernwapen in de Ban? Op.cit., p.205.

18. Vgl. Hadley, A.T., The Nation's Safety and Arms Control, The Viking Press, New York, 1961, p.44.

19. Aangehaal in Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.176.

20. Vgl. Loc.cit.; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.264-265.

21. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379; Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, Op.cit., pp.18-19; Noel-Baker, P., The Arms Race, Op.cit., p.86; Quester, G.H., The Continuing Problem of International Politics, Op.cit., p.43. "American and Canadian school children are taught to cherish the agreement which demilitarized their frontier, widely heralded as an example to which all nations might pay heed."

22. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.266-267; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.418.

23. Vgl. Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.376; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.267; Clemens, W.C., (Jr.) The Superpowers and Arms Control. From Cold War to Interdependence, Heath and Company, Toronto, 1973, p.40, toon aan dat Tsaar Nicholaas geïnspireer is deur bewuste Russiese, militêre minderwaardigheid en dat hy deur die bevriesing van die tussenstaatlike status quo die bestaande "gaping" wou opvang — ".....", strategic logic has dictated certain policies that tried to compensate for Russia's weaknesses and take advantage of her geopolitical and demographic advantages."

24. Vgl. Scott, J.B., (red.) The Reports to the Hague Conferences of 1899 and 1907, The Clarendon Press, Oxford, 1917, p.12.

25. Vgl. Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178; Quester, G.H., The Continuing Problem of International Politics, Op.cit., p.43.

26. Vgl. Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178; Tate, M., The Disarmament Illusion: The Movement for a Limitation of Armaments to 1907, aangehaal in Schleicher, C.P., Op.cit., p.745.

27. Aangehaal in Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.376.

28. Vgl. Ibid., p.377. Die bewering dat die wapenwedloop state ekonomies uitput is deur die Duitse afgevaardigde by die Eerste Den Haagse Konferensie soos volg verwerp: "The German people are not crushed beneath the weight of expenditures and taxes; they are not hanging on the edge of the precipice; they are not hastening towards exhaustion and ruin. Quite the contrary; public and private wealth is increasing the general welfare, and standard of life are rising from year to year." Aangehaal in Huntington, S.P. Arms Races: Prerequisites and Results, in Quester, G.H., (red.) Power, Action, and Interaction, Op.cit.,pp.533-534.

29. Vgl. Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178. Vgl. ook die statistieke in Snyder, L.L., The Making of Modern Man, Op.cit., p.604.

30. Vgl. Osgood, R.E., Ideals and Self-Interest in America's Foreign Relations, Op.cit., pp.283-304.

31. Vgl. Leonard, A.R., (red.) Op.cit., p.97.

32. Aangehaal in Schilling, W.R., Weapons, Doctrine, and Arms Control: A Case from the Good Old Days, in Art., R.J., Waltz, K.N., (reds.) Op.cit., p.476; Hadley, A.T., Op.cit., p.45; Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.307.

33. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.705; Hadley, A.T., Op.cit., p.45; Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.178. Genl. J.C. Smuts van Suid-Afrika het die Vredesver= drag van Versailles soos volg gekritiseer: "I have signed the Peace Treaty, not because I consider it a satisfactory document, but because it is imperatively necessary to close the war; because the world needs peace above all, and nothing could be more fatal than the continuance of the state of suspence between war and peace. The months since the

Armistice was signed have perhaps been as upsetting, unsetting, and ruinous to Europe as the previous four years of war. I look upon the Peace Treaty as the close of those two chapters of war and armistice, and only on that ground do I agree to it." Aangehaal in Enock, A.G., The Problem of Armaments, Macmillan and Company, London, 1923, pp.146-147.

34. Vgl. Schleicher, C.P., Op.cit., p.746. Die sogenaamde "Temporary Mixed Commission" (1920-1924) het bestaan uit 20 professionele kenners, wat in hulle individuele kapasiteit 'n oplossing vir tussenstaatlike wapenkontrole sou soek.

35. Vgl. Mowat, C.L., Britain Between the Wars. 1918-1940, Methuen and Comp., London, Sesde Heruitgawe, 1966, pp.115-116; Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., pp.178-179; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379.

36. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.268.

37. Vgl. Roskill, S., Naval Policy between the Wars, Collins, London, 1968, pp.310-317.

38. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.268.

39. Vgl. Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.179; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379. "The outstanding example of a venture in disarmament compounded of success and failure is the Washington Treaty of 1922 for the Limitation of Naval Armaments."; Greene, F., Op.cit., p.623; Schleicher, C.P., Op.cit., p.745; Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.253.

40. Vgl. Shotwell, J.T., On the Rim of the Abyss, Macmillan, New York, 1936, pp.264-265. As gevolg van dié ooreenkoms het die V.S.A. 15, Engeland 20 en Japan 10 oorlogskepe elk verwoes. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.268-269.

41. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379.

42. Vgl. Loc.cit.; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.269-270.

43. By die tweede konferensie van London (1935) het Japan

vlootpariteit as 'n voorwaarde gestel, en toe dit geweier is, eensydig die 1922-ooreenkoms tot niet verklaar. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379; Gretton, P., Maritime Strategy. A Study of British De= fence Problems, Cassell, London, 1965, pp.15-16. Shotwell toon tereg aan dat maritieme militêre vermoëns 'n baie sterk prestigewaarde in internasionale verhoudinge besit. Vgl. Shotwell, J.T., Op.cit., p.268. "It set standards of comparison that made public opinion more "navy conscious" than would probably have been the case otherwise. This was all the advocates of increased naval building needed, for once a nation concentrates attention upon its naval or military establishment it tends to want more. It sees the problem in terms of national prestige, a fact that leaps to the eye in the splendor of massed ships or the march past, rather then in terms of actual need, which is a matter for strategists."

44. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., p.379; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.270.

45. Vgl. Eagleton, C., International Government, The Ronald Press Company, New York, 1932, pp.535-538; Kotzé, J.H., Op.cit., pp.71-72. Dié Protokol het onder andere daarvoor voorsiening gemaak dat: ".....every State which resorts to war in violation of the undertakings contained in the Covenant or in the present Protocol is an aggressor." Aangehaal in Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.385; Strausz-Hűpe, R., Possony, S.T., Op.cit., pp.695-696.

46. Vgl. Alexander, F., From Paris to Locarno and After. The League of Nations and the Search for Security, 1919-1928, Dent and Sons, London, 1928, pp.105-123; Goodspeed, S.S., Op.cit., pp.63-64. Mills som die verdienste van die Locarno-Verdrae só op: "For the first time in history the nations had determinded to put their faith in pacifism and not in militarism. Seven Great Powers surrendered their historic sovereign right to make war, and to risk their future on the maintenance of peace." Vgl. Mills, F.W.,

The Leaque of Nations, Juta Uitgewers, Kaapstad, Datum Onvermeld, pp.76-77; Arnold-Forster, W., Arbitration, Security, Disarmament, in Woolf, L., (red.) Op.cit., pp.333-335; Haas, E.B., Whiting, A.S., Op.cit., pp.162, 171; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.38, 284.

47. Vgl. Jessup, P.C., International Security, Op.cit., pp.37-47; Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., pp.388-390.

48. Vgl. Diederichs, N., Die Volkebond, Op.cit., p.131.

49. Vgl. Goodspeed, S.S., Op.cit., p.65.

50. Vgl. Von Glahn, G., Op.cit., p.521. "The present writer does not believe that war, except in self-defense, was outlawed by the Pact of Paris. He believes, instead, that it represented nothing more than a moral preachment, despite the trappings of a treaty surrounding the document."; Hoover, H.C., Gibson, H., Op.cit., pp.185-187. In Augustus 1932 het President Hoover, nadat hy weer die nominasie as presidentskandidaat van die Republikeinse Party in Amerika aanvaar het, verklaar: "We have given leadership in trans= forming the Kellogg-Briand Pact from an inspired outlawry of war to an organized instrument for peaceful settlement backed by mobilized public opinion against aggression. We shall, under the spirit of that Pact, consult with other nations in times of emergency to promote world peace. We shall enter no agreements committing us to any future course of action or which call for use of force in order to preserve peace." (onderstreep - L.D.B.) Vgl. New York Times, 12 Augustus 1932, aangehaal in Jessup, P.C., International Security, Op.cit., p.45.

51. Vgl. Schwarzenberger, G., Power Politics, Op.cit., p.390.

52. Vgl. Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., pp.253-254; Schleicher, C.P., Op.cit., p.747; Hadley, A.T., Op.cit., p.45; Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.271.

53. Vgl. Hadley, A.T., Op.cit., p.45.

54. Vgl. Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit.,

p.384. "Hence, the controversy between France and Germany as to the ratio of their respective armaments was in its essence a conflict over the distribution of power. Behind what the delegates to the Disarmament Conference expressed in the ideological terms of security vs. equality, retrospective analysis discovers the moving force of inter= national politics: The desire to maintain the existing distribution of power manifesting itself in a policy of the status quo on the one hand, and the desire to overthrow the existing distribution of power, expressing itself in a policy of imperialism, on the other. To expect, then, that France and Germany could agree upon the ratio of their respective armaments was tantamount to expecting that they could agree upon the distribution of power between them. Agreement on the latter issue in the form of a compromise between actual French preponderance might perhaps - and the doubt looms large - have been possible in the twenties. It was out of the question on the eve of Hitler's ascent to power and thus agreement on the ratio of armaments was likewise out of the question."; Schleicher, C.P., Op.cit., pp.747-748; Jessup, P.C., International Security, Op.cit., pp.55-63; Shotwell, J.T., Op.cit., pp.281-285.

55. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.271-272.

56. Vgl. Ibid., p.272; Hadley, A.T., Op.cit., p.46.

57. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.272.

58. Vgl. Loc.cit.; Morgenthau, H.J., Politics Among Nations, Op.cit., pp.383-385; Schleicher, C.P., Op.cit., p.748; Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.254.

59. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., p.273. Hoewel Hitler op 17 Mei 1933 in die "Reichstag" betreffende ontwapening gesê het: ".....Germany is entirely ready to renounce all offensive weapons if the armed nations, on their side, will destroy their offensive weapons..... Germany would also be perfectly ready to disband her entire military establishment and destroy the small amount of arms

remaining to her, if the neighbouring countries will do the same..... . Germany is prepared to agree to any solemn pact of non-aggression, because she does not think of attacking but only of acquiring security." In die "Weste" is die uitspraak juigend ontvang - die propagandistiese oëverblindery was geslaagd. Toe daar nie ag geslaan is op Hitler se eis van militêre tussenstaatlike pariteit; deur universele wapenneerlegging nie, het hy op 14 Oktober een= sydig enige Duitse verpligtinge opgesê. Vgl. Shirer, W.L., The Rise and Fall of the Third Reich, Op.cit., pp.261-265.

60. Vgl. Scott, G., The Rise and Fall of the League of Nations, Hutchinson, London, Eerste Druk, 1973, p.395.

61. Vgl. Henderson, A., Essential Elements of a Universal and Enduring Peace, Referaat by die ontvangs van die Nobelprys vir Vrede, Oslo, 11 Desember 1934, in Haberman, F.W., (red.) Peace, Vol. II, Elsevier, Amsterdam, 1972, p.185; Schuman, F.L., International Politics, Op.cit., p.255. "Disarma= ment had become a memory. On the walls of the feast of Belshazzar, the destruction of his kingdom was foretold by the cryptic words mene, mene, tekel upharsin. The letters of FAILURE, written large over the portals of successive disarmament conferences during the two decades after Ver= sailles, became letters of impending catastrophe for all the Western world."

62. Vgl. Russell, B., Common Sense and Nuclear Warfare, Op.cit., p.20.

63. Aangehaal in Schleicher, C.P., Op.cit., p.750; Sohn, L.B., Keeping Peace in a World Without Arms, in Larson, A., (red.) A Warless World, McGraw-Hill, New York, Eerste Uitgawe, 1962, p.1-10.

64. Vgl. Röling, B.V.A., Polemologie. Een Inleiding tot de Wetenschap van Oorlog en Vrede, Van Gorum, Assen, Derde Hersiene Uitgawe, 1973, p.9.

65. Vgl. Bull, H., The Control of the Arms Race, Op.cit., p.97; Radoinov, P., International Co-operation and the Use of Nuclear Energy for Peaceful Purposes, in Legal Problems

Arising from the Development and Utilisation of Atomic Energy, Seventh Congress of the International Association of Democratic Lawyers, Sofia, 10-14 Oktober 1960, Gepubli= seer deur die"International Association of Democratic Law= yers", Brussels, Datum Onvermeld, p.85. "The development of contemporary international relations shows clearly that the future belongs to the peaceful use of nuclear energy. The progressive development of international relations is simultaneously directed towards the banning and abolition of war and the effective establishment of collective security and disarmament. And collective security and disarmament on the one hand, and the use of nuclear energy on the other, are dialectically interdependent."

66. Vgl. Acheson, D., Present at the Creation, Op.cit., p.154.

67. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.275-276; Schleicher, C.P., Op.cit., p.751; Crabb, C.V., (Jr.) Op.cit., p.180; Schuman, F.L., International Poli= tics, Op.cit., pp.664-667; Edwards, D.V., Arms Control in International Politics, Op.cit., p.19; Hadley, A.T., Op.cit., p.47; Greene, F., Op.cit., p.699; Firmage, E.D., The Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, American Journal of International Law, Vol. 63, nr. 4, Oktober 1969, p.713; Biörklund, E., International Atomic Policy during a Decade, Vertaal deur A. Read, Allen and Unwin, London, 1956, pp.20-25; Padelford, N.J., Lincoln, G.A., Op.cit., p.418.

68. Aangehaal in Roberts, C.M., The Nuclear Years. The Arms Race and Arms Control, 1945-1970, Praeger Publishers, New York, 1970, p.3.

69. Vgl. Hartmann, F.H., The Relations of Nations, Op.cit., pp.275-276.

